| | |
|---|---|
| SA | Suid-Afrika |
| STD | Sexually transmitted desease |
| SOS | Seksueel oordraagbare siektes |
| TMCC | Thukela Mzinyathi Christian Council |
| TRC | Truth and reconciliation Committee |
| Unisa | Universiteit van Suid-Afrika |
| Vigs | Verworwe immuniteitsgebrek sindroom |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika |
| VSB | Vroue Sendingbond |
| WCC | World Council of Churches |
| WRK | Wêreldraad van Kerke |
| WVK | Waarheid en Versoeningskommissie |

**Afkortings**

| | |
|---|---|
| ACAT | Africa Coorperative Action Trust |
| AIDS | Acquired Immune Deficiency Syndrome |
| ANC | African National Congress |
| AOK | Afrika Onafhanklike Kerke |
| APK | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| BOL | Beweging van onverbonde lande |
| CAA | Christelike Aksie Afrika |
| CASE | Community agent for social enquiery |
| CMD | Christelike Maatskaplike diens |
| CPSA | Church of the Province of SA |
| CREID | Christian research education and information for democracy |
| DKB | Die Kerkbode |
| DRCA | Dutch Reformed Church in Africa |
| EEIII | Evangelism Explosion III |
| EHFC | Every home for Christ |
| EHVC | Elke huis vir Christus |
| EISA | Electoral Initiative of SA |
| EMPSA | Ecumenical monitoring programme in SA |
| EPP | Ecumenical Peacemakers' programme |
| ESSET | Ecumenical service for economic transformation |
| GEM | Geestelike eeufees monumentesending |
| GER | Gereformeerde Ekumeniese Raad |
| HIV | Human Immunodeficiency Virus |
| HSL | Household Subsistence Level |
| HOP | Heropbou en ontwikkelingsprogram |
| ICU | Industrial and commercial union |
| IVP | Inkatha Vryheidsparty |
| JSM | Joshua Student Movement |
| KS | Kerk en samelewing |
| KZN | KwaZulu-Natal |
| KZNCC | Kwa-Zulu-Natal Christian Council |
| KZP | Kwa-Zulu Police |
| LMS | London Missionary Society |
| MAP | Medical Assistence Programme |
| MET | Mobiele Evangelisasie Trust |
| MIV | Menslike Immuniteitsgebreksvirus |
| NAPWA | National association of people with Aids/Hiv |
| NGB | Nederlandse Geloofs Belydenis |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| NGSKSA | Nedederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA |
| NGTT | NG Kerk teologiese tydskrif |
| NII | National Initiative for integrity development |
| NIM | Network of independent monitors |
| PACSA | Pietermaritzburg Agency for Christian Social Awareness |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RES | Reformed Ecumenical Synod |

**Waardering:**

Mens kan nie kos met een vinger optel nie. Ook kan 'n werk soos hierdie nie alleen aangepak word nie. Ek loof ons Hemelse Vader vir die genade wat ek met hierdie werk ontvang het. My eie siening is verbreed, en my bediening is verdiep.. Hiertoe het my promotors se insig, en geduld baie bygedra. Aan Prof. Pieter Verster en prof. Dons Kritzinger dankie dat julle bereid was om my deur hierdie digte bos te lei na meer lig en groter uitsig. Aan die fakulteit teologie vir die studiebeurs, baie dankie.

My praktiese mentors in die bediening, kollegas Isac Ngema, Bonginkosi Sithole, Carl Dick, David Maduma,, Maryna Schoeman, Jakob Majola, Simon Mnisi, en Johnstone Mazibuko het my eie omgee vir die Zoeloe gemeenskap help vorm.

Kobus en Louise Koch se aanmoediging en steun vanuit die Wes-Kaapse Getuieniskantoor word baie waardeer, veral die woonstel wat met my studieverlof beskikbaar gestel is.

Baie dankie aan Hendriëtte Venter en Chrissie Van Rooyen vir julle hulp met die proefleeswerk.

Aan my ouers, Danie en Yvonne , baie dankie dat ek by julle van kleins af kon leer wat Christen omgee prakties beteken. Julle het deur dade meer woorde in hierdie werk geskryf as wat ek getik het . My skoonouers, Chris en Martie Kleynhans het ewe eens deur hulle liefde , voorbeeld en erns met die Evangelie my eie roeping meermale bevestig, en met hulle gebede gedra.

Laastens wil ek Hanlie, en ons drie kinders, Niel, Marti en Boeta salueer vir geduld, en lang tye tuis wat julle alleen moes oor die weg kom. Dankie vir julle ondersteuning, liefde en omgee. Dankie dat julle saam met my op die *Ubuntu-pad* stap. Dat julle saam met my glo dat ons as Christene 'n besondere taak het in die nuwe SA, en dat die vrugte van die Gees ook in

julle lewe sigbaar is. Julle koinonia, in ons gesin as kerkie in die kleine is spesiaal.

Soli Deo Gloria!

Lourens Schoeman

**Verklaring:**

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad D.Th. aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

...............................................................

Lourens Gerhardus Schoeman

30 November 2000
...............................................................

Datum

Ladysmith
...............................................................

Plek

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
1 3 JUN 2001
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

# Die omgee paradigma in die missionêre bediening, met besondere verwysing na die werk van die NG Kerke in die Mnambithi distrik (Ladysmith) van KwaZulu-Natal

Lourens Gerhardus Schoeman

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad D.Th in die Fakulteit Teologie, Departement Sendingwetenskap aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

30 November 2000

Promotors:
Prof. P. Verster
Prof. J. J. Kritzinger

many serious self centred mistakes, be investigated as an inspiration in the alleviation of modern black poverty.

Secondly the church needs to **re-read the Bible**, redefine their Christian mission, and re-evangelise both black and white members of the church. A Biblical definition of compassion needs to be formulated. In this reformulation the church also needs to listen to other interpretations of the Bible. Special attention is requested for the **theologies of the heart**, being the Charismatic, Pentecostal and Africa Independent Church theologies. These theologies have been involved in compassionate action in the poorest of the African context for a long time.

The **theologies of the stomach** also need special attention. These refer to black and reconstruction theologies, and the African feminist theology. These theologies were confident enough to challenge injustice in structures world wide. Also these theologies are contributing to the formulation of a new paradigm of compassion for the church in the new South Africa.

In the re-reading of the Bible the following is of importance: Compassion is an act of God. God wants to recreate, and heal broken people and societies through His church. When God gets involved in people and societies, through His church it is a real praxis orientated happening which alleviates human suffering. Compassion relates to the whole human existence, and cannot be limited to the spiritual level of existence only. Compassion is a deliberate choice to stand on the side of justice, and to protect those who have fallen through the security nets of society.

Thirdly the church needs to **listen to the poor black community**. Their stories, their suffering, their experience need to be listened to. The church needs to take enough time to listen to and to observe these communities, before embarking on a programme of action.

This three fold listening process will then, like three colour disks moving over each other, produce a new colour. This colour is called compassion. It

**Summary with key words emphasising the main line of the thesis**

After the 1994 elections the family of Dutch Reformed Churches **(DRC)** in KZN woke up to an "estranged" world. This is a world that is dominantly black, with a strong youth contingent, of whom many have contracted HIV. The community is , against all expectations, growing poorer. Instead of the expected decrease, violence escalates. The situation of the African rural women is still very oppressive. In spite of new government legislation, rape and sexual abuse escalate. There is no longer any blanket cover for white minorities, nor job reservation for white members of the DRC . The church is losing government support for mainly white social services. Will the black churches , who are very dependent on the mother church, survive the financial impoverishment?

The **Mnambithi district**, with Ladysmith as centre, in Northern KwaZulu-Natal, South Africa, is used as reference for this study. In doing so the study whishes to remain practical, and congregationally based, preventing it from becoming a mere theoretical excursion.

The thesis defends the view that the Dutch Reformed family of churches will only be of missionary relevance to the community in the new SA, if it undergoes a radical **paradigm shift**. The newly formed paradigm should be one of **compassion.** How is such a new paradigm going to be established in the church? By a **three fold listening process**.

Firstly the DRC has to **listen to their own heart.** They need to take cognisance of who they are, and what their role was in theologically sanctioning apartheid. Their Western materialism, individualism and pietism is a serious handicap in their mission to the community. They need to be aware of that. The church also has a history of brave involvement in alleviating the poverty of their own members, who were severely suppressed by British colonialism. Their survival strategy as people, and the church's unique role in the upliftment of the Afrikaner can , in spite of

is a life-changing paradigm and not a superficial tinkering with the dials. It changes and transforms the church's outlook on life, its mission, and its vision. It transforms the church into a servant, following in the footsteps of the Suffering Servant.

Compassion as a missionary paradigm is becoming **grass-root related**, being made alive in the **local congregation's** existence in the poor community. The church must become visible as a caring, healing community amongst and composed of the poor themselves.

What is the role of the local poor church in showing compassion to the needs of the community? The church has a clear cut responsibility to reconstruct the moral fibre of the community. Compassion should become visible through **empowerment**, signs of hope, a living **liturgy, and preventative, educative and caring actions** related to victims of Aids, violence and unemployment. The local church needs lay counselling training. They need to be empowered by advocacy and lobbying skills, in order to be prophetically relevant. Above all, existing evangelism tools need to be used to empower the local church on grass root level, to minister to a wounded world with the **Gospel** of new life in Christ.

**Opsomming van tesis met sleutelwoorde**

Die **familie van NG Kerke in KZN**, bevind hulle as minderheidsgroep in die post-apartheid KZN in 'n wesenlike vervreemde konteks. Die wêreld is hoofsaaklik swart, met 'n sterk jeugkomponent, waarvan baie reeds HIV-positief toets. Teen alle verwagtinge in word die gemeenskap steeds armer. In stede van die verwagte afname, neem geweld steeds toe. Die situasie van die landelike Afrika arm vrou is steeds baie verdrukkend. Ten spyte van nuwe wetgewing neem verkragting en seksuele uitbuiting steeds toe. Wit minderhede word nie meer beskerm nie. Werk word nie meer vir wit lidmate van die NGK gereserveer nie. Die kerk verloor regeringssteun vir dominant blanke gemeenskapsdienste. Sal die swart kerk ,wat baie afhanklik is van NGK fondse, hierdie finansiële verarming oorleef?

Die **Mnambithi** distrik, met Ladysmith as sentrum, in die noorde van KZN, word as verwysingspunt gebruik, enersyds om die studie tot praktiese gemeentevlak kerkwees te beperk, en andersyds om akademiese teoretisering te vermy.

Die tesis word verdedig dat die NG Kerkefamilie alleen missionêr relevant sal wees as hulle 'n radikale paradigmaskuif ondergaan. Die nuwe paradigma moet die van **omgee** wees. Hoe sal so 'n paradigmaskuif bewerkstellig word? Deur 'n **drie rigting luister proses.**

Eerstens moet die kerkefamilie **na hulle eie hart luister**. Hulle moet verstaan wie hulle is, en wat hulle eie rol is in die teologiese sanksionering van apartheid. Hulle Westerse materialisme, individualisme en pïetisme kniehalter hulle missionêre effektiwiteit ernstig. Hulle sal hiervan moet bewus wees. Die NG Kerk het 'n geskiedenis van dapper betrokkenheid in die verligting van armoede onder hulle eie lede, wie geweldig onderdruk was deur Britse kolonialisme. Hulle oorlewingstrategie as 'n volk, en die kerk se unieke rol in die opheffing van die Afrikaner kan , ten spyte van baie selfgesentreerde foute, ondersoek word as inspirasie in die opheffing van moderne swart armoede

Tweedens moet die kerkefamilie weer na die **Woord van God luister**, om hulle Christelike sending te herdefinieer. Omgee moet ook Bybels definieer word. Beide wit en swart lidmate moet weer evangeliseer word. Hierdie proses moet deurloop word deur ook na die ander teologiese reaksies op swart armoede te luister: Die **teologieë van die hart** , te wete die swart Charismatiese en Pinksterkerke en die Afrika Onafhanklike kerke (AOK), moet uitgeluister word. Hulle was al geruime tyd betrokke in die armste gemeenskappe in die land. Hulle het 'n reuse rol gespeel in die omgee vir hulle eie mense.

Die **teologieë van die maag** moet ook aandag kry. Dit verwys na die swart- en rekonstruksie teologie, asook die Afrika Feministiese teologie. Wêreldwyd was hierdie teologieë waagmoedig in die blootlê van onreg in strukture. Hierdie teologieë moet meespreek in die formulering van 'n nuwe omgeeparadigma vir die kerk in die nuwe SA.

In die luister na die Woord, en ander interpretasies daarvan, word dit weer duidelik dat omgee vir nood by uitstek **God self se handeling is.** Hy is self herskeppend, genesend in die gemeenskap deur sy kerk besig. Waar God aan die menslike nood deur sy kerk aandag gee , is dit nooit net teoreties nie, maar praxis-gerig. Die **hele mens** kom in die teiken, en nie net die geestelike nood nie. Omgee is 'n doelbewuste keuse om **kant te kies vir geregtigheid**, en om die wat deur die veiligheidsnette van die gemeenskap geval het, te beskerm.

Derdens moet die kerk ook na die **arm gemeenskap se eie formulering van hulle nood luister.** Hulle stories, lyding, en belewing van hulle bestaansnood moet gehoor word. Die kerk moet genoeg tyd spandeer deur te luister en waar te neem alvorens hulle 'n aksieplan saamstel.

Hierdie drie rigting luister poses sal dan soos drie kleurskywe oormekaar skuif en 'n nuwe skakering lig na vore bring: God se omgee vir die wêreld sal die kerk se denke en dade begin bepaal. 'n **Nuwe paradigma** sal in die

kerk ontkiem: Omgee. Hierdie omgeeparadigma sal die kerk transformeer tot dienskneg, in navolging van die Lydende Kneg.

Omgee as missionêre paradigma is 'n voetsoolvlak gebeurtenis, wat in die **plaaslike gemeente** lyf moet kry. Die plaaslike gemeente moet as genesende gemeenskap onder die armstes, en bestaande uit die armstes ontwikkel.

Hoe lyk die omgeeparadigma in die plaaslike arm gemeente? Die hele kerk is betrokke in morele rekonstruksie. Armes word **bemagtig, tekens van hoop** word opgerig, die liturgie leef vir die mens in nood, v**oorligting** word gegee, **opvoeding**, en versorging van MIV-pasiënte in hulle hut en huis. Geweld word aangevat en werkloosheid hanteer. Lidmate word opgelei in beradingsvaardighede. Die kerk word op grondvlak opgelei in vaardighede om hulle standpunt as Christene deur profetiese betrokkenheid te verwoord. Belangrikste van alles is dat die plaaslike arm gemeente vaardighede gegee moet word in die kommunikasie van die Evangelie aan 'n verwonde wêreld. Die Nuwe Lewe wat die Evangelie in Christus ontsluit ,moet met passie en vuur op voetsool vlak verkondig word.

3.1 Swart teologie en omgee vir die nood van mense ......................... 121
3.1.1 "Black is beautiful": Bevestiging van swart menswaardigheid
3.1.2 Swart Christus / God aan die kant van die swarte
3.2 Wat kan die Gereformeerde missiologie van die swart teologie oorneem in die vorming van 'n eie omgee paradigma? ..................... 123
3.2.1 Bewuswording van die ontvangkant van rassisme
3.2.2 Oproep om as kerk aan die kant van die arme te kom staan
4. TEOLOGIEë VAN DIE MAAG: AFRIKA FEMINISTIESE TEOLOGIE .. 124
4.1 Agtergrond ........................................................................ 124
4.2 Omgee en die feministiese teologie ........................................ 124
4.3 Wat kan die Gereformeerde Missiologie van die Afrika Feministiese teologie oorneem en gebruik? ................................................... 125
4.3.1 Kontekstualisering
4.3.2 Die Afrika Feministiese Teologie genees die Gereformeerde Missiologie van manlike chauvinisme (by beide die wit en die swart leraar)
4.3.3 Besprekende deelname in die uitwerk van boodskappe aan die Afrika vrou
4.3.4 Storievertelling
4.3.5 Blanke betrokkenheid?
4.3.6 Die waarde van vroue aksie groepe in die gemeenskap
4.3.7 "Mutual mothering"
4.3.8 Kritiese ondersoek na die gebruik van Bybelse metafore
5. TEOLOGIEë VAN DIE MAAG: REKONSTRUKSIE TEOLOGIE ........... 128
5.1 Agtergrond ........................................................................ 128
5.2 Omgee in die rekonstruksie teologie ...................................... 129
5.3 Kritiese hantering van die rekonstruksie teologie ......................... 130
5.4 Wat kan die Gereformeerde Missiologie baat by die rekonstruksie teologie? ...................................................................... 131
6. OMGEE-TEOLOGIE: HOLISTIESE KYK NA AL DIE MENS SE BEHOEFTES .................................................................... 132

**AFDELING TWEE: SITUASIE ANALISE MNAMBITHI DISTRIK**

**INLEIDING**.............................................................................. 133
1. Gebiedsbeskrywing ........................................................... 133
1.1 Industriële gebiede
1.2 Boerdery distrikte
1.3 Woongebiede
1.4 Informele woongebiede (Plakkerskampe)
1.5 Sub-ekonomiese huise
1.6 Hervestigingsgebiede
1.7 Tradisionele stamgebiede
1.8 Grondherstel: Terugkerende gemeenskappe
1.9 Swart trust gronde
1.10 Monumente
2. Statistiek ........................................................................ 139
2.1 Oorwegend swart
2.2 'n Jong gemeenskap

d. *Koinonia* is voorbidding
e. *Koinonia* is groter as diversiteit
f. *Koinonia* oorspan slawerny
g. *Koinonia* en die liefdesmaal
h. *Koinonia* is praktiese diensbaarheid
3.1.2 Nuwe Testamentiese werksetiek ..................................... 107
3.1.3 Die magnetiese trekkrag van die kerk in die wêreld ....... 107
a. Ook die kerk se reaksie op lyding het missionêre implikasies
3.2 DIE VERHOUDING TOT DIE NOOD BUITE DIE KERK ......... 109
3.2.1. Konsentriese sirkel van prioriteite in die Nuwe Testament? ........................................................................................109
3.2.2. Kenmerke van die Nuwe Testamentiese kerk se betrokkenheid in die wêreld.... .......................................109
a. Diensbaarheid
b. Omgee vir die mense se diepste nood: Transformasie van die hart
c. Die kerk is nie self bo lyding verhewe nie
3.2.3. Die kerk se motief om in die wêreld betrokke te raak ..... 111
a. Dankbaarheid
b. Die kerk is nie die doel op sigself nie: God se kosmiese heilsplan is in die fokus
Die kerk is nie die doel op sigself nie, maar bestaan ter wille van die heil van die wêreld
d. Apokaliptiek
3.2.4 Die kerk en die transformasie van die wêreld ........................112
a. Daar is hoop: Die oorwinning is verseker

**HOOFSTUK SES: LUISTER NA DIE ANDER TEOLOGIESE VORMGEWING AAN OMGEE IN DIE SA KONTEKS .............................................................................................. 113**
INLEIDING ....................................................................................113
1. TEOLOGIEë VAN DIE HART: OMGEE BY DIE AOK ............................114
1.1 Omgee is prakties en holisties ..............................................114
1.1.1 Gebedsgenesing
1.1.2 Simbole en tekens
1.1.3 Animistiese hantering van lyding
1.2 Die AOK se strukture is nie 'n onnodige las vir die arm gemeenskappe nie, en kan in armoedige omstandighede oorleef, en diensbaar wees ..............................................................................................116
1.3 Die AOK se omgee: kan die NG Kerkefamilie iets leer? ..............................................................................................117
2. TEOLOGIEë VAN DIE HART: OMGEE IN DIE SWART CHARISMATIESE EN PINKSTER TEOLOGIE ..............................117
2.1 Omgee in die swart Charismatiese kerke ..............................117
2.2 Omgee in die Pinkster kerke ..............................................119
2.2.1 Evangeliese groei in 'n sekulêre gemeenskap
2.2.2 Geloof in die basiese Skrifwaarhede stimuleer kerkgroei in arm Latyns Amerikaanse lande
2.2.3 Voorbidding, genesing en *Koinonia*
3. TEOLOGIEë VAN DIE MAAG: SWART TEOLOGIE ..............................121

4.3.1 Gebed en voorbidding
4.3.2 Liturgie as alternatiewe plek vir hoop-metafore
4.3.3 Die klem op die hart van die mens

**HOOFSTUK VYF: PRINSIPIëLE BESINNING: OMGEE IN DIE NUWE TESTAMENT ..........81**
INLEIDING ..........81
1. DIE LIEFDESGEBOD WORD IN DIE NUWE TESTAMENT GERADIKALISEER ..........81
2. DIE MENS JESUS CHRISTUS , SY GESINDHEID TEENOOR MENSE IN NOOD: ROLMODEL EN BEMAGTIGER VAN KONINKRYKTEKENS ..........85
2.1 Jesus se solidariteit met die armes
2.1.1 Die beeld van Jesus as die een wat selfopgelegde armoede verkies
2.1.2 Jesus as die Kneg van God
2.2 Gelykenisse van Jesus rakende armoede ..........88
2.2.1 Matt.18:23-35. Die onbarmhartige skuldeiser
2.2.2 Luk.10:25-37. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan
2.2.3 Luk.12:13-21. Die gelykenis van die ryk dwaas
2.2.4 Luk.16:19-31 Die ryk man en Lasarus
2.2.5 Luk.11:5-13 Die onbeskaamde vriend
2.2.6 Matt.22:1-14 Luk.14:15-24 Die koninklike bruilofsmaal
2.2.7 Matt.25:31-46 Die skeiding van die skape en die bokke
2.3 Ander lering (didachè) van Jesus rakende die armes ..........95
2.3.1 Die bergpredikasie
2.3.2 Restitusie na onreg gepleeg is
2.3.3 Die missionêre doksologiese intensie van barmhartigheidsdiens
2.3.4 Die jubeljaarbeloftes in Jesus vervul (Luk.4:16-30)
2.4 Simboliese dade van Jesus onder die noodlydendes as teken van die nuwe Koninkryk ..........98
3. DIE REALISERING VAN OMGEE BINNE DIE KERK IN DIE EERSTE PAAR DEKADES NA CHRISTUS ..........99
3.1 DIE ONDERLINGE VERHOUDING TUSSEN CHRISTENE ......99
Die Heilige Gees maak die kerk "anders"
3.1.1 Eensgesindheid (koinonia) in die gemeente .......... 100
a. *Koinonia* impliseer gelykwaardigheid
b. *Koinonia* is 'n gerigdheid op mekaar
c. *Koinonia* beteken mededeelsaamheid
i. Paulus oor die verdeling van rykdom binne die die gemeente: die isotes-beginsel
ii. Met wie het die gemeentes gedeel?
iii. Holistiese siening van menslike nood
iv. Hulpverlening is meer as net fisiese hulpverlening

2.4 Holistiese mensbeeld ....................................................54
2.5 Sondebegrip (daraš) ....................................................55
2.6 Verlossing in die Ou Testament.......................................... 56
3. DIE OMGEE VAN GOD IN JUBELJAAR VOORSKRIFTE: HERSTEL VAN GRONDBESIT ....................................................57
3.1 Land en geloof: Nou band ....................................................57
3.2 Wat leer die Ou Testament aangaande die land vraagstuk? . 60
3.2.1 Die Here is die eienaar en die mens altyd net bywoner
3.2.2 Grond is by uitstek seën aan die aartsvaders (lebarak berakah)
3.2.3 Grond is die bron van lewensmiddele: Hier moet genoeg vir almal wees, en daar is nie ruimte vir selfverryking deur die uitbreiding van eie grond, ten koste van ander nie
3.2.4 Grond word vervloek deur sonde ('arar)
3.2.5 Grond moet goed bewaar word
3.2.6 Grond is die rede van voortdurende konflik onderling en met naburige volke
3.2.7 Die grond word geseën as die volk gehoorsaam is
3.2.8 Landloosheid beperk nie God in die genadige voorsiening van lewensmiddele nie
3.2.9 Vergeesteliking van die grond
3.2.10 Matigheid as maatstaf in die omgang met die grond
3.3 Jubeljaar reëlings ....................................................63
4. DIE REIKWYDTE VAN DIE OMGEE VAN GOD ..........................66
4.1 Ook die ander volke is ingesluit ........................................66
4.1.1 Die skeppingsverhaal onderstreep die gemeenskaplike oorsprong van alle volke
4.1.2 Die verbondseën is vir alle nasies
4.1.3 Diversiteit is verrykend
4.1.4 Die volke van kleur word nie uitgesonder nie, maar is reeds in die Pentateug onder God se sorg en beskerming
4.1.5 Vreemdelinge in die midde moet versorg word
4.1.6 Die volk van die Here moet 'n seën vir die nasies wees.
4.2 Die omgee van God aan die *personae miserabiles* ............ 69
4.2.1 Wie is die *personae miserabiles* in die Ou Testament
4.2.2 Die vergeesteliking van armoede
4.2.3 Armoede as teologies-antropologiese verskynsel
4.2.4 Oorsake van armoede in die Ou Testament
4.2.5 God se keuse vir die arme
4.2.6 Die versorging van die armes is die volk van God se verantwoordelikheid
4.2.7 Hulp moet prakties konkreet wees
a. Kos
b. Finansiële voorsiening
c. Feesdag voorregte
d. Regshulp
4.3 Liturgiese ruimte vir weeklag ........................................78

**HOOFSTUK DRIE: ONTWIKKELING VAN 'N OMGEE PADIGMA BINNE DIE NG KERKE FAMILIE ......................32**
1. GELOOFSVERKLARINGS TEEN APARTHEID ..........................32
1.1 Cottesloe deklarasie ..........................32
1.2 The Message of the people of SA (1968) ..........................32
1.3 Die Kairos dokument (1985/86) ..........................33
1.4 Die belydenis van Belhar (1986) ..........................33
1.4.1 Die ontstaansgeskiedenis
1.4.2 Inhoud van die Belydenis van Belhar
1.4.3 Implikasies van Belhar
2. DIE NG KERK ONTWIKKEL 'N PARADIGMASKUIF ..........................35
2.1 Ekumeniese druk ..........................36
2.2 Konflik wit/swart binne die NG Kerke familie oor die aftakeling van apartheid
2.2.1 Verskillende sienings oor herstel
2.2.2 Ook in die definiëring van kerkeenheid sou die kerke radikaal verskil
2.2.3 Verskil in definiëring van verset teen onderdrukking
2.2.4 Die swart kerk plaas druk op die NG Kerk
2.2.5 Reaksie van die RCA (Laudium deklarasie 1990)
2.3 Kerk en Samelewing (KS) ..........................40
2.4 Politieke veranderinge in SA swaai Afrikaner sentiment ......44
3. AANPASSINGS EN UITDAGINGS NA 1994 ..........................44
3.1 Verandering bring ook onsekerheid ..........................44
3.2 Ekumeniese deure swaai oop vir die NG Kerke na Rustenburg, maar wil die meerderheid lidmate deurstap? .......................... 45
3.3 1994 Sinode van versoening ..........................45

**HOOFSTUK VIER: PRINSIPIëLE BESINNING: OMGEE IN DIE OU TESTAMENT ..........................47**
1. GOD SE LIEFDE EN GENADE IN DIE OU TESTAMENT IS VERTREKPUNT VIR MEDEMENSLIKHEID ..........................48
2. DIE SKEPPINGSVERHAAL: DIE MENSWAARDIGHEID VAN ALLE MENSE..........................50
2.1.Die mens is beelddraer van God (Imago Dei) ..........................50
2.2. Menswaardgheid loop hand-aan-hand met die werksopdrag en verantwoordelikheid ..........................52
2.2.1 Die uitbuiting van ander se werkspotensiaal word veroordeel
2.2.2 Werk staan in die siklus met rus
2.2.3 Menswaardigheid impliseer ook verantwoordelikheid as medewerker van God
2.3. Die mens is sosiale wese ..........................53
2.3.1 Huwelik
3.2 Sosiale ineengeweefdheid

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING ........................................................................ 1

**AFDELING EEN: PRINSIPIëLE BESINNING: DIE FORMULERING VAN 'N MISSIOLOGIESE PARADIGMA**

**HOOFSTUK EEN: DIE WYSE WAAROP 'N MISSIOLOGIESE PARADIGMA SAAMGESTEL WORD ........................................ 9**
1. LUISTER NA BO (WOORD) ........................................ 9
2. LUISTER NA WEERSKANTE (KONTEKS VAN DIE ARM AFRIKA GEMEENSKAP ........................................ 10
3. LUISTER NA BINNE EN AGTER (NA DIE NG KERKE SE EIE SELFVERSTAAN EN GESKIEDENIS AS KERK ........................................ 12
4. SAMEVLOEI VAN DIE DRIE LUISTER AKSIES AS ENDRESUL TAAT ........................................ 13

**HOOFSTUK TWEE: PRINSIPIëLE BESINNING: DIE LUISTER NA BINNE EN NA AGTER DIE NG KERKEFAMILIE ............... 14**
1. NG KERKE : OORWEGEND BLANKE GERIGTE KERK ............ 14
2. 'N NUWE PARADIGMA IS MISSIONêR DRINGEND NODIG IN DIE NG KERKE FAMILIE ........................................ 15
2.1 Segregasie/Apartheid ........................................ 15
2.1.1 Gevolge van apartheid op die denke van die deursnee NG Kerk lidmaat
2.1.2 Die invloed van apartheid binne die kerk op die swart kerk
2.1.3 Versoening
2.1.4 'n Algemene grondvlak Blanke verskynsel
2.1.5 Nuwe paradigma
2.1.6 Post-apartheid rassisme
2.2 Blanke/Westerse meerderwaardigheid ........................................ 23
2.2.1 Britse koloniale meerderwaardigheid
2.2.2 Europese meerderwaardigheid nie altyd pro-ontwikkeling nie
2.2.3 Invloed van Westerse meerderwaardigheid op swart denke binne die NG kerke familie
2.3 Westerse Rasionalisme en modernisme ........................................ 25
2.4 Blanke bevoorregting ........................................ 26
2.4.1 Blanke reaksie op blanke bevoorregting
2.4.2 Swart reaksie op blanke bevoorregting
2.4.3 Blanke bevoorregting loop parallel met swart verdrukking
2.5 Konflik oor hulpbronne ........................................ 27
2.6 Geloftedag/Versoeningsdag ........................................ 28
2.7 Westerse materialisme ........................................ 29
2.8 Westerse individualisme ........................................ 29
2.9 Gevolge van polarisasie ........................................ 30

2.3 Geletterdheid
2.4 Armoede statistiek
2.4.1 Nasionale vlak
2.4.2 Provinsiaal
2.4.3 Landelike konsentrasie van armoede
2.4.4 Armoede in die Mnambithi distrik
2.4.5 Armoede in die VGKSA nasionaal
2.4.6 Armoede in die plaaslike VGKSA
2.5 Kerkverband
3. Werkswyse ........................................................................ 143

**HOOFSTUK EEN: ARMOEDE ..........................................................144**
1. DEFINISIE VAN ARMOEDE ........................................................144
1.1 Relatiwiteit van armoede
1.1.1 GINI- koëffisiënt
1.1.2 Landelike tradisionele gebiede ervaar armoede minder intensief
1.2 Armoede: Lewe onder die broodlyn
1.3 Armoede: 'n Menslike ervaring: dit raak mense
1.3.1 Afrika armoede in SA is 'n intens menslike belewing
1.3.2 Armes moet met respek hanteer word
2. OORSAKE VAN AFRIKA ARMOEDE.............................................. 149
2.1 Europese kolonialisme veroorsaak armoede ..............................149
2.1.1 Grondverdeling ten gunste van wit boere .................. 150
a. Gedwonge verskuiwings
b. Getuienis oor die ervaring van gedwonge verskuiwings by Limehill, Wasbank
c. Herstel van grondregte
2.1.2 Onderwys ...................................................................... 155
a Onderwys lê die basis vir onderwerping of ontwikkeling
b Ontoepaslike onderwys
2.1.3 Werksreservering ..................................................... ...156
2.1.4 Swak lone .........................................................................156
2.1.5 Makro-ekonomiese inhibisies vanuit die wêreldmark .....156
2.1.6 Die vernietiging van die Afrika lewens- en wêreldbeskouing .....................................................................................157
2.2 Landbou-ekologiese faktore in Afrika......................................158
2.3 Gemeenskapsmoraliteit en paradigma in Afrika ..........................159
2.3.1 Werksetiek .......................................................................159
2.3.2 Dwelmafhanklikheid..................................................... 160
2.3.3 Min informele werksgeleenthede a.g.v. oorbevolking .....161
a. Bevolkingsgroei oortref ekonomiese groei
b. Geïnhibeerde ekonomiese groei
2.3.4 Konserwatiewe tradisionalisme ....................................164
2.3.5 Swak bestuur en korrupsie ..........................................164
2.3.6 Ideologiese wurggrepe op Afrika ............................... 165
2.3.7 Klakkelose nabootsing van Westerse modelle in Afrika ..165
2.3.8 Armoede is oorerflik: Die siklus van armoede ...............165
2.3.9 Maslow se behoefte hiërargie: Die drom loop van onder af vol.......................................................................................166

3. KWESBARE GROEPE ........ 166
3.1 Swart vroue ........ 166
3.2 Swart kinders ........ 167
3.3 Bejaardes ........ 167
3.4 Gestremdes ........ 168
3.5 Terminale siekes ........ 168
4. REAKSIE OP HULP ........ 168
4.1 Veto van hulpaksies
4.2 Soek alternatiewe oplossings
4.3 Aggressie
4.4 Magteloosheid en fatalisme
a. Op arbeidsgebied
b. Magteloosheid in verhouding met die gereg
5. VLAKKE VAN ARMOEDE ........ 169
5.1 Sosiale statifikasie in arm plakkersgebiede: Besittings
5.2 Werksgeleenthede in arm woongebiede
5.3 Besittings van armes
5.4 Waar kom die armes se geld vandaan?
6. DIE KERK SE ROL M.B.T. ARMOEDE ........ 172

**HOOFSTUK TWEE: KULTURELE INHIBISIES TOT ONTWIKKELINGSWERK**

INLEIDING ........ 173
1. DIE ONDERSKEID ARMOEDEKULTUUR EN AFRIKA KULTUUR ... 174
2. EIENSKAPPE VAN 'N ARMOEDE KULTUUR ........ 175
2.1 In reaksie teen die sisteem van die "normale"
2.2 Lae vlak organisatoriese vermoë
2.3 Verval in huwelikswaardes
a. Matriargale gesinne
2.4 Verkorte kinderjare
2.5 Morele verval
2.6 Depressie
2.7 Gebrek aan toekomsvisie
2.8 Konklusie
3. AFRIKA KULTUUR: "REMSKOEN" IN DIE VESTIGING VAN ONTWIKKELINGS VRIENDELIKE GEMEENSKAPPE ........ 182
3.1 Afrika lewens- en wêreld beskouing/ Animisme ........ 183
3.2 Voorvaderverering ........ 184
3.2.1 Voorvaderverering se "hulp" in die hantering van Afrika armoede
3.2.2 Voorvaderaanbidding se inhibisies tot ontwikkelingswerk
a. Vrees
b. Verlies aan vertroue op 'n getroue God
c. Morele ambivalensie
3.3 Ubuntu: Afrika Humanisme ........ 186
3.3.1 Ubuntu se ontstaansgeskiedenis
3.3.2 Kritiek teen Afrika Ubuntu as inhibisie in die opheffing van die gemeenskap
a. Vernietig Ubuntu individualiteit ?

b. Ubuntu sanksioneer groepspolarisasie en groepsmeerderwaardigheid
c. Ubuntu bepaal moraliteit
d. Ubuntu ook gesekulariseerd
e. Ubuntu is paradoksaal die sentrum van sekuriteit, geborgenheid, maar ook van onstabiliteit en vrees
f. Ubuntu is 'n droom
3.4 Ubuntu, grond/land en besitting .......... 192
3.5 Konklusie .......... 194

**HOOFSTUK DRIE: GEWELD .......... 195**
INLEIDING
1. TIPES GEWELD .......... 195
1.1 Politieke geweld .......... 195
1.1.1 Magstryd IVP/ANC
1.2 Taxi geweld .......... 201
1.3 Faksiegevegte .......... 202
1.4 Gewapende roof .......... 205
1.5 Geweld teen kinders .......... 206
1.6 Seksuele geweld .......... 206
1.7 Bende aktiwiteit .......... 206
1.8 Toordery en magie as animistiese geweld .......... 207
2. GEWELD INHIBEER ONTWIKKELING EN GROEI .......... 208
2.1 Moraliteit
2.2Vrees
2.3 Wantroue in SAP
3. OORSAKE VAN GEWELD .......... 210
3.1 Teologiese oorsake
3.1.1 Sondige verdorwenheid van die mens
3.1.2 Teologiese legitimasie van die gewapende stryd
a. Teologiese regverdiging van die apartheidsregime se gewapende geweld
b. Teologiese regverdiging van die rewolusionêre oorlog
3.1.3 Die kerk se onvermoë om 'n Christelike leefwyse in Afrika se stedelike kultuur te vestig .
3.2 Ander oorsake van geweld in KZN .......... 214
3.2.1 Oneffektiewe regstelsel
a. Liberale, humanistiese regstelsel in Zoeloeland: Die skoen pas nie reg nie
b. Min vervolgings
c. Partydigheid en onbevoegdheid van die veiligheidsmagte
3.2.2 Morele verval .......... 217
3.2.3 Die sub-kultuur van die "comrades" .......... 219
3.2.4 Die jeug: "disadvantaged" gesinstrukture .......... 220
a. Ongelukkige en onvolledige gesinne
b. Minder ouer/kind kontak verminder kanse op positiewe invloed
c. Die kerk se onvermoë om die jeug te bereik
3.2.5 Wanbalans in swart mag .......... 221
3.2.6 Skuld van misdaad en geweld op buitelanders gepak .......... 223

4. DAAR IS HOOP ........ 223
4.1 Vergiffenis sal "duur wees"
4.2 Geen kitsgenesing vir swart aggressie nie

**HOOFSTUK VIER: MIV/VIGS ........ 225**
INLEIDING
1. STATISTIEK ........ 225
1.1 Internasionaal
1.2 Nasionaal
1.3 Provinsiaal KZN
1.4 Mnambithi distrik
2. OORSAKE VAN VINNIGE VERSPREIDING ........ 227
2.1 Ontworteling
2.2 Openbare vervoerroetes
2.3 Buurlande
2.4 Jeug permissiwiteit
2.5 Voorligtingswerk word bemoeilik
2.5.1 Ongeletterdheid
2.5.2 Tradisionele bygeloof
2.5.3 Geheimhouding
2.5.4 Wraak
2.6 Armoede as rede tot vinnige verspreiding van MIV/Vigs
2.7 Arm kerke besef nie hulle potensiaal in die bestryding van MIV/Vigs nie
3. VOORTSPRUITENDE KRISIS ........ 233
3.1 Versorging van verswakte sterwende pasiënte
3.2 Versorging van weeskinders waarvan beide ouers reeds gesterf het
3.3 Pastoraat aan pasiënte
3.3.1 Hospitale
3.3.2 Tuisversorging
3.4 Pastoraat in alle seksverwante situasies
3.5 Psigologiese krisis
4. OPLOSSINGS IN SIG? ........ 237
4.1 Die Zoeloe koning se oproep: Terug na die tradisionele leefwyse
4.2 Zoeloe tradisies se rol in die voorkoming van verdere verspreiding
4.3 NAPWA
4.4 Kondoom veldtog
4.5 Umtata vroue Bybelstudiegroep
4.6 Behoefte aan voorligting
4.7 Gebed en pastoraat

**HOOFSTUK VYF: POSISIE VAN DIE VROUE ........ 244**
INLEIDING
1. GEWELD TEEN DIE AFRIKA VROUE ........ 244
1.1 Tuismishandeling deur mans of tydelike manlike saamblyers
1.2 Uitbuiting van die vrou as middel tot seksuele prikkeling
1.3 Onderbetaling en ooreising in die werksplek
1.4 Miskenning van die vrou in die kerk
2. OPLOSSINGS ........ 248

**HOOFSTUK SES: HISTORIESE MOTIEWE IN DIE OMGEE DEUR DIE NG KERKE FAMILIE IN DIE MNAMBITHI OMGEWING .............. 249**


INLEIDING

I. 'n KERK UIT KONFLIK ........................................................ 249

2. SENDINGYWER ........................................................ 249

3. POSITIEF JEENS DIE SENDING, NIE SO POSITIEF OOR DIE ZOELOES NIE ........................................................ 250

4. VERKEERDE SENDINGMOTIEWE SPRUIT UIT DIE AFRIKANER SE RASSISME ........................................................ 235

4.1 "Sending maak die swartman 'n beter werker"

4.2 Eie voortbestaan

4.3 Mensevrees

4.4 Volksliefde

5. EERWAARDE ILLING : EERSTE SENDELING VAN DIE NG KERK IN KZN: PARADIGMA VAN OMGEE ........................................................ 254

5.1 Illing se omgee vir die swartman is 'n duidelike paradigmaskuif maar word deur die kerk verwerp

5.1.1 Illing radikaal oor rasseverhoudinge

a. Illing woon tussen swart mense

b. Illing glo in die menswaardigheid van die swart kind

c. Reaksie teen wit rassisme

5.2 Vrug op Illing se holistiese benadering ........................................256

5.3 Illing se solidariteit en fyn aanvoeling vir die swart mense was nie vir blankes aanvaarbaar nie ........................................ 257

5.4 In nuwer Afrikaanse teologie min waardering vir Illing se baanbrekers werk ........................................ 257

6. SWART REAKSIE TEEN BLANKE PATERNALISME IN DIE KERK ...257

6.1 Huweliksgebruike soos die lobola stelsel

6.2 Besluite oor poligamie

7. AFRIKANER VOLKSEIE GENIET PRIORITEIT ........................................ 259

8 . KONSENTRASIE OP PLAASWERKERS INSTEDE VAN DIE DORPE EN STEDE ........................................ 261

9. IN DIE NG KERKE SE HANTERING VAN DIE ARMBLANKE VRAAG STUK KAN BAIE GELEER WORD VIR DIE HANTERING VAN SWART ARMOEDE IN DIE NUWE SA ........................................ 262

10. DIE NG KERK VERDEDIG APARTHEID........................................ 264

10.1 Isoleer gemeentes van Engelstalige predikers

10.2 Doof vir swart verset

10.3 Die 1970's: Gedwonge verskuiwings

10.4 NG Kerk leraars kom in verset teen apartheid en word as volksverraaiers verwerp, en deur ander gevolg

10.5 1970-1980's: Die gemeente Ladysmith fokus: Die weermag , kapelaansdiens, en motivering vir die grensoorlog

10.6 Leraars van die NG Kerk bedien net hulle eie gemeentes, en het min kontak met ongelowiges buite hulle gemeentes.

10.7 1974: Ras Volk en Nasie

10. 8 Stigting van die APK

11. DIE NG KERKE RAAK BETROKKE IN DIE GEMEENSKAP ........... 269

11.1 Verhoudinge

11.2 Gemeenskapsontwikkeling vanuit die CMD
11.3 Ekumene
11.4 Struikelblokke: nuwe onsekerheid oor die sendingwerk onder die Zoeloes
11.4.1 Geestelike louheid
11.4.2 Rassisme: Nuwe Lewe
11.5 Samewerking en kontak op gemeentelike vlak
11.6 Algemene sinode 1998
11.7 Dade eerder as woorde
11.8 Gesamentlike Getuienis Aksie KZN: Die kerkefamilie wil saam die gemeenskap dien
11.9 Slotsom

## AFDELING DRIE: PRAXIS UITWERKING VAN DIE OMGEE PARADIGMA

HOOFSTUK EEN: PRINSIPIëLE BEGINSELS ........ 277
1. Transendente karakter ........ 278
2. Die hele kerk is betrokke ........ 279
3. Kontekstueel ........ 279
4. Omgee is gerig op die hele mens ........ 279
5. Die missiologie sal multiprofessioneel ook op ander wetenskappe binne en buite die teologie moet steun om hierdie praxis-gerigte riglyne uit te werk ........ 280
6. Oorbrug die gaping: Ekumeniese /Evangeliese missiologie ........ 281
7. Ekumeniese samewerking onontbeerlik ........ 281
8. Fokus op die swart gemeenskap ........ 281
9. Woordbediening steeds sentraal ........ 282

HOOFSTUK TWEE: HEROPBOU EN ONTWIKKELING ........ 283
1.Holistiese verkondiging ........ 283
2. Woord en daad, albei saam deel van een strategie ........ 284
3. Die plaaslike gemeente is self subjek van heropbou ........ 285
3.1 Motivering van plaaslike gemeente: Identiteit ........ 285
4. Begrip van ontwikkeling as deelnemende proses ........ 286
5. Holistiese Koninkryksvisie ........ 286
6. Westerse kapitalisme nie die antwoord nie ........ 287
7. Die "African Village" droom is ook nie die antwoord nie ........ 288
8. HOP as politieke ontwikkelingsprogram is ook nie die antwoord nie ........ 289
9. Politisering van die kerk se sosiale agenda ........ 290
10. Ontwikkeling is meer as hulpverlening: Dit gaan om die bemagtiging van die arm gemeenskap ........ 291
a. Identifiseer met die gemeenskap
b. Aanvaar die leierskap vanuit die plaaslike arm gemeente en gemeenskap
c. Motiveer die gemeenskap om saam te werk en gemeenskaplike gemeenskapsaksies te vind
d. Beskikbare plaaslike bronne moet herwaardeer word

e. Oorwin hooploosheid en fatalisme
f. Die blootlê van die waarheid teenoor die leuen

11. Unieke komplekse diakonaat in die 21ste eeu ........ 296
12. ACAT ........ 298
13. Konkrete projekte binne die arm kerk vir die arm kerk ........ 299
14. Hoop ........ 299
a. Makro en mikro eksterne omgewing
b. Hoop kom van binne die mens
HOOFSTUK DRIE: SENTRALITEIT VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE ........ 301
1. Inleiding: Die belangrikheid van die plaaslike gemeente ........ 301
1.1 Sinodale en ringsbetrokkenheid nie oorbodig, maar ondersteunend ........ 302
1.2 Plaaslike gemeente en gemeenskapsnood: Nuwe lewe in Christus bring nuwe waardesisteme en nuwe gesindhede mee ........ 304
2. *Koinonia* ........ 305
2.1 Die ontstaan van *koinonia* in die *ecclesia localis* ........ 305
2.2 Daar moet ruimte wees vir weeklag ........ 306
2.3 Voorbidding as deel van die liturgie ........ 307
2.3.1 Gebed moet met sigbare simbole hanteer word
2.3.2 Die betrokkenheid van die hele gemeente as gemeenskap , en nie van een enkel liturg nie
2.3.3 Die voorbidding voor die hele gemeente moet ook die diakonie se handeling aktiveer
2.3.4 As die erediens dan ten diepste Leitourgia (aanbidding van God) is, moet die mens in nood juis begelei word om te midde van bestaansnood hulle toevlug tot God te neem.
2.3.5 God word objektiewe werklikheid vir die mens in nood
2.3.6 Die gemeente word as medegelowiges die mandaad gegee om ook buite die erediens vir mense in nood te bid
2.3.7 Die gesag van die Here en die kerk oor die bose, op alle terreine , word uitgebeeld
2.4 Vereistes vir die vestiging van *koinonia* binne die arm swart kerk ........ 309
2.5 Koinonia wit/swart in die NG Kerke familie ........ 311
2.5.1 Die huidige toestand in Ladysmith in terme van interrassige *koinonia*
2.5.2 Interrassige *koinonia* is nou meer belangrik as ooit tevore
2.5.3 Pogings in Ladysmith NG Kerke tot interrassige *koinonia*
3. Leierskapontwikkeling ........ 317
3.1 Die opleiding van leiers sal die volgende paradigmaskuif verg ten einde Missiologies effektief te wees:
3.2 Praktiese riglyne aan leiers om die proses te begelei

4. Lidmaattoerusting ..........321
4.1 Lidmaattoerustingsprogramme met 'n holistiese sendingbegrip..........323
4.1.1 "Peoples' interpretation of the Bible"
4.1.2 IVIYO
4.1.3 Die LUMKO- reeks van die Rooms Katolieke Kerk
4.1.4 Anglikaanse Lambeth Biskoppe konferensie 1988
4.1.5 Die selkerk gedagte
a. Probleme met die toepassing van die selkerk-idee in 'n Afrika konteks
b. Aanpassings aan die Selkerk-gedagte
c. Die wins van die Selkerk-gedagte
4.1.6 Getroue getuies
4.1.7 Die Joshua Student Movemnet (JSM)-uitreiking
5. Bybelse riglyne ..........333
5.1 Lydende Kneg gestalte van die kerk
5.2 Kerk van die armes en noodlydendes
5.3 Fokus op die wêreld
6. Teologiese opleiding in 'n krisis ..........336

HOOFSTUK VIER DIAKONAAT .......... 338
Inleiding
1. Vereistes in die implimentering van 'n missionêre diakonaat .......... 339
1.1 Hervorming van die diakenamp .......... 339
1.2 Die rol van die lidmaat in die diakonaat ..........341
1.3 Losmaak van die diakonaat van geld ..........342
2. Verskeidenheid van gemeentelike betrokkenheid by die diakonaat ..342
2.1 Om in alledaagse lewe sout en lig te wees
2.2 Vrywillige werk in diakonale projekte
2.3 Die kerk bestuur self 'n spesifieke diakonale projek in die naam van die kerk
2.4 Die Missionêre diakonaat as gesamentlike aksie van die hele NG Kerke familie
2.5 Ekumeniese samewerking
3. VIGS-DIAKONAAT ..........345
3.1 Diakonaat: Versorging ..........346
3.1.1 Vrywillige gemeenskapswerkers as tuisversorgers
3.1.2 Huisbesoek deur lidmate
3.1.3 Vigs weeskinders
3.1.4 Lewenskwaliteit van Vigspasiënte moet verhoog word: Sin van die lewe na MIV-diagnose
3.1.5 Die benutting van die erediens , koinonia, liturgie om hoop te bied
3.2 Diakonaat: Voorkoming ..........351
3.2.1 Oorsake
3.2.2 Gevolge

3.3 Voorkomingstrategie ........................................................................ 353
3.4 Prakties ..................................................................................... 354
3.4.1 Gemeenskapsinligtingsvergaderings
3.4.2 Bybelstudiegroepe vir vroue
3.4.3 Bybelstudiegroepe vir die jeug
3.4.4 Prediking
3.4.5 Jeug- en volwasse kampe
3.4.6 "True Love Waits"
3.4.7 "Scorpions of justice"
3.4.8 Die herbenutting van bruikbare Zoeloe gebruike wat die Bybelse boodskap ondersteun
3.5 Diakonaat: Voorligting ............................................................. 357
3.5.1 Moralisering van Vigs
3.5.2 Holistiese aanpak
3.5.3 "Come to open campaign"
3.5.4 Gesonde leefwyse veldtogte
3.5.5 Beskikbaarheid van medikasie
3.5.6 Voorligting aan die hoë risiko groepe, buite die kerk se lidmaatkorps
3.5.7 Voorligting rakende die regte van getroude vroue
3.8 Voorligting rakende die voortgesette sinvolle menswaardige lewe na die diagnose van MIV
3.6 Visionering van die kerk vir 'n holistiese MIV-diakonaat...................................................................362

4. VREDESDIAKONAAT .............................................................. 363
Inleiding
4.1 Holistiese aanpak van die vredesdiakonaat .......................364
4.2 Ekumeniese aanpak van die vredesdiakonaat .................... 365
4.3 Multiprofessionele aanpak van die Vredesdiakonaat ........ 366
4.4 Gebruik inheemse simbole en rituele ................................366
4.5 Vredesdiakonaat in praktyk ...............................................368
4.5.1 Aktiewe hulpverlening
a. Materiële hulp om korttermyn bestaansnood te verlig
b. Voorbidding vir getraumatiseerde groepe
c. Ondersteuningsgroepe
d. Gesamentlike gebedsessies vir die hele gemeenskap
e. Genesing van psigologiese wonde wat uit trauma voortspruit
f. Tussenbeidetrede tussen twee partye in dispuut: versoening
4.6 Voorkomende aksie deur die opleiding van vredesagente ................................................................................ 372
4.6.1 Leierskapontwikkeling

Amahoro as gevallestudie
4.6.2 Opleiding van gemeenskapslede
Kinders
Tuine
Lewensvaardigheidsopleiding aan tieners
4.6.3 Opleiding binne die kerke verband
Ekumenies
Lidmate
4.6.4 Voorligting oor konflikhanteringsmeganismes
5. JEUGDIAKONAAT ....................................377
5.1 Hierdie diakonaat sal in samewerking met verskeie rolspelers gedoen moet word
5.2 Basiese probleme wat in 'n jeugdiakonaat aangespreek moet word
5.2.1 Verhouding tot die self
5.2.2 Verhouding tot werk
a. Gebrek aan 'n kultuur van werk
b. Gebrek aan dissipline in werksopset
c. Oorentoesiastise werksverwagtinge
5.2.3 Verhouding tot die kerk
5.2.4 Invloed van apartheid
5.3 Hantering van jeugverwante probleme ....................................380
5.3.1 Neem kennis van die jeug se behoeftes
5.3.2 Neem kennis van die kerk se identiteit as geloofsgemeenskap onder die jeug
a. Die kerk as draer van die waarheid
b. Die kerk as omgeegemeenskap
c. Die kerk as liggaamsmodel: Leierskapopleiding vir die jeug

6. DIAKONAAT AAN DIE WERKLOSES .................................... 385

HOOFSTUK VYF: MISSIONèRE PASTORAAT ....................................386
Inleiding
1. Gebruik die vrywillige kerklidmate in die arm gemeenskap ............ 386
1.1 Voordele in die benutting van die gemeentelike "pastors" en groeigroepe in 'n arm Afrika konteks
1.2 Struikelblokke in die benutting van die lidmaat in die pastoraat 'n arm Afrika konteks
1.3 Opleiding van gemeente pastors
2. Gebed as deel van die pastorale bediening aan die arm gemeenskap ....................................393
3. Gebruik van rituele en simbole .................................... .394
4. Woordbediening as sentraal in die pastoraat .................................... .395
5. Hantering van skuld in die pastoraat ....................................396
6. "Innerlike genesing" as deel van die pastorale gesprek .................. 396
7. Holistiese heelwording in die pastoraat ....................................397
8. Etiese dimensies van die pastoraat ....................................401
9. "Reframing".................................... 404

10. Die Verwonde gemeesheer ("Wounded Healer") .......................... 405
11. Hoop as die dinamiese krag van die pastoraat .............................. 408

HOOFSTUK SES: KERUGMA .................................................................. 409
1.Inleiding: Die nood is groot, maar die arbeiders min
2. Watter geleenthede bestaan vir die kerk om die Evangelie uit te dra? .
............................................................................ 410
2.1 GESTRUKTUREERDE EVANGELISASIE ................................ 411
2.1.1 Jesus-film-uitreikings (Campus Crusade)
2.1.2 "Every home for Christ"
2.1.3 Tent veldtogte met sterk bekeringsboodskappe
2.1.4 EE III uitreikings
2.1.5 Kerkplanting
2.1.6 Wêreldsending
2.1.7 Straatwerk en lektuurverspreiding
2.1.8 Ikhwezi opleiding van die VGKSA in KZN
2.1.9 Evaluering van die meer pïetistiese Amerikaanse modelle
2.1.10 Bediening op die werksplek
2.1.11 Hospitaal bediening
2.1.11Garagedienste
2.1.12 Evaluering van die kerk se kerugmatiese rol in die gemeenskap
2.2 SPONTANE EVANGELISASIE .................................................... 424
2.2.1 Lidmate se taak

HOOFSTUK SEWE: SOSIALE GEREGTIGHEID ........................................ 426
Inleiding
1. DIE AARD VAN DIE KERK SE SOSIALE BETROKKENHEID IN DIE NUWE SA
1.1 Koninkryksdenke
1.2 Riglyne
1.3 Wyse van betrokkenheid
2. TERREINE VAN KERKLIKE SOSIALE BETROKKENHEID ..............430
2.1 Onversoenbaarheid
2.2 Respek (*inhlonipho)* groepe vir mense/menswaardigheid en kriminaliteit
2.3 Groeiende etnisiteit
2.4 Sosiale geregtigheid
2.5 Ekonomiese geregtigheid
2.6 Arbeidsetiek en die krisis in standaarde, norme en waardes op die werksplek
a. Afstand kerk en werkersklas
b. Afstand wit/swart
c. Aanspreek van materialisme en onregverdige winsbejag
d. Aanspreek van 'n ongesonde werksetiek
e. Regstellende aksie
f. Verlies aan menswaardigheid op die werksplek

g. Profetiese verantwoordelikheid teenoor die staat oor arbeidsake
h. Botsing tussen die oudstryders teen kolonialisme en jong jeugdige radikaliste
i. Belhar Belydenis en Sosiale profetiese roeping

# INLEIDING

**Agtergrond**

Die Nederduits Gereformeerde Kerkefamilie - by name die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) en die Reformed Church in Africa (RCA) beslaan 'n baie klein persentasie van die totale bevolking van KwaZulu-Natal.

Die situasie in KZN, soos in die res van die Nuwe Suid-Afrika het sedert 1990 dramaties verander. Die kerkefamilie word nou gekonfronteer met die volgende feite waarvan in die verlede nouliks kerklik kennis geneem is: die gemeenskap is oorwegend swart, arm, met Vigs belas en aan 'n geweldkultuur blootgestel is. Die gemeenskap word jonger. Nood in die gemeenskap het spesifieke eienskappe aangeneem. Die kerkefamilie was in die verlede doof as swart nood deur die bevrydings teologie en swart teologie verwoord is, en moet nou erken dat die swart gemeenskap inderdaad noodgeteisterd is. 'n Blinde oog kan nie meer vir die nood gekeer word nie. Die kerk moet omgee vir die swart nood.

Die NG Kerkefamilie is nie meer in 'n vennootskap met 'n blanke minderheidsregering nie. Enersyds gaan dit gepaard met verlies aan fondse vir bestaande wit kerklike welsynsprojekte, maar andersyds bied dit ook die kerkefamilie geleentheid om in groter vryheid kerk te wees.

Die NG Kerk, bevoordeel deur blanke werksreservering, en voedingsbron vir die swart kerke se leraarssalarisse, word vinnig armer. Duur sendingprojekte met voltyds betaalde personeel sal in die toekoms al hoe meer onbekostigbaar word. Goedkoper maniere van omgee sal gevind moet word.

Die nuwe situasie stel nuwe eise waarvoor die kerk gereed moet wees. Ten einde in hierdie situasie missionêr betrokke te wees moet die kerkefamilie 'n nuwe paradigma ontwikkel. Hierdie studie wil bydra tot die proses

waarin 'n nuwe missionêre paradigma vir die NG Kerkefamilie gevorm word.

**A. Uitgangspunte**

Geen Akademiese besinning word vanuit 'n vakuum van objektiwiteit beoefen nie. Ook hierdie studie word vanuit ' n bepaalde konteks, en met bepaalde teologiese oortuigings gedoen:

1. Die sending is die wesenstaak van elke Christelike gemeente op aarde. Geen gemeente kan hom losmaak van die opdrag om sout en lig in die gemeenskap te wees nie. Die essensiële opdrag is die Woordverkondiging, wat holisties ook die daad van omgee vir die nood insluit. Die Woordverkondiging en omgee word dikwels teenoor mekaar gestel, ten onregte. Hierdie studie gaan uit van die oortuiging dat die uiterste vorm van omgee, die aanbied van die verlossingsboodskap in Jesus Christus is, en dat die uiterste vorm van Woordverkondiging die verbinding van die verwonde se wonde, die was van voete, en die herstel van menswaardigheid in Christus beteken.

2. Ook die N G Kerkefamilie moet weer saam na die Woord van die Here luister as finale gesagvolle spreke oor kerkwees binne die huidige konteks. Hiermee word aanvaar dat die Woord van die Here soos dit in die Bybel opgeteken is, gesagvol en betroubaar is.

3. Die soeke na die Here se wil binne 'n bepaalde konteks kan nooit in isolasie van die gemeenskap en ander kerke plaasvind nie. Dit is in 'n groot mate dan ook 'n proses van luister na mekaar, en om mekaar as gelowiges geleentheid te gee om klaar te praat voor ons mekaar etiketteer.

4. Geen ideologie (volks-, etnies- of ekonomies-) mag in die Woord buikspreek nie.

5. Die besinning oor die kerk se Sendingroeping binne 'n bepaalde konteks kan nooit in studeerkamerteologie verval nie, maar moet uitloop in 'n duidelike praxis-riglyn vir relevante kerkwees in die bepaalde konteks.

6. Praat mens oor die kerk se Sendingopdrag praat mens in die eerste plek van die plaaslike gemeente se wesenstaak. Sterk klem moet geplaas word op voetsool Christenwees binne die bepaalde konteks. Hierdie studie is gebaseer op die geloof in die inherente potensiaal van die arm gemeente op voetsoolvlak.

7. Sendingwetenskaplik word van die standpunt uitgegaan dat die Sendingwetenskap stippellyne as grense het. Daar word vanuit die Sendingwetenskap ook gekyk na ander teologiese en nie-teologiese wetenskappe, om 'n holistiese benadering vir die kerk se sendingopdrag uit te werk.

8. Namate enige kerk die samelewing transformerend binnegaan, sal die betrokke kerk self deur die werking van die Woord (voortdurende reformasie) en deur die kontak met die gemeenskap verander om al hoe meer Christusgelykvormig te wees. Die tweerigting transformasie waarvan D. Bosch praat in sy werk "Transforming Missions" moet 'n werklikheid word.

9. Indien die N G Kerkefamilie die pad van gestuurdes in KZN wil loop sal dit nie langer in isolasie gedoen kan word nie, maar sal die Ekumeniese bande met die ander kerke in die streek opgesoek moet word.

10. Hierdie studie word gedoen vanuit 'n lojaliteit en liefde vir die hele NG Kerkefamilie, onder oortuiging dat die Here 'n wonderlike Koninkryksdoel ook met die relatief klein kerkefamilie in KZN het, en dat ons eie bruikbaarheid 'n relevansie sal hê vir baie kerke wat elders in soortgelyke omstandighede getrou moet bly aan hulle roeping.

11. Bosch (191:365) haal Paton aan wat sê: " A call to repentance is not a call to drop important work, but to do it otherwise." Dit soek na nuwe paradigmas . In die soeke hierna vra die kerk krities: Hoe kan die kerk foute van die verlede bely? Die kerk herontdek die essensie van die Evangeliese Sendingopdrag. Die kerk vra: Moet ons konformeer; of moet ons onttrek en in oorlewingsparanoia verval, of moet ons kreatief reageer op die nuwe uitdagings. Aanvaar die kerk die laaste opsie van kreatiewe betrokkenheid moet die kerk aanvaar dat die konteks totaal verander het. Die kerk moet ook verstaan dat so 'n aanpassing met baie konflik gepaard gaan. Bosch (1991:365) haal Koyama aan wat krisis definieer as die ontmoetingspunt tussen gevaar (vrees?) en geleentheid (hoop?). Presies op hierdie ontmoetingsveld moet hierdie studie na oplossings soek. Dit impliseer 'n inbeweeg in die kreatiewe spanningsveld tussen kontinuiteit en verandering; tussen getrouheid aan tradisies van die verlede, en die moed om by die toekoms betrokke te raak; tussen tradisie en transformasie ; en tussen ewolusie en rewolusie (Bosch 1991:366). Om die oue nuut te gebruik vra baie meer kreatiwiteit as om 'n nuwe aan te skaf.

12. Hierdie studie wil nederig net 'n nuwe paradigma suggereer. Dit wil nie voorskriftelik wees nie. Maar deel wees van die groter debat in die kerke familie waarin ons saam soek na 'n nuwe Godverheerlikende bestaanswyse vir die kerk van more. Die studie wil 'n paar buitelyne trek. Die inhoud sal in plaaslike besprekings in gebedsafhanklikheid uitgewerk moet word.

**B. Fokusgebied**

Die studie fokus op die Mnambithi gebied, in die Noorde van KZN ,met Ladysmith as groeipunt. Die rede vir hierdie fokus is:

1. Die student is reeds tien jaar betrokke binne die gebied, waar saam met die NG Kerk en die VGKSA sendingwerk gedoen word. Dit voorsien hom van 'n grondige taal- en kultuurkennis, asook grondvlak kennis en vertrouensverhoudinge met die breër gemeenskap.

2. Meeste akademiese besinning is op die stedelike gemeenskappe gerig (die teologie van die stad), terwyl in KZN die landelike gemeenskap op vele gebiede 'n sterk invloed uitoefen. Landelike armoede is ook baie groot in KZN. Die Ladysmith gebied verteenwoordig 'n beduidende landelike tradisionele gemeenskap, sowel as n industriële, groot dorp gemeenskap, met 'n groeiende informele behuisingsgebied. Die navorsing sal in baie gemeenskappe relevant wees.

3. Die fokus op die Ladysmith gebied aanvaar dat Ladysmith 'n normale gemeenskap is met geen uitsonderlike sendingywer of sendingmodelle nie. Die keuse van 'n gewone gemeente (beide NG Kerk en VGKSA) wil juis die pad oopmaak om riglyne uit te werk wat in ander "gewone" gemeentes dupliseer kan word.

4. Die fokus op 'n bepaalde distrik, en gemeente help ook om die studie praxis-gefokus te hou. 'n Studie van hierdie aard is geneig om te verval in veralgemenings, en oorweldiging deur statistiek en nood.

Die studie fokus voorts op die Zoeloe gemeenskap. Die studie neem egter deeglik kennis van die feit dat die Zoeloe kerk self objek en subjek van die sending is, en dat die sendingverantwoordelikheid van al die kerke in die gebied alle bevolkingsgroepe insluit. Die rede om op die Zoeloe gemeenskap te fokus is:

1. Die dominante getalle van die Zoeloe gemeenskap in die gebied.
2. Die geweldige gemeenskapsnood in die bepaalde gemeenskap.

**C. 'n Missiologiese paradigma verandering**

Die woord "paradigma" word met spesifieke rede gekies. Vir dekades al is die term "paradigma" eie aan die wêreld van die wetenskap. Thomas Kuhn se werk "The structure of Scientific Revolutions" (1962) het die term op die agenda van die rasionele Westerse wetenskaplike wêreld geplaas. Hy wou met die term dui op die radikale verandering wat opeenvolgende teorieë in

die wetenskap meebring. As teorieë verander ontstaan gapings tussen mense wat vanuit verskillende teorieë na die werklikheid kyk. Hierdie verskillende teorieë veroorsaak dat mense mekaar nie kan hoor nie en by mekaar verbypraat. Hulle kan ook nie kompeterende teorieë beoordeel nie. Elke teorie word 'n paradigma, wat mense saambind in groepe, en sy eie objektiewe wêreld met hom meebring. Paradigmas skuif omdat die oue hom iewers vasgeloop het. Waar paradigmas skuif ontstaan altyd gapings tussen mense. (Visagie 1996:81). Hierdie paradigmaverskuiwings kom nie net in die teoretiese denkwêreld voor nie, maar ook in die algemene leefwêreld van die gemeenskap. Laasgenoemde raak moraliteit, regspraak, politiek, kerk en godsdiens. Die Suid-Afrikaanse samelewing is hierin geen uitsondering nie.

Paradigmaskuiwe vind plaas, en konfronteer ook die paradigmas binne die kerk. Die kerk, as deel van die breër gemeenskap is onvermydelik in die skommeling van paradigmas vasgevang. Die kerk het egter die keuse om met die strominge meegesleur te word, of om die paradigmaskuiwe te bestuur en te vorm. In die studie word die hipotese gestel dat 'n Gereformeerde missiologiese paradigma deur 'n drie rigting luister proses gevorm kan word:

i. Eerstens moet na bo, na die Woord van God geluister word as die vaste koersaanduiding vir die kerk wat bereid is om voortdurend te reformeer.

ii. Tweedens moet die kerk duidelik na die stemme uit die konteks luister om te bepaal wat die behoeftes en nood in die konteks sou wees.

iii. Teks en konteks moet oor mekaar skuif. Dit gebeur binne in die kerk. Die kerk se selfverstaan en bestemmingsidentiteit sal ook die paradigma 'n unieke kleur gee. Gevolglik dan die vereiste dat die kerk ook na homself en sy eie geskiedenis moet luister in die bepaling van 'n eie missionêre paradigma.

Waar hieride luister proses deurloop word, sal die kerk 'n unieke missiologiese paradigma ontwikkel, waar teks , konteks en selfinterpretasie

die kerk self sal transformeer om meer effektief hierdie rol in die wêreld te speel.

**D. Metodiek**

Met die aanpak van die studie word mens dadelik gekonfronteer met die realiteit dat so 'n omvattende studie noodwendig in diepte sal moet inboet . Moes daar nie eerder op een aspek van die Missionêre bediening gekonsentreer word nie? Die versoeking is groot. Daar is egter besluit om met die wyer studie voort te gaan, wetende dat diepte ingeboet sal moet word. Die volgende redes geld vir die besluit:

i. Die werk word gesien as 'n poging tot holistiese studie wat die onderwerp multidimensioneel en in die veelheid van fasette wil aanpak.

ii. Die studie sou graag wil lei tot meer gespesialiseerde navorsing op die verskeie onderverdelings, wat elk die potensiaal vir verdere studie toon.

iii. Hoe meer op grondvlak akademiese studie gepleeg word, hoe meer geïntegreerd is sake, en hoe moeiliker is dit om klinies sake in boksies te plaas.

iv. 'n Paradigma is ook 'n onderliggende denkstruktuur, waaruit noodwendig ook heterogene sake gaan vloei.

Die studie bestaan uit drie afdelings waarvan die eerste en tweede nie mekaar chronologies opvolg nie, maar eerder in prioriteitsvolgorde geplaas is. Beide speel egter die heel tyd in op mekaar, en die eerste word nie in isolasie van die tweede uitgewerk nie, maar in noue wisselwerking.

1. Afdeling Een: Prinsipiële besinning deur te luister na bo, binne en rondom

Die eerste afdeling is die luister afdeling. Hier word geluister na die hart van die NG Kerkefamilie, en hulle historiese worsteling met swart armoede. Daarna word geluister na die Ou Testament en die Nuwe Testament. Omgee temas word uitgelig, wat spesifiek op die NG Kerkefamilie se omgee vir hulle konteks relevant is. Derdens word geluister na die ander kerke in SA se formulering van omgee vir die nood in die arm Afrika konteks. Al

luisterend word belangrike motiewe versamel wat uiteindelik sal meewerk aan die vorming van 'n eie omgeeparadigma binne die NG Kerkefamilie.

2. Afdeling Twee: Situasie analise deur te kyk na die detail van die nood

Die tweede afdeling is die kyk afdeling. Daar word gekyk na die feitelike nood in die konteks van die studie. Die nood word 'n gesig, 'n naam, en detail gegee. Veral stories word gebruik uit die konteks uit om die nood beter te formuleer. Sonder die kyk na die situasie en die formulering van spesifieke nood, kan die omgee van die kerk nie grond raak en relevant wees nie.

3. Afdeling Drie: Omgee paradigma in praktiese dade van omgee

Die derde en laaste afdeling is die doen afdeling. Hier moet die teks, konteks en selfverstaan van die NG Kerkefamilie saamval om 'n omgee paradigma vir die kerk binne die bepaalde konteks te formuleer. Die omgee paradigma word in detail, multiprofessioneel uitgewerk . Dit behels egter meer as teorie. Dit wil juis as missionêre paradigma binne die konteks van die wêreld grond vat met praktiese realisering van God se liefde vir die wêreld.

**Afdeling Een:**

**Prinsipiële besinning: Die formulering van 'n missiologiese paradigma**

## Hoofstuk Een: Die wyse waarop 'n missiologiese paradigma saamgestel word

Die hipotese word in hierdie studie gestel dat die NG Kerke in hulle missionêre gerigtheid op die arm Afrika gemeenskappe in die nuwe Suid-Afrika 'n bepaalde onderliggende paradigma sal moet ontwikkel. Die ontwikkeling van 'n nuwe paradigma is op sigself 'n transformasieproses, wat ander transformasie prosesse sal vooruit loop. Die hipotese word gestel dat hierdie paradigma-vernuwing gevorm word deur 'n drie rigting luisterproses.

### 1. Luister na Bo (Woord)

Enersyds word gestel dat die kerk weer sal moet teruggaan na die Bybel as geïnspireerde Woord van God, en daaruit weer vars en duidelik 'n prinsipiële onderbou moet saamstel vir hulle missionêre betrokkenheid in die arm Afrika gemeenskappe in die nuwe Suid-Afrika. Sonder 'n intieme omgang met God se Woord kan geen standhoudende transformasie plaasvind nie. Redes vir hierdie hernude luisteraksie is die volgende:

a. Verskeie faktore, onder andere vanuit die Apartheidsverlede, het hierdie luisterproses by Afrikaanse kerke, en spesifiek die NG Kerk, versteur.
b. Vanuit die nuwe sekulêre staatsbestel en menseregte gerigte samelewing, word druk op die kerk toegepas om betrokke te wees met ontwikkelingshulp (Chikane 1996; Mtshele 1996, Mgojo 1997, Duarte in Challenge 39 (1996/7), sonder enige unieke Evangeliese eksponent. Brueggemann (1991:8) stel tereg dat as die kerk kapituleer aan hierdie druk, word die kerk 'n "...warm cozy embrace and affirmation that speaks no word of cost, judgement, responsibility, or accountability." Die kerk word kritieklose naprater, wat menslike selfsug in die naam van genade aanblaas, en God word gereduseer tot die verskaffer van al die verbruikersitems op die mens se selfdienende inkopielys.

c. Gelyklopend met bogenoemde word staatsbesteding aan bestaande kerklike welsynsdienste drasties ingekort (Die Kerkbode 159(5) :3; 161(9):1) Dit vereis ook dat die kerk nie meer top-swaar staatsbefondsde projekte kan loods nie, maar nuut en uniek nuwe werkswyses sal moet skep. Dit vra 'n hernude soeke na riglyne op 'n , tot nou toe, vreemde pad vir die kerk.

d. Vanuit die Afrika Renaissance-beweging word druk uitgeoefen om die Bybelboodskap sinkretisties te verskraal net tot dit wat die Afrika hoorders wil hoor (Bate S 1994:91-92; Kabasélé in Schreiter 1997:103-115; Tshelane 1994:173; Musopole 1996:38; Nolan(a)1997:10; Wakatama 1976). Hiermee word die unieke boodskap van die Bybel verwater en verloor die kerk relevansie in die konteks van Afrika armoede.

e. Snyman (1998:19) neem waar dat "... die Bybel minder en minder in die praktyk van die lidmate (van die NG Kerk) se lewe funksioneer." Juis in tye van geweldige onsekerheid, wat met verandering gepaardgaan, sal die NG Kerk weer Bybelse lig moet soek vir die pad vorentoe.

**2. Luister na weerskante (Konteks van die arm Afrika gemeenskap)**

Tweedens sal die kerk ook in die missionêre uitreiking baie duidelik moet gaan luister na die arm Afrika gemeenskappe se eie verwoording van húlle ervaring van Afrika armoede. Sonder hierdie luisterproses sal die Woordverkondiging irrelevant wees en niks hê om aan te bied aan die mens in nood nie. Hierdie luisterproses staan nie teenoor die eerste nie, maar maak die eerste moontlik. Luister na die Woord sal ook onwillekeurig die kerk dwing om langs die armes te kom staan. 'n Kerk wat nie langs die armes kan kom sit nie, het nog nooit die eerste luisterproses deurloop nie! Die een kan nie sonder die ander plaasvind nie .

Redes vir die belangrikheid van hierdie luisterproses is:

a. Homeletiese redes: God openbaar Hom op baie maniere aan die mens (Hebr.1:1). Ook deur die ervaring, natuur en kultuur van 'n volk. Al hierdie buite-Bybelse openbaringsbronne help dat die mens iets van God verstaan (Rom.2:13-16). Dit bring mee dat die Woord nie 'n braakland aantref in die hart van die hoorder nie. Die algemene openbaring het reeds die grond voorberei. Die hoorder se ervaring van God, is die beker waarin die Woordinhoud gegiet moet

word. Hiersonder is die Woord vreemd, Westers, bedreigend en onaanvaarbaar. Gevolglik praat van Zyl (1994:359) van die hoorders in Afrika as 'n "interpreterende gemeenskap" wat 'n belangrike rol speel in die interpretasie van die boodskap. Hierdie gemeenskap moet verstaan word, alvorens die Woord aan hulle gekommunikeer word.

b. Hermeneutiese redes: Müller (1992:27) soek na 'n hermeneutiek wat die openbare verkondiger "... nie isoleer in die ghetto's van 'n geïntroverteerde kultiese prediking nie" , maar gerig is om gehoor en verstaan te word op die "naked public square". Die hoorders se nood en kulturele lewensuitinge moet hierin verstaan word. Die hoorder se eiesoortige vrae moet beantwoord word (Pieterse 1979:100). Hermeneutiek kan nie gebeur sonder die verrekening van die hoorder se konteks nie.

c. Pastorale redes: Die NG Kerkefamilie, vanuit die Europese herkoms daarvan, soos meeste hooflyn kerke in Afrika , wil dikwels die Europese interpretasie tot absolute waarheid verhef. Daneel (1990:221) sien dan dat die netjiese Westerse teorieë, as dit gekonfronteer word met die realiteite van Afrika se geloofslewe, bewys word as futiel en relatief. Hierdie marginalisering van NG Kerk Europese teologie word bevestig deur die snel groei van die Afrika Onafhanklike Kerke (AOK) tot die grootste uitdrukking van Christenskap in die wêreld (Anderson 1995:292). Die AOK se pastorale teenwoordigheid in die konteks van Afrika armoede het aan hulle die pastorale sleutel voorsien na die hart van Afrika se noodlydendes. Hulle het hulle hartsnood raakgehoor.

d. Die piëtistiese, evangeliese ideologisering van Swart- en Bevrydingsteologie het die NG Kerke "goeie rede" gegee om die baba met die badwater uit te gooi, sonder om die onderliggende verwoording van 'n ganse gemeenskap se pyn en woede (Boesak W 1995) raak te hoor.

e. Die Woord vereis self dat die hele lewe deur die Woord aangespreek moet word (N.G.B. 36) Geen deel van die lewe mag onaangeraak wees nie. Gevolglik moet die hoorder se hele konteks onder die Woord se gesag geplaas word. Müller (1992:28) stel dit so: "'n Kerk mag dink dat hy met 'n sg. klem op die 'geestelike' , die innerlike, ten koste van die sosiale relevansie , die Bybelboodskap 'suiwer' hou van 'besmetting'. "In feite verval hy dan tot 'n

sakraal-kultiese alleenspraak ( wat altyd die tekens van seniliteit in enige korporasie is!)".

f. Luister is deel van die versoeningsaksie en heelmakingsproses. Ellen Khutswayo (in Meiring 1999:385) sien in die luister na mekaar se stories, die geleentheid tot die bou van meer onderlinge begrip en beter verhoudings. Hierdie luister na mekaar sal die wonde van die verlede genees.

Hierdie luisterproses sal op twee wyses deurloop word: Eerstens deur te luister na ander teologieë wat vanuit die SA konteks opereer, en tweedens deur 'n situasie analise in afdeling twee .

**3. Luister na binne en na agter (na die NG Kerke se eie selfverstaan en geskiedenis as kerk)**

Die hipotese word gestel dat waar hierdie luisterproses plaasvind, skuif die teks en konteks hermeneuties oormekaar (Müller 1992:27), en soos met twee kleurskywe wat oormekaar skuif, ontstaan 'n gans nuwe kleur: Die kleur van God se *chesed* (O.T.) en *agape* (N.T.) word sigbaar (verstaanbaar) binne die duisternis van menslike nood en ellende. Die plek waar die twee skywe oormekaar skuif, is die kerk. Elke kerk waar hierdie oormekaarskuif van teks en konteks plaasvind, sal ook 'n eie skakering, kleur en dimensie aan God se genade en liefde gee. Hierdie unieke aard word bepaal deur 'n kerk se selfverstaan, en bestemmingsbepaling. Selfkennis en die luister na die hart van die kerk, is dus verdere voorwaarde tot die opstel van 'n missionêre hermeneutiese paradigma binne enige kerk. Watter unieke skakering kan die NG Kerke familie tot 'n missionêre gerigtheid bydra? Is alles wat die kerke familie sal bydra tot hierdie sending goed? Of sal aan sekere skakerings gewerk moet word? Sal die foute in die kerk nie juis duideliker uitkom in die ligkol van Woord en konteks juis in die kerk se gerigtheid op die Afrika armoede nie? As die kerkefamilie se plus punte en negatiewe punte blootgelê word, sal die kerk daaraan kan werk? Is daar hoop vir die kerkefamilie om as draers van die Nuwe Lig in die konteks van Afrika armoede steeds te reformeer?

Die luister na binne is om die volgende redes belangrik:

a. Die NG Kerk familie moet eie sterk punte in hierdie missionêre gerigtheid op die armes ken

b. Die NG Kerk moet weet wat die swak punte en inhibisies is wat die kerk se getuienis skend.

c. Kennis van tekortkominge kan stimulus tot voortdurende reformasie wees. Die kerke familie kan nie stagneer nie, maar moet voortdurend onder die lig van teks en konteks self van kleur en tekstuur verander. In hierdie proses word die kerk al hoe meer missionêr relevant. D.J. Bosch (1991) se titel "Transforming Missions" verwys ook na hierdie transformasieproses. Dit sluit nuwe selfinterpretasie en herinterpretasie van die kerk se wesenstaak in, en beweeg in die rigting dat die gestalte van Christus, as die Lydende Kneg, al meer in die kerk sigbaar word in geloofsgehoorsaamheid.

d. Deel van die transformasie /reformasie proses is skuldbelydenis en nuwe lewe uit vergiffenis.

e. Die NG Kerk beleef tans 'n identiteits- en geloofskrisis. Tradisionele strukture in die kerk word bevraagteken deur die nuwe sosio-politieke stelsel in die land, en die kerk beleef onsekerheid oor hulle doel. Sien Snyman (Red) 1998(b): 45 en Tutu in Die Kerkbode 160(11):1. Die NG Kerk sal nuwe Bybelse identiteit en 'n herbevestiging van hulle roeping en bestemmingsvervulling moet ondergaan wat sal uitloop, nie op hernude skuldgevoel nie, maar 'n nuwe oriëntasie tot die nood rondom hulle. Die NG Kerk as kerk moet weer bevestiging gegee word dat hulle vanuit hulle unieke samestelling 'n unieke rol te speel het in die nuwe SA (Sien opdrag aan AKLAS Handelinge Algemene sinode NG Kerk 1994:501).

## 4. Samevloei van die drie luisteraksies as eindresultaat

Nadat al drie die luisterprosesse deurloop is, sal in afdeling drie gekom word tot 'n gevolgtrekking, waar die NG Kerke familie se unieke missionêre rol in Afrika armoede uitgewerk sal word. Hiervoor is 'n unieke Missiologiese paradigma nodig, wat gekleur sal wees deur die Woord, die konteks van die nuwe SA en die NG Kerke familie se selfverstaan.

**Hoofstuk Twee: Prinsipiële besinning: Die luister na binne en na agter die NG Kerkefamilie**

## 1. NG Kerkefamilie : 'n Oorwegend Blanke gerigte kerk

Die 1946 Staatsensus vir die SA gemeenskap, teen die hoogbloei van Afrikaner Nasionalisme, toon dat die NG Kerk die meeste blanke lidmate gehuisves het in SA. Per 100 blanke lidmate het die NG kerke familie egter die minste nie-blanke lidmate gehuisves.

| Kerkgenootskap | Blanke belydende lidmate in 1000 | Aantal "bantoe" lidmate per 100 blanke lidmate |
|---|---|---|
| Lutherse | 23 | 1739.4 |
| Kongregasionalisties | 13 | 8880.0 |
| Methodiste | 181 | 557.1 |
| Anglikaans | 375 | 147.5 |
| NGK | 1075 | 24.6 |

Hierdie statistiek toon oortuigend dat die NG Kerk, ten spyte daarvan dat die kerk die meerderheid blankes in SA verteenwoordig het teen 1946, grotendeels na binne gerig was. Die uitbreidingsdrang onder die inheemse volke van SA was laag (Kritzinger 1991:5-14). Die swart gemeenskap het ook 'n beduidende gebrek aan belangstelling geopenbaar om hulle Christenskap binne die NG Kerkefamilie uit te leef.

Dieselfde sensus toon volgens Kritzinger (1991) die volgende persentasie verteenwoordiging van bevolkingsgroepe by die meer prominente kerke in 1946 in SA:

| Kerkgenootskap | Blankes | "Bantoe" | Kleurling | Asiërs |
|---|---|---|---|---|
| NGK | 66.8% | 15,5% | 17,7% | - |
| Methodiste | 14,1% | 78,8% | 7% | 11% |
| Anglikaans | 33,6% | 49,5% | 16,7% | .2% |
| RKK | 21,3% | 67,6% | 10,2% | 0,9% |

Hierdie persentasie toon 'n duidelike fokus op blanke lidmaatskap in die breeër NG Kerke familie. Hulle sendingaksie het voortdurend swak vrug gedra in die swart, Kleurling en Asiër gemeenskappe.

## 2. 'n Nuwe paradigma is missionêr dringend nodig in die NG Kerkefamilie

As oorwegend wit kerk, wat teen die laat 1980's steeds ongeveer 42% van die blankes in SA verteenwoordig het (Villa-Vicencio 1988:145), het die NG Kerke familie, binne die nuwe SA, steeds 'n unieke rol te speel. Dit word onderstreep deur die kerke familie se Evangeliese erns (Kellerman in Snyman 1998:52), hulle Gereformeerde belydenis en hulle ervaring met barmhartigheidsprojekte in die verlede (Jonker 1998:5).

Hierdie rol sal egter alleen vertolk word deur die NG Kerke familie in die nuwe SA as daar 'n beduidende paradigmaskuif sou plaasvind. Die volgende sake , wat tans steeds die kerke familie etiketteer, sal indringend reformerende aandag vra:

### 2.1 Segregasie / Apartheid

Daar is geen twyfel dat die NG Kerk onlosmaaklik verbind word aan Apartheid / segregasie nie, en by uitstek die stelsel probeer Teologies regverdig het (de Gruchy 1979:70; Villa-Vicencio 1988:23; Jonker 1998:5), sonder om 'n oog te hê vir die lyding wat die stelsel vir miljoene mense veroorsaak het. Sien bv uit 'n

lang lys van swart teologiese evaluerings van Apartheid die Cottesloe verklaring (1961), Kairos dokument (1985) en Belhar belydenis (1988).

Die volgende faktore wat sou meewerk aan die opkoms van apartheidsdenke binne die NG Kerk word uitgelig:

a. Die Afrikaners was sedert hulle aankoms aan die Suidpunt van Afrika in 'n stryd om oorlewing gedompel en het ook hulle gereformeerde teologie en kerkbegrip ingespan in hierdie selfpreserverende stryd (Loubser 1987:3). In hierdie oorlewingstryd was die inheemse volke in die land dikwels vir hulle 'n bedreiging. Gevolglik was dit moeilik om die ander volke se menswees te respekteer (Loubser 1987:5). Die praktyk, vrees, oorlewing en kultuurverskille het swaarder geweeg as die Bybelse beginsels vir kerkwees (de Gruchy 1986:9).

b. Die vroeë Skotse predikante wat die Boere bedien het, het 'n sterk piëtistiese en Metodistiese invloed op die kerk se denke gehad. Baie klem is gelê op geestelike verdieping en sending, maar min op die profetiese verantwoordelikheid ten opsigte van geregtigheid en politieke sake ( de Gruchy 1986:4, Jonker 1998:6).

c. Abraham Kuyper se pluriformiteitsleer, sou die skeppingsverskeidenheid normatief maak en help om apartheid teologies te regverdig (de Gruchy 1986:6)

d. Talle teologiese werke is gepubliseer wat apartheid teologies regverdig het. As voorbeeld dien die werk van A.B. du Preez (1959) "Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop van Suid-Afrika", en die werk van Cronje G, Nicol W, Groenewald EP (1947) " Regverdige rasse-apartheid".

e. Die NG Kerk se sendingbeleid van aparte kerke as sendingbeginsel sou ook die apartheidsgedagte kerklik sanksioneer (de Gruchy 1986:8, FE o'B Geldenhuis,1982:27)

f. Die onderskeie Europese nasionalistiese bewegings sou ook op die Afrikaner denke 'n invloed uitoefen. As voorbeelde dien die Franse Revolusie en die gepaardgaande sentiment vir die "volk" as 'n verdrukte verarmde broederskap wat moes saamsnoer om hulle voortbestaan te verseker (Loubser 1987:16) en die sentiment met Duitse volksnasionalisme.

### 2.1.1 Gevolge van apartheid op die denke van die deursnee N.G.kerk lidmaat:

Die apartheidsdenke sou die NG Kerk van binne af vereng, en van 'n Koninkryksvisie beroof. 'n Paar voorbeelde dien as illustrasie:

a. Die Afrikaner word deur die swart gemeenskap geassosieer met eksklusivisme, en weerstand teen menseregte (Mbali 1987:41). Die gemeenskap assosieer Afrikaners met politieke konserwatisme en rassisme. Op grondvlak word Afrikaners dikwels beleef as onversoenbaar en militant.

b. Volkskerk: Jonker (1998:3) noem dat die NG Kerk hom nóú vereenselwig het met die Afrikaner volk se lotgevalle. Dit sou meebring dat die kerk uiteindelik "volkskerk" sou word , wat in die krisis uur ".... nie aan haar aard en haar profetiese roeping getrou kon bly nie." Jonker (1998:3) noem voorts: " Die kerk het saam met die Afrikaner Broederbond opgegaan in die stryd om die herstel van die Afrikaner se eiewaarde. Die teologies-analogiese vereenselwiging van die Afrikanervolk met die volk van Israel het die Afrikaner 'n godsdienstige meerderwaardigheid en Bybelse sanksionering van sy apartwees voorsien"(Jonker 1998:4).

c. Sanksionering van rassesuiwerheid: In die stryd om die herstel van die Afrikaner se menswaardigheid, is "... rassesuiwerheid as deurslaggewende komponent van die Afrikaner se gevoel van eiewaarde (ge-)sanksioneer." (Jonker 1998:4)

d. Die deursnee NG Kerk lidmaat sit gevolglik met 'n gebrekkige, onbybelse antropologie as gevolg van die apartheidsideologie. Ons praat van "ons" en "hulle". Die volkereverskeidenheid is bo die liefdesgebod verhef en meer werklik as die eenheid van gelowiges in Christus. Gevolglik berus die kerk in kerklike verskeurdheid, weier predikante dikwels om teen sosiale onreg te preek, en verkeer baie lidmate onder valse vrede dat alles wel is met die kerk (Dumas in Hofmeyr, Kritzinger, Saayman 1990:145) Daarom sukkel die NG Kerk teen 2000 steeds om die grondvlak kerk voor te berei vir kerk vereniging.

e. Saam hiermee ontwikkel die kerk 'n skema van "... konsentriese sirkels vir die diakonale werk..." (Rossouw 1991(a):35). Dit beteken dat hulp eers aan die "huisgenote" gelewer moet word, en dan aan ander gelowiges binne eie verband, en dan aan die "heidene" aan wie die minste hulp verleen word. Hierdie konsentriese benadering bring vir die wit kerk in 'n see van armoede "bevryding" van 'n groot gewetenslas, waar die mens se nood eenvoudig weg gerasionaliseer

word. "So het 'n nuwe etiese moraal tot stand gekom waarbinne die gelowige in die kerk rustig kan gaan slaap in die aand na 'n diakonievergadering waarin verslag gedoen is dat daar hierdie maand geen allementasiegevalle in die gemeente was nie...Al ons mense is versorg"(Rossouw 1991(a):36).

f. Oosthuizen en Straus (1995:50) praat van die "volksheropbouprogram (VHP)", waar die NG Kerk die volksdiakonaat uitgebou het tot 'n hoogs gespesialiseerde sinodaal beheerde, staatsgesubsidieerde diens deur betaalde amptenare. In die proses is die kerk van die gemeenskap se nood vervreem, maar die diensaksie is ook van die plaaslike kerk vervreem.

g. Triegaardt (in Lombard en du Preez 1997:164) neem die apartheidsbestel kwalik vir die feit dat welsynsdienste in SA nie werklik aandag gegee het aan die uitbou van menswaardigheid, en menslike kapasiteit nie. Welsynshulp is beperk tot "curative" hantering van probleme en was nie ingestel op ontwikkeling en kapasiteitsbou nie.

h. Gerdener (1959:81) noem tereg dat "....die gedurige vrees vir gelykstelling deur die jare baie spontaneïteit uit die sendingaksie verwyder. Hoe goed bedoel ook en hoe nodig selfs, het hierdie woord met al sy implikasies... die gang van die sendingsaak vertraag...."

i. Die kerk en die lidmate was blind vir die onreg wat blanke bevoorregting in die land teenoor ander bevolkingsgroepe veroorsaak het (Mc Connel 1997:113-121). Die droom van 'n aparte land vir elke swart volk, het die kerk blind gemaak vir swart lyding, en die destruktiewe uitwerking van trekarbeid op swart gesinslewe (Jonker 1998:6; Dumas in Hofmeyr, Kritzinger, Saayman 1990:146).

j. Apartheid sou ook neerslag vind in die kerk se beleid van afsonderlike kerke. NJ Smit (1972:viii-xviii) noem die term "afsonderlike kerke" op sigself alreeds 'n *contradictio in terminus* , as daarmee bedoel word die isolasie van 'n kerk wat veronderstel is om as een liggaaam te bestaan. Apartheid het dit wat God wou saamstel met wetgewing uitmekaar gedwing. Die stig van 'n aparte kleurlingkerk vir mense wat dieselfde taal en kultuur as die blankes huldig, dui dat inderdaad ander motiewe dominant was in die besluit as net taal en kultuurverskille.

k. Latere isolasie van ekumeniese liggame, soos die Christen Raad, en die WRK. Die NG Kerk het ook uit selfverdediging hom van alle ekumeniese profetiese aktiwiteit gedistansieer (Villa-Vicencio 1988:24).

l. Die kerk het hul profetiese visie verloor (de Gruchy 1979:107)

m. Die konserwatiefgesinde lidmate in die NG Kerk het 'n politieke verskoning gevind om hul verantwoordelikheid in die wêreld te ontduik. Gevolglik het die kerk se verwerping van apartheid later aanleiding gegee tot die afstigting van die APK, waar baie konserwatiefgesindes 'n nuwe apartheidstuiste gevind het (Villa-Vicencio 1988:24).

n. Verkuyl (1972:11) sien as uitlopers van rassisme wêreldwyd politieke en ekonomiese uitbuiting, selfregverdiging op grond van valse veralgemenings en selfhandhawing. Die NG Kerk sou hierin ook geen uitsondering wees nie.

o. Sendingwetenskap is by die NG Kerk se teologiese inrigtings verskraal tot teologiese byvak, wat nie daarin kon slaag om die ander vakgebiede te begelei na die wêreld daarbuite se nood nie. Sendingwetenskap moes deur die kerk se apartheidsparadigma, vanuit die sendingbeginsel van aparte kerke apartheid sanksioneer. Gevolglik het baie leraars die teologiese opleiding voltooi sonder om 'n hart te ontwikkel vir die nood in die swart gemeenskap (Bosch 1979:245). Sendingwetenskap kon ook nie die missiologiese belang van kerkvereniging binne die SA konteks op die teologiese tafel geplaas kry nie. Missioloë wat wel hierdie visie gehad het, is ten spyte van hulle bekwaamheid uit die teologiese fakulteite geweer.

### 2.1.2 Die invloed van apartheid binne die kerk op die swart kerk

a. Die "dogterkerke" van die NG Kerk sou ook onwillekeurig, deur hulle assosiasie met die "moederkerk", 'n albatros om die nek gehang word: As "impimpi yamaBhunu" (Verraaiers wat agter die Boere aanloop) sou hulle moeilik 'n geloofwaardige posisie in hulle gemeenskap in KZN inneem . Hierdie mening word bevestig in 'n gesprek met die voorsitter van IDAMASA in Ezakheni en die afwesigheid van volwasse mans, en gemeenskapsleiers in die kerk.

b. Die afhanklikheid van die wit kerk se fondse en blanke werkers sou ook die swart kerk versigtiger maak om apartheid te kritiseer ( Villa-Vicencio 1988:28).

c. Hierdie isolasie het die natuurlike, universele rassistiese degradering van vreemde volke tot "non-humans" ( Moltmann 1974:8) by beide wit en swart gesanksioneer. Vir blank en swart is die ander etniese groepe minder mense. So

praat die Zoeloes van blankes as "abelungu" en net van Zoeloes as "abantu" (mense).

d. Swart gevoel van minderwaardigheid. Hierdie gevoel het selfs in sommige gevalle teologiese begronding gekry, waar geglo is aan die minderwaardigheid van die swart rasse as 'n Godgeskapenheid (Loubser 1987:7, Dumas in Hofmeyr, Kritzinger, Saayman, 1990:147, Bruce 1976:259). Hierdie ingesteldheid is steeds teenwoordig by baie lidmate van die VGKSA waar hulle hulleself sien as die afstammelinge van Gam. Baie spreek ook die begeerte uit om eerder na die "Egipte van Apartheid" terug te keer as om in die "woestyn van demokrasie" te sterf. Die stelling adem 'n verlies aan hoop in hulle eie selfverkose politieke leiers. Die agtergrond hiervan is swart minderwaardigheid, en die belewing van swart onbevoegde leierskap.

e. Die wit kerk het, sonder konsultasie, namens die swart kerk besluite geneem rakende delikate etiese kultuur kwessies (Hofmeyr 1974:434). Gevolglik is daar 'n gaping tussen die praktiese swart Christelike lewe en die teologiese geskrewe ideaal.

### 2.1.3 Versoening

Die NG Kerk het na belydenis van hulle aandeel in die sanksionering van apartheid, sekerlik God se vergiffenis ontvang. Dit sal egter ook tot radikale hartsverandering moet lei, wat gereflekteer moet word in vernude optrede, opinies en oortuigings. Uit die vergiffenis sal 'n nuwe paradigma moet groei. Die verlede kan nie meer heimlik gekoester word nie. Die kerk se verantwoordelikheid in die nuwe SA lê nou op die volgende vlakke:

a. Sosiale versoening. Die swart en bruin gemeenskap moet ook die NG Kerk vergewe (du Toit 1998). Dit gaan egter 'n pynlike proses wees waarvoor die NG Kerk baie moed en geloof vorentoe sal nodig hê. Hier sal simboliese aksie 'n sentrale rol speel. Die proses sal veral in die kerke familie moet plaasvind. Alvorens die proses nie deurloop is nie, sal die kerk as medewerker aan God se Koninkryk 'n onnodige swaar las saamdra wat missionêre aksie sal inhibeer. Indien die NG Kerke familie hierdie proses kan deurloop, sal die verleentheid omskep word in 'n missionêre geleentheid.

b. Strukturele kerkvereniging sal 'n simboliese bevestiging wees dat die NG Kerk apartheid finaal die nekslag toegedien het (Appolis 1996:1).

c. NG Kerk betrokkenheid by die swart gemeenskap se nood sal 'n verdere bevestiging wees dat hulle werklik omgee, nie meer blind is vir swart armoede nie, en werklik Christelike etiek ernstig opneem (Myers 1998, du Toit 1997). Hierdie betrokkenheid sal egter 'n skuif van paternalistiese, afhanklikheidskeppende hulpaksies tot die herstel van menswaardigheid moet deurloop (Kgarimetsa & Mc Lachlan 1997:153).

d. Die heropvoeding van blanke lidmate: Teenoor die polifobiese volkskerk paradigma , moet 'n nuwe Koninkryksvisie daargestel word . Die Kerkbode 165(6) :1 beweer: "Rassisme leef nog in kerk". Dandala (tydens die SARK se konferensie oor rassisme op SABC nuus 31/10/00) pas die stelling toe op alle kerke in SA. Die blanke lidmate sal weer 'n oog moet ontwikkel om na mense van ander rasse as mense met hulle eie nood en vreugde te kyk. Saam hiermee moet die NG Kerk lidmate op die pad van versoening begelei (Meiring 1999:112).

e. Die herevangelisasie van die swart gemeenskap. Hulle selfinterpretasie en eie potensiaalwaardering sal weer Bybels gekorrigeer moet word (Saayman 1991). Dit behels Teologiese Regstellende Aksie.

f. Ekumeniese profetiese aksie en deelname in die moralitietsherstel in die nuwe SA.

g. Die kerk moet te midde van onversoenbaarheid 'n teken en voorbeeld van versoening wees. Versoeningsdag kan hierin 'n nuwe betekenis kry.

h. Die kerk het 'n belangrike rol te speel in die versoening in 'n konflikryke provinsie (KZN) ( Nel, Njumbuxa, Pieterse 1994:65-76; Meiring 1999:112).

Die pad na herstel sal egter nie so maklik verloop nie. Mens sit eerstens met die inhibisie van trots van enige persoon wat foute moet erken en weer verhoudinge wil herstel ( Steele in du Toit 1998:69). Verder moet in die konteks van die Afrikaanse kerk genoem word: Vereelting van gewete (die verlede was dan so lekker gewees!), die negatiewe ervaring van die hede (korrupsie, en geweld), versteurde geregtigheidsbewussyn en swart aandrang op restitusie.

**2.1.4 'n Algemene grondvlak Blanke verskynsel**

Natuurlik is die NG Kerk nie in hierdie tekortkoming uniek nie. Die meeste oorwegend blanke kerke in S.A. met Europese herkoms, sou ook aan die meeste van hierdie tekortkominge kon aandag gee. So beweer de Gruchy (1979:97, 70) dat die hooflyn kerke in SA van Britse en Duitse herkoms 'n amptelike profetiese teenstem teen apartheid geuiter het terwyl lidmate op grondvlak rustig die voordele van 'n apartheidsbedeling kon geniet. Hulle kon dit regverdig op grond van hulle "Westerse meerderwaardigheid".

**2.1.5 Nuwe paradigma**

Du Toit (1991:229) bepleit in plaas van apartheid 'n "nuwe oriëntasiepunt" vir die NG Kerke: "Dit beteken 'n radikale herontdekking van die evangelie as die finale oriëntasiepunt van ons denke om allereers die Koninkryk van God te soek". Hierdie oriëntasiepunt / paradigma sal moet aanleiding gee tot 'n nuwe styl en gesindheid (Fil.2:5).

**2.1.6 Post-apartheid rassisme**

Dandala (SABC nuus 31/10/2000) ervaar dat die kerklike lewe in SA nog deursuur is met rassisme. Hy sien die oplossing in 'n doelbewuste, beplande deel van mekaar se geloof, kultuur en hulpbronne.

Slegs in die oopmaak vir mekaar sal hierdie boosheid in die midde van die SA kerk uitgeroei word. Politieke stelsels kan nie mense se harte verander nie. Perkins en Rice (1993:7) vanuit Amerikaanse konteks ervaar dat aanvalle op rassisme deur preke en toesprake die teendeel bewerkstellig: Dit versterk rassisme. Hulle voel dat die probleem eerder blootgelê moet word (admit), en dat gemeenskappe eerder tot wedersydse omgee begelei moet word. Die VGKSA se jeugbeweging se slagspreuk : "Unity in action" lyk na die regte boodskap te wees. Kerke uit onderskeie kultuurgroepe moet op gemeenskaplike vyande, soos armoede, geweld en Vigs konsentreer.

## 2.2 Blanke/ Westerse meerderwaardigheid

### 2.2.1 Britse koloniale meerderwaardigheid

Ridley (1975:271) beskou die blanke neiging om mense van kleur te minag en te onderdruk as 'n universele blanke karaktertrek. Die eerste Britse setlaars wat Zoeloeland binnegeval het, was dus baie bewus van hulle meerderwaardige kennis in terme van tegnologie, wapentuig, medisyne en regstelsel. Sosio-politieke en ekonomiese gelykstelling is streng verbied (S.Marks 1970:3-26). Die assosiasie van die Westerse Christendom met tegnologie, medisyne, gevorderde wapentuig en wetenskaplike vooruitgang sou deure oopsluit vir sendelinge. So sou die Zoeloe konings Shaka, Dingaan, Mpande en Cetshwayo kaMpande , beïndruk deur die blanke tegnologie, die Christen sendelinge verdra in hulle koninkryk (S.Marks 1970:3, Webb C de B & Wright JB 1987:102). Die eerste sendeling in Natal, Gardener, sou grond vir 'n sendingstasie bekom op voorwaarde dat hy die Zoeloe krygers leer om vuurwapens te gebruik (Hofmeyr 1973:20). Grout, van die American Mission Board, bevestig dat die sendelinge se boodskap nie baie welkom was in die vroeë Natal nie:: "... but when our preaching crosses their inclinations and cherished practices, they do not like us" (Hofmeyr 1973:52).

Die Britse sending in Natal het stewig gery op die rug van tegnologie en kolonialisme. Sending was ineengevleg met ontwikkeling. Dit het egter die volgende nadele ingehou:

a. Die kerk was so ineengeweef met die opkomende Europese koloniale tegnokrasie in Afrika, dat hulle blind was vir die negatiewe impak daarvan op die sosiale tekstuur van die swart gemeenskap, soos die effek van "goedkoop" arbeid in Afrika op die gemeenskap se moraal.

b. Afrika se eie kultuur en tradisie is summier by die deur uitgegooi as minderwaardig. Sendingwerk in SA is 'n sterk paternalistiese, arrogante kleur gegee waarmee die Afrika eiegoed en erfgoed met minagting hanteer was (Kritzinger J.J. 1988(a):107).

c. Namate die mense van Afrika self die ekonomie en tegnologie in Suider Afrika begin bemeester het, het die kerk spoedig oorbodig geraak.

## 2.2.2 Europese meerderwaardigheid nie altyd pro- ontwikkeling nie

Teenoor hierdie Britse meerderwaardigheid (Pityana 1992:3-15) wat Afrika ten alle koste wou verWesters sou die NG Kerk in KZN 'n heel ander benadering hê. Gerdener (1959 :77) dui aan dat die Afrikaner Christendom duidelik in die beginjare die uitsondering op die sendingveld was. Hulle was bewus van die noodsaaklikheid om die evangelie met ander volke in die subkontinent te deel, maar hulle het dit nie nodig geag om die ontwikkeling van die swart volke van Afrika ernstig op te neem nie. Terwyl die ander kerke in Natal skole gebou het, het die NG Kerk duidelik agtergebly, en sou ook die naam kry as 'n kerk wat nie die blanke tegnologie wou deel met die swart volke nie. Dit het volgens Gerdener (1959 :77) uitgeloop op 'n definisie van sending as "...(verkondiging), maar dan sonder die hulpmiddels van die onderwys of enige noemenswaardige verstandelike ontwikkeling.....". As rede noem hy dan die afkeur aan 'n halfgeleerde heidendom. Die NG Kerk wou die swart volke se siele red, maar nie hulle as mense ontwikkel nie. Die benadering was nie uniek aan die Afrikaners nie, maar is ook deur baie Britse kolonialiste gedeel ( S Marks 1970:56).

Die nadele van hierdie benadering sou wees:

a. Die boodskap is oorgedra: Die "heidene" is onopvoedbaar. Dit is nie die moeite werd om die meerdere Westerse kultuur met hulle te deel nie.

b. Die heidene is ook as houthakkers en waterdraers ongeskoold gelaat, met die doel om die "meerdere" blankes te bedien.

c. Evangelisasie het dikwels ten doel gehad om die mense van ander volke meer onderdanig aan hul blanke base te maak.

d. Mense van kleur is paternalisties alles voorgeskryf, en alles is vir hulle gedoen. Dit het hulle afhanklik gemaak van wit hulp, en die meerderwaardige verhouding verder in stand gehou.

> *Tydens 'n Paasfeessaamtrek van die VGKSA het 'n ouderling my, terwyl ons oor afhanklikheid gepraat het, die volgende vertel. Een van die boere in die distrik, bekend daarvoor dat hy die sending steun, het die Evangelis gereeld genooi het om sy arbeiders op die plaas te bedien. By een geleentheid sou die Evangelis oor offervaardigheid preek, en die gemeente aanmoedig om hulle tiendes te betaal. Dit het tot*

*woordewisseling met die boer gelei, voor die arbeiders. Die boer se gevoel was dat hy self maandeliks namens die arbeiders die swart Evangelis se salaris betaal en dat die Evangelis nie die reg het om ook geld van hulle te eis nie. Hy skenk ook jaarliks 'n bees vir die Paassaamtrek. Die Evangelis het dit gewaag om sy argument te staaf met teksaanhalings. Die uiteinde was dat die Evangelis met die vuis geslaan is. Dit is die ongeskrewe storie in die swart kerk. In die wit kerk word die boer, lank reeds oorlede, onthou vir sy offervaardigheid en samewerking op die plaaslike Sending kommissie. Sy bydrae was baie welkom, maar die effek vernietigend.*

### 2.2.3 Invloed van Westerse meerderwaardigheid op swart denke binne die NG Kerkefamilie

Westerse meerderwaardigheid sou op die volgende wyse neerslag vind in die swart kerk:

a. Diepliggende minderwaardigheidsgevoel en negatiewe selfinterpretasie. Mannoni ( Nürnberger 1996:152) sien die swart reaksie op Westerse meerderwaardigheid telkens waar die Westerling beskou word as meer gegoed, meer intelligent en meerderwaardig. Minderwaardigheid lei tot 'n gebrek aan selfvertroue wat kristalliseer in haat van die Westerling, of tot selfafbrekende aanbidding en bewondering.

b. Afhanklikheid. Afhanklikheid inhibeer onafhanklike kreatiewe denke, geloof en hoop (Perkins 1996:1-10). Afhanklikheid kan oorerflik wees.

c. Verwonding, en aggressie: Afhanklikheid lei dikwels tot swart aggressie.

d. Fatalisme .

### 2.3 . Westerse rasionalisme en modernisme

Westerse modernisme en verabsolutering van die rede is 'n hindernis in die luister na 'n Afrika interpretasie van die werklikheid. Hierdie vermoë om te luister is kommunikatief imperatief, veral waar die Evangelie oorgedra wil word. Omdat die blanke nie die Afrika denkwêreld verstaan nie, word baie werklikhede en bestaansbedreigings in die swart wêreld afgemaak as bygeloof.

Ook die VGKSA het die NG Kerk nagevolg deur as kerk op die kantlyn van die Afrika konteks te gaan sit. Die swart gemeentes wat uit die NG Kerke se sending voortspruit, kontekstualiseer baie moeilik. Baie bekeerlinge en jongmense verlaat die kerk. Redes wat aangevoer word is die kerk se sterk Europese karakter. Daar is geen kritiese selfrefleksie nie. Die swart leraars toon 'n verknogtheid aan die oorgeërfde Westerse liturgieë, kerkorde en akademiese ampsdrag, en is traag om die kerk te begelei na inheemswording. Hierteenoor is swart kerkleiers in ander Europees gebore kerke besig om vinnig op hierdie nuwe pad te beweeg.

## 2.4 Blanke bevoorregting

### 2.4.1 Blanke reaksie op blanke bevoorregting

Die apartheidsboot het 1994 finaal op die strand uitgespoel. Die blanke gemeenskap moes skielik besef SA is nie, soos hulle gedink het, 'n eerste wêreldse land nie, maar onteenseglik 'n derde wêreldse land (Rossouw 1996:76) Hulle aangeleerde blanke aanspraak op voorkeur behandeling sal nie oornag afgeleer kan word nie. Intussen moet die hele gemeenskap in SA hiermee saamleef. Ook die Afrikaners sukkel om die nuwe klem op swart nood te verstaan. Die geskiedenis van blanke bevoorregting het die Afrikaner onsensitief gemaak vir die bestaansnood in arm swart gemeenskappe. Daar is gevolglik min empatie met stellings soos: "God is aan die kant van die arme". Mens ervaar dikwels op ringsittings 'n totale onbegrip by blanke leraars in ekonomies sterk gemeentes vir die onvermoë van arm swart gemeentes om finansieel te oorleef met die onbekostigbare Westerse kerkstelsels.

### 2.4.2 Swart reaksie op blanke bevoorregting

Soveel te meer sukkel die swart kerk reeds van die begin af om 'n duur struktuur in 'n arm gemeenskap in stand te hou. Buig of bars, die swart kerk moet so na as moontlik aan die wit kerk kom, al is dit in 'n arm gemeenskap onmoontlik. Die stel van blanke bevoorregte standaarde sal nou nog in die swart wêreld 'n onregverdige las op arm gesinne plaas met duur, uitspattige huweliksbevestigings en begrafnisse. Tot op hede kon die NG Kerk die swart kerk redelik subsidieer om die duur struktuur kunsmatig aan die gang te hou. Die

"eweredige verspreiding van armoede" sal die NG Kerkefamilie nou dwing om na alternatiewe stelsels te kyk, wat byvoorbeeld in die AOK goed werk, omdat hulle nooit "die soustrein" kon of sal kan ry nie.

Die sanksionering van blanke bevoorregting in die verlede, is die een enkele saak wat die pad na die swart kerk se hart moeilik begaanbaar maak. Die gevoel is dikwels soos na die Rustenburg belydenis van Jonker: "Julle gaan nie so maklik daarmee wegkom nie!" Vergiffenis vanuit die swart konteks gaan nie oornag plaasvind nie. Blanke ekslusiewe bevoorregting het baie diep seergemaak. Presies hier sal die swart gemeenskap om vergoeding / restitusie vra.

**2.4.3 Blanke bevoorregting loop parallel met swart verdrukking**

> *'n Afgetrede skoolinspekteur in Ladysmith, en gerespekteerde prediker in die voormalige NGKA beskuldig ook die NG kerk daarvan dat die blanke lidmate hulle verryk deur die goedkoop arbeid van swart mense uit te buit. Die lidmate sou hulle dan eers self "versadig eet" aan die baie geld, en die oorskiet aan die kerk gee. In die NG kerk sal "die wit dominee hom dan ook eers versadig eet en die krummels dan oorvee na die swart dominee om te eet." Dan sal hulle almal kwaad word vir die swart lidmate omdat hulle nie ook genoeg kan gee dat hulle dominee hom ook "kan versadig eet nie".*

**2.5 Konflik oor hulpbronne**

Die konflik wit/swart in S.A. word versterk deur 'n geskiedenis van konflik oor grond, vrugbare landbougebiede, veediefstal, moord op blankes, botsings, strafekspidisies en verbittering (Gerdener 1959:57). Hierdie insidente het "...alle gevoel van medelye en barmhartigheid laat inkrimp en selfs verdwyn." (Gerdener 1959:57).

Die blanke intog in Natal was van die begin af gekenmerk deur geweld en konflik. Talle vroue en kinders aan Voortrekkerkant is onder andere by Weenen en Bloukrans vermoor. Huidiglik ly die blanke boere swaar verliese weens

veediefstal en is plaasopstalle sagte teikens van talle gewapende aanvalle, soms sonder die motief om te steel.

Die konflik oor grond word dikwels onderskat in die opteken van hierdie geskiedenis. Drie magte was aanvanklik aan die veg om die beheer oor hierdie vrugbare landstreek: Die Zoeloe mag wat hul eie ryk moes vestig en die los stamme konsolideer, maar terselfdertyd ook hul grond, tradisies en waardes beskerm teen die Westerse kultuur; die Britse koloniale mag wat militêr die sterkste was en ook die ander twee magte teen mekaar afgespeel het en geweldig meerderwaardig was oor hul eie kultuurgoedere; en die Voortrekkers, wat 'n nuwe tuiste gesoek het, en juis wou wegbeweeg van Britse beheer en die Xhosa stamme aan die Oos-grens. Sentraal in elkeen se motief tot deelname aan die konflik was die beheer oor die land.

Juis hierdie konflik het uitgeloop op talle oorloë in KZN. (S. Marks 1970:119) Vandag is die konflik oor grond steeds onderliggend in talle stamgevegte . Moorde op blanke plaasboere in die distrik word oppervlakkig aan kriminaliteit toegeskryf, maar onderliggend lê altyd die konflik oor vrugbare landbougrond.. Hierdie konflik verhoog onverdraagsaamheid en rasse polarisasie. Dit is ook die grootste faktor in die inhibering van die NG kerk om by swart nood betrokke te raak, of om in gesprek te tree ten einde die hermeneutiese kontak tussen teks en konteks te bemoontlik. Die konflik word gekenmerk deur wantroue, vrees, selfhandhawing, weerwraak en verbittering. Hierdie gevoel is wedersyds.

**2.6 Geloftedag / Versoeningsdag**

Op 6 Februarie 1838 is Piet Retief deur Dingaan by Umgungundlovu tereg gestel, ten aanskoue van Owen. Op 9 Desember 1838 is die eerste godsdiensoefening van die Voortrekkers in Natal aangeteken met die aflê van die Gelofte buite Ladysmith.

Hierdie gebeurtenis is die mees tasbare simbool van Afrikaners se selfinterpretasie as analoog van die verbondsvolk Israel in die Ou Testament. Ek is oortuig dat hierdie interpretasie lewendig is in baie harte van lidmate in die NG Kerk.

Die Geloftedag-simboliek word tans tot 'n krisis gedryf deur die volgende:

a. Apatiese houding in NG Kerk geledere oor die getuieniskarakter van die kerk wat skade ly in die oorname van sodanige feeste deur politiek regse elemente.

b. Swart begeerte om van 16 Desember 'n simboliese versoeningsgeleentheid te maak, waar veral Bloedrivier / Ncome prominent funksioneer.

c. NG Kerk apatie , waarmee lidmate verkies om in die gemaksone van plaaslike gemeentes "net die Bybel te hoor" sonder die blootstelling aan politieke druk tot versoening met die Zoeloe gemeenskap.

d. Die blanke gebrek aan begrip vir die Zoeloe denkwêreld se waardering vir simbole en rituele, wat juis by Bloedrivier 'n geweldige getuienis geleentheid kan wees.

e. Die debat rondom Bloedrivier plaas opnuut weer die Afrikaner se spanningsposisie tussen die Sendingopdrag en die rasse meerderwaardigheid op die tafel en daag die Afrikaanse kerk uit om, ter wille van effektiewe sendingwerk onder die Zoeloes, hul rassevooroordeel te heroorweeg.

## 2.7 Westerse materialisme

Die meeste swart teoloë is oortuig dat die winsmotief die enkel mees destruktiewe element van die Westerse industriële proses is, aangesien dit die gevoel vir die mens as werker verdoof, ter wille van 'n hoër winsmarge. Hough (1968:191) bevind dat Protestantse middelklas Christene in die VSA oor die algemeen 'n a-politieke front voorhou, waarmee hulle inderwaarheid in stilswye hul eie bevoorregte materialistiese status quo regverdig en verdedig. Burger (1997(a):14) bevestig ook hierdie geneigdheid onder blankes in SA.

## 2.8 Westerse individualisme

Westerse individualisme kontrasteer sterk met die Afrika gemeenskapsgevoel, waar die massa se welsyn groter prioriteit geniet as die van die individu (Villa-Vicencio 1992:164)

## 2.9 Gevolge van die polarisasie

Die volgende blyk gevolge van bogenoemde polarisasie van die NG Kerkefamilie te wees:

a. Keuse vir wêreldsending:

Dikwels verkies blanke gemeentes om by wêreldsending betrokke te raak, terwyl die swart suster gemeente in dieselfde dorp in ellende alleen gelaat word, en die eksistensiële nood "oorkant die spoor" selde op die kerk se agenda verskyn. Waar die wêreldsending parallel met plaaslike betrokkenheid loop is die verhoudinge egter meer normaal, en missionêr aanvaarbaar.

b. Opbou ten koste van uitbou

Kerklike blaaie van die NG Kerk getuig van 'n sterk fokus op Gemeentebou programme. "Opbouaksies, skolingskursussse, leierskapseminare, gawegroepe, omgeegroepe, ontdek-jou-gawes en talle ander konsepte het soos paddastoele verrys" (Rossouw 1991:34). ' n Swart Teoloog soos Mofokeng (1990(a):4,5) maak hierdie beweging binne blanke kerke af as 'n verdere afsydigheid en isolasie van die gemeenskap daar buite se nood: 'n Na binne gerigte groei. Vrae word gevra soos: "Gee die blanke Christene werklik om vir die nood om hulle?"

c. Apatie jeens nood in breëre gemeenskapsverband

Die deursnee lidmaat wat nie die land verlaat het nie, het innerlik immigreer agter sekuriteitehekke en veiligheidsmure en het hulleself van die wêreld se nood afgesny.

d. Ekumeniese isolasie

Die NG Kerk keer hom al meer weg van grondvlak Ekumeniese debat, as sou dit die "gevaar" van oorbeklemtoning van die horisontale inhou. Dit rym egter nie met die kerk se heelhartige deelname aan die opheffing van die Afrikaner in die dertiger jare nie. Toe was opheffingswerk nie te horisontaal nie.

e. Kerklike materialisme en luukse materiële selfbesteding

Binne die konteks van armoede, werkloosheid en ellende word duur blanke kerkgeboue opgerig, wat in die res van die kerkefamilie gelees word as 'n gebrek aan medemenslikheid en onsensitiwiteit jeens die swart nood (Rossouw 1991(a):34).

f. Hervormingsuitsprake word net op vlak van die Algemene sinode gemaak, terwyl die grondvlak kerk al hoe verder agtergelaat word in die groei verby Apartheidsdenke.

Sonder hierdie selfverstaan sal die NG Kerke familie nooit 'n nuwe missionêre paradigma ontwikkel nie. Die reformasie van die kerk se paradigma sal nie kan plaasvind nie. Teks en konteks sal gedurig met oogklappe in diens van selfregverdiging geplaas word. Hierdie paradigmaskuif het egter 'n moeisame pad in die NG Kerke familie deurloop.

## Hoofstuk Drie: Ontwikkeling van 'n omgee paradigma binne die NG Kerke familie

### 1. Geloofsverklarings teen apartheid

Die NG Kerke familie as Gereformeerde kerke se geloofsbelydenis is oorgeërf uit 'n konteks vreemd aan diè waarbinne die kerke tans bestaan. Vanuit die huidige konteks kan die bestaande belydenisskrifte wel oorgelees word en kan dit weer nuut geïnterpreteerd word aan die hand van die eise van die konteks. Etlike tradisionele Gereformeerde waarhede kan weer nuwe sin en betekenis kry in die huidige konteks. Nogtans was dit vir talle kerke in SA nodig om , soos met die Duitse kerke die geval was, met die Barmen deklarasie, nuwe uitsprake, deklarasies en geloofsuitsprake te maak, wat die nuwe paradigma jeens Afrika armoede duideliker formuleer (de Gruchy in Jonker 1994:163). Dit het aanleiding gegee tot 'n groot aantal deklarasies op eie bodem waarvan die belangrikste kursories genoem word:

#### 1.1 Cottesloe deklarasie

Teen die einde van 1960 (die era van die Sharpville opstande) word die kerkeberaad van agt lidkerke van die Wêreld Raad van Kerke in Cottesloe gehou. Die NG Kerk was ook lid van die vergadering. Aan die einde van die vergadering word 'n verklaring uitgereik, gebaseer op die Kaapse NG Kerk se voorstel. Die verklaring sou op versigtige wyse die etiek agter Apartheidspolitiek bevraagteken. Die latere verwerping van die verklaring deur die meerderheid Afrikaanse kerke, het die NG Kerk se teoloë en lidmate , asook die wit en swart kerke in twee kampe verdeel: die wat apartheid ondersteun en die wat dit teenstaan. Sedert hierdie vergadering sou meer versetstemme teen Apartheid vanuit die NG Kerk gehoor word.

#### 1.2 The Message of the People of South Africa (1968)

Vanuit die Christelike Instituut sou Beyers Naude deur die WRK 'n leidende rol speel in die totstandkoming van "The Message of the People of South Africa". Hy poog om soos met Barmen 'n profetiese woord te spreek. Die Geneve konferensie oor "Church and society " (1966) se sterk betoog vir 'n politiek-profetiese rol van die kerk in die wêreld, wat in Bevrydings teologie neerslag vind, is sterk gepropageer. Dit het die Message baie meer op die politieke situasie

toegespits. Apartheid word as ideologie wat teenoor die evangelie staan (kettery), uitgebeeld . Die "Message" sou in later jare aanleiding gee tot baie ander belydenisse waaronder dan die Belydenis van Belhar.

**1.3 Die Kairos dokument (1985/86)**

Die geskrif is uitgegee deur die "Institute for Contextual Theology" (Braamfontein), en word deur Jonker (1994:170) beskou as die belangrikste vrug van swart kontekstuele teoloë in SA. Die dokument toon die swart teoloë se wantroue in die gevestigde kerke se teologie om daadwerklik profeties op te tree en verklaar dat 'n oomblik van waarheid (Kairos) aangebreek het, want die kerke is verdeeld en sal moet rekenskap lewer. Die Afrikaner kerke (waaronder die NG Kerk) word beskuldig van 'n "staatsgodsdiens". Die Engelse kerke word van 'n "Kerk Teologie" beskuldig.

Jonker (1994:172) beweer dat mens nie die politieke gerigtheid van die dokument mag veroordeel nie, want dit is 'n sterk gereformeerde standpunt dat alle lewensverbande deur die Woord aangespreek moet word. Ook die politiek. Trouens die Kairos dokument se waagmoed om wel sosiale onreg aan te spreek, is 'n voorbeeld van profetiese kerkwees vir alle kerke.

Die Kairos dokument het aanleiding gegee dat ook die evangeliese en Charismatiese kerke in die land die moed gekry het om hul profetiese stem te laat hoor. So ontstaan "The Evangelical Witness in S.A." en "The Relevant Pentecostal Witness".

**1.4 Belydenis van Belhar (1986)**

**1.4.1 Ontstaansgeskiedenis**

Die voormalige kleurlingkerk (NGSK) het reeds op die 1978 sinode sterk uitsprake teen Apartheid gelewer. Die besluit het ook saamgeval met die verklaring van swart, bruin en Indiër leraars van die NG Kerke familie (Broederkring) (1979), en die ABRECSA verklaring (1981). Laasgenoemde verklaring bely die volgende: Oppergesag van die Bybel; . Heerskappy van Christus; Die verantwoordelikheid van Christene tot 'n regverdige samelewing; Dat die burgerlike owerheid net gehoorsaam sal word in soverre as wat dit die

Woord van God navolg; Noodsaaklikheid van sigbare kerkeenheid ook oor rassegrense heen.(Vischer in Jonker 1996:166)

Hierdie besluite sou 'n groot invloed hê op die Wêreldbond van Gereformeerde kerke vergadering te Ottawa (1982) (Cloete/Smit 1984:15). Die Wêreldbond van Gereformeerde kerke het gevolglik 'n *status confessionis* uitgevaardig waarvolgens die situasie in Suid-Afrika in so 'n ernstige lig veroordeel is dat enigiemand wat van die veroordeling sou verskil die Gereformeerde Belydenis self in die weegskaal sou plaas. Apartheid is tot sonde verklaar en die Teologiese verdediging daarvan (deur die Afrikaanse kerke waaronder die NG Kerke) as 'n kettery. (Cloete/Smit 1984:15). Apartheid is afgemaak as saak wat die Evangelie in die kern aanval.

Die 1982 Sinode van die NGSK sou in die lig van die sterk optrede by Ottawa 'n konsepbelydenis saamstel wat na gemeentes en kerkrade verwys is en in 1986 as belydenisskrif aanvaar is.

**1.4.2 Inhoud van die Belydenis van Belhar**

Die belydenis bestaan uit 5 artikels wat almal handel oor die rol van die kerk in die wêreld:

a. Geloof in die drie-enige God wat sy kerk versamel (Missionêr), beskerm tot aan die einde toe.

b. Sigbare kerkeenheid alleen gebaseer op geloof in Christus en niks anders (soos ras ) nie

c. Die kerk moet as versoende gemeenskap in vrede leef. Gedwonge skeiding vervreem mense van mekaar en lei tot haat. Enige leer wat hierdie skeiding Bybels wil regverdig word as ideologie verwerp.

d. God, vanuit sy geregtigheid, staan aan die kant van die armes in elke situasie. Hy roep die kerk op om ook so te maak en die mense in nood by te staan en om die saak van die verontregtes op te neem. Enige leer wat verontregting verdedig, word as ideologie verwerp.

e. Die slot verwys waarskynlik na NGB art 28 wat lui dat mense hierin Christus moet gehoorsaam al sou die owerhede daarteen wees en dit met straf gepaardgaan.

### 1.4.3 Implikasies van Belhar

a. Die vorige politieke situasie in Suid-Afrika word vanuit die kerk se getuienistaak in die wêreld veroordeel: Dit skei en verdeel kerke en inhibeer hulle getuieniskarakter.

b. Die roeping van die kerk om versoening te bewerkstellig word ook sterk onderstreep.

c. Die saak van God se omgee vir die mens in nood is duidelik verwoord. Dit sou ook weerklank vind in KS (art. 144).

d. Alhoewel die Omgee van God vir die arme op twyfelagtige manier deur die bevrydings teologie en Marxisme (as ook 'n vorm van Christelike kettery) op 'n syspoor gestuur is, hoort dit nie met die Belydenis van Belhar te gebeur nie, aangesien dit 'n sterk Gereformeerde basis het met suiwer eksegese van aangehaalde teksgedeeltes. Belhar wil duidelik stel dat God vir die arm mens 'n rots wil wees om by te skuil (Ps.46). Hierdie element is dikwels vanweë die kerk se pïetistiese erfenis verwaarloos.

e. Die evangelie word in die Belydenis van Belhar holisties op die hele mens se hele nood toegepas.

f. Die hele kerk, en nie die leraars en betaalde amptenare nie, is betrokke by die proses.

g. Die hele wêreld is in die gesigsveld, nie net een volk of rassegroep nie. Armoede diskrimineer nie.

h. ' n Opmerking moet gemaak word rakende die gesindheidsproblematiek in die kerkefamilie rakende Belhar. Die spanning en die dekking in die openbare pers weerspieël weer die wesensaak van die belydenis dat geskeidenheid verhoudinge skaad. Kan daar eenstemmigheid wees alvorens die kerkefamilie mekaar as broers leer ken het nie?

## 2. Die NG Kerk ontwikkel 'n paradigmaskuif

Aanvanklik het enkele individuele skrywers binne die NG Kerk die moed gehad om apartheid te kritiseer. Aanvanklik sou afsonderlike ontwikkeling steeds geregverdig word ("Ras Volk en Nasie" 1975; " Veelvormigheid en eenheid" 1978), later sou rassisme en onreg in die apartheidstelsel meer gekritiseer word ( "Die Hervormingsdag getuienis" (1980) , " Stormkompas" (1981) , "Die ope

brief aan die NG Kerk (Die Kerkbode 1982 ). Hierop sou baie reaksie wees. Die breë kerk was nie gereed om apartheid af te breek nie ( *Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid.* 1997:31)

In 1982 sou die WBGK en later ook die NGSK 'n status confessionis daarstel, waarin apartheid gekritiseer word. Die NG Kerke se lidmaatskap van die WBGK is ook in die jaar opgeskort. Die breë Moderatuur sou twee jaar later reageer op die NGSK se aantygings en verwerp rassisme, maar onderskei dit van volksliefde. Alle menseverhoudinge moet volgens die beginsel van naasteliefde bedryf word. Afsonderlike ontwikkeling sou volgens die Moderatuur die toets slaag. Dit is nie liefdeloos teenoor die swart bevolkingsgroepe nie! Hulle meen voorts dat daar wel soms negatiewe verhoudinge bestaan, maar daar is ook positiewe verwikkelinge. Die moderatuur het ook die NGSK se aantyging verwerp dat die NG Kerk apartheid in die kerk ingebring het, dit was 'n sendingkundige oorweging. Ook die aanklag dat die kerk sondige verskeidenheid verabsoluteer, is verwerp. Die hele gesprek wat volg, bestaan uit die NG Kerk se selfverdediging en weerlegging van die NGSK se aanklagte. Nêrens is die magtige wit kerk bereid om te sit en te luister nie. Nêrens is daar sprake van omgee vir totale anargie en nood in die land nie. Voorop in die NG Kerk se aanbieding is die beskerming van die eie (*Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid* 1997:37).

**<u>2.1 Ekumeniese druk</u>**

In 1984 sou die GER (Chicago) die NG Kerk se steun aan apartheid kritiseer. Die GER aanvaar met 40 stemme teen 19 dat apartheid sonde is, en die teologiese verdediging daarvan 'n kettery. Teen 1986 sou ekumeniese kerke landwyd vra om sanksies teen die SA regering. Landwye vredevolle opmarse word gereël. In 1988 sou die GER (Harare) weer NG Kerk steun aan apartheid kritiseer en 'n opvolg vergadering te Vereeniging aanvra, wat op 6-10 Maart 1989 realiseer.

In DRCA Action (Jul.2/1989 : 2) word verslag gedoen oor die Vereniginberaad van die GER:

*" In the beginning of the meeting , as so much in the past, the reference point was the white DRC: Co-operation with them, their concerns, bending over backwards to accommodate them, etc. As it became clear that the DRC is not committed to the unequivocal liberation of society and the church despite their qualified "confession of guilt" in apartheid, the meeting went ahead without the support of the DRC members and took* ***major watershed decisions...*** *"*

Die NGKA het die Vereniging beraad gesien as die NGKA en NGSK se eerste onafhanklike stap om teenoor die NG Kerk standpunt in te neem in die veroordeling en aanslag teen apartheid. Die swart kerke was egter ontsteld oor die feit dat die NG Kerk nie bereid was om onvoorwaardelik apartheid , en die steun daarvan as sonde te bely nie. Die NG Kerk was ook nie tydens die beraad bereid om hom te verbind tot die stryd teen apartheid as onderdrukkende stelsel nie. Ook die afgevaardigdes van die NG Kerk se belydenis is verwerp:

*".....there can be no true repentance without a full commitment and fundamental change."*

Dit is duidelik dat die swart kerk nie vertroue gehad het in die wit kerk se sondebelydenis nie.

## 2.2 Konflik wit/swart binne die NG Kerke familie oor die aftakeling van apartheid

### 2.2.1 Verskillende sienings oor herstel

Rudolph Meyer (DRCA Action 1989: The Saga of Vereeniging: 3) sou die verskil tussen wit en swart siening rondom verandering as volg opsom. Die blanke NG Kerk wou die pad van hervorming en strukturele verandering loop, terwyl die swart gemeenskap bevryding en revolusionêre verandering gesoek het. Teen die einde van die 1980's sou wit en swart uiteindelik saamstem dat verandering moes intree. Hulle het nou verskil oor hoe dit moet gebeur: Hervorming of bevryding? Buti en Meyer (DRCA Action: The saga of Vereeniging 1989:4) som dit so op:

*" White theology proclaimed acceptance of the legality of an apartheid government and reforms within this system. They see their prophetic task as witnessing against the wrongs within this system. The evil system as such is never really questioned or challanged in Christ's name. This, however, was never accepted by the black churches."*

Wat die swart kerk duidelik gestel het was dat beide swart en wit in SA bevryding nodig gehad het. Blanke paternalisme en swart oorheersing het beide 'n duur prys gekos.

**2.2.2 Ook in die definiëring van kerkeenheid sou die kerke radikaal verskil**

Teen die einde van die 1980's het wit en swart in die N.G.Kerk familie ten minste saamgestem dat die kerke moet verenig. By die Vereenigingberaad , is ook die definisie van kerkeenheid verskillend geformuleer. Vir die wit kerk het dit gegaan om 'n struktuur van sigbare eenheid. Vir die swart kerk om baie meer: Versoening, stryd teen hiërargie, elitisme, magkonsentrasie, bemagtiging van arm lidmate; die afbreek van grense tussen ryk en arm, werker en werkgewer, bestuurders en onderdane: "Unity means to take the other one seriously, to listen.....to have patience with the other's infirmaties." Die vraag is nie vereniging van bo of van onder nie, maar eerder vereniging van die boonste en die onderste deel van die kerk. (DRCA Action: The saga of Vereeniging 1989:4)

**2.2.3 Verskil in definiëring van verset teen onderdrukking**

Ook in die definiëring van die rol van die kerk in 'n versetveldtog het wit en swart binne die NG Kerkefamilie radikaal verskil. Die swart kerk het verset Bybels geregverdig, en die wit kerk daarvan beskuldig dat hulle die status quo verdedig as hulle nie versetoptrede voorstaan nie. Die swart kerk het die wit kerk uitgedaag om nie-geweldadige verset voor te staan. Ook hiertoe het die wit kerk nie aangetrokke gevoel nie, en het daardeur die indruk geskep dat hulle eintlik heel tevrede is met die status van apartheid. (DRCA Action: The saga of Vereeniging 1989:12)

Die swart kerk het teen die einde van die 1980's nie-gewelddadige verset op die volgende voorwaardes ondersteun:

a. Alle vorme van burgerlike ongehoorsaamheid moet nie-gewelddadig wees.

b. Selfs al was die wette van die tyd onregverdig, sou die verbreking daarvan op straf uitloop.

c. Die deelname is 'n persoonlike saak, en mag nie afgedwing word nie.

d. Burgerlike ongehoorsaamheid berus op die aanname dat wat die staat vereis, onbybels is.

e. Burgerlike verset realiseer eers na herhaaldelike onderhandelinge met die regering.

**2.2.4 Die swart kerk plaas ook druk op die NG Kerk**

Die NGKA gee sy eie kerkkoerant , die "DRCA Action" uit, en word hewig gekritiseer vanuit blanke kant in die kerk. Sommige blanke sendelinge probeer om die ou "Ligstraal" koerantjie teen die moderatuur (swart) se besluit instand te hou. Hierop reageer ds Buti in DRCA Action July (1989:1):

> *"What a terrible state of affairs has been reached in the church of Christ if authority and decisions exercised by Blacks are rejected in this manner by Whites."*

Die swart moderatuur het hierdie nuusblad gesien as die eerste ware swart outentieke stem in die NG Kerk familie. Die swart kerk was hiermee besig om homself los te maak van wit "baasskap":

> *"Blacks do not define themselves anymore in terms of Whites, but in their own terms and in terms of the Gospel.....While they (missionaries) pretend to be supportive of us, they become our worst opponents as they wish to control us from the inside. We will not tolerate them acting in their own white interest and not in the interest of the Church of Christ."*

**2.2.5 Reaksie van die RCA (Laudium deklarasie 1990)**

Ook die RCA sou hom uitspreek teen ideologiese verblinding deur enige vorm van politiek in die kerk.

## 2.3 Kerk en Samelewing (KS)

Oktober 1986 verskyn die NG Kerk se reaksie op bogenoemde aantygings in die dokument "Kerk en Samelewing". Die dokument is 'n versigtige poging tot getuienislewering binne die konteks. Dit is tydens die Algemene Sinode van Kaapstad (Oktober 1986) goedgekeur, en toon "ooreenstemminge sowel as verskille ten opsigte van vroeëre standpunte van die kerk." (Heyns ter inleiding van Kerk en Samelewing). Hy stel dit ook dat die antwoorde nie finaal is nie, maar dat die gees van die waarheid met die gelowige kinders op weg is na dieper en heerliker insigte.

Vir hierdie studie is die volgende sake in KS aangeraak van belang:

a. Die NG Kerk het (ten spyte van verset , soos met die geskrif "Geloof en Protes" (1987)) daarin geslaag om sy standpunt te formuleer rakende die ander volke, en die kerk se rol in die geskiedenis en nood van die samelewing.

b. Par.14.1 en 14.2 verwys na die verhouding met ander volke. Hier is die volgende van belang:

> *14.1.1 "Heel eerste moet gestel word dat die Ned.Geref.Kerk 'n deel vorm van God se unieke , heilige en uitverkore eiendomsvolk te midde van die nasies, en dat die lidmate van die Ned. Geref. gemeentes dus ook 'n deel uitmaak van die "gemeente" wat God deur sy Woord en Gees tot die ewige lewe uitverkies het (HK 45)."*

Hierdie stelling spreek die begeerte uit om met die "volkskerk" gedagte te breek, en met ander kerke saam te werk.

> *14.1.2 "Dit hou in dat hierdie een "volk van God" 'n hoër binding en eenheid vorm as enige aardse groepering en verskeidenheid, en dat die belange van hierdie kerk van Jesus Christus ook vir ons lidmate die hoogste en eerste prioriteit is."*

Hierdie stelling is prinsipiële regstelling van die aanklagte van die Kairos dokument teen die kerk. Juis hierdie boodskap beteken niks as dit in 'n boekie op die leraars se boekrak stof vergader nie. Op grondvlak sal juis dit gesê en bewys moet word.

c. Par. 14.4 verwys na die taak van die Ned. Geref. Kerk in Suidelike Afrika. Hier is die volgende van belang:

14.4.1 die Ned.Geref.Kerk en sending.

279 *"Sending behoort tot die wese van die kerk van Christus en van Christenwees in die wêreld. Dit gee uitdrukking aan die eenheid met Christus wat as gestuurde van die Vader deur die Heilige Gees die kerk en gelowiges tot medewerkers in die koninkryk van God maak".*

282 *"Sending word in Woord - en in daadverkondiging uitgevoer. Dit wil sê ons verkondig die liefde van God, die heil van die wêreld en die barmhartigheid van Jesus Christus deur ons woorde en ons dade. Ons woorde en ons dade moet saam getuig van die verlossing wat Christus na hierdie wêreld toe gebring het."*

283 *"Dit kom tot openbaring in die suiwer prediking van die evangelie, maar ook in die dienste wat die kerk in sy sending lewer in die vorm van onderwys, gesondheid-, en sosiaal-ekonomiese bystand. Die gesindheid en onderlinge verhoudings wat tussen mense geld, moet ook deur ons Christenwees as getuies bepaal word."*

Die konsentrasie op barmhartigheidsdienste as strukturele organisatoriese instellings, sal weer hersien moet word. Hierdie tipe projekte gaan deur 'n oorlewingstryd. Hulle raak al hoe meer onbekostigbaar, en nuwe projekte is finansieel onhaalbaar. Wat is haalbare alternatiewe? Indien dit nie uitgewerk gaan word nie, sal hierdie paragraaf goeie preekstof bied, maar weinig praktiese vrugte oplewer. Die stelling oor onderlinge verhoudings is van wesenlike belang, maar benodig gedetaileerde aandag.

14.4.2 Die Ned. Geref. Kerk en die diens van Barmhartigheid

258 *"Die beoefening van barmhartigheid behoort tot die wese van die kerk en is gegrond in God drie-enig".*

286 *"Die barmhartigheid van die kerk moet na vore kom in die bediening van die Woord dat die Almagtige God in sy liefde uitreik na die mens-in-nood, Hý sal 'n geknakte riet nie afbreek ......nie."*

287 *"In die woordverkondiging moet die kerk sy lidmate , ampte en organisasies aktiveer en toerus om Christus se dienswerk daadwerklik voort te sit. In die "diakonale " gemeente moet elkeen 'n gevoelige oog, oor en hart hê vir die sorgbehoewende. Sorgbehoewendheid in sy wye verskeidenheid moet geïdentifiseer word en prakties moet daarvan werk gemaak word in die voorsiening van personeel, fondse dienste, inrigtings en vakkundigheid."*

288 *"Om barmhartigheid te beoefen behoort tot die amp van die gelowige, wat deur sy blymoedige en opofferende hulpbetoon konkrete gestalte gee aan die beoefening van die gemeenskap van die heiliges."*

Hierdie is na my mening een van die hoogtepunte van KS: Die gemeente word beskryf as "diakonale gemeente", en lidmate moet aangespoor word tot omgee vir die gemeenskap se nood.

290 *"Ofskoon die barmhartigheidsdiens primêr in die eie gemeente begin, moet ook uitkring tot ander kerke en tot alle mense in nood, afgesien van geloof, ras, kleur, taal, of stand. Ekumeniese kanale moet gevind word om selfs in die sin van 'n wêrelddiakonaat na ander kerke en hulle lidmate uit te reik."*

Die sinvolheid van hierdie paragraaf lê daarin dat dit die hele gemeenskap as teiken stel van die kerk se barmhartigheid, en nie net die blanke gemeenskap nie. In die lig van die stelling sal 'n gemeente net nie meer tevrede kan wees as die kerkraad berig dat geen barmhartigheidsdiens gelewer is nie, veral dan in die lig van die geweldige nood in die omgewing.

292-3 Die owerheid se taak ten opsigte van sosiale reëlings word uitgestip

294 *"Die kerk moet hom steeds positief beywer vir 'n nuwe ruimte en bedeling waar die oorsake van die nood uitgeskakel kan word en waaraan elkeen die geleentheid gebied kan word om sy eie potensiaal in Christus te verwesenlik"*

259 *"Waar die kerk in hierdie opsig geroep word om die goeie aan te prys en die verkeerde te bestraf, mag hy hom nie tot revolusionêre optredes laat verlei nie. Die styl van die kerk is nie "deur krag of geweld" nie, maar 'deur die Gees van God." '*

Die fokus van die profetiese roeping juis op die oorsake van nood en inhibisies tot potensiaal verwesenliking maak die omskrywing van geregtigheid meer konkreet. Die weiering om revolusionêr betrokke te raak is sinvol.

KS is 'n stap vorentoe in die toespits van die Ned. Geref. Kerk op die nood van die wêreld. Die volgende vrae moet egter gevra word:

a. Doen KS wat die ander kerke wil sien? Verwerp dit apartheid as sondige stelsel, en aanvaar dit skuld in die teologiese steun daarvan? Villa-Vicencio (1988:147) is nie oortuig dat KS daarin slaag nie. As oorsaak identifiseer hy steeds "... ideological compromise when hermeneutically applied to the prevailing political dispensation." KS sou rassisme as sonde verwerp, maar nie die teologiese steun aan apartheid nie.

b. Hoe letterlik word die eenheid van die kerk opgeneem, veral in 'n diep gesegregeerde gemeenskap? Staan die fisiese gebrek aan kerkeenheid nie in die pad van relevante kerkwees in S.A. nie? (Smit 1984:61). Hoe kan die kerk in die wêreld dien as ons nog nie eens mekaar ken en mekaar dien nie?

c. Dit is nou 13 jaar na die aanvaarding van KS. Het dit enigiets aan die grondvlak kerkwees verander? Realiseer die KS deklarasie op plaaslike vlak?

d. Het dit 'n paradigma wenteling te weeg gebring? Of is dit die stadige draai van 'n steeds onwillige kerk wat die Woord hoor, mooi kan teologiseer, maar huiwerig is om dit toe te pas?

e. Hoe is KS deur die ander lede van die kerkefamilie ontvang? Het dit geloofwaardigheid? Hoeveel van die ouere belydenis skrifte se piëtisme staan in die pad van die verwesenliking van die formulerings?

**2.4 Politieke veranderinge in SA swaai Afrikaner sentiment**

Op 2 Februarie 1990 met die toespraak van oud-pres. F.W. de Klerk word Apartheid dood verklaar, en etlike organisasies ontban. In dieselfde jaar sou die Algemene Sinode van die NG Kerk apartheid as sonde verklaar . Met die Rustenburg beraad, in dieselfde jaar, het proff. Jonker en Potgieter onomwonde sonde bely en hulle beywer vir versoening met alle volke. (*Die Verhaal van die NGKerk se reis met Apartheid* 1997:54). Maar steeds was die NG Kerk afgevaardigdes huiwerig om apartheid in bedoeling, uitvoering en gevolge as sondig te tipeer, omdat KS steeds die opregte bedoelings van apartheid verdedig het. Hierop sou daar weer oorweldigende reaksie wees, wat weer aandui dat die meerderheid "gewone" lidmate in die kerk, en sommige leiers, nie vrede het met die afstand doen van apartheid nie. Hoe ook al : Die kerk het amptelik skuld bely. Die vraag begin nou reeds opkom: Hoe gaan die oorgang aan die meerderheid kerkgangers bedien word?

**3. Aanpassings en uitdagings na 1994**

Met die nuwe sekulêre aanhef tot die grondwet, die beskerming van menseregte en -vryhede, en 'n oop samelewing wag daar geweldige uitdagings op die NG Kerke familie. Regstellende aksie op die werksplek sal ook armoede meer eweredig in die blanke gemeenskap versprei, en weer 'n bewustheid van armoede by die NG Kerk wakker maak. Die NG Kerke se rol verander nou na die van opbou en herstel na die politieke tyd van afsondering en onreg. Die nuwe rol is egter steeds moeilik deur te kommunikeer na die grondvlak Afrikaner-kerk. Die drastiese veranderinge het ook Afrikaner onsekerheid meegebring, wat ook weer pastoraal hanteer moet word (Snyman 1998).

**3.1 Verandering bring ook onsekerheid.**

Pieterse (1991:1) praat van die "*godsdienstige onterwing*" van sommige lidmate van die kerk. Geloofspilare word nou uitgeruk: Apartheid is nou as sonde verklaar.Armoede, geweld en onsekerheid het nou die borrel van die "Christelike

" blanke samesyn wreed versteur. Ontwortelde mense word egter nie altyd na geloofswaarhede teruggedryf deur hulle krisis nie, maar gryp eerder terug na tradisionele, kulturele , formele kerklike belewinge as tekens van sekuriteit. Die kerk sou in die toekoms baie kommunikasievaardighede moet benut om die "*onterfde*" lidmate mee te neem op die pad vorentoe.

**<u>3.2 Ekumeniese deure swaai oop vir die NG Kerk na Rustenburg, maar wil die meerderheid lidmate deurstap?</u>**

Na besoek deur die WBGK aan SA sou die NG Kerk afvaardiging in 'n verklaring in 1994 die volgende stel:

* Die NG Kerk erken dat apartheid soos dit teologies verdedig was, aanleiding gegee het tot ongelykheid en dat die kerk omgee vir die gevolglike armoede en lyding van groot dele van die samelewing. Die kerk verbind hom onomwonde om saam te werk in die verligting van nood.

* Die kerk se spandering aan subsidies aan die kerke van ander rasse word uitgespel: 1986: R17 405 397; 1990: R 22 743 429; 1992: R 26 280 000

* Die NGSK se versoek van 1982 om 'n gesamentlike diakonaat te begin, lyk nou haalbaar.

* Nooddiens word deur baie gemeentes voorsien.

* Die kerk is bereid om apartheidstrukture binne en buite die kerk af te breek.

* Verbintenis tot kerkeenheid.

**<u>3.3 1994 Sinode van versoening</u>**

Met Mandela se besoek aan die 1994 sinode is onomwonde gestel dat apartheid 'n verskroeide aarde beleid was wat baie mense seergemaak het. Die kerk het 'n lang pad geloop om hom van die ideologie van apartheid te ontworstel, maar moet nou vorentoe saam loop om oplossings vir die land te vind. Hier tydens is die begeerte om te verenig met die ander kerke ook uitgespreek, en die kerk verbind hom om by die HOP betrokke te raak.

Met reg kan hierdie belangrike sitting van die sinode beskou word as die waterskeiding in die NG Kerk se rasseverhoudinge. Die struktuur van die kerk het verander. Hoe het dit egter op grondvlak impak gekry?

Die Boerekerk is dood. Die paradigma van apartheid en kolonialisme is verby. Die ou *corpus Christianum* het ineengestort. Baie treur steeds daaroor. In werklikheid is dit eintlike 'n wonderlike gebeurtenis. Uit die ruïnes van die ou *corpus Christianum* sal nou verrys die *corpus Christi*, die liggaam van Christus. Gestroop van rasse vooroordeel, meerderwaardigheid en valse gerustheid. Dit sal soos die Groot Dienskneg genesend in die gemeenskap werksaam wees (Bosch 1979:248). Hierdie droom van Bosch sal alleen werklikheid word as die grondvlak gemeentelike kerkwees daardeur geraak word. Dit vra goeie bestuur en verbintenis daartoe.

# Hoofstuk Vier : Prinsipiële besinning: Omgee in die Ou Testament

Nadat kennis geneem is van die NG Kerk se pad van afskeid van formele apartheid, en die amptelike begeerte tot 'n nuwe paradigma wat nog plaaslike konkretisering vra, kan nou oorgegaan word tot 'n poging om te luister na die Woord. Die Ou Testament word eerste behandel aan die hand van 'n paar geselekteerde temas wat spesifiek deur die NG kerkefamilie gehoor moet word in die bepaling van 'n nuwe missiologiese paradigma.

Hierdie luisterproses na die Ou Testament moet van die volgende sake kennis neem.

a. Eerstens dat die Here se genade en liefde in die Ou Testament die uitgangspunt is vir medemenslikheid en nie die mens self nie.

b. Hierdie omgee van God word in die Ou Testament in verhale van sy praktiese toetrede in menslike nood weergegee, en nie in gesistematiseerde Teologie nie (Brueggemann (1997:145)). Die kerk kan nie bloot teoreties-dogmaties met God se omgee vir die wêreld omgaan nie. Die verhale van God se daad-omgee, wat rondom die kultus vertel is, roep telkens die mens op tot praktiese medemenslikheid (Westermann 1979:177), en vorm die basis van Ou Testamentiese etiek (Dyrness (1979:172-175). Beide wit en swart Christene sal vanuit hulle verhouding met die Here en sy genade vir hulle moet werk aan 'n nuwe selfverstaan, en herdefiniëring van praktiese kerkwees in hulle eie konteks. In hierdie studie moet sodanige selfverstaan en definiëring van hulle wesenstaak weer duidelik en kontekstueel geformuleer word.

Ek kyk vervolgens na die volgende geselekteerde relevante temas in die Ou Testament om daaruit riglyne saam te stel vir die kerk se bediening in 'n arm gemeenskap:

1. God se liefde en genade in die Ou Testament is die vertrekpunt vir medemenslikheid.
2. Die Skeppingsverhaal: Die menswaardigheid van alle mense.
3. Jubeljaar voorskrifte en die herstel van grondbesit
4. Die reikwydte van God se omgee

4.1 Ook ander volke

4.2 Die *personae miserabiles*

**1 God se liefde en genade in die Ou Testament is vertrekpunt vir medemenslikheid**

Feuerbach wou van Ou-Testamentiese antropomorfismes praat as " die mens in hoofletters", as sou God dan net projeksie van menslike ideale wees (Dyrness 1979:43). Dyrness in navolging van Noth en Westermann (1976:100) sien die antropomorfismes nie as uitdrukking van God se soos-die-mens-wees nie, maar eerder as verhoudingskeppende, naby-die-mens-wees van God. God se omgee vir die mens word uitgebeeld as in 'n verhouding van naby-die-mens-kom-staan.

Hierdie verhouding waarin God by die mens kom staan, is vir Hom self baie belangrik. In die verhouding is God emosioneel oor die mens begaan (Gen.6:5,6). Die moderne en Feministiese Teologie het verrassende insette oor die emosionaliteit van God wat dikwels deur 'n sterk "manlike linkerbreinlob"-teologie (met meer klem op geregtigheidsvoorskrifte) misgekyk is. Gangloff (1999(a):12) maak 'n breedvoerige studie van God se "moedereienskappe" God is emosioneel by sy mense betrokke. Hy hanteer hulle nooit met handskoene aan nie. Hierdie betrokkenheid word treffend in die verbondsterminologie verbeeld, waar die Akkadiese woord wat met verbond vertaal word (*berit*) wys op verbintenis (*commitment and obligation*) (Gangloff 1999(a):14). In hierdie verbintenis word die verhouding uitgebeeld as diè tussen familielede, waar God die Vader en hoof is. Dit is binne hierdie verhouding God/mens wat riglyne vir die hantering van mense in nood duidelik na vore kom. Mens sou dit trouens nie buite die verhouding reg verstaan nie. Medemenslikheid is eerstens 'n Godsdienstige saak. Juis omdat God in verhouding staan met die mens. Ons gee om omdat ons verbind is aan 'n God wat omgee.

Die Ou Testament teken God se omgee, as die basis vir medemenslikheid, in ryk beeldryke taal:

a. *rhm* word vertaal met *"merciful" en* " Barmhartig". Die woord is afgelei van die stam vir baarmoeder. Hieruit word God se barmhartigheid vergelyk met die versorging en beskerming van 'n fetus voor geboorte (Brueggemann 1997:216).

b. *hnn*, vertaal met " *gracious" en* "genadig" sê God gee sonder verpligting, mildelik, sonder om betaling of kompensasie te verwag.

c. *'rk ppym word* vertaal met "Slow to anger" en "geduldig". Dit beteken letterlik God het 'n lang neus. Sy toorn kan afkoel voor dit die volk verteer.(Brueggemann 1997:217)

d. *hsd* word vertaal *met "Steadfast love" en* "liefde". God se liefde vir sy volk is soos die van 'n familied jeens familie, met wie daar 'n band is. Ook vir die vaderlose is God 'n Vader (Ps.68:5). Dyrness (1979:57) beskou die term as na aan die hart van die openbaring van God as die genadige in die Ou Testament. Hierdie eienskap toon egter nie op swakheid nie, maar word 'n rots vir skuiling vir die mens in nood (Dyrness 1979: 59). In die verband word die verhouding God/verbondsvolk dikwels ook uitgebeeld in huweliksterminologie.

e. *'emeth* wat vertaal word met *"abounds in faithfulness" en* "Geloofwaardig, betroubaar"

*Hsd* en *emeth* is 'n gewilde paar byvoeglike naamwoorde om God se genade te beskryf.

f. *ns'* vertaal met "vergewe", toon die bereidheid om te vergewe. Dit vorm die basis van Israel se geloofsvertroue dat die Here hom weer oor hulle sal ontferm.

As God self dan vertrekpunt is vir die mens se omgee vir mekaar, dan moet God toegelaat word om hierdie liefde en omgee 'n eie kleur te gee. Lohfink (1982: 175) stel dat *mispat* (geregtigheid) dikwels saam met *hesed* voorkom om saam die sleutelbegrip tot moraliteit in die Ou Testament te vorm. Lohfink voer aan dat die Ou-Testamentiese motief tot naastediens dan beide *hesed* en *mispat* is, terwyl die Nuwe Testament meer duidelik klem plaas op hesed (liefde ) . Hy praat van die Ou-Testamentiese motief tot omgee as "*righteousness moulded in kindness*". As die kerk soek na riglyne om by die arme betrokke te raak, wil die Ou Testament sê: Moet nie net met die beginsel van hesed (*kindness*) werk nie, maar verreken ook die geregtigheidsbeginsel (*mispat*). So vorm barmhartigheid en geregtigheid dan die twee pilare vir omgee vir menslike nood in die Ou Testament. Lohfink (1982:175) voer aan dat namate die gemeenskap verander, daar nuwe paradigmas vir die kerk se diens aan die *personae miserabiles* gesoek moet word, maar hulle moet almal bou op God se *hesed* en *mispat*. Hierdie twee

woorde is die "first and enduring principles of morality, those that operate above the sphere of social change."

Drie afleidings is hier van toepassing:

a. Die kerk se rol kan nie net volstaan by barmhartigheidsprojekte nie, maar moet ook die onreg in gemeenskappe, stelsels en strukture blootlê. Dit verg profetiese verantwoordelikheid.

b. Die kerk kan ook nie net eensydig profeties-krities vanuit amptelike vergaderings verklarings uitreik, terwyl die kerk op grondvlak nie as liefdesgemeenskap gesien word nie.

c. Die taak om om te gee, behoort aan die hele volk van God. Elke mens wat in verhouding tot die Here staan, sal vanuit daardie verhouding omgee vir ander. Vertikale godsdiens sonder horisontale verantwoordelikheid is Ou-Testamenties 'n kontradiksie.

**2. Die Skeppingsverhaal: Die menswaardigheid van alle mense**

Die skeppingsverhaal wil spesifiek standpunt inneem oor die mens. Dit sal veral verligtend wees as dit gelees word met die oog op die mens wat arm is, wat in 'n Afrika kultuur woon, binne die nuwe SA. Hoe lyk diè mens in die lig van die skeppingsverhaal?

**2.1 Die mens is beelddraer van God (*Imago Dei*)**

Die term "beeld van God" kom maar vier keer voor in die Ou Testament (Gen.1:26,27; 5:1; 9:6), en meer prominent in die Nuwe Testament (1 Kor.11:7; Jak.3:9). Die Ou Testamentiese skeppingsverhaal is weens die voorkoms van die "beeld"-metafoor uniek ten opsigte van die antieke buurlande se skeppingsverhale. In laasgenoemde word net konings en priesters gesien as beelddraers van die gode, maar die Ou Testament verklaar elke mens as beeld van God. D.J.A. Clines maak baie daarvan dat die hele mens, en die hele menslike geslag, alle volke, op die ereposisie van beeld van God kan aanspraak maak (Smith 1993 :243). Alle mense is van oorsprong bestem om kroon van die skepping te wees. Voor God is alle mense gelyk. Hulle het almal een gemeenskaplike oorsprong. (Vgl Markus 12:14; Rom. 2:11). Dit het belangrike implikasies vir die Ou-Testamentiese luisteraars se selfbegrip.

Brunner (Smith 1993: 237) sien in die beeld-wees (*dmwt*) van die mens dat daar geen sekulêre lewe bestaan nie, maar alles deur God in relasie tot Hom geskape is. Alles wat die mens doen as beeld van God (politiek, ekonomie, sosialisering, behuising, kultuur, en seksualiteit) staan oop vir inspraak deur God. Daarom kan die mens nie beeld van God wees buite 'n verhouding met God nie. Westermann (1974) sien die beeld-metafoor as uitbeelding van die verbondsverhouding waarin die mens aanspreekbare wese voor God is. Brueggemann (1997:451) sien ook die mens in die Ou Testament alleen as mens in verhouding tot God. Die implikasie hiervan is dan dat die mens wat van God vervreemd geraak het, menswaardigheid verloor. Herstel van menswaardigheid kan nooit plaasvind sonder die herstel in die verhouding met God nie. Beeld van God wees word beleef in 'n "heel" verhouding met God. Die verbreking van die verhouding is die mees onmenslike ding wat met die mens kan gebeur. Dit versteur menswees in totaliteit: in verhouding tot die self, die medemens, die skepping en die werkskultuur.

Beeld-wees word ook geïnterpreteer as die mens se status as "klipstandbeeld" (salam) van God. In die antieke Ooste was 'n beeld van 'n koning opgerig om sy koningskap te proklameer (Dan.3:1,5). So wil Genesis die ideale mens teken as standbeeld wat God se koningskap proklameer op aarde (Wolff 1974:159). Oral waar die mens dus besig is, moet God se koningsheerskappy sigbaar word. Klein (1979:126) brei hierop uit deur die mens te beskryf as : "....agents of change... the kings and queens of Gods estate...". Die mens word deur God uitgesonder deur 'n bevoorregte posisie aan hom toe te staan (Gen. 1:26-28; 2:5-8, 15-16) . Die mens in verhouding tot God, word instrumente waardeur God se Koningskap manifesteer op aarde. Hierdeur word die mens 'n bevoorregte posisie gegee te midde van al die geskape dinge ( Hughes (1989:3)) , want God het 'n plan met die mens. Juis God se doel met die mens in die uitbreiding van sy Koningskap maak die mens beeld van God ( Christoph Barth (1991:21)). Die kerk, wat homself sien as in 'n herstelde verhouding met God, sal homself duidelik moet sien as God se instrument om herskeppend op aarde te werk, deur mee te werk aan God se Koninkryk.

I 1527441X
U.O.V.S. BIBLIOTEEK

Beeld-wees impliseer ook aanspreekbaarheid in 'n verhouding tot God. Die mens is nie in die sentrum van die wêreld nie (Feuerbach). Westermann (1974:56) stel dan tereg dat die skeppingsverhaal geen deklarasie aangaande die mens is nie, maar eerder 'n deklarasie is aangaande die God wat die mens geskep het. Eensydige aksent op die beeld-van-God-wees van die mens as superieure wese deur wie God se krag manifesteer, ignoreer God se almag en onafhanklikheid van die skepping, en gee aan die mens 'n posisie wat hom/haar nie toekom nie (Westermann 1974:60). Alles is nie ter wille van die mens gemaak nie, maar die mens is ter wille van God geskep. Dit vereis aanspreekbaarheid.

## 2.2 Menswaardigheid loop hand-aan-hand met die werksopdrag en verantwoordelikheid

Die mens is in die skeppingsverhaal die opdrag gegee om oor die aarde te heers, en om dit te bewerk (Gen.1:28; 2:5.15). In teenstelling met die Antieke Ooste se skeppingsverhale, is werk in die Pentateug nie straf nie. Die Mesopotamiese skeppingsverhaal leer byvoorbeeld dat die gode lui is, en die mens geskep het om hul vuil werk te doen sodat hulle kon rus. Anders is die Skeppingsverhaal en Sabbatsgebod in die Pentateug: Selfs God, en die mens is in die siklus van werk en rus. Werk is 'n Godgegewe geleentheid (Westermann 1974:51). Die paradys is dus geen luilekkerland nie, maar die heerlikheid daarvan word gevind in die samesyn met God (Westermann 1974:80). In hierdie samesyn is ruimte vir harde werk, kreatiwiteit en beheersing van die skepping. Werk is deel van menswees ( Westermann 1974:81). Die "werk"-woorde in die Pentateug is almal uit die konteks van die agrariese kleinboer. Met hierdie terme word die mens geteken as "capable and industrious" (Westermann 1974:81).

Omdat werk dan in die Ou Testament positief beskou word, bestaan daar ook duidelike riglyne daarvoor. Die werksopdrag is indikatief (gawe) en imperatief (met etiese riglyne):

### 2.2.1. Die uitbuiting van ander se werkspotensiaal vir eie belang word veroordeel

( Eks.2:24,25: 5:4-11; Lev.19:13; Lev.25:17; Deut.24:14-15).

**2.2.2 Werk staan in die siklus met rus** (Eks.20:8-10; Deut.5:12-14)

In die Antieke Ooste is werk gereserveer vir die vrou, slaaf en dienskneg, terwyl die man 'n lewe van "leisure" geniet het (Lohfink 1982:183 ev). Die sabbatsgebod was rewolusionêr binne hierdie konteks , want dit het almal tot werk verplig, en die vrou, slaaf en kneg ook 'n dag van rus gegun (Lohfink 1982). Die sosiale strata in die samelewing is in hierdie gebod gelyk gestel. Werk, maar ook rus was nou almal beskore.

**2.2.3 Menswaardigheid impliseer ook verantwoordelikheid as medewerker van God**

Die mens is nie inherent boos soos in die skeppingsverhale van Israel se bure uitgebeeld nie. Vergelyk bv. Die Babiloniese skeppingsverhaal, waar die god Marduk die rebelgodin Ti'ámat doodmaak, en haar handlanger Kingu in beheer van die doderyk plaas, en die mens maak uit Kingu se bloed, om die gode se vuil werk te doen waarvoor hulle nie lus is nie. Hierteenoor lyk die Pentateug se skeppingsverhaal heeltemal anders: Die mens is God se medewerker, nie sy sloerwerker nie. Die mens adem God se gees. Die mens is vanuit oorsprong 'n werkende wese. Daar is hoop vir die mens as hy / sy werkend in die skepping besig is.

**2.3 Die mens is sosiale wese**

**2.3.1 Huwelik**

R.L.Smith (1993:246) sien die geskapenheid van die mens as man en vrou ten diepste in die feit dat die mens 'n sosiale wese is. Dit is in die saam man en vrou wees dat die mens volle potensiaalvervulling ervaar. Hulle kragte vul mekaar aan. Eichrodt (in Smith 1993:249) praat van "...living for each other in a responsible co-operation which draws its strength from their common encounter with God.". Die gesin word ook in die Ou Testament geteken as die uitnemende plek waar God se seën ervaar word. In die hantering van armoede sal die disintegrasie van die gesin ondersoek word as oorsaak/gevolg van groeiende armoede. Die probleme rondom armoede sal ook nie net deur ekonomiese en politieke transformasie opgelos word nie, maar sosiale huweliksherstel moet ook aandag kry.

### 2.3.2 Sosiale ineengeweefdheid en solidariteit

Westermann en Vriezen lê baie klem op die individualiteit wat in die skeppingsverhaal, en in die aartsvaderlike verhale uitgekom het, maar weier om individualiteit te laat opgaan in die verabsolutering daarvan ten koste van die groter groep. (Wright 1990:189-190). So praat A. Johnson (*Vitality of the individual in the thought of Ancient Israel*) van 'n holistiese mensbeskouing in die Ou Testament; H.W.Robinson (*Corporate Personality in Ancient Israel*) praat van korporatiewe verbondenheid (Wright 1990:252-254). Wright kom tereg tot die konklusie dat die Ou-Testamentiese mens "*wrapped up*" is in die groep, in terme van mede-aanspreeklikheid, seën en verantwoordelikheid. Hierin is die Ou-Testamentiese mensbeskouing baie naby aan die van Afrika, en word bevestig dat Westerse individualisme nie die ideale gereedskap bied in die uitreik na menslike nood nie. Eichrodt (1967:237) bevind dat: "In tribal thinking not only the individual criminal but the whole community to which he belongs is held responsible for his actions".

Eichrodt (1967:237) beklemtoon dat die Ou-Testamentiese antropologie, anders as die aanvaarbare Westerse modelle 'n sterk solidariteitsgevoel met die res van die groep (gesin, familie, stam en volk) toon. Daarom was armoede in die vroeë bestaansjare van Israel ook nie 'n krisis nie. Mense was in hegte eenhede saamgebind wat vir mekaar omgegee het (Kloppers 1984:10). Die kollektiwiteit verhinder ook een mens om tot sy eie individuele voordeel op te tree.

## 2.4 Holistiese mensbeeld

Ten spyte daarvan dat die Ou Testament praat van die mens as vlees (*basar*), gees (*ruah*) , siel (*nepesh*), en hart (*leb*), word die mens as geheel gesien , daar beide die geestelike en vleeslike ewe belangrik is (Wright 1990: 272). Die Ou Testament toon geen dualisme in die mensbeeld nie. Beeld van God wees, sondaar wees, verlossing geld in elke geval vir die mens in totaliteit. In die kerk se uitreiking na die mens in nood sal die hele mens in die teiken van diens moet wees.

Brueggemann (1997:453) sien in die skeppingsverhaal die weergawe van die asem van die Here wat in die uit-stof-geskape mens ingeblaas word, as die oplossing vir die dualisme vraagstuk. Hier vind ons 'n eenheid wat tot stand kom tussen die stof (fisiese), en die geestelike. Saam vorm die asem en die stof die nephesh van die mens.

**2.5 Sondebegrip (daraš)**

Wat verder in die paradysverhaal na vore kom, is die omvangryke aard van sonde. Dit is veel meer as individuele oortreding. Dit raak elke aspek van die lewe. Dit raak die mens se verhouding met mekaar, seksualiteit, die grond, arbeid ( P.H. Davids in Greig en Springer 1993:111) en met God (Robinson 1994:82). Dit kom reeds voor in die strafaankondiging in Gen.3:16-19.

Oplossings vir menslike lyding is dus nie simplisties nie, dit word beïnvloed deur die mens se eie ingesteldheid teenoor God, en die medemens (veral die een in 'n magsposisie) se ingesteldheid jeens die ander. Die deur sonde vervloekde aarde, speel ook nie altyd saam in die opheffing van armoede en ellende nie.

Die Ou-Testamentiese etiek staan lynreg teenoor die Griekse/Moderne, optimistiese filosofiese etiek wat uitgaan van die beginsel van die inherente goedheid van die mens. Die paradysverhaal onderstreep dat die mens se keuse destruktief is vir homself/haarself en die hele kosmos. Daarom is die mens op God aangewese vir etiese leiding.

Te midde van die strafaankondigings is God se genade steeds sigbaar:

a. Die mens kry altyd minder as wat verdien word (Westermann 1976:44). Vergelyk Kain se straf.

b. Die genade aankondiging (as Goddelike inisiatief) word altyd voorgehou as voorwaarde vir die voortsetting van die verhouding God-mens.

c. Brueggemann (1997:452) merk op dat die mens nie sy status as oogappel verloor na die sondeval nie. Nogtans word die saak swak weergegee deur Ou - Testamentiese skrywers.

d. Deur sy Woord is God altyd soekend na die mens. As God egter spreek, tree Hy in verhouding met die mens. Sy spreke tot die mens is skeppend, herskeppend en verhoudingskeppend (Adam, Abram, Moses). Die spreke van God is

herstellend, vernuwend. Indien die kerk die sondevervalle gemeenskap te hulp wil kom, sal die kerk weer die mistieke herskeppende krag van God se Woord moet ontdek. Hierdie Woord plaas God, soos in die skeppingsverhaal, in beheer van die verloop van die wêreldgeskiedenis. In die bediening van die Woord sal die Vleesgeworde Woord, as Kneg (*mal'ak yhwh*) altyd sentraal staan ( Westermann (1976:134)). In Christus word die gebroke beeld van God weer herstel. In die herstelbeloftes is die beloftes aan die Seun prominent (Westermann 1976:101, 132;).

## 2.6 Verlossing in die Ou Testament

Ou-Testamentiese verlossing (uitgedruk in woorde soos *yasha, ga'al* en *nasar*) word in die LXX vertaal met *sozo, soteria* en *rhyomai*. Verlossing beteken in hierdie konteks "... die redding van die aarde en mensheid van skuld, gevangeskap, vervreemding, besoedeling en wanorde as gevolg van die mens se sonde..." (Robinson 1994:84). Verlossing is God se eie inisiatief. Dit herstel verhoudinge, en die mens se oorspronklike glorie as beeld van God. Trouens alle dinge word herstel in God se verlossingsplan. Verlossing wil God se Koninkryk weer bevestig en realiseer oor alles. Dit staan lynreg teen al die magte wat God se doel met die skepping wil verongeluk.

In die verlossing van God se skepping speel sy volk 'n sentrale rol. Ook Nuwe-Testamenties speel die kerk hierin 'n sentrale rol, as die nuwe volk van God (Robinson1994:85).

Snyman (1994:93) sien die resultaat van versoening in die herstel van geregtigheid, wat die fondasie vorm vir versoening en vrede. Geregtigheid is egter te verstaan vanuit die karakter van God, en nie menslike interpretasies nie. Versoening wat die verhouding tussen God en sy volk herstel, is die hart van die Ou-Testamentiese verlossing. Vanuit die herstelde verhouding met God kan mense verhoudinge weer nuut word.

## 3. Die omgee van God in jubeljaar voorskrifte: Herstel van grondbesit

### 3.1 Land en geloof : Nou band

Die Ou Testament se teologie oor God se omgee vir sy volk is ten nouste verweef met die landsbeloftes. Brueggemann (1991:235) in navolging van von Rad, beklemtoon die landsbeloftes as die eerste vorm van seënbeloftes in die Ou Testament. Gangloff (1999(b):98) vind dat die verwysing na die land/grond 1620 keer in die Ou Testament voorkom. *'eretz* verwys meestal na geografiese, nasionale woongebied, en *'adamah* na landbougrond. In beide gevalle moet die volk onthou dat die grond 'n gawe is wat God aan hulle geskenk het. Daarom lees mens nie gereeld in die Ou Testament van "Israel se land" nie, maar meer van "die Here se land".

In die nalees van Ou-Testamentiese lektuur oor die landvraagstuk ervaar mens die volgende frustrasie:

a. Kontekstualisering: Deeglike historiese bronne soos Brueggemann, Ohler, Janzen, Macholz e.a. analiseer die Ou-Testamentiese landsbegrip en konteks rondom die landsvraagstuk goed. Die Westerse teologisering oor die saak lig in detail literêre en historiese argumente uit, maar sukkel om die tema sosiaal-krities op die huidige konteks toe te pas (E. Noort 1998:12,13). Mens vind dus min stof wat kan bydra tot die gronddebat in die huidige Suider-Afrikaanse konteks.

b. Gesekulariseerde onderwerp: Die Christelike evangeliese interpretasie van hierdie Ou-Testamentiese tema is grotendeels beperk tot Westerse Teoloë, terwyl Teoloë vanuit die Derde wêreld wel die tema aanraak, maar telkens in hulle eie kontekstuele detail vasval, en nie slaag in hermeneutiese diskussie met die teks nie. In lyn met die sekularisasieproses is die tema tans in Suider-Afrika geweldig verpolitiseer. Binne die konteks van sekulêre staatsbestelle, en die romantiek rondom Afrika rennaisance, het die kerk min te sê oor die saak, behalwe om die sekulêre stroom na te praat.

c. Polarisasie: Die huidige gronddebat polariseer die Suider-Afrikaanse gemeenskap in politieke, en rassegroeperinge wat doof raak vir die ander se sentiment. Aan die een kant sit die meerderheid blankes met 'n volksteologie wat

die land onmiskenbaar in 'n "Gott-mit-uns"-teologie aan hulle toeken, en aan die ander kant die land-vervreemde swart gemeenskap wat vanuit die Afrika Religie onlosmaaklik aan dieselfde land deur voorvaders gebind is. Indien hierdie twee groepe mekaar nie hoor nie sal Zimbabwe onwillikeurig die toon aangee vir grondreformasie in Suider-Afrika.

d. Die landvraagstuk is 'n ekonomiese vraagstuk. Grond is gelykstaande aan inkomste en bestaansmiddele. Grondbesit is die kernsaak waarmee die SA bevolking in "haves" en "have nots" verdeel word. Grond lê aan die wortel van kapitalistiese en sosialistiese (kommunistiese) ideologiese denke. Versoeningsaksies wat nie by grondvraagstukke uitkom nie, is oppervlakkig. Grond in die Ou Testament moet ook breër interpreteer word as die fisiese aarde. Grond in die antieke landbou konteks was lewensmiddel. Grond sal kontemporêr interpreteer moet word as die breër toeganklikheid tot lewensnoodsaaklike middele.

e. Die aardsheid van die onderwerp verskans dieper teologiese motiewe wat nie volledig begryp word as die tema eensydig materieel, of vergeestelik; en gerealiseerd of eskatologies verstaan wil word nie (Noort 1998: 14).

f. Benutting van "texts of terror" in die ontvouing van die Ou-Testamentiese landsteologie. (Noort 1998:14). Die invalsoorloë, die konsep van Israel se ewige inbesitname van die land, en die polifobie van die verbondsvolk giet die landsteologie in vreemde terme vir Christen lesers. Op hierdie frustrasie bied Noort (1998:14) die volgende oplossing: Hy sien die landsverhale van die Ou Testament retrospektief geskryf, as die "text of the losers." Na die land verloor is met die ballingskap, is hierdie verhale geskryf om die volk weer hoop te gee. Dit redeneer egter nie die gedagte weg dat grond 'n basiese bestaansnood is nie. Hieroor veg mense soos diere oor kos, weiveld en territoriale gebied.

Brueggemann (1991:235) sien 'n nou band tussen die volk se verbondsverhouding met God en die land. Hy aksentueer die volgende om hierdie nou band aan te toon:

a. Die semantiese lyn wat die mens (*'adam*) verbind aan sy fertiliteitsvennoot, die aarde (*'adamah*)

b. Die nou verband in die rituele taal tussen die aarde en huwelik. Dit word uitgebeeld deur die ontreiniging van die aarde as daar huweliksontrou plaasvind. Ontrou aan die Here maak ook die land onrein. Deut.24:1-4, wat weer in Jer.3:1-5 voorkom, illustreer die saak goed. Hier dui die land en die huwelik ten diepste op ontrou aan die Here self. (Brueggemann 1991 :249)

Grond het die volgende waarde gehad in Antieke Israel:

a. Ekonomiese oorlewing en waarborg teen armoede

b. Sosiale stratifikasie, sekuriteit en aansien

c. Godsdienstig omdat grond toegang tot vee en oesoffers gegee het wat by die tempeldiens benodig was

d. Die sentiment van familiegrond kom ter sprake as onvervreembare reg van mense. Dit staan in die konteks van God se verbondstrou, en word nou gekoppel aan die staat van "*Shalom.*"

e. Grondbesit en die belewing van die seën van die land was streng gekoppel aan die gehoorsaamheid aan die Torah.

Die volgende sake het die Ou-Testamentiese tradisionele grondfilosofie versteur:

a. Grondbesit was die basis van hulle ekonomie. Die gevaar het egter bestaan dat die grond nie altyd onderverdeel kon word vir kinders nie en dit later onekonomies verbou was. Die verlies aan grond was vir hierdie mense traumaties.

b. Grond was ook die basiese stratifikasiebeginsel in die gemeenskap. Dit was die basis van rykdom en die beste teenvoeter vir armoede.

c. Gaandeweg het die eens oop gemeenskap ontaard in groepe wat mekaar uitgebuit het en met hoë rentekoerse mekaar se grond as skulddelging geneem het. Die opkoms van die geldekonomie het die deur oopgemaak vir mense om meer te plant, uit te brei en dit ten koste van ander.

d. Staatsamptenare uit die stede het ook die situasie van landelike armoede uitgebuit en gou groot stukke grond ingepalm. Dit het die armoede in die landelike gebiede vererger.

Brueggemann (1977:3) wil die landvraagstuk verhef tot "...central theme of biblical faith...." Hy beweer tereg die landsbeloftes gee aan die volk Israel

identiteit en bestemming en is 'n lewensmiddel wat ook sentraal gestaan het in die Here se seën en straf. Die landsbeloftes was by uitstek die Here se manier om sy beloftes aan die aartsvaders en later aan die verbondsvolk in stand te hou. Die koninkryk van God het die land en die gebruik daarvan ingesluit, maar sou ook voortgaan in 'n tydperk van landloosheid, soos die ballingskap, en ook in eskatologiese sin vervul word in die nuwe aarde. Die feit dat die land wel vanaf Genesis reeds 'n dominante tema is, kan nie ontken word nie. Ook as die kerk in landelike arm gemeenskappe wil optree, sal die Ou Testament se sterk fokus op die land (wyer interpreteer as toegang tot bestaansmiddele) nie geïgnoreer kan word nie.

## 3.2 Wat leer die Ou Testament aangaande die land vraagstuk?

### 3.2.1 Die Here is die eienaar, (vd Leest 1984:20) en die mens altyd net bywoner

Die Here het die aarde en alles daarop goed geskape en stel die mens as bewaker en bewerker daarvan aan (Gen.1:1-28:). Die Here gee die land aan wie hy wil en neem dit weer weg soos hy goed dink ( Eks.19:6; Deut.2:1-6,9,19,24-37;3:1-7,24-26). Die wat toegang tot die grond het, moet aan die Here verantwoording doen. Die Pentateug maak egter nie voorsiening vir die koop of verhuring van grond nie, aangesien die Here self die eienaar van die grond is (Boecker 1980:30).

### 3.2.2 Grond is by uitstek seën aan die Aartsvaders (lebarak en berakah)

Westermann (1976:69) verwys in die verband na Gen. 23 en 24. A.P.Ross (1988:66) interpreteer seën as "empowerment to achieve what was promised", of die uitbreiding van wat goed is. In die Pentateug word die landsbeloftes geskets in beelde van oorvloed, seën en geluk. So word die beloofde land beskryf as oorvloeiend van "melk en heuning" (Eks.3:8,17; 13;5; 33:3; Lev.20:24; Num.13:27; 14:8; 16:13,14; Deut.6:3; 11;9; 26:9,15; 27:3; 31:20)

God is altyd die outeur van seën en daarom gaan dit altyd gepaard met die eise van gehoorsaamheid: "Participation in the blessing of God was not for unbelievers who turned aside to evil." (Ross 1988.:66)

**3.2.3 Grond is die bron van lewensmiddele: Hier moet genoeg vir almal wees, en daar is nie ruimte vir selfverryking deur uitbreiding van eie grond ten koste van ander nie.**

Sien veral die reëling rondom die Sabbatsjaar (Lev.25:1-34). Hiertydens moes die opslag-oes vir die armes gelaat word; die grond moes rus; en word aan die oorspronklike eienaars teruggegee, van wie dit as skuldbetaling geneem is. Die grond wat aan die onderskeie stamme uitgedeel is was onvervreembaar (Num.36:7-9). Grenslyne mag nie verskuif word nie, in die sin dat iemand se grond nie meer in daaglikse behoeftes kan voorsien nie (Deut.19:14). Die waarde van grond in 'n landelike bestaansekonomie sal hier deeglik verreken moet word.

**3.2.4 Grond word vervloek deur sonde ('arar)**

Vervloeking in die Ou Testament kan vergelyk word met " ... to impose a ban or a barrier, a paralysis on movement or other capabilities". Dit vind plaas as verwydering intree van die bron van seën (Ross 1988:67). Dit word volbring deur natuurrampe, onderdrukking en verlies aan vrugbaarheid.

Die volgende sonde word in die Pentateug gestraf deur die grond te vervloek : Voorop in die lys staan die verbreking van die verhouding met die Here (Brueggemann 1977:90). Sien ook Deut.18:9-15, 10-11, 1Kon.21:1-4. Ongehoorsaamheid word uitgespel in die volgende: bloedvergieting (Num.35:33-34); seksuele onreinheid (Lev.18:30; Deut.24:4) en selfverryking en uitbuiting van die gemarginaliseerdes (Brueggemann 1977:12).

Straf kan ook die verlies van land insluit (ballingskap) (Deut.4:26 ) (Breuggemann (1991:251-256).

God se goedheid is groter as sy toorn en daarom is straf nooit finaal nie (vd Leest 1984:20)

**3.2.5 Grond moet goed bewaar word.** (Gen.1:1-28; 2:15, Deut.20:19-20)

Die Pentateug se landbeleid roep die mens op tot rentmeesterskap en verantwoordelike omgang met die grond. Brueggemann (1991:251-254) onderskei drie sake wat met verantwoordelike grondbestuur gepaard gaan:

a. Die respek vir grense , wat elke familiegroep die reg tot grondbesit verleen (Jer.32:1-15)

b. Die herverdeling van land, om eersgenoemde beginsel in stand te hou (Jos. 13-19)

c. Herstel van grondregte na tye van landloosheid .

**3.2.6 Grond is die rede van voortdurende konflik onderling en met naburige volke.**

Westermann (1976:65) verwys in die verband na Gen.13:5-13; 21:22-32; 26:18-33)

**3.2.7 Die grond word geseën as die volk gehoorsaam is**

A.P.Ross (1988:66) doen 'n studie van die seën op gehoorsaamheid. Die volgende gedeeltes lig die saak duidelik uit: Eks.15:26-27; 23:25-27; Deut.4:39-40; Lev.26:3,40-45; Deut.11:13-15.

Wellhausen sou 'n prominente voorstander van die oorsaak-gevolg relasie wees (Sien Westermann 1976:95)

**3.2.8 Landloosheid beperk God nie in die genadige voorsiening van lewensmiddele nie.**

Brueggemann (1977:12) meld dat die woestyntog 'n tyd van landloosheid was, waartydens die Here ten spyte van die volk, steeds op wonderbaarlike wyse voorsien het. Hier is die woestyn vrugtelose land (*lo'zeru'ah*). Waar God teenwoordig is sal die volk nie vergaan nie, selfs al het hulle nie land tot hulle beskikking nie.

**3.2.9 Vergeesteliking van die grond**

Die Ou-Testamentiese gedagte oor grond het 'n sterk apokaliptiese element wat in die Nuwe Testament op die nuwe aarde beloftes toegepas word (Brueggemann 1977:176-178)

**3.2.10 Matigheid as maatstaf in die omgang met die grond**

Vd Leest (1984:22-23) sien die *locus classicus* van Ou Testamentiese grondbesit in Eks.16:16-20, waar elke persoon een Gomer (ongeveer 3,6 liter) manna kon optel wat genoeg sou wees vir daaglikse gebruik. Die volgende beginsels word hieruit afgelei:

a. Hulle was verbied om op te gaar omdat dit 'n teken van wantroue in die Here se voorsiening vir die volgende dag sou wees.

b. God het nie bestaande ongelykhede opgehef nie, maar wou seker wees almal het toegang tot bestaansmiddele (Deut.8:4; 29:5)

c. Gemeenskap met God self was waarborg vir die voortsetting van hierdie voorsiening: " De bestaanszekerheid van de mens ligt dus in God."

Boecker (1980:91-93) noem ook die volgende wat matige gebruik van die grond tot voordeel van die armes aangemoedig het:

a. Die rus van die lande tydens die sabbatsjaar , waar die armes dan die opslagoes kon afoes (Eks.23:10-11)

b. Die laat van die oes aan die kante van die land om vir die armes te voorsien (Lev.19:9-10). In die buurvolke was hierdie gebruik ook nagevolg, maar as offers aan die vrugbaarheidsgode (Boecker 1980:91)

Uit die aard van die verskillende agtergronde kan die Pentateug se riglyne rakende die grond nie letterlik toegepas word nie, maar die beginsels daaragter moet tot by die radikale konsekwensies deurgevoer word.

### 3.3 Jubeljaar reëlings

Die herstel van grondbesit sou met die jubeljaar plaasvind. Hierdie saak was tot onlangs nooit deel van ernstige moderne Teologiese besinning nie (Arias 1984:33). Die beginsels is ook byna nooit nagevolg in Bybelse tye nie. Eers onlangs is daar weer nuwe belangstelling in die Jubeljaar getoon as saak vir Teologiese oordenking. Emilio Castro by die Melbourne Konferensie oor Sending en Evangelisasie, het hier 'n leidende rol gespeel. Die bespreking sluit nou aan met die bevestigingsrede van Jesus soos opgeteken in Luk.4:16 en verder, waar Hy sy visie en misie bekendstel.

Nuwe-Testamenties gelees, beteken die gedeelte oor die jubeljaar vir die Sending van die kerk 'n praktiese illustrasie van die heil wat Jesus aangekondig het: God neem die inisiatief. Hy bepaal dit. Hy kondig dit aan.

Die term Jubeljaar verwys na elke 50ste jaar waar die land herverdeel was en elke familie en stam

die geleentheid gekry het om weer voor te begin. Hierdie reëling was nie gebaseer op verdienste nie, maar suiwer op genade. So is die genade wat Jesus aanbied ook 'n nuwe begin vir die hulpeloses, uit genade.

Die woord *yobel* is afgelei van die woord vir die ramshoring wat geblaas is met die aankondiging van die Jubeljaar (Eks.19:13). Daarom het Luther gepraat van die "*halljahr*" (year of the blast) (Boecker 1980:90). Die woord beteken letterlik "bevryding", letterlik dan vir die gemarginaliseerdes:

*Die terugneem van die land was 'n proses van gelykmaking en nuwe kanse gee aan almal . Elliger (in Boecker 1980:90) noem: "... its original intention was designed to impede the excess of capitalism and the formation of a proletariat..."

*Skuld word afgeskryf

*Die land moet dan rus en die volk moet van opslagoes leef.

* Grondtransaksies het net tot die Jubeljaar gestrek en die waarde is bepaal deur die aantal oeste wat die grond sou lewer tot die volgende Jubeljaar. Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan die Here. (Lev.25:23) Die reg om grond terug te koop, moet oral en altyd bestaan (Lev.25:24)

* Die motief word in Lev.25:17 genoem: "Uit eerbied vir julle God mag julle mekaar nie uitbuit nie".

Hierdie saak het volgens Arias geweldige sterk sendingimplikasies, veral as dit saam met Lukas 4 gelees word.

* " The quest for survival and the quest for the quality of life around the world....demand a vision of mission that will match the size of our present crisis and the size of the gospel promise." (Arias , 1984:34)

* Die Jubeljaar gedagte bind sake saam wat in die verlede nooit saam genoem is nie: Skepping en verlossing; regverdiging deur geloof en geregtigheid; verlossing en bevryding; Koninkryk van God en die stad van die mens; sending en rekonstruksie; die evangeliese en die ekumeniese agenda; die "horisontale" en die "vertikale". Bosch en Jeremias (in Verster 1996:556) wil die heil sonder oordeel sien, en dan ook politieke prediking hier inlees. Ander wil die Jubeljaar eensydig

in vertikale prediking vergeestelik. Dit lyk sinvol om met Arias saam te stem dat albei horisonne hier ineen vloei. Jesus se verlossing uit genade gaan alle interpretasie vooruit, maar die sosiale implikasies van mense wat bevry is strek tot by die reikwydtes van die aarde. Elkeen wat aan Hom in die geloof verbind is, sal ook 'n seën wees vir die *personae miserabiles* op aarde. Hy sal met die Here se oë na hulle kyk en nie verby hulle nood stap nie (Lees hierby Luk.10;25-37).
* Die gedagte is reeds deur die Mennoniete se passivisme-leer asook die Franse Teoloog Andrè Trocmè in sy werk *Jèsus et la Rèvolution Non-Violente (Arias 1984:34)* gebruik. Die gedagte is in die Derde Wêreld die *locus classicus* vir holistiese prediking en verlossingsleer gemaak.

Die groot oorsaak van armoede in die konteks van die agtste eeu was die leen van geld teen hoë rente, skuldslawernye en die vervreemding van familiegrond. Bogenoemde gee aanleiding tot sosiale stratifikasie en degradering van mense. Die Teologiese regstellende aksie vir bogenoemde was die Sabbatsjaar en die Jubeljaar. Ongelukkig is hierdie reëls selde nagekom in Israel. (2Kon19:29; Jes.37:30; Deut.15:12-13; 2Kron.36:21; Lev.26:35-36; Neh.10:32; 5:1-13.de Vaux (1976:174 ) vind eers in die helenistiese periode van 163-163vC tekens dat dit gehoorsaam is. De Vaux is ook nie verbaas nie. Sulke reëlings kan beswaarlik werk in 'n ontwikkelde ekonomiese industriële era. Hy vermoed dat dit latere redaksionele invoegings was wat in die ballingskap geskryf is. Maar hy stel tereg : "...Utopian law is a dead letter.." (De Vaux 1976:174). Die vraag is egter of hierdie idealistiese invoegings was en of dit werklike profetiese geïnspireerde boodskappe was, wat die samelewing moes aanspoor tot groter broederskap.

Wat maak die NG Kerke met die grond- en jubeljaar teologie van die Ou Testament? Die kerk moet besef hoe belangrik grondsake en die herverdeling van grond in die huidige bestel werklik is. In 'n verstedelikte konteks moet grond ook verwys na toegang tot lewensmiddele. Grond is veel meer as net vaste kapitale waarde. Die besit van die vrugbaarste landstreke eensydig deur blanke boere, is 'n onregverdige bestel. Hierdie bestel kan nie geseënd wees nie. Indien die grondverdeling nie regverdig gaan plaasvind nie, sal die grond nog met baie bloedvergieting verder verontreinig word. Die swart gemeenskap sal moet

toegang kry tot grond, en die ekonomie. Aan die ander kant kan grondoordrag nie geskied deur die ekonomie skade te berokken nie. Vrugbare landbougrond kan nie bloot aan swart kleinboere uitgedeel word wat dit onekonomies sal verbou nie. Oorgang moet met verantwoordelikheid, opleiding en keuring van aansoekers gepaard gaan. Miskien is historiese aansprake nie genoeg gronde om die beperkte landpotensiaal te misbruik nie.

## 4. Die reikwydte van die omgee van God

### 4.1 Ook die ander volke is ingesluit

Die Ou Testament sien Israel as heilig, maar afgestem op al die volke. Bosch (1991:19) onderskei twee hooflyne in die verhouding Israel en die nasies: Eerstens 'n eksklusiewe isolasie as verbondsvolk, wat geroep is deur 'n heilige God wat jaloers al hul liefde opeis. Tweedens, omdat God self ook die enigste ware God is, is Hy ook besorgd oor die ander volke. Hy stem daarom sy volk af op al die ander volke van die wêreld. As die Nuwe-Testamentiese kerk dan volk van God is, sal die kerk as volk ook enersyds heilig, afgesonderd moet leef, te midde van die ander volke. Dit beteken juis nie laertrek nie, maar juis 'n gerigtheid op die volke rondom hulle. Bosch is hier besig met interpretasie vanuit die Nuwe Testament, en die konteks van 'n veranderende Suid-Afrika, maar Brueggemann (1997:731) herinner daaraan dat die Pentateug eintlik baie "polyphobic" is. Dit was hulle ervaring, maar daar is wel duidelike riglyne vir volkereverhoudinge in die Ou Testament:

#### 4.1.1 Die skeppingsverhaal onderstreep die gemeenskaplike oorsprong van alle volke

Met die skeppingsverhaal word 'n streep getrek deur die verabsolutering van ras en volk. Dit geld vir die ouer Afrikaner volksteologie, maar sekerlik ook vir die Afrika Onafhanklike kerke wat graag roem op die feit dat hulle "isonto labansundu" (kerk vir die bruin rasse) is. Die skeppingsverhaal trek 'n streep deur wit en swart rassisme, en berei die grond voor vir 'n helder begrip van die katolisiteit van die kerk. Lees Gen.1:27-31; 3:20 saam met Hand.17:26. Sien ook Bonhoeffer se interpretasie in De Gruchy (1987:131).

**4.1.2 Die verbondseën is vir alle nasies**

Abraham is die oervader van baie nasies (Gen.17:2-6), en alle volke deel in die verbondseën van Israel (Gen.12:1-3; 18:18-19; 22:18; 26:4-5). So ook moet die kerk as nuwe volk van God 'n seën wees vir al die volke om hulle (Brueggemann 1997:492).

**4.1.3 Diversiteit is verrykend**

Die profete en Openbaring sou egter die eskatologiese visie versterk dat volke elk met hul eie identiteit versamel sal word in die nuwe Jerusalem. Volkereverskeidenheid word erken maar nie verabsoluteer nie. Omgekeerd kan ook gesê word dat die invloei van baie volke in die een katolieke kerk van Christus, die volke gelykstel as broers en volksgenote, maar steeds nie elkeen se unieke eienskappe ophef nie. Die saamvloei in een volk lei nie tot identiteitsverlies nie. Ons is verskillende volke, elk met 'n eie taal, kultuur en aanbiddingsmanier. Juis in ons diversiteit kan ons mekaar wonderlik aanvul. Die verlies aan diversiteit sal die kerk armer laat (Noordegraaf 1981:108). In die verband is die aantekeninge van Ruanon Lloyd ook sinvolle interpretasie van Ou-Testamentiese diversiteit in haar versoeningswerkswinkels in Ruanda en Suid-Afrika.

**4.1.4 Die volke van kleur (Jer.13:23) word nie uitgesonder nie, maar is reeds in die Pentateug onder God se sorg en beskerming**

Hierdie saak word soms desperaat nagevors in die swart gemeenskap om aan te dui dat ook swart mense vir God aanvaarbaar is. Vrae word op jeugkampe gevra soos: Was Adam en Eva wit of swart? (Sien ook Fuze 1986:7-8). Om desperaat te soek na swart begunstigdes in die Bybel is nie die oplossing vir die probleem nie. Die probleem is gewortel in die Apartheidsverlede waar die ervaring van minderwaardigheid die swart wêreld geteister het. Die oplossing lê eerder op die vlak van depolitisering van mense (veral swart mense ) se hermeneutiek, en om God as groot Omgeër voor te stel.

Die teksgedeeltes wat graag in hierdie konteks gebruik word ,is:

Gen.10:6-20 ( Die nageslag van Gam, Egipte, en Nimrod die eerste maghebber); Gen.25:12-17 (Hagar die Egiptiese slavin); Eks. 2: 15-22 (Sippora, Moses se

Egiptiese vrou); Num.12:1-14 ( Moses se Kussietiese vrou) (Adamo D.T. : *An African presence in the Old Testament)*

**4.1.5 . Vreemdelinge in die midde moet versorg word**

Omdat Israel self 'n vreemdeling was, moet hulle uit dankbaarheid vir die Here se verlossing ook die vreemdeling begenadig (Eks.22:21; 23:9; Lev.19:33; Deut.10;18). Die motief is belangrik: As die volk self vreemdelingskap ervaar het, moet hulle dit verwerk en nie hul negatiewe ervaring dupliseer deur ander dieselfde negatiewe ervaring te laat ervaar nie. In die pastoraat aan getraumatiseerde mense in die S.A. samelewing is hierdie konsep belangrik. Die term in die pastoraat aan getraumatiseerdes is "Wounded healers". Die bevrydes moet ook ander kan begenadig en nie uit weerwraak hulle weer verdruk nie (Nouwen 1979)

Die Pentateug gee duidelike riglyne vir die versorging van vreemdelinge (resident aliens) (Dyrness 1979:181). Nie die vreemdeling se lewe of moraliteit nie, maar sy posisie van blootgestel wees vir uitbuiting, laat God vir hom intree. God is so.

So bepaal die Here dat:

* Die oesreste vir die vreemdeling op die land gelaat moet word, met die implikasie: Moet nie

inhalig wees nie, dink aan die vreemdeling wat tussen julle sonder grond en regte woon. Gee hom toegang tot jou seëninge (Lev.19:10; Deut.24:19-22:).

* Lev.19:33,34: Behandel die vreemdeling soos 'n medeburger en wees lief vir hom/haar. Moet hom/haar nie onderdruk nie.

*:Een wet moet geld vir die volk en die vreemdeling. Diskriminasie is sonde. Kan mens dit sterker stel? (Num.15:16,30,31; Deut.27:19 )

* Deut.24:14-15: Die vreemdeling mag nie as huurling misbruik word nie. Hy moet sy loon stiptelik kry. Die Here straf onderbetaling.

* Deut.26:12-15: Elke tiende jaar word oestiendes vir die versorging van die vreemdelinge geëis.

* Deut.29:10,13: Die vreemdeling word by die verbond ingesluit.

(Brueggemann 1997:492)

**4.1.6 Die volk van die Here moet 'n seën vir die nasies wees**

Gen.12:1-3; Eks.19:5-6

Die NG Kerke kan dus nie hulle omgee beperk tot gelowiges van hulle eie ras nie. Hulle kan ook nie net hulle omgee beperk tot Christene nie, maar moet inderdaad 'n seën wees vir alle mense om hulle.

## 4.2 Die omgee van God vir die *personae miserabiles*

### 4.2.1 Wie is die *personae miserables* in die Ou Testament?

Die agtste eeu vC was 'n waterskeidingsjaar vir die volk van die Here. Hier is die volk verdeel in arm en ryk. Mense is toegelaat om mekaar uit te buit en onreg saam met die geldstelsel het die broederlike landelike bestaansverhoudinge vervang. Die armes het al hoe minder gehad en moes al hoe harder werk.Die revolusie van die tyd en die radikale veranderinge in die markstelsel het armoede al hoe meer onder die aandag gebring. Veral die Rekabiete kan uitgesonder word vir hulle weerstand teen die misstande van hulle tyd (Jer.35:6-10). Die misstande het tot gevolg gehad dat die kantlyn mense van sosiale hulp weerhou is, en die Here self vir hulle moes instaan. Die Ou Testament verwys spesifiek na die volgende randmense wat in besonder gehelp moet wees:

* *ebyon* (61 keer) met die betekenis van bedelaar wat skaamteloos sy nood bekendmaak, mens in nood, huisloses (F.J.Pop 1972:16-34)

* *dal* (48 keer): Sonder betekenis, arm en maer te wees. In 2 Kon.25:12 verwys die woord na agrariese proletariaat.

* *rash* (21 keer): Behoeftig te wees, "have-nots"

* *misken* (4 keer): afhanklik te wees. Vandag verwys die term na bedelaars in die Ooste.

* *anaw* : Ootmoedige, voor God en voor mense.

* _*ni*: Afgelei van _*nah* wat beteken om krom te loop, ongelukkig en grondloos te wees (F.J.Pop 1972:16-34)

Die ballingskap en die jare daarna het armoede vererger (2Kon.25:12, Jer.39:7, Kl.1:3,1; 4:4). Die feit is vererger deurdat die volk aan die nuwe owerhede baie meer belasting moes betaal.

De Vaux (1976:73) stel dit dat die profete aan die kant van die verdruktes was (lees Jes.3:14-15; 10:2; 11:4; Am.4:1,5:12). Die deeglik uitgewerkte wette om armes te beskerm in die Pentateug, was egter selde toegepas. Vandaar die profete se klem op die saak.

Verder wys de Vaux (1976:74) dat die armes nooit 'n sosiale groep was nie. Hulle was individue wat weerloos geraak het. Die onreg wat hiertoe aanleiding gee, word deur die profete aangespreek.

Die profete beskryf armoede as 'n verskynsel wat veroorsaak word deur die sosiale en ekonomiese stelsels en deur verdrukking deur individue of ander volke. Dit word as 'n noodsituasie beskryf wat aandag nodig het.

**4.2.2 Die vergeesteliking van armoede**

Kloppers (1984:11) maak die volgende opmerking: "Die feit dat Israel in Egipte verdruk was , was nie die basiese rede waarom God Hom oor hulle ontferm en hulle verlos nie. Die aanleiding tot God se verlossing van sy volk is nie die toestand waarin hulle hul bevind het nie, maar die verbond wat Hy met die aartsvaders gesluit het en waaraan Hy getrou bly. Dit is weer primêr geleë in sy uitverkiesende genade en liefde.(Eks.2:23-25; 19:4-6; Deut.7:6-11). Daarom word rykes nie veroordeel omdat hulle ryk is nie en armes nie begunstig bloot omdat hulle arm is nie."

Hieroor die volgende kommentaar:

* Dit gaan inderdaad in die profete oor die oordeel van mense wat armes armer maak, en nie 'n oog het vir hulle ellende nie. Dit gaan om die onregverdige verkryging en misbruik van rykdom, en die verantwoordelike hantering van besitting. Juis hierdie gesindheid by Israel sou aanleiding wees tot die ballingskap. Onreg laat God nooit koud nie.

* God is 'n God wat alle mense liefhet, en nie gelukkig is as iemand ly nie. Sy volk moet hierdie

eienskap teenoor volksgenoot en vreemdeling uitleef. Volgens die uiteensetting in die Deuteronomiste is dit vereiste vir God se volk. Godsdiens en sosiale besorgdheid is onafskeidbaar in die profetiese geskrifte.

* Nie net die verbondsvolk is objek van God en sy volk se omgee nie, maar die hele skepping is.

* Om die kwalifikasie tot God se versorging tot die verbond te verskraal, is 'n oppervlakkige interpretasie van die verbond.

* Die vraag wat in 'n arm ongelowige se hart opkom as so 'n stelling gemaak word, is of God dan nie vir sy/haar nood omgee nie. Is Hy nie die God wat oor die goeie en die slegte laat reën nie?

* In 'n arm gemeenskap word so 'n stelling gelees as aan die kant van die rykes staan , terwyl die algemene indruk bestaan dat rykdom dikwels met die toepassing van onreg gepaard gaan, hetsy persoonlik, of deur bevoorregting a.g.v. ‘n onregverdige stelsel.

* Waar die Ou Testament rykdom skets as seën van die Here, is dit altyd om deur te gee aan ander, en nie om self op te gaar nie. Dit is die bemiddeling tot milddadigheid . Kyk na die voorbeeld van Abraham, wat tot seën vir alle nasies moes wees en Job wat die armes versorg het en die vrou wat in Spr.31:10-31 geprys word.

* Kloppers (1984:12) maak voorts melding van die feit dat rykdom gekoppel is aan die werksopdrag. In die teorie is dit reg. Maar hoe pas mens dit toe in 'n land waar jaarliks 500 000 matrikulante afstudeer waarvan 10% dalk sal werk kry? Hoe trek mens dit deur na 'n konteks waar werksreservering die swart jeug van goeie skool onderrig en opleiding weerhou het? Dit lyk asof die profete nie belangstel om rykdom goed te praat nie. Hulle is hewig gekant daarteen as dit in 'n onregverdige stelsel bekom is.

**4.2.3 Armoede as teologies-antropologiese verskynsel**

Van Deventer (1988:24 ev) maak tereg die stelling dat armoede in die Ou Testament in Teologies-Antropologiese verband gesien moet word. Hy bevind dat woorde wat na armoede verwys 245 keer in die Ou Testament voorkom. Hiervan is *ani* (80 keer) en *anaw* (25 keer) die woorde wat die meeste gebruik word.

Van Deventer beweer dat *ani* na fisiese armoede verwys en *anaw*, veral in die post-eksiliese era, na die wat arm van gees, nederig en swak is. Laasgenoemde verwys dan volgens sy aanname spesifiek na 'n nederige, religieuse ingesteldheid van wag op die Here. Hierdie begrip sou dan ook volgens hom primêr die Nuwe-Testamentiese begrip van geestelike armoede bepaal. Hierdie onderskeid verdien ook aandag.

* Die teenstelling strook met die profetiese boodskap dat die mens homself nie kan red nie, maar op God moet vertrou, en wag,

* maar laat nie reg geskied aan die profetiese ongeduld met die oorsake van armoede nie, synde die mens wat hom verryk ten koste van andere. Volgens Brown (1976:821) is *ani* afgelei van die woord wat verdruk, verlaag (Lowly) beteken. Vergelyk Lev.19:10; 2Sam.22:28, Job.29:12, Ps.10:9; 12:5; Jes.3:14vv. Dit sinspeel op mense wat ekonomies afhanklik is. Hierdie toestand op sigself vra reeds die kerk se aandag, omdat dit impliseer dat die armes hulle eiendom deur verdrukking verloor het. Die begrip op sigself is teologies omdat die armes op die Here staatmaak vir hulle regsaak. Hierdie toestand kan nooit ignoreer of vergeestelik word nie. Die armes verkeer in bestaansnood en vra om die kerk, as verbondsvolk , se aandag.

*Die onderskeid verloor ook voeling met die Antiek-Oosterse holistiese wêreldbeeld wat nie onderskei tussen die fisiese en die geestelike dimensies van menswees nie.

* Die nederige gesindheid word nie net van die arme verwag nie, maar ook van die ryke. ' n Gebrek hieraan was juis die voor-eksiliese aanklag teen die volk. Jes.58:6-7 beskou ware nederigheid en ootmoed voor die Here as geregtigheid teenoor die verdrukte, die gee van brood aan die hongeriges, en blyplek aan die wat dakloos is, en kleding aan die wat naak is. Nederigheid is nie 'n apatiese wag op die Here nie maar 'n gee van myself in diens aan die mens in nood. Ware arm-wees voor God, as religieuse paradigma het noodwendig fisiese verarmende effek op die welgestelde gelowige. Sy hand sal groter oop wees vir diegene in nood! Op grond hiervan sou ek dus saamstem dat armoede in die profetiese materiaal teologies-antropologies is. Die arm-voor-God-wees rig die gelowige op die medemens in nood. Dit is egter nie 'n gesindheid van oordrewe vroomheid wat in die isolasie van die binnekamer beoefen kan word nie!!

Bauckam (1999:188) identifiseer die Ou-Testamentiese arme as enigeen wat van alle ekonomiese sekuriteit beroof is en op die rand van ondergang leef. Hulle is die kwesbares in die gemeenskap wat geen aansien en status onder die mense het nie. Hierdie definisie verskil radikaal van die sekulêre definisie wat armoede definieer as relatief tot ander se welstand en besitting. Volgens die sekulêre definisie is armoede nie verwant aan bestaansnood nie, maar eerder aan die begeerte om te besit wat my buurman besit, of om hom te oortref in status. Dit gaan egter hier in die Ou Testament om betaansnood van mense sonder grond, sonder werk , sonder hoop en die wil om 'n geloofslewe te hê (Eks.6:8). Hulle word in die gemeenskap ook misbruik.

Die Ou Testament identifiseer die volgende armes: Weduwees, wese, vreemdelinge, gestermdes, bejaardes en dagloners. In die konteks van swart armoede is hierdie kategorië steeds van toepassing. Melding moet reeds gemaak word van die groeiende getal Vigs-wesies in KZN.

Armoede is nie 'n vergeestelikte saak nie, maar verwys na fisiese bestaansnood. Die posisie van die arme word wel soms vergeestelik as paradigma wat by alle gelowiges moet tuishoort (Bauckam 1999: 188)

**4.2.4 Oorsake van armoede in die Ou Testament:**

Die Pentateug toon volgens Bauckam (1999) , Ross (1988:67) en Westermann (1976:95) 'n nou ooreenkoms tussen gehoorsaamheid en seën, asook armoede en ongehoorsaamheid. Hierdie ongehoorsaamheid realiseer in die verdrukking deur ongevoelige medemense: Lenings met hoë rentekoerse ( Eks.2:25-27 ) , onreg (Eks.23:3,6; Deut.1:17), harde werkgewers (Deut.15:7-11), en onregverdige, harde ekonomiese reëls (Deut.24:12-13; 14-15).

**4.2.5 God se keuse vir die arme**

* As die Here reëls neerlê vir die hantering van armoede, dan baseer Hy dit op sy eie Wese: "Ek is die Here..." (Lev.19:18) (Brueggemann 1997:181). Lohfink (1982:131) skets God in die Ou Testament as " ... divine inclining towards those in distress... the poor ... the oppressed."

* Hy is ook nie aannemer van die persoon nie, maar wil dat klein en groot raakgesien word (Deut.1:17).

* Die motief vir omgee in die Pentateug is: "Onthou Egipte, waar julle uit gered word." Uit dankbaarheid teenoor die Here moet die volk omgee vir die mens in nood.

* Die Here laat reg geskied aan die weduwees. Hy tree self in ter wille van die swakkes wat nie 'n ander helper het nie (Deut.10:18)

* As die volk opgeroep word om bejaardes te versorg is die motief: uit eerbied vir die Here (Lev.19:32)

* Ook die gestremdes moet uit eerbied vir die Here geëer en gehelp word (Lev.19:14; Deut.27:18)

Die Here staan nie eenkant as die mens in nood verkeer nie. Hy trek Hom dit aan (Brueggemann 1997:181).

As die VGKSA die Belhar belydenis verdedig, word ook genoem dat God se intrede vir die arme eintlik ook tot genesing van die ryke is. Bauckman (1999:192) praat van die genesing van die ryke se onreg. Die Here se intrede vir die arme is dus nie 'n eensydige kantkies teen die ryke nie, maar die vestiging van geregtigheid onder sy volk. Hierdie geregtigheid genees ryk en arm.
Die motief vir die volk om om te sien na die armes is dankbaarheid, en die wesenseienskap van God as 'n God wat omgee vir die noodlydende.. Hier is geen verdienste in nie.

**4.2.6 Die versorging van die armes is die volk van God se verantwoordelikheid**

Die wat eiendom besit, mag egter nie teenoor die arme inhalig wees nie, hulle is die Here se voorsieners aan diegene in nood. Goudzwaard en de Lange (1995) som dit goed op in die titel van hulle werk: " Beyond poverty and affluance: Toward an economy of care". Die Here vereis van Sy volk 'n omgee-ekonomie. Sien ook Goudswaard (1981): Genoodsaakt goed te wesen. Dit moet egter prakties wees.

**4.2.7 Hulp moet prakties konkreet wees.**

Die riglyne rakende minderbevoorregtes is nie maar net "statement of principle" (Engelhard 1980:14) nie, maar behels praktiese riglyne. Sien ook C Vd Leest (1984:61,65). Prakties was daar volgens Engelhard (1980:14) op vier maniere voorsiening gemaak vir die armes: kos, geld, feesdag voorregte, en regshulp.

a. Kos

Een van die basiese benodighede om lewe in stand te hou, is kos. Daar is op drie maniere voorsiening gemaak vir die armes se kos:

Eerstens: Toestemming om oesreste op te tel (Lev.19:9-10). Die boer en die arbeiders is spesifiek opdrag gegee om iets oor te laat vir die armes. Deut.24:19-21 sluit ook olyfbome in, en meld die weduwee en die wees. Hierdie riglyn het sekerlik implikasie vir die groeiende getal VIGS-wesies in die swart gebiede in Mnambithi, asook die groot getal enkel-ouer moeders.

Erens sal die kerk in sy konsumpsie iets moet oorlaat vir hierdie armes, of so oes dat hulle nie alles wat hulle toekom vir hulleself opeis nie.

Tweedens: Die oorstaan van lande op die Sabbatsjaar. Eks.23:11 is die oudste voorskrif in die verband (Engelhard 1980:15). Lev.25:6 laat ook die boer en sy arbeiders toe om ook van die opslag oes te gebruik. Elke sewende jaar moes die lande rus. Dit het dan nog steeds 'n opslagoes opgelewer wat aan die armes beskikbaar gestel moes word. Hierdie voorsiening dui op vertroue dat die Here sal voorsien as die boer self nie plant nie, dat in die Here se voorsienigheid die arme voordeel gegee moet word, en dat die mens verantwooordelik werk met natuurlike hulpbronne soos die grond. (vd Leest 1984:24)

Derdens: Tiendes van elke derde jaar se oes. Elke jaar moes 'n volle tiende van die oes ingebring word na die tempel toe. Graan, nuwe wyn, olie, eersgeborenes van die vee, moes geëet word in die Here se teenwoordigheid. Elke derde jaar moes die tiende egter aan die armes gegee word (Deut.14:29). Dit lyk asof die Pentateug wil sê dat mense soms weens ekonomiese en politieke omstandighede te honger is om eers vis te vang, of nie visstokke kan bekostig nie. Ernstige broodsgebrek is prioriteit selfs voor of tydens ontwikkeling. Nood-hulpverlening is belangrik.

b. Finansiële voorsiening

Afgesien van kos het die armes ook geld benodig. Geld moet beskikbaar gestel word deur rentevrye lenings, op billike voorwaardes, deur geldvoorsieners wat

nie onnodig hard staan op hul regte om geld terug te kry nie. Dit ten spyte daarvan dat die arme 'n hoë risiko lener is. (Eks.22:25; 22:26) Hierdie bepaling geld vir volksgenote.

Toegepas op die kerke verhouding in Mnambithi distrik sou hierdie riglyn verys dat die meer gegoede gelowiges geld aan die arm gelowiges, sonder rente moet leen. Interessant dat die geld volgens die Pentateug bepalinge nie sommer gegee is nie. Dit was 'n terugbetaalbare lening. Die lener se eer word hiermee gered, en sy integriteit vertrou. Hy word nie tot bedelaar verneder nie: Die "hand-out" hulpdienste is juis dikwels hieraan skuldig.

c. Feesdag voorregte

Veral tydens die Fees van die Weke, en die Fees van die Tabernakel is armes, weduwees, wese en vreemdelinge uitgenooi om aan die fees deel te neem. Hierdie is nie soseer 'n voorsiening van kos nie, maar gee die gemarginaliseerdes geleentheid om op feestelike manier aan die gemeenskap deel te kry. Hulle kan nooit sulke feeste bywoon nie, omdat hulle nie aan die gasheer duur geskenke kon bied nie. Hier word hulle deel gemaak van 'n feestelike geleentheid.

By hierdie feeste was daar jolyt. Die volk was bly voor die Here (Deut.16:11,14). Almal moes hierin deel . Die eenheid van die volk is op sigbare manier gevier. Die armes was deel hiervan. Hulle kon in hulle armoede fees vier en God dank!

Waar die kerk in een dorp bestaan uit uiters welvarende en uiters arm mense, lyk hierdie bepaling na 'n mooi manier om die eenheid van die liggaam te simboliseer, met baie musiek, pret, en lekker verversings. Natuurlik is 'n gesamentlike nagmaalsgeleentheid tussen ryk en arm die hoogtepunt van hierdie feesgeleentheid.

Daar is ook iets in die gedagte van saam eet, wat 'n simboliese waarde het wat ondersoek moet word. Dit simboliseer eenheid, aanvaarding, eensgesindheid, gasvryheid en liefde. Mens eet nie saam met jou vyande nie. Jy nooi nie enige iemand vir ete by jou huis nie.

In hierdie liefdesverhouding is die eet van 'n feesmaal prominent (Deut.12:7; 12; 26:11). Die feesmaal word geken aan die volgende:

* God is self deel van die fees en sit saam aan tafel
*Alle klasse en stande word ingesluit
*Wys terug na die verlossing uit Egipte
*Demonstreer God se liefde
*Die Deuteronomiste het die Monargie weggewens en idealiseer 'n Godsryk waar God self die Koning is.

Bogenoemde stem baie ooreen met Jesus se siening van die Koninkryk van God wat as gevolg van die lang tydsverloop al hoe meer apokalipties ingekleur is. Ook hier word fees gevier. Dit wys heen na die Eksodus wat Christus vir sy volk uit die sondeslawerny bewerkstellig het. Liefde is ook 'n prominente tema van hierdie fees: Liefde van Christus vir sy volk/ sy volk se liefde vir Hom/ en die volk se liefde onderling. Die gelykenis van die verlore seun se tuiskoms herinner ook sterk hieraan.

Die feesmaal en die uitnodiging daartoe kan ook 'n sterk sendingtema wees. Die gesamentlike nagmaal met welgestelde en arm gelowiges in die informele nedersettings kan ook 'n heenwysing na hierdie feestelikheid wees. Dit kan verder ook die liefde wat hierdie fees wou uitbeeld sigbaar laat realiseer.

d. Regshulp

Die gemarginaliseerdes is altyd oop vir uitbuiting in enige gemeenskap. Hulle het nie vriende op regte plekke om te help in nood nie. Daarom vereis Eks.23:6 dat die reg nie van die arme weerhou mag word nie. Deut 27:19 spreek selfs 'n vloek uit op een wat regshulp van die gemarginaliseerdes weerhou. Regshulp is veel meer as die reg op 'n verhoor. Dit sluit ook in die beskerming teen vervalsing van dokumente, lae salaris , en die weerhouding van hulp. M.a.w. regshulp dui op die intree ter wille van die regte van die arme. Sien ook Gossai (1993:245).

### 4.3 Liturgiese ruimte vir weeklag

Die Klaagliedere sowel as die Eksiliese Psalms druk die diepte van die volk se pyn uit. Hulle oë is gedaan gehuil. Hulle ervaar geen vrolikheid meer nie. Dit is 'n emosiebelaaide ervaring. Brueggemann (1997:470),in reaksie op die

teenoorgestelde piëtistiese siening, sien hierdie literêre vorms van weeklag, en aggressiewe aanklagte teen God as diepe uitdrukkings van 'n geloofsvertroue in God en nie as tekens van ongeloof nie. Hy noem dit 'n "act of hope". Ongeloof sou eerder tot uiting kom in apatie en gelatenheid. God het 'n oor vir die mens in nood. Hulle mag maar kla!

Boyce (1988:19 e.v.) onderskei die volgende uitdrukkings van weeklag:
i. *qr'* (Om hard uit te roep)
ii. *z'q / s'q* (Pynkreet te uiter soos in Job.19:7, Ps. 146:47)
iii. *'nh / hgh / hmg* (Kerm van die pyn en ongemak soos in Ps.42:6,12)
iv. *šw'* (Om hulp te roep, soos tydens verkragting binne 'n dorpsgebied)

Hierdie uitdrukkinge van weeklag is gevolglik baie relevant vir die bediening aan die mens in nood. Die volgende redes word aangegee:
a. Die Klaagliedere gee op persoonlike sowel as gemeenskapsvlak die vrymoedigheid om eerlik te wees oor die mens se pyn. (Ps.13:3; 22:11,19-20; 28:1-2). Dit is asof hierdie lektuur wil leer: Julle mag maar weeklag. Julle mag maar ween. Brueggemann (1997.:472) praat van die mens se mandaat om te kla en eie lot voor God te kom bepleit.
b. Die openbare aspek van weeklag, deur professionele klaagsters/klaers stem ook ooreen met die gebruik in Afrika om luid in die openbaar te weekla. Veral tydens begrafnisse en gemeenskapsrampe kan so iets voorkom. Hierdie antiek-Oosterse gebruik wil ten minste in Afrika kom leer dat die Westerse inhibisie rondom die uitdrukking van hartseer nie normatief hoef te wees nie. .Die ruimte vir weeklag binne die liturgie van die volksbyeenkoms in die tempel, laat die vraag ontstaan of daar nie ruimte hiervoor gemaak moet word binne die Afrika liturgie nie.
c. Dit bring my by die volgende pluspunt van openbare liturgiese weeklag, soos dit voorkom in die klaagliedere van die Ou Testament: Dit bied geleentheid om in die geloof weer toevlug tot God te neem.

**4.3.1 Gebed en voorbidding**

In die noodgeteisterde persoon en gemeenskap se lewe raak gebed geweldig aktueel. So ook word God se genade weer ervaarbaar werklik. Eybers (1978:144) noem ook as element van die Klaagliedere die "vlug na God in gebed" Sien byvoorbeeld Kl.3:55; 1:9,11,20; 2:18-20; 4:11,16. Boyce (1988:59) noem ook weeklag 'n "technical term for prayer".

Boyce (1988:34) werk in detail die houding en prosedure van die weeklag uit, wat ook in 'n liturgie sinvol ingewerk kan word. Hy onderskei toenadering, houding, klag, reaksie op nood, stel van die saak voor God, die aanklag van God, en die geloofsdank wat soms voortydig geuiter word. Sien in verband met voortydige dank ook Brueggemann (1997:476).

Hierdie klaagliedere druk in die pyn ook weer geloof uit dat God uitkoms sal bied. Hy is in beheer. Hy wil verlos (Kl.3:58-59). Hy wil die straf beëindig (Kl. 4:22). Te midde van die weeklag bied die klaagliedere ook altyd weer die weg na heil en verlossing (Eybers 1978). Mens sou kon praat van aktuele aardse heilsverkondiging. Vir die arm gemeenskap is hierdie konkrete geloofservaring altyd weer vernuwend en duidelik.

Saam met die geloof word ook ongeloof verwoord: God slaap. God het ons vergeet. Die Deuteronomiste sou volgens Miller (1994:32) die ongeloof vervang met skuld erkenning. Maar hier kom ongeloof saam met geloof na vore. Mag die mens in nood twyfel? En dit verwoord? Ja! Want God is groter as ons ongeloof. Miller (1994:32) stel dat hierdie Psalms juis 'n reaksie was op die starre geloof van die Deuteronomiste wat die genade van God beskou het as gewortel in die waarhede wat altyd sal staan , ten spyte van die mens se reaksie. Die Klaagliedere wil leer dat dit deel van die mens se aard is om in krisis ook in geloofsvertwyfeling te verval.

Job word ook gesien as 'n reaksie teen die Deuteronomistiese moralistiese geskiedskrywing. Die lewe is nie so eenvoudig in moralistiese kategorië te

verdeel nie. God is nie gepreokupeer met die mens se toestand nie (Miller 1994:32). Alles kan nie altyd verklaar word nie.

Die Klaagliedere het 'n sterk moreel-etiese basis. Die lyding en weeklag bring die mens weer tot introspeksie en selfondersoek, wat uitloop in skuldbelydenis.

### 4.3.2 Liturgie as alternatiewe plek vir hoop-metafore

Brueggemann (1991:209) sien die profetiese gebruik van liturgie as die skep van alternatiewe visie en hoop-metafore binne die ballingskap. Hier word God werklik ervaar as groter as die mens se beperkte vermoë. In die bediening aan die arm Afrika gemeenskap sal die liturgie van die openbare erediens ook hierdie belewing moet laat realiseer.

### 4.3.3 Die klem op die hart van die mens

Die skrywers van Deuteronomium lei nuwe Teologiese taal in deur te praat van die hart van die mens (41 keer net in Deuteronomium). So word ook gespesifiseer dat God met die hele hart liefgehê moet word (Deut.6:5), en dat die wet in die mens se hart geskryf moet word (Deut.6:6). Die nuwe lewenswet mag nie gemarginaliseer word tot die kultus nie, maar moet die beheersentrum van die lewe inneem.

## Hoofstuk Vyf: Prinsipiële besinning: Omgee in die Nuwe Testament

### Inleiding

Die Nuwe Testament het 'n radikale nuwe benadering tot die sending en menseverhoudinge ingelei, wat sentreer rondom die persoon van Jesus Christus, sy geboorte, lewe, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms. Daarom is 'n Missionêre verstaan van die Ou Testament onvolledig sonder die lig van die Nuwe Testament.

Hierdie hoofstuk wil nie probeer om die baie volledige funderings vir die sending en die barmhartigheidsdiens vanuit die Nuwe Testament te herhaal of te verbeter nie. Met die een oor op die konteks van Afrika armoede in die nuwe SA, en die ander op ons selfverstaan as NG Kerke, moet geluister word na 'n seleksie van Nuwe-Testamentiese temas rakende omgee vir die mens in nood. Die volgende temas word geselekteer.

1. Die liefdesgebod word in die Nuwe Testament geradikaliseer

2. Die mens Jesus Christus, sy houding teenoor mense in nood: Rolmodel en bemagtiger van Koninkrykstekens van liefde en omgee

3. Die kerk as omgee-gemeenskap

3.1. Onderlinge omgee

3.2 Omgee vir buitestaanders

### 1. Die liefdesgebod word in die Nuwe Testament geradikaliseer

Volgens die Nuwe Testament is dit die kerk se taak om die mensdom te versamel in 'n gemeenskap wat uit die dood na die lewe oorgegaan het en nou in gemeenskap met God en met mekaar leef as die "Nuwe Volk" van God in die wêreld (Jeremias 1975:159). Hierdie gemeenskap leef in 'n liefdesverbondenheid met die Skepper wat hulle nou durf "Vader" noem. Die Vader-kind verhouding word gekenmerk deur vertroue, vrede en geborgenheid in liefde. Lyding word as werklikheid aanvaar, maar verloor nou die betekenis van straf. Daar is nie meer vrees nie, want

hierdie liefde dryf die vrees uit (1 Joh.4:18). In hierdie gemeenskap word die lede van die gemeenskap in liefde op mekaar gerig, en dra hulle mekaar se laste.

God is hulle Vader en hulle word mekaar se broers en susters. As broers en susters leef hulle onder die wet van die liefde van die Vader. As huisgenote, en herskape beelddraers van die Vader leef hulle nou ook hierdie liefde uit na ander. Dit alles as gevolg van, en ter wille van hulle innige verbondenheid met die Vader. As iemand op God se liefde reageer word hy getransformeer in iemand wat liefhet (Morris 1981:185). Die totale wese van die nuwe volk is gerig deur die wet van die liefde (Joh.13:34). Hulle onderlinge verhouding en die verhouding selfs met die wat die verste staan , die vyande, word deur die liefde gekenmerk. Waar die kerk liefhet, word tekens van die Koninkryk opgerig.

Die liefde is nie 'n nuwe gebod nie (Lev.19:18), maar die Nuwe Testament se interpretasie daarvan is verrassend nuut in die volgende opsigte:

a Christus se vervulling daarvan as die Lydende Kneg . Die motief is nie meer vrees en gehoorsaamheid aan 'n dooie wet nie, maar 'n veranderde hart en die werking van die Heilige Gees.

b Hierdie liefde is anders as menslike, natuurlike liefde. Dit is nie op selfbevrediging gerig nie maar op selfontlediging, en vind juis die bestemming in die leegword vir God en medemens. Dit is nie 'n passie of sentiment nie. Ook as die kerk die wêreld ingaan as gestuurdes is die liefde die dryfkrag. God se liefde vir mense (Joh.3:16) dryf (2Kor.5:14) die kerk na liefdesdiens.

c. Die liefde is nou verbind aan geloof. Bultmann (Morris 1981:190) stel geloof en liefde identies aan mekaar : "This love in fact can be nothing other than faith". Brunner (Morris 1981:190) noem geloof die houer waarin God sy liefde uitstort. Geloof , hoop en liefde is een. Luther (in dieselfde werk van Morris ) stel dat mens nie kan glo alvorens jy oortuig is van God se liefde nie. 1Joh.3:16-17 en Jak.2:14 bevraagteken die geloof van mense wat nie omgee vir die fisiese nood van hulle medemens nie. Geloof stem dus die mens op die ander se nood af. Sonder geloof kan die mens nie liefkry nie.

Liefde word in die Nuwe Testament deur verskeie woorde uitgebeeld waarvan die volgende die belangrikste is:

*Philia* wat verwys na vriendskap en medemenslikheid. Hierdie woord word mees algemeen gebruik in die sosiale konteks van die Nuwe Testament. *Philia* liefde word gebou op "common interrest and taste" (Morris 1981:117). C. Brown in sy Nuwe-Testamentiese Woordeboek (1976:538) sien *Philia* as :... love for things in the sense of being fond of."

*Storgé* wat verwys na natuurlike saambindende liefde soos binne 'n gesin, of die gevoel van moeder teenoor kind. Hierdie liefde word lewend gehou deur wederliefde, en kom nie outomaties nie. Daarom is hierdie liefde eie aan alle gewone menslike gedrag, en nie uniek aan die kerk nie.

*Eros.* Die woordgroep kom glad nie in die Nuwe Testament voor nie, maar wel in Griekse sekulêre literatuur. Die betekenis van die woord is: "...brought into action by the attractiveness of the object loved" (Morris 1981:125). C. Brown (1976:539) sien die woord veral in konteks van sensuele aangetrokkenheid van mense van teenoorgestelde geslag.

*Agapé .* Hierdie woord was nie ten tye van die Nuwe Testament skrywe in algemene gebruik nie. Stauffer in Morris (1981:124) vind die term is "...almost completely lacking in pre-biblical Greek." Dit word 20 keer in die LXX gebruik. Die nuwe kerk moes 'n nuwe term vir hulle unieke paradigma oor die liefde skep. ' n Woord sonder swaar betekenis lading is uitgesoek en van nuwe betekenis voorsien.Die ou populêre woorde was onbevoeg om te sê wat die Nuwe-Testamentiese liefde werklik is. Agapè verskil juis van die populêre woord *eros* , daarin dat dit "..loves even the unlovable..." (Morris 1981:127). Brown (1976:539) beskryf die woord soos volg: " ... it is not the man's own longing for possession or want that is meant, but a generous move by one for the sake of the other."

Woorde van die *agapè* familie kom 341 keer in die Nuwe Testament voor met die hoogste voorkoms in die Johannes-briewe (52 X in 1 Joh.) en Efesiërs (22x). Dit kom 118 x in Paulus se geskrifte voor (Pastorale briewe uitgesluit). In

moderne teologie is daar nie meer eenstemmigheid oor die interpretasie en gebruik van die *agapè*-woordgroep nie. Die bestek van die studie laat nie ruimte vir hierdie debat nie. Vir die doel van die studie word die bogemelde tradisionele interpretasie aanvaar.

Indien die NG Kerk, as kerk van die Koning van Liefde, op Hom gerig wil leef, sal die *agapè*-liefde ook ons totale kerkwees moet rig. Binne elke gemeente, teenoor mekaar as kerke familile, kruis kultureel, teenoor ander kerke en teenoor die wêreld. Dit gaan nie hier om *epithymia* (passie/ begeerte/ seksuele begeerte), of *philia* (vriendskap/ medemenslikheid), of om *storgè*(natuurlike saambindende liefde soos binne 'n gesin/ gevoel van moeder teenoor kind) nie. Die Here vereis van die NG kerkefamilie juis *agapè* (" to love the unlovable"). Wat kan vir 'n Zoeloe wat deur die situasie van apartheid en werkreservering gegaan het erger wees as om 'n witman lief te hê? "Ubuntu" (Afrika humaniteit) word vandag sterk bevorder, maar as 'n eklusiewe swart gemeenskapsgevoel wat "non-blacks" doelbewus uitsluit. Wat kan erger wees as om 'n witman te vra om die swartman lief te hê? Menslik is dit onmoontlik. Veral in die konteks van regstellende aksie , veediefstal en plaasaanvalle . Verwys na die Voorsitter van die Moderamen van die NG Kerk in die Vrystaat se reaksie op die reeds meer as 900 plaasmoorde die afgelope dekade: Die opskrif by die artikel in Die Kerkbode 165(6):2) lui: " Plaasmoorde verhard SA'ners se gesindhede, sê Vrystaat-moderator." En tog is daar een band wat ons aanmekaar bind: Die liefde waarmee die Here ons almal eerste liefgehad het. Dit is die kerkefamilie se lot om binne die nuwe Suid-Afrika juis "the unlovable" lief te hê. Dit is teen die menslike (wit en swart) aard. Dit is egter God se aard. Hy het so lief. Trouens hierdie liefde is so sterk by God dat Hy Homself ontledig het aan die kruis vir mense wat sy vyande is. (Mat.7:11; Luk.11:13).

Hierdie *agapè*-liefde is dan ook die basis as die kerk in behoeftige gemeenskappe betrokke raak. Ek wil vervolgens kyk na die interpretasie van hierdie liefde in die lewe van Jesus Christus en in die vroeë kerk, spesifiek met betrekking tot die armes en behoeftiges.

## 2. Die mens Jesus Christus, sy gesindheid teenoor mense in nood: Rolmodel en bemagtiger van Koninkrykstekens

Bosch (1991:31) , as plaaslike eksponent van die moderne teologiese herwaardering van die missie van "die historiese" Jesus, sien Jesus as rolmodel vir die moderne kerk :Hy is die Woord wat vlees geword het en is na sy vleeslike bestaan openbaringwoord wat die menslike lewe aanspreek en inspireer. 'n Studie van sy hantering van armes sal dus vir die kerk as voorbeeld dien en ook die hart van God- Drie-enig duideliker openbaar.

Jesus is rolmodel, openbaring van God se hart, maar hy is ook Verlosser, wat die Ou Testamentiese beloftes van die Koninkryk van God naby laat kom het. Hy is God wat tussen mense kom woon het. Ons kan Hom nooit los van sy Teologiese diepte en Trinitariese Eenheid bestudeer nie. Hy is helaas meer as net 'n etiese rolmodel en wysheidsprofeet ("sage"). Juis omdat Hy God is , kan Hy dit vir die mens moontlik maak om sy voorbeeld ook na te volg. Hy bemagtig die mens om op aarde 'n Godgelykvormige lewe na te streef. Hierdie "anders" lewe is "transendente gawe van God" (Lotter 1996:2). Wat was Jesus Christus se gesindheid jeens die armes? Die volgende temas word uitgelig:

a. Jesus se solidariteit met die armes

b. Die gelykenisse van Jesus rakende armoede

c. Ander lering *(didache)* van Jesus rakende die armes

d Die simboliese dade van Jesus se bediening wat sy omgee reflekteer as tekens van die koninkryk

### 2.1 Jesus se solidariteit met die armes

Jesus beklemtoon dit sterk dat die Koninkryk vir almal in die Joodse ryk is en kom in konfrontasie juis as die Fariseërs sekere mense wil uitsluit. Dit geld in besonder vir die gemarginaliseerdes: Die blindes, melaatses, hongeriges, sondaars, tollenaars, demonies besetenes, vervolgdes, gevangenes, kinders, weduwees, vroue en prostitute. Jesus illustreer solidariteit met die mense in nood deur met hierdie mense te sosialiseer, en na hulle nood uit te reik. Hierin verskil

Hy radikaal van die deursnee Joodse instelling van sy dag, en radikaliseer hy die Ou -Testamentiese etiek jeens die gemarginaliseerdes.

Hierdie gemarginaliseerde mense na wie Jesus uitreik, is angstig oor die toekoms omdat al hulle sekuriteite ontneem is (Matt.6:34). Hulle leef onder die broodlyn (Matt.6:25). Jesus spandeer die grootste deel van sy bediening tussen hierdie mense . Hy maak 'n keuse om aan hulle aandag te gee:
*As Hy sy dissipels kies, soek hy tussen gewone mense: Arm vissermanne en tollenaars (die verwerpte volksverraaiers).
* Die magnificat (Luk.1:51-53) draai vyf keer die voorspoed weg van die belangrikes ten gunste van die armes (du Toit 1994:190). Dieselfde gebeur met sy bevestigingsrede (Luk.4:18).
* As Hy gebore word, is dit van eenvoudige ouers wat die arm opsie van twee duiwe vir die reinigingsoffer moes kies (Luk.2:24). Sy pa is 'n skrynwerker (*teknon)* . As ambagsman sou hy tot die laer-middelklas-bloukraag-werkersgroep behoort het (R.E. Brown 1996:67)
*Die skares wat Hom gevolg het was ook meestal die gemarginaliseerdes en die uitgeworpenes. Goergen (1990:222) noem hulle die "... publicans, sinners, the uneducated and backward, the socially disreputable, the sick, those possessed by demons, children, women.... living in economic poverty as well as without status in society." Jeremias (1975:109 e.v.) identifiseer hulle as sondaars (Mark.2:16; Matt.11:16; Luk.15:1; Matt.21:32). Die sondaars is meer as net wetsoortreders, hulle was mense "...engaged in despised trade...". Hulle was ook geringes, eenvoudiges en ongeleerdes (Mark.9:24; Matt.42; 18:10). Hierteen sou mens ook kon noem dat welgesteldes ook na Jesus gekom het . Soos Saggeus en Nikodemus (Luk.19:2-8; Joh.3:1-4). Dit lyk egter nie asof die rykes in massas agter Jesus aangeloop het nie, maar enkelinge het Hom wel gevolg.

Jesus se inklusiewe bedieningstyl is baie opvallend (Bosch 1991:28-29). Dit sluit in en nie uit nie:
Beide arm en ryk. Hy voer nie 'n veldtog teen die welgesteldes nie. Hy is nie net aan die kant van die armes nie. Schrage (1988:104) verduidelik hierdie standpunt duidelik. Jesus was nie gekant teen die welgesteldes nie, maar wel teen die

verkeerde aanwending van rykdom wat nie die heil van die medemens gesoek het nie. So kon Simon en Andreas hulle huis behou, na hulle aansluiting by Jesus, maar die huis was beskikbaar vir Jesus se bediening in Kapernaum. Sy bediening was in wese gekant teen 'n selfsugtige konsumpsie mentaliteit wat die kultus en die medemens uitgebuit het vir eie voordeel.

Die interpretasie van die bediening en lewe van Jesus bring mens voor die keuse of die term "armes" sou verwys na diegene wat fisies en ekonomies verarm is, en of die term eerder verwys na die wat geestelik arm is voor God. Schrage (1988:23) in lyn met meeste kontemporêre teoloë wil eerder nie 'n keuse tussen die twee interpretasies maak nie, maar verkies om beide interpretasies te kombineer. Redes vir die keuse blyk te wees:

a. Vanweë die holistiese aard van Jesus Christus se aardse bediening.

b. Dit sou ook in lyn wees met die Ou-Testamentiese gebruik van die woord.

c. Die Here se grenslose genade soos uitgebeeld in Matt. 5:45-48 sou ruimte laat vir so 'n tweeledige interpretasie.

**2.1.1 Die beeld van Jesus as die een wat selfopgelegde armoede verkies**

2 Kor.8:9: "Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: Hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word." Net so ook het sy dissipels alles verlaat om Hom te volg (Matt.8:20/ Luk.9:58; Matt.4:18-22/Mark.1:16-20; Luk.5:1-11; Joh.1:35-51; Luk.13:33) , en word sonder 'n reissak uitgestuur (Mat.10:1-6; Luk.9:1-6; 10:1-12).

Uit bg. lei Brown (1976:825) af 'n: ".. conscious identification with the poor..." Jesus Christus se selfontlediging was uit omgee vir die mens se diepste nood. Soos 'n goeie Herder lê Hy sy lewe af vir die skape, sodat hulle kan lewe (Joh.10:6-17).

**2.1.2 Jesus as die Kneg van God**

Jesus is die Groot *Diakonos*. Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien, en sy lewe te gee as losprys vir baie. (Mark.10:45). Hierin moes sy kerk Hom navolg. Hy gee ons 'n praktiese les daarin in Joh. 13, maar soos die dissipels buig ons moeilik voor mekaar met 'n skottel in die hand. (Mark.8:31;

9:33; 10:35-45). Soveel te meer waar die verhoudinge op die viervoudige skeiding van ras, kultuur, politiek en ekonomiese lyne lê .( du Toit 1998:22)

**2.2 Gelykenisse van Jesus rakende armoede**

Jesus het nooit van Homself as mens gepraat nie, behalwe in die konteks van kruisiging, opstanding, hemelvaart en wederkoms. Sy lering oor die armes sal dus ineengevleg wees met hierdie temas .

Goergen (1990:217) haal Dodd se definisie van gelykenisse aan: " *The parable is a metaphor ... drawn from nature or common life, arresting the hearer by its vividness or strangeness, and leaving the mind in sufficient doubt about it's precise application to tease it into active thoughts.*" Die meeste van die gelykenisse is ingebed in die konteks van alledaagse sosiale verhoudinge waar armoede prominent aandag kry. Min gelykenisse het direk verband met die etiese vrae rondom armoede. Bloot die gebruik van armes in die gelykenisse, en die gerespekteerde rol wat hulle telkens in die klimaks van die gelykenisse speel toon Jesus se erkenning van hulle menswaardigheid en skets sy Koninkryksblik op armoede en rykdom. Die benutting van die armes in die gelykenisse, met eskatologiese toepassing wil ook juis die dubbel karakter van die Koninkryk as geestelik, toekomstig, maar ook fisies nou reeds gerealiseerd voorhou, met die praktiese uitbeelding van die impak van 'n Koninkrykslewe op die armes en uitgeworpenes. Jesus se gebruik van die armes in die gelykenisse, toon ook dat hy heeltyd by hulle en bewus van hulle was. Hy het nie in sosiale isolasie opgetree nie.

Daar is 'n paar gelykenisse geselekteer wat die leser meer wil inlig rakende Jesus se houding jeens die armes. Sonder om in die tegnikaliteite *van ipsisima verba* (outentieke Jesus-woorde) betrokke te raak, word die volgende gelykenisse ter tafel geneem:

**2.2.1 Matt.18:23-35. Die onbarmhartige skuldeiser.**

Die gebruik van hierdie gelykenis is myns insiens die verwysingspunt van al die ander gelykenisse wat op armoede van toepassing is. Die sleuteltoepassing is wel

op vergiffenis gerig (Matt.18:35), maar die beginsel word in Matt.18:33 genoem, naamlik "Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?" (Hendriksen 1976:709). Hierdie beginsel kom ook duidelik voor in Luk.6:36 waar die gelowiges aangemoedig word om barmhartig te wees, "soos julle Vader barmhartig is." Schrage (1988:106) beskou Luk.6:36 tereg as die sentrum van Jesus se etiese lering. Alle lering aangaande die armes gaan van diè standpunt uit. Ons moet as gelowiges barmhartigheid betoon volgens die maat waarin ons barmhartigheid ontvang het. Die volgende riglyne kom hieruit voor:

a. Barmhartigheid vloei nie van nature uit die mens se hart voort nie, maar word opgeroep in konfrontasie met die Here se vergewende genade soos ervaar in die heilswerk van Christus. Die grond vir die betoning van genade is die genade ontvang.

b. Betoning van barmhartigheid vereis die opsê van die gewer se persoonlike reg, waarop hy/sy sou kon aanspraak maak (Schrage 1988:38). Die vrygestelde amptenaar was geregtig op die geld wat hy wou invorder, maar die koning en die ander amptenare was hieroor ontstel, want: " Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?"

c. Aan die hart van hierdie vergiffenisetiek lê die gesindheidsetiek wat alle etiese lering van Jesus onderlê en dikwels geregtigheid en barmhartigheid saam gebruik, soos in Matt.23:23-24, as implikasies van die gesindheidsetiek. Matt.23:25-28 fokus dan ook in die saam gebruik van geregtigheid en barmhartigheid op die "binne" van die mens se hart wat vol hebsug en onmatigheid is.

**2.2.2 Luk.10: 25-37. Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan**

Die volgende interpretasie van die gelykenis is van belang:

a. Hierdie gelykenis is 'n praktiese illustrasie van naasteliefde, wat reageer op die vraag: " En wie is my naaste?" Die gelykenis word vertel in die konteks van 'n teologiese debat rakende naasteliefde, en wil aantoon dat barmhartigheidsbetoning, aards, prakties, en kontekstueel is. Van Rijn (in Noordegraaf 1981:105) sê dat die naaste geen begrip is nie, "... de naaste is een levenservaring." Liefde is nooit net teorie of filosofie nie. Dit raak voetsoolvlak

swaarkry van mense in nood. Hierdie gelykenis is na my mening 'n goeie voorbeeld van praxis-gerigte teologie, en konfronteer juis die dogmatiese teologie van die Wetgeleerde se teoreties verwyderde " ver langs verbystap" verby die nood van 'n medemens. Dit konfronteer ook die Joodse interpretasie dat materiële voorspoed teken is van God se guns aan 'n mens en armoede noodwendig beteken dat God die arme verwerp het. Die "wetsgehoorsames" wat roem op God se guns word hier ontmasker as "wetsoortreders". Hulle apatie is die oortreding. Ongevoeligheid vir nood is sonde.

b. Die gelykenis gebruik hier die onwaarskynlike in menslike sosialisering en toon daarmee aan hoe liefde grense transendeer (Cassidy et al 1984:92). Barmhartigheid is grensloos.

c. Hiermee word die Fariseers se wettiese polifobiese interpretasie van die Ou Testament aangespreek. As mens liefde het, word dit nie begrens tot jou eie soort en groep nie. Almal word die plesion (naaste, een wat naby mens leef) , nie gemeet aan sy/haar verwantskap nie, maar aan die feit dat hy/sy anthropos (mens) is, beeld van God. Hierdie gelykenis beeld die humanitas van die Jesus etiek treffend uit. Soos God oor almal laat reën , so moet sy kerk ook aan almal wel doen. Die vraag se antwoord lê nie in tegniese genetika en religieuse ontleding nie, maar in die omgee-hart van God (Cassidy et al 1984:11).

d. Die gelykenis hef die argument op dat die barmhartigheidseis van Jesus vereis dat alle besittings gelaat moet word. Dit illustreer dat besitreg toelaatbaar is, maar dat besittings altyd beskikbaar moet wees in die verligting van nood (Schrage 1988:105). . Die Priester en Leviet se "verlangs verby" -stap word in die gelykenis veroordeel as die Kultiese geloof wat ver verwyderd is van die bestaanskreet van die gemeenskap. Ware geloof hoor die nood raak in die gemeenskap, en keer nooit 'n dowe oor nie. As agtergrond sou kon dien Hos.6:6 : "Ek verwag liefde eerder as offers...". Jones (in Cassidy et al 1983:92) stel dit so: " The parable is not a pleasant tale about the traveler who did his good deed: it is a damning indictment of social racial and religious superiority."

e. Die "naaste" word gedefinieer as die een wat barmhartigheid betoon het. Die mens wat omgee is die naaste, hy is mens (Noordegraaf 1981:104). Hy het nog nie sy kroon verloor nie. Hy is naaste aan God se beeld. God se naaste. Jesus keer die objek/subjek relasie hier om.

**2.2.3 Luk.12:13-21. Die gelykenis van die ryk dwaas.**

Hierdie gelykenis in lyn met Lukas se tema ryk/arm (Cassidy et al 1984:11) word ingelei met die waarskuwing: " Pas op, en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."

Die Ou -Testamentiese konteks van hierdie gelykenis kan wees die beperking wat daar in die woestyn op die optel van manna geplaas is. Die rede vir die beperking was om inhaligheid teë te werk en die mens te leer om vir elke dag se behoeftes op die Here te vertrou. Hierdie motief is ook deur die profete deurgetrek na die eskatologiese oordeel oor die rykes, waar die Here self sou ingryp om die reg van die geringes te beskerm. Die toepassing van hierdie gelykenis in 'n moderne opgaarkultuur is baie moeilik, maar nodig. Afgesien van die landelike konteks waarbinne die gelykenis geplaas word, wil die gelykenis egter vir vandag se konteks 'n paar sentrale waarhede rakende rykdom en armoede illustreer.

Die rede waarom die gelykenis dan teen inhaligheid sou waarsku, blyk te wees:

a. Die versamelaar van aardse rykdom word in : 21 daarvan beskuldig dat hy nie ryk is in God nie. Sy lewe was selfgerig. God, die gewer van lewe en sukses, was nie sy hoogste prioriteit nie. Jer.5:24 verwag juis dat die Gewer van reën en oes gevrees moet word. Die ryk persoon het hom egter nie aan God gesteur nie. Hy het nie die Koninkryk van God gesoek nie (Matt.6:33). Sy oorvloed het geen verpligting op hom geplaas nie. Daarom kom dit ook nie by hom op om sy oorvloed uit te deel nie.

b. Die futiliteit en tydelikheid van aardse besittings. :15 lees: "...mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."

c Die verbod dat die mens nie sy besittings op homself mag opgebruik nie, maar moet deel met almal in nood (sien ook Hand.2:45; 4:34-35), is vir Lukas die ideale bestaanswyse vir Christene. Daar mag nie oorvloed bestaan onder medegelowiges sonder 'n betrokkenheid by die armes se nood nie (Cassidy et al 1984:11).

## 2.2.4 Luk.16:19-31. Die ryk man en Lasarus

Die gelykenis word vertel aan die Fariseers , wat liefhebbers van geld was (Cassidy et al 1984:11). Volgens Groenewald (1979:154,155) lyk dit of die gelykenis aansluit by die aanklag teen die Fariseërs in Luk.16:14, 15: "Die Fariseers was baie lief vir geld en toe hulle hierdie dinge hoor, het hulle hom beledigend uitgelag. Hy sê toe vir hulle: "Julle is diè wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte. Wat deur die mense as belangrik beskou word, is 'n gruwel voor God." Die Fariseers was, getrou aan hulle interpretasie van die Ou Testament, baie lief vir geld, omdat rykdom vir hulle 'n teken was van Goddelike seën. Rykdom word so nagejaag, om ten minste uiterlik die indruk te skep dat hulle gunstelinge van God is. Armoede en ellende was beskou as straf van God. Toegepas op die gelykenis sou die rykman homself dan ag as seun van Abraham, op grond van sy besittings. Hy sou die arme sien as gestrafde van die Here.

Dit gaan nie hier in die teks om die ryk man wat die arme te na gekom het nie. Dit word nêrens van hom verwag nie. Die arm Lasarus word ook nie geteken as een wat die hemelse saligheid verdien het met een of ander goeie daad, of selfs met geloof nie. Sentraal staan die veroordeling van die ryk man se onsensitiwiteit jeens die arm Lasarus se nood. God is in die gelykenis die een wat naby die armes en noodlydendes is, maar Hy distansieer Hom van die selfsugtiges. Die gelykenis wil dan eerder God se liefde vir die arme openbaar, as teenpool van die menslike oordeel oor die arme en die bewondering van die ryke. Diegene naby aan God word verbind aan die diens aan die armes.

Lasarus (afgelei van Eliëser - God is my hulp) spreek geen woord nie en verpersoonlik die arme wat nie sy/haar ellende meer kan verwoord nie en in stilte ly. Hierdie man wat sy heil van God verwag, word begenadig.

## 2.2.5 Luk.11:5-13. Die Onbeskaamde vriend

Hierdie gelykenis word vertel met die doel om die noodlydendes te herinner aan hulle mandaad om te bid. Dit eindig met die drievoudige opdrag, elk gevolg deur

'n belofte : " Vra, en vir julle sal oopgemaak word,. Soek , en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra ontvang, en elkeen wat soek, kry..." (Hendriksen 1979:612). Volhardende gebed en geloofsvertroue sal altyd beantwoord word. Hierdie wete bied hoop.

**2.2.6 Matt.22;1-14; Luk.14:15-24 Die Koninklike bruilofsmaal**

In die gelykenis word die onwaardige gaste wat laaste genooi is, gebruik om weer die Here se genade uit te beeld waarmee Hy ook uitreik na diè buite die volk van Israel (Cassidy et al 1984:64), as Israel weier om die uitnodiging aan te neem. Die gemarginaliseerdes word ook deur God raakgesien. Uiteraard is die gelykenis van toepassing op die Koninkryk van die Here, wat in Christus aangebreek het, waar die verloste skare sal aansit aan 'n groot feesmaal wat deur die Here vir hulle gereedgemaak is. Groenewald (1979:203) beskou die bruilofskleed as die bekleding met geregtigheid, wat daarop dui dat die wat reageer op die uitnodiging, beklee moet wees met 'n leefwyse wat by die uitnodiging pas. Sonder 'n radikale hartsverandering en lewensvernuwing kan die mens nie die impak van God se Koninkryk beleef en binnegaan nie. Ook die geringes en uitgeworpenes wat deur die Here nader geroep is om in die fees te deel, sal 'n hartgrondige lewensverandering moet ondergaan alvorens hulle die heerlikheid van God se ryk sal kan binnegaan. Armoede is ook geen kwalifikasie nie.

Alhoewel hierdie gelykenis streng eskatologies verklaar word, is die Koninkryk ook nou reeds aan die kom in Christus. Die implikasie van dié stelling is dat ryk en arm nou reeds die vreugde van die hemelse fees kan ervaar as hulle van harte hulle na die Here wend. Hiersonder is alle verkondiging, hulp en ontwikkelingswerk beperk, en niks meer as 'n dowwe skaduwee van die werklikheid wat kom nie.

Die ideaal van Christelike transformasie, in navolging van Christus, is dat die mens wat reageer, die vreugde van 'n nuwe lewe nou reeds feestelik moet kan geniet, as voorteken van die hemelse feesmaal wat in die nuwe bedeling ten volle ervaar sal kan word. In hierdie feestelike vier van die toekomende Koninkryk is die plek van die armes aan tafel die "bottomline" vraag vir kerkwees in die

wêreld (Bruwer 1994:48 e.v.). Hierdie saam sit met die armes en uitgewekenes is volgens Bruwer (1994) baie moeilik want dit maak die mens "deel van 'n trop" waar die individu se gesag en status gestroop word. As so 'n individu nie veilig voel in God se hande nie, gaan die aansit aan hierdie simboliese tafel 'n vernedering wees. Daarom sal hulle wie se oë verblind geraak het vir die arme se nood, baie ontuis voel in hierdie gemeenskap. Nou, maar ook in die realiserende toekoms. Hier is geen ruimte vir paternalisme en meerderwaardigheid nie. Hier is almal broers en susters in die Here, met gelyke status. Ons sit almal langs mekaar. Die Gasheer sit aan die ereposisie. Juis die kerk in die nuwe SA sal hierdie feesmaal 'n werklikheid kan maak deur te midde van rasse konflik en ekonomiese stratifikasie, mense uit al die groepe in die samelewing saam om 'n Nagmaalstafel te laat aansit.

**2.2.7 Matt.25:31-46 Die skeiding van skape en bokke**

Streng gesproke het ons nie hier met 'n gelykenis te doen nie, aangesien net die verwysing na skape en bokke wat verdeel word, hieraan beantwoord. Die gedeelte wys wel heen na Eseg. 34 waar die gelykenis voorkom van God as die herder en die volk Israel as die kudde. Die beeld dui op die laaste dag waarop die "Seun van die mens" sou kom om die finale oordeel uit te spreek. As endvisioen stem dit ooreen met Dan.7:13-14

Hierdie gelykenis bied aan die gelowige in verdrukking die volgende troos:

a. Die Here, na aanleiding van die Eseg.34 gelykenis, sal self die onbevoegde herders oordeel, en dan self vir die skape sorg (:15) . Die oordeel word ook hier gespesifiseer: Die skape word verdruk, en die weiding en water vertroebel. Hulle hoef nie te vrees nie, die Herder sal hulle saak opneem.

b. Aan die regverdiges word gesê dat hulle die geringes versorg het, en bemoeienis gemaak het met hulle. Hiervoor sal hulle beloon word (1 Kor.3:9-15). Die onregverdiges is skuldig aan die weerhouding van versorging aan die noodlydendes, en nie aan groot onregverdige behandeling van die geringes nie.. Die maatstaf waarmee geoordeel word is omgee vir die medemens in nood. Hiermee wil die Here dan sy kerk aanmoedig om uit te reik na alle vorme van nood wat die "geringstes" mag ervaar.

c. Die geringes verwys hier spesifiek na Jesus se dissipels (Matt.12:50). Gal.6:10 verwys na medegelowiges. Die Here het 'n besondere noue band met medegelowiges , veral met die wat swaarkry. Die nuwe sekulêre gelykstelling van alle mense hou nie hier water nie. Mens moet wel waak teen die eksklusiewe uitsluitende interpretasie van hierdie gelykenis. Luk.10:25-37 het ook ruimte vir hulpverlening buite die geloofsverband en volksverband om. Soos die Vader sy son oor almal skyn, moet die gelowiges ook aan almal barmhartigheid betoon (Gal.6:10). Die konteks van hierdie gelykenis is egter toegespits op die huisgenote van die geloof.

d. Die nood wat aangespreek word , is nood aan basiese bestaansmiddele wat ook steeds die armste gemeenskappe in SA teister: Watervoorsiening, huisvesting, beskermende bekleding in uiterste klimaatstoestande, gebrek aan verpleging tydens siektes (Vigs tuisversorging?), gevangenisbesoeke. Die vraag is of hierdie nood net op individuele basis toegepas moet word, en of dit op gemeenskapsvlak ook relevant is. Die minste wat gesê kan word , is dat Christene nie dit mag ignoreer as een ander gelowige een van hierdie behoeftes toon nie. Hoeveel te meer 'n hele gemeente en 'n hele gemeenskap. As 'n kerk hierdie nood miskyk, sal hulle nie hierdie toets slaag nie. Bruwer (1994:12) noem die medemenslikheid die "acid test for true Christianity".

## 2.3 Ander lering (didachè) van Jesus rakende die armes

### 2.3.1 Die Bergpredikasie

Buiten die gelykenisse is daar ook in Jesus se lering duidelike riglyne rakende die nood van die armes. Die Bergpredikasie (Luk.6:20-6:49; Matt.5-7) word dikwels beskryf as "...epitomizing the ethical teaching of Jesus" (Guthrie 1976:899) . Daarom word dit uitgelig om die aksent op die armes raak te hoor. In die studie van die Saligsprekinge moet die volgende in ag geneem word:

a. Dit het betrekking slegs op diegene wat hulle verbind om dissipels van Jesus te wees (Guthrie 1976)

b. Makarioi (geseënd) is hier meer as net gelukkig. Dit beteken eerder 'n gelukwensing, of aanprysing (Guthrie 1976) van 'n optrede wat deur die Koning van die kerk aangemoedig wil word.

Veral Lukas se weergawe van die saligsprekinge trek die lyn baie duidelik deur na die minder bevoorregte mense in die samelewing. Vergelyk Luk.6:20-26 ; Luk.6:30,31; en Luk.6:35-36. In die verlede is baie pogings aangewend om Lukas se weergawe van die saligsprekinge te vergeestelik. Die essensie van letterlik kant-kies vir die arme kan nie in Lukas verby gekyk word nie (Cassidy et al 1983:11). Lukas (6:20) se weergawe van die saligsprekinge interpreteer "armes" as letterlik, terwyl Matteus 5:3 dit lees as die wat arm voor God is. Jeremias (1975) betoog dat Lukas die meer oorspronklike weergawe van Jesus se woorde is, aangesien dit ook so voorkom in Mat.11:25; en Luk.7:22.

**2.3.2 Restitusie na onreg gepleeg is.**

Jesus se ete by Saggeus (Luk.19:8) vertel die verhaal van 'n welvarende tollenaar, wat die helfte van sy besittings aan die armes uitdeel, en vierdubbel teruggee aan diegene wat hy onregverdig behandel het. Jesus se reaksie hierop was deur te sê dat daar op daardie dag redding vir daardie huis gekom het. Deel van die herstel wat Christus bewerk in Saggeus se lewe was ook die restitusie van gepleegde onreg. Hierin word ook Saggeus se menswaardigheid herstel (Cassidy et al 1983:11).

**2.3.3 Die missionêre doksologiese intensie van barmhartigheidsdiens**

Matt.5:13-16 vergelyk die volgelinge van Jesus met sout en lig in die wêreld. Hulle moet hulle lig so skyn voor die mense, "... dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." 'n Kerk wat omgee bring die wêreld tot 'n doksologie, waar die eer aan God gebring word.

Mark.9:50 plaas die verwysing na soutwees in die konteks van 'n vredevolle onderlinge bestaan in die geloofsgemeenskap. Dodd bring hier die sout in verband met die tafelgemeenskap, en sien die interpretasie van sout as gasvryheid. Schweizer bring die sout in die gedeelte in verband met die offerdiens, en trek die lyn deur na offervaardigheid (Rom.12:1-2). (Versteeg 1980)

**2.3.4 Die Jubeljaarbeloftes in Jesus vervul (Luk.4:16-30)**

Arias (1984:33) beskou die gedeelte as 'n proklamasie van die Koninkryk van God geïnspireer deur die ou Jubeljaar wette. Hierdie wette is waarskynlik nooit

nagekom in antieke Israel nie, maar die ideaal kan nou in Christus konkreet werklik word: " Jesus called for Jubilee practices here and now..." (Cassidy et al 1983:35). Daarom bed Jesus sy historiese bediening in die profetiese hantering van die Jubeljaar. Hiermee verkondig Jesus dan dat die genadejaar van God soos in Jes.61 aangekondig is, nou in Hom vervul is. Die mens wat vervreemd geraak het van God, medemens, die aarde as lewensbron, en die self, kan weer in al die verhoudinge herstel word en heel, volwaardige mens word. Die herskepping kom in werking met die optrede van Jesus (Brueggemann 1977:xii)

Die boodskap van die gedeelte is eenvoudig dat God in Christus verlossend ingegryp het in die wêreldgeskiedenis. Die mens se nood word deur God raakgesien. Die Sending van Jesus en die latere kerk word getipeer as heilswerk, ingestel op die genadejaar van God wat die mens se nood ernstig opneem.

Wat is die nood hier ter sprake? Sou mens van die gedeelte 'n politieke model vir rewolusie wou maak, soos dikwels met Ou-Testamentiese Jubeljaar gedeeltes gemaak is in Latyns Amerika (Arias 1984:35)?

Nie in 'n eng politieke sin van 'n nuwe politieke paradigma wat met geweld moet aanbreek niè, maar wel 'n genadejaar wat holisties in Christus aangebreek het wat die mens (verdrukker en verdrukte) as beeld van God wil herstel. Dit sou ook insluit die herstel van strukture en gemeenskappe.

God gee die mens weer kans om te leef. Beperkende faktore (armoede, gevangeneskap, onreg, blindheid) verdwyn as teenkragte in die skepping. Hierdie teenkragte word in die optrede van Jesus as sodanig uitgelig, en die tyd van optrede teen hulle is nou.

Met die gedeelte plaas die prediking van Jesus die Joodse Apokaliptiek binne die ongemaklike spanning van alreeds en nog nie. Vir lank kan hulle dit eensydig vanuit die ver toekomstige realisering hanteer. Die skielike "nou" konfronteer die gehoor met onreg in hulle huidige sisteme. Die klem op genade en die

weglaat van die oordeelsuitsprake skep ook konflik met die Joodse eksklusivisme ( Jeremias in Cassidy et al 1984:81). bring onmiddellike konflik in die gehoor.

## 2.4 Simboliese dade van Jesus onder die noodlydendes as teken van die nuwe Koninkryk

Lukas is die sinoptiese evangelis wat die duidelikste uiting gee aan konkrete dade wat Jesus se solidariteit en omgee met die noodlydendes aantoon, soos dit met die wonderwerke na vore kom. Hy koppel hierdie dade aan verlossing (*sóteron)* .Die term druk 'n wye verskeidenheid van tipes verlossingswerk uit: Die beëindiging van armoede (Luk.4:18-19), siektegenesing, eksorsisme, sondeverlossing ensovoorts. Dit staan teenoor elke tipe van menslike lyding (ekonomies, fisies, sielkundig en geestelik). Slegs Lukas noem Jesus in die fisiese verband "Verlosser" ( *sóterion)* (Bosch 1991:24, 33). Jesus het sy verlossing ook as fisies gesien. Die woord sozein word 18 keer in die evangelies gebruik met verwysing na fisiese verlossing, hulp en genesing. Die verenging van die woord tot geestelike verlossing laat nie reg geskied aan die veelkantige aard van die begrip nie. Jesus onderskei nie tussen geestelike redding en fisiese redding nie. Die koninkryk is vir Hom alles insluitend.

Verlossing van fisiese beperkinge het tot gevolg gehad dat mense krukke, gidse, en bedelary kon weggooi. Verlossing het hulle menswaardigheid herstel, asook hulle vermoë om 'n selfstandige bestaan te voer. Afhanklikheid is juis verbreek. Verlossing bring altyd bevryding en potensiaal- realisering mee as transformasiekrag van God. Dit word in hierdie bestaanswerklikheid sigbaar.

Hierdie verlossingsdade toon dat die verlossing wat die koninkryk kenmerk nou reeds deurbreek (Luk.4:21; 19:9; 23:43), maar ook tekens is van iets voller en ryker wat in die toekoms opgesluit is (Luk.16:23-26)

Die wonderwerke wat Jesus se solidariteit en sy begronding daarvoor duidelik uitbeeld, is na my mening die vermeerdering van die brood. Met die eerste vermeerdering (Matt.14;13-21; Mark.6:35-43; Luk.9:10-17; Joh.6:1-14) beweer Matteus (14:14) "Hy het die groot menigte daar gesien. Hy het hulle innig

jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak." Met die tweede vermeerdering (Matt.15:32-39; Mark.8:1-10) sê Jesus in Matteus (15:32): " "Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om te eet nie..." Jesus het die mense in nood jammer gekry. Die Griekse woorde vir bewoënheid (*esplagchnizomai, oiktiro, oiktirmos, eleao, eleeo, eleos)* beteken letterlik : "Innerlike bewoënheid oor die nood van mense..." die term speel in die Nuwe-Testamentiese etiek 'n besondere belangrike rol. Veral die *splagchnizomai* woordgroep dui op 'n "innerlike aangegrepenheid", of "hewige ontsteltenis" by die aanskoue van mense se nood.

Hy het nie die mens as 'n versplinterde wese (siel en liggaam) gesien nie. Juis waar die tekens van die Koninkryk getoon is, was dit ter verligting van nood, as teken van iets groters wat aan die kom is, en ook as gerealiseerde effek van die nuwe ryk wat reeds in Jesus aangebreek het.

## 3. Die realisering van omgee binne die kerk in die eerste paar dekades na Christus

### 3.1 Die onderlinge verhouding tussen Christene

**Die Heilige Gees maak die kerk "anders"**

Die boek Handelinge sou ook goedskiks genoem kon word: Die Handelinge van die Heilige Gees. Vir die sending van die kerk is dit belangrik om die uitstorting van die Gees te sien in die konteks van bemagtiging van die kerk vir die getuienistaak in die wêreld: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea, en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Die Heilige Gees is primêr die bemagtiger vir sending in die wêreld. So sit die kerk Christus se sending in sy krag voort. Die Heilige Gees sou ook onvermydelik die kerk se houding tot die menslike nood laat ooreenstem met die van Jesus Christus. Die armes binne die kerk en die armes buite die kerk sal met die oë van Jesus Christus gesien word.

Die invloed van die Gees op die eerste gemeente se omgee vir die armes binne die kerk kan as volg opgesom word:

### 3.1.1 Eensgesindheid ( *koinonia)* in die gemeente

Hand.2:1 skets die vroeë kerk as gekenmerk deur *koinonia*, wat God se liefde vir mekaar sigbaar gemaak het in eendragtige gebed, gereelde byeenkomste en onderlinge hulpbetoning (R.E. Brown 1996:329). Wat is die eienskappe van *koinonia*?

a. *Koinonia* impliseer gelykwaardigheid

Versteeg (1980) maak 'n grondige studie van die "mekaar"-gedeeltes van die Nuwe Testament, Belangrik in die "mekaar"-gedeeltes is dat dit die mens wedersyds op mekaar aangewese maak. (Versteeg 1980:16). Hulpverlening is nooit net eenrigtingverkeer tussen "haves" en "have-nots" nie. Daar is 'n eenheid in die kerk, wat ook gelykwaardigheid insluit. Paulus beklemtoon eenheid binne die kerk, wat juis ook weer ryk en arm aan mekaar moet vasmaak tot een liggaaam , onder een Hoof, met een missie. So byvoorbeeld word die kerk opgeroep in Rom.12:16: "Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges." Egte gemeenskap in die kerk kom juis tot stand waar die geringes langs die met aansien as gelyke lede van die liggaam aanvaar word. Die geringes, die lede wat die swakste voorkom, word binne die kerk meer aansien en eer gegee as die meer betaamlike lede (1 Kor. 12:21-26). Hierdie status het geweldige impak op die geringer mense in die gemeenskap se selfinterpretasie.

b. *Koinonia* is 'n gerigtheid op mekaar

Hierdie eenheid met die lidmate wat sosiaal onderontwikkel is, is prakties en moet gesien word in dade wat gerig is op mekaar. 1 Kor. 13:4-11 spel hierdie gerigtheid uit in terme van geduld, vriendelikheid, die wegkyk van eie belang en fokus op die belang van die ander. 1 Kor. 13:3 stel die liefde as belangriker as die uitdeel van al my besittings aan die armes. Die implikasie is dat uitdeelaksies liefdeloos kan wees.

c. *Koinonia* beteken mededeelsaamheid

Paulus sien die nie-Joodse Christene se bereidheid om met die kerk in Jerusalem te deel as uitdrukking van *Koinonia*. Brown (1996:287) noem mededeelsaamheid : "... an external manifestation of the common faith and common salvation that was at the heart of community..." Grense word afgebreek , en mense deel hulle

besittings. As hierdie proses deurloop word, ontstaan daar 'n situasie waar almal genoeg het om van te leef (2 Kor. 8:13,14). Mense deel hulle goedere spontaan (2 Kor. 9:12), in vryheid sonder dwang (2 Kor. 9:7) en milddadig (2 Kor. 8:14,20, 9:5). Die gaping vernou. Beide geestelike en ekonomiese en sosiale kragte span hier saam om 'n nuwe alternatiewe gemeenskap tot stand te bring, binne die teenpool van 'n verdeelde gemeenskap.

Handelinge doen verslag dat die vroeë kerk se lidmate besittings verkoop het om die armes te help.
Hand. 4:32 berig: "Niemand het sy goed vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel." Du Toit (1994:193) onderskei vier houdings in die Nuwe Testament oor eiendom: Volledige afstand doen van alle besittings; die gee van aalmoese; die offer van gasvryheid aan die wat nie kan terugbetaal nie; en gemeenskaplike besit. In al vier gevalle is die meer gegoede gelowige se eiendom tot beskikking van die swakkere gestel.

Hand. 4:34 voeg by: "Nie een van hulle het gebrek gely nie, want die wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring en vir die apostels gegee. Die het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte." Westerse Teoloë betwyfel of bogenoemde deel van eiendom algemene praktyk was. Dit was nie 'n verpligting nie (Hand. 6:4). Hulle betwyfel of hierdie vorm van barmhartigheid verstandig was omdat dit aanleiding kon gee tot die verlies aan eiendom, en bronne van inkomste, wat die armoede van die veertiger jare in Jerusalem kon vererger. Hoofsaak is egter die gelowiges se solidariteit met die nood van die armes in hulle midde. Hulle was gekenmerk deur liefde en omgee vir mekaar.

Dorkas (Tabita) staan uit as voorbeeld van Christelike offervaardigheid (Hand.9: 36-43): "Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help." Met haar afsterwe was veral die hulpbehoewende weduwees diep bedroef en hulle het aan Petrus al die klere gewys wat sy gemaak het (:39). Na die profesie van Agabus dat daar 'n groot hongersnood sou wees, lees ons in Hand. 11:29: "Die

gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot 'n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word."

i. Paulus oor die verdeling van rykdom binne die gemeente: Die **isotes**-beginsel

1 Tim. 6:3-10; 17-19 word as eerste vertekpunt gesien. Hier kom die volgende stellings na vore:

*godsdiens lei nie tot finansiële welstand nie (1 Tim. 6:5).

*Die godsdiens is 'n wins as iemand tevrede kan wees met wat hy besit (1 Tim .6:6,7).

*As mens kos en klere het, is dit genoeg (1 Tim. 6:8).

*Die wat ryk wil wees val in versoekings, geldgierigheid is die wortel van alle kwaad (1 Tim. 6:9,10). Dit kan lei tot onreg (Kol. 3:5; Ef. 5:3).

* Rykdom lei tot hooghartigheid (1 Tim. 6:17). Vir Paulus is rykdom en oorvloed die teken van geestelike armoede. Diesulkes is geestelik bankrot.

*God, en nie geld nie, is die bron van HOOP (1 Tim. 6:17).

* Om vrygewig te wees, lei tot beloning deur God (1 Tim. 6:17-19) (2 Kor. 8:21).

As tweede verwysing word gekyk na 2 Kor. 8:13-15, waar die *isotes*-(gelykheids-) beginsel gestel word met die insameling van fondse vir Jerusalem. Eerstens dien die gemeente in Masedonië as voorbeeld vir die res van die kerk. Hulle was, te midde van hulle eie armoede, oorvloedig in hulle vrygewigheid met die insameling van fondse vir noodlydende medegelowiges in Judea (2 Kor. 8:1-5). Hulle offervaardigheid word deur die volgende gekenmerk:

* Hulle beskou die betrokkenheid by die insameling as "gawe van God" (2 Kor. 8:1). Dit spruit uit hulle oorgawe aan die Here. Offervaardigheid by hulle was gevolg op hulle oorgawe aan God (2 Kor. 8: 5) As die oproep op die gemeente in Korinte gedoen word om ook by te dra, is die motief ewe eens: "Aangesien julle alles in oorvloed het... (dan word geloofsake soos kennis van God genoem) ... wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig." (2 Kor. 8: 6,7).

* Hulle het met blydskap en in oorvloed bygedra tot die kollekte (2 Kor. 8: 2), selfs bo hulle vermoë (2 Kor. 8: 3).

*. Hulle het uit eie beweging aangedring daarop om deel te neem aan die kollekte (2 Kor. 8: 4).

* Hulle was self arm, en onder swaar beproewing, maar het bo hulle vermoeë bygedra (2 Kor. 8: 2).

* Hierdie uitsonderlike gesindheid word in 2 Kor. 8: 5 genoem: "Dit is soos God dit wil." God sal die offer aanneem asof aan Hom gegee, mits die gesindheid waarmee dit ingesamel word , goed is (2 Kor. 8: 12). Inherent, belangriker as die fisiese hulpverlening, is die hartsgesindheid of paradigma , waaruit die hulp voortspruit.

* Die eise is egter ook baie realisties: " Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie" (2 Kor. 8: 13). Die vrygewiges moet nie hulleself verarm en die probleem net verplaas nie ("distribution of poverty").

* Die situasie gaan moontlik in die toekoms omkeer. Gemeenskappe bly nie altyd ekonomies vooruitstrewend nie, daar is 'n op- en af beweging in elke ekonomie As die situasie omkeer, sal die ontvangers weer moet bydra vir die gewers wat dan slegter daaraan sal af wees (2 Kor. 8: 14). Daar is geen waarborge vir ewige rykdom nie, die ekonomie is baie vloeibaar!

* Van der Leest (1984:33) beskou die gelykheidsbeginsel (2 Kor.8: 13-15) as die uitgangspunt vir die Nuwe-Testamentiese sosiale grondreëls, en sien dit as uitbreiding van Eks.16:16-20, waar die verdeling van die manna bespreek word met die beginsel dat almal genoeg moet kry, maar nie te veel nie. Omdat die Korintiërs vanuit hul oorvloed gee, beteken hierdie beginsel nie dat alles letterlik gelykop gedeel moet word nie, maar eerder dat almal genoeg moet hê in terme van basiese lewensmiddele. Niemand moet bestaansmiddele kortkom nie. Geen Christen mag sy/haar oorvloed geniet, wetend van die nood van ander, sonder om ruim daarvoor te voorsien nie. Du Toit (1982: 259-269) stel: "Die Isoteses-beginsel is 'n diep ingrypende appèl tot 'n billiker verdeling van die gawes van God tussen verskillende persone en gemeenskappe." Op grond hiervan sou ryker kerke aangrensend aan arm kerke nie maar net rustig luukse kerkgeboue, pastorië, en leraars traktemente begroot terwyl die buurgemeente se lidmate onder die bestaansminimum moet leef nie (Joubert 1990:89-98). Pauliniese matafore wat die beginsel ondersteun is die liggaamsmetafoor, wat die kerk skets as een liggaam, onder hoofskap van die Here, en kerk as een groot familie onder die Vaderskap van God.

<u>ii. Met wie het die gemeentes gedeel?</u>

Armes (Gal. 6:2,10); ander gemeentes (2 Kor. 8:3-4); kerkleiers (2 Kor. 11:9, Fil. 4:15; 17; 19); die buitestaanders (1 Kor. 5:12; Kol. 4:5; 1 Tes. 4:12). Hierdie gemeenskap was Godverheerlikend, afgestem op die eer van die Here.

iii. Holistiese siening van menslike nood

In Gal. 2:10 sê Paulus: "Al wat hulle gevra het, is dat ons nie die armes onder hulle moet vergeet nie. Ek het my dan ook steeds vir hierdie liefdesdiens beywer." Paulus sien nie die "liefdesdiens" aan die armes as 'n tweede been van sy sending nie, hy is ten volle daarmee besig. Sy bediening is 'n eenheid. Dit was ook nie net 'n rasionele idee nie, maar praxis-gerig, alles-insluitende gerigtheid. Omdat Paulus deur nood aangespreek is, word die gerigtheid tot die arme nie 'n vreemde deel van sy bediening nie. 2 Kor. 8:9 bring die tema van rykdom/armoede byeen in die offer van Christus.

In Paulus se gemeentes wat uit beide ryk en arm bestaan, word sosiale grense afgebreek . Dit geskied deur die lede se gemeenskaplike verbondenheid aan Christus se genade. Hy, as die Lydende Kneg, word voorgehou as die een wat verlossing bewerk, en voorbeeld is van diens. Deur sy arm word, kan die kerk ryk wees (2Kor. 2:14; 5:18; 9:15). Hierdie nuwe gemeenskap leer om met mekaar te deel, as "New Community of sharing" (Gornick 1991)

iv. Hulpverlening is meer as net fisiese hulpverlening

Hierdie diens aan mekaar is ook meer as net fisiese hulpverlening, dit vra ook dat ons op mekaar se geloofsfunksies moet konsentreer (Rom. 1:12) . 1 Tes. 4:18 moedig die gemeentes aan om mekaar te vermaan en te troos (*parakalein*). Dit gaan hier om meer as individuele opkikkering, maar eerder om 'n netwerk van inmekaar gevlegdheid, waar die een se nood ook die ander raak. Heb. 10:24 wil die vermaning ook sien as aanmoediging om goeie dade te doen. Die gelowiges word ook telkens aangemoedig om vir mekaar te bid.

d. *Koinonia* en voorbidding

Brown (1996:288) sien gebed en voorbidding as 'n element van vroeë *Koinonia* .

e. *Koinonia* is groter as diversiteit

Hierdie koinonia het volgens Hand. 10,11,15 ook die nie-Jode ingesluit (R.E.Brown 1996:330). Koinonia-liefde span oor alle verskille. Handelinge toon duidelik dat die resultaat van die werking van die Heilige Gees in die kerk juis

was dat polifobie finaal verbreek is. 'n Paar stawende illustrasies word gegee: Hand.2:4-6; Hand.8:4; Hand.8:26-40; Hand.10:1-43; Hand.10:44-48; Hand.11:1-2; en Hand.46-47.

Brown (1996:294) beskou nie Handelinge 6 as die instelling van die diakenamp (soos tradisioneel aanvaar) nie. Hy sien die gebeure in die lig van kulturele, taal en teologiese verskille tussen Joodse en nie-Joodse gelowiges. Met hierdie byeenkoms is ruimte gelaat vir die nie-Joodse gelowiges om binne die gemeenskap van *Koinonia* hulle andersheid uit te leef, en hulle eie leiers op gelyke basis aan te stel. Eenheid het triomfeer bo verskeidenheid: "It was better to tolerate certain differences of practice and thought than to destroy *Koinonia*, based on Christology..." *Koinonia* akkommodeer diversiteit. Dit triomfeer oor die "swakheid van sommiges".

Ook by die Jerusalem konferensie (Hand.15:4-29 en Gal.2) word nie-Jode as deel van die kerk van Christus aanvaar. Hulle word ook vrygestel van Joodse gebruike. Ook hier het *Koin_nia* diversiteit oorwin (Brown 1996:306).

f. *Koinonia* oorspan slawerny

Brown (1996: 509) beskou die afwesigheid van sosiale kritiek op slawerny, as die gevolg van Paulus se verwagte naby eschaton. Hierdie gebrek aan kritiek op die stelsel van slawerny het in die verlede selfs binne die kerk ruimte gelaat vir misbruik deur die sanksionering van slawerny.

Die Filemonbrief wil egter die volgende baie duidelik verwoord:

*. Paulus se assosiasie ook met welgestelde gelowiges in die kerk. Hy noem Filemon immers "vriend" en "medewerker" (:2)

* Filemon is as welgestelde gelowige 'n goeie voorbeeld van iemand wat hulle besittings tot beskikking stel van die medegelowiges, deur "liefde en trou" (:4). Hy het vanuit sy oorvloed die harte van die gelowiges "verkwik" (;7).

* Die wegloopslaaf Onesimus word na sy bekering "broer" genoem. Ook sy voormalige eienaar moet hom as "geliefde broer" (:16) terugneem. Die geloofsverbintenis aan Christus hef alle grense op. Die slaaf word nou weer die

status van "mens" gegee. Subtiel lees mens tog hier die tekens van kritiek teen die slawehandel, as sou dit die slaaf verlaag tot iets minder menslik.

* Paulus identifiseer hom so nou met die voormalige slaaf se lot , dat hy selfs bereid is om in te staan vir al sy skuld.

g. *Koinonia* en die liefdesmaaltyd

Te midde van Paulus se duidelike riglyne is die gemeente maar telkens besig om weer die gemeenskap se stratifikasiestandaarde toe te pas. Tydens die liefdesmaal, voor die Nagmaal, het die welgesteldes eers geëet, en dan is die armes met die Nagmaal ontvang. Paulus kritiseer hierdie gebruik skerp, en moedig die gemeente aan dat almal , oor grense heen, saam moet eet (1 Kor.11:20-22; 33-34) (Brown 1996:68)

Die verwysing in 2 Kor. 8:15 na Eks.16:18 (met betrekking tot die uitdeel van manna) plaas mededeelsaamheid binne die konteks van afhanklikheid van die Here se daaglikse versorging.

h. *Koinonia is praktiese diensbaarheid*

Koinonia is veel meer as net simboliese handelinge. Dit moet ook oorgaan tot konkrete liefdesdiens. Gal.5:13 moedig die gemeente aan om mekaar in liefde te dien. Vryheid van Joodse wette skep juis ruimte vir onderlinge diens, en mag nie misbruik word as verskoning tot apatie jeens die nood van medegelowiges nie.. Vryheid is juis ruimte vir *douleuein* (om soos 'n slaaf te dien). Daarom word die kerk in Gal.6:2 aangemoedig om mekaar se laste te dra. Rom.12:13 moedig ook die kerk aan om die medegelowiges in hulle nood by te staan, en om hulle toe te lê op gasvryheid. Nouwen (1979:89) praat van die "Hospitality and concentration" Dit gaan hier om die ruimte gee, die tyd gee, die aandag gee aan die ander persoon. Dit vra die opgee van 'n gedeelte van my eie persoonlike ruimte, tyd en gedagtes, om vir die ander ruimte te maak.

Diensbaarheid impliseer dat fisiese nood nooit oor die hoof gesien sal word nie. 1Tim.5:3 plaas die weduwees op die kerklike agenda. . Hulle wat nie meer die sekuriteite van 'n familie (die laaste veiligheidsnet in die samelewing) gehad het nie, mag nie aan hulle lot oorgelaat word nie. As daar nood is, moet daar insamelings gehou word ( Rom.15:26; Gal.2:10) .

Vrygewigheid aan ander gelowiges is 'n onnatuurlike gebeure en spruit alleen uit 'n oorgawe aan die Here (2Kor.8:4).

i. Eenheid.

Du Toit (1991:229-230) onderskei die volgende Bybelse perspektiewe op kerkeenheid: Die Koninkryksperspektief waar die Teosentriese (die kerk ontspring uit die Vader), die Christologiese (Een middelaar), die Pneumatologiese (Een Gees) bepalend is. Verder noem hy ook die Ekklesiologiese (een liggaam, een volk), die sakramente (een doop, een brood, een beker), die missionêre (een Evangelie aan die hele wêreld), die diakonologiese (een diens), eskatologiese en doksologiese.

### 3.1.2 Nuwe -Testamentiese werksetiek

Gelowiges in die nuwe kerk was oorwegend hardwerkende mense. Hulle was nie sover mens kan agterkom staatsamptenare en formeel in diens geneem nie. Simon was 'n leerlooier (Hand.10:6), Dorkas het klere gemaak (Hand.9:36-43), en Paulus het tente gemaak. Hulle bestaan het van hulle arbeid afgehang. , maar harde werk was ook ten doel om die armes te help (Ef.4:28). Daarom sou Paulus ook die gemeente vermaan teen luiheid en die onwilligheid om te werk (2Tes.3:6-15): "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."

Die motief vir harde werk was nie eerstens winsbejag en selfverryking nie, maar om geld te maak waarmee armes gehelp kon word. Paulus stel in Hand.20:33-35 dat hy niemand se geld of klere begeer nie, dat hy met sy eie twee hande baie hard gewerk het, en "...om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang." .

### 3.1.3 Die magnetiese trekkrag van die kerk in die wêreld.

In die kerk se bestaan in die wêreld as alternatiewe liefdesgemeenskap, bestaan die kerk ook vir die wêreld. Waar die kerk deur die Gees bemagtig word om te midde van hierdie wêreld kerk te wees staan die kerk se onderlinge verhoudinge uit as buitengewone paradigma: Hier is iets anders, wat nie daar buite is nie: Hierdie mense is op mekaar aangewese en gee om vir mekaar. Die kerk se bestaan op sigself, en by name die kerk se omgee teenoor die mense sonder

aansien in die gemeenskap maak die gemeente se basiese bestaan alreeds missionêr. Hiersonder sou die boodskap oneg en ongeloofwaardig wees. Dieselfde geld vandag waar 'n kerk kruiskultureel onder armes wil werk. As die kerk as gemeenskap onsigbaar is in die verligting van nood van arm medegelowiges, kan die kerk nie geloofwaardig oorkom in die gemeenskap nie.

Voor die oë van die wêreld moet die kerk juis so lewe dat die wêreld aangetrek sal word tot die kerk. Die kerk moet as alternatiewe liggaam en as heilige, liefdesgemeenskap juis anders wees. Veral die leiers moet so leef dat daar nie praatjies oor hulle by die mense buite die gemeente sal ontstaan "..en hy in 'n strik van die duiwel val nie." (1Tim.3:7). Die gemeente word in 1 Tes.4: 12 versoek om eerbaar voor die wêreld te leef, "Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing..." Koinonia het dus 'n sterk missionêre intensie. Veral in 'n liefdelose wêreld.

a. Ook die kerk se reaksie op lyding het missionêre implikasies

Petrus 1 is gerig aan 'n vervolgde, stukkende kerk, wat geen intensie het om die wêreld triomferend te transformeer nie. Die kerk is onwelkom in die wêreld. Die ellende wat hulle ervaar louter en vorm hulle geloof (1 Pet.1:6,7). Ten spyte van swaarkry moet die kerk hulle lewe aan God toevertrou, " ... en aanhou goed doen." (1 Pet.1 4:19). Binne hierdie konteks van swaarkry kom geloof te voorskyn (Lohse 1991:179). Hierdie geloof en hoop fokus nie net op wat in die toekoms gaan gebeur nie, maar ook op wat reeds in Christus gebeur het (Lohse 1991:179). As die mens hierop hoop, moet die mens ook bereid wees om die lyding in navolging van Christus te deurloop.

Robinson (1994(a):6-22) poog om 1 Pet.2:4-10 vanuit sendingperspektief te lees, en kom tot verrassende gevoltrekkings, juis omdat die woord *ekklesia* (kerk) en *euangelizesthai* (evangeliseer) glad nie in die brief voorkom nie. Wat wel in 1Petrus sterk na vore kom volgens Schrönger (Robinson 1994(a)), is die feit dat die gemeente hier geteken word as evangeliserend deur hulle lyding (1:6-7; 2:18-25; 3:13-18; 4:1-6,12-19; 5:8-10). "....1Peter is a excellent missionary document which deals with the most basic question about the church in the world namely its

existence in society as a new and distinct community with a totally new lifestyle." Dit is aanvaarbaar as mens onthou dat die woord *martyre_ beide met "martelaar" en "getuie lewer"* vertaal kan word. Getuie wees en martelaar wees lê op een vlak.

Robinson (1994(b):78) gebruik die mooi beeld: As mens die 1Petrus brief lees, is dit asof jy deur 'n venster kyk na God waar Hy besig is om in sy werkskamer tussen die aambeelde en blaasbalke vir Hom 'n sendingkerk te fabriseer.

## 3.2 Die verhouding tot die nood buite die kerk.

### 3.2.1Konsentriese sirkel van prioriteite in die Nuwe Testament?

In die Nuwe Testament moes die kerk onderling vir mekaar omgee. Die kerk moes ook vir die buitestaanders omgee, nie as tweede opsie nie, maar gelyklopend.

So lees Gal.6:10: "Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges." 1 Tess.3:12 sê: " En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle." 1 Tess. 5:15 bevestig hierdie gelyktydige hulpverlening: " Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense." Juis hierin is die Nuwe-Testamentiese kerk as liefdesgemeenskap anders as die res van die wêreld: Die Christelike liefdesdiens oorspoel alle menslike grense, en word daarin die afbeelding van God se onmeetbare liefde.

### 3.2.2 Kenmerke van die Nuwe-Testamentiese kerk se betrokkenheid in die wêreld:

Dit is moeilik om detail riglyne vir omgee vir die nood in die kontemporêre wêreld, direk uit die Nuwe Testament af te lei. Armoede in die Nuwe Testament het nie die afmetings aangeneem soos vandag in Afrika en die res van die Derde Wêreld nie (Brown 1996: 67). Die kerk was 'n minderheidsgroep, sonder demokratiese seggenskap. Noodwendig kon die kerk net as suurdeeg en sout in die gemeenskap besig wees.

a. Diensbaarheid

Vir Paulus is die kerk ligdraers in die wêreld (Fil.2:15,16). Hulle geloof is 'n offer in diens van God (Fil.2:17; Rom.12:1,2). Dieselfde gesindheid van selfontlediging moet in hulle wees as wat in Christus was (Fil.2:2). Die kerk dra 'n kosbare skat, maar is self broos kleipotte (2 Kor.4:7-11). Die kerk is ook bedienaars van die versoening (2 Kor.5:18).

Vir Petrus is die kerk 'n koninklike priesterdom wat die verlossingsdade van Christus moet verkondig (1 Pet.2:9-10). Die kerk sal nooit die wêreld van bo af transformeer nie, maar as bywoners (1 Pet.2:11), as sout en lig.

As die kerk in die 21 ste eeu in Afrika armoede betrokke wil raak, kan dit nie anders wees as in die gesindheid van diensbaarheid nie.

b .Omgee vir die mense se diepste nood: Transformasie van die hart

Die Nuwe-Testamentiese kerk toon 'n afsku van die heidense leefwyse (1 Kor. 5:10; 6:9-11).In Christus word die beeld van God weer herstel in die mens, en die mens se potensiaal weer ontplooi . Verlossing is niks ander as "...the experience of undeserved liberation through the encounter with the one God and Father of Jesus Christ" (Walter in Bosch 1991:135). Bruwer (1994) sien juis in hierdie verlossing 'n transformerende krag wat individue en gemeenskappe transformeer. Ek wil hierby aansluit, en juis in die nuutmakende krag van die Evangelie in Christus, die swaartepunt van die kerk se rol in die wêreld soek. Die kerk moet mense se moraliteit, verhoudings en gesindhede verander. 'n Gesonde moraliteit sal 'n gemeenskap meer ontvanklik maak vir ontwikkeling en vooruitgang.

c Die kerk is nie self bo lyding verhewe nie

Die kerk moet by hierdie vuisvoos geslaande wêreld betrokke raak. Hoe? Deur self te ly, deur by die wêreld in barensnood te staan, en die wêreld se hand vas te hou. Die lydende kerk , wat midde in hierdie nood arm is , is op sigself 'n kerk in

sending, en is nie verhewe bo die aardse bestaan van swaarkry nie. Hierin dra die kerk die littekens van die Lam van God (Gal.6:17). Juis die styl waarmee die kerk lyding ervaar, is getuienis na die wêreld toe.

Die sendende kerk van die Nuwe Testament staan nie in die tekens van sukses, oorvloed en tuiswees in die wêreld nie. Die missionêre gemeente staan langs die wêreld in nood. Soos Paulus leef hy nie vir homself nie, maar gee sy lewe , en verduur alles sodat party gered kan word.

### 3.2.3 Die kerk se motief om in die wêreld betrokke te raak.

a. Dankbaarheid

Die diepste motief vir die kerk se sending in die wêreld is dankbaarheid. 2 Kor.1:4: "In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer." Gal.2:20: "Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

b. Die kerk is nie die doel op sigself nie: God se kosmiese heilsplan is in die fokus

Die mens staan nie sentraal in die gerigtheid na die wêreld nie. Ook die kerk is nie sentraal in die uitreik na die wêreld se nood nie. Die Here as oorwinnaar, is die fokus van die kerk se werk in die wêreld. Die implikasie is dan dat bediening aan die wêreld se nood, nie daarop ingesteld is om "lede te werf nie" , maar die kerk is in die eerste plek diensbaar en gehoorsaam aan die Here.

c. Die kerk is nie 'n doel op sigself nie, maar bestaan ter wille van die heil van die wêreld.

2Kor.5:18: "Dit is alles die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou." Die Nuwe-Testamentiese kerk word deeglik geleer dat hulle anders as hierdie wêreld is, maar hulle andersheid hou hulle nie eenkant nie, maar laat hulle juis uitreik om die wêreld ook te verander. Die heil van die wêreld is in die hande van die kerk.

d. Apokaliptiek

Die Nuwe-Testamentiese kerk se apokaliptiek word uitgewerk teenoor die dualistiese Joodse Apokaliptiek van die tyd. Laasgenoemde was gekenmerk deur

‘n radikale visie op die toekoms, en het die huidige bose wêreld en die probleme daarvan eenvoudig geïgnoreer. God sal in die toekoms self die bus stop. Tot dan ry ons maar net saam. Hierdie gesindheid was baie algemeen onder die Jode van daardie tyd. Paulus sou die apokaliptiek radikaal herinterpreteer vir sy tyd. Bosch (1991:176) stel dit so: Die kerk, gemotiveer deur die oorwinning in Christus, stoot die wêreld vorentoe, die toekoms tegemoet. Die Nuwe-Testamentiese kerk moes self betrokke raak in die verlossing van die wêreld.

Na regte sou Openbaring die Sendingboek van die toekoms van God genoem kon word. Hier spoel die Koninkryk van God (los van alle inhibisies van die teëstander, die mens se halsstarrige inhibisies, en God se genadige terughou van die klimaks) in volle jubelende oormaat tot aan die verste some van die kosmos, en die doel van God se missie word bereik: Voor die troon staan ‘n ontelbare skare uit elke nasie, stam , volk en taal. Hulle het wit klere aan en palmtakke in die hande, en hulle roep hard uit: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam.” (Op.7:9,10).

Hierdie visie op die troon met die nasies daaromheen is een sentrale dryfveer van die kerk op pad na die Dag van die Here. Hierdie volkome samesyn met God word geskep as sonder enige nood,trane en pyn (Op.21:4). Hier sal nie meer na die nood gerig word nie, maar alle oë sal gerig wees op die Oorwinnaar op die troon.

### 3.2.4 Die kerk en die transformasie van die wêreld

a. Daar is hoop: Die oorwinning is verseker

Die kerk in die tyd voor die voleinding kan reeds met die versekering van oorwinnaars ook teen alle vergestaltings van die teenkragte optree, omdat hulle in die skaduwee staan van die magtige oorwinningsvisioen van Openbaring.

**Hoofstuk Ses: Luister na ander Teologiese vormgewing aan omgee in die SA konteks**

## Inleiding

Binne die Suid-Afrikaanse Christengemeenskap is daar baie kerke aktief. Hierdie kerke het almal een saak gemeen: Elkeen probeer om vanuit eie konteks, Christelike beginsels vir omgee vir mense in nood uit te werk. Omdat elkeen vanuit 'n ander hoek werk, sal dit loon om ook te luister na die ander teologieë se verwoording van hulle eie omgee paradigma as kerk in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die Teologiese aktiwiteit in SA kan in drie breë groepe verdeel word:

1. Die <u>Teologieë van die kop</u>, waaronder die Gereformeerde Teologie, en die Westerse variasies van modernistiese en post-modernistiese Teologie sorteer. Hier is die dogma, die prediking, en rasionele uitleg deur akademies bekwame personeel, en rasionele aktiwiteit van die grootste belang.

2. <u>Toelogieë van die hart</u>, waaronder Afrika Teologie, die AOK, Pinkster- en Charismatiese Teologieë sou sorteer. Hier is gevoel, emosie , sang en genesing van die grootste belang.

3. <u>Teologieë van die maag</u> waaronder sorteer Swart Teologie, Bevrydingsteologie, Feministiese Teologie, en Rekonstruksie Teologie. Oorlewing, welsyn, fisiese nood, en geregtigheid staan hier sentraal. Die sake van fisiese oorlewing as mens kry hier aandag. Daarom word die keuse gemaak om te praat van die teologieë van die maag.

Elke groep word gekenmerk deur sterk eensydige insigte (dikwels ideologies bepaal), maar het elkeen het 'n belangrike bydrae te lewer tot die geheelbeeld van die kerk se roeping om om te gee binne die konteks van swart armoede. Daar moet na 'n paar van hierdie teologieë geluister word, sonder om vanuit 'n kop-teologie veroordelende opmerkings te maak. Uiteindelik moet gekom word tot 'n beter verstaan van ander Christene se eie omgee paradigma, hier en nou in die

nuwe Suid-Afrika. Sonder hierdie luisterproses sou die NG Kerke se teologie steriel en irrelevant wees.

In die proses moet naby aan die Afrika teoloog en gelowige gesit word. Die Gereformeerde Teologie moet warm gemaak word by die vuur van die Afrika, swart, en feministiese Teologie. Vir die bestek van die studie word nie gekyk na die kop-teologieë nie. Die volgende teologieë kom aan die woord met hierdie studie:

1. Die Teologieë van die hart

1.1 Afrika Onafhanklike Kerke

1.2 Swart Charismatiese en Pinkster Teologie

2. Die Teologieë van die maag

2.1 Swart Teologie

2.2 Afrika Feministiese Teologie.

2.3 Rekonstruksie Teologie.

## 1. Teologieë van die hart: Omgee by die AOK

### 1.1 Omgee is prakties en holisties

Bewus van my eie blanke-skap, wil ek hier luister na wat lidmate, leraars en teoloë uit die AOK self sê. Geraadpleegde lidmate (met huisbesoekgeleenthede) en leraars (met ekumeniese byeenkomste) stem almal saam met die opmerking van Hayes (In Maimela & König 1998:166) wat praat van die "enacted theology" van die AOK, as "...theology expressed not just in words, but in actions of members of the churches as they preached, prayed, worshipped and healed.... a lived theology by many people....less concern with the abstract doctrines than with the manner of doing theology...". Die AOK bied praktiese omgee bystand aan die arm Afrika gemeenskappe. Dit geskied deur:

1.1.1 Gebedsgenesing

Die grootste probleem in die arm Afrika gemeenskap is fisiese lyding. Hierdie mense het nie geld om toegang tot Westerse medisyne te verkry nie, en moet ter wille van oorlewing na haalbare alternatiewe soek, wat die AOK bied. In die AOK se hantering van genesing vind mens'n duidelike illustrasie van die holistiese siening van die mens en verlossing. Westerse kompartimentering van die mens as 'n siel (wat gered moet word) en 'n liggaam (wat maar kan vergaan ) word nie verstaan in hierdie Afrika denkwêreld nie. Die mens in Afrika sien die mens as eenheid. Nürenberger (1990:207) praat van "comprehensive wellbeing". Gebedsgenesing is die spiespunt waar die fisiese nood en die geestelike geloofskrag (teks en konteks) in die AOK ontmoet. Daarom kan Kolié (Schreiter 1991:128) praat van "Jesus as Healer"

1.1.2 Simbole en tekens

Geseënde water, -toue, kledingstukke, as en die inrig van fisiese ruimtes word gebruik as tekens in die genesingsproses, en algemene bediening van omgee handelinge aan die mens in nood.. Die doel hiervoor kan as volg opgesom word:

a. Die simbole strook met die Bybelse wêreldbeeld, waar simbole 'n prominente rol sou speel.

b. Tekens en simbole is geloofsversterkend, dit versterk die geloof in God wat die outeur van gebesing bly.

c. Fisiese siektes, verhoudingsprobleme en finansiële probleme het meestal in AOK interpretasie geestelike oorsake. Hierdie geestelike oorsake word deur simbole aangespreek.

1.1.3 Animistiese hantering van lyding

Satan , die bose, heksery, toordery of geeste van afgestorwenes word gesien as die oorsaak van alle lyding. Gevolglik is heil dikwels deur die manipulasie van hierdie kragte (soos deur eksorsisme) verkry. Nasimiyu-Wasike (in Schreiter 1991:79) sien in 'n Afrika Christologie dat Christus prominent as geneser en eksorsis funksioneer. Veral hierin word die "liberating power" van Christus gesoek.

Hayes (In Maimela & König 1998 1998: 171) vind merkbare ooreenstemming tussen hierdie gebruike en die wat in die middeleeuse Ethiopiese kerke deur monnike gebruik was. Hier is ook baie klem gelê op genesing en eksorsisme deur heilige water, -klere en -tekens. Hierdie bediening is vry van Westerse modernisme. Die blanke moderne teologie is swak toegerus om relevant te wees in hierdie situasie, en het verkies om eerder die mense van Afrika te laat afsien van hulle "bygeloof", en om 'n Westerse "Christelike" wêreldbeeld aan te neem. Hulle moes die mense oorreed om nie meer soos Afrikane te dink nie, maar soos Europeërs. Die

AOK het weer Jesus ontdek as die een wat duiwels uitdryf en siekes genees en storms stilmaak. Dit het vir hulle sin gemaak in hulle animistiese konteks. Dit het hul denkraam gepas. Hulle het geglo Hy kan dit steeds doen. Die Europese teoloë het dit ontken, en eerder skole gebou om die mense geletterd te maak sodat hulle nie meer bygelowig sal wees nie. Die Evangelie is versmal.

**1.2 Die AOK se strukture is nie 'n onnodige las vir die arm gemeenskappe nie, en kan in armoedige omstandighede oorleef, en diensbaar wees.**

Meer as die helfde van diè AOK se leiers is selfonderhoudend, van dieselfde stand, skolastiese vlak, en ekonomiese ontwikkeling as hulle gemeentelede in die arm woongebiede. Die kerk kan homself in stand hou, en diensbaar wees in 'n arm gemeenskap, sonder steun van buite. Die musiekinstrumente, huisbyeenkomste, kleredrag (wat uniformiteit skep en sosiale stratifikasie uitsluit), onbetaalde leierskap, benutting van gewone lidmate, koinonia, die gebruik van net die Bybel sonder enige ander lektuur , die rol van gebed, genesing, eksorsisme, die inheemswording op eie bodem, die preekstyl, die gebruik van simbole, en die sterk Pinkster aard van die kerke is aspekte wat aan hulle 'n mobiliteit verleen om tot in die mees afgeleë dele van die land mense te bereik, en die armes te bedien met koinonia en hoop.

**1.3 Die AOK se omgee : Kan die NG Kerkefamilie iets leer?**

a. Die NG Kerke word beskou as "onChristelik", omdat koinonia en Afrika eie medemenslikheid (ubuntu) in die kerke familie in die "townships" , landelike areas, en informele vestigingsgebiede ontbreek.

b. Die NG Kerke word gekonfronteer met die verblindende invloed van die 19e eeu se verligting op hulle denke en styl van kerkwees. Hayes (In Maimela & König 1998 1998:167) stel dit so: Die Europese sendelinge het dit hul taak gesien om Afrika te kersten in terme van beskaafd maak, en kultiveer. Die AOK het nie hierdie intensie gehad nie, "They shared the African understanding of disease and sickness, and applied the gospel to it directly..."

c. Maimela ( Maimela & König 1998:255) noem dat gemeenskapsbetrokkenheid van die kerk in die nood van Afrka nie noodwendig vanuit die liberale Westerse paradigma van demokrasie hoef te kom nie. Afrika het 'n unieke eie manier om nood aan te spreek. Deur die bevrydingstryd heen het die AOK nie noemenswaardig profeties opgetree nie. As arm, eenvoudige kerk van die drom , het hulle van huis tot huis binne die blikhuisies in die plakkerskamp en in die landelike modderhutte rondgegaan. Hulle het gebid, en hulle was "kerk van en by die arme".

## 2. Teologieë van die hart: Omgee in die swart Charismatiese en Pinkster teologie

### 2.1 Omgee in die Swart Charismatiese kerke

Op die Suid-Afrikaanse sendingveld, soos trouens wêreldwyd in arm Derdewêreldlande is die Charismatiese kerke besig om geweldig veld te wen. Juis die ontvanklikheid vir 'n Charismatiese bediening in die arm, swart, Derdewêreld gemeenskap, het veroorsaak dat die Charismatiese kerke wêreldwyd teen 1988 aangegroei het tot 351 miljoen, teenoor die 318 miljoen Protestante en 53 miljoen Anglikane (Barret aangehaal in Theron. 1998:193). Barret noem die Charismatiese beweging 'n " megatrend"- beweging van die 80er jare. 80% van die Christene in Oos Asië is Charismatiese of Pinkster Christene. Hulle eie sending brei ook snel uit na Oos-Asië, Brazilië, en Saudi Arabië.

In hierdie studie moet ook kennis geneem word van 'n groeiende groep "third wave" Charismaties geneigde Christene wat binne die tradisionele kerke (onder andere die NG kerke familie) aangetref word. Hulle noem hulself nie Charismaties nie, maar tree so op. Hulle neem die Bybel ernstig op, en leef 'n toegewyde gehoorsame lewenswandel. Hulle vorm ook in meeste gemeentes met 'n aktiewe sendingbediening die kern van die sendingkommissie, of is aktiewe medewerkers. Baie van die lidmate, weens weerstand oor die wederdoop, sluit uiteindelik by die Charismatiese kerke aan. Die groepe se sendingbetrokkenheid is baie evangelies, vertikaal gerig op woordverkondiging. Hulle word gemotiveer deur die sendingopodrag in Mat,28 en Hand.1:8. Hulle is ook dikwels die groep wat weerstand bied teen die kerk se betrokkenheid by die nood van die armes, omdat hulle 'n horisontalisering van die evangelie vrees.

Veral in die swart jeug bewegings wen hierdie groepering gou veld, en staan bekend as "abazalwane" (die wedergeborenes). Uitreikaksies toon 'n groot ontvanklikheid vir hierdie bedieningstyl, in teenstelling met 'n apatie teenoor 'n meer dogmatiese styl.

Wat is daar in die Charismatiese kerke wat die arm Derdewêreld mens aantrek en bevredig? Wat gebeur hier wat nie in die Protestantse , en selfs die bevrydings teologie kerke gebeur nie? Ervaar die arm gemeenskappe 'n unieke omgee in die kerkegroepe wat nie elders aangetref word nie?

<u>a. Die ontkenning dat lyding en armoede tuishoort by Christene.</u>

Die "third wave" Charismatiese groepe , waarvan veral die "Faith movements" ( wat bestaan uit die Rhema kerke, en Christian Centres) bekend is, word deur De Arteaga (Maimela & König 1998:200) beskryf as "faith idealism theology". Hulle baseer hulle geloof op Woord-beloftes, waarin beloftes in die Skrif vereenvoudig en verabsoluteer word. Hierdie groep se standpunt is dat lyding nie meer deel vorm van 'n koninkryks lewe nie, want geloof oorkom alle vorme van swaarkry. Die oortiuging lok verstaanbaar duisende armes in die Derde Wêreld.

b. Charismatiese Koinonia

"Restoration streams" binne die Charismatiese kerke wil die Nuwe-Testamentiese patrone van kerkwees herinstel, en konsentreer meer op verhoudinge as op strukture. Hulle plant dikwels nuwe kerke wat in die gemeenskap geken word deur 'n warmte en omgee vir mekaar.

c. "Power encounter movements"

Leiers van die "Power encounter movements" in die Charismatiese groepe wil lidmate toerus om elkeen 'n bediening van tekens, wonders,genesing en evangelisasie te beoefen. Die Vinyard Church movement spruit hieruit voort. Hierdie holisties, kragvertonende gemeenskap trek mense in bestaansnood aan.

## 2.2 Omgee in die Pinkster kerke

2.2.1 Evangeliese groei in 'n sekulêre gemeenskap

Möller (in Maimela S & König A 1998:180) beweer dat Pinkstere kerke in Amerika sterk groei onder arm,ontwortelde, verstedelikde lidmate van die hooflyn kerke. So word baie Baptiste in hierdie konteks deur die "Assemblies of God" bedien. Möller (in Maimela S & König A 1998: 183) brei hierop uit: "It is undeniable that the Charismatic Renewal, at least in the First world, has made most progress in the white, middle-class sectors of society, whereas *the Pantecostal movement in its beginning was largely a proletarian phenomenon* among poor people of all colours." (My eie kursief).

2.2.2 Geloof in die basiese Skrifwaarhede stimuleer kerkgroei in arm Latyns Amerikaanse lande.

As die WRK Theological Education Fund (TEF) in 1977 Alajuala, Costa Ria vergader, word die effektiwiteit van die onafhanklike Pinkster kerkies in die arm Latyns-Amerika ondersoek.Hulle verslag (1977:10) bevind dat die klein Pinkster kerkies in die **arm** gemeenskappe snel groei , terwyl die hooflyn kerke en selfs die Bevrydingsgedrewe kerke stagneer. Saracco (TEF verslag 1977:64) skryf die snel groei van die kerkies toe aan : "The word of evangelism occupies a central place in the unfolding ministry of the pentecostal Churches."

Die kerkies se groei is selfs sigbaar in die ekonomie van hulle omgewing: Gelowiges ontwikkel 'n nuwe lewensgerigtheid en ontwikkel selfvertroue ook

om as entrepreneurs te werk. Hulle bevind dan dat die klein onafhanklike kerkies, in teenstelling met die hooflyn kerke, 'n evangeliese passie toon ("marked by evangelical zeal"). The doctrine of the Holy Spirit emphasizes empowerment and mobilization for mission. The doctrine of the second coming gives evangelisation a distinctive sense of urgency and hope." Pantelis in die TEF verslag (1977:14) sien die ontsluiting van menslike potensiaal in die Pinkster kerkies, waar mense se menswaardigheid as beelddraers van God herstel word. Sarkissian (verslag :33) praat van " .... building up the inner image of God in man...". Goxiola (verslag TEF :57) bevind dat die Pinkster kerke in Latyns Amerika hulle lidmate help om bevry te word van dwelm- en alkohol-verslawing. Hulle kweek ook 'n nuwe arbeidsetiek, werktrots en die herstel van gesinslewe wat alles die tafel dek vir vooruitgang in hulle gemeenskappe.

Sedert die Pinkster-bewegings die Derde Wêreld in die sewentiger jare getref het, het dit oral uitgebrei, veral in Asië.

Hierdie kerke duld geen sinkretisme nie, en verkondig 'n sterk vertikale verlossingsleer. Die meerderheid Afrika mense (verstedelik, informele woongebiede, verarmd, ontworteld) neem hul toevlug na die Pinkster kerke. Die kerke het ook 'n kenmerkende invloed gelaat op 'n groot deel van die AOK in Suid-Afrika. Dit wil voorkom of die Pinkster aard van sekere AOK, dalk meer as hulle gebruik van Afrika Religie, die mense aangetrokke laat voel tot hierdie kerke. Watter unieke omgee beleef die Derde Wêreldse armes in die Pinkster kerke?

a. Die kerk in die arm gemeenskap moet sy primêre taak, naamlik <u>evangelisasie</u>, nakom.
b. Die suiwer eenvoudige bediening van die Woord het steeds 'n <u>transformerende invloed</u> op die hele mens en die hele gemeenskap.
c. Hierdie bediening is egter holisties en gaan uit van die <u>konteks van die. gemarginaliseerdes</u>. Hulle trek die Woord ook maklik deur na die konteks . Dit is nie moeilik om die Bybel te herontdek as *Biblia Pauperium* nie.

d. Gemeenskap en koinonia bring ondersteuningsstrukture en hoop na die mens in nood.

e. Die geestelike leiers in die klein Pinkster kerkies in Latyns Amerika speel as tentmakers 'n groot rol in die holistiese evangelisasie van hulle gemeentes. Hulle is rolmodelle van 'n eerlike toegewyde hardwerkende Christelike lewensoortuiging, en word so lewende preke van die evangelie in aksie. (Goxiola in TEF verslag 1977 : 57).

2.2.3 Voorbidding, genesing en koinonia

In gesprekke met swart Pinkster lidmate is die volgende redes genoem vir hulle lidmaatskap aan hierdie kerke:

a. Genesingsdienste, en gebede vir eksistensiële nood.

b. Hartlike sang en belewing van koinonia

c. Die waarde wat hulle heg aan die doop deur onderdompeling as *sigbare teken* van hulle bekering

d. Die kerk se wettiese getrouheid aan die Woord skep respek en sekuriteit, veral vir ouers wat kinders in 'n permissiewe samelewing moet grootmaak.

e. Die waarde van tentveldtog dienste wat vir maande op een plek staan en mense bedien met die Woord. Hier vind genesing, eksorsisme, en bevryding van dwelmafhanklikheid plaas.

## 3. Teologieë van die maag: Omgee in die swart teologie

### 3.1 Swart Teologie en omgee vir die nood van mense

In hierdie luister na die Swart Teologie wil ek Maimela (In Maimela & König 1998 1998:111) aan die woord stel:

Swart teologie funksioneer in die konteks van swart verdrukking deur blanke meerderwaardige strukture, wat doelbewus die blanke gemeenskap bevoorreg, en dit regverdig op grond van hul persepsie van "mense van kleur" se minderwaardigheid en hulle lotsbestemming om die blankes te dien. Maimela (In Maimela & König 1998 1998: 117) definieer rassisme as volg: " ...sinful refusal to love, to have fellowship and to be available for the well-being of one's neighbour, who happens to have a different skin colour."

Die teologiese agenda het daaruit bestaan om die pynlike ervaring, wat veroorsaak is deur die Europese manipulasie van die Bybel, teen te werk, deur dieselfde Bybel se lig self te laat skyn op swart lewenspyn.. Dit sou noodwendig meebring dat die Europese interpretasie van die woord verwerp word, en dat swart menswaardigheid vanuit die Skrif herstel moes word. In hierdie proses sou God weer ontdek word as die een wat omgee vir die swartman wat verdruk word. Hierdie ontdekking van God aan hulle kant, is uiteraard dan 'n verwerping van wit apatiese vertikale teologie, en wit sanksionering van diskriminasie.

Die Swart Teologie se boodskap aan die swart mens in armoede en verdrukking was :

3.1.1 "Black is beautiful" : Bevestiging van swart menswaardigheid

Hierdie boodskap word deur Maimela (In Maimela & König 1998 1998:114) beskryf as 'n "...radical transformation of the heart and mind of the black person; it amounts to a rebirth and total conversion that enables Blacks to participate in the creation of their new humanity in Christ, the black liberator." Verdrukking verwys na velkleur, maar is ook 'n ontologiese simbool van verdrukking.

3.1.2 Swart Christus / God aan die kant van die swarte

God kies in hierdie teologie pertinent kant teen wit oorheersing en vir swart bevryding. God ".... always sides with the oppressed and underdogs to liberate humans for the freedom for which they were created" (Maimela In maimela & König 1998 1998:114). Maimela is oortuig dat in 'n situasie van polarisasie op grond van blatante onreg, die Here nooit neutraal is nie, en sy kerk gevolglik ook nie. Die Evangelie is teen alles wat onreg voorstaan , vyandigheid aanblaas , en polariseer.

In Christus se armoede sien die arm mens God het ook vir hom tyd, en identifiseer met sy nood. Hy sal ook hieruit verlossing voorsien. In Christus openbaar God Hom as " a thoroughly biased God who was forever taking the side of the oppressed, of the weak...the exploited, the hungry and homeless and of the scum of society." (Maimela in Maimela & König 1998 1998: 118) . Maimela sien hierdie stelling van God aan die kant van die arme, as 'n hermeneutiese

sleutel waarmee 'n meer regverdige samelewing geskep word. Dit is veel meer as 'n naïewe emosionele keuse vir die arme.

## 3.2 Wat kan die Gereformeerde missiologie van die swart teologie oorneem in die vorming van 'n eie omgee paradigma?

### 3.2.1 Bewuswording van die ontvangkant van rassisme

Swart teologie laat die wit kerk duidelik die klaagliedere hoor van mense wat verontreg is deur blanke meerderwaardige onderdrukking. Die bewusmaking het egter nie simpatie in gedagte nie, maar roep die ganse kerk op tot daadwerklike aksie teen onderdrukking. Juis hierdie aksie sou ook binne die NG Kerk aanleiding gee tot 'n radikale skuif vanaf die ondersteuning van apartheid, tot uiteindelik die belydenis dat apartheid sonde is. Hierdie is egter nie die laaste stap wat die NG Kerk kan neem nie. Die volgende sou wees om radikaal aksie teen armoede te neem.

### 3.2.2 Oproep om as kerk aan die kant van die arme te kom staan

In die post-koloniale Suid-Afrika word die NG Kerke familie opgeroep (veral deur die Belhar belydenis) om standpunt in te neem en tot aksie oor te gaan in die "program to combat poverty" en die "war against poverty". Dit is nie 'n oproep om armoede te verabsoluteer asof die kerk "die kerk van die arme" moet wees nie (Verster 1994:449), ook nie 'n oproep om kerk vir die arme te wees nie (in terme van aalmoese uit te deel) nie, maar om kerk saam met die arme ("with the poor") te wees. Die term "kerk van die arme" impliseer ook dat die kerk ook arm lidmate moet hê. 'n Kerk wat te midde van soveel armoede net die middelklas en welgestelde mens akkommodeer is eksklusief, selfgerig, geslote in eie gemaksones, en blind vir die gemeenskapsnood. As die armes in die plakkerskamp nie na die middelklas wit kerk kan verwys as "ons kerk" nie, word die gestalte van Christus nie in die kerk sigbaar gemaak nie.

### 3.2.3 Sending meer as die redding van siele

Die hele gemeenskap, alle verhoudinge waarbinne die mens leef word onder die redding van God ingesluit. Ook die sondebegrip is getrou Ou-Testamenties holisties en alles insluitend (Robinson 1994(b):81)

## 4. Teologieë van die maag: Omgee in die Afrika Feministiese Teologie

### 4.1 Agtergrond

'n Ondersoek na die omgee van die Afrika feministiese teologie word bemoeilik deur die feit dat min inheemse literatuur beskikbaar is, en grondvlakgesprekke en ervaring met Afrika vroue die enigste legitieme bron is om die outentieke Afrika feministiese "hut"-teologie te verstaan. Waar dit akademies weergegee word, word dit dikwels ideologies gebruik as buikspraak vir die akademici se eie insigte .

Lebaka-Ketshabile (1997:10) sien die Afrika Feministiese teologie as die Afrika vrou se reaksie op die volgende:

a. Die assosiasie van God met manlike chauvinisme "... who does not like women." Hulle wil die beeld van God herstel as die Een wat die vrou se unieke probleme verstaan (en nie sanksioneer nie), wat die vrou met haar unieke eienskappe liefhet en wil gebruik, ook in sy kerk. Die God van die Afrika Feministiese teologie kyk na die vrou en sê: "Dit is goed".

b. Die Afrika vrou se aangeleerde lae selfbeeld en fatalisme. Hulle wil die Afrika vrou weer haar self in God se Woord as mens laat ontdek. Hulle moet hulle kop optel en trots wees op wat God hulle gemaak het: Liggaam, siel en verstand. Ook binne die kerk moet hulle hulle potensiaal besef.

c. Gemeenskap se miskenning van die Afrika vrou. Naastediens is die Afrika vrou se lewens credo. Sy is die as waarom haar gesin en gemeenskap draai. Dit is haar lewe. Sy moet hierdie lewe in oorvloed kan lei en wees wat sy geroep is om te wees. Dit impliseer erkenning in die gemeenskap vir die prominente rol wat die Afrika vrou speel.

### 4.2 Omgee en die feministiese teologie

Die winspunt van die teologie is dat die vrou se nood (bestaansnood, kulturele onderdrukking in patriargale stelsels , emosionele fatalisme, en grondvlak sleutelrol in die gemeenskap) aan die groot klok gehang word, en oorwegend patriargale kerke daarvan bewus gemaak word dat die vrou as mens aanspraak het op respek, ondersteuning en gelyke geleenthede.

**4.3 Wat kan die gereformeerde missiologie van die Afrika feministiese teologie oorneem en gebruik?**

4.3. 1 Kontekstualisering: Die Afrika feministiese teologie raak die leefwêreld van die Afrika vrou. Die moderne verwikkelinge in die Bibliologiese vakdissiplines het dikwels die Bybel gereduseer tot objek van studie en eindelose rasionele ondersoeke , wat die Bybel versnipper het in vorm en tradisie eenhede, maar uiteindelik die gewone leefbetekenis vir vandag verbygekyk het. Die Afrika feministiese teologie wil die woord laat spreek in die Afrika konteks van die arm vrou, op eenvoudige manier. My ervaring van die Afrika vroue in die VGKSA is dat hulle die geloofsinhoud van hulle katkisasie op lewendige manier deelmaak van hulle daaglikse lewe. Hulle kan dit holisties inkorporeer in hulle daaglikse animistiese lewe, op so 'n manier dat die woord hoop genereer in skynbare hooplose situasies.

4.3.2 Die Afrika feministiese teologie genees die Gereformeerde missiologie van manlike chauvinisme (by beide die wit en die swart leraar)

Oduyoye (1998:360) beskou die Eurosentriese sendingkerke se sogenaamde neutrale kategetiek as 'n meerderwaardige afdwing van Europese interpretasie op Afrika: "....human knowledge about God comes with experiencing God in history.... (one cannot)... idolize the received pattern of theologising from experience of Eurupean Reformation of the 16th century or from pietistic movements, as these are not related to how Africans experience God." Afrika feministiese teologie wil die ervaring van God op grondvlak deur die vrou verwoord, om 'n meer naby en teenwoordige God aan die vrou voor te stel.

4.3.3 Besprekende deelname in die uitwerk van boodskappe aan die Afrika vrou

Die Afrika feminisme bepleit ter regstelling van die situasie 'n "theology by the people" (Oduyoye (1998:360). Hiermee verstaan ek dat die kerk geleenthede moet skep waar vroue saam kan Bybelstudie doen vanuit hul posisie as vroue, en Skrifantwoorde vir hul vrae probeer vind. Nie met vooraf uitgewerkde Bybelstudies nie, maar met wye begeleidende vrae. Hierdie vroue : "... seek a word from God that will liberate the minds of Africans, and set their feet on the path of recovering the dignity of humananity in Africa......They hermeneutically employ the biblical poor." (Oduyoye 1998:360).

Hierdie oplossing wil ek aangryp. Vroue ondersteuningsgroepe sal in elke wyk tot stand kon kom, waar sekere selgroep-beginsels rondom tematiese Bybelstudie aangebied word deur vroue leidsters wat vir die doel opgelei is. Die bestaande Vroue Gebedsbond van die VGKSA is reeds so 'n struktuur. Leiers sal egter opgelei moet word in die hantering, en oopmaak van mense se pyn, asook die hantering daarvan vanuit die Woord. Hier word nie humanitêre simpatiegroepies gesoek nie ,maar na in diepte Woordbedienende groepe, waar vroue oor hul eksistensiële nood kan praat. Laasgenoemde is dan die korrektief op die huidige vroue vergaderings. Die vergaderings verval dikwels in (Westerse tipe) organisatoriese rompslomp, en is vanuit die pïetistiese agtergrond nie afgestem op vroue buite die kerk se nood nie. Vroue groepsleiers kan in die wyke opgelei word om Bybelse ondersteuningsgroepe te hou .

Oduyoye (1998:359) vanuit die konteks van haar studiegroep "The Circle of concerned African Women" praat van "motherhood theology". Hierdie is een aspek wat geweldig klem moet kry, deur die volgende onderwerpe vanuit die Woord te ondersoek:

a Steun aan families met VIGS pasiënte.

b. Steun aan vroue met kinders met gedragsprobleme.

c. Huweliks ondersteuningsgroepe.

d. Mans te motiveer om weer hul rol in die samelewing en gesin in te neem.

4.3.4 Storievertelling

Ek wil ook hier na die deursnee Afrika vrou in die VGKSA kyk. Hulle is meestal indrukwekkende mense: Enkelouers, in matriargale huishoudings, met streng waardes en 'n heerlike sin vir humor binne die konteks van hulle swaarkry. Die prominensie van verbale kommunikasie en die oorvertel van stories is 'n fyn kuns wat nog by hulle geleer moet word. Landman (1998) beklemtoon die waarde van "story telling ministries" waar "voiceless" mense geleer word om te praat oor hulle pyn. Die vertel van hierdie mense se eie pyn is 'n katarsis en lei tot genesing van die siel, gees, en (dikwels) liggaam.

' n Verdere aspek wat die Afrika Feministe beklemtoon, is die feit dat die Afrika vrou 'n ryk bron van tradisies, fabels, spreuke, en rituele is. Hierdie kosbare

houers vir die evangelieboodskap kan in hierdie groepe weer ontgin word. Die Afrika vroue beskik ook oor 'n ryk bron van Bybelse insigte, liedere en teologiese insigte wat sinvol ontsluit kan word vir die breër kerk.

4.3.5 Blanke betrokkenheid?

Kan die wit kerk hier betrokke raak? Kortliks kan hier net genoem word dat vanuit die konteks van vrou en moederwees die blanke vroue dikwels met soortgelyke kontekstuele probleme sit. Sonder dat hulle dit besef, val die meeste kontekstuele teoloë binne die vore wat apartheid gegrawe het: Hulle kan nie insien dat wit en swart dikwels meer in gemeen het as waarin hulle verskil nie. Gesamentlike Bybelstudie- en gespreksgroepe kan nuwe horisonne oopsluit en 'n kerkteologie losmaak met mooi potensiaal. Mens dink net aan die diepte gesprekke wat al tussen wit en swart in werksituasies plaasgevind het.

4.3.6 Die waarde van vroue aksie groepe in die gemeenskap

Die beginsel dat vroue in praktiese aksiegroepe kan saamwerk is uiters sinvol. Die beginsel vir hierdie groepe moet egter die volgende wees:

* Bybelsgefundeerd op Gereformeerde beginsels van navolging en diensbaarheid.
* Onderlinge ondersteuning
* Inwin van multiprofessionele leiding
* Aanleer van leierskapsvaardighede
* Aanleer van die gebruik van stories in die verligting van nood binne die konteks van die Afrika stelsel.

Die Bybelstudies kan pragtig aansluit by Jesus se verhouding met verskeie vroue in nood, en die vroue se identifikasie met hierdie verhale (Nasimiyu-Wasike in Schreiter 1997:73).

Aksiegroepe wat ook daadwerklik armoede teewerk kan sinvol wees. Die term "struggle" teen armoede val vreemd op die Gereformeerde oor. In die Apartheidstryd kon ek dit verstaan. Maar armoede word nie met "struggle" uit die weg geruim nie, maar in die nuwe SA met harde, kreatiewe verbeeldingryke werk. Spreuke 31:10-31 is 'n goeie alternatief op 'n "struggle" mentaliteit.

4.3.7 "Mutual mothering"

Hierdie term word gebruik om te verwys na die vrou se sentrale rol in die samelewing, en die potensiaal wat vroue groepe het in die herstel van menswaardigheid in die gemeenskap. Vroue groepe kan ook opgelei word in die versorging van VIGS pasiente tuis, pre-primêre sorggroepe vir VIGS-wesies, en in basiese menseregte, en die grondwetlike beskerming wat vroue wel teen uitbuiting het.

4.3.8 Kritiese ondersoek na die gebruik van Bybelse metafore

Die Feministiese Teologie vra ernstige vrae na die relevansie van Bybelse metafore in vandag se konteks. Een van die mees omstrede "metafore " wat hulle krities bevraagteken, is die metafoor van die Vaderskap van God. Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om uitspraak te lewer oor die geldigheid van hierdie standpunt nie. Wat wel geldig is, is dat die gebruik van die naam "Vader" as aanspreekvorm van God geweldig problematies is in 'n wêreld waar die vaderfiguur afwesig of onbetroubaar is. Die oorgrote persentasie van ons land se jeug word grootgemaak deur enkel moeders.

Aan die een kant moet die kerk wat onder die jeug werk ondersoek instel na die impak van die naam vir God die "Vader". Die naam het goed gewerk in 'n konteks van Joodse patriargale families, maar kan vandag ander inhoud kry. Indien die naam "Vader" tot die wese van God behoort en nie net 'n metafoor is nie, soos my eie oortuiging lei, sal die kerk moet vasstel hoe die begrip die wese van God kan uitdruk sonder om wan-interpreteer te word.

Ek gee die feministe gelyk dat die naam "Vader" ook nie al God se eienskappe uitput nie. Hy is inderdaaad ook 'n "Moeder" vir sy kinders. Juis die "Moederskap " van God druk ook sy omgee en genade uit.

## 5. Teologieë van die maag: Omgee in die Rekonstruksie Teologie

### 5.1 Agtergrond

Met die aanloop tot die 1994 verkiesing, en na die bewindsoorname sou die term "Rekonstruksie" vanuit die ANC se Heropbou en Ontwikkelings Program (HOP) die vlagskip word waarmee die nuwe regering se beleid bekend gestel sou word

(Maluleke;1994:245). Die term is vinnig in alle progressiewe kringe (ook die ekumeniese kerkkringe) in gebruik geneem, veral vanwee die toeganklikheid van die term vir die liberale demokrasie. Van Schalkwyk (1996:40) noem die nuwe klem op rekonstruksie die "new moment of truth or *kairos* in our history ..." wat die kerk en staat aanspoor om saam te werk om die lot van die agtergeblewe gemeenskappe te verbeter.

## **5.2 Omgee in die Rekonstruksie teologie**

Bevryding verg nou 'n proses van sosiale verandering en ontwikkeling, en stel ten doel : ".....healing and transformation in every sphere of life for individuals and communities, in the fullest sense of the word." Rekonstruksie is bevryding van alles wat mense weerhou daarvan om ten volle as mens te ontwikkel. Rekonstruksie ,saam met bevryding en transformasie , is alles deel van dieselfde proses. (Van Schalkwyk 1996:40).

Die kerk neem nou posisie in saam met die arme, om soos in die bevrydingstryd prominent sy kant te vat en die faktore wat armoede veroorsaak te beveg. As teologie wat reageer op gemeenskapsanalise is dit soos bevrydingsteologie, kontekstuele teologie . Rekonstruksie teologie as kontekstuele teologie reageer op die konteks van oorgang en verandering. Na die destruktiewe tyd van apartheid en anti-apartheid-rewolusie , is dit nou tyd om die land te herbou. Die Eksodus teologie word nou vervang met 'n post-eksiliese teologie waar die swaarde in ploegskare verander word (Maluleke 1994:248). Versoening, belydenis en vergiffenis is belangrike boustene van die teologie van rekonstruksie. Die terugkeer van die uitgewekenes na Suid-Afrika word gesien as parallel van die terugkeer uit die ballingskap in die Ou Testament. Ballingskap is nou (in stede van die Eksodus verhaal) die Bybelse fokus vir die rekonstruksie Teologie.

Die rekonstruksie teologie poog om aan die kerk 'n bloudruk te gee vir optrede in 'n post-Apartheid Suid-Afrika. Daarom noem Maluleke (1994:249) dit in wese "missionary theology", "a programme of Christian witness", "constructive theological engagement in all the public issues of a democratic society..." Boesak (aangehaal deur Maluleke (1994: 251)) noem die rekonstruksie teologie 'n

medikasie vir kerke wat 'n tydperk van onsekerheid en verwarring beleef. Die rekonstruksie is interdissiplinêr, en bestaan uit samewerking op interdissiplinêre vlak. Rekonstruksie teologie wil solidêr-krities die regering steun in die opbouproses.

**5.3 Kritiese hantering van die Rekonstruksie teologie**

a. Maluleke (1994:.251) vra tereg of die kerk by "nasiebou" betrokke kan raak. Veral in die Suid-Afrikaanse konteks is nasie en volk altyd eksklusiewe begrippe.

b. Die definisie van wat die ideale model is waarvolgens rekonstruksie moet plaasvind, is ook 'n ander vraag wat beantwoord moet word. 'n Suiwer Westerse model van liberale demokrasie is sekerlik nie in Afrika noodwendig die beste alternatief nie. Maluleke (1994:254) noem die volgende redes waarom liberale Westerse demokrasie nie in Afrika kan werk nie:

i. Afrika het nie die ontwikkelingsgang in 'n paradigma van demokrasie soos Europa deurloop nie

ii. Die demokrasie werk alleen in 'n stabiele gevestigde ekonomie.

iii. Die Afrika gemeenskap is nie geskool in die beginsels van demokrasie nie. Dit is 'n vreemde konsep.

c. . Die kerk kan nie van menseregte praat, as daar nie ook van verantwoordelikhede gepraat word nie; van ekonomiese geregtigheid, as daar nie ook oor werksetiek gepraat word nie, en van vryheid sonder om van die vryheid van die ander ook te praat nie. Gous (Maluleke 1994:252) praat van "Theology of responsibility". Die holistiese benadering sou ook veel meer behels as 'n politieke liberale agenda. My oortuiging is dat die kerk juis in die nuwe oorgang 'n geweldige rol te speel het in die voorbereiding van die gemeenskap tot ontwikkeling. Die grondwerk moet deur die kerk gelê word, met 'n Bybelse mensbeskouing en werksetiek. Hierdie benadering sal vreemd val op die oor van ekumeniese teologie, maar ek is oortuig dit is holisties verantwoordelik. In dié verband haal Maluleke vir Kobia aan (1994 p.251) wat sê die kerk se bydrae in enige gemeenskapsprogram is ".....directly proportional to its moral authority." Sonder morele gesag kan die kerk nie by die proses van heropbou betrokke raak nie. In 'n verstedelikte sekulariserende gemeenskap is dit 'n vraag of die kerk

hierdie posisie sal kan inneem. Soveel te meer die NG Kerk familie, met die etiket van die verlede.

## 5.4 Wat kan die Gereformeerde missiologie baat by die rekonstruksie teologie?

a. Die Gereformeerde missiologie, geanker in die geloof in die heilswerk van Christus, word opgeroep om deel te neem aan die program van heropbou van die gemeenskap. Vanuit die sterk evangeliese begronding behoort die Gereformeerde missiologie sinvolle insette te kan lewer rakende die opbou van gemeenskapsgesindhede.

b. Die rekonstruksie teologie bied aan die NG Kerk met 'n redelike gevoel van onsekerheid as wit kerk in 'n dominant swart nuwe demokrasie 'n deur om solidariteit met die nood van die armes te toon. Vanuit Gereformeerde beginsel is die uitgangspunt nie populariteit by mense nie, maar getrouheid aan die opdrag om eie belydenisoortuiging te aktualiseer vir die breër gemeenskap.

c. Die definisie van gemeenskapsbetrokkenheid raak meer omvattend en holisties:

* Dit sluit nou ook in die skoling in demokrasie, en ekonomiese- en menseregte, met die nodige byvoeging hierbo genoem.

* Die sendingaksie is nou duidelik meer omvangryk as om "ou klere vir die sending" in te samel. Oorsake van armoede word aangespreek. Dit is goed en wel om mense te leer om vis te vang,maar almal het nie visvanglisensies nie! Sie situasie analise vir uitbreiding van die gedagte.

* Die beweging is ook weg van "modernisasie" en "ontwikkeling" na "transformasie" (van Schalkwyk 1996:47). Van Schalkwyk (1996:48) bevestig die nood om met totale transformasie (teenoor ontwikkelingswerk of modernisasie) betrokke te raak: "This implies the start of a major process: *building up* a new society with an entirely different set of values as well as alternative economic, political, legal, and educational structures which will create a just and equitable order". Transformasie sou dus nie sonder politieke bevryding kon gebeur nie, maar vloei daaruit voort.

d. Rekonstruksie teologie nooi ook die Gereformeerde missiologie uit om die sekularisasieproses nie net negatief te waardeer nie, maar ook die sekularisasie as positief onder God se genadige toelatende hand te sien ontwikkel, en om ook

die moed te hê om aan die proses deel te neem. Alle sekularisasie is nie negatief nie.

e, Dit wil voorkom asof die kerk se taak nie net evangelisasie is nie, maar ook die transformasie van gemeenskappe, om daardeur vir ander 'n plek in die son te bied. In die proses sal die kerk deur gesindheid en woord ook getuienis kan lewer oor die heilsgebeure in Christus. Waar die kerk evangelisasiewerk doen sonder die onderbou van betrokkenheid in gemeenskapstransformasie , gebeur die volgende:

i. Die vrug van die arbeid, mense wat by die kerk aansluit, raak self mense wat in twee wêrelde leef. Hulle geloofslewe word nie sigbaar in die gemeenskap nie. Hulle kan gevolglik nie die gemeenskap transformeer nie.

ii. Die gemeenskap glo eenvoudig nie 'n eenvoudige kitsoplossing van vertikale bekering as oplossing van alle probleme nie.

iii. Die gestalte van Christus as die Lydende Kneg raak vertroebel in die kerk se apatie.

## 6. Omgee-Teologie : Holistiese kyk na al die mens se behoeftes

In hierdie hoofstuk is nie gepoog om 'n teologiese analise te gee van al die Teologieë ter tafel nie. Agter elke teologie is 'n storie wat ek as Gereformeerde Sendeling wou raakhoor. Tussen al die woorde is daar mense wat iets wil sê. Hulle soek ook Bybelse lig op hulle bepaalde konteks. Daardeur wil hulle hul eie rol as Christene duidelik definieer en beter verstaan.Op eie manier is elkeen besig om om te gee, en omgee vir die nood te formuleer. Hulle is aan die woord gestel. As deel van 'n proses om 'n paradigma te formuleer vir die NG kerk se eie omgee in die Nuwe Suid-Afrikaanse armoede, was hierdie insette nodig. Hiermee het ek die veilige gemaksone van my eie bekende teologiese ruimte verlaat, om daarbuite te hoor wat medegelowiges sien , verstaan en interpreteer. Ek vertrou dat na die situasie analise hierdie oefening my sal help om die missionêre paradigma vir die NG kerkefamilie duideliker te formuleer. 'n Omgee paradigma sou dus, volgens die hipotese van die studie kop-, hart- en maagteologie inspan in die soeke na Bybelse antwoorde.

## AFDELING TWEE

## SITUASIE ANALISE MNAMBITHI DISTRIK

### INLEIDING

Nadat tot beter selfkennis gekom is, en die Bybel as Woord van God ook vanuit ons konteks, en selfverstaan herbeluister is, word in hierdie afdeling na rondom die kerk gekyk (Botha,Kritzinger,Maluleke 1994:21-36). Die konteks waarin die grootste deel van die bevolking en die breë kerkgemeenskap daagliks moet leef, word onder oë geneem. Die fokus in die situasie analise word geplaas op die gemeenskapsnood , en op die nood aan omgee deur die kerk. Doelbewus word meer na mense geluister as wat na statistiek gekyk word. Statistiek kan baie analities en klinies wees, en ook dikwels in tegniese debatte verval, wat meer verwarrend, as verhelderend inwerk op die verstaan van die situasie. Wilson & Ramphele (1989:15) stel dit so: "...until one has a real feel for the situation in which one is working, the most sophisticated statistical techniques in the world can serve .... to obscure rather than illuminate the truth."

Die situasie is nie iets wat buite die kerk bestaan nie, maar verteenwoordig die konteks waarin die grootste deel van die plaaslike kerk daagliks moet oorleef.

### 1. Gebiedsbeskrywing

Verwys na die distrikskaart as bylaag 1.

Die luisteraksie fokus op die Mnambithi distrik , wat ook in provinsiale konteks geplaas word. Binne provinsiale konteks lyk die plaaslike konteks meer analiseerbaar, omdat breëre oorsake en invloede beter verduidelik kan word en omdat plaaslike statistiek nie altyd beskikbaar is om sekere eienskappe na behore uit te lig nie. Die nasionale en internasionale konteks word ook baie kursories aangeraak, ten einde die breër prentjie te skets.

Ladysmith is per slot van rekening deel van die dinamika van KZN , die nuwe SA, die Afrika kontinent en die groot "global village".

Die situasie analise wil ook so holisties en multi-professioneel moontlik wees, binne die ruimtelike, inhoudelike en vakkundige inperking van die studie.

Die Mnambithi distrik bestaan uit die sakesentrum, woongebiede, industriële gebied en distrik rondom die dorp Ladysmith in die Noorde van die provinsie KwaZulu-Natal. Die distrik word omsluit deur die Thukela rivier in die Suide, die Drakensberge in die Noord-Weste, en die Biggarsberge in die Noorde en Noord-Ooste. In die Suid-Ooste grens die distrik aan die Msinga reservaat Die huidige distrik is saamgestel uit die Ezakheni distrik (voorheen deel van die KwaZulu regering), die Kliprivier-distrik (voorheen deel van die Natalse Provinsiale Administrasie), en die Ekuvukeni woongebied, wat die hervestigingsgebiede Hlathi, Uitval, Waaihoek en Limehill ook insluit, wat tradisioneel deur Kwa-Zulu bestuur is, maar nie deel was van die Ezakheni gebied nie.

Aangrensend aan die sakesentrum (Ladysmith), lê die volgende gebiede:

**1.1 Industriële gebiede**

Tydens die apartheidsregime is talle fabrieke subsidies betaal om as grensnywerhede teenaan Kwa-Zulu te funksioneer. Sedert die verval van dergelike subsidies staan talle fabrieke leeg en onbenut. Baie fabriekswerkers moes weer in die natuurlike groeipunte (groter stede) gaan werk soek. Die volgende industriële gebiede bestaan in Ladysmith:

1.1.1 Ezakheni / Pieters, met groot nywerhede soos Canvas & Tent, Defy, en Van Leer verpakking

1.1.2 Danskraal, met groot nywerhede soos Dunlop, Sasko, Northern Natal Plastics, en Transnet.

1.1.3. Nambithi met groot nywerhede soos Distillers Korp. Bpk, SA

Brouerye, etlike paneelkloppers, drukkers en sagte drank verspreiders.

**1.2. Boerdery distrikte**

1.2.1 Elandslaagte. Hoofsaaklik vee

1.2.2 Besters: Gemengde boerdery

1.2.3 Ladysmith: Vee

**1.3. Woongebiede**

1.3.1 Ladysmith (tradisioneel blank), met woongebiede: Hospitaalpark, Modelkloof, Riebeekpark, Farquhar, Berea, Egerton, Reservior Hill, Ruby Gaily, en Hide Park.

1.3.2 Acaciaville . Tradisioneel Indiër woongebied, "oorkant die rivier"

1.3.3 Steadville. Tradisioneel die swart woongebied aangrensend aan Ladysmith, "anderkant die begraafplaas".

1.3.4 Limit Hill, die voormalige Kleurling woongebied.

1.3.5 Ezakheni. Die woongebied 15 km van die dorp se sakesentrum, oorspronklik deur Kwa-Zulu bestuur, bestaan uit 5 seksies. Die Onderwyskollege en tegniese skool is besig om uitgefaseer te word.

1.3.6 St Chad's, Anglikaanse sendinggrond, wat nou homself buite beheer van die Anglikaanse kerk dwing, omdat die meerderheid inwoners nie meer verplig kan word om lidmaatskap van die kerk te aanvaar as voorwaarde tot verblyfreg nie. Baie oud inwoners se kinders het by die AOK aangesluit.

1.3.7 Verder suid van die dorpsentrum is die dorpie Colenso ook nou ingesluit by Ladysmith se plaaslike regering.

**1.4 Informele woongebiede (Plakkerskampe)**

Noord-Oos van Steadville ontspring die informele woongebiede van Umbulwane, Thembalihle en Tsakhane, met Thombi's Camp verder oos, op 'n gebied wat vroeër 'n konsentrasiekamp vir Voortrekkervroue was. Vader

Schoon, een van die eerste leraars in die NG Kerk in Ladysmith is ook hier aangehou.

**1.5 Sub-ekonomiese huise**

Noord van Limit Hill en Wes van Umbulwane, by Shayamoya, word sub-ekonomiese huise gebou. By Roosboom word ook sub-ekonomiese huise met staatshulp gebou.

**1.6 Hervestigingsgebiede**

Verskeie hervestigingsgebiede is in die sewentiger jare deur die vorige regering op die Helpmekaar-pad begin. Ten einde swart gemeenskappe apart te konsolideer is hierdie gemeenskappe almal uit sogenaamde "wit gebiede" verskuif. Vanaf Ladysmith is Waaihoek die eerste hervestigde gemeenskap. Hier is 'n Lutherse gemeenskap, wat van 'n sendingplaas naby Weenen in klein sink hutjies hervestig is. Hulle is ongeveer 40 km van die sakesentrum af. Die gemeenskap is steeds baie onstabiel, met hoë werkloosheid, vererger deur die R18.00 retoer taxigeld na die dorp se sakesentrum toe. Na Waaihoek word die volgende gemeenskappe op die Helpmekaar-pad aangetref: Ekuvukeni, Kwa-Maqanda, Nazaretha (Rockcliff), Somshoek, Uitval, Limehill, eTholeni, Hlathi, de Waal en Douglas. Hierdie gemeenskappe het saam met hulle stamowerhede verskuif. Die gebiede word steeds deur die tradisionele stamstelsel van die stamme Nxumalo, Mbenze en Mchunu bestuur.

**1.7 Tradisionele stamgebiede**

Ongeveer 25 km vanaf die dorpsentrum, op die Helpmekaar- pad, draai die pad oos na die Mhlumayo berg, en Jobes Kop (deur die Boere genoem "Jobskop", en deur die Zoeloes "iLenge"), 'n prominente baken in die gebied. In die gebied is die tradisionele stamgebiede van die Mthembu, Sithole, Mabaso en Zwane . Hoofman Sithole is die voorsitter van die Mnambithi hoofmanne- raad. Hierdie gebied grens aan die Msinga reservaat, wat deur die Britse koloniale regering as reservaat vir probleemstamme

gereserveer was. Die Sithole grondgebied is deur Shaka aan Jobe, een van sy regimentshoofde, gegee, en is nou onder tradisionele beheer van 'n tiende opvolger in die Jobe-dinastie.

## 1.8 Grondherstel: Terugkerende gemeenskappe

Op die Elandslaagte-pad, is die Cremen-gemeenskap, wat in 1999 weer hulle land met die grondherstelprogram, na ongeveer 30 jaar, terug ontvang het. Na een jaar het nog net ongeveer 12 gesinne teruggetrek. Lucitania het ook hulle grond Noord-Wes van Elandslaagte met grondherstel teruggekry. Hier was Duitse kerke betrokke by die genesing en herstel van die gemeenskap, tydens "ballingskap", en ook nou weer na hulle terugkeer.

Verder op pad na Wasbank, vanaf Elandslaagte, onder die Hlathikhulu-berg, is die imposante Rooms Katolieke katedraal, Maria Ratschitz. Dit is in 1910 voltooi, en spog met pragtige Zoeloe muurtekste. Die katedraal is gebou op 'n 3200 ha Katolieke sendingplaas wat in 1885 deur Trappiste Sendelinge van die Rooms Katolieke kerk aangekoop is. Die gemeenskap rondom die kerk word genoem "Kwathelaphi", afgelei van die oorvloed kos wat in die sestiger jare onder leiding van die sendingstasie se personeel, deur die gemeenskap geproduseer is en hulle skure so vol was, dat hulle moes vra "sizokuthelaphi" (waar moet ons dit neergooi?) (Gillan 1998:49-52). Hierdie gemeenskap is in die sewentiger jare verskuif. Die eens vooruitstrewende gemeenskap is van hulle grond en landboudrome vervreem. 'n Deel van die plaas word aan wit boere verhuur. Die katedraal sou byna 30 jaar onbenut wees. As 'n simbool van hoop is dit in 1998 weer herstel en met 'n interkerklike Kerssangdiens aan die gemeenskap bekendgestel.

Suid van die dorpsentrum is die Roosboom/ Ekuphumuleni woongebied, wat ook onlangs na byna 30 jaar met die grondherstelprogram weer hulle grond terug ontvang het. Met die verskuiwing van die gemeenskap is 'n gewaardeerde kerksentrum van die destydse NGKA, en 'n kerkskool, "Arbeidslus" en pastorie gesloop. Met die terugkeer na hulle gebied, het die VGKSA met die hulp van die NG Kerk Danskraal weer, met die ou gebou

se stene wat nog op die perseel gelê het, hulle skoolgebou herbou en 'n kleuterskool daar gevestig.

Ander terugkerende gemeenskappe sluit in 'n gedeelte van Umbulwane, Tsakhane, Khumaloville by Besters, en die amaHlubi by Loskop (Estcourt). Duitse kerke , onder die ekumeniese liggaam "Aktion Bundesschluss" het die ontwortelde gemeenskappe bygestaan, en is ook betrokke by die hervestiging en heropbou van die gemeenskappe.

Die ironie met die terugkeer van grondeienaars, is dat die grond deur informele huurders oorgeneem word, en geen landboupotensiaal benut word nie. Die bou van informele huurders se huise is verder onbeplan, sonder straatplanne en langtermyn ontwikkelingstrategieë.

**1.9 Swart Trustgronde**

25 km Wes van die dorpsentrum is die trustgronde van Amathungakholwa, onder die Khumalo stam. Die gebied staan bekend as Driefontein. Die grond is teen 1865 onder leiding van die Wesleyaanse (Metodiste) sending, deur die staat aan 'n trust van eienaars (swart lidmate van die Metodiste kerk) verkoop. Die doel hieragter was die gedagte om Christene sonder die vyandige heerskappy van plaaslike tradisionalistiese hoofmanne te organiseer in 'n selfstandige, selfbesturende eenheid met volle eienaarskap en sterk klem op privaat grondbesit en vryemark beginsels (Marks 1970:61).

Ander trustgronde bestaan ook by omliggende gebiede soos Burford, Mathondwane, Kleinfontein, Watersmeet, en Moba. Hobsland is staatsgrond, wat van die gemeenskap wat verskuif, is vervreem is. By die ander gebiede word die grond deur swart privaat grondeienaars besit, wat dit meestal onderverhuur. Die verskaffing van infrastruktuur word deur die onderlinge spanning tussen trustlede vertraag.

## 1.10 Monumente

Binne die dorpsgebied is talle besienswaardighede, soos die sandsteen NG Kerk gebou. Die gemeente is in 1854 gestig. Die Anglikaanse kerk gebou is ook in die hoofstraat geleë . Die Ghandi-monument by die Hindu tempel, die Soofie Moskee, die Danskraal Gelofte- monument, en buite die dorp die talle grafte en monumente (Platrand, Spioenkop, Elandslaagte en Blauwkranz) wat aan die Anglo-Boere Oorlog herinner getuig van die heterogene samestelling van die gemeenskap. Vanuit die "Transformation"-film-beweging (NUMPSA) is sommige kerke in die dorp besig om die "binding" van hierdie "bloed-monumente" op die dorp te ondersoek. Vanuit die plaaslike broederkring beplan sommige kerke om die negatiewe invloed van hierdie simbole met verligte kruise op die rante om die dorp teen te werk.

## 2. Statistiek

### 2.1 Oorwegend swart

Die munisipaliteit se statistiek wat in 1997 gebruik is, word gebruik omdat dit meer akkuraat is as die 1996 staatsensus, wat nog nie grensverdelings in ag geneem het nie. Die minusipale statistiek toon in 1997 dat die totale inwoners in 'n 55km radius rondom Ladysmith as volg verdeel word::

| | | |
|---|---|---|
| Swart: | 383 664 | (91%) |
| Wit: | 16 512 | (4%) |
| Asiërs: | 14 678 | (4%) |
| Kleurlinge: | 2 776 | (1%) |
| Totaal | 417 630 | |

Die Munisipale grense vir die 2000-verkiesing toon die totale statistiek vir die gebied soos volg aan: Mhlumayo tradisionele gebiede en die Wasbank hervestigingsgebiede (KZ233): 98 500, Ladysmith, dorp, plase, en omgewing (KZ232): 178 500 . Totaal :277 000. Die nuwe distriksraad van distrik DC23 , met Ladysmith as sentrum sluit ook Bergville (119 000 mense), Loskop (107 000 mense ), en Estcourt (50 000 mense ) in.

**2.2 'n Jong gemeenskap**

Die ouderdomsverspreiding vir KZN, volgens die 1996 sensus opname kan met geringe wysigings ook gebruik word om die konteks in die Mnambithi distrik te ontleed. Hiervolgens beslaan die jeug onder 20 jaar 46 % van die totale bevolking. Die jeug onder 21 jaar beslaan meer as 50% van die totale bevolking. Die helfte van hierdie groep jongmense is jonger as 10 jaar oud.

**2.3 Geletterdheid**

Die Onderwys Departement doen in 1998 verslag dat 43 hoërskole, met 3473 matrikulante in die distrik vir die matrikulasie eksamens ingeskryf het. Die gemiddelde slaagsyfer was 57%.

Volgens Munisipale statistiek (1997) was die geletterdheidsvlak as volg:

Swart: 51,2%; Asiërs: 85,5%; Wit: 99,0%

**2.4 Armoede Statistiek**

**2.4.1. Nasionale vlak.**

Die buro vir marknavorsing beraam vir 1989 16,4 miljoen inwoners in SA onder die minimum bestaanspeil, en in 1993 18 miljoen (47% van totale bevolking), waarvan 9 miljoen sonder enige waarneembare bestaansmiddele oorleef. (Hattingh 1997:25)

**2.4.2 Provinsiaal**

Die HOP-navorsing Oktober 1995 (PACSA verslag 1998:2) toon dat KZN 21% van die land se armstes (die wat onder R301 pm verdien) huisves. Naas die Oos-Kaap is die meeste armes in KZN. Koning Zwelintini (1996) noem KZN een van die armste provinsies in SA, die ashoop van werkloses, en die verskaffer van goedkoop arbeid. Die provinsie word gekenmerk deur min beleggings, ontwikkeling en infrastruktuur. Soos die Thukela se water word ook die mannekrag na Gauteng gepomp om aldaar ontwikkeling en welvaart te genereer.

KZN is een van die provinsies (saam met Noord-Transvaal, Oos-Kaap, en

Noordwes-Provinsie) met die laagste BBP, en ook een van die provinsies met die hoogste afhanklikheidslas (2.1). Inkomstes word hoofsaaklik gebruik om uitgebreide families te ondersteun, en daar is min geld vir besparing en ontwikkeling (Van Rooyen 1997:87)

### 2.4.3 Landelike konsentrasie van armoede

Die HOP navorsing (Oktober 1995) toon dat 75% van die land se armstes op die platteland woon, meer gekonsentreerd in die voormalige tuislandgebiede, waar tot so veel as 60% van die totale gemeenskap arm is (onder R301.00 pm verdien).

### 2.4.4 Armoede in die Mnambithi distrik

#### 2.4.4.1 Inkomsteverspreiding

Die 1991 staatsensus toon dat in die Mnambithi distrik in terme van die totale swart bevolking 72% van die stedelike inwoners, en 84% van die landelike inwoners onder R1000 per jaar verdien het. Van die potensiaal werkende deel van die populasie in die Mnambithi distrik het 26% onder R500 pm verdien.

### 2.4.5 Armoede in die VGKSA Nasionaal

Tydens 1990/91 het CASE (Community Agency for Social Enquiry), met buitelandse fondse navorsing gedoen onder lidmate van die destydse NGKA. Die volgende is bevind: 58% van alle lidmate verdien minder as R500.00 p.m. per familie ( R69.00 per persoon per maand).

40% van alle families het 'n eie waterkraan gehad; 33% ouer as 16 jaar het st. 7 geslaag;.

29% aanvaar hulle armoede as God se wil en 27% wil verandering sien gebeur, eerstens op die terrein van gesondheid en tweedens op die terrein van arbeidsvoorsiening.

### 2.4.6 Armoede in die plaaslike VGKSA

Die Ringsendingverslag van die Ring van Ladysmith (NG Kerk) Augustus

2000 toon die volgende ontstellende statistiek vir die VGKSA in die ringsgebied:

| Gemeente | Belydende lidmate | Werkende lidmate in gemeente | % werkende belydende lidmate | leraar se situasie |
|---|---|---|---|---|
| Bergville | 2000: 523<br>1996: 504 | 80 | 15.29% | voltyds subsidie NGK: R 1800 pm<br>eie gemeente bydrae: R200 pm |
| Estcourt | 2000: 380<br>1996: 280 | 100 | 26.31% | voltyds<br>geen subsidie<br>eie gemeente R500 |
| Ladysmith | 2000: 550<br>1996: 500 | 100 | 18.18% | 1 tentmaker<br>1 voltyds<br>subsidie NGK: R3500 pm<br>VGKSA R1500pm |
| Weenen | 2000: 243<br>1996: 138 | 25 | 10.29% | Tentmaker<br>Subsidie NG Kerk R1100pm |
| Winterton | 2000: 100<br>1996: 96 | 20 | 20% | Tentmaker |

## 2.5 Kerkverband

### 2.5.1 Die 1991 statistiek geloof/ kerkverband van die swart gemeenskap Mnambithi

| | NG K fami lie | Angl | Met | Pres | Kong res | Luth | RKK | AGS | AOK | ander Christe like groepe | ander nie-Christe like | Onge spesifi seerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **tot** | 3975 | 7455 | 18487 | 7145 | 2948 | 5020 | 25746 | 230 | 72852 | 11286 | 194 | 50216 |
| **%** | 1,8 | 3,6 | 8,9 | 3,4 | 1,4 | 2,4 | 12,5 | 0,1 | 35,5 | 5,5 | 0,09 | 24,4 |

Van die statistiek aangegee as lidmate van die NG Kerke familie, was slegs 12% op die kerk se boeke aangeteken, waarvan 50% meelewend was (

gereelde erediensbywoning, dankoffer inbetaling en samewerking met kinders na Sondagskool stuur). Sien Kritzinger (1985, 1988(a)) vir nasionale godsdienstige verspreiding in SA.

### 2.5.2 Kerk en godsdiens statistiek vir die provinsie m.b.t. NG Kerk Familie.

Statistiek van lidmate van die NG Kerke familie in persentasie van die gemeenskap in KZN word in 1996 deur die staatsensus en die NG Kerk Jaarboek as volg uitgedruk:

| Bevolking | Totale bevolking alle ouderdomme | NGK familie alle lidmate * | % van spes. bevolkingsgroepe |
|---|---|---|---|
| Totaal | 8 417 021 | 71084 | 0.84% |
| Wit | 558 182 | 50678 | 9.08% |
| Asiërs | 790 813 | 1264 | 0.16% |
| Swart/Kleurling | 6 998 603 | 19142 | 0.27% |

* Kerkstatistiek uit 'Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1996'.

## 3. Werkswyse

Na die boonste oorsigtelike opmerkings is dit duidelik dat die NG Kerke in die gebied dringende aanpassings sal moet maak in hulle sending betrokkenheid (Kritzinger 1994:28-38). Die volgende aspekte van die gemeenskap se nood sal in meer besonderhede ondersoek word: Armoede, Kultuur as katalisator vir armoede, Geweld, Vigs, Vroue as agtergeblewe groep, en die NG Kerk se historiese motiewe in die interpretasie van die sending van die kerk onder die armes in die Mnambithi distrik.

# HOOFSTUK EEN: ARMOEDE

**Inleiding**

Armoede is een van die mees akute verskynsels van nood in die konteks van die studie. Tsele (1996:2) beskou armoede as 'n plaag, wat uiteindelik die hele gemeenskap raak. Goba (Challenge (35) 1996:4), voorsitter van die Kongregasionalistiese kerk, noem die armoede situasie in Suid-Afrika: "…. a timebomb which will explode in our faces and destroy the new South Africa if it is not defused soon". Oral in arm gemeenskappe word 'n nuwe generasie groot, wat meer deur armoede getraumatiseer word, en meer tot aggressie geneigd is. Armoede eskaleer geweld, afhanklikheid en Vigs. 'n AOK leier beskou in 'n gesprek die grootste effek van armoede as "...destroys human dignity...". Mense sonder menswaardigheid kan ook nie ander menswaardig hanteer nie. Die armste deel van die gemeenskap word ook die hardste getref deur immoraliteit en morele verval in die gemeenskap.

## 1. DEFINISIE VAN ARMOEDE

Hoe lyk die armoede in die Mnambithi distrik? Om 'n enkel definisie van armoede te gee is 'n onmoontlike taak. Daar is geweldig baie faktore wat op so 'n definisie inspeel.

Wat word bedoel met die term "armoede"? Ek beperk die studie tot die volgende definisies van armoede, wat nie teenoor mekaar nie, maar aanvullend gebruik moet word om armoede te beskryf:

### 1. 1 Die Relatiwiteit van armoede

Armoede is 'n relatiewe verskynsel , wat nie net aan inkomste gemeet word nie, maar ook aan die gelyke verdeling van geleenthede en middele. Kritzinger (1990(b) :13) haal die SALDRU handboek aan wat beweer dat in 1980, swartes (73% van die totale bevolking) slegs 25% van die land se inkomste geniet het, terwyl blankes (15% van die totale bevolking) 65% van die land se inkomste ontvang het. Swart mense ervaar hulle armoede soveel meer intens, as hulle naas, en nou ook tussen, meer gegoede blankes kom woon. Mofokeng (1991:64/65) praat van die konteks in SA as 'n "*racial*

*capitalism struggle"*. Die ekonomiese verdeling wat langs rassegrense loop, polariseer die gemeenskap dieper, en vererger die ervaring van swart armoede. Juis dit maak armoede in die swart gemeenskap soveel erger as in ander lande waar welvaartsdispariteit binne een etniese groep gevind word. Armoede word soveel meer as "onregverdig" beleef.

### 1.1.1 Die GINI-koëffisiënt.

Die HOP navorsing wat in 1995 voltooi is, maak gebruik van die Gini-koëffisiënt, om die ongelyke inkomste binne een gemeenskap uit te druk. Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt is van die hoogste in die wêreld en vergelyk met die van Brazilië. As gevolg van die klein groepie met hoë inkomste, word SA geklassifiseer as 'n middel-inkomste-land. As middel-inkomste-land toon SA egter 'n uitsonderlike hoë voorkoms van armverwante probleme: Kindermortaliteit, ongeletterdheid en hoë geweld. Hierdie hoë Gini-koëffisiënt word toegeskryf aan die apartheidsera: *"In spite of the wealth of the country, a large share of the population has not been able to benefit from South Africas resources."* (PACSA inligtingstuk 1998:1)

### 1.1.2 Landelike tradisionele gebiede ervaar armoede minder intensief

My ervaring is dat die landelike tradisionele gebiede hulle armoede, in isolasie van die wit- en dorpswelvaart, minder intens ervaar. Die maatstawwe vir welvaart word met 'n eie unieke maatstaf gemeet. Vee, kinders, aantal hutte in die familie eenheid (stat), en tradisionele simbole, speel hier 'n groter rol. Op staatsstatistiek lyk die mense armer as wat hulle hulself ervaar. Hiermee word hulle armoede nie ontken nie. Wat wel armoede in die landelike gebiede intensiveer, is die gebrek aan basiese infrastruktuur (skoon drinkwater, elektrisiteit, skole en vervoernetwerke). Die nuwe regering se konsentrasie op die verbetering van hierdie landelike infrastruktuur is lofwaardig en verdien die kerk se steun en aanmoediging.

## 1.2 Armoede: Lewe onder die broodlyn

Armoede is egter ook meer as 'n relatiewe ervaring, dit het ook alles te doen met bestaansminimum. So word armoede definieer as 'n bestaan onder die broodlyn. Unisa se buro vir marknavorsing het probeer om 'n vlak van

absolute armoede vas te stel : Die HSL (Household Subsistence Level). Dit gee die maandelikse inkomste aan wat 'n gesin van 6 persone nodig het om basiese bestaansbenodigdhede te kan koop. Die bedrag in 1985 vir groot stede was vasgestel op R345. Hiervolgens sou 50% van die totale bevolking onder die bestaansinkomste leef.

Die probleem met hierdie definisie is dat dit beperk is tot inkomste gegenereer uit formele indiensname en die opbrengste deur bestaansboerdery en entrepreneurspogings nie in ag neem nie. In die landelike gebiede sou die geldelike inkomste minder wees, maar die landbouprodukte soos vleis, melk en meel sou sonder uitgawes gegenereer kon word. So ook word plaasarbeiders se eie vee- en oes opbrengste nie in ag geneem met die bepaling van armoede nie. Lidmate wat van plase af verskuif het na die dorpsgebiede en gelukkig was om werk te kry, is selde beter daaraan toe, al verdien hulle in rand en sent meer per maand .

Die implikasie is dat hulp vanuit hierdie definisie beplan kan word wat uiteindelik 'n werkbare hantering van armoede ignoreer, en onwerkbare alternatiewe probeer daarstel. In enige hulpverleningsprogram moet eerstens gevra word: "Wat het die gemeenskap wat werk in hulle konteks?"

## 1.3 Armoede is 'n menslike ervaring: Dit raak mense

### 1.3.1 Afrika-armoede in SA is 'n intens menslike belewing

Armoede impliseer meer as statistiek, politiek, en geld. Dit raak mense. Iemand wat self nie armoede ervaar het nie, sal beswaarlik die volle impak van armoede begryp en die dinamika van armoede op die samestelling van gemeenskappe kan insien.

> *Hoe begryp mens die situasie van Mev. Khumalo (skuilnaam) by Mhlumayo . Sy is lidmaat van die VGKSA, getroue prediker en kerkganger. Verder is sy enkelouer met vier kinders, almal op skool. Haar inkomste bronne bestaan uit 'n salaris as inslaapbediende by 'n Indiër-gesin in Acaciaville. Sy laat die kinders (onder andere*

*twee tienerdogters) gedurende die week alleen tuis. Haar vervoergeld heen en weer oor naweke is R28.00 per week. Per maand betaal sy R112.00 net aan vervoer werk toe . Sy verdien ongeveer R250.00 per maand, reeds onder die HSL. Sy het vier koeie gehad, waarvan sy af en toe die aanteel verkoop het om finansieel te oorleef. Een aand is al die beeste gesteel. Sy en die hele gemeente se kinders het 'n week lank gesoek, sonder enige resultate. Terug by die werk, moes sy uitvind dat haar werkgewer iemand anders in diens aangestel het. Sy was informeel in diens geneem en kon op geen regsgronde staan om haar werk terug te kry nie. Sy wou ook nie.*

*Sy het dagga verbou in die bergreeks buite Ladysmith. Een dag met huisbesoek het sy gevra dat ek moes bid dat haar oes beskerm moes word teen die polisie klopjagte. Baie mense , onder andere vroue met kinders, het op daardie tydstip gevangeskap uitgedien weens hulle dagga verbouing. Sy het dit gestaak omdat dit gevaarlik geraak het. Die moontlike wettiging van dagga sal ook ander soos haar se winsmarge laat daal en die verbouing nie meer lonend maak nie. Hoe kan ek haar veroordeel as 'n groot deel van die kerk se sendingwerk in die gebied befonds word uit die Wes-Kaap waar drank verbouing 'n beduidende bron van inkomste vir die kerk se sendingwerk is?*

*Sy is lid van die kerk se naaldwerkklub, maar die materiaal waarmee hulle rokke maak, is so duur, dat hulle nie met groot kettingwinkels, wat die materiaalmark manipuleer, kan kompeteer nie.*

Hoe sit mens hierdie ervaring om in statistiek? Wat doen die kerk aan haar, en baie soos sy se nood?

Maluleke (1996:36) haal Mphahlele aan wat die swart "lokasies" beskryf as "organised rubble". Spesifiek die ervaring van swart armoede is vir enige blanke in SA 'n vreemde en skrikwekkende gedagte. Poog mens as blanke om 'n wetenskaplike prentjie van swart Suid-Afrikaanse armoede te skets, sal dit meer as statistiek en feite moet behels.

Briggs (1998:2) verwys na die WVK verhore wat in Maart 1998 beplan was, om juis die swart ervaring van armoede te verwoord. In die verband word Boule aangehaal wat voel dat die armes self insette moet lewer in die definiëring van hul eie armoede. Hy soek 'n "pro-poor" definiëring en hantering van armoede. Politici en akademici het nog te min geluister na die swart ervaring van armoede. Wil die NG Kerke familie swart armoede verstaan, sal hy soos in Eseg.3:15 eers verskrik tussen die mense moet sit en ervaar wat hulle ervaar.

**1.3.2 Armes moet met respek hanteer word**

Bruwer (1994:20,35) se baanbrekerswerk vereis dat as enigiemand by die armes betrokke wil raak, hulle van alle vorme van meerderwaardigheid ontslae moet raak. Bruwer (1994:11) vra respek : "The basic cry is for **human dignity**..." Perkins (1996:90) bevestig hierdie stelling deur te sê dat 'n mens wat gedurig hoor dat sy/haar plek, of hulle groep se plek, onderaan die sosiale leer is, uiteindelik 'n lae selfbeeld sal oorhou. Deurentyd moet mense se menswaardigheid erken word. Die arme moet as mens aanvaar word, en hulle regmatige plek gegee word in die besluitnemingsproses oor hulle lewens.

Binne in die broos kleipotte van die arm gemeenskappe is daar 'n kosbare skat van onontginde talent en potensiaal, wat uitgehaal en blink gevryf moet word. In elke swart, arm gemeenskap is daar 'n kosbare bron van skeppende kreatiwiteit: 'n unieke musiekvorm, dans, taal, skeppende kuns (Grossert1978:15,51) en simboliek (Berglund 1976) ontwikkel. Die opkoms van 'n alternatiewe entrepreneursvaardigheid bevestig ook dat die mense in die situasie van armoede geweldige kreatiwiteit vorendag bring om te

oorleef. Maluleke (1996:6,7) praat van 'n nuwe kultuur in dorpe en stede genaamd "township culture". Die kerk kan nie bloot skepties staan teenoor die kultuur nie, maar Christus sal juis hierin geïnkarneer word. Die arm swart kultuur het 'n bruisende energie wat, indien reg gerig, 'n unieke Christendom tot gevolg het.

## 2. OORSAKE VAN AFRIKA-ARMOEDE

Indien die kerk werklik omgee vir swart armoede sal die kerk baie aandag moet skenk aan die oorsake daarvan. Gebeur dit nie, sal die kerk uiteindelik pleisters plak op diepliggende ontsteking en nooit by die wortel van die saak uitkom nie. Juis hierdie diep grawe na die oorsake sal die kerk help om kreatiewe geloofsreaksies te lewer.

Die oorsake van armoede in die arm swart gemeenskappe van die Mnambithi distrik , het ook nie een aand uit die lug geval nie, maar is intens ineengeweef met die provinsiale , nasionale en internasionale gemeenskap. Om die armoede in een streek te isoleer van die breër gemeenskap, sal lei tot eensydige gevolgtrekking en vervlakking van die insig in die probleem.

Armoede in die swart gemeenskap, waarvan Mnambithi deel is, word veroorsaak deur verskeie faktore:

### 2.1 Europese Kolonialisme veroorsaak altyd armoede

Saayman (1991(a):23) en Harrison (1979:40) beskryf die koloniale proses as die "moederland" se poging om die onontginde hulpbronne in onontwikkelde lande oor te vat, dit winsgewend deur die inheemse mense se goedkoop arbeid te verwerk, en alle wins weer in die "moederland" se bates terug te ploeg. Op alle gebiede sou Britse kolonialisme , soos in ander Britse kolonies in die Derde Wêreld, bydra tot grootskaalse armoede in KZN, en Mnambithi. Ongelukkig het "apartheid" in SA die kollektiewe versamelwoord ook vir Britse koloniale verdrukking geword, en word die effek van Britse kolonialisme op swart armoede nie altyd ten volle verreken

nie. Koloniale verarming sou met die apartheidsbeleid voortgesit word. Ek gebruik die versamelnaam "Europese kolonialisme" om te verwys na beide Britse en Afrikaner verontregting van die swart gemeenskap.

Die volgende implikasies van Europese kolonialisme word uitgelig:

### 2.1.1 Grondverdeling ten gunste van wit boere

Op 'n voorstellingsbesoek aan hoofman Sithole, het hy die volgende aan my meegedeel:

> *Julle wit mense het na ons Zoeloes se land gekom. Julle het aan ons voorvaders Bybels gegee. Julle het hulle leer bid. Toe hulle hulle oë toemaak om te bid, het julle hulle land gevat. Julle het al die vrugbare valleie en weiveld vir julleself gevat en ons na die rante en koppies uitgedryf. Ons moes julle hande arbeid verrig, en julle verryk.*

By 'n ander geleentheid het ek ook 'n land-legende gehoor wat die swart gevoel oor die saak treffend uitbeeld:

> *Julle wit voorouers het kom onderhandel oor grond. Omdat hulle ons konings se gesteelde vee gaan haal het, is hulle grond gegee. Die ooreenkoms was dat hulle die grond sou kry wat met die oog gesien kon word as mens op 'n stoel sit. Wat hulle nie gesê het nie, is dat hulle 'n stoel sou bring wat reg in die rondte kon draai!*

Shaka sou op sy sterfbed die vrees uitspreek dat die swaeltjies , soos hy die blanke Britse kolonialiste genoem het ( omdat hulle nie met gras nie, maar met "modder" huise gebou het) sy volk se land sou oorneem (Marks 1970:3). Teen 1868 was die hele Natal suid van die Buffelsrivier dan ook in die besit van blanke, veral Britse boere (Marks 1970:6). Met Britse kolonialisasie is die Zoeloe volk van twee derdes van hulle grond vervreemd (Villa-Vicencio 1988:50) en teen 1897 is die tradisionele Zoeloeland, noord van die Buffels ook by die Britse kolonie ingelyf en het die Zoeloes beheer oor hulle grondgebied verloor.

Weens die *mfecane* (massa oorloë in die sentrale deel van SA) het talle swart stamme gevlug. Talle swart stamme het voor Shaka uitgevlug. Mens sou ook melding moet maak van wrede Zoeloe magshonger, wat talle stamme ook van die land en grond vervreem het. In hierdie tyd is die land deur blanke setlaars, onder die indruk dat die land onbeset was, ingeneem. Talle argeologiese uitgrawings getuig van die feit. Met hierdie volke se terugkeer is ontdek dat hulle land deur die blankes beset was. Hulle kon alleen as arbeiders na hulle grondgebied terugkeer.

Land is 'n bestaansmiddel en toegang tot lewensmiddele soos voedsel. Sedertdien sou die grondhonger van al die volke in SA altyd 'n punt van konflik wees. ' n Lang geskiedenis van kolonialisme, uitbuiting, segregasie, werksreservering en apartheid het 'n situasie geskep waarin 60 000 blanke boere in SA vandag 12 keer meer grond besit as die 14 miljoen landelike armes. (Voorlegging Practical Ministries aan WVK -1996). In SA besit 15% van die bevolking 83,6% van die land (Loubser 1987:xi)

As gevolg van die CODESA ooreenkoms sou alle wit boere grondwetlike besitreg op hul grond behou en sou dit alleen beskikbaar gestel word aan swart boere as dit wettig gekoop word. Hierdie ooreenkoms is die een veiligheidsmaatreël waaraan baie blanke boere vashou na die radikale grond herverdelings in Zimbabwe tydens die 2000 verkiesings. Die konflik en druk om meer grond, bly egter op die agenda in SA.

**a. Gedwonge verskuiwings**

Tussen 1960 en 1980 het die vorige regering tussen 1,2 miljoen en 3,5 miljoen swart mense meestal teen hulle sin na minder gunstige gebiede verskuif sodat wit gebiede meer gekonsolideer kon word. (Practical Ministries verslag aan WVK 1996). Hierdie gedwonge verskuiwings het diep letsels in die gemoedere van mense gelaat. Hulle is verarm deur die verlies van baie vee, hulle besittings is verniel, hulle moes meestal weer hul nuwe

huise self bou, hulle is van landbougrond vir bestaansboerdery behoeftes ontneem. Baie kinders en bejaardes het ook weens blootstelling tydens die verskuiwings en die wagtydperk tot hulle hulle nuwe huise klaar gebou het, omgekom. Die staat het aan hierdie hervestigde mense elk 'n 50 vierkant meter erf naby water (' n dam, fontein, spruit of rivier) gegee, waar hulle self hulle huise kon bou en hul eie put toilette moes grawe. Soms is staats toilette vooraf op die uitgemerkte erwe voorsien. Daar was met hulle aankoms geen skole, klinieke, of enige ander infrastruktuur nie.

Bruwer (1988:60) noem dat met staatshulp suksesvolle swart bestaansboere geleidelik ingesluk is, deurdat hulle grond onteien en aan blanke boere verkoop is. Hulle moes dan as arbeiders op die plase werk, of was verplig om te trek. Baie is ook na die "tuislande" met beperkde landboupotensiaal en infrastruktuur verskuif, wat spoedig oorbevolk geraak het. ' n Groot groep edel swart bestaansboere is sodoende spoedig verlaag tot arbeiders wat teen 'n hongerloon hulle moes afsloof ter wille van blanke rykdom. Bruwer (1988:60) haal Van Zyl, Fenyes en Vink aan wat beweer dat in die sewentiger jare plaasarbeiders teen 'n tempo van 3,2% - 4,2% per jaar per 1000 ha. landbougrond in die somerreënval gebiede verskuif is. Ten spyte hiervan was daar teen die middel 1980's steeds tussen 4,32 miljoen en 6,5 miljoen plaasarbeiders in SA op wit plase: ongeveer 790 000 gesinne. In die meeste wit landbougebiede het die swart werkers die blankes teen 'n verhouding van 8:1 oortref.

Stelselmatig het die regering die swartman doelbewus van sy grond vervreem ten einde hom te dwing om goedkoop hande arbeid te verrig. Swartes is verbied om grond te koop. Die wette van 1913 en 1936 en later van 1948 sou hiervoor voorsiening maak. Bruwer (1988:62) haal die parlementslid van Piketberg aan, wat sou aanvoer dat nie meer grond aan swart boere voorsien moes word nie : " *Ons hoofoogmerk moet wees om Suid-Afrika as 'n witmansland te behou.* "

In die Mnambithi distrik lê die wonde van hierdie beleid sigbaar in die volgende verskuifde gemeenskappe: Roosboom/ Ekuphumuleni, Cremen, Khumaloville, Umbulwane, Lucitania, Ekuvukeni, Waaihoek, KwaMaqanda, Hlathi, Nazaretha, Somshoek, Uitval, Limehill, eTholeni. Hierdie verskuifde mense is dertig jaar later in die Mnambithi distrik steeds gemarginaliseerd en kan nie vanself tot die markekonomie toetree nie. Terselfdertyd kan hulle nie meer 'n bestaansboerdery voer nie. Nogtans is 'n mens verstom oor die gemeenskappe se vermoë om te oorleef.

**b. Getuienis oor die ervaring van gedwonge verskuiwings by Limehill , Wasbank**

Mev. Violet Buthelezi het as segsvrou van die Limehill gemeenskap voor die WVK opgetree, en die volgende verslag gelewer, soos aangeteken in die WVK verslag van "Practical Ministries" Mei 1996:

> *" We saw a convoy of cars led by Mr. Mnguni's car and a police van. We were told that we were being moved and we had to collect all our belongings. We collected our possessions and when we arrived at Limehill it was late and it was raining."*
>
> *"We left our crops in the fields and we were not allowed to go back and harvest them."*
>
> *"The Commissioner (Bantu Affairs) summoned me to this office and asked me why I was organising the community and why I had told a lie that the people wanted to go back and harvest their crops. A lot of our possessions were damaged and Husven followed us buying our cattle for ten cents."*
>
> *"Our families here (Limehill) are subjected to crime and poverty because of unemployment. In our land we were not*

*poor; we had our cattle and we tilled our land. Our houses here are falling apart because of the poor quality of soil. We are poor here, and this situation has turned our children into criminals."*

*"Dreyer victimised us severely, promising us that where they were moving us we could be given diary cows. He told us to sell our live stock. He asked us to choose a place where we would build houses, but when we made our choice he told us that, that place was not good for us and gave us another place. The Roman Catholic Church assisted us with food and all other things that we needed....A lot of my belongings were damaged at Evansdale when our pastor victimised us and threatened us with prosecution if we were not prepared to leave the place."*

Practical Ministries gee verslag van die volgende effek van die gedwonge verskuiwings op die Limehill gemeenskap:

* Kinder mortaliteit van 22% vir die eerste 10 jaar na die verskuiwing
* 11% van die onder vyf- jariges tydens die trek het nie tien jaar lank geleef nie.
* Bevolkingsgroei in die gebied is halveer.
* Oorsake van kinder mortaliteit hoofsaaklik gastro entritis.

**c. Herstel van grondregte**

Daar is 'n proses moontlik gemaak waardeur onteiende gemeenskappe wat titelaktes van hulle onteiende grond gehad het, weer hul grond kan terugeis. Dit is egter 'n moeisame proses, en min landelike gemeenskappe het hierdie weg gevolg.

Soos met die grond die geval , het Europese kolonialisme in Natal ook die swart gemeenskap op die volgende gebiede ontwikkelingsgeleenthede ontsê:

### 2.1.2 Onderwys

**a. Onderwys lê die basis vir onderwerping of ontwikkeling**

Paget-Wilkes (1981:9) beweer armoede is nie net 'n ekonomiese verskynsel nie, maar ook 'n opvoedkundige verskynsel:

> *"Inequality is often not just the result of different sizes of wage packets but is also related to elementary teaching ...."*

Marks (1970:56) beweer dat die Britse Koloniale magte in 1892 reeds swart tegniese onderrig gestaak het, en 'n aansoek uit Driefontein om tegniese onderwys doodgedruk het "...because African pupils might compete with skilled white labour..." In die ou apartheidsbedeling is die kinders in die swart gemeenskap baie benadeel. In 1969 is 74% van die totale onderwysbegroting aan wit kinders spandeer (Boshoff 1997:55) Hierdie situasie word nou herstel. Skade oor dekades aangerig, kan egter nie oornag ongedaan gemaak word nie.

**b. Ontoepaslike onderwys**

Die huidige onderwysstelsel is steeds meer akademies as prakties. Ongeveer 80% van alle skoliere in SA volg 'n akademiese opleiding. Hierteenoor ontvang net 35% skoliere in Duitsland 'n akademiese opleiding. In ontwikkelende lande moet dit juis die teenoorgestelde wees (Boshoff 1997:55). Boshoff (1997:59) beveel aan dat die onderwys in die land meer relevant sal wees vir die land se behoeftes. Dit impliseer dat leiers moet aanvaar dat ons nie 'n Eerste Wêreldse opleiding in die land kan bekostig nie. Ontwikkelingsnood moet in ag geneem word. Entrepreneursopleiding moet meer aandag kry. Gebeur dit nie , is die onderwysstelsel op sigself deel van die eskalasie van armoede. Skoliere word nie oorlewingsvaardighede aangeleer nie. Ter illustrasie die verhaal van Xolani:

> *Xolani is 'n gemeente seun uit die VGKSA. Hy kom uit 'n arm enkelmoeder- gesin. Met groot moeite het die kerkraad hom ondersteun om 'n kollege- opleiding in rekenaar vaardigheid en kantoor administrasie te volg. Die uiteinde is dat hy reeds twee jaar desperaat werk soek, en daar eenvoudig te veel swart rekenaarvaardige jongmense op die mark uitgeplaas word. Die*

*mark is versadig, maar honderde jongmense word jaarliks met valse verwagtinge en teen hoë koste opgelei. Dit veroorsaak verlies aan hoop en toekomsvisie by skoliere. Xolani ly aan depressie, en totale bestemmingsverlies. Hy woon weekliks twee of meer onderhoudsessies by. Sy ervaring is dat mens nie familie op die regte plekke het nie, of nie 'n bedrag onder die tafel betaal nie, alle deure gesluit sal bly.*

**2.1.3 Werksreservering**

Swart mense het teen 1995 , weens reservering van werksgeleenthede vir blankes in die verlede, landwyd 'n werkloosheidsyfer van 38% getoon, teenoor blankes met 4% (HOP navorsing 1995). Daar behoort na regstellende aksie 'n verskuiwing plaas te vind ten gunste van die swart bevolking, in terme van werksgeleenthede.

**2.1.4 Swak lone**

Armoede kan ook 'n gevolg wees van onder-indiensneming ("underemployment"), of lae besoldiging. Dit is in baie gevalle nie soseer 'n algehele gebrek aan werk wat mense in armoede dompel nie, maar die feit dat hulle onbepaald moet uitkom met 'n inkomste wat ontoereikend is om in basiese lewensbehoeftes te voorsien.

**2.1.5 Makro-ekonomiese inhibisies vanuit die wêreldmark**

Veral Afrika leiers kla dat die wêreldmark geslote is vir Afrika om kompeterend toe te tree. So berig "Challange" (40; 1997:12): " ..Free trade is not fair...." Die nuwe "vrye" handelsooreenkoms tussen Europa en die Afrika lande , het geen genade vir 'n sukkelende Afrika-ekonomie nie. Daarin word die situasie soos volg deur Tsele opgesom: " The nations of Europe may be our friends, but when it comes to trade, we are told, bottom line is driving a hard bargain and making as much money as possible out of it." (Challenge (40) 1997. :12). Die VGKSA ervaar hierdie druk in die Mnambithi omgewing waar goedkoop ingevoerde hoendervleis binne een week tientalle swart hoenderboerdery projekte kan nek omdraai. Materiaalpryse , insetkostes m.b.t. kunsmis, en pluimveevoere word deur groter markkragte beheer wat geen visie het om swart entrepreneurs 'n voet

in die mark te bied nie.

' n Verdere Makro-ekonomiese oorsaak van Derde Wêreldse armoede, volgens die Derde Wêreldse teoloë, is die geweldige skuldlas van die Derde Wêreld. Juis daarom word daar vir die aanbreek van die nuwe eeu druk gewerk in ekumeniese kringe om Derde Wêreldse skuld in Europa af te skryf , as deel van die Jubeljaar gedagte. Die voortdurende afbetaal van skuld inhibeer groei in die Derde Wêreld.

**2.1.6 Die vernietiging van die Afrika lewens- en wêreldbeskouing**

Teoloë in Afrika is oortuig daarvan dat Afrika se armoede, geweld en sosiale destabilitiet toegeskryf kan word aan die Europese vernietiging van Afrika gemeenskaplikheid. Hulle is oortuig dat die tradisionele Afrika lewe van harmonie en balans vervang is met een van geld, tyd, arbeidsregulering en die verabsolutering van prestasie. Hierdie kultuur- dood sou die Afrika mens van alle stabiliteit, sekuriteit en harmonie beroof. Saam hiermee het die tradisionele respek vir lewe, orde, eiendom en harmonie verdwyn. Die Afrika mens is onmenslik hanteer. Hy is van waardigheid en selfrespek gestroop. Gevolglik het die nuwe geslag Afrika kinders onmense geword en tree self onmenslik op. Hulle is immers so geleer. Die Christelike Westerse kultuur het hulle geleer dat hulle moet glo, maar terselfdertyd gemoduleer dat swart grond, huise , lewens en drome niks werd is nie. Hulle volg hierdie Westerse rolmodelle goed na! Veral die huidige geslag jongmense word hierdeur hard getref.

Die wit reaksie op hierdie stelling is gewoonlik om dan te verwys na Afrika se lang geskiedenis van stamgevegte, die verslawing van oorlogsgevangenis, en onvrede na koloniale regerings met 'n demokrasie vervang is. Afrika se geskiedenis kan moeilik verabsoluteer word. So ook kan kolonialisme ook nie verabsoluteer word nie.

Afrika teoloë wil hul eie kultuur en lewens en wêreldbeskouing interpreteer,

en duld nie meer dat blanke teoloë hul tradisie as heidens en primitief etiketeer en bestudeer nie.

## 2.2 Landbou-ekologiese faktore in Afrika

Afrika is 'n land van uiterstes. Veral landbouproduksie is daarom nie so gelykmatig soos in Europa nie. Dit is 'n belangrike oorsaak van armoede in Suid-Afrika. Vloede , droogtes, en wind vernietig jaarliks baie infrastruktuur en behuising. Ladysmith se midde-dorp is ook goed bekend met oorstromings as die Kliprivier sy walle in reëntyd oorstroom, en etlike duisende rande skade aan eiendom aanbring. Met die voltooiing van die Qedusizi vloedbeheerdam is die oorstroming van die dorp beëindig, maar duisende hektaar landbougrond moes onteien word om die dam te bou.

Alhoewel die Mnambithi distrik etlike sterk veeboere huisves, het die boere ten einde suksesvol te wees, baie grond nodig. As hierdie grond in klein plasies verdeel sou word, om meer mense toegang tot grond te bied, sou dit nie meer ekonomies verbou kon word nie. Die volgende faktore beperk boerderymoontlikhede in die gebied: Voorkoms van vure, aangeblaas deur die bergwinde, wat baie weiveld vernietig, tipiese hoëveldse winterkoue, laat somerreën, bosluisverwante siektes soos hart- en rooiwater, en die toename in veediefstal . Bykomend kan genoem word buite-verhouding hoë insetkostes (brandstof, veemedisyne, voer, implimente, saad en kunsmis).

Die volgende faktore dra verder by tot die eko-katastrofe in Afrika. Hierdie faktore sal ook in die Mnambithi distrik 'n rol speel in die vorming van swart armoede.

i. Net 20% van Afrika se grond is vrugbare landbougrond. Ook in Mnambithi is daar sekere vrugbare gebiede, baie klipkoppies, en onbewerkbare doringveld. Afrika se grond verg ook meer bemesting as grond elders (Harrison P, 1979:59). In SA is net 11% van alle grond geskik vir intensiewe landbouverbouing.

ii. Die gemeenskapsbesit van grond in Afrika veroorsaak dat niemand

inisiatief neem om die grond te ontwikkel nie. Net die regering kan die rol speel, maar weens gebrekkige infrastrukture is dit meestal nie haalbaar nie (Harrison 1979:73). Hierdie krisis is reeds sigbaar waar swart gemeenskappe toegang tot grond het (Abantungwakholwa, en die Mhlumayo en Wasbank tradisionele gebiede).

iii. Die armes is vasgevang in die strik van tegnologie. Hulle kan nie oor die hoë skeur spring nie: Hulle kan nie die regte implimente en bemesting bekostig nie. Sonder eksterne hulp sal landbou ontwikkeling nooit op eie voete kom nie.

iv Swak landboumetodes deur bestaansboere beroof ook KZN van kosbare landbougrond (Koning Zwelithini 1996)

Die aanspreek van armoede in die Afrikakonteks sal altyd tot realisme gedwing word deur die natuur en klimaatsfaktore, soos ook in die Mnambithi distrik aangetref.

## 2.3 Gemeenskapsmoraliteit en -paradigma in Afrika

### 2.3.1 Werksetiek

Die vassteek by die verlede as oorsaak van Afrika se ellende kan uiteindelik kontra-produktief wees. Op die vergadering van die Beweging van Onverbonde Lande (BOL) in Durban het adj.-president Mbeki beweer die skuld vir Afrika se onderprestasie kan nie sonder meer op kolonialisme en neo-imperialisme gepak word nie. Afrika moet ook harder werk en meer kompeterend raak op die wêreldmark (J. Retief 1989:21) .

Armoede word ook veroorsaak deur luiheid, en die onwilligheid om te werk. Armoede veroorsaak ook depressie en verlies aan werklus, wat maklik met luiheid verwar kan word. Armoede veroorsaak ook wanvoeding wat aanleiding gee tot laer energievlakke. So ook is die misbruik van dwelms gelyktydig die oorsaak en gevolg van armoede.

In die konteks van die nuwe Suid-Afrika moet egter onderskei word tussen

om nie te wil werk nie en om nie te kan werk nie. Die frustrasie van werkloosheid wat dikwels ook aanleiding gee tot drankmisbruik, moet ook deeglik verreken word. Baie faktore veroorsaak armoede by mense. Baie wil werk, maar kan nie werk bekom nie.

**2.3.2 Dwelmafhanklikheid**

Dwelmafhanklikheid het in die konteks van Afrika-armoede veral drie probleme wat die kerk se aandag vra:

i. Tether (et.al 1986) noem dat die grootste probleem in die hantering van dwelm en drankverslawing juis is dat dit die vinnigste toeneem in die gedeelte van die gemeenskap wat tradisioneel die laagste verbruik getoon het: Jongmense en vroue. Ook in die arm Afrika konteks toon die probleem van dwelmverslawing die vinnige toename van afhanklikheid onder die jeug en vroue.

ii. Die arm gemeenskappe rondom Ladysmith is in 'n groot mate afhanklik van dwelmverwante inkomstes. Die verkope van dagga en die funksionering van dwelmverspreidende bendes vorm die twee komponente hiervan. Die interne intriges loop dikwels uit op gewapende konflik, botsings met die gereg en voortdurende spanning. Ekstern word juis die mees weerbare mense in die gemeenskap verslawende ontvlugting gebied. In vredesonderhandelinge word gevind dat dwelmsake dikwels agter politieke en Taxi-geweld skuil.

iii. Dwelmmisbruik vernietig die holistiese sisteem van balans waarbinne die gemeenskap hulle bevind. Dit is verslawend , werksverhoudinge word daardeur versteur, dit bring mense in konflik met wetstoepassing, sosiale gedrag word negatief beïnvloed, gesondheid word benadeel, en familiebetrekkinge word versteur.

Dwelmverwante probleme kom onder alle inkomstegroepe voor. Die frekwensie, en gebrek aan ondersteuning veroorsaak egter dat dit in 'n armoedekultuur veel meer ongenaakbaar is. In die diakonaat in die wêreld sal voorligting baie aandag moet kry.

### 2.3.3 Min formele werksgeleenthede as gevolg van oorbevolking

Formele werksgeleentheid is vir die meeste mense die hoofbron van inkomste. Werkloosheid is dus een van die grootste oorsake van armoede. Le Roux (1982:30) beweer in 1980 was daar tussen 1 en 2 miljoen werkloses in SA, wat jaarliks landwyd met 300 000 toeneem. In 1991 het hulle vermeerder na 2,5 miljoen; in 1992 na 5,4 miljoen; en in 1993 na 6 miljoen. Ook in die nuwe SA neem werkloosheid toe. Oorsake van werkloosheid:

**a. Bevolkingsgroei oortref ekonomiese groei**

Schoeman (1997:11) verskaf die volgende demografiese syfers: Die populasie groei teen 2,7% per jaar, en sou oor vyf jaar verdubbel het. Die arbeidsmag groei jaarliks met 3%. Om die nuwelinge op die arbeidsmark te akkommodeer moet die ekonomiese groeikoers 6% wees. In die 1970's het die SA groeikoers geval na 5,7%; in 1980's het dit verder geval na 3,2%, en in die 1990's na 1,8% .Huidiglik is die groeikoers dus ver onder die bevolkingsgroei. Dit is ook onder die 3,6% wat die afsnypunt is om die huidige arbeidsmark aan die gang te hou. Die strukturele werkloosheidsvlak is tans 40%, terwyl die sukses van werksoekers wat werk kon kry, geval het na 6 uit 600 werksoekers (Boshoff 1997:53).

KZN is een van die provinsies met die hoogste bevolkingsgroeikoerse met 'n groeikoers van 2,8%. (Van Rooyen 1997:85)

Harrison (1979:215-217) identifiseer verskeie oorsake van 'n bevolkingsontploffing in Afrika gemeenskappe: Twee oorsake word uitgelig:

i. Hoë geboortesyfers het in die verlede gekompenseer vir 'n hoë kinder mortaliteit. So sou 'n Iranse spreekwoord lui: "Die eerste twee kinders is vir die kraaie". Westerse medisyne het die kindermortaliteit afgebring, maar die geboortesyfer het nie pro rata afgeneem nie.

ii. Die sterftesyfer van volwassenes is afgebring deur koloniale medikasie en vredeshandhawing. Sonder hierdie inmenging sou getalle meer in harmonie

wees met die drakrag van die land.

Harrison (1979: 217-220) som bogenoemde situasie op deur te verwys na "death control without birth control". Die rede hiervoor is dat sterftebeheer ekstern toegepas word, maar geboortebeperking is 'n persoonlike keuse waarvoor mense te staan kom. Harrison maak tereg die opmerking dat Afrika vroue baie kinders het, nie omdat hulle nie gesinsbeplanning toepas nie. Hulle beplan om baie kinders te hê. Selfs al sou Westerse kontrasepsie onaanvaarbaar wees in die Afrika kultuur is daar steeds kultuur-eie maniere van kontrasepsie (soos verlengde borsvoeding en *coitus interruptus)* wat toegepas kan word. Daar moet 'n kulturele paradigmaskuif plaasvind. Dit gebeur baie stadiger as politieke revolusies.

Redes vir hierdie stadige reaksie op die verkleining van gesinne is die volgende:

i Politiek en nasionalisme: Hierdie opvoeding om minder kinders te verwek druis in teen die opkomende swart Nasionalisme en Renaissance. Afrika-politici moedig ook dikwels in hul bepaalde etniese groep hoë geboortes aan omdat dit meer bedingingsmag vir die groep verseker.

ii Bron van inkomste: Vir alle arm mense is kinders dikwels die enigste bron van rykdom. Baie kinders beteken toegang tot meer grond, toegang tot meer kinders se inkomste, die verkryging van meer beeste vir lobola, en groter status in die gemeenskap. Harrison (1979: 217-220) vergelyk dit met 'n sakeman se groei strategie vir sy sake onderneming. "...instead of accumalating capital, he accumulates people..." Baie kinders is 'n versekeringspolis teen veroudering. Dit bied sosiale sekuriteit. Kinders is goedkoop arbeid in familie lande , as vee oppassers en aandraers van water en vuurmaakhout.

iii Tradisionele manlike meerderwaardigheid: Baie kinders is vir mans in 'n arm Afrika kultuur die bewys van manlike fertiliteit. Die onderdanige houding van vroue in die Afrika kultuur ontneem hulle enige seggenskap in die besluit oor gesinsgroottes, en gebruik van kontrasepsie.

iv Ontwikkeling: Daar is ook 'n direkte verband tussen ontwikkeling en gesinsgrootte. Hoe meer ontwikkeling in terme van infrastruktuur 'n gemeenskap het, hoe laer is die bevolkingsgroei.

v Adolessente permissiwiteit: In die Mnambithi distrik ,soos in die res van die Zoeloe gemeenskap in KZN, is een van die grootste bydraende faktore tot die bevolkingsaanwas, tienerfertiliteit. Die oorsaak hiervoor is

* Die verbrokkeling van gesinstrukture in die verstedelikingsproses en informele huisvestings.
* Tradisionele norme word nie meer respekteer nie
* Die invloed van massa-media wat Amerikaanse permissiwiteit propageer, kan ook seker nie onderskat word nie
* Veral seuns manipuleer arm meisies om seksuele gunste.

Ter illustrasie die verhaal van die Zikalala's

> *Mev Zikalala is lidmaat van die VGKA. Haar gestremde man was werkloos. Hulle het baie kinders. Sy poog om 'n kleuterskooltjie te bedryf ten einde 'n inkomste te genereer. Haar oudste dogter het swanger geraak. Die pa het, soos die norm is, geen verantwoordelikheid aanvaar nie, en gaan aan met sy skool opleiding. Die dogter moes skool verlaat. Sy kon nie die kliniekversorging betaal nie. Sy kon nie die baba soog nie. Die baba het ondervoed by die huis aangekom. By haar ander verantwoordelikhede kyk die ouma nou na die kind.*
>
> *Uiteindelik moes Mev Zikalala gaan werk soek in 'n groot stad. Die kinders en die kleinkind het by haar man gebly. Hy word deur 'n buurman voor die kinders in die kombuis doodgeskiet, en val met sy gesig in die vuur. Sy moet haar werk verlaat om die gesin te kom hanteer. Die kinders is getraumatiseerd. Niemand, leraars of maatskaplike werkers, kan die gesin pastoraal ondersteun nie. Hulle is stukkend. Met die begrafnis was die hele gemeenskap daar om na die ter aarde bestelling 'n bord kos te*

*verwag. Weer moes die gesin rondskarrel om die "Ubuntu"-verwagting te bevredig. Van die gemeenskapslede was ontevrede omdat die kos baie karig was! Die moordenaar was tydens die begrafnis steeds op vrye voet, en die SAP kom net nie so ver om 'n saak te open nie.*

Ook hier herhaal die armoedesiklus homself. Die jongmense verlaat skool tydens die swangerskap, soek werk, kan nie skool opleiding voltooi nie en verval weer in armoede sonder hoop om daaruit te kom.

**b. Geïnhibeerde ekonomiese groei**

Wilson (aangehaal deur Meiring 1997(b):119) beweer 'n hoë bevolkingsaanwas is op sigself nie 'n krisis nie. Dit raak alleen problematies as dit die ekonomiese groei oortref, en almal nie werk kry nie. Juis hier tref ons weer die siklus van armoede aan: Hoë bevolkingsgroei verlaag menslike potensiaal en put natuurlike hulpbronne uit, wat weer groei inhibeer.

**2.3.4 Konserwatiewe tradisionalisme**

Die swart tradisionele kultuur word dikwels vanuit Westerse oord gekritiseer vanweë hulle konserwatisme ten opsigte van die bewerking van grond en die implimentering van gevorderde landbouwetenskaplike metodes. Die gemeenskaplike grondbesit sou ook die inisiatief van swart boere demp en ontwikkeling inhibeer. Uitgediende patrone word instand gehou en dit verarm gemeenskappe. Mense moet voortdurend konformeer. (Meiring 1997(b):115)

**2.3.5 Swak bestuur en korrupsie**

Die grootste probleem van Derde Wêreldse lande is nie altyd 'n tekort aan hulpbronne nie, maar 'n gebrek aan visie by leiers om realistiese ontwikkelingsprogramme te loods. Sender en Smith (1986:111;112) merk op dat die meeste Afrikalande na kolonialisasie 'n skerp daling toon in die uitvoer van landbouprodukte, wat die lande se hoof inkomstebron is. Sender en Smith (1986 :117) beweer dat die Afrika-ekonomie dikwels net eenvoudig onbekwaam is om aan te pas by 'n snel veranderende wêreldmark. P. Krugman (Finansies en Tegniek 11/9/98) wil ook byvoeg dat Afrikaleiers dikwels te veel inmeng in huishoudelike ekonomieë. Korrupsie, en nepotisme skaad ook oorsese

ekonomiese betrokkenheid. Afrika se onbevredigende buitelandse handel kan nie net toegeskryf word aan ongunstige marktoestande nie. Selfs plaaslik slaag Afrikalande dikwels nie eens in die verskaffing van hulle eie verbruikersitems nie.

**2.3.6 Ideologiese wurggrepe op Afrika**

Sender en Smith (1982:125) beweer ook dat Afrika leiers se ideologiese kortsigtigheid lei tot wensdenkery in verband met ekonomiese groei. Hulle onderskei voorts tussen droom politiek en realistiese ekonomiese beplanning. Hulle maan dat Afrika ontwikkelaars nie by leë retoriek moet vasval nie, maar prakties en realisties sal moet beplan.

Harrison (1979:38) beweer dat Europa se ekonomie onder 'n vryemarkstelsel groei , met die vryheid om wins op te gaar en beleggingsmoontlikhede uit te brei. Sou die bevordering van 'n vryemarkstelsel in Afrika die ekonomie verbeter?

**2.3.7 Klakkelose nabootsing van Westerse modelle in Afrika**

Harrison (1979:48) beskou Afrika se obsessie om in die Westerse styl van ontwikkeling op te gaan, as 'n oorsaak vir swak ontwikkelingsprognose in Afrika. Nolan (1997(a):10) moedig Afrika aan om uit sy eie fonteine te drink.

Harrison (1979:48) noem die volgende redes vir Westerse nabootsing in Afrika:

i. Die Britse kulturele meerderwaardigheid wat die Afrikakultuur as minderwaardig verwerp het (kulturele imperialisme).

ii. Die produkte van die sending sou hul eie tradisionele leefwyse verwerp ten gunste van die vreemde.

iii. Skole skep jong burokrate wat vreemd raak vir hul eie mense.

**2.3.8 Armoede is oorerflik: Die siklus van armoede**

Kinders van arm gesinne is vasgevang in die sirkel van armoede. Agterstand in terme van voeding (dikwels weens voorgeboortelike wanvoeding word arm kinders reeds met 'n agterstand gebore); gesondheid ; swak rolmodelle; en verskraalde geleenthede verarm die arm gemeenskap verder.

**2.3.9 Maslow se behoefte hiërargie: Die drom loop van onder af vol!**

Nie net kinders nie, maar ook volwassenes word in 'n sirkel van armoede vasgevang. Een van die grootste oorsake hiervoor is dat elke mens volgens Maslow se behoefte hiërargie vasgevang word in die vervulling van basiese behoeftes, alvorens vorentoe beweeg kan word na meer gevorderde behoeftes. My ervaring saam met die VGKSA is dat ontwikkelingsprojekte geïnisieer word, maar dat al die kapitaal wat gespaar moet word om die projek in stand te hou, eenvoudig in basiese behoeftes van gesinne geabsorbeer word.

Die volgende opmerkings word gemaak, waar ontwikkelingsprojekte ineen gestort het:

* *'n Mens kan nie 'n deel van die wins bank as die kinders honger is nie.*
* *'n Mens kan nie 'n hoenderhok bou as die kinders se kamer inmekaar gestort het nie.*
* *'n Mens kan nie jou kinders laat honger slaap as hier buite 'n hok vol vet hoenders staan nie.*
* *'n Mens kan nie vir more beplan as vandag niks oplewer nie*

## 3. KWESBARE GROEPE:

### 3.1 Swart vroue

Die HOP navorsing van 1995 (PACSA 1998:2) toon dat matriargale huishoudings die armstes van die armes verteenwoordig. 67% van enkelmoeders, waar geen man in die huishouding teenwoordig is nie, sorteer onder die armstes wat onder R301 pm verdien. 70% van vroue met mans wat trekarbeiders is, is ook deel van die groep armstes van die armes (wat onder R301 pm verdien). 'n Groter persentasie van die vroue as mans is werkloos. (36% teenoor 26% ). Vroue word steeds minder as mans betaal, werk langer ure as huishoudelike take ook in ag geneem word en is minder gekwalifiseerd vir beter werk. Daarom word gepraat van die "Feminization of poverty" (Schoeman 1997:8)

Van Rooyen (1997:86) beweer dat in die landelike gebiede 19% van alle swart huishoudings deur enkelouer vroue onder 64 jaar bestuur word, en in die stede 28%.

**3.2 Swart kinders**

Die HOP navorsing van 1995 (PACSA 1998:2) toon aan dat 61% van alle kinders in SA in arm gesinne grootword. Meer as 70% swart kinders se gesinne sorteer in die kategorie van armstes van die armes. Omdat so 'n groot persentasie mense wat in armoede vasgevang is, kinders is , is hul kanse om die sirkel te breek baie gering. Die plaaslike Departement van Binnelandse sake se klerke skat by gebrek aan data dat 1% van alle geboorteregistrasies wat in die distrik gedoen word, kinders behels wat binne die huwelik gebore is. Volgens hulle skatting is 99% van alle kinders buite die eg gebore. Die meeste swart ouers trou eers nadat die vrou haar fertiliteit bewys het, en die man genoeg geld het om vir die lobola te betaal.

**3.3 Bejaardes**

In Afrika se uitgebreide gesinne het die bejaarde altyd 'n ereplek en grasieuse versorging geniet. Hierdie situasie is nou besig om te verander in die arm swart gemeenskappe. Die volgende redes kan genoem word:

i. Die uitgebreide gesinne is al hoe meer afhanklik van die bejaardes se pensioeninkomste. Talle kleinkinders en selfs agterkleinkinders word deur bejaarde vroue van kos en klere voorsien. Hulle ouers aanvaar weens werkloosheid of gebrek aan verantwoordelikheidsin nie verantwoordelikheid vir hulle kinders nie.

ii. Die bejaardes is rondom die uitbetaling van pensioene sagte teikens van die korrupsie en kriminaliteit in die land. Dit is hartseer om te sien hoe angstig hulle hulle geld na betaling versteek. Veral jong seuns uit die omgewing is bekend daarvoor dat hulle die ou vroue beroof. Die gewapende begeleiding van pensioenuitbetalings getuig ook van die gemeenskap se verlies aan respek vir die bejaardes. Verder is talle gevalle bekend waar korrupte amptenare bejaarde pensioengeld steel en dokumentasie vervals.

iii. Vereensaming en isolasie is 'n verdere probleem van die arm swart bejaardes. Namate hulle verswak, is hulle ook minder mobiel. Dit word vererger deur swak vervoer infrastruktuur.

iv . Bejaarde tehuise is ongewild by families aangesien hulle in so 'n geval die beheer oor die pensioengeld verloor.

**3.4 Gestremdes**

Gestremdes vind dit moeilik om werk te vind, weens die gemeenskap se vooroordeel teenoor hulle. Indien hulle werk kry, is dit teen minimale besoldiging. Fasiliteite is ook dikwels nie geskik om hulle bewegings te akkommodeer nie.

**3.5 Terminaal siekes**

Die hoeveelheid terminaal siek jongmense wat sonder genoegsame verpleging tuis moet sterf, en inderdaad sterf, is ontstellend. Hierdie mense in hul hopeloosheid , is intens afhanklik van geselskap, troos , hoop en versorging. Veral die toename in VIGS, en die vrywillige geheimhouding van die siekte, is verwarrend vir die gesin wat die jongmense moet versorg

**4 . REAKSIE OP HULP**

Bruwer (1994:9-13) onderskei drie moontlike reaksies van die arm swart gemeenskap op hulp uit 'n oord van welvarendheid:

**4. 1 Veto van hulpaksies**

Veral die helper uit 'n welgestelde gemeenskap kan maklik paternalisties en manipulerend in 'n arm gemeenskap oorkom. Die arm swart gemeenskap se reaksie is dan volgens Bruwer die van veto: Hulle toon geen samewerking nie, hulle wend nooit raad en hulp self aan nie, en daag nie op by vergaderings nie. "The sign of real poverty is silence. The veto is a silent way to resistance" (Bruwer 1994:10).

**4.2 Soek alternatiewe oplossings**

Dit wat die "ontwikkelaars" kom voorstel, word verwerp en die teenoorgestelde word eerder aanvaar, omdat dit in 'n arm gemeenskap beter werk. In stede van skoolgaan , vergader die jeug in bendes. Skool genereer niks substantiefs nie. In stede van formele besigheidsprosedures, kwitansieboeke en bankrekeninge

ontstaan 'n informele besigheidstyl, sonder boeke en rekeninge. In 'n wêreld van beton en metaal bou hulle eerder met houtborde en plate: dit is haalbaar. Oorlewing word die nuwe regsnorm: Jy is gelukkig as jy nie gevang word nie. Religie speel af in die alledaagse drama van siekte, teenspoed en geluk, en nie in abstrakte redenasies oor etiese kwessies en moraliteit nie. Die middelklas "ontwikkelaar" se insigte word bevraagteken.

**4.3 Aggressie**

Soos 'n prop op 'n bottel gaskoeldrank wat geskud word, so bou drukking op in die arm gemeenskap, en aggressie teen die wat alles het en die armes verder onderdruk met swak salarisse en miskenning van menslikheid. Op 'n harde manier toon die arme sy/haar ontevredenheid en konfrontasie met die sisteem, en sê die arme dan: "NEE!" al beteken dit die verlies van alles wat hulle besit. Dan verwerp die armes "ontwikkeling" en vat hul toekoms in eie hande en eis bevryding van die sisteem wat hulle te na kom. Wit geïnisieerde kerkgeboue, voertuie van ontwikkelingsinstansies en personeel loop dikwels deur onder die aggressie.

**4.4 Magteloosheid en fatalisme**

'n Verdere reaksie van arm gemeenskappe op armoede is magteloosheid.

**a. Op arbeidsgebied**: In middelklas gemeenskappe word algemeen gestel dat arbeid adel. Arbeid, goeie, harde werk is die enigste oplossing vir armoede. Die arme se reaksie is egter die teenoorgestelde: Hoe harder hulle werk , hoe ryker word die werkgewer. Hierdie rykdom word egter selde aan die werker oorgedra. Die suksesvolle boer en die gemiddelde boer betaal min of meer dieselfde lone aan arbeiders.

**b. Magteloosheid in verhouding met die gereg**: Die welgesteldes is in staat om die regstelsel te manipuleer, terwyl die arm gemeenskappe in breër trekke as kriminele etiketeer word. Gevolglik stel Perkins tereg (1996:92): " The system reinforces a poverty mentality and increases a sense of powerlessness."

## 5. VLAKKE VAN ARMOEDE

In 'n plakkerskamp is almal byvoorbeeld nie ewe arm nie. Elke arm gemeenskap het weer sy eie grade van armoede, met 'n eie klassestelsel (Grigg 1992:42).

**5.1 Sosiale stratifikasie in arm plakker gebiede: Besittings**

So onderskei Grigg (1992:55) die volgende klasse in 'n plakkersgebied: Die plakker-huurder wat geen boumateriaal besit nie, en iemand anders se hut huur, en met stukwerk kompenseer vir huur. Die eienaar-plakker wat 'n eie hut besit. Die "Squatter landlord" wat 'n paar hutte besit wat uitgehuur word. Die spekuleerder-plakker wat van buite af kom, en nuwe plakkers die gebied inbring, met die regering onderhandel om grond te oorhandig aan die gemeenskap, en deur die gemeenskap kompensasie genereer. Die "Store squatter" het 'n eie spaza-shop in die huis, en bedryf goeie besigheid sonder die las van belasting en uitsetkostes. Die "Semi-squatter" onderhandel vir eie wettige grond, en bou stadigaan eie woonhuis op eie grond aan. Die "Floating squatter" woon in kartonne en tydelike materiaal. Hulle bly tydelik en is baie mobiel. Die "Squatter co-operator" beskerm die gemeenskap in die informele nedersetting teen die wettige grondeienaars.

**5.2 Werksgeleenthede in arm woongebiede**

Binne arm gemeenskappe word daar ook werksgeleenthede aan mekaar voorsien. Daar word informeel huishoudsters en kinderoppassers in diens geneem, vakmanne soos bouers bou vir ander huise, skrynwerkers maak meubelstukke, naaldwerksters maak klere, en hier en daar word diefwerings vervaardig. Al hierdie aktiwiteite is baie basies en eenvoudig.

Daar is ook talle winkeliers van "spaza-shops" wat met beperkte voorraad, klein ruimtes gebruik, en selfs 'n kredietstelsel bedryf. Hulle gebruik verouderde tegnologie, het 'n geweldige hoë winsmarge, en word selde amptelik befonds. Hulle adverteer nie en verrig wondere met die minimum. Die sukses van hierdie winkeliers bepaal hul status.

Selfindiensneming voorsien in die basiese nood van talle amptelike "werkloses". Heel onder aan die sosiale leer is die smouse wat namens iemand anders 'n sypaadjiestalletjie bedryf.

Bogenoemde getuig van 'n baie sensitiewe stelsel wat nie versteur moet word deur onrealistiese behoeftes en beloftes nie. In so 'n arm gemeenskap is daar eintlik baie min klassieke gevalle van werkloosheid. Hier bestaan 'n alternatiewe stelsel, waarvan elke ontwikkelingsprojek kennis moet neem. Mense oorleef op unieke alternatiewelike metodes. Ontwikkeling mag nie bestaande strukture verswak nie.

In elke arm gemeenskap is daar ook gevalle van absolute armoede, waar die basiese bestaansmiddele nie aangekoop kan word nie. Tekens hiervan is wanvoeding.

## 5.3 Besittings van armes

Onmiddellik nadat armes in die basiese behoeftes kan voorsien, nadat 'n inkomste gegenereer kon word, soek hulle na besittings wat plesier verskaf, en terselfdertyd statussimbole is as simbole van 'n naderende middelklasbestaan. Hieronder sorteer televisiestelle, radio's, kassetspelers, en musiektoestelle (Griggg 1992:57). Hierdie besittings word tweedehands gekoop, en weens swak kwaliteit, hou dit nie baie lank nie. Dit word ook dikwels weer na 'n tyd van gebruik verruil vir basiese behoeftes soos kos en klere. Juis hierdie voorkeur aan swak kwaliteit vermaaklikheidsapparatuur, is 'n moeilike bruggie om te oorkom as gewerk word in die rigting van sake en entrepreneursvaardigheidsontwikkeling. Hierdie "mark" vir tweedehandse vermaaklikheidsaparatuur sorg ook dat die inbraak na elektroniese apparatuur altyd lonend bly.

## 5.4 Waar kom die armes se geld vandaan?

PACSA (1998:2) toon aan hand van die HOP-navorsing aan dat die totale groep armes wat onder R301.00 pm in SA verdien, se inkomste uit die volgende bronne kom: pensioen: 23%; toelaes 19%; en salarisse 39%. Uit bogenoemde is dit duidelik dat 42% van die armste huishoudings in SA volkome afhanklik is van staatspensioene en -toelaes. Huidiglik word probleme in die staatsdepartemente ervaar met korrupsie, en swak administrasie . Dit skep krisisse wat gelykstaande is aan die dood van die broodwinners.

## 6. DIE KERK SE ROL MBT ARMOEDE

Verster (1997 : 163) bevind in navorsing op die Vrystaatse platteland dat swart inwoners van informele nedersettings, insluitende respondente uit die AOK, voel dat die kerk nie regtig hulle nood ernstig opneem, en teenwoordig is in hulle nood nie. Veral die kerk se diakonale hulpverlening kom nie sigbaar op grondvlak na vore nie. Daar bestaan ook in die navorsing ernstige leemtes in die geestelike bediening van die mense. Hulle toon weinig geloofs- sekerheid. Die volgende verwagting bestaan m.b.t. die rol van die kerk in 'n arm gemeenskap:

i. Fisiese hulp met kosverskaffing

ii. Teenwoordigheid by mense in nood.

iii. Geloofsekerheid en geloofsversterking

Betrokkenheid van buite sal weens die weerstand teen hulp (paragraaf 4)baie selde effektief wees. Alleen as bogenoemde deeglik in ag geneem word, sal die kerk 'n verskil kan maak in die arm gemeenskap.

# HOOFSTUK TWEE: KULTURELE INHIBISIES TOT ONTWIKKELINGSWERK

## Inleiding

Hipotese 1: Armoede kultuur moet nie verwar word met Afrika kultuur nie.

Afrika kultuur word dikwels as oorsaak van Afrika-armoede uitgewys (Crafford 1991:512; Van Der Walt 1999; Van Rheenen 1991). Ek wil die Afrika-kultuur onderskei van 'n armoede kultuur. Analiseer 'n mens Afrika armoede, ontdek mens dat armoede direk aanleiding gee tot baie unieke kultuuruitdrukkings. In hierdie hoofstuk wil ek die hipotese stel dat baie kultuuruitinge in die arm Afrika konteks, wat tradisioneel aan Afrika kultuur en religie toegeskryf is, in der waarheid eerder aan 'n universele armoede kultuur toegeskryf moet word. Die volgende onderskeidings kan getref word:

a. Armoedekultuur kom voor ook in ander nie-Afrika-kulture in arm gemeenskappe.

b. Armoedekultuur verdwyn as Afrika se armes uit die armoede konteks uitgroei en meer vermoënd leef.

c. Armoede kultuur is minder teenwoordig in "arm" landelike Afrika gemeenskappe, wat hulle beperkde middele nie as armoede ervaar nie, omdat hulle rykdom nie met Europese standaarde meet nie. In hulle eie oë is hulle nie arm nie.

d. Armoede kultuur toon ook baie mooi eienskappe, wat die middelklas Europese kultuur tot selfondersoek dwing. Hierdie eienskappe kan weer baie op dieselfde vlak as Afrika Ubuntu gestel word, of met Christelike omgee, gemeenskaplikheid, en afwesigheid van selfgerigte materialisme.

e. Hierteenoor is Afrika kultuur steeds kenbaar teenwoordig by Afrikane wat nie meer arm is nie, en dit kom ook nie voor by arm nie-Afrikane nie. Dit kan wel beïnvloed word deur omstandighede en ander kulture.

Die onderskeid is belangrik as die kerk in 'n konteks van Afrika-armoede werk, omdat 'n verwarring van die twee kulture by die arm Afrika-mens, sy aangeleerde armoedekultuur kan sanksioneer, as sou dit "isinto" (Afrika Tradisionalisme) wees, terwyl dit in der waarheid, 'n aangeleerde kultuur is wat ontwikkeling en kreatiwiteit strem. Dit is nie 'n heilige koei nie en mag krities evalueer word. Die kerk se evangelisasie van die Afrika arm gemeenskap het nie 'n kultuurvervreemding, in terme van hulle Afrika kultuur, ten doel nie, maar wil die inhibisies van 'n armoede kultuur eerder aanspreek.

Verder moet die kerk ook krities vra of die evangelie nie ook in 'n armoede kultuur verkondig moet word, soos in enige ander "inheemse" kultuur nie. Kan die evangelie in 'n armoede kultuur 'n armoede unieke uitdrukking ontwikkel? Hoeveel ruimte is daar vir "sinkretisme" binne 'n armoede kultuur? Hoe krities moet die kerk staan teenoor die armoede kultuur? Is Christelike waardes noodwendig pro-ontwikkeling? Maak Christelike oortuigings die mens liewer vir geld en besittings?

<u>Hipotese 2: Afrika kultuur toon 'n ingebore weerstand teen ontwikkeling</u>

Die hipotese moet tweedens ondersoek word of Afrika kultuur op sigself ook 'n ingeboude weerstand teen ontwikkeling en vooruitgang toon, wat veroorsaak dat Afrika nooit sal ontwikkel nie. Die teenpool kom ook op die tafel: Afrika kultuur, bevry van armoede kultuur, toon unieke boustene vir die opheffing van arm swart gemeenskappe. Opheffingswerk vereis nie noodwendig 'n Europese paradigma, of 'n Christelike paradigma nie.

## 1. DIE ONDERSKEID ARMOEDE KULTUUR EN AFRIKA KULTUUR

Oscar Lewis toon oortuigend aan dat armoede universeel in 'n tipiese subkultuur van armoede manifesteer. Hierdie subkultuur is die mens se kultuur geleerde oorlewingsreaksie, binne 'n bepaalde sosiale konteks van armoede (Grigg 1992:209). Die universaliteit hiervan sal in die globaliseringsproses van die wêreldekonomie, wat gemeenskappe nader aan mekaar bring , baie meer na vore kom. Universele armoede subkulture sal ook teologies meer duidelik word

namate die "teologie van die stad" vanuit verskillende kulture dieselfde kultuurtendense in arm stedelike gemeenskappe sal ontdek. In persoonlike gesprekke met sendelinge in Albanië, wat ook vroeër in arm Zoeloe gemeenskappe gewerk het, word bevind dat daar baie ooreenkomste is tussen die Albaniese arm kultuur en die Zoeloe weergawe van 'n armoede kultuur.

Die begrip animisme, wat beskou word as 'n unieke Afrika kultuur-uitdrukking (Van der Walt 1999:104-106) is ook nie uniek aan die Afrika kultuur nie. Volgens Stephen Neill (van Rheenen 1991:9-11) is animisme nie so vreemd vir die Westerling nie. Hy is van mening dat byna 40% van die wêreldpopulasie animisties is. Die Europese volksfabels van hekse en feë vertel ook die verhaal van 'n stewige animistiese agtergrond in Europa alvorens rasionalisme die borde kom verhang het. In die moderne Europese konteks slaan die animisme weer uit in astrologie, "New age" en fortuinvertelling.(Hesselgrave in van Rheenen 1991:9-11). In die mate waarin die postmodernisme die Europese verbeelding aangryp, sal al hoe meer oorvleueling plaasvind met die Afrika religie. Van Rheenen (1991:340) praat gevolglik van 'n Westerse "Neo-Paganism". Die gewildheid van die "Sangoma" (waarsêer) selfs by Afrikaanse kerklidmate, wat 'n bestaanskrisis beleef, is nie meer 'n vreemde verskynsel nie. Itioka (van Rheenen 1991:25) sien 'n toename in animisme in die Noordelike halfrond namate die Suidelike halfrond al meer geëvangeliseer word. Dit lyk nie asof daar 'n verband bestaan tussen noordelike animisme en armoede nie. Die hipotese moet ondersoek word of armoede nie eerder elemente van die Afrika kultuur en religie vervorm tot iets wat ontwikkeling dwarsboom nie. In hierdie hoofstuk wil veral gekyk word na die invloed van armoede op animisme en die voorvadervereri ng.

## 2. EIENSKAPPE VAN 'N ARMOEDEKULTUUR

Die armoede kultuur word deur die volgende unieke veralgemenings gekenmerk:

## 2. 1 In reaksie teen die sisteem van die "normale" gemeenskap ("Disengagement")

In Ladysmith is dit opvallend dat die massa arm Afrikane nie in die groter kettingwinkels kom nie, maar hulle sake by die meer informele winkeltjies rondom die taxi staanplekke doen. Hulle maak eers van die kruiedokters gebruik, voor hulle die Provinsiale hospitaal besoek, en hulle straatmarkte neem oral toe. Die eintlike markstelsel in die arm landelike gemeenskap word rondom pensioen uitbetaaldae gereël. Hulle lees nie graag nie en werk

moeiliker saam met die Polisie Forums. Hulle wantrou die veiligheidsmagte en die plaaslike owerhede; is sinies oor die kerk in die middelklas gemeenskap en wantrou

welsynsprogramme en -werkers. Hierteenoor ervaar die meeste Post-Apartheid vermoënde Afrikane geen moeite met die inskakeling by ontsluite strukture nie.

Die armoede kultuur toon ook 'n "disengagement" ten opsigte van die bestaande godsdiens en volkskultuur. Die teruggryp na die tradisionele wortels vind op so 'n manier plaas dat die tradisionele heeltemal anders interpreteer en gebruik word. Ek praat van "kulturele disengagement".

## 2.2 Lae vlak organisatoriese vermoeë

Binne die VGKSA is 'n gebrek aan organisatoriese vermoëns een van die groot struikelblokke tot die groei na selfstandigheid. Dit moet verstaan word in die konteks van 'n armoede kultuur, waar mense weens 'n gebrek aan ervaring, nooit hierdie vaardighede aangeleer het nie. Die wit kerk , ook in informele gesprekke rondom kerkvereniging, sien hierdie onvermoë as 'n tipiese Afrika eienskap, terwyl dit eintlik 'n armoede kultuurverskynsel is. Met blootstelling en leiding kan dit oorkom word. Ook op politieke gebied is swart regstellende aanstellings in die onregverdige posisie geplaas dat hulle organisatoriese posisies vul sonder die gepaste opleiding en ervaring.

## 2.3 Verval in huweliksWaardes

Die tradisionele Afrika huwelik en Christelike huwelik maak in arm gemeenskappe plek vir saamwoon. Hierdie proses kom voor in blanke en swart arm gemeenskappe in Ladysmith.

Dit is ook te onderskei van 'n Westerse (Amerikaanse) middelklas sekularisme waarin die huwelik ook verval. Huweliksverval weens armoede gaan gepaard met hoë kindergeboortes, en die onwilligheid om geboortebeperking toe te pas. In Westerse middelklas sekularisme vind "opeenvolgende poligamie" plaas. Die seksmaats word opeenvolgend gewissel. In die armoede konteks is verhoudinge meer "gelyktydige poligamie", waar gelyktydig in meer as een verhouding betrokke is. In Westerse huweliksverval werk beide maats en is die fokus op hedonistiese lewenspatrone. In die arm konteks is beide dikwels werkloos en is die fokus op oorlewing. Armoede huweliksverval lyk asof dit aangemoedig word deur die volgende armoede verwante sake: Fisiese sekuriteite gee verligting aan armoede verwante pyn-ervarings, sonder dat die middele daar is om die meegaande verantwoordelikhede te dra. Gebrek aan gesonde rolmodelle. Verlies aan hoop op die toekoms beperk beplanning tot die korttermyn.

Van die meer as 35 huwelike wat deur my in die arm swart gemeenskap bevestig is , weet ek van slegs vyf egpare wat getroud is voordat die kinders al gebore was. Tot die huwelik bevestig word, word die kinders deur grootouers grootgemaak. Die mans was ook dikwels in meer as een verhouding betrokke.

In die Afrika kultuur is daar 'n diep ingeboude respek vir die huwelik as gemeenskapsinstelling, wat snel in die verarmingsproses verdwyn. Die onhoubaarheid van die lobola-stelsel sou direkte aanleiding hiertoe wees. Immoraliteit en huweliksverval is dus ewe eens nie 'n Afrika fenomeen nie, maar 'n armoede verskynsel, wat in alle kulture voorkom.

### a. Matriargale gesinne

Algemeen in alle arm kulture is die afwesigheid van die vaderfiguur en uitgebreide gesinne wat by die moeder se gesin inskakel, met die gevolg dat

huishoudings oorvol is, min privaatheid bestaan, veral kinders baie honger vir aandag is, en gevolglik baie maklik manipuleerbaar is. Ten goede of ten slegte. In die tradisionele Zoeloe kultuur is die man as hoof van die huis 'n spesifieke rol gegee wat met groot waardigheid vervul is. Armoede het hierdie rol vernietig, en mans verval in die armoedekultuur tot dekadente verslaafdes aan drank en dwelmmiddels, wat hulle status en verantwoordelikheidsin verloor.

## 2.4 Verkorte kinderjare

Kinders in arm gemeenskappe is vroeg reeds seksueel aktief, verlaat skool op vroeë ouderdom en raak gou betrokke in entrepreneursprojekte van hulle familie. Alhoewel vandag kenmerkend van tipiese arm Afrika gemeenskappe, was dit nie aanvaarbaar in die tradisionele Zoeloe kultuur nie. Die jongmense is deur streng inisiasie seremonies op die regte tyd tot die volgende fase van menslike ontwikkeling toegelaat (Krige 1981:81). Daar was duidelike taboes rondom seksuele verhoudinge. "Ukuhlobonga" (seksuele spel) was vir verloofdes aanvaarbaar, met duidelike verbod op die seksdaad self (Krige 1981:105).

## 2.5 Morele verval

Dwelmmisbruik , geweld en wetteloosheid is beide oorsaak en gevolg van armoede. Hoe ook al is dit tiperend van enige arm gemeenskap. Dit is nie deel van die Afrika tradisionele leefwyse nie. Die tradisionele Zoeloe kultuur het duidelike riglyne gehad wat die gebruik van bier en dagga gereguleer het. Hier was wel ruimte vir periodieke oorbenutting. Alles was ineengeweef met die fyn netwerk van sosiale effektiwiteit. Ubuntu was die maatstaf.

Weens die groot nood in 'n armoede kultuur, word mense dikwels middele tot 'n groter doel. Ubuntu word vernietig ' n Meisie sal seksuele gunste uitdeel ter wille van materiële gewin. Iemand kan gehuur word om vir so min as R50.00 'n moord te pleeg. Diefstal in die swart gemeenskap deur swart mense, waar veral gefokus word op weduwees, en enkellopende moeders, neem snel toe. Tradisionele vorme van respek verdwyn. Armoede baar in die sin ook geweld.

Geweld word 'n bose kringloop wat lei tot meer geweld. Die geweldskultuur neem veral toe onder die onder 21 jeug. Kriminaliteit en geweld is ewe eens nie 'n Afrika fenomeen nie, maar 'n armoede verskynsel. Dit kom algemeen in Afrika voor weens die hoë voorkoms van armoede.

## 2.6 Depressie

Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die lewenshouding van baie arm mense en die kliniese psigologiese definisie van depressie, sodat afgelei kan word dat armoede aanleiding tot depressie gee. Penrod (1983:160-162) gebruik die term "learned helplessness" waardeur mense na herhaaldelike negatiewe terugvoer aanvaar dat hulle onsuksesvol is. Dit gee aanleiding by mense tot kliniese simptome van depressie. Hulle voel dan hulpeloos, en toon 'n gebrek aan motivering, kan nie probleme hanteer nie, en kom oorweldigend ongelukkig en hartseer voor. Hulle druk hierdie hulpeloosheid uit in woorde soos: "Niks sal tog help nie"; "Niks maak sin nie". Ook religieus verval die mense in fatalisme. Die rasionaal agter hierdie hulpeloosheid is dat menslike gedrag nie die uiteinde van sake kan verander nie. Hierdie ervaring maak die arme dus meer oop vir die oortuiging dat hulleself geen bydrae kan lewer tot die opheffing van hulle omstandighede nie, maar dat alles in die hande van bonatuurlike kragte geplaas moet word. 'n Kultuur openheid tot animisme laat dus die deur oop vir fatalisme. Hulpeloosheid word dus aangeleer. Hulle het aangeleer dat respons op nood geen resultate oplewer nie. Hulle plaas alle blaam vir die toestand dan ook op eksterne faktore, en aanvaar geen verantwoordelikheid vir hulle situasie nie.

Penrod (1983:161) haal Abramson, Seligma en Teasdale aan wat onderskei tussen die volgende aanleidende faktore in die persepsie van die hulpelose persoon:

i. Universele oorsake (dit kan met enigiemand gebeur) en persoonlike oorsake (persoonlike hulpeloosheid is uniek)

ii Oorsake word ekstern gesoek (geen verantwoordelikheid aanvaar) of intern (blameer self)

iii. Oorsake kan gesien word as stabiele (faktore wat onveranderlik is , soos

swart wees in 'n rassistiese gemeenskap) of onstabiele faktore (dit is faktore wat verander kan word, en daarom nie selfbeeld skaad nie).
Interne stabiele oorsake lei tot 'n verlies aan selfbeeld; maar eksterne stabiele oorsake gee aanleiding tot universele hulpeloosheid.

Hierdie armoede depressie is erger as individuele depressie want:
* Dit is kollektief. Die hele gemeenskap is daarin opgesuig. Niemand kan 'n ander ophef nie, almal is ewe onmagtig.
* Dit word oorgedra na volgende generasies. Gevolglik beweer Shri B. Vohra uit Indië:
" We may well be on the way to producing a subhuman kind of race where people do not have enough energy to deal with their problems." (Time Magazine 2 Jan 1989:34 aangehaal deur Meiring 1997:116) . Mense vra dan inderdaad of armoede geneties is.

Dikwels word hierdie depressie verwar met Afrika fatalisme, wat inherent aan animisme sou wees. Ek is oortuig dat hierdie armoede kultuur aanleiding gee tot wat V.d. Walt (1999:105) noem die ervaring van "God is ver weg en onbetrokke". Ek is ook oortuig dat armoede kultuur voorvaderverering meer maak as wat dit tradisioneel intensies gehad het. Sonder die vrese en depressie van armoede sal die voorvaderverering anders lyk in die Afrika konteks. As die kerk mense wil bedien rondom voorvaderverering, sal armoede en bestaansnood ook aangespreek moet word. Armoede is die wortel waaruit die voorvaderkultus met vrees en onsekerheid gevoed word.

Armoede depressie het die eens trotse selfversekerde Zoeloe kultuur afgetakel tot 'n sub-menslike vlak van funksionering.

## 2.7 Gebrek aan toekomsvisie

Armoede kultuur word gekenmerk deur fatalisme, hoop-loosheid, hede-gesentreerdheid, afhanklikheid (Nürenberger 1996:152) en die onvermoë om vir die volgende dag te beplan. Grigg (1992:45) bevind dat sekere arm

gemeenskappe so arm kan wees dat geen ontwikkeling kan plaasvind nie. Die hoë voorkoms van wanhoop maak die hele gemeenskap lam. In so 'n geval sal noodlenigingswerk eers moet intree, voor met ontwikkelingswerk begin kan word. Boshoff (1997:62) som die situasie so op : " ...if people lose their vision/ goal of tomorrow, the present becomes meaningless. An attitude of "let's eat and drink, tomorrow may be the end" sets in." Schoeman (1997:8) haal Gharajedaghi aan:

> *"Poverty is not the mother of ugliness, hopelessness is. To give others hope is to give them the opportunity to make of life itself a thing of beauty"*

**2.8 Konklusie**

Bogenoemde dui oortuigend aan dat 'n armoede kultuur heelwat eienskappe toon wat in die SA konteks met Afrika kultuur verwar word. Hierdie eienskappe is negatief, en inhibeer ontwikkeling. Die hantering van armoede en nie die hantering van die Afrika kultuur nie, sal arm gemeenskappe meer ontvanklik vir ontwikkeling maak. V.d Walt (1999:234) dui dus na my mening onoortuigend aan dat die "fout by die wortels" van Afrika kultuur lê, en dat die verchristeliking (Reformatories dink (1999.:242)) die enigste oop deur is tot ontwikkelingsgeoriënteerdheid in Afrika. Hierdie argument van V.d. Walt word om die volgende redes nie aanvaar nie:

i. Dit devalueer die Afrika kultuur tot iets onontwikkelbaars, en assosieer Christendom met materiële en ekonomiese vaardighede.

ii. Die argument hou nie rekening met die feit dat talle nie-christelike kulture (o.a. Westerse Modernisme, Post-Modernisme en talle Oosterse kulture) ontwikkelingsvriendelik is, ten spyte van onbybelse en onchristelike kulturele onderliggende paradigmas.

iii. Ek ken talle pragtige ou vrouens in die VGKSA wat werklik weergebore kinders van die Here is, wat nooit ekonomies sal ontwikkel nie, en geen konsep van hulle eie armoede situasie toon nie. Hulle is vanuit hulle wortels Christene, maar sal nooit ontwikkel nie. Omdat hulle Afrikane is? Nee, omdat hulle in 'n armoede kultuur vasgevang is. Essensieel sal evangelisasie nie Afrikane moet "verchristelik" nie, maar hulle uit die slawerny van 'n armoede kultuur moet

bevry, deur 'n boodskap van nuwe hoop, en opstandingskrag. My ervaring met hierdie vroue is verder dat hulle so rustig is oor hulle armoede, dat hulle dit as "uit God se hand" aanvaar. Hulle het berusting gevind in hulle armoede. Is hierdie berusting "onchristelik"?

Die oortuiging word verder gehuldig dat 'n armoede kultuur nie noodwendig ontwikkel moet word nie. Daar bestaan talle waardevolle eienskappe van die mens in die armoede kultuur, wat werklik tot verryking van ander kulture kan dien. Kruis-ekonomiese kontak kan die kerk onderling geweldig verryk. Hierdie konklusie laat my dus nou kies vir die term "bemagtiging" of "potensiaalontsluiting" in stede van "ontwikkeling".

## 3. AFRIKA KULTUUR AS "REMSKOEN" IN DIE VESTIGING VAN 'N ONTWIKKELINGSVRIENDELIKE GEMEENSKAP

### Inleiding

Veral in die postmodernistiese tyd waarin ons tans verkeer, en die gepaardgaande herwaardering van die Afrika kultuur, is 'n kritiese evaluering van Afrika kultuur nie baie gewild nie. Afrika het egter nog 'n baie unieke manier van dink, wat deeglik verreken moet word in die kerk se betrokkenheid in die arm Afrika kultuur. Veral aspekte wat moontlik 'n invloed kan uitoefen op die stryd teen armoede, verdien aandag.

Word die Afrika kultuur, eie aan die Zoeloe gemeenskap, ontleed, vanuit Westerse Christelike denke, moet in ag geneem word dat daar baie mooi in elke kultuur is, wat die realisering van Christenskap in daardie kultuur unieksoortig en ryk maak. Willoughby (1971: xix) gebruik die beeld van 'n wingerd. As die wingerd wil vrug dra, moet hy al die vrugbare dinge uit die Afrika grond uithaal. Hy stel dit ook dat Christus die mooi in elke kultuur kom vervul. Gebeur dit nie, is die Afrika reaksie dikwels volgens Willoughby (1971 :xxii) :

> *" ...Africans may regard Christianity as a white man's religion... "*

Daar is reeds aangetoon dat baie sake wat tradisioneel in Westerse Teologie beskou was as Afrika lewens - en wêreldbeskoulike inhibisies vir ontwikkeling, in der waarheid eerder aan 'n armoede kultuur toegeskryf kan word. Hiermee wil egter nie in die slagyster getrap word om Afrika se lewens - en wêreldbeskouing te idealiseer nie. Daar is inderdaad etlike sake wat drasties aandag moet kry, as die gemeenskap sinvol wil ontwikkel . Veral vanuit blanke Gereformeerde Missiologie word die aanklag dikwels gemaak dat die Afrika lewens- en wêreldbeskouing verantwoordelik is, saam met ander faktore, vir die sosiale chaos in Afrika (Crafford 1995::277-290).

Die volgende Afrika interpretasies van armoede sal in die studie ter tafel kom. Veral die luister na die Afrika interpretasie van die sake sal aandag geniet:

* Afrika lewens- en wêreldbeskouing / Animisme
* Voorvaderverering
* Ubuntu : Afrika humanisme
* Grond en landfilosofie in Afrika

## 3.1 Afrika lewens- en wêreldbeskouing / Animisme

Die Afrika lewens- en wêreldbeskouing wat die meeste invloed uitoefen op die ontwikkelingsproses kan saamgevat word met die begrip "animisme". Animisme is 'n term wat vandag in onbruik verval het (V.d.Walt 1999:106). Ek kies vir die gebruik daarvan omdat dit steeds 'n realiteit in die Afrika konteks onderstreep, en bydra tot groter begrip vir die konteks van Afrika denke oor armoede.

Van Rheenen (1991: 20) beskryf animisme as volg:

> *.... the belief that personal spiritual beings and impersonal spiritual forces have power over human affairs and consequently, that human beings must discover what beings and forces are influencing them in order to determine future action and, frequently, to manipulate their power."*

Animisme is gebasseer op die "vergoddeliking" van die natuur, waardeur alles in die natuur deur natuurkragte beheer word, en daar nie meer ruimte is vir die

manipulasie van die natuur deur die mens nie, maar 'n voortdurende vrees vir magie, toorkragte en rampe bestaan. Volgens hierdie siening word die natuur nie beheer nie , maar word die mens deur die natuur beheer. Die natuur, in die toestand van chaos, word net so gelaat en word nie ontwikkel nie. Gevolglik bepleit Oosthuizen (1985(b):353) 'n desakralisering van die natuur, ten einde ontwikkeling te laat gebeur.

Hierdie animisme as deel van die tradisionele Afrika denkwêreld kan inderdaad ontwikkeling strem. Veral as dit in akute vorm voorkom in 'n verarmde gemeenskap. Armoede maak animisme meer akuut. In die bediening aan 'n arm animistiese gemeenskap sal die kerk veral baie aandag aan eksorsisme en gebed moet gee. Tekens en simbole in die oordra van hoop moet ook oorweeg word. Praktiese klein haalbare projekte kan illustreer dat die mens die kroon van die skepping is, en steeds die aarde kan en moet bewerk, met geloof, hoop, en visie!

## 3.2 Voorvaderverering

### 3.2.1 Voorvaderverering se "hulp" in die hantering van Afrika armoede

Swart teoloë beskou die herlewing van Afrika-bewustheid as voorvereiste tot ekonomiese hervorming in Afrika. Die koloniale ontworteling van Afrika-eie kultuuruitdrukking is volgens hulle die primêre oorsaak vir die totale insinking in die Afrika-huishouding .Die inkulturasie proses word gesien as vereiste vir die aanvaarding van Christenskap in Afrika. Hiersonder sal geen Christelike ontwikkelingswerk grond raak nie. Kabasele (In Schreiter 1997:116) gaan so ver om te beweer dat die kerk van Christus as die eerste Voorvader moet praat. Hierdie tendens is ook baie eie aan die moderne swart stedelike jeug (Kitshoff (1992:417-427). Bogemelde hantering van die Voorvader- aangeleentheid sou dan impliseer dat die voorvaderkultus die bekamping van armoede positief kan ondersteun. Hiervolgens sou die volgende uitgelig kon word:

* As die mens in familieverband, ook met die afgestorwenes, heel, geïntegreerd en gelukkig is, sal daar meer moed wees om die "onveranderlikes" in armoede konteks te konfronteer. Die gevoel van heelwees gee die mens selfvertroue en moed.

* Die arm mens , sonder reserwes, kan dit nie bekostig om die oorledenes se wraak op hulle te neem nie.

**3.2.2 Die voorvaderaanbidding se inhibisies tot ontwikkelingswerk**

Voorvaderverering kan iets meer word as wat die Afrika Religie aanvanklik in gedagte sou hê (verering). Becken (1993) is oortuig dat die gebruik wel in *aanbidding* kan oorgaan, as die voorvaders aangespreek word. Hy maak 'n interessante aanhaling uit Faye se werk wat in 1929 verskyn het, waarin Isaiah Shembe sou vertel van sy eie aversie in die aanbidding van die voorvaders. Hy het dit nie in sy kerk verbied nie, maar het wel die onderskeid tussen verering en aanbidding duidelik uitgespel. As die voorvaders aanbid word, kan die kultus geweldig negatief inwerk op die opheffingsprogram van die mens in 'n konteks van Afrika armoede:

**a. Vrees**

Waar daar fisies van aanbidding sprake is, word die voorouerverering 'n bose mag wat die denke , die gedrag, en die lewe, veral van die arme, met verlammende *vrees* vul. Die vrees wat 'n verkeerde (sondige) omgang met die afgestorwenes meebring, en wat versterk word in 'n konteks van armoede, is een van die sterkste inhiberende kragte in die opstaan van die mense uit Afrika armoede. As die geeste van die afgestorwenes in beheer van die broos gebeure in 'n arm mens se lewe geplaas word, word diegene gemanipuleer deur baie onvoorspelbare en temperamentele kragte. Dus kan selfs 'n konsensieuse mens nooit gemoedsrus hê nie, maar kan enige dag enigiets onvoorspelbaar van die geeste verwag. Hierdie onsekerheid skep dikwels 'n gevoel van fatalisme en hulpeloosheid: *"Helpless acceptance of things thought to be beyond one's control...What can we do about it?... suffer without complaining.."* (Van Rooy 1978:23)

**b. Verlies aan vertroue in 'n getroue God**

In die geval waar daar met die voorvaders in gesprek getree word en hulle hulp direk ingeroep word, word God dan nie meer in die mens se nood vertrou nie, maar die mens werp hom/haar in die willekeurige hande van onbetroubare geeste en waarsegsters.

Die Ou Testament is baie duidelik dat die raadpleeg van die geeste van afgestorwenes nie deur die Here goedgekeur word nie, en ook gestraf sal word. So word in 1 Kron.10:13-14 verklaar dat Saul dood is oor "troubreuk wat hy teenoor die Here begaan het", deurdat hy "...raad gevra het by 'n gees, in plaas van die Here te raadpleeg." Daarom is die koningskap by hom weggevat, en aan Dawid gegee. In die Ou-Testamentiese studie oor armoede , is duidelik gestel dat die verhouding tussen die mens en die Here bepalend is vir die belewing van *Shalom*. Die raadpleging van die geeste blyk dan die vertrouensverhouding tussen God en mens te versteur. Dieselfde verbod word ook gevind in Lev. 19:31; 20:6,27 en Jes. 8:19,20. Is die verering van voorvaders en die verlammende effek op die gees van die armes nie 'n direkte oorsaak van armoede nie? Dit vervreem die mens van God, breek die mens se selfvertroue en roof die mens van 'n verantwoordelikheidsbesef.

**c. Morele ambivalensie**

Christus as middelaar word ook van sy rol onthef en sondige, immorele geeste word die rol van middelaar gegee. Die eerste implikasie hiervan is dat 'n moreel neutrale godsdiens ontstaan wat geen morele eise aan die mens stel nie. God se heiligheid verdwyn van die horison en God word die "Cosmic Grandfather" wat niemand seermaak nie (Van Rooy 1978:31). Ook op seksuele gebied kry die mens die groen lig om immoreel op te tree. Die implikasie van laasgenoemde is dat die mans in die rituele rondom die voorvaders steeds die rol as priester van die huis speel, maar andersyds meer 'n oorlas as bron van sekuriteit vir hulle gesinne word. Hulle is ontrou aan hulle huweliksmaats, versorg nie hul kinders nie en mors 'n groot deel van die huishoudelike inkomste op destruktiewe aksies soos drank misbruik en dobbelary. Hiermee het die "voorvaders" geen probleem nie.

## 3.3 Ubuntu: Afrika Humanisme

Ubuntu (Zoeloe), Botho (Sotho), uMunthu (Chewa) is die fondasie van Afrika se lewens en wêreldbeskouing. Dit is die uitdrukking van Afrika se siening van menswees, menswaardigheid, integriteit, respek, etiket en ondergeskiktheid aan

meerderes. Maluleke (1998(a):11) beskryf Ubuntu as die Afrika weergawe van *Shal_m*. Ubuntu word die treffendste uitgebeeld deur die Zoeloe spreuk: "*Umuntu ungumuntu ngabantu*" (Die mens is mens deur ander mense). Die mens op sy eie het geen waarde nie. "Ek is, want ons is". Alleen binne die groep maak die mens se lewe sin. Die volgende spreuke bevestig hierdie beginsel: "Een vinger kan nie kos optel nie"; "Armbande klingel as daar meer as een is". Die mens is geskape binne 'n sekere posisie binne die samelewing, gesin, familie en stam. Hierdie posisie skakel hom in in 'n lang ketting van verhoudings. Die hoogste waarde van menswees word bepaal deur jou plek soos dit toegeken is, vol te staan.

**3.3.1 Ubuntu se ontstaanskonteks**

Die tipiese blanke opinie oor ubuntu is dikwels die volgende:
Ubuntu ontstaan in die tradisionele Afrika Religie se konsep van God as ver verwyderd en ontoeganklik vir die vleeslike mens. Gevolglik sou God self geen rol speel in die definiëring van Ubuntu nie. Ubuntu plaas die kollektiewe mens in die sentrum van die lewe en nie God nie. In hierdie kollektiewe humaniteit speel die voorvaders (en nie God nie) die rol van bron van stabiliteit en sekuriteit. Daar kan dus met goeie reg van Ubuntu gepraat word as Afrika humanisme.

Musopole (1993:41,42) sien Ubuntu egter nie net in humanistiese terme nie. Hy beskou Ubuntu as die ideale bestaan van kosmiese harmonie tussen alle bestaande dinge wat in 'n ketting ineengeskakel is. Sou die mens se skakel met die medemens verbreek, dan is die hele ketting gebreek.:

> "*....uMunthu has more than horizontal dimentions. It also links humanity to the entire cosmic reality as well as to the divinity.*"

Swak menseverhoudinge sou dus ook die skakel met die Skepper verbreek en omgekeerd, sou 'n swak skakel met die Skepper ook die skakel met die medemens verbreek. Hy stel dit nog duideliker:

> "*To have moral integrity and to be responsible is to participate in the character, therefore the life of God and thus to become a channel of abundant life to the whole creation.*"

Ubuntu het ontstaan binne die konteks van die "African Village" (Maluleke 1998(a):11), en die uitgebreide gesinskonteks. In hierdie feudale ontstaanskonteks speel die hoofman, die stam en die uitgebreide familie 'n sentrale rol . Hulle bepaal die sosiale en ekonomiese lewe. Buite hierdie konteks sal Ubuntu moeilik verstaan word.

Ubuntu kan ook nie buite die konteks van die invloed van die Christelike sending in SA bestudeer word nie. Ubuntu verdwyn nie as iemand 'n Christen word nie. Net soos 'n persoon of 'n gemeenskap se taal en kleredrag ook nie noodwendig moet verander nie. Christenwees sal wel Ubuntu verander. ' n Christelike Ubuntu sal dus anders lyk as 'n nie-Christelike Ubuntu, maar albei sal nog onmiskenbaar Ubuntu wees. Omgekeerd ook sal 'n Christen met Ubuntu anders wees as 'n Westerse Christen wat nie Ubuntu verstaan nie. Daarom sou Pous Paulus VI in 1976 te Kampala 'n beroep doen op die Afrika Christene om nie hulle gemeenskapsoriëntasie te versaak nie (Shorter 1977:122).

Die ontstaansgeskiedenis van Ubuntu is ineengevleg met die ontwikkeling van die Christendom in SA. Ubuntu is egter ook een van die kosbaarste skatte wat die Afrika Christene na die skatkamers van die kerk saambring. Juis hierdie skat moet ontleed , geniet word en aangeleer word. Dit sal almal verryk.

Interessant dat Ubuntu in 'n verstedelikingskonteks 'n unieke vorm aanneem, waar nuwe groepsbande gestig word en mense in nuwe sosiale verbintenisse oorleef. Dit kan die kerk wees, professionele groepe, etniese groepe, of bendes (Shorter 1977:122).

Die konsep Ubuntu is egter nie altyd so positief evalueer nie en grondige kritiek is al uitgespreek. Kortliks word op etlike vorme van kritiek gelet, met die Afrika reaksie op elkeen.

### 3.3.2 Kritiek teen Afrika Ubuntu as inhibisie in die opheffing van die gemeenskap

**a. Vernietig Ubuntu individualiteit?**

Blanke Gereformeerde Missioloë, vanuit die Westerse bewondering vir individuele prestasie inisiatief, en rassionele denke, is dikwels besorgd oor die verlies aan individualiteit in ubuntu (vgl B.J.v.d.Walt 1999 en Oosthuizen 1985(a):91): In die blanke definiëring van Ubuntu is daar geen ruimte vir individuele inisiatief en individuele belang nie.

Hierteenoor stel Musopole (1993:41,42) dat dit eerder gaan om die gemeenskaplikheid ("Mutuality"). Wat met die individu gebeur, gebeur met die hele groep en omgekeerd. Gevolglik praat hy van "corporate personality", en "communalism". Hierdie gemeenskaplikheid bepaal die psige van die individu. As een aspek van die gemeenskaplike bestaan versteur word, sal die hele lewe versteur word: *"All of life and of life power is seen as a continuum of interrelated things."* So ook sal 'n individu se gedrag bepaal word deur die gemeenskap.

Hierdie gemeenskaplikheid het wel baie voordele:

i. Dit beskerm die swakkeres in die familiegroep (Shorter 1976:123).

ii. Dit maak mense interafhanklik en gerig op mekaar se nood.

Ongelukkig kan dit nie wegredeneer word nie dat Ubuntu die individuele inisiatief en verantwoordelikheid demp . Mense in Afrika leef in vrees dat hulle die onderlinge harmonie sal versteur, en ander kwaad sal maak (Pauw 1996:375).

**b. Ubuntu sanksioneer groepspolarisasie en groepsmeerderwaardigheid**

Shorter (1977:123) bevind dat die sterk groepsgevoel van Ubuntu, veral met religieuse kondonering (veral deur die voorvaderverering), buitestaanders as vyande sien en onverdraagsaamheid teenoor buitestaanders aanwakker.

Hierteenoor verweer die voorstanders van Ubuntu dat daar by die Afrika-mens 'n openheid teenoor die vreemdeling is. Ongelukkig het talle konflikte , veral

met Europese volke, gelei tot uitbuiting, verlies aan grond , hulpbronne en selfrespek. Gevolglik is die nuwe Ubuntu in 'n veelrassige "reënboognasie" meer aggressief teenoor die vreemdeling.

**c. Ubuntu bepaal moraliteit**

Hierdie groepsgevoel bepaal ook die morele kode waarvolgens mense leef. Etiek word bepaal deur die welsyn van die groep. So is dit belangrik vir die Afrika mens se moraliteit om goeie menseverhoudings te handhaaf. Hierteenoor is die Westerse moraliteit nie soseer mensgerig nie, maar gerig op eienskappe soos eerlikheid, integriteit, bestendigheid, deursettingsvermoë en doelgerigtheid. Van Rooy (1978:10) haal Kriges aan in die verband:

> *" .... right conduct is relative (in Africa) always to the human situation and morality is orientated not from any absolute standards of honesty or truth but from the social good in each situation."* Hy gaan voort: *"Conduct that promotes smooth relationships, that upholds the social structure , is good; conduct that runs counter to smooth relationships, is bad."*

Ook die voorvaders word in hierdie harmonieuse verhoudings ingesluit: Alles wat ook hierdie verhoudings versteur is moreel verkeerd.

**d. Ubuntu ook gesekulariseerd**

Alhoewel Ubuntu in die atmosfeer van Afrika renaissance verabsoluteer word, is dit ook ironies dat juis nou in die tyd van swart ontwaking en - bemagtiging , swart mense al hoe meer individualisties word, en nie meer die familielede wat deur die veiligheidsnette van die samelewing geval het, wil help nie. Dit gebeur al hoe meer dat lede van invloedryke gesinne, in armoede verval. Die swart gesinne wat na die wit dorpe en stede trek, woon dikwels as onmiddellike gesin saam, en verloor kontak met die arm bejaardes en uitgebreide familie op die platteland. Juis in die hantering van armoede speel hierdie gesekulariseerde ubuntu 'n groot rol: Gesinslede neem nie meer so gelate verantwoordelikheid vir mekaar nie.

Mofokeng (1991:69) noem dat gemeenskaplikheid ook nou deur klasseformasies

binnegedring is. ' n Klas kommunialiteit het ontstaan, wat nie meer oë het vir mense van 'n laer klas nie.

Van Rooy (1978:34) stel dit anders: *"Africa is infected by the greed of European society but without the means of satisfying that greed.."* Hiermee moet verstaan word dat as Afrika die middele gehad het, dan sou hierdie "greed" bevredig kon word, en dan was die probleem opgelos. Mofokeng (1991:69) soek na 'n Afrika Ubuntu, los van hierdie "greed" in 'n gemeenskap wat meer op mekaar gerig is.

Sommige etnoloë beskou Ubuntu as 'n reaksie van arm gemeenskappe om by mekaar ondersteuning te vind. Dit gaan dus nie om my liefde vir die ander nie, maar eerder om my eie oorlewing. Sodra die persoon in 'n posisie van welvaart begin leef, het hy/sy nie meer die groep nodig nie, en gaan dan op eie stoom verder.

Nyirongo (1997:105) daarenteen beskou alle mense as inherent materialisties en gerig op selfverryking. In Afrika het 'n gemeenskaplikheid tydens die bestaansboerdery-era ontwikkel wat nou nog nie in geheel deurwerk is nie. Afrika gemeenskaplikheid is dus niks anders as 'n noodmaatreël ter wille van oorlewing nie: " Given the opportunity, the African is as prone to material hunger as any other person on earth."

**e. Ubuntu is paradoksaal die sentrum van sekuriteit, geborgenheid, maar ook van onstabiliteit en vrees.**

Van Rooy (1978:33) beweer dat Ubuntu nie net vir die mens behorende tot 'n groep sekuriteit en steun gee nie; dit is ook die bron van baie konflik, jaloesie en emosionele spanning. Alle ongelukkigheid word toegeskryf aan 'n ander in die groep se jaloesie en haat teenoor 'n persoon:

*"People create scapegoats for their sorrows, and the shorter the radius of kinship and family ties, the more scapegoats there are."*

**f. Ubuntu is 'n droom**

Deur die geskiedenis van onafhanklike Afrika het daar telkens leiers opgestaan wat die ideale staat van Ubuntu wou skep, wat sou sentreer rondom gemeenskaplikheid. Die hoop het bestaan dat die toestand van Afrika *shalom* deur gemeenskaplikheid herstel sou word.

Dr K.J. Nyerere sou in Tanzanië so die staat van *Ujamaah* wou skep. Dit was 'n droom van 'n volmaakte staat van Afrika shalom, waar tradisionele familiewaardes weer herleef, alles gemeenskaplik besit word, gedeel word en almal van gelyke status is. Alle mense is gelyke rolspelers in die regering van die land. In Zambië is ook gepoog om Afrika humanisme tot uitvoering te bring. In al hierdie stelsels was ekwilibrium en harmonie die bepaling van die ekonomie, handel en industrie. Gelyke voordeel in elke transaksie was die ideaal. Selfrespek sou ten alle tye beskerm wees. Daar moes geen wenners en verloorders wees nie. So sou die voormalige Pres. Kaunda van Zambië die uitbuiting van een mens deur 'n ander ten strengste verwerp.

Hierdie droom van Afrika *Shalom* en ekwilibrium word verpletter as die harmonie en balans versteur word. Die uiteinde daarvan is armoede, fatalisme, apatiese lewenshouding en passiwiteit te midde van swaarkry. Uiteindelilk kan endemiese armoede intree (Pauw 1996:376).

**3.4 Ubuntu, grond / land en besittings**

Wat besittings en die filosofie oor die land betref, verskil die Westerse Romeins-Hollandse wet radikaal van Afrika Tradisionele wette en Ubuntu.

Kinders in die Afrika-huishouding deel letterlik alles. *"The accumulation of weath by an individual is frowned upon by the Africans themselves."* (Van Rooy 1978:18). Die vergader van geld in die bank is immoreel. Dit is in die Afrika moraliteit 'n deug om besittings te vergader wat deur die familie kollektief beheer word en aan die familiehoofde gesag gee. Gevolglik is daar in die tradisionele Afrika-aspirasies suspisie oor individuele rykdom.

Gematigde rykdom bekom deur harde werk, word gerespekteer, maar rykdom verkry deur uitbuiting van ander word verag. Oormatige rykdom word ook verdag gemaak, as sou dit ten koste van ander bekom word.

Grondbesit, in die gees van Ubuntu, is kommuniaal , eerder as individueel.. Grond, net soos die lewe self, is 'n gawe van God aan die gemeenskap. Daarom kan grond ook nie verkoop of gekoop word nie. Die stamhoof mag grond uitdeel vir individuele gebruik. Indien die grond nie meer gebruik word nie, val dit weer terug in die hande van die stamhoof. Elke lid van die gemeenskap het reg op 'n stuk grond in ooreenstemming met die persoon se onmiddellike behoeftes. Die voorvaders speel ook 'n prominente rol in die gebruik van die grond. Hulle grafte in die grond bevestig dat die grond aan hulle behoort en dat hulle nasate die reg op daardie grond het.

Bloed speel 'n simboliese rol in die binding van 'n mens aan die grond. Pauw (1996:375) haal Balkare aan wat verwys na die feit dat die naelstring na geboorte in die grond begrawe word. Dit vorm 'n eksistensiële band tussen die mens en die grond / land. So ook is die begrafnis as terugkeer tot die grond 'n aardse eenwording, en bevestiging van die noue band tussen die mens en die aarde. "Die mens behoort aan die aarde" en is dus onskeibaar van die aarde.

Teenoor die Ubuntu grond / land filosofie staan die Westerse kapitalisme met privaat besit van grond en die hantering van grond as 'n gebruiksobjek. Dit kan wetenskaplik manipuleer word om meer te produseer. Die eienaar het die reg om mense se toegang tot "sy/haar" grond te beheer. Arbeiders word "gebruik" om die een doel van wins te verwesenlik. As hulle nie meer winsgewend aangehou kan word nie, moet hulle plek maak vir ander. Die benadering teenoor arbeid is ook baie anders in die Ubuntu konteks: Daar is 'n werkgewer en -nemer in vennootskap met mekaar.

Hierdie botsende filosofieë oor die grond gaan terug na die vroegste

onderhandelinge tussen die Britse owerhede en tradisionele stamhoofde. Waar die Britte en die Voortrekkers om land beding het, het hulle aan die Romeins-Hollandse reg met titelaktes, eienaarskap deur privaat persone en eksklusiewe grondregte gedink. Die inheemse stamme het egter iets heel anders in gedagte gehad: gemeenskaplike grondbesit onder die toesig van 'n opperhoof, wat nooit die grond kon verkoop nie. Met die kruisie op 'n onverstaanbare papiertjie het die hoofmanne dikwels, sonder die medewete van die tradisionele bewoners van die land hul regte en verblyf op die grond weggeteken. Sedertdien sou hulle nie eers meer oor die grond kon loop, of sonder toestemming van die natuurliker hulpbronne kon gebruik nie.

**3.5 Konklusie**

Die Afrika kultuur , veral waar dit in 'n armoede situasie vorm kry, toon duidelike weerstand teen "ontwikkeling". Hierdie faktore is identifiseer, en sal hanteer moet word deur die kerk wat in 'n arm Afrika gemeenskap diensbaar wil wees. Daar moet ook na die mooi in elkeen van die "bedreiginge" gekyk word, aangesien die pad wat hiersonder geloop word, op 'n doodloopstraat afstuur.

# HOOFSTUK DRIE: GEWELD

## Inleiding

SA is 'n land in transformasie, met 'n demokrasie wat op die wetboeke die meeste lande in die wêreld ver voor is. Tog kan al die humanitêre ideale, weens die hoë voorkoms van geweld, die voetsoolvlak onkunde oor menseregte, afbreek van gesag (de Gru 1976) en onkunde rakende die demokratiese proses, nie realiseer nie (Nokwe 1998). Meer en meer wetgewing slaag ook nie daarin om die hart van mense te verander nie. Geweld polariseer ook die gemeenskap verder (Mogoba 1989). Volgens die instituut vir Kontekstuele Studie vorm geweld die nuwe KAIROS in SA. Landwyd, maar veral in KZN, ontstaan 'n kultuur van geweld. Die 1996 moordsyfer in SA was 61 per 100 000 inwoners (vergeleke met 9 per 100 000 in die VSA, en 1 per 100 000 in Brittanje) (Diakonia studiestuk 18/08/00).

Met die studie van die geweld in KZN en meer bepaald in die Mnambithi gebied, poog ek nie om sosio-ekonomiese statistiek en ontledings aan te bied nie. Die relevante statistiek is reeds in die inleidende hoofstuk oor armoede uiteengesit. Hier wil bloot net gekyk word na wat die situasie op voetsoolvlak inhou. Hoe ervaar die gemeenskap die geweld in die omgewing? Wat is die nood aan versoeningsaksies op grondvlak ?(de Gruchy 1988:43)

## I. TIPES GEWELD

### 1.1 POLITIEKE GEWELD

SA se eerste demokratiese verkiesing in die post-apartheid bedeling kon op 27 April 1994 plaasvind. Maande vooraf is in Ezakheni onderhandel te midde van geweldige politieke geweld , "no-go-areas", Civics wat strate patroleer, ontsnaproetes deur mense se heinings knip, burgerlikes dwing om geld te betaal vir wapens, die afbrand van tientalle huise, en groeiende onverdraagsaamheid.

Die kultuur van "no-go-areas" sal in enige demokrasie die hare laat rys, maar in KZN was dit algemeen aanvaar dat 'n gemeenskap sou kon besluit (onder die

intimidasie van politieke "war-lords") dat 'n gebied ontoeganklik gemaak sal word vir enige opposisie. Hierdie gebruik is een van die enkel mees opvallende aspekte wat die verkiesings in KZN se regverdigheid sou bevraagteken.

As deel van die Ekumeniese moniteringspan moes ons leraars saam met die SAP in gepantserde voertuie toekyk hoe die gemeenskap in irrasionele woede hierdie kultuur op almal afdwing. ' n "No-go-area" is na 'n lang geveg tussen die twee politieke partye besleg . Die wenner het dan beheer oor die gebied verkry, en die oposisie se leiers moes vlug, of is vermoor. Baie burgerlikes is ook vermoor. Die grense van so 'n gebied is dikwels 'n pad, 'n spruit of 'n baken soos 'n naby geleë koppie. Beide die ANC en die IVP was skuldig aan hierdie gedrag (Challenge(36) 1996: 22). Die menseregte kommissie het 52 sulke areas in KZN identifiseer met die 1996 plaaslike verkiesings (Challenge (36) 1996:22). In die Mnambithi distrik weet ek van Ezakheni C-seksie, waar twee sulke areas was, E-seksie waar daar twee was en sekere kleiner gebiede in Ezakhenie B Seksie en Steadville.

In Steadville en Ezakheni, woongebiede buite Ladysmith was swaar geweervuur aan die orde van die dag toe die ANC, IVP en PAC mekaar tydens die 1994 verkiesing aangeval het (Reynolds& Dziva 1998:53). Dit het weer vanaf Paasnaweek 2000 as voorbereiding op die November 2000 plaaslike verkiesings opgevlam. Seksie Ci in Ezakheni was een van die swaarste geteisterde gebiede tydens die 1994 verkiesings. E-seksie in Ezakheni toon nou nog die wrang nasmaak van tientalle huise waarvan die afgebrande murasies daar staan. Anders as wat die WVK die publiek wil wysmaak, was hier geen engele betrokke in die "struggle" nie. Die leiers in al die betrokke partye het stilweg die geweld deur hul eie volgelinge gekondoneer, en die opposisie verdag gemaak met elke insident. Ek kan nie een insident onthou waar 'n politieke leier verantwoordelikheid vir geweld aanvaar het, en probeer het om volgelinge te kalmeer nie.

Die kerk op plaaslike vlak het probeer vure doodslaan, maar op nasionale vlak

het die SARK fondse wat vir slagoffers bedoel was, so "swak beheer" dat hulle nie seker is of die "Programme to cambat Racism" se fondse nie ook aangewend was vir die aankoop van vuurwapens nie (JRW Stott in Meiring 1975:31)

Sedert 1985 tot en met 1996 het reeds meer as 15 000 mense (meestal vroue en kinders) in politieke geweld in KZN gesterf, (Challenge (37) 1996:22) . Hiervan was 4000 van die Durban omgewing. Duisende gesinne het as vlugtelinge oorleef.

Die menseregte kommissie se "Pre-election report May 1999" toon die volgende politiek gemotiveerde moorde in KZN vir die tydperk 1991-1998

| | |
|---|---|
| 1991 | 1057 |
| 1992 | 1430 |
| 1993 | 2009 |
| 1994 | 1609 |
| 1995 | 837 |
| 1996 | 469 |
| 1997 | 283 |
| 1998 | 308 |
| Total | 8002 |

Die kerke in die Mnambithi omgewing, onder leiding van die Anglikaanse Biskop, Biskop Makhaye, IDAMASA, die VGKSA en die NG Kerk, het vredesberade gehou. Namate die verkiesing nader, het meer buitelandse monitors op die toneel verskyn. EMPSA (Ecumenical Monitoring Programme in SA) sou vanuit kerklike kringe hierin 'n leidende rol speel. Uiteindelik is net voor die verkiesing 'n vredesverdrag tussen die IVP en die ANC onderteken. Politieke onverdraagsaamheid is gesmoor, maar brutale geweld sou nooit weer uitgewoed raak nie.

So moes die plaaslike verkiesings in KZN , wat op 1 November 1995 moes plaasvind, drie keer (Challenge(37) 1996:21) weens die hoë insidensie van geweld en hernude botsings tussen die IVP en die ANC , uitgestel word , totdat dit uiteindelik op 26-28 Junie 1996 kon plaasvind. Politieke leiers se lewens was in gevaar. Ook rondom hierdie verkiesing was daar voortdurende vrees dat die hoë intolleransie weer tot geweld sou uitloop.Gevolglik het die kerkleiersgroep in KZN besluit om 20 Europese vrywilligers te nooi om te help met 'n nuwe vredesprojek in Natal. Dit sou geloods word vanuit die nuut gestigde EPP (Ecumenical Peacemaker's Programme), inisiatief van die Natalse Kerkleiers groep. Die EPP het ten doel gestel:

* Fasilitering van vredesinisiatiewe
* Hulp met samesprekings en mediëring
* Monitering van geweld en verkiesings.

Die EPP het in Ladysmith ook deur rowwe waters gevaar. Tydens die 199-verkiesing is agtergekom dat die seleksie van vredesmonitors grotendeels deur 'n ANC kandidaat L.Shabalala oorgeneem is, en dat talle vredesmonitors in der waarheid ANC ondersteuners was. Gevolglik besluit die EPP onder motivering van die plaaslike Raad van Kerke ("Thukela Mzinyathi Christian Council")dat verkieslik onpartydige mense , wat kerklik aktief is, en in die omgewing woon, moniteringswerk moet behartig tydens die 1999 verkiesing.

Na die plaaslike verkiesings het partypolitieke geweld afgeneem, maar met voortdurende dreigende oplewings nooit tot ruste gekom nie. Reeds met die aanloop tot die 1999 verkiesing was die spanning weer aan die oplaai, namate politieke leiers weer begin het met opruiende toesprake, en sekere areas reeds as "no-go-areas" geklassifiseer is. Kerke het vroeg reeds begin met gebedsaksies vir vrede. Die Electoral Institute of SA (EISA) het 'n "Conflict Management Programme" van stapel gestuur, waar gemeenskapsleiers, kerkleiers en regslui opgelei is in konflikhantering en bemiddelingswerk. As deel van die span moes ek 5 konflikte in die Mnambithi distrik hanteer en oplos. Die

konflik was telkens tussen die IVP en die ANC leiersgroepe op plaaslike vlak. Saam met plaaslike kerklui was dit 'n voorreg om namens die kerk in die bres te tree en konflik te verhoed. Tydens die 1999 verkiesing het die Onafhanklike Verkiesingsraad in KZN 552 klagtes van verkiesingskonflik ontvang, waarvan 24 in die Thukela streek (waaronder Ladysmith sorteer). Tydens die Christen Raad se vergadering van die Kwa Zulu streek (KZNCC) is op14 Oktober 1999 rapporteer dat daar in die Natalse Middellande 'n 33% toename in politiekverwante geweld was. Dit was 5 keer hoër as die Durban streek. Kenmerke van die politieke geweld in die 1999 verkiesing was weer die voorkoms van "no-go" gebiede, die meer gelokaliseerde aard van die konflik, en die weerstnand teen die nuut gestigde UDM. Veral ontwikkelingsverwante sake was hoog op die geweldsagenda. Daar word gepraat van "developmental violence".

Tydens hierdie bemiddelingssessies het die volgende duidelik geword:

i. Konflik is op Provinsiale en Nasionale vlak aangespreek, maar broei voort in onopgeloste persoonlike geskille tussen individue, familiegroepe en faksies. Hierdie geskille word dikwels plaaslik onder die vaandel van politieke onverdraagsaamheid verder gevoer.

ii. Politieke leiers is dikwels onsensitief vir die vrede in die gemeenskappe wat hulle bedien.

iii. Fisiese geweld as konflikhanteringsmeganisme kom meer voor in armer ontwortelde gemeenskappe, soos die hervestigingsgebiede van Wasbank.

iv. Ongeletterdheid jeens die oplos van geskille deur bemiddeling en gesprek, asook ongeletterdheid oor die demokratiese proses, noop baie mense om tot geweld oor te gaan.

v. Gewelddadige konflikresolusie kom voor waar die gemeenskap medemenslikheid en basiese respek verloor het. Veral die jeug is aandadig aan die stig en aanblaas van geweld.

vi. Kenmerkend in tye van politieke spanning is die politieke leiers se apatie om oplossings te verkry. Dit lyk of hulle meer belangstel in die uitbrei van hul politieke mag, as in die gemeenskap se welsyn. Hulle woon nie self in hul kiesafdelings nie. Hulle magsbasis is die arm "lokasies", maar hulle woon in

veilige gerieflike wonings met goeie sekuriteit. Hul opruiende toesprake vernietig dikwels ure se moeisame kalmering in 'n gemeenskap.(Reynolds & Dziva 1998:20).

Sedert middel Julie 2000 het die eerste gewelddadige uitbarsting, as aanloop tot die November 2000 plaaslike verkiesings reeds die gemeenskap in Steadville geskok. Hierdie keer was die geweld tussen twee jong leiers, albei lede van die ANC. Na hulle inhegtenisname het die geweld baie afgeneem. Die kerkleiers is versoek om met hulle in die plaaslike gevangenis te onderhandel. Na ure se onderhandeling het die volgende na vore gekom: Die twee leiers is albei verhoorafwagtend op etlike aanklagte van moord en poging tot moord. Die plaaslike SAP is betrokke in die ondersteuning van een van die groepe. Plaaslike politieke hoëlui is ook betrokke by die groepskonflik. Hulle motivering is die onderliggende dwelmhandel in die dorp, waar hulle groot belange by het. Verskeie sakemanne is ook betrokke by die dwelmhandel, wat 'n florerende bedryf in die dorp is, te oordeel aan die verdagtes se lewenswyse. Vir die bendelede is dit, weens intimidasie, en hulle gesinne se afhanklikheid van hulle inkomste, onmoontlik om die dwelmhandel te verlaat. Die dwelmhandel word aangeblaas deur die hoë voorkoms van onwettige wapens in die woongebied. Die gemeenskap is in die kultuur van geweld en weerwraak. Etlike gemeenskapslede word as opruiers van geweld in die gemeenskap aangedui.

### 1.1.1 Magstryd IVP en ANC

Voor en tydens die verkiesing van 1994 was die algemene verwagting dat SA kon uitloop op 'n wit-swart rasse oorlog soos in Zimbabwe. Spoedig is egter kennis geneem dat die verkiesingsverwante geweld baie min rasse konnotasies gehad het, maar dat swart op swart geweld die nuwe toon sou aangee. Baie politici het in ongeloof beweer dat 'n wit derde mag agter hierdie geweld sit. Dit was 'n geregverdigde aantyging in 'n tyd toe die beskermingsdienste inderdaad dikwels manipulerend in die swart magstryd ingegryp het. Gou is egter besef dat hier meer op die spel is: Swart op swart geweld was eg.

Baie navorsing is gedoen oor die swart op swart geweld in KZN, wat beduidend

hoër is as die res van die land. Een konklusie waartoe alle navorsers kom, is dat die magstryd tussen die IVP en die ANC direk aanleiding gee tot die voortslepende geweld. (Challenge (37). 1996:22). Die verhoudinge is in proses om op nasionale vlak mooi te normaliseer. Die twee partye se leiers toon 'n verhouding van versoening. Ook op provinsiale vlak is 'n vredesooreenkoms besig om af te wentel na plaaslike regerings en plaaslike leiers.

Die probleem bestaan egter op plaaslike vlak waar 'n generasie gekweek is wat vasgevang is in 'n kultuur van vergelding en wraak.'n Kultuur van politieke geweldaddadige konflikresolusie is gestig. Plaaslik gaan dit nie meer oor die partypolitieke verskille en magstryd nie, maar om plaaslike leiers wat nie kan versoen nie, en hele gemeenskappe wat vasgevang is in die situasie. Families neem nog wraak op familielede wat in die verlede in die partypolitieke geweld deur die opposisie vermoor is. "Political boundaries have ceased to matter, only a burning desire for revenge." (Challenge (37).1996:22). Die situasie word vererger deur weeskinders wat met hierdie pyn en haat grootword en nooit van staatsweë en van die kerk hulp ontvang om te genees nie. Getraumatiseerde kinders kan nie die verlede vergeet nie, veral nie waar ouers voor hulle doodgeskiet is.

Veral in arm gesinne met enkelouer moeders, is daar niks anders oor vir die kinders om te doen nie anders as om "...fight wars they did not start..." (Challenge (37) 1996:22). Dit word vir hierdie kinders 'n logiese patroon van lewe om hierdie oorlog voort te sit. Dit is 'n voortsetting van familietradisies en 'n bewys van 'n kind se lojaliteit aan die familiegroep. Hiersonder sou so 'n kind as verworpeling moes opgroei.

Die politieke geweld het egter ook 'n nuwe era in die Mnambithi distrik ingelei: Die situasie van algehele geweld. Dit word gekenmerk deur die volgende:

## 1.2 TAXI GEWELD

Op 2 Februarie 1999 het die Kliprivier Taxi vereniging en die SAP vergader om

die vorige week se skietvoorval in die middedorp, waarin drie mense in die openbaar, tussen talle onskuldige vroue en kinders doodgeskiet is, te bespreek. Die skietvoorval is beskryf as 'n verdediging van die plaaslike Taxi vereniging teen buitestaanders wat die monopolie oor die Durban roete wou oorneem (Ladysmith Gazette 5/2/99 :3). Opvallend was dat geen getuie na vore wou kom om die polisie in die ondersoek te help nie. Daar is besluit om 'n forum te skep waar die SAP en die Taxi vereniging gereeld kan vergader om krisisse te hanteer. Deur onderhandelinge word gesoek na vredevolle oplossings.

Selfs in die landelike omgewing word busse aangeval en uit gebiede uitgedryf ten einde die Taxi bedryf se monopolie in die gebied te verseker. Die konflik tussen taxi bestuurders en busmaatskappye het in Julie 2000 ook weer nuwe momentum gekry. Die Taxi geweld neem dikwels 'n politieke kleur aan (Reynolds & Dziva 1998:59).

Huidiglik vervoer minibusse 56% van die land se pendelaars, met voertuie waarvan 40% tot 60% onpadwaardig is (Finansies en Tegniek 2/4/99 :29). Bykans elke ongeluk aangemeld, het 'n minibus bestuurder wat betrokke is. Die geweld van minibus-taxi's op die land se paaie eis huidiglik meer lewens as enige ander vorm van geweld in die land.

Taxi geweld in KZN is bekend vir die goeie voorsiening van handwapens.

## 1.3 FAKSIEGEVEGTE

NIM (Network of Independent Monitors) identifiseer 9 gebiede in KZN waar faksiegevegte gereeld voorkom. Tydens die gevegte word huise afgebrand, en mense kop vir kop vermoor. Die frekwensie neem drasties toe oor Paasnaweke, Kerstyd en ander lang naweke wanneer die trekarbeiders hulle werkskonflik tuis kom besleg. (Diakonia navorsingsverslag18/8/00: 3 (13). Waar die faksiegevegte eers met tradisionele wapens besleg is, word tans moderne outomatiese handgewere gebruik. Thukela Ferry is een van die plekke in die land met die grootste opgaarplekke van onwettige wapens. Snags met tentdienste is

dit nie snaaks om in die mees afgeleë gebiede jongmense met pistole, messe en rondtes van AK47 te sien nie. Die goeie prys wat dagga op die swartmark behaal, maak die aankoop van onwettige wapens veral uit Mosambiek baie moontlik.

> *Tydens 'n tentdiens by Kwa-MTheyi het ou man uit die Zwane stam met ons kom praat. Hy was betrokke by die groot geveg tussen die Zwane stam en die Sithole stam in die vroeë 1960's. Hy kon nog onthou hoe opponente onthoof is en die koppe in plastieksakke vergader was as trofee van die oorlog. Hulle het selfs 'n blanke skerpskutter gehuur om te help in die slagting. Die Skuts van die twee stamme was nie baie akkuraat nie. Blykbaar sou hulle te bang wees om die een oog toe te maak as hulle aanlê. Hulle het geglo dat as 'n mens toe oë sou sterf, die gees nie die liggaam sou kon verlaat nie! Gevolglik het hulle maar so min of meer aangelê, en dan die sneller getrek. Die ou Zwane se gewete het hom gepla. Hy was nie gereed om te sterf met soveel bloed op sy hande nie. Dit was 'n voorreg om die heil in Christus aan hom te bedien.*

Stamgevegte was reg van die begin af deel van die Zoeloe saambestaan in Natal. Aanvanklik was die stamgevegte egter gemoedelike onderonsies. Die volgende sake het die stamgevegte egter meer gewelddadig en ernstig laat word:

i Die beskikbaarheid van geld nadat die swartmark vir dagga uitgebrei het.

ii Reeds onder Britse bewind (onder Shepstone) het die Britte sonder gevoel ingemeng in die Zoeloe tradisionele leefwyse aan die Britse kant van die Thukela en Mzinyathi (Buffels) rivier. Gevolglik is stamme soos pionne op 'n skaakbord verskuif, en verwyder van gebiede waar die Britse regering hul teenwoordigheid as lastig beskou het. Al hierdie stamme is sonder duidelike grensafbakening in die Msingareservaat en die aangrense gebiede in Mnambithi distrik hervestig .

In die Mnambithi distrik is die volgende gebiede steeds tradisionele faksiegeveg gevaar sones: Mhlumayo en Waaihoek / Ntabambomvu , Thukela Landgoed (Sahlumbe), Mthebelu, en Cancane omgewing, wat die Amakhosi (hoofmanne) hoofbrekings gee.

iii Die Britse verskuiwings het die stamme in swak landbougebiede hervestig, waar spoedig 'n tekort aan weiding vir die talle bokke en beeste ontstaan het. Gevolglik was die gemeenskap beperk in hul tradisionele sluiting van huwelike deur die lobola stelsel. Daar was nie beeste vir al die seuns om elk 11 beeste vir 'n bruid te betaal nie. Offers aan die voorvaders was ook beperk deur die beperkte aantal vee beskikbaar.

iv Die jongmanne rook baie dagga tydens die faksie-operasies. Dit maak hulle besonders aggressief en ontoerekeningsvatbaar.

v Die sosiale druk, ook soms van die hoofmanne, is geweldig groot dat alle jongmanne aan die gevegte moet deelneem. Dit gebeur selfs dat oproepinstruksies na diegene wat in die groot stede werk, gestuur word. Diegene wat hierdie instruksies verontagsaam, word verblyfreg ontsê.

vi Baie stedelike gevegte word oor Paasnaweek en Kerstyd in KZN se landelike gebiede besleg.

vii Die faksiegevegte raak veral vir jongmanne 'n avontuur, en 'n welkome afwisseling van die vervelige bestaan van werkloosheid in die landelike gebiede. Dikwels is dit ook 'n geleentheid om motors in padblokkades voor te keer en geld te eis; vee te steel en baie vleis te eet. Met een van hierdie faksiegevegte by Mthebelu is 'n hoofman se bul geslag. Hierdie konflik het tot maandelange gevegte gelei.

vii Die kinders word opgeneem in 'n kultuur van weerwraak en vergelding. Selfs skoolkinders by Mthebhelu het kinders van 'n ander gebied al onder klippe gesteek, sodat normale skool onderrig gestaak moes word.

' n Mentalitiet van gewelddadige konflikhantering, wat in die vroeë geskiedenis nog met "grasie" beoefen is, het plek gemaak vir brutale geweld.

Met die proses van verstedeliking gebeur dit dikwels dat die stambelange stad

toe gebring word , en die konflik dikwels net in die dorpsgebiede voortgesit word. Dit word reeds in St Chads gevrees, waar baie Msinga mense heen verstedelik het.. Met 'n uitreiking in een van Pietermaritzburg se informele gebiede was 'n prominente "war-lord" in die gebied 'n vlugteling uit Msinga.

NIM berig op die KZNCC vergadering van 14/10/99 dat 10 persone per week in KZN in faksiegevegte sterf.

## 1.4 GEWAPENDE ROOF

Met die toenemende gebruik van vuurwapens word gewapende roof 'n algemene verskynsel Letterlik weekliks word besigheidsmense beroof en geskiet, voertuie gekaap, vee gesteel , en neem die aanvalle op blanke boere toe. SAP statistiek toon jaarliks 'n skerp styging in kriminele geweld.

* Ook die swart gemeenskap loop deur. Evangelis Maduma van Uitval se bakkie word gesteel, die Methodiste leraar van St. Chads is saam met sy vrou ontvoer, wreed mishandel en hul voertuig gesteel. Die Presbiteriaanse swart leraar by Cwaka se voertuig is gesteel, asook al die kollektegeld. Pastor Ndlovu van Wasbank is 'n hele nag saam met sy vrou aangehou, terwyl jeugdiges sy bakkie gebruik het in 'n roofvoorval. Kerke rapporteer al hoe meer dat leraars aangeval word en kollektegeld, veral na groot dienste, gesteel word.

* Veral die Helpmekaarpad na Ekuvukeni het die toneel van talle gewapende aanvalle op voertuie geword. Talle brood leweransiers, en groot voertuie is al hier gekaap. In November 1996 is Adjudant Offisier Sipho Thungo koelbloedig in 'n reën van 30 AK 47 koeëls doodgeskiet. Hy was verbonde aan die speurtak in Ladysmith. Naby Cancane is 'n ambulans met 'n vrou in kraam gekaap. Sy is in die veld gelaat en die voertuig is gekaap. By Waaihoek, Makhandane en Mthebelu word die VGKSA se kerkies gesloop en die materiaal gesteel . Die kerkgebou by Makhandane se venster- en deurkosyne is eenvoudig uitgebreek. Waar bure wou optree, is hulle met vuurwapens die huis ingedryf.

Dit is algemeen dat mense op straat beroof word, en bejaardes se beursies gegryp word. Twee gevalle is ook reeds in Ladysmith aangemeld waar

burgelikes op straat met 'n spuitnaald met onbekende vloeistof ingespuit is. Tientalle voorvalle is aangemeld van families wat by die plaaslike begraafplaas aangeval is, en van hulle geld en voertuie beroof is.

## 1.5 GEWELD TEEN KINDERS

Bakwin & Bakwin (1972:221) , in 'n ondersoek na gedragsafwykings by kinders teken die volgende profiel van 'n ouer wat geneig is tot kindermishandeling: Hulle kom meestal uit arm gesinne, waar hulle 'n gevoel van mislukking en lae selfbeeld ontwikkel het.Hulle is passief en afhanklik. Dit gee aanleiding tot aggressie teenoor die lewe.Vaders wat werkloos is en nie vir hulle gesinne kan sorg nie, bly tuis en gebruik kinders as hulle slaansakke. Moeders wat 'n gebrek aan liefde en warmte toon, het in hulle eie kinderjare verwerping ervaar. Dit lyk asof die situasie waarin 'n groot persentasie arm swart ouers hulle daagliks bevind onvermydelik aanleiding gee tot 'n profiel van gesinsgeweld.

## 1.6 SEKSUELE GEWELD

Verkragting, seksuele geweld en permissiwiteit neem toe. Bakwin & Bakwin (1972:485) sien die beste teenmiddel vir enige seksuele afwyking by adollessente as 'n twee-ouer-gesin met warmte, aanvaarding, respek en liefde tusen die ouers. Verbrokkel hierdie verhouding, is dit logies dat kinders ook seksueel tot alternatiewe aggressiewe gedrag sal afwyk.

## 1.7 BENDE AKTIWITEIT

Meeste van die huidige post- "struggle" insidente van geweld en kriminaliteit word gekenmerk deur groter orkestrering deur sindikate. . As bewys hiervoor dien die talle "chop-shops" wat voertuie steel, opkap, onderdele verkoop en die voortbestaan van bende kriminaliteit in woongebiede.

Die verhaal van Johannes Makhubo:

> *Johannes het by die VGKSA aangesluit as 'n dinamiese jong seun. Hy het getuig van 'n sterk geloof, en het saam tentdienste help hou, en het die "amadodana" (jongmanne beweding) getrou bygewoon. Einde 1998 het sy ma by my kom rapporteer*

*dat Johannes net weg is. Drie jongmanne het hom by die huis kom haal. On s het die saak by die SAP rapporteer. Hy was vir meer as 'n maand weg. Hy het in 'n gehawende toestand by die huis aangekom. Hy het vertel dat die onbekende besoekers hom en ander jong manne gedwing het het om hulle meelopers te word. Hulle het saam 'n taxi beroof en die bestuurder vir dood agtergelaat. Daarna is hulle iewers in Durban in 'n agterplaas wat goed bewaak is, as werkers aangehou wat tientalle voertuie moes opsny en onderdele afhaal. Hy sou een aand ontsnap. Op aandrang van sy ma het hy by die taxi eienaar gaan bieg. Hy is opnuut weer ontvoer en geweldig geïntimideer, daar die eienaar sonder SAP inmenging self die booswigte wou vergeld. Uiteindelik is Johannes deur die SAP in hegtenis geneem. Die onbekende ontvoerders het verdwyn.*

Hierdie insident staan nie in isolasie nie. Sindikaat bedrywighede het die Comrades se taktiek en metodiek oorgeneem. Hulle motief is nie meer politieke rewolusie nie, maar sosio-ekonomiese selfverryking. Op grond waarvan sal hulle aktiwiteite verkeerd wees as die in diens van politieke revolusie regverdig, en verheerlik word? Die moraliteit is dieselfde: konflikresolusie deur geweld.

Bende aktiwiteit, veral in die Limehill en Rockcliff area neem toe. NIM beweer (KZNCC vergadering van 14/10/99.) dat 208 kriminele bendes in KZN funksioneer. Hulle is betrokke by georganiseerde kriminaliteit, dwelmhandel en wapenhandel.

## 1.8 TOORDERY EN MAGIE AS ANIMISTIESE GEWELD

Haat en vergelding is kenmerkend van die ongelowige mens, en sou ook in die Zoeloe tradisionele lewe die piek bereik in die manipulasie van die magte van geesteskragte om mag te verkry om te vergeld deur *ubuthakathi* (die gebruik van magie en toordery). (Berglund 1976:170). Die uiterste vorm van animistiese geweld is toordery en swart magie.

## 2. GEWELD INHIBEER ONTWIKKELING EN GROEI

Alle vorme van geweld staan in KZN duidelik uit, maar is eintlik deel van 'n landwye patroon. Die media beweer dat daagliks 50 moorde in SA gepleeg word (de Lange 1997:60). Voorbeelde van die vermoorde Duitse sakeman Erich Elmer, en Vic Khumalo, die sokkerspeler Doctor Khumalo se vader, en ds Mataboge , moderator van die VGKSA in Suid-Transvaal, is oorbodig in die uitlig van hierdie punt. Die geweld ruk hand uit en raak die hele samelewing. Ras is nie meer bepalend van wie teiken is nie. Begin 1999 rapporteer die SAP dat kriminaliteit landswyd as volg toegeneem het (Ladysmith Gazette 19/3/99:10):

*Plaasmoorde met 94% ( 56 - 109) *Plaas aanvalle met 80% ( 317 - 573)

* Gewelddadige roof met 23.8% (167 - 207 per 100 000)

* Motorkapings met 13,4% van 31 - 35 per 100 000

* Huisbraak van 600 - 627 per 100 000

* Diefstal uit motorvoertuie van 242 - 252 per 100 000

Die huidige moratorium op die openbaarmaking van SAP statistiek maak nouere vergelykings onmoontlik.

Die kriminaliteit is besig om ontwikkeling te inhibeer

> *Hoofman Sithole van die Mhlumayo gebied voorsien dat 'n Supermark uiteindelik in sy gebied sal oopmaak, maar onmiddellik na 'n vergadering met hom, is 'n bou ondernemer wat nuwe klinieke in die omgewing bou, in 'n gewapende roof aangeval. Sulke insidente sit alle ontwikkeling baie terug.*

> *Ook in die Thukela Landgoed gebied, naby Mhlumayo, is alle staats ontwikkelingsprojekte gestaak weens die diefstal op voertuie. ' n Skoolhoof in die gebied (Mr Khumalo) het 'n wenk in die gebied ontvang dat 'n jeugbende sy nuwe bakkie "wou hê". Nou ry hy die 25km skool toe in 'n bus en kom elke dag laat. As hy 'n ander pos kry, sal hy die gebied verlaat.*

*Talle VGKSA hoender projekte was al slagoffers van diefstal. Meer as twintig naaldwerkmasjiene is reeds gesteel. Talle winkeliers wat begin opgang maak, is al geskiet en beroof. Die ander wat suksesvol is, mag nooit hul sukses geniet nie. Hulle mag nie mooi voertuie koop, goeie huise bou of hul lewens standaard bo die gemeenskap laat uitstyg nie. Gevolglik leef hulle in die waan van armoede terwyl hulle baie geld in die bank het, of elders in rustiger dorpsgebiede 'n meer gerieflike lewe probeer lei.*

Vanuit 'n ontwikkelingsoogpunt is die probleem dat die suksesverhale van mense wat uit die sirkel van armoede gebreek het, nooit as rolmodelle vir die jeug kan dien nie. Hulle is of verskans, of trek na veiliger gebiede toe.

Kriminaliteit dra by tot die volgende faktore wat ontwikkeling in die gebied strem:

**<u>2.1 Moraliteit</u>**

'n Moraliteit ontstaan in die gemeenskap waar oorlewing en eiebelang baie hoër prioriteit geniet as 'n sin van reg en verkeerd (Mokaba 1998). Die enigste negatief in die nuwe moraliteit is om uitgevang te word. As mens nie uitgevang word nie, kan niks as verkeerd getipeer word nie. So sou die Daily News van 17/11/1995 berig oor matriek vraestel bedrog in KZN, wat ook in die Ladysmith gebied kop uitgesteek het.

**<u>2. 2 Vrees</u>**

' n Ou vrou in die VGKSA se reaksie op die geweld:

> *"Eers was ons bang om saans rond te loop. Ons was bang vir die wilde diere. Vandag is ons bang vir die mense. Hulle het nou soos die wilde diere geword."*

**<u>2.3 Wantroue in SAP</u>**

> *Ouderling Mtshali was 'n getroue, meelewende prediker van die VGKSA by Hlathi , Wasbank, buite Ladysmith. Tydens die behartiging van twee waakdienste in die gebied, voor die*

*begrafnis die volgende oggend, is hy koelbloedig met 'n byl doodgekap. Tydens sy begrafnis was die verdagtes wat as gevolg van die gemeenskap se ooggetuienis gearresteer is, reeds weer vry op borgtog. Sulke insidente word negatief in die gemeenskap beleef.*

## 3. OORSAKE VAN DIE GEWELD

In die analise van geweld in KZN is verskillende groeperinge ewe geneig om die skuld vir geweld net elders te soek. In hierdie studie wil ek juis nie een party, of groep eensydig beskuldig vir die eskalerende geweld in SA nie, maar wil ek 'n holistiese blik kry oor die geweldsituasie in die provinsie KZN en die distrik van Mnambithi. Die doel van die ondersoek is juis om aan te toon dat geen enkele sondebok uitgesonder kan word nie. Almal sal die pad van skuldbelydenis en versoening moet loop, oor hulle eie aandeel in die skep van 'n geweldkultuur in SA.

Nóg die idealisering van die hede, nóg die idealisering van die verlede sal oplossings moontlik maak. Die kerk het saam met alle rolspelers 'n geweldige rol te speel in die bekamping van geweld. So sou koning Zwelithini ook tydens 'n kerke vergadering op 16 April 1996, 'n oproep doen op die kerk om die geweld in die provinsie aan te spreek, en om die jeug- en vroue bewegings aan te spoor om saam te werk in die beëindiging van wraak, haat en geweld. (Verwys kasset Diakonia "Breakfast Briefing" 16 April 1996)

Ek beroep my nie op enige antropologiese, sosiologiese of ekonomies-politieke navorsingsdiepte nie. Met die weergee van enkele sake wat die geweldsituasie uitlig, wil ek teologies missiologies kennis neem van 'n kontekstuele saak wat om die kerk se spoedeisende aandag roep.

### 3.1 TEOLOGIESE OORSAKE

#### 3.1.1 Sondige verdorwenheid van die mens

Alle mense is in wese verdorwe en geneig tot alle kwaad. Reeds met die

sondeval het die mens se verdorwenheid in geweld tot uiting gekom. Geen mensgemaakte oplossing (polities of ekonomies) sal die paradystoestand herstel nie. Ook die nuwe SA het nie die mens in heilige wesens verander nie. Inteendeel, die groter vryheid wat nou ervaar word, lei onmiskenbaar tot die eskalasie van geweld. Vryheid vir 'n mens met 'n verdorwe hart, is geen seën nie, maar 'n straf vir die hele gemeenskap. Vryheid sonder verantwoordelikheid beperk die vryheid van ander en is nie meer vryheid nie, maar anargie. Anargie kan definieer word as vryheid sonder verantwoordelikheidsbesef vir die ander.

Die herstel van die geweldsituasie sal egter baie meer verg as 'n effektiewe strafstelsel, wat die vryheid van die geweldenaars inperk. Die gemeenskap sal 'n hartsverandering moet ondergaan. Ook op gemeenskapsvlak sal nuwe paradigmas uitgewerk moet word wat gebaseer is op omgee vir mekaar. Alleen die herskeppende krag van Christus kan 'n kerk tot stand bring wat skadutekens van die Koninkryk van vrede kan oprig in hierdie verdorwe wêreld.

**3.1.2 Teologiese legitimasie van die gewapende stryd**

Chidester (1991) in sy werk "Shots in the streets: violence and religion in SA" analiseer in hoofstuk 5 en 6 die SA Weermag en die ANC se MK se godsdienstige legitimasie van die gewapende stryd. Beide sou godsdienstige wêreldbeelde gebruik om hul saak te verdedig. So sou die Christelike kerke onwillekeurig die slagveld word waar beide hierdie magte (aanvallend en verdedigend) sou veg om die beheer oor die Christelike simbole en tekens. In hierdie stryd het beide die sentrale Christelike boodskap verskraal en verdraai ter wille van hul eie militêre voordeel. Hy konkludeer verder dat Christelike simbole nie deur een groep eksklusief opgeëis kan word nie. Ek wil hier byvoeg dat juis die Christelike simbole en boodskap die diep verdeeldheid in die SA gemeenskap moet oorbrug.

**a. Teologiese regverdiging van die apartheid regime se gewapende geweld**

Die Kairos dokument het die Afrikaanse kerke beskuldig van 'n ideologiese ketterse verdediging van apartheid. Die saak is breedvoerig in afdeling een behandel.

**b. Teologiese regverdiging van revolusionêre oorlog**

Ook die bevrydingstryd het Christelike simbole vir eie gebruik opgeëis. In die sestiger en selfs nog sewentiger jare het die ekumeniese wêreld geweld en rewolusie, in navolging van die gees van die tyd, teologies regverdig, in die omverwerping van ongewensde strukture, soos apartheid.

Vandag, in ekumeniese kringe, word al hoe meer gevra of die kerklike steun aan die rewolusie nie bygedra het tot die skep van 'n geweldskultuur nie. In die na-rewolusionêre lande is daar steeds nie vrede nie. Rewolusie het dikwels geen verskil aan die saak van die armstes gemaak nie:

> *"Today we realize that the very same violence which was meant to liberate people is often enslaving them further...... It is the cradle of more violence." (Kässmann 1998: vii)*

In Ekumeniese kringe word vandag gepraat van die "program to combat violence" (Kässmann 1998:11 e.v.). Hierdie oproep het egter 'n lang pad geloop voor dit 'n ekumeniese werklikheid geword het. Met die eerste WRK vergadering in Amsterdam sou die kerke verklaar dat oorlog en geweld teen God se wil is. Net daarna sou die Koreaanse oorlog uitbreek. Met die 1966 vergadering in Geneve het veral die kerke uit die Suide sterk betoog dat rewolusionêre geweld geregverdig is as "lesser of the two evils". Met die Uppsala konferensie,1968, is die sentrale komitee gevra om ondersoek in te stel na die moontlike gebruik van nie-gewelddadige metodes van verset. Die kerke besef dat geweld selde in die wêreldgeskiedenis geweld bekamp. Die steun aan die "Programme to Combat Racism" sou weer hewige verset by sekere lede veroorsaak. Veral verslae oor bevrydingsbewegings se skending van menseregte , en die ignorering van demokratiese beginsels deur die vryheidsvegters se nuwe regerings sou die ekumeniese wêreld minder naïef stem tot die steun aan terroriste organisasies. Steeds verteenwoordig hierdie versetstem 'n minderheid binne die WRK. Die sentrale kommissie van die WRK vergadering se 1973 verslag was getiteld : "Violence, non-violence and social change". Die verslag

behandel die groeiende weerstand teen die kategoriese verwerping van geweld as metode om onreg te beveg. Die verslag bevestig die legitimiteit van die bevrydingstryd. Die aanvaarding van die legitimiteit van bevrydingsoorloë was teen hierdie tyd voorwaarde tot geloofwaardigheid en lidmaatskap van die ekumeniese liggaam. Die opsie van nie-gewelddadige verset was in baie afdelings van die ekumeniese liggaam nie eers as opsie oorweeg nie. Onreg, die wanbalans Noord/ Suid; en die toename in hongersnood het die wêreld in 'n staat van woede gelaat (Kässmann 1998 :16). Die vyfde WRK vergadering te Nairobi (1975) het nog sterk steun aan die rewolusionêre stryd verleen. Die steun was egter ietwat getemper as gevolg van die kern bedreiging. Meer stemme het begin opgaan vir ontwapening. Vredes-aksies het binne die ekumeniese wêreld ontstaan.

Die WRK vergadering te Amsterdam (1981) het begin praat van ontwapening, en nie-gewelddadige opsies vir konflikhantering. Die sesde WRK konferensie te Vancouver (1983), het die debat oor geweld voortgesit in die kommissie vir geregtigheid en vrede. Teen 1994 sou die term "Programme to Combat Violence" in ekumeniese kringe aanvaarbare terminologie wees. Die ekumeniese steun aan geweld is dus ook nie algemeen aanvaar nie. Dit het ook 'n lang proses deurloop voordat dit verwerp kon word.

Hierteenoor het internasionale evangeliese kerke apartheid en onreg verwerp, maar terselfdertyd ook geweier om rewolusie goed te keur. Hierdie groepe is dikwels weer beskuldig dat hulle nie lojaal aan die anti-apartheidstryd was nie.

### 3.1.3 Die kerk se onvermoë om 'n Christelike leefwyse in Afrika se stedelike kultuur te vestig

Soos Bonhoeffer, sal ons ook moet erken dat die kerk in SA (die NG Kerke familie ingesluit) sosiologies weinig invloed op die breë massa gehad het, en hoofsaaklik 'n saak was vir die klein gegoede burgery (de Lange 1997:60). Die NG Kerk as draer van die Protestantse geloof kon dit nie laat wortel skiet in die arm swart gemeenskap nie. Selfs in die blanke gemeenskap kon die kerk nie 'n

Bybels getroue kerk tot stand bring nie, maar moes tevrede wees met 'n staatkundige inmenging in die bepaling van hoe Christus se kerk moet lyk.

Wat Hastings (1967:115) in die sestiger jare van die RKK in Sentraal Afrika gesê het is ewe waar vir die NG Kerkefamilie in KZN en Mnambithi distrik:

> *"...few (of the youth) have as yet obtained much sence of having a sure and positive place in the church. The church was not shaped in Africa with such people in mind: Still largely determined by what was judged suitable for the assault upon tribal society... authorative and fideistic....New conditions require a new suppleness, machinery for dialogue...the fate of the church in the hands of a post-independence generation."*

Hy beskou die Protestantse beklemtoning van die aanvaarding van die genade in Christus as "difficult to export" (1967:119), maar wonder ook of die RKK fokus op bemagtiging deur onderrig en medikasie werklik die gemeenskap verander het, en of: ".....across the sheer mesmerism of these new attractions (schools and hospitals), anything of the truth of God's Word, of the Liberation of the Gospel , of the Gentleness of Christ, of the God who loves us really penetrated.... God must use fallible human means , our vesels of clay, to communicate the treasure of His grace."

## 3.2 ANDER OORSAKE VAN GEWELD IN KZN

### 3.2.1 Oneffektiewe regstelsel

#### a. Liberale , humanistiese regstelsel in Zoeloeland: Die skoen pas nie reg nie!

M.M. Fuze (gebore 1840) , as een van die eerste bekeerlinge tot die Christendom uit Biskop Colenso se bediening, was een van die eerste skrywers wat die Zoeloe tradisie en geskiedenis op skrif gestel het. Hy sou self aan Cetshwayo 'n besoek bring, en was Dinuzulu se persoonlike tutor tydens sy ballingskap op St. Helena. Vanuit hierdie eerstehandse kennis van die Zoeloe geskiedenis skryf hy in die vertaalde werk oor die konflik tussen die Britse

koloniale magte en die Zoeloeryk (1986:110-114). Hy noem as rede vir die konflik tussen Brit en Zoeloe (1878/9) die Britse inmenging in tradisionele Zoeloe regspleging. Swanepoel (1997:190) vertel 'n verhaal om dieselfde probleem uit te lig:

> *Mtshengiseni Thabethe is by Mhlumayo vermoor. Die moordenaar het in die Oqungweni gebied helder oordag Thabethe in die kop geskiet, en rustig in die gemeenskap rondbeweeg, selfs tydens polisie ondersoeke. Hy sou namens die gemeenskap Thabethe vonnis. Thabethe was 'n veedief wat die gemeenskap ondergrawe het. Hy moes dood. In 'n land wat die doodstraf afgeskaf het, word dit steeds toegepas. Reg sal altyd seëvier.*
>
> *' n Tweede verhaal is die van die St. Chads gemeenskap wat kwaaddoeners self vang, aankeer en met geweld polisiekantoor toe aanjaag in Ezakheni. Daar aangekom word die oortreders vrygespreek op grond van bevooroordeelde getuienis en die gemeenskap word gearresteer omdat hulle reg in eie hande geneem het.*
>
> *'n Derde verhaal is die van 'n groepie swart vroue in Ezakheni D-seksie wat 'n man wat sy vrou na bewering vermoor het en vrygespreek is, in sy huis aangeval het, sy tande uitgeskop het en warm pap oor sy gesig uitgegooi het. Nou is hulle tevrede. Reg het geskied.*

Hierdie stukkies geskiedenis onderstreep inderdaad 'n diepliggende konflikpunt tussen blank en swart in Afrika: Die konflik in regsfilosofie: Die Europese , veral liberale regstelsel is gebaseer op die waarde van individuele menslike lewe. Die Afrika regstelsel het weinig erg aan die lewe van 'n individu, maar heg geweldig waarde aan die burgerlike gemeenskap. Die geheel is groter as die onderdele. Vir die Europese regstelsel is alle reg (ook Afrika reg) ondergeskik

en minderwaardig teenoor die hoogsontwikkelde Europese stelsel. In Afrika bestaan min kennis van regstegniese detail, maar die voortbestaan van die gemeenskap in harmonie en met plek vir elkeen is van die grootste belang. In hierdie landelike eenvoud is ook die beskerming van mense wat deur die nette van sosiale sekuriteit geval het ingebou. Dit maak norme meer buigbaar en aanpasbaar. Die konteks bepaal die etiek.

Henry Francis Fynn, een van die eerste Westerlinge wat Shaka ontmoet het, sou ook oor die botsende regsfilosofie skryf (sien T.Swanepoel 1997:193). Shaka sou lag vir die idee van tronkstraf. Dit was vir hom onmenslik om 'n mens van sy mense te isoleer en in 'n tronk toe te sluit. "' n Mens is mos nie meer 'n mens as hy uit sy gemeenskap uitgehaal word nie? Hoe kan jy 'n nie-mens aan die lewe wil hou? Dit is die mees onmenslike straf wat aan 'n mens toegedien kan word."

Die Westerse stelsel is langdradig, en baie duur. Die Afrika stelsels vereis min geld en kundigheid, net eerlike getuienis en 'n sin vir wat reg is. Die Westerse stelsel is baseer op afgeslote wette en bepalinge wat deur een persoon interpreteer moet word en wat in die naam van die reg 'n beslissing maak. Die Afrika regstelsel in baseer op die beginsel van konsensus besluit onder leiding van 'n tradisionele leier, maar waar alle leiers in die gemeenskap ook insette lewer. Westerse demokrasie is baseer op 'n mens se bestaan as mens . Selfs die moordenaar in die tronk se menswaardigheid word gerespekteer. In die Afrika konsensus "demokrasie" kry alle mense nie geleentheid tot inspraak nie, maar die finale besluit berus by verantwoordelike gerespekteerde senior lede van die samelewing. Die Westerse stelsel staan op die beginsel van straf. Die Afrika regstelsel staan op die beginsel van kompensasie. Die skuldige moet kompenseer vir skade en dan is die saak afgehandel. Die Zoeloe woord "*inhlawulo*" word hier gebruik. Versoening word bewerk nadat die kompensasie betaal is. As 'n seun 'n meisie sou swanger maak, is die voorgeskrewe kompensasie een bok. Dan is die saak afgehandel. Kompensasie en die vergiffenis van die oortreder, is meer belangrik as straf in die Afrika regstelsel (van Rooy 1978:19-21)

Hierdie konflik in regsfilosofie is nog lank nie oor nie. Die liberale stelsel bewys homself as totaal onbevoeg om in Afrika reg en vrede te handhaaf. Die finale grondwet van die RSA , wet 108 van 1996, sou steeds bepaal dat die Afrika-reg "onderworpe aan die regulering deur die reg" sou funksioneer. Hierdie studie wil nie regstegniese uitspraak lewer nie, en wil ook nie so naïef wees om die Afrika regstelsel as oplossing vir geweld aan te beveel nie. Hier wil bloot gesê word dat die huidige regstelsel nie beantwoord aan die gemeenskap se behoefte aan beskerming nie, en dat die gemeenskap vanuit 'n Afrika lewensfilosofie ook nie liberalisme verstaan of respekteer nie. Die enigste wyse waarop hierdie liberale humanistiese wetgewing sal werk, is langs die pad van gemeenskapsopvoeding en die skep van 'n nuwe moraliteit. Die regstelsel staan of val by die gemeenskapsmoraliteit.

**b. Min vervolgings**

NIM ( in Diakonia verslag 18/08/00:13) beweer dat in 1998 31% van alle moordsake in KZN weer teruggetrek is, en dat net 10% van alle sake wat die SAP open uiteindelik by 'n hof uitkom en net 1,4% van alle sake uiteindelik gevonnis word!

As redes dien die ondervoorsiening van personeel in die SAP.

**c. Partydigheid en onbevoegdheid van die veiligheidsmagte**

Veral tydens die afgelope 1994- en 1996-verkiesings is talle stemme gehoor wat die veiligheidsmagte in die gebied beskuldig van partydigheid en onbeholpenheid met die situasie in KZN. Veral die vorige KZP (Kwa-Zulu Polisie) word beskuldig van partydigheid en steun aan die IVP. (Biemans & van Nierop 1994:12). Ook die veiligheidsmagte was pro- NP segregasie beleid, en anti-bevrydingstryd gesind. Hierdie situasie is intussen aangespreek en is nie meer 'n geldige rede vir die voortslepende geweld in KZN nie. Die verhouding tussen die veiligheidsmagte en die gemeenskap vorder goed.

### 3.2.2 Morele verval

Kässmann (1998:1-2) beskryf geweld as 'n globale aanvaarbare manier van konflikhantering. Walter Wink word aangehaal:

> *"...violence is the ethos of our times. It is the spirituality of the*

*modern world. It has been accorded the status of a religion, demanding from its devotees an absolute obedience to death."*

Hierdie nuwe kultuur kom voor in politieke styl, internasionale konflikhantering, gesinsgeweld, gemeenskapsgeweld en rolprent en televisie vermaaklikheidsprogramme wat groot getalle mense na die vertoonlokale en televisiestelle lok, die gewildheid van rekenaarspeletjies met gewelddadige temas, en die gewildheid van nagebootste geweldwapens as speelgoed vir kinders. Die openbare pers het ook reeds geleer dat sensasie en gepubliseerde geweld baie gewild is en verkope laat styg. Ons leef in 'n geweldskultuur, wat op alle vlakke gevoed word deur die massa media.

Hastings (1967:31) maak attent daarop dat die moderne kosmopolitiese kultuur die Afrika kultuur radikaal saamsleep. Ook die internasionele geweldskultuur sou nie Afrika systap nie.

Die kerk ook in SA, sal nou moet "oorlog verklaar teen geweld", soos wat Biskop Stanley Mogoba kort na die 1994 verkiesing aanbeveel het. Hy het op Wêreld Raad van Kerke vergaderings bepleit dat die "Program to Combat Racism" vervang moet word met " A program to Combat Violence". Hierdie stem is nou reeds algemeen hoorbaar in die Ekumeniese kerkkringe.

Die vraag is egter of die kerk die geloofsdiepte en -moed het om die moraliteit van geweld teë te werk. Die wêreld het egter steeds 'n diep respek en bewondering vir geloofsleiers wat die pad van vredemakers loop. Dink aan leiers wat vrede in tye van geweld bly verkondig het : Moeder Theresa, Martin Luther King en Mahatma Ghandi. Die wêreld is honger vir ernstige vredemakers wat die pad van geweldlose verset enduit wil loop. Genoemde leiers is juis 'n voorbeeld daarvan dat nie-gewelddadige oplossings vir konflik alles behalwe pasifisties is. Dit vereis geweldig baie moed en geloofwaardigheid. Juis hiertoe roep President Mandela ook die kerke op as hy die SA samelewing as "siek" en immoreel diagnoseer, en pleit vir 'n "HOP (heropbou-en-ontwikkeling) van die siel". Alleen dit sal die gety van geweld keer. (Rapport 6/2/99 p.1)

As die kerk hierin 'n rol wil speel moet die kerk ook eie sonde oor eensydige ondersteuning van geweld bely, en soek na 'n hartsvernuwing om te verstaan wat dit beteken om in die voetspoor van die lydende Kneg te stap. Alleen dan sal die morele verval sinvol aangespreek word.

**3.2. 3 Die sub-kultuur van die "comrades"**

Die Inligtingsburo van die voormalige SA, in 'n boekie "The young Revolutionaries" gee 'n breedvoerige uiteensetting van die "comrades" se taktiek en metodes. Hierdie inligting is nie meer populêre leesstof in die nuwe SA nie en is waarskynlik eensydig opgestel, sonder om die aanleidende frustrasies met apartheid te verreken. Dit gee tog 'n blik op die funksionering van die jeug tydens die "struggle". Ook in ekumeniese kringe was nog altyd 'n blinde oog gedraai op hierdie eeuwel wat ons swart gemeenskappe , en dikwels die onskuldige arm gedeelte daarvan, in 'n toestand van vrees gedompel het. Die volgende inligting is ter sake:

Die "comrades " het juis in die middel 1980's begin opereer te midde van stappe tot hervorming. Hulle was egter nie geïnterresseerd in 'n ewolusionêre verandering nie, maar wou niks anders as rewolusie hê nie. Die jeug se emosionaliteit was maklike klei in die hande van rewolusionêre taktiek. "The tools they have been instructed to use are violence and intimidation; their methods are the brutalization of their fellow human beings." ("The young Revolutionaries" :7). Deur "street committees" het hulle hulle eie ondemokratiese wette toegepas. Deur "people's courts" is mense verhoor, sonder enige reg op verdediging . Die "regter" het die reg gehad om sambokhoue of selfs die "necklace" as straf toe te dien. Verbruikersboikotte het talle arm vroue laat bottels kookolie leegdrink. Maande se kruideniersware is op die grond uitgegooi. Skole en ander opvoedkundige inrigtings is verlam en soms totaal vernietig dikwels deur mense van buite. Studente wat werklik wou vooruit gaan, is verhoed. Busdienste , huur- en diensbetalings is op dieselfde wyse geboikot. Onwillekeurig is 'n kultuur van nie-betaling geskep.

In hierdie vrees veldtog is jong kinders van so jonk as 12 jaar gebruik. Hulle is huidiglik in hulle middel twintiger jare. Wat was die invloed van hierdie geweld op die jongmense en die gemeenskap? Het dit nie bygedra tot die skep van 'n geweldkultuur wat nou nie meer gepolitiseerd is nie, maar op sosio-ekonomiese rewolusie konsentreer nie? Die politieke opsweep van die jeug het onwillekeurig ouerdissipline afgebreek. Die tradisionele dissiplinêre stelsel binne uitgebreide gesinne is totaal vernietig. Jongmense het sonder 'n positiewe invloed opgegroei. Respek vir ander mense en hulle eiendom is vernietig deur die "struggle". Het dit nie die saad gesaai vir die huidige staat van anargie in die swart gemeenskap nie?

> *Einde Februarie 1999 vergader al die swart kerke in die omgewing by die landroskantoor in Ezakheni, en word deur swart jeug uitmekaar gejaag omdat hulle nie geken was in die beplanning van die vergadering nie. Dit moes mooi praat kos voor hulle "toestemming" vir die vergadering verleen het.*

**3.2.4 Die jeug: "Disadvantaged" gesinstrukture**

a. Ongelukkige en onvolledige gesinne

Bakwin & Bakwin (1972: 207) skryf gedragsafwykings by die jeug o.a. toe aan ouers se hantering van kinders. Nyle (1958) ondersoek die invloed van gesinne op wanaangepaste adolessente se gedrag. Ouers se optrede jeens kinders word bepaal deur die volgende faktore: Die twee ouers se huweliksgeluk. In 'n konteks van enkelmoeder-gesinne, tienerswangerskappe en werkloosheid is dit logies dat min kinders die weelde het van gelukkig getroude ouers. Die ouers se eie ervaring van geluk tydens adolessensie bepaal hulle houding jeens eie kinders. Ongelukkige ouers sal ongelukkige kinders grootmaak. So sneeubal ongelukkigheid, en daarmee saam die teelaarde vir gewelddadige kinders. Die mate waarin vir die kind se geboorte beplan is, speel ook 'n rol. Kinders wat ontydig gebore is in 'n situasie van finansiële onsekerheid, sal uiteraard meer negatiewe respons van die ouers kry as 'n "welkome" kind. "Parental inexperience" (ouers se onbekwaamheid met kinders) verhoog ook die kanse op

ouer/kind konflik. Soveel te meer met die hoë insidensie tienerswangerskappe.

Nyle (1958) noem verder die invloed van die persoonlikheid van die kind. Die deursnee "township kind" is anders, leef in 'n vreemde sub-kultuur (ook vreemd vir die tradisionele swart ouer) en die vreemdheid skep meer spanning.

Olds & Papalia (1986:293) bevind dat enkel ouer gesinne nie noodwendig negatief hoef te wees nie. Dit is dikwels rustiger en meer liefdevol as gespanne huwelike waar daar net rusie en onenigheid is. Deurslaggewend is die liefde en beskikbaarheid van die enkel ouer.

b. Minder ouer/kind kontak verminder kanse op positiewe invloed

Olds & Papalia (1986:277) identifiseer die volgende faktore wat bydra tot die vervreemding tussen ouer en kind in die primêre skoolfase. Hierdie faktore kom ontstellend gereeld voor in die lewe van die township kind: Verstedeliking; werkende enkel ma's; permissiewe vriende; "seductive power of television"; die feit dat kinders heeldag by vriende spandeer, en selde tuis is (Gathoka 1996:19). Die herstel van gesinstrukture kan 'n geweldskultuur teenwerk.

c. Die kerk se onvermoë om die jeug te bereik

Burger (1997:340) toon die krisisse aan waarmee die kerk in 'n jeugbediening te kampe kry. Soveel te meer in die swart kerk, bevind die kerk (hoofsaaklik 'n organisasie van bejaarde vroue, bestuur deur 'n onderbetaalde, swak toegerusde leraar) hulle onbevoeg om die jeug te bereik.

### 3.2.5 Wanbalans in swart mag

Hastings (1967:104), as RKK sendeling vanuit sentraal Afrika in die sestiger jare maak die volgende sinvolle opmerkings rondom die politiek in post-koloniale Afrika:

> *" The political revolution of the last seven years is the curtain raiser for a social revolution that is still only beginning, but which is bound to bring with it further political change and upheaval."*

Die eintlike revolusie in Afrika bestaan nie in die omverwerping van Europese

kolonialisme nie, want dit het meestal met geringe geweld gepaard gegaan . Die eintlike rewolusie kom na swart bewindoorname. Hy identifiseer die volgende redes hiervoor:

i. Die post-koloniale regerings slaag nie daarin om die lot van die arm massa te verander nie: "...there is a thin layer of economic development spread wide and there is a thick narrow wedge . One of key salaried posts in government and professions, and industries, limited to a few places."

ii. Hierteenoor ontstaan 'n swart elite wat al hoe ryker word en al hoe verder van die arm massa verwyderd raak

iii. Die arm massa groei vinnig weens die hoë bevolkingsaanwas. Hulle raak in 'n los stedelike opset al hoe meer manipuleerbaar en ontevrede met die swart elite.

iv. ' n Nuwe geslag jongmense en nuwe leiers ontwikkel op die Afrika kampusse en baie ook op Europese kampusse. Hulle het sentiment met die anti-koloniale rewolusie verloor. Hulle stel in ontwikkeling en vooruitgang belang. Meer radikale vakbondwese en ekonomiese hervorming is op hulle agenda. Hulle konflik met die tradisionele stryders sal in die toekoms.

toeneem.

Hastings (1967:111) beskou die wanbalans in die swart gemeenskap as 'n groot kruitvat in die opbou na die "ware rewolusie" in Afrika. Die wanbalans word deur die volgende faktore aangehelp:

i. Verstedeliking en die snelle groei van 'n " under-employed urban mob of youth."

ii. "Revolution of expectation" Toesprake en slagspreuke deur politici skep onrealistiese verwagtinge.

iii. Groeiende gaping tussen die swart "haves" en die swart "have nots"

iv. Wantroue tussen nuwe akademici en ouer garde vryheidsvegters. Die gevoel ontstaan dat die stryders net die golf uitry en net aan hulself dink. Korrupsie dra by tot hierdie persepsie

**3.2.6 Skuld vir misdaad en geweld op buitelanders gepak**

Die SA gemeenskap word gekenmerk deur 'n invloei van dikwels onwettige immigrante uit die res van Afrika, op soek na beter werksgeleenthede. KZN ervaar 'n sterk instroming vanuit die naburige lande Lesotho, Swaziland en Mosambiek. Oor Paasnaweek 1999 word oor Radio 702, en die Saturday Star beweer dat 60% van SA se bankrowe en ernstige inbrake deur onwettige immigrante uit Zimbabwe gepleeg is. Hier kan wel 'n element van waarheid in wees. Die statistiek strook egter nie met die feit dat slegs 0,17% van alle tronkbesetting in SA wel Zimbabwese burgers is nie.(Finansies en tegniek 2/4/99 :18)

**4. DAAR IS HOOP**

Die EPP navorsing (Reynolds & Dziva 1998:57-61) in die Ladysmith gebied het die volgende bevindinge gemaak:

i. Daar is 'n openheid in die gemeenskap om te werk na vrede en versoening. Almal is moeg vir die voortslepende geweld: "Most respondents indicated that the Ladysmith communities appear to be sick and tired of violence and bloodshed." In party gemeenskappe is reeds CPF's (Community Policing Forums) gestig waartydens die gemeenskap en die SAP saam gesels in verband met geweld in kriminaliteit. Die gemeenskap patroleer hulle eie gebiede, en toenemend word oortreders wat gevang word ook self gestraf of tereggestel. Die jeug in Ezakheni is ook goed gemotiveer vir die aksie.

ii. Die samewerking tussen die SAP en die gemeenskap is besig om te verbeter, na 'n geweldige vyandigheid voor die 1994-verkiesings, toe die SAP as agent van apartheid, en nie van vrede gesien was.

iii. Die gemeenskap is toenemend skepties oor die politieke leiers se gewilligheid om vir vrede te werk. Hulle verwag ook dat die politici meer betrokke sal raak by die aanspreek van geweld, en nie van agter hul veilige posisies stilweg die situasie kondoneer en uitbuit nie.

iv. Die gemeenskap voel ook dat die kerke 'n meer aktiewe rol kan speel in die versoening tussen politieke partye.

## 4.1 Vergifnis sal "duur wees"

Boesak (1995 :202) beweer dat die swart gemeenskap nie somaar net verniet kan vergewe nie. Genade is nie goedkoop nie. Sake sal eers reggestel moet word. Hy opereer met die term "Christelike etiek van vergelding". Dit is iets anders as blinde wraak, maar eerder 'n kwessie van genoegdoening: Skuld belydenis, boete doen, die aangerigte skade herstel, en bekering. Langs hierdie pad meen Boesak kan versoening bewerk word. As voorbeeld word die verhaal van Saggeus (Luk.19: 1-10) aangehaal, wat na sy berou onderneem het om die helfte van sy besittings aan die armes te gee en om vierdubbeld terug te gee aan almal van wie hy iets afgepers het. Boesak sien die proses van grondhervorming as integraal deel van hierdie proses. Dit is vir hom ook 'n belangrike ritueel (simbool) in die genesingsproses van die swart aggressie.

## 4.2 Geen kitsgenesing van swart aggressie nie

Boesak is realisties oor die herstelproses. Die wonde van die apartheidsbewind sal nog vir jare pynlik voelbaar bly. Hiervoor geld die volgende redes:

* Die eskalerende armoede en swart agterstand. "Die hemel is steeds blank en die hel swart".
* Eskalasie van ander nuwe uitwasse van swart op swart geweld
* Die beperkde ekonomiese vermoeë van die land.

# HOOFSTUK VIER: VIGS

## INLEIDING

KZN is nie net een van die armste provinsies in SA nie, dit het nie net 'n hoë voorkoms van geweld nie, dit is ook die provinsie met die hoogste voorkoms van HIV. In hierdie hoofstuk wil weer baie kursories gekyk word na die voorkoms van VIGS/ HIV positiewe pasiënte in die gebied, en hulle behoefte aan omgee deur die plaaslike kerk, binne die Afrika konteks waarbinne hulle leef (Louw 1995:22; 1997:392).

## 1. STATISTIEK

Kyk mens na Vigs-verwante statistiek moet deeglik rekening gehou word met die histerie rondom die saak, wat veel erger siektes in die verlede nie kon ewenaar nie (Louw 1988:226)

Statistiese gegewens stem soms nie ooreen nie, berus op wye spekulasies en histeriese konklusies. Die saak word ook internasionaal deur die inligtingsontploffing aangeblaas, waarskynlik tot groter konsekwensies as wat dit huidiglik werklik sou aanneem. Nieteenstaande statistiese dispuut, bly dit 'n feit dat talle mense sterf en talle gesinne in ellende gedompel word deur die verspreiding van Vigs/ MIV (Cronje 1990:11-13). Dit gaan om mense, eerder as akkurate statistiek.

### 1.1 Internasionaal

Sub-Sahara Afrika is die gedeelte in die wêreld waar die HIV besmetting die vinnigste toeneem. Teen die einde van 1997 was daar na beraming in die streek 22 miljoen mense met die virus. Dit verteenwoordig 60% van alle infeksies wêreldwyd. Van die 3 miljoen HIV positiewe babas wat wêreldwyd sedert die ontstaan van die virus gebore is , is 90% in Afrika gebore. (KZN Cabinet AIDS Initiative: 2)

Die wêreldneiging toon dat die verspreiding van HIV/VIGS in ontwikkelde lande soos Australië, en Noord-Wes-Europa afneem, weens goeie voorligting en gemeenskapsingeligtheid.

## 1.2 Nasionaal

Aan die begin van die een en twintigste eeu is HIV/VIGS die grootste gesondheid- en sosiale risiko in SA. SA is die land in die wêreld met die vinnigste groeipatroon in HIV besmetting (The Mercury 11/07/00:1), met 'n beraamde 3 miljoen mense (8% van die totale bevolking) wat reeds in 1998 besmet was, en 'n beraamde 4,2 miljoen teen 2000 . Die toename van besmetting is 1 500 nuwe pasiënte per dag (KZN Cabinet AIDS initiative:2). Die Nasionale Departement van Gesondheid sou in 1996 berig dat 1,8 miljoen mense (7,8% van die totale volwasse bevolking, of 3,4 % van die totale bevolking) reeds HIV positief toets.

* Mans: In 1991 het 5% van alle manlike tuberkulose pasiënte HIV positief getoets, in 1994 het die persentasie toegeneem tot 25%. (Statistiek Departement Gesondheid Ladysmith)

* Vroue: Vroue is meer broos in die verspreiding van die virus omdat hulle minder seggenskap in seksuele verhoudings het as mans. Dit gebeur dikwels dat vroue getrou is aan hulle seksuele maats, terwyl mans meer as een verhouding het, en dus meer vroue in die proses kan aansteek. Vrouens toets op 'n vroeër ouderdom positief as mans. In 1997 toon nasionale kliniek-statistieke dat 16% van alle vroue wat voorgeboortelilke klinieke besoek, HIV positief toets.

* Kinders: Die statistiek van kinders onder 14 met HIV positief toetsing neem toe, weens die oordrag tydens borsvoeding. Aanvanklik is hulle en hulle ouers ook nie bewus van die siekte nie. Baie sterf, veral in landelike gebiede, dikwels sonder behandeling,

## 1.3 Provinsiaal KZN

KZN Cabinet AIDS Initiative (1998:2) voorsien die volgende statistiek:
Die persentasie HIV positief getoetste vroue by voorgeboortelike klinieke het in KZN as volg toegeneem: 1990: 3%. 1993: 10%. 1996: 18,23%. 1997: 26% (reeds 10% bo die nasionale syfers). 1998: 30%

By die King Edward hospitaal is net van Januarie tot Mei 1998 al meer vroue by die voorgeboortelilke klinieke positief getoets vir HIV as vir die hele 1997 (oor

die 30%)

Die Ladysmith plaaslike departement gesondheid beweer dat die HIV virus in 1998 reeds die KZN provinsiale bevolkingsgroei tot op 0% afgedwing het, en verwag vir 2000 'n provinsiale negatiewe groeikoers.

**1.4 Mnambithi distrik**

1996 het 26% van alle buite-klinieke se swangerskapgevalle HIV positief getoets. Teen 1998 het 30% van die Provinsiale hospitaal se voorgeboortelike gevalle HIV positief getoets.

20% van die 4371 swangerskap-verwante gevalle was meisies tussen 14-19 jaar. Opvallend dat hierdie meisies meestal voorkom as mooi, intelligente meisies. Die Departement Gesondheid rapporteer dat by een fabriek ten minste 3 werkers elke week met vrywillige toetse positief toets. Teen 1999 skat die departement gesondheid in die streek dat meer as 35% van alle volwasse vroue MIV positief is. Teen 1998 het plaaslike begrafnis ondernemings in Ladysmith binne 3 jaar van 4 vermeerder na 13. Op een spesifieke steekproef Saterdag was almal besig met 3 of meer begrafnisse, met AVBOB wat 8 begrafnisse moes hanteer, as die hoogste. Leraars in swart gemeentes berig dat hulle weekliks twee tot vyf begrafnissie moet hanteer. Op die Helpmekaarpad het ek op een spesifieke Saterdag nege begrafnisse getel.

**2. OORSAKE VAN VINNIGE VERSPREIDING**

Die plaaslike departement gesondheid bevind in vraelyste aan pasiënte dat 98% die virus deur seksuele kontak opgedoen het. Die volgende redes word aangegee waarom KZN besonders hoog toets met MIV-toetse:

**2.1 Ontworteling**

Die politieke geweld, verstedeliking en armoede in die provinsie veroorsaak ontworteling van groot dele van die gemeenskap. Seksuele intimiteit is waarskynlik 'n meganisme waarmee die stress van die omstandighede hanteer word. Armoede en swak voeding gepaardgaande met stress wat nie verwerk word nie, is een van die faktore wat die aftakeling van die liggaam aanhelp,

immuniteit vinniger afbreek en lewensduur verkort. Daar bestaan 'n sterk korrelasie tussen armoede en MIV-verspreiding.

**2.2 Openbare vervoerroetes**

Sommige van die hoof trokroetes gaan deur die provinsie. Die provinsie huisves ook twee besige hawens. Die trokbestuurders en seemanne is bekend daarvoor dat hulle gereelde kliënte van sekswerkers is. In 'n gesprek met die superentendent van die plaaslike provinsiale hospitaal meld hy dat hulle spesiale klinieke aanbied vir die hoofroete sekswerkers, om die effek van voorkomende behandeling na te vors. Opvallend is dat die meeste van die werkers jong plaas dogters is, wat weens 'n gebrek aan werksgeleenthede en lae skolastiese opleiding hul toevlug tot hierdie bedryf neem. Omdat hulle afhanklik is van die inkomste, kan hulle maklik oorreed word om gemeenskap sonder beveiliging aan te bied.

**2.3 Buurlande**

KZN grens aan twee Afrika lande met 'n baie hoë voorkoms van VIGS: Mosambiek en Swaziland. Daar is waarskynlik baie onwettige en wettige grensbewegings, waardeur mense met die infeksie, die virus in die provinsie verder versprei.

**2.4 Jeug permissiwiteit**

Die permissiwiteit onder die jeug veroorsaak ook dat die virus maklik versprei. Waar permissiwiteit toeneem, weier die jongmense ook meestal om veilige metodes te gebruik. Daar bestaan 'n agterlosige houding jeens die voorkoms van die virus. ' n Algemene reaksie is dat "AIDS" die afkorting is vir "The Americans' Idea to Destroy Sex."

Navorsing in die Msinga Reservaat (1996:16, 21) , aangrensend aan die Mnambithi distrik, wat kan dien as goeie verteenwoordigende steekproef van landelike swart gemeenskappe, soos in die Mnambithi omgewing, bevind 'n toename van 965 (van 944 tot 1909) gevalle van Seksueel Oordraagbare Siektes (SOS) tussen 1990 en 1994, wat by staatsklinieke aangemeld is. By navrae het personeel bevestig dat die toename in getalle veral onder tieners voorkom. Dieselfde navorsing met 'n steekproef van 213 hoërskool skoliere in Msinga

toon dat 63% seksueel aktief was. 21% het teen 14- jarige ouderdom hulle eerste seksuele omgang ervaar, 19,71% tussen 15 en 16 jarige leeftyd, 21,12% tussen 17 en 18 jaar en 5,1% ouer as 19 jaar. 23% het al een of ander SOS gehad. Desnieteenstaande was die skoliere baie ingelig oor wyses waarop MIV oorgedra word en hoe hulle hulself kon beskerm.

Die navorsing in Msinga (1996:21) bevind verder dat , ten spyte van die hoë voorkoms van seksuele onverskillige gedrag, die meeste skoliere aspireer om 'n meer bestendige lewe te leef. 61% voel dat tieners eerder moet wag tot hulle getroud is, en 82% sou, ten spyte van eie seksuele permissiwiteit met maagde wou trou.

**2.5 Voorligtingswerk word bemoeilik**

Een rede waarom die virus so snel versprei, is die probleme rondom voorligting bevind. Die volgende probleme word uitgelig:

**2.5.1 Ongeletterdheid**

Landelike ongeletterdheid bemoeilik voorligtingswerk.

**2.5.2 Tradisionele bygeloof**

Sangomas en tradisionele helers staan bekend daarvoor dat hulle dikwels bygeloof inspan in die hantering van die virus. Een sodanige kuur is in vyf gesprekke telkens bevestig. Mans wat vermoed dat hulle die virus onderlede het, word aangemoedig om met maagde seksueel te verkeer. Sodoende sal hulle dan die siekte kan afgee en genees word. Die SAP polisie beskermings eenheid en die departement van gesondheid vermoed dat hierdie opinie aanleiding gee tot die toename in kinder verkragtings van dogtertjies so jonk as ses maande.
Tydens die 1994 verkiesing is die boodskap ook versprei dat seksuele omgang met vroue van Oosterse herkoms ook die siekte sou genees, omdat die siekte feitlik glad nie by hulle voorkom nie.

Weens bygeloof verbind baie mense die virus met toordery. Alternatiewe tradisionele kure en die jag van hekse is aan die orde van die dag. Hierdie aktiwiteite verhoog die VIGS-verwante sterftes geweldig. (Dr Mtalane in KZN Cabinet AIDS initiative :7)

Tradisionele helers en Sioniste predikante dra ook by tot die verwaaring. Tydens 'n interkerklike werkswinkel oor VIGS sou 'n biskop van 'n AOK beweer dat die voorbehoedmiddels wat die klinieke verskaf, die siekte bevat, aangesien al die jongmense wat hiervan gebruik, aan die virus sterf.

**2.5.3 Geheimhouding**

Die gemeenskap se verwerping van mense wat MIV positief toets, veroorsaak dat baie pasiënte verkies om anoniem te bly. Die stigma aan die siekte gekoppel, maak dat mense dit eerder geheim hou en in die proses ook meer mense aansteek. Dit gaan gepaard met groot eensaamheid. Iemand wat sterwend is , en nie hierdie geheim met hul naaste familielede kan deel nie, verval in isolasie. Tydens begrafnisse waar mense aan ander oorsake sterf, word baie duidelik aan die begrafnisgangers uitgespel dat die persoon nie aan VIGS dood is nie. Dit lyk byna asof die families spog met sulke "prestasies". Hierdie tendens gee aanleiding tot 'n skerp toename in selfmoord onder swart kinders.

Nicholson (1994:227) noem die huidige wanbalans tussen individuele regte en die welsyn van die gemeenskap as 'n geheel, as probleem area in die hantering van die virus: "It is likely that this respect for human rights could lead to a massive , almost unthinkable, increase in human suffering". Die vrees vir stigmatisering veroorsaak dikwels dat die betrokke individu se regte op geheimhouding respekteer word. Dit is regverdigbaar, maar as geheimhouding die res van die gemeenskap, seksmaats en naby familie se lewe in gevaar stel , moet verpligte openbaarmaking dalk sterker oorweging geniet. Dit sal alleen gebeur as die gemeenskap se gesindheid van die van veroordeling en stigmatisering verander na die van begrip en ondersteuning.

**2.5.4 Wraak**

Wraak is ook 'n rede wat soms voorkom vir die stilswye oor die siekte. ' n Meisie sou tydens hospitaalbesoek sê: "Ek het die virus by 'n seun gekry. Ek gaan sterf. Ek gaan nie alleen sterf nie. Ek wil baie seuns met my saamneem."

**2.6 Armoede as rede tot vinnige verspreiding van MIV/Vigs**

Daar is 'n nou verband tussen MIV / VIGS en armoede. Die virus versprei die

vinnigste in arm gemeenskappe. Die verspreiding van die virus bevorder ook weer armoede: Huishoudings verloor broodwinners, die ekonomie verloor geskoolde werkers en die las van afhanklike lede word op die uitgebreide familiegroep en die res van die gemeenskap gelaai.

MIV/VIGS tref die armes, en die armstes onder hulle: juis diegene wat deur die gemeenskap verwerp en gemarginaliseer word. Ook deur die kerke word hulle nood dikwels oorgesien, want die kerk het dikwels die opinie dat diesulkes "deur God gestraf word, omdat hulle seksueel oortree het."

Arm mense kan ook nie genoegsaam voorsien in medikasie en voedsame kos om die liggaam se weerstand op te bou nie en sterf vinniger nadat hulle die virus opgedoen het.

Arm lande het ook dikwels nie die kapasiteit om genoegsame voorligting deur te gee, toetse te doen en positief getoetste pasiënte te behandel nie. Buitelandse hulp is dikwels ook niks meer as mooi beloftes nie. Juis die voorkoms van MIV/VIGS verhoog die lading vir gemeenskapsgesondheid in die arm lande, waar die situasie in ieder geval reeds moeilik is. Projekte is dikwels besonders duur , verbeeldingryk, en Westers gerig. Verskeie produkte soos "antiretrovirals" wat die virus self aanval en in kombinasie met ander medikasie die MIV aanval op die immuniteitstelsel vertraag, lyk belowend, maar is duur vir enige ontwikkelende land se ekonomie. Møgedal en Berg (1994:265) som die situasie as volg op:

> " *There is an un-met need for finding practical models for a reoriented, basic health service that is capable of meeting the challenges of reproductive health, within the current context of severe resource constraints and a health sector that is falling apart,* "

Die enigste opsie oop vir arm lande is die bemagtiging van die arm gemarginaliseerde gemeenskap self om op 'n kultuureie manier, relevant in hul konteks, voorligting oor te dra, en strategieë uit te werk. Hierin sal vroue en

jeuggroepe 'n sleutelrol speel. Indien dit aanvanklik kon gebeur, sou die staat in SA nie blindweg die Amerikaanse kondoom beleid nagevolg het nie, maar dalk met 'n meer werkbare, aanvaarbare opsie vorendag gekom het.

Nicolson (1994:9) sien nie dat kerkinisiatiewe soseer fondse intensief moet wees nie, maar eerder dat op plaaslike gemeentevlak saam gepraat sal word oor MIV/VIGS. Basiese bewusmaking en skoling word vereis.

Die staat sal ook in die nuwe klem op gemeenskapsgesondheid baie meer gebruik maak van gemeenskapsorganisasies soos kerke. In beleidsbepaling oor gesondheidsorg is die kerk in die verlede nie genoegsaam geken nie.

Ook kerke het in die verlede baie duur gesondheidsprogramme en -projekte geloods, wat later nie instand gehou kon word nie. In beplanning vir hierdie projekte het geld vir beter tegnologie dikwels die debat oorheers, en het die liefde en omgee nie altyd voorop gestaan nie. Die kerk sal ook meer 'n mensgerigte eerder as tegniese benadering moet volg as die kerk by gemeenskapsgesondheid betrokke wil raak.

Deurgaans word gehoop dat 'n bekostigbare deurbraak gekry sal word om die virus te vernietig. Die SA pers het met groot opwinding berig oor die ontwikkeling van "Inactivin" by die Mediese Universiteit van SA (Medunsa) (Beeld 12/03/1999:1). Hierdie medikasie val nie die virus self aan nie, maar verander die omgewing, en metabolisme van die virus, en verhoed verspreiding. Die middel sal veral die newe effekte van VIGS/MIV uitkanseleer, in die sin dat pasiënte beter eet, rus en 'n beter immuniteitstelsel ontwikkel. Die middel is nog in die eksperimentele fase, maar toon belofte dat dit die voorkoming van verdere verspreiding sal inhibeer. Selfs hierdie rooskleurige beloftes sal eers na duur en lang navorsing bewys of dit werklik 'n oplossing kan bied.

**2.7 Arm kerke besef nie hulle potensiaal in die bestryding van HIH/Vigs nie.**

Met huisbesoek aan arm mense wat die ergste deur MIV/VIGS getref word , is die volgende antwoorde verstrek op die vraag: Hoekom kan die jongmense dan nie net vroeër trou en lojaal bly aan hulle huweliksmaats nie?

* Trou is te duur. Lobola word onbekostigbaar.

* 'n Christelike huwelik moet op Westerse standaarde gehou word: Ringe en duur klere. Dit is eweneens te duur.

* Die jong meisies wil graag swanger raak, die jong mans is gretig om hierin hulle rol te speel, maar wil geen verantwoordelikheid dra nie. Hulle het ook meestal meer as een verhouding aan die gang.

* Sommige kerke is gekant teen huwelike met nie-Christene. Min jong mans is kerklik meelewend, gevolglik ervaar hulle van die kerk 'n koue skouer om te trou.

Die armstes van die armes met wie tydens huisbesoek 'n onderhoud mee gevoer is, het 17 / 20 (85%) nie meer hul kerk bygewoon nie. Die wat nog kerk bygewoon het was almal in die AOK. Meeste het nog nie hul lidmaatskap opgegee nie, en sal op sensusvorms steeds hul lidmaatskap opgee, as sou hulle meelewende lidmate wees. Die volgende redes vir kerklike passiwiteit word aangegee:

* Hulle kan nie meer hulle bydraes betaal nie. Die meeste swart kerke het vaste lidmaatskap bydraes vir alle lidmate.

* Hul ervaar die kerk as klerikalisties en sien hulself as afhanklik van die priesters/ pastore en predikante se seën en bemiddeling. Hulle besef selde dat die kerk hulle ook moet liefhê, en versorg as dit met hulle swaar gaan.

## 3. VOORTSPRUITENDE KRISIS

### 3.1 Versorging van verswakte sterwende pasiënte tuis

Prof. Reginald Green Thompson KZN Sekretaris van Gesondheid, maan dat die versorging van pasiënte met lae immuniteit baie lank neem en baie duur is. Gevolglik moet meer en meer pasiënte tuis verpleeg word. Gemeenskappe sal

dus opgelei moet word om verswakte pasiënte te versorg. Khaba Mkhize (Bestuurder SABC KZN) meen dat Ubuntu hier 'n sleutelrol kan speel.

Navorsing deur PACSA gedoen, toon ook dat die volgende faktore die lewensverwagting van MIV /VIGS pasiënte aansienlik verhoog. Ook hierdie faktore moet in die tuis versorging in ag geneem word, en aangespreek word:

1. Voedsame kos , met veral klem op vars vrugte
2. Genoegsame nagrus
3. Die hantering van spanning. Hier sal gekyk moet word na pastoraat en die hantering van vrees rondom die siekte , met klem op spanning rondom die versorging van kinders, finansiële spanning in arm gesinne, die verlies aan selfrespek en gemeenskapsverwerping.

**<u>3.2 Versorging van weeskinders waarvan beide ouers reeds gesterf het</u>**

Whiteside et al (1995, aangehaal deur die Departement van Gesondheid 1998) beweer dat daar in 2008 weens MIV/VIGS reeds 450 000 weeskinders, 5% van die totale bevolking, sal wees. Tydens 'n interkerklike Vigs werkswinkel September 1999 het die Adjunk Direkteur van Gesondheid in die Provinsie die staat se skatting van Vigs wesies in KZN alleen gestel op 500 000.

Tans word 150 klein privaat kleuterskole deur die CMD Ladysmith, en Khula Trust bedien. Die onderwysers is versoek om 'n ondersoek te loods na die voorkoms van arm voorskoolse kinders wat nie die kleuterskole kan bywoon nie. Die volgende maatstaf is gebruik om "arm kinders" te definieer:

Die ouers kan nie die R20,00 pm skoolgeld betaal nie; die kinders vertoon verwaarloos, ondervoed en onversorgd; die gesin het 'n geskiedenis van werkloosheid en sterftes van potensiële bloodwinners en die onderwyseres sou bogenoemde in 'n persoonlike besoek bevestig.

Nadat die onderwysers hulle verslae ingedien het, het ek twee gebiede as steekproef besoek en by elkeen van die betrokke gesinne besoek afgelê. Die volgende bevinding is gemaak:

Somshoek (Kleuterskool onderwyseres: me. Ndlovu)

Arm gesinne besoek: 12

| **Gesin se van** | **Wees-kinders** | **Buite egtelike Kinders** | **Volwasse werkloos** | **Volwasse pensioen** |
|---|---|---|---|---|
| Mthembu | 0 | 5 | 4 | staak 1995 |
| Magasela | 2 | 13 | 2 | staak 1996 |
| Mdunge | 6 | 0 | 4 | 0 |
| Mchunu | 0 | 2 | 4 | 0 |
| Nhlangothi | 0 | 6 | 5 | 1 |
| Sithole | 4 | 0 | 4 | 0 |
| Nhlangothi | 0 | 0 | 2 | 0 |
| Mhlanga | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Madela | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Mbuyisa | 0 | 5 | 1 | 0 |
| Mtshali | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Sithole | 0 | 0 | 2 | gestaak |
| Totaal | 12 | 31 | 31 | |

Watersmeed (Kleuterskool onderwyseres : Me. Hlatshwayo)

Arm gesinne besoek: 8

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maphalala | 0 | 7 | 3 | 1 |
| Mchunu | 0 | 5 | 3 | 0 |
| Mchunu | 2 | 0 | 0 | 0 |
| Hadebe | 0 | 6 | 5 | 0 |
| Mazibuko | 0 | 8 | 1 | 0 |
| Sithebe | 4 | 8 | 5 | 1 |
| Mnchube | 0 | 3 | 2 | 1 |
| Hadebe | 0 | 5 | 2 | 0 |
| Totaal | 6 | 42 | 21 | 3 |

Die statistiek toon dat die twee kleuterskole 18 weeskinders identifiseer het. Die gemiddeld is 9 per kleuterskool. Indien aanvaar word dat die situasie nie anders in die ander kleuterskole is nie, kan aangeneem word dat die 150 kleuterskole wat die CMD in die gebied bedien in totaal 'n beraamde 1350 wesies in hulle omgewing het. Hierdie kinders sal soos die wat besoek is, meestal in absolute armoede leef, ondervoed sal wees, en 'n ekstra las op hul families plaas. Hierdie kinders se grootste nood is:

1. Hulp sonder om die kinders uit gesinsituasies te verwyder. Hierin kan die kleuterskool as dagsorgsentrum 'n geweldige belangrike rol speel.
2. Toeloating tot kleuterskole waar hulle goeie voedsel kan ontvang. Voorsiening van kos aan die gesinne lei daartoe dat die kos deur honger volwassenes gebruik word.
3. Voorsiening van holistiese voorskoolse onderrig aan die kinders wat onder andere daarop gemik is om hulle selfbeeld te verhoog en sin aan hul lewens te bied. Die onderwysers kan ook hulp verleen in terme van pastoraat en krisis-verligting.
4. Hulp aan families om staatsteun te ontvang.

**3.3 Pastoraat aan pasiënte**

3.3.1 Hospitale

'n Nie-staatsondersteunde organisasie ATTIC werk tans in die Provinsiale hospitaal Ladysmith en gee aan MIV positiewe pasiënte leiding en raad. 'n Rooms Katolieke Dokter (Dr Irmgard Thalmeier) werk ook in die hospitaal. Hulle het egter 'n behoefte aan gemeenskapshulp in die vorm van meer pastoraat en hulp aan die pasiënte. Die groot probleem in die behandeling van pasiënte is die vertroulikheid waarmee pasiënte hanteer word. Indien 'n pasiënt die siekte anoniem wil hou, kan geen buitestaander pastoraat aanbied nie.

3.3.2 Tuisversorging

My waarneming is dat die swart gemeenskap en kerk rondom begrafnisse morele steun gee aan gesinne wat MIV-verwante krisisse beleef. Die hulp is egter gekleur met sterk oordeel (moralisering) en neersien op arm gesinne , wat nie 'n "fatsoenlike begrafnis" met genoeg weelderige disse kan voorsit nie. Gevolglik is kerklike betrokkenheid by MIV-verwante nood dikwels meer afskrikwekkend

as ondersteunend. Lidmate van kerke binne die arm gemeenskappe besef hierdie euwel, en kan met opleiding in basiese berading 'n groot verskil maak.

**3.4 Pastoraat in alle seksverwante krisis situasies**

Charlene Smith (Mercury 11/07/00 :1) as joernalis en self 'n oorlewende na 'n verkragtingservaring, is baie skepties jeens die sukses van beraders en nie-regerings ondersteuningsliggame, wat op die sentiment van Vigs-versorging ruim donasies ontvang, maar op die grondvlak onbevoeg is om werklik mense in nood by te staan, weens 'n houding ("attitude") van onsensitiwiteit : " There are rape organisations that do not return crisis calls, that speak to traumatised women with disrespect and that inflate their success."

**3.5 Psigologiese krisis**

Louw (1988:228) identifiseer 'n drieërlei psigologiese krisis by die vigspasiënt:

i. Angskrisis: Die angs vir verwerping, kontak met mense, seksuele angs, angs vir siekte, straf op sonde en die angs vir die dood, wat die totale belewingswêreld van die pasiënt aantas.

ii. Identiteitskrisis, wat gepaard gaan met 'n selfbeeldkrisis. Die gemeenskapsverwerping, veral, inisieer 'n stigmakomponent , wat die persoon se selfevaluering aantas. Dit lei tot selfhaat en selfkritiek, wat vererger word deur skuldgevoelens.

iii. Isolasiekrisis. Veral in gesinsverband ervaar die persoon 'n onttrekking van intimiteit namate die gesin hul veroordelend onttrek. Dit lei weer tot die afbreek van die kommunikasieproses.

## 4. OPLOSSINGS IN SIG?

**4.1 Die Zoeloe koning se oproep: terug na die tradisionele leefwyses**

Koning Zwelithini het in 1998 'n veldtog geloods getitel "*Izimbali Zesizwe*" ("Blomme van die nasie"). Hierdie veldtog moedig jongmense aan om kuis te leef tot na hulle in die huwelik bevestig is. Die appél van hierdie oproep is nasietrots. Die jong meisies moet volgens tradisies leef en soos blomme rein bly vir hulle huweliksmaats.

**4.2 Zoeloe tradisies se rol in die voorkoming van verdere verspreiding**

Andile Gumede is een van die voorstanders van herlewing van tradisionele

Zoeloe waardesisteme in KZN, wat ten doel het die bekamping van MIV/VIGS. (KZN Cabinet AIDS Initiative 1998:15).

> *"The Western life has made our people forget who they are and where they come from. It is about time we reclaim our rightful place. Being educated does not mean you look down on your culture."*

> *"Our traditional customs discouraged pre-marital sex. Young people - boys and girls - need to abstain from sex long enough for them to finish school and establish their own lives. This will reduce infections like MIV/AIDS , as well as the other consequences of teenage sex."*

Sy noem die volgende Zoeloe tradisies as bruikbaar in die proses:

i. Die gebruik van *"Metsha"* : Hierdie gebruik sou jongmense aanmoedig om kuis te bly tot hulle getroud is. Gumede voel dat veral jong meisies weer hulle selfrespek moet terugkry, en weer die moed moet hê om "nee" te sê vir seks buite die huwelik.

ii. "*Umhlonyana*" die tradisionele mondigwordingsfees van jong meisies, wat weer trots onder die jong vroue skep, deur die inskerping van tradisionele waardes. Tydens hierdie fees word ook 'n vrywillige maagdelikheidstoets ondergaan. Tradisioneel was dit deel van die "Umhlonyana " fees. Die ouers se betrokkenheid in die ritueel is baie prominent.

Ek wil die volgende byvoeg:

iii. Derdens moet ook genoem word die prominente rol van tradisionele helers en waarsêers. Tradisioneel is hulle dikwels die eerstes wat gekontak word in die geval van siekte. Hulle woord dra ook baie gesag in die grootste deel van die Zoeloe gemeenskap. Hierdie tradisionele leiers het dikwels die voorligtingsproses in die wiele gery deur die bestaan van die virus is ontken en deur daarop aanspraak te maak dat hulle 'n tradisionele kuur vir die virus het. Ten einde die gemeenskap van korrekte kennis te voorsien, spandeer die KZN

regering baie tyd aan die voorligting van die tradisionele helers en waarsêers. Hierdie proses werp reeds vrugte af, en skep beter samewerking binne die gemeenskap ook met betrekking tot die behandeling van mense wat reeds MIV positief toets.

iv. Die Zoeloe-gemeenskap het 'n besondere ontvanklikheid vir drama, sang, metafore en stories. Juis hierdie openheid wou die Departement van Gesondheid benut met die loods van die mislukte anti-VIGS/MIV drama veldtog. Die beginsel word steeds op klein skaal deur die Departement toegepas, met goeie sukses as voorligtings hulpmiddel.

v. Die AOK en by name die Shembe-groep, met meer as 'n beweerde 4 miljoen lede, maak met groot sukses gebruik van Zoeloe tradisionele simboliek, bygeloof en animisme om Vigs hok te slaan. So beweer Profeet Vimbeni Shembe dat hy in Julie 2000, 80 pare by Ebuhleni, Inanda, Noord van Durban, in die huwelik bevestig het, die meeste poligame huwelike. Hierdie stelsel help dat mense steeds in geslote seksuele verhoudinge leef, wat die potensiaal vir kontaminasie met MIV verminder (*Sunday Times City Metro* 30/7/00 :1)

Hulle akkommodeer die tradisionele Zoeloe leefwyse met groot sukses. Voorhuwelikse gemeenskap is verbode en 'n maagd sal 'n hoër lobola vir haar familie inbring as 'n meisie wat ontrou was. Maagdelikheidstoetse word ook gedoen op die dogters. Tydens die Julie gemeente fees, word die *amaqhikiza* (maagde) na die Ntanda bos geneem, waar hulle 'n boom met wortels en al (*izintingo)* met hulle kaal hande moet uittrek. Die wat daarin slaag, bewys hulle maagdelikheid: "Sometimes when the maidens return from the bush with their trees, we have a good laugh, as some of them bring back trees taller than my waist." Tydens hierdie feeste word die profeet Shembe met geskenke geëer, waar hy dan die kerkgangers seën. Wonderwerke gebeur, verlamdes loop, en stommes praat.

vi. Krige (1981:105) beskryf dat die ouer meisies (*amaqhikiza)* die jonger meisies in seksuele etiket opgelei het en deeglik oor hulle toesig gehou het.

## 4.3 NAPWA (National Association of people with AIDS/MIV)

Vir NAPWA is die Frontlinie soldate in die geveg ten VIGS/MIV die jong mense

wat positief toets. Hulle kan 'n positiewe rol speel in die voorligting aan ander jongmense.

Die storie van Gugu Myeni, 'n werker by NAPWA, illustreer die gedagte:

> *"At first I thought it was punishment from God. But the AIDS counsellors helped me, and gradually I began to accept it. Disclosing to my family and friends was very difficult, but once it was done , it was like a huge weight was lifted off my shoulders."*
>
> *"I wrongly believed MIV was for prostitutes only, but is isn't. We are all at risk, as soon as we become sexually active. I was loyal to my boyfriend, but didn't know he was MIV positive. Now he is dead. I want all teenagers to know my story. To show them they cannot be casual about sex."*

NAPWA het die volgende beginsels in die hantering van VIGS/MIV uitgelig:

* VIGS - leiers se lewe kan weer sin maak as hulle in gemeenskapsdiens aangestel word om voorligting te verskaf aan ander jongmense.
* Die "disclosure and acceptance campaign" wil mense aan moedig om na vore te kom met die geheim van hulle siekte . Dit alreeds is terapeuties, in die sin dat hulle help om hul situasie te aanvaar. Dit koppel hulle dan ook aan sorggroepe, wat hulle kan ondersteun.
* Die gemeenskap moet ingelig word oor die hantering van die siekte en die aanvaarding van mense wat MIV/VIGS het.
* Voorligtingspraatjies met statistieke is nie effektief in die verandering van mense se houding teenoor die virus nie. Kontak met mense wat self die virus opgedoen het is baie meer effektief.
* Die saxofoonspeler Mike Makhalemele, na sy dogter se onthulling dat sy MIV positief getoets het, beklemtoon die belangrikheid daarvan dat gesinne begelei moet moet word om 'n atmosfeer van liefde en aanvaarding te skep waar 'n kind vrymoedigheid sal hê om die onthulling te maak , indien nodig. Hy beklemtoon

ook die nodigheid dat sulke gesinne dan ook verder 'n ondersteuningstelsel vir jongmense wat positief getoets het, moet wees

* Kerkgroepe kan in bg. ' n sentrale rol speel.

**4.4 Kondoom-veldtog**

Die Departement van Gesondheid konsentreer, volgens die Amerikaanse model, sterk op die propagering van kondome om MIV/VIGS te bekamp. Hierdie veldtog kan wel nodig wees, maar lewer die volgende probleme op:

i. Die eksplisiete illustrasies op brosjures van hoe die kondoom aangesit word, maak die, andersinds goeie lektuur onbruikbaar in die kerk.

ii Die landelike konserwatiewe gemeenskappe toon ook 'n weerstand teen hierdie tipe lektuur. Die gevoel is dat die lektuur geen aanvoeling het met landelike terughoudendheid oor seksualiteit nie.

iii Die jeug interpreteer die propagering en die beskikbaarheid van kondome as amptelike sanksionering van 'n permissiewe leefwyse.

iv Die kondoom is bewys as nie 100% effektief in die bekamping van VIGS/MIV nie. Mens sou hoogstens van "veiliger seks" as van "veilige seks" kon praat.

v Die gebruik van die kondoom is nie baie gewild by mans nie. Selfs die wat bewus is dat hulle positief getoets het, sal ter wille van selfsugtige redes af en toe seksuele omgang sonder kondome soek.

vi Prostitute wat desperaat is vir geld, is dikwels gewillig om seksuele kontak sonder kondome toe te laat.

vii Tradisionele swart vroue het geen reg om van hul mans wat in die groot stede gewerk het te vereis dat hulle kondome gebruik nie.Nicolson (1994:5) stel dit so:

> *"It's sheer pie in the sky to think that African women are going to be able to say to their menfolk 'not without a condom, dear!'"*

viii Kondome is 'n tipies Westerse , tegniese, meganiese, tydelike oplossing vir die probleem van VIGS/MIV. Nicholson (1994:242) beweer die oplossing moet baie meer holisties wees, die hele gemeenskap betrek, en gepaardgaan met sosiale herstrukturering. Gemeenskapswaardes en houdings sal moet verander.

Sider (in Nicholson 1994:241) beveel aan dat 'n kondoom advertensie deur die

kerk gesteun kan word as dit iets in dier voege klink:

> " *The only safe sex is within a lifelong monogamous relationship. I wish I had lived that way before I got AIDS. But if in spite of today's hard facts you want to play Russian roulette with your life, then please use condoms. They are not fail proof but they do improve your chances.* "

Die VIGS/MIV krisis motiveer opnuut weer die kerk om die boodskap oor die waarde van huwelikstrou te predik. Die kerk kan egter nie die staat se poging om veilige seks te bevorder in die wiele ry nie. Daar is baie mense wat hulle nie meer steur aan die kerk se huweliksetiek nie.

**4.5 Umtata Vroue Bybelstudie Groep**

Challange (38):14-15 berig van 'n Vroue Bybelstudie groep wat gereeld Bybelstudiestukke oor aktuele temas uitwerk. Hierdie Bybelstudies bestaan ook uit gepreksgroepe wat uiteindelik uit die Woord oplossings vind vir alledaagse lewenskrisisse , soos VIGS/MIV. Die gedeelte wat MIV/VIGS aanspreek is getitel "God our Loving parent"; " When two become one" (oor die huwelik); "When two become more" (Ouerskap). Hierdie lektuur verskil wesenlik van die NGSendingpers se traktaatjies wat deur blanke sendelinge uitgewerk is en in die inheemse tale vertaal is. Hierdie brosjures is Teologies goed gefundeer , maar spreek nie die persoon in die konteks aan nie. Vrouegroepe het 'n baie unieke inset te lewer in die opstel van hierdie lektuur.

**4.6 Behoefte aan voorligting**

Navorsing in die Msinga reservaat in 1996 (:22) het duidelik aangetoon dat 95% van die skoolgaande kinders in die steekproef betrek, graag meer seksuele voorligting verlang. Onderwerpe wat hulle uitgelig het was: Hoe om kuis te leef tot hulle trou en riglyne oor seksueel verwante sake. In 'n keuse tussen die beskikbaarheid van kondome en voorligting, het 87,3% gevra vir duidelike voorligting. Die navorsing toon ook dat 29% van die skoliere sonder ouerlike voorligting en versorging grootword. Gevolglik is daar geen inskerping van tradisionele en religieuse waardes nie. Ook binne die bestaande gesinsstrukture bestaan swak voorligtingskommunikasie.

## 4.7 Gebed en pastoraat

Dikwels waar ek dienste van die VGKSA in die Mnambithi distrik waarneem, as deel van die liturgie, word aan die einde van die diens geleentheid gegee vir voorbidding. Baie enkel moeders staan dan op en getuig van een of meer tienerkinders wat gelyktydig siek is, of reeds gesterf het. Hierdie katarsis en die gepaardgaande gebedsondersteuning deur medegelowigies, is geweldig nodig in 'n wêreld waar geen ander hoop in sig is nie.

# HOOFSTUK VYF:
# POSISIE VAN VROUE

## INLEIDING

Die Afrika-vrou is een van die mees misbruikte mense in die samelewing (Mofokeng 1995:2). Sy is ongekwalifiseerd, met lae skolastiese kwalifikasies, meestal enkelouer, en kultureel verdruk (Nkosi 1996:19).Haar nood word vererger deur die institusionalisering van haar ellende: Dit is haar lot, sy moet dit kan vat! Die lot van die Afrika vrou stem baie ooreen met die lot van die vrou in Asië. (Prof Chung Hyun Kyung as vroulike teoloog by die konferensie oor vroulikheid 1996 in SA (Challenge Jun./Jul. 1996:14)

Die volgende voorbeelde van geweld teenoor die Afrika-vrou word genoem:

## I. GEWELD TEEN DIE AFRIKA VROUE

### 1.1 Tuismishandeling deur mans of tydelike manlike saamblyers

Die plaaslike koerant berig gereeld oor verkragting en aanrandings op vroue binne hulle huislike verband. Op elkeen van die 5 gemeenskapsinligtingsessies oor Vigs, gehou deur die plaaslike Christen Raad, en bygewoon deur gemiddeld 500 lede van die gemeenskap in arm landelike swart gebiede, het vroue in die gespreksgeleentheid opgestaan om raad te kry in die verband. Die volgende krisisse word deur die vroue in hierdie sessies uitgelig:

i. Mans is meestal in talle seksuele verhoudings gelyktydig betrokke. Dit is makliker in 'n gemeenskap waar die kulturele druk om wel te trou afneem en los verhoudinge eerder die reel as die uitsondering geword het.Hierdie gedrag veroorsaak probleme met die bekamping van Vigs/Miv.

ii. Dikwels ontstaan spanning as 'n manlike inwoner in die huishouding seksuele gunste van dogters verwag in ruil vir sy finansiële steun aan die gesin.

iii. Die misbruik van die vrou word meestal nie aangemeld nie, uit vrees vir wraak aanvalle deur die verdagtes.

iv. Seksuele teistering van klein dogtertjies neem vinnig toe. Die jongste bekende

geval is die van 'n kind van ses maande

Die Ladysmith Gazatte (20/10/00:3) berig as volg

> *"Probably the most shocking incident, is the rape of a four year girl in Steadville. When the mother arrived home on October 13, she found her daughter crying uncontrollable. On closer contact she noticed blood on her thighs and underwear...In another incident a ten year old was raped by her father...(another) girl was abducted by her boy friend. He kept her and repeatedly raped her over a period of two days."*

v. Die implikasies van Polisie ondersoeke na verkragtings is vernederend en ontmoedig aanmeldings.

vi. Mans word dikwels, uit weerwraak, vals van verkragting aangekla, as vrywillige seksuele verhoudings skeefloop. Die regstelsel word misbruik.

vii. In een sessie het die CMD maatskaplike werkster aanbeveel dat die dogters teen sononder tuis moet wees. Die gemeenskap het hiervoor gelag: Hulle word dikwels binne die huis seksueel gemolesteer.

Tradisioneel is die Afrika-vrou uitgelewer aan 'n poligame huwelik, waar sy dikwels een van baie vroue was. Haar rykdom het bestaan uit haar kinders en haar handewerk. Dit wat tans met die Afrika vrou binne haar huis gebeur, strook nie met die tradisionele patriargale huishoudings nie, waar sy 'n unieke rol gespeel het, maar steeds gerespekteer was.

Waar vroue deur mans in 'n huishouding seksueel misbruik word, geslaan word en uitgebuit word, word jong dogters dikwels onbewustelik voorberei om dieselfde verhouding met volwassewording te verwag. Seuns word deur modellering geleer om ook vroue eendag so te mishandel. Tydens die straatbendes en die civics se optrede in swart woongebiede kon mens duidelik sien hoe hierdie modellering reeds in die lewe van jong seuns gevestig geraak het, deur die jarelange blootstelling aan die mishandeling van hulle moeders tuis.

**1.2 Uitbuiting van die vrou as middel tot seksuele prikkeling**

Die pers, radio en televisie het in 'n Euro-Amerikaanse gier verval om seksualiteit plat, goedkoop, sonder morele konteks, gerig op manlike bevrediging

te verkoop. Reeds van jongs af word die huwelik as uitgediend verkoop. Die vrou word as seksuele speelding teen 'n geweldige tempo op alle gewilde sepies voorgehou. Veral die Amerikaanse "Rap" wat ook nou in SA hoorbaar is, veral in die armer swart woongebiede verwys na die vrou as "bitch", "babe" en "ho", en berei die jeug voor op disrespek vir die vroulike liggaam ( Patricia Russel, Challenge (37)1996:19).

In Ladysmith word 'n polisiebeamte wat kindermolestering ondersoek, aangekla van twee aanklagtes van verkragting op sy "girlfriend" se dogtertjie (Ladysmith Gazette 25/3/99 :1). Onderwysers verruil skoolrapporte vir seksuele gunsies deur skoolmeisies. Indien meisies seuns of mans gunste vra , is die algemene gebruik dat die man seksuele gunste in ruil sal kom opeis (Nonku in Challenge (37) 1996:19) Hierdie feit word ook bevestig in drie gesprekke met dogter lidmate van die VGKSA in die Ladysmith gebied. Ongelukkig dra dit by tot die inhibisie van kruis-seksuele verhoudings onder die jeug wat andersyds mooi en opbouend kan wees.

Die vrou raak meer in die gemeenskap die teiken van seksuele geweld. So berig die Ladysmith Gazette (20/10/00:3) dat 'n sestigjarige vrou in Illingweg met 'n handwapen teen die kop die bosse ingedwing is en verkrag is. 'n Jong meisie is ook "gang raped" deur vyf mans wat haar in 'n bakkie forseer het en herhaaldelik verkrag het. Sy is 24 uur later vrygelaat.

### 1.3 Onderbetaling en ooreising in die werksplek

In die werksplek, veral as huishoudsters, word Afrika- vroue geweldig uitgebuit. Van hulle word verwag om in te slaap en net elke derde of vierde naweek by hulle gesinne uit te kom. Die situasie word vererger as mens in ag neem dat 'n hoë persentasie van die vroue enkelmoeders is (Tsele 1997:22). Hulle kinders word dikwels van kleins af sonder toesig tuis gelaat. Omdat hulle verleë is en geen bedingingsmag het nie, word hulle dikwels deur gegoede werkgewers "betaal wat al die ander betaal". In die dorp het werkgewers 'n onderlinge ooreenkoms wat die aanvaarbare betaling vir 'n huisbediende sou wees. R250.00

p.m. is nie in verhouding baie laag nie. Party , nadat busgeld en kos afgetrek is, kry selfs minder as R150.00. Die werkende Afrika vrou werk in man-ure twee keer so hard as ander werkende volwassenes in die land: Hulle moet vir hulle daaglikse brood werk , en ook nog hul eie huise instand hou.
Tydens dienste aan bediendes by die N. G. Kerk Danskraal, het dit in 'n gespreksgroep van 14 vroue uitgekom dat hulle as inwoonbediendes vreeslik vereensaam, en dikwels nie ondersteuning kry met hulle eie emosionele krisisse nie. Die AOK het dikwels nie 'n perseel om in die dorpsgebiede te funksioneer nie. Die blanke werkgewers is baie besig en kan nie nog aan hierdie bediendes se nood by die huis aandag gee nie. Hulle kom dikwels van die buitewyke af en is vreemd vir die swart kerke in die dorp. Hulle kan ook nie Sondae ander kerkdienste bywoon nie, omdat hul Christen werkgewers dan self in die kerk sit, terwyl die bediendes die Sondag-middagete moet voorberei.

Die Afrika-vroue reageer dikwels self om die geslote lewe van magteloosheid te deurbreek. Van Rooy (1978:23) noem dat baie van hulle die tekens en simptome van waarsêers en kruiedokters naboots ten einde 'n posisie van respek in die gemeenskap te bekom.

## 1.4 Miskenning van die Afrika vrou in die kerk

Tydens die byeenkoms van Afrika vroulike teoloë in Nairobi vroeg in 1998, het baie vroue gekla dat die Afrika tradisionele posisie van die vrou deur manlike kerkleiers misbruik word om die vrou in die kerk te onderdruk. Die hoë persentasie vroulike lidmate van die VGKSA word glad nie op Rings- en Sinodale vergaderings weerspieël nie. Wil die kerk in die konteks van die arm Afrika vrou Christus laat leef, sal hierdie mense se insette verkry moet word.

Mercy Amba Oduyoye in haar boek "Daughters of Anowa" soek ook in die konteks van die miskenning van die vrou na maniere hoe die vrou in die Afrika kerk begelei kan word om Christus gelykvormig op te groei. Dit moet binne die konteks van die Afrika vrou se taal, kultuur en drome gebeur (Oduyoye 1998:359).

## 2. OPLOSSING

P. Malinga vanTEEC (1996:14) beveel die volgende aan vir die kerk se sending aan die Afrika vrou:

1. Programme wat sal lei tot selfontdekking, en geestelike heelwording. In hierdie proses van selfontdekking moet die vroue ook weer na hulle eie wortels terugkeer, en hulle eie identiteit binne eie kultuurverband ontdek. 'n Deel van hul identiteitskrisies is juis dat die kerk hul Afrika identiteit ge-"demoniseer" het. Verwys ook na Briggs (1998(b):24).

Ter illustrasie die verhaal van Elsie Sithole se doop:

> *Elsie Sithole het dramaties tot bekering gekom na haar inskakeling by 'n naaldwerkklub van die VGKSA. Sy was 'n tradisionele vrou. Ek het haar versoek om met die doopgeleentheid haar tradisionele klere aan te trek, as 'n feestelike teken van haar velossing in Christus. Op die oggend van haar doop het sy by die kerk aangekom in 'n Crimplene rok wat nie naastenby die kapasiteit vir haar groot lyf gehad het nie. Dit was so ironies dat haar identitifikasie met Christus vir haar nie te versoen was met haar Afrika "isidwaba" en "isicolo" nie. Klaarblyklik in haar verhouding met die kerk in die verlede het sy reeds die boodskap gekry dat haar kultuur- eie demonies en verkeerd is."*

2. Storievertelling as manier om teologiese insae te deel. In my eie bediening laat ek dikwels die lidmate van die VGKSA toe om te vertel wat 'n preek vir hulle beteken. In hulle oorvertel van die boodskap in eie beelde en ervaringsverwysing plooi die boodskap dikwels oop tot 'n diepte wat ek as blanke manlike prediker nooit sou bereik nie.

3. 'n Derde saak wat op die kerk se agenda moet verskyn, is die opvoeding van mans en jong seuns in gesonde seksuele verhoudings. Dit moet reeds kleintyd begin.

4. 'n Nuwe spiritualiteit vir die Afrika vrou sal uitgewerk moet word, binne die konteks van die staat se vroue-bemagtiging (Lebaka-Ketshabile 1997:10). Hierdie spiritualiteit moet egter Bybels getrou, en gereformeerd in wese wees.

## HOOFSTUK SES: HISTORIESE MOTIEWE IN DIE OMGEE DEUR DIE NG KERKE FAMILIE IN DIE MNAMBITHI OMGEWING

**Inleiding**

Tot dusver het ons na die nood in die gemeenskap rondom die NG Kerke familie in Ladysmith gekyk. Kan die kerke familie hierdie nood aanspreek. Hoe lyk die kerk vanuit die oë van die gemeenskap gesien? Wat was die kerk se dryfveer in die betrokkenheid by die nood?

### I. 'N KERK UIT KONFLIK

Die eerste blanke inwoners van die Ladysmith distrik was Britse setlaars, handelaars en Voortrekker families waarvan sommige se nasate steeds in die distrik woon: Meyer, Potgieter, Cronjè, Cilliers, Labuschagne, Maritz, Spies en Van der Merwe. Die eerste Boere setaars in die Mnambithi gebied is bedien deur 'n Amerikaanse sendeling, eerwaarde D. Lindsay en 'n Duitse sendeling, eerwaarde J.L. Döhne. Dienste is aanvanklik in Landdros Struben se huis gehou. Ladysmith was 'n wyk van die gemeente in Pietermaritzburg. Teen 1853 is 'n afsonderlike gemeente gestig. Die grens was die Thukela rivier, vanaf die bron bo-op die Drakensberg, tot waar die Buffelsrivier in die Thukela inloop en langs die Buffelsrivier op tot by die grens van die Republiek van Utrecht.

Hierdie gemeente sou deur die konflik tussen Voortrekker en Zoeloe en latere konflik tussen die Boere magte en Britse kolonialisme stry om oorlewing, ontwikkel, vorm kry, foute maak, en deur die genade groei. Die stryd om oorlewing sou onwillekeurig die kerk dwing om baie na binne gerig te ontwikkel.

Soek mens na die NG Kerke familie se omgee vir die swart nood in die provinsie, kan die volgende historiese motiewe identifiseer word:

### 2. SENDINGYWER

Die sendingywer in Ladysmith het hoofsaaklik ontspring uit die visie van die eerste leraars. So word die eerste leraar, ds. Huet, wat in November 1858 bevestig is, beskryf as 'n "yweraar" van die sending. Hy sou ook in Ladysmith

onder die Hollands sprekende kleurlinge arbei. So ook was ds. F.L. Cachet, Skots-Presbiteriaanse leraar, wat die gemeente vanaf 1861 bedien het, ywerig om aandag te gee aan die sending. Onder sy invloed is die eerste sendingkerkie in 1861 gestig. 'n Gebou is opgerig tussen die spoorwegstasie en die begraafplaas buite Ladysmith.

Ook die latere ds. Schoon, wat tydens die Anglo Boere oorlog en die beleg van Ladysmith, die dorp bedien het, sou die saak van die sending ywerig steun. Met huisbesoek is arbeiders ook bedien.

Owen het reeds positiewe opmerkings oor die Voortrekkers se sendingywer gemaak, en Piet Retief genoem "een groot vriend van Zendelinge" (Hofmeyer 1973: 62). Sommige van die vroeë Hollandse gesinne in Ladysmith was dan ook , oor die algemeen, positief teenoor die sending, en het selfs arbeiders by die huisgodsdiens betrek en aangemoedig om die aparte swart eredienste by te woon.

Lidmate is selde aktief betrokke gemaak by die sending en die kerk het hoofsaaklik van sendelinge en evangeliste gebruik gemaak om die werk namens hulle te doen. Lidmate het wel die werk finansiëel ondersteun. Die krygsgevangenes van Ceylon en St Helena het 'n sterk inspuiting verleen aan die gemeente se sendingywer (Kalmijn 1954: 29; Gerdener 1959:74-75).

Die Greytown-herlewing (1886) sou ook op Ladysmith 'n impak hê, met die aankoms van drie predikers vanaf Greytown na Ladysmith. Hulle families (Bhengu, Chamane en Ngcobo) is steeds aktiewe lidmate van die VGKSA in Ladysmith.

## 3. POSITIEF JEENS DIE SENDING - NIE SO POSITIEF OOR DIE ZOELOES NIE

Dit lyk of die sendingbelangstelling deur 'n sterk pïetistiese, vertikale motivering gedryf was, sonder dat die Zoeloes se menswaardigheid na behore erken is. Dit

was teen die paradigma van die vroeë kerk in om meer te doen as evangelisasie en noodhulpverlening. So 'n handeling sou as liberaal en polities beskou word. (Gerdener 1959:77). Die Zoeloes moes evangeliseer word, maar geen sosiale kontak, anders as in 'n werksituasie was geduld nie. Die Nuwe-Testamentiese gedagte van die "volk" van God , wat as eenheid op God en mekaar gerig moes wees, was totaal oorweldig deur die bewustheid van die twee volke se andersheid, en die behoefte om apart te wees. Hierdie gevoel was egter nie uniek aan die Hollandse boere nie, maar die Anglikaanse kerk het ook aparte Zoeloe dienste gehou, met min kontak tussen lidmate.

As stawing vir bogenoemde stelling word die volgende uit die geskiedenis van Ladysmith aangehaal:

i. Weiering dat swart mense die kerkgebou met ander tye as eredienste gebruik: So notuleer die Kerkraadsnotule van die kerkraad van die NG Kerk in Pietermaritzburg op 27 Februarie 1847 dat eerwaarde Döhne die gebruik van die konsistorie vir klasse vir Zoeloe lidmate in Ladysmith geweier is. Nie omdat die gemeente teen sending was nie, maar omdat hulle bevooroordeeld was teenoor die Zoeloe gelowiges .

ii. Emosievolle weiering om swartes in die kerk toe te laat: Op 'n Saterdag in 1859 sou Ds. Huet die kerkraad van Ladysmith versoek om mense van ander kleur, wat die taal verstaan, tot die blanke erediens toe te laat. Die warm vergadering het tot na middernag aangehou en uiteindelik is die versoek geweier. Dit lei tot 'n hewige botsing tussen Huet en die kerkraad. Hierdie reaksie is in lyn met die 1889 besluit van die kerk in Natal (artikel 212 :136 van die Wette van die kerk in Natal):

> *"De lede van zoodanige zendinggemeente zullen geen gebruik mogen maken van de kerkgebouwen van de blanke leden der Nederduitsch Gereformeerde kerk in Natal..."*

iii. Verdeeldheid oor die sending: Kalmijn (1954: 29) berig dat na die Anglo Boere oorlog die gemeente van Ladysmith in twee geskeur was: Die wat vir die sending was en die daarteen. Die krygsgevangenis wat uit Ceylon teruggekeer het is nie oral ewe hartlik ontvang nie.

iv. . Sendingpreke verbied met nagmaal: Die Biggarsberg se kerkraad, as wyk van die NG Kerk Ladysmith, sou byvoorbeeld besluit dat in die gemeente van Judith "..geen beswaar bestaan het dat daar van die kansel af oor die sending gepreek word nie, maar dit moet nie by 'n voorbereidingsdiens... nagmaal ...of nabetragtingsdiens geskied nie." (Kalmijn 1954: 29)

v. Sendelinge van die American Board vrees die Boere se negatiewe invloed op die heidene: Eerwaarde Lindley van die American Board sou op 17 Julie 1839 'n brief skryf om oorsese hulp te verkry om die Voortrekkers te bedien. Die bediening aan die Voortrekkers word in sendingkonteks gemotiveer: " I do ... believe that the cheapest, speediest, easiest way to convert the heathen here is to convert the white ones first. More, the whites must be provided for...These two classes will come so fully and constantly in contact with each other that the influence of the whites, if evil, will be tremendous....." (Hofmeyr 1973: 72 ). Die vroeë sendelinge het dus reeds deeglik besef dat die Hollanders in Natal 'n bydrae te lewer het tot die bekering van die Zoeloes: Positief of negatief. Gevolglik het hulle ook baie aandag aan die Hollandse boere gegee. Dieselfde sou in Ladysmith gebeur.

vi.. Vroeë Zoeloe getuienis van Voortrekker sending

Callaway (1970:10) haal van die vroeë Zoeloe getuienis rakende die Voortrekkers se "sending"-kontak aan:

> *" When we are with the Dutch they do not tell us that there is a lord above; but they said that we black people should be burnt, and that we have no spirit, but are like a dog, which has no spirit."*

Hierdie aanhaling moet egter binne konteks verstaan word. In 1869 sou ds J Mc Carter van Ladysmith beswaar maak teen die LMS se sendelinge wat doelbewus die swart gemeenskap teen die Afrikaner gemeenskap polariseer, deur nooit te erken dat die swart gemeenskap ook in die kontak met blankes sou fouteer nie ( de Gruchy 1986:12,13)

vii. Aparte kerke vir swart bekeerlinge: Terwyl die reëling in die Kaapse kerk gegeld het dat sendinggemeentes steeds as een gemeente met die moederkerk bestaan het, was die sendinggemeente in Natal van die begin af gesien as 'n

aparte gemeente. Toegegee dat in Natal die taal en kultuurverskille baie meer 'n struikelblok was . Die onderliggende rassespanning kan egter nie hier uit die oog verloor word nie.

viii. Die derde algemene vergadering van die kerk se sinode aan die Kaap (1895) het bepaal dat "... predikante net vir die blankes, en nie vir die naturelle die woord moet bedien...anders jagen wij onze menschen uit elkander". Dit sou ook in Ladysmith toegepas word.

## 4. VERKEERDE SENDINGMOTIEWE SPRUIT UIT DIE AFRIKANER SE RASSISME

### 4.1 "Sending maak die swartman 'n beter werker"

Gerdener (1959:86,87) som hierdie sendingmotief as volg op:

> *"Laat ons eens en vir altyd onsself oortuig- dat die rou heiden barbaars en verradelik is, dat die "mak naturel" meer hanterbaar, maar nie meer vertroubaar is nie....dat enkel die bekeerde Bantoe, soos enige ander soort mens deur Gods genade beskaaf en vertroubaar word."*

### 4.2 Eie voortbestaan

Gerdener (1959 :94) som ierdie motief tot sending op deur te maan dat die Afrikaner so maklik sy eie voortbestaan as motief vir die sending sien. "En selfbehoud staan baie naby selfsug."

### 4.3 Mensevrees

Die vrees vir die brutaliteit van barbaarse stamme was ook deurlopend 'n sterk sendingmotief. As hulle Christene word,sou hulle "makker" wees. Die implikasie van die gedagte is , dat Christen swartmense geen politieke aspirasies mag hê nie, hulle mag nie hulle grondgebied beskerm nie, hulle mag nie hulle volkseie en gesinslewe beskerm teen uitbuiting nie, hulle sal tevrede wees met enige vergoeding wat hulle wit broers aan hulle bied, hulle sal nooit die wit oorheersing teenstaan nie. Hierdie persepsie is wreed ontnugter toe kerke in later jare toetree tot die stryd teen apartheid.

### 4.4 Volksliefde

Die liefde vir eie kultuur en taal was nog altyd 'n kenmerk van die Afrikanervolk,

maar sou dikwels van groter belang wees as die Skrifopdrag om dienskneg te wees en as een kerk die Here te dien. Agter die handhawing van die eie was daar dikwels 'n diepliggende hoogmoed verskuil.

## 5. EERWAARDE ILLING: EERSTE SENDELING VAN DIE NG KERK IN KZN: PARADIGMA VAN OMGEE

### 5.1 Illing se omgee vir die swart gemeenskap is 'n duidelike paradigmaskuif, maar word deur die kerk verwerp.

Op 29 Desember 1861 het eerwaarde Illing van die Lutherse kerk, via Colenso se Anglikaanse sending, oorgekom om die "naturellegemeente" van die NG Kerk in Ladysmith te bedien.

Reeds op 6 Januarie 1865 (skaars drie jaar na sy aanstelling), sou Illing met die hele "naturellegemeente" hom losmaak van die NG Kerk om 'n onafhanklike sendingbeweging op die been te bring. Die breuk word op 11 Maart van dieselfde jaar deur die swart gemeente bevestig. Hulle verklaar hulle onafhanklikheid en dat Illing as hul leraar beroep is. Hy sou geen salaris verdien nie , maar op donasies oorleef.

Die Skeidingsbrief is deur 62 mense onderteken. Kitshoff (1991:214) vra of die afskeiding gesien kan word as die stigting van die eerste onafhanklike swart kerk in Natal? Nehemia Tile (algemeen beskou as die stigter van die eerste Afrika Onafhanklike kerk ) sou eers 20 jaar later sy kerk tot stand bring! Hierdie is inderdaad 'n interessante vraag. Kitshoff antwoord egter tereg dat mens nie werklik baie kan maak van die Illing-afskeiding nie, aangesien Illing blank was, sy gemeente nie onafhanklik gebly het nie, maar eers by die Anglikaanse kerk aangesluit het, en daarna weer toenadering tot die NG Kerk gesoek het, voor hy finaal tot die Presbiteriaanse kerk toegelaat is.

Die afskeiding deur Illing en sy gemeente sou 30 jaar later steeds 'n baie

sensitiewe saak wees op die Acta van die Natalse kerk (1898:29). Dit het inderdaad die kerk op sendingterrein baie teruggesit. Juis hierin vind ek die bydrae van Illing van waarde. Hy het die NGKerk se onbeholpenheid met hul eie rassisme aan die kaak gestel en ten spyte van teenkanting die voorbeeld gestel in holistiese sendingwerk, wat die totale Zoeloe mens wou bereik en evangelies ophef. Ongelukkig is hierdie bydrae oorskadu deur faktore soos sy persoon en eiewilligheid (Hofmeyr 1973:216).

Ek wil graag die volgende uit Illing se bediening onderstreep, as elemente van omgee vir die Zoeloe gemeenskap wat uitsonderlik uniek was vir sy tyd:

**5.1.1 Illing radikaal oor rasseverhoudinge**

**a. Illing woon tussen die swart mense**

Illing sou as sendeling van die Berlynse sending sy bediening in Suid-Afrika begin by Marthinsdal in die omgewing van Wartburg. Alreeds hier toon hy sy radikale keuse om met die plaaslike swart gemeente te assosieer, deur te weier om op die sendingstasie te bly, maar eerder 'n hut op te rig by die gemeenskap wat hy bedien. Met sy trompet het hy mense byeengeroep, en dan vir hulle die evangelie, vleis en tabak voorsien. Toe die aalmoese opdroog, het sy erediensbywoning drasties gedaal.

Na konflik met personeel op die sendingstasie , word hy verplaas, verlaat hy die Berlynse sending en skakel in 1860 in by die sendingwerk van Biskop Colenso van die Anglikaanse kerk in Natal. Hy trou ook ondertussen met 'n Maritz dame van Ladysmith. Op Ladysmith sou hy die bekeerlinge van die Anglikaanse sendeling (Joseph Barker) ook bedien en hulle kerkgeboutjie in die swart woongebied, gebruik. Hy sou ook hier tussen die swart mense gaan woon het. Sulke gedrag kon beswaarlik in die Hollandse gemeenskap bydra tot aanvaarding van die sendeling, en moes tot heelwat stigma en vooroordeel gelei het.

**b. Illing glo in die menswaardigheid van die swart kind**

Op Ladysmith sou Illing ook 'n swart skool aan die gang kry, wat tot konflik met die Hollandse gemeenskap sou lei, omdat hy van oortuiging was dat die Zoeloe

kind instaat is om dieselfde onderrig as die blanke kind te deurloop. Die blankes het dit bespotlik gevind om die Zoeloe kinders in Wetenskap, Wiskunde , klassieke tale (twee selfs in Frans !) , en Aardrykskunde te onderrig. Sy katkisante moes ook Grieks en Hebreeus leer! Dit kon die Hollandse boere moeilik aanvaar. Die Zoeloes was immers deur Goddelike doem bestem om die hande arbeiders te wees. Hierteenoor het Illing volgehou dat ook die Zoeloe kind beeld van God is, wat nie uitgesluit is van die seën wat die Evangelie van Christus weer meebring nie (Hofmeyr 1973:226)

**c. Reaksie teen wit rassisme**

Stephen Neill (Kitshoff 1991:218,219) noem as belangrike rede vir die stigting van Afrika Onafhanklike Kerke : "...directly, or indirectly, will be found the sin of the white man against the black." Die blanke lidmate se negatiewe sentimente, hulle Europese hoogmoedigheid en trots was sekerlik nie onbekend vir die swart kerk nie.

Illing sou ook uitgesproke wees dat kontak met, veral, Engelse gelowiges tot die Zoeloes se bekering en geestelike groei bygedra het. Ervaring van wit rassisme en meerderwaardigheid sou egter lei tot 'n weerstand teenoor die Evangelie (Hofmeyr 1973:225)

**5.2 Vrug op Illing se holistiese benadering**

As gevolg van sy ywer en gerigtheid op die totale mens het die werk onder sy bediening mooi gegroei. Teen 1864 het 80 mense die dienste bygewoon, en op 1 Mei 1863 is 16 volwassenes na deeglike kategese onderrig gedoop. Die volgende jaar is ook tien kinders gedoop. Hierdie bekeerlinge is almal in 'n aparte gemeente bedien en het geen kontak met die blanke lidmate gehad nie, behalwe deur die sendeling en die blanke leraars wat as eksaminators met die toelatings eksamens opgetree het.

Ook sy bediening in die plaaslike gevangenis was geseënd, omdat hy dit met groot opoffering gedoen het: nie vanuit 'n blanke posisie van meerderwaardigheid nie , maar as kneg van vrede (Hofmeyr 1973:226). Juis in die dienende houding van Illing se sendingwerk was hy effektief gewees.

Die blanke Hollandssprekende leraars (Cachet en Mc Carter) beskou die holistiese benadering egter as "miserable" omdat dit niks van die kerkleer oorgedra het aan die leerlinge nie (Hofmeyr 1973:232).

**5.3 Illing se solidariteit en fyn aanvoeling vir die swart mense was vir blankes onaanvaarbaar**

Illing wou grond in die swart woongebied bekom om sy skool uit te brei, maar die staat het hoë huur gevra, maar versoek dat hy met al sy lidmate trek na die Biggarsberg omgewing. Hy was teen die skuif gekant , omdat hy geglo het sy gemeente sou ongelukkig wees met so 'n skuif, aangesien baie van hulle in Ladysmith werk gehad het, reeds aan die dorpslewe gewoond was, en nie weer op 'n sendingplaas sou wou leef nie. Die staat het die aanbod aanlokliker gemaak deur nog 5000 acre by die aanvanklike 100 acre by te voeg.

Die NG Kerk sending kommissie het egter die ooreenkoms met die staat aangegaan om wel die gemeente te skuif, sonder konsultasie met die swart gemeente, en teen die advies van hulle leraar. Uit protes teen hierdie paternalistiese houding het Illing die kerk met al sy volgelinge verlaat. Die rede hiervoor kan nooit in die evaluering van die NG Kerk sending onderskat word nie.

**5.4 In nuwere Afrikaanse teologie min waardering vir Illing se baanbrekerswerk.**

Dit is verder opvallend dat in die nuwer sendinghistoriese weergawes van Illing se bediening vanuit Afrikaanse geledere, veel meer klem gelê word op Illing se eiewilligheid, swak ekklesiologie, en die onafhanklikheidsgees van sy tyd, as op die sending pionierswerk wat hy gedoen het in terme van holistiese werk, die deurbreek van Europese meerderwaardigheid, en kolonialistiese seperatisme.

**6. SWART REAKSIE TEEN BLANKE PATERNALISME IN DIE KERK**

Die swart wêreld was met die draai van die vorige eeu in reaksie teen Britse koloniale meerderwaardigheid. In 1892 sou Mangena Mokoni die Ethiopiese

kerk in die Transvaal stig, as reaksie teen die Methodiste kerk se houding teenoor mense van kleur. Afrika se Christene het hul eie kerke met hul eie leiers begin soek. Die opkoms van swart Ethiopiese kerke was gou deur die regering in Natal verbied (Hope & Young 1983:37). Bestaande kerke het 'n sterk stroom lidmate verloor wat oorgeloop het na die nuwe Ethiopiese kerke. In Natal is die kerke die "AmaKushi"-kerke genoem na aanleiding van die woord "Kussiete" waarmee hulle graag wou assosieer. Ook in Ladysmith in die 1920's sou Clement Kadalie, 'n leier van 'n swart arbeidsunie , die "Industrial and Commercial Union" (ICU), lidmate van die Sendingkerk oorreed om na die Ama-Kushi oor te stap. Veral die jeug het aanklank gevind by die anti-blanke klank van die kerk. Vandag nog is die Ama-Kushi en Ama-Zion kerke ywerig om lidmate van die NG Kerke familie te beskuldig van "verraad" as hulle aan tradisionele "wit" kerke behoort.

Ten spyte daarvan dat die NG Kerk die swart kerk apart wou hou, wou hulle tog goeie beheer oor die swart kerk behou, en wou nie daarvan afsien nie. So beweer Hofmeyr (1973:353) dat die eerste swart gemeentes nie hulle eie kerkrade kon verkies nie, maar die SSK het hulle, op aanbeveling van die wit sendelinge, verkies. Die 1923 Sinode het die bestaan van aparte sendinggemeentes goedgekeur mits hulle onder toesig van die blanke kerkraad gestaan het, en hulle onderwerp aan die NG Kerk se reglemente.

Die NG Kerk se sendingstrategie is grotendeels deur blanke sendelinge beplan. Gevolglik is die swart gevoel oor beleid en etiese kwessies dikwels verkeerd interpreteer en is groot skade aan die kerk berokken. Hofmeyr (1973: 434)noem etlike sulke voorbeelde:

### 6.1 <u>Huweliksgebruike soos die lobola stelsel</u>

Die sinode van 1903 sou 'n afvaardiging na die regering stuur om te versoek dat die lobola stelsel afgeskaf moes word. Dit sou hewige reaksie in tradisionele Zoeloe gemeenskappe ontlok waar 'n kerk die owerhede versoek om die gemeenskapswette te verander sonder konsultasie met die betrokke gemeenskap.

## 6.2 Besluite oor poligamie

Die Acta van die Natalse NGKerk Sinode van 1907 (:11-12) bepaal dat 'n Zoeloeman wat tot bekering kom, al sy vrouens, behalwe die eerste vrou, in die pad moes steek . Dit sou die doop van etlike bekeerlinge by Greytown vertraag. Hierdie besluit sou onder leiding van die blanke sendelinge vir lank bly staan. In 1951 sou eerwaarde Simelane en ds Kritzinger versoek dat ene Umfulathela Cebekhulu, 'n invloedryke ou man van oor die 70, met 5 vroue en 'n getuienis van bekering, gedoop moes word. Dit is geweier.

Hierdeur het die kerk vir die Zoeloe mans die toonbeeld van liefdeloosheid geword. Hulle het gevra:: Waarheen moet hierdie vroue en kinders gaan as die kerk hulle in die pad steek? Wie gaan vir hulle sorg? Omdat die mans besorgd was oor die vroue en kinders (meer as die kerk!) het baie eerder by ander kerke aangesluit, of glad nie by 'n kerk ingeskakel nie. Die tradisionele Zoeloe mans het die besluit ook interpreteer as 'n poging om hul gesag af te breek . Vroue uit poligame huwelikke is wel gedoop. (Hofmeyr 1973: 440)

## 7. AFRIKANER VOLKSEIE GENIET PRIORITEIT

Na Uniewording in 1910 sou James Hertzog baie meer teen die Botha gees van die tyd, versoening met die Britte teenstaan. In 1914 word die Nasionale Party gestig, en kry sterk steun van wit vakbonde wat werk by myne vir blankes wou reserveer. Die NG Kerk sou, meegesleur deur die golf van Afrikaner nasionalisme, baie vir die Afrikaner doen, maar baie min visie vir die opheffing van die Zoeloes hê.

Hofmeyr (1973:363-365) beweer die kerk was gevolglik nie in Natal duidelik gemotiveer om by swart onderwys betrokke te raak nie. Twee redes is aangevoer: Dit lê nie op die terrein van die kerk nie, en dit is alleen sinvol om die swart kind te leer lees, as hy daardeur die Bybel beter sal verstaan. Hy haal die

redakteur van Die Kerkbode aan wat in 1905 sou beweer dat die kerk hom in sy sendingondernemings moet laat beheers deur die beginsel:

> *"de kaffer moet geëvangeliseerd worden, moet zijn Bijbel kunnen lesen, zijn vragen kunnen leeren en opzeggen, meer niet."*

In hierdie trant sou die Natalse Sinode van 1916 besluit dat geen kind 'n ander taal mag leer alvorens die Bybel nie in die moedertaal gelees kan word nie.

Redes vir so 'n sterk standpunt was die volgende:

i. Die standpunt was dat die kerk nie kan geld spandeer op swart onderwys nie. Daar is nog te veel verwaarloosde blanke kinders wat deur die kerk opgehef moes word.
ii. Vrees dat die swartes met blankes sou meeding vir posisies en werksgeleenthede.
iii. Eerwaarde Esterhuisen sou in 1910 beswaar maak teen die swart gemeenskap se honger na kennis wat hulle honger na die evangelie oorskadu het, en beveel aan dat hulle in hul moedertaal net Bybelonderig moes ontvang (Hofmeyr 1973:367)
iv. Veral boere was baie gekant teen die opheffing van swart arbeid. Sendelinge het hulle probeer oorreed om wel saam te werk, want as die Afrikaner hulle nie sou opvoed nie, sou volksvreemde elemente (soos die RKK) hulle deur opvoeding teen die Afrikaner opmaak (Hofmeyr 1973: 367)
v. Die Afrikaner se teenkanting van die Engelse taal het meegebring dat die NG Kerk traag was om die swart bevolking in Engels te onderrig. Gevolglik was staatsubsidies in die vroeë 1900's nie beskikbaar vir NG Kerk sendingskole nie. Die swart gemeenskap in Natal was ook nie gelukkig met die opleiding in Afrikaans nie. Ook by die Kweekskool is hierteen beswaar aangeteken.

Teen 1947 sou die NG Kerk net 5 van die 662 kerkskole in Natal bestuur!

Al die hospitale in die provinsie is gestig deur die Rooms Katolieke, Methodiste en Lutherse kerke.

Gevolge van die NG Kerk se apatie jeens swart ontwikkeling in Natal:

1. Eerwaarde Dekker, Sendeling van Ladysmith, sou in "Die Kerkbode" van 21 Mei 1949 beweer dat dit die een groot rede is waarom die NG Kerk in Natal soveel veld teenoor die ander kerke op die sendingveld verloor het.(Hofmeyr 1973:370). Na 100 jaar van sending in Natal het die NG Kerk maar net 11 klein afhanklike, sukkelende gemeentetjies tot stand gebring! (Hofmeyr 1973: 375)

2. Daar is min geleerde, sosiaal ontwikkelde leiersfigure in die VGKSA vandag. Die kerk het nie die boonste laag van die samelewing bereik nie.

3. Op kweekskole het die kerk die intellektuele swart leiers verloor

Die 1905 verslag van die swart teologiese studente (Hofmeyr 1973:326) beweer dat ander swart leraars op hulle neersien omdat hulle nie kan Engels lees nie. Volgens Bhengu was Engels as die taal van die oorwinnaar in Natal gesien as baie belangrik en 'n teken van ontwikkeling. Hul opleiding was ook minder sekulêr , die opleidingstandaard laag en hul salarisse in verhouding met ander kerke se swart leraars belaglik laag (Hofmeyr 1973:327).

## 8 . KONSENTRASIE OP PLAASWERKERS INSTEDE VAN DIE DORPE EN STEDE

Weens die groot finansiële bydrae tot die sending deur blanke boere, moes die sending van die NG Kerk grotendeels op plase konsentreer. Gevolge van die konsentrasie is:

* Die verstedelikte swart mens is nie bereik nie.

* Die kerk het ook die politieke aantygings vanuit die swart wêreld ontduik, en op veiliger gebied gewerk waar die wit lidmate nog in beheer was. In die proses het die kerk egter die swart leiers in die gemeenskap verbygeloop, en homself as faktor in die gemeenskap uitfasseer.

* Die ontwikkeling na selfstandigheid is vertraag, omdat ook finasieel sterker swart lidmate na ander kerke gegaan het.

* Die Stigting van die South African Native National Movement ,1912 (later in 1922 word dit die ANC), gaan stilweg verby die aandag van die NG Kerk. Georganiseerde verset teen swart onderdrukking soos paswette, die ontsegging van swartes van 87% van die land se grondgebied en arbeidsake kom nou op die agenda van 'n nuwe opkomende groep swart leiers. Hulle geledere word versterk vanuit die Kommunistiese Party wat in 1921 gestig is. Die hooflynkerke in Natal is bewus van hierdie verwikkelinge, terwyl die NG Kerk dit summier ignoreer. Die NG Kerk sou in die laat 1920's en 1930's op energieke wyse die armblanke vraagstuk aanspreek en die Afrikaner 'n "teologies fundeerde" selfbeeld gee.

## 9. IN DIE NG KERKE SE HANTERING VAN DIE ARMBLANKEVRAAGSTUK KAN BAIE GELEER WORD VIR DIE HANTERING VAN SWART ARMOEDE IN DIE NUWE SA

Die NG Kerk se hantering van Afrikaner armoede kan baie handige wenke voorsien vir die huidige hantering van swart armoede. Die volgende word kursories uitgelig:

i. Die wil om armoede te oorwin, moet uit 'n groep self voortspruit. Hierin het die kerk 'n reuse rol gespeel. Die Afrikaner se selfbeeld is Bybels aangespreek, hy is weer van hoop en geloof voorsien.

ii. Die kerk se leiers en predikers het nie die arm Afrikaner met haat en 'n treur oor die verlede getrakteer nie, of die blaam elders in die geskiedenis gaan soek nie, maar het help soek na 'n pad vorentoe. Daar is inderwaarheid baie meer Afrikaner vroue en kinders in konsentrasiekampe dood, as wat die Apartheidsbestel swart bevrydingsleiers vermoor het. Huidiglik is swart gemeenskapleiers baie lief om retrospektiektief te treur oor Apartheid. Van die NGKerk in die tyd van Afrikaner armoede kan geleer word hoe om in die geloof die kop op te tel, te vergewe en aan te gaan met die lewe. Die WVK speel ook steeds 'n negatiewe rol om die fokus op die lelike verlede te hou en so weg te skuif van die hoopvoller toekoms. Die enigste kompensasie na 'n volk se

vernedering is nie finansieel nie, maar is geleë in die herstel van geloof, hoop , vertroue en liefde. Die koestering van haat, en die soeke na geldelike goedkoop kompensasie leer nie mense om op te staan nie, maar eerder om in selfbejammering bedelaars te bly.

iii. Die kerk het baie aandag aan arbeidsetiek en vaardigheidsopleiding gegee (Volkskongres Johannesburg :7, 73-82, 90-95). Veral die aanbieding van praktiese vakke is deur die kerk op skool aangemoedig. Die kerk het ook die opkoms van wit vakbonde gesien as 'n noodsaaklike beskermingsmeganisme vir die arm arbeider (Volkskongres te Johannesburg : 98)

iv. Nou samewerking is met die staat gesoek. Die kerk kan nie die pad alleen soek nie. Fokus was egter nie soseer op gratifikasies en gratis behuising vir armes nie, maar eerder op die skep van werksgeleenthede (selfs al sou dit kunsmatig teen 'n verlies bedryf word). (Die Volkskongres te Johannesburg : 41-48). Die "Spoorweë" het duisende Afrikaners 'n eerbare lewe laat leef, waar ouers na 'n dag se werk hul gesinne kon versorg, en trots kon voel daaroor. Staatsgratifikasies maak hierdie gesinstrots dood.

Ook hier moet die NG Kerk waarsku dat alle kerke wat hierdie pad volg, hulle profetiese solidariteit moet beskerm. Hierdie les het die NG Kerk duur te staan gekom.

v. Sterk klem is op die behoud van die gesinslewe geplaas. (Volkskongres te Johannesburg : 35-40) In die moderne opbou beplanning in Suid-Afrika kry mens die gevoel dat die gesin as kerngroep devalueer word.

vi. Aandag is aan sedelike waardes en die gevare van materialisme gegee (Volkskongres te Johannesburg : 25-34). Die grootste gavaar van die swart armoede in die nuwe Suid-Afrika is die opkoms van materialisme en die gevoel van onvergenoegdheid.

vii. Die kerk was rolspeler in die beplanning van die onderwys (Volkskongres te Johannesburg : 65-72)

viii. Die kerk het stad toe getrek saam met die lidmate. Voltydse leraars het lidmate moeisaam opgesoek en pastoraal versorg. Tot ons skande moet die NG Kerk familie in Natal vandag besef ons het op die platteland agtergebly, en die swart jeug en gemeentes het onder ons uitgetrek.

ix. Die verstedelikingsproses was ook deur die kerk begelei met 'n sterk klem op tradisionele volkswortels (genoem die "Boerelewe") (Volkskongres te Johannesburg : 117).

x. Die kerk het nie aan die arm blanke 'n verskraalde vertikale evangelie verkondig nie, maar het die mens binne kultuur-, arbeids-, ekonomiese- en politieke konteks aangespreek. Die kerk wou op elke terrein lig wees vir die verstedelikte mens.

xi. Die kerk het nie net individuele hulp verleen nie, maar het ook strukture probeer verander. So haal le Roux (1982:32) dr. D.F.Malan aan tydens die volkskongres van 1934:

> *"..of dit kom met of sonder oorlog, deur rewolusie of geleidelik, die kapitalistiese stelsel, wat gegrond is op eiebelang en die reg van die sterkste, is na my beskouing in ieder geval gedoem. Om mee te werk tot die verkryging van die regte nuwe aanpassing sal in die toekoms ook Suid-Afrika se taak wees."*

## 10. DIE NG KERK VERDEDIG APARTHEID

Die NG Kerk het apartheid op alle gebiede probeer bevorder:

### 10.1 Isoleer gemeentes van Engelstalige predikers

In die gemeente nuusbrief van Julie 1957 word die gemeente gemaan om nie 'n Anglikaanse Evangelis (Bryan Green) se dienste in Ladysmith by te woon nie. Die volgende rede word gegee: " Die H.E. Sinode het hom as volg uitgespreek in verband met buitelandse besoekers: "Die Sinode voel dat daar so 'n sterk sielkundige vooroordeel by ons lidmate bestaan teen buitelandse besoekers, wat hulle gewoonlik ongunstig uitlaat oor ons sendingbeleid van aparte kerke dat daar weinig konstruktiefs uit verdere besoeke gebore kan word, al maak besoekers hulle ook nie skuldig aan hierdie saak nie .""

### 10.2 Doof vir swart verset

Op 21 Maart 1960 bars die Sharpeville onrus los. Hierna word noodtoestande afgekondig in 122 landdros distrikte, die ANC en PAC word verban, swart sabotasie projekte realiseer en lei onder andere in 1964 tot die Rivonia saak waar

onder andere Mandela aangekla word, en lewenslange vonnisse opgelê word. Umkhonto wesizwe begin optree. Swart bevrydingstryd sit nou oor in revolusionêre oorlog.

Tussen 7-14 Desember 1960 vergader die WRK met die onderskeie kerke by Cottesloe koshuis om oor die geweld in die land te praat. Die opvolgende protesvergaderings in plaaslike kerkrade en skerp kritiek van die NP politici het veroorsaak dat Cottesloe die NG Kerk en die ander kerke in die land in twee verdeel het: Die vir en die teen apartheid. Ander kerke maak verklarings en veroordeel apartheid, maar binne die gemeente van Ladysmith gaan die sending soos altyd aan asof niks gebeur het nie: Vroue Sending Bond (VSB), Manne Sending Bond (MSB) en Kinderkrans samel geld in en bid vir die GEM sending en Dingaanstat. Die Herderlike brief van die Ring van Ladysmith (1960) meld dat die Vroue Sending Bond energiek 1000 pond ingesamel het, en die kinderkrans 100 pond. April 1961 sou die VSB ook ruim geld insamel. Die kinderkrans sou geld insamel vir die beton kruis by die kerk op Dingaanstat. Die MSB sou geld insamel om twee evangelisposte in die GEM gebied te dra. Die nou band tussen die Dingaanstat sending en Afrikaner nasionalisme, het hierdie sending in die NG Kerk baie aantreklik gemaak.

Na die Cottesloe beraad, en die NGKerk se manipulasie deur die staat om teen die gevoel van die meerderheid kerke in die land apartheid te steun, lees mens nie 'n woord van verduideliking of verslag in enige nuusbrief, herderlike brief of kerkraadsnotule in die jare sestig nie. Die hele saak word op gemeentevlak en op ringsvlak geïgnoreer. In teenstelling met Anglikaanse kerkvergaderings se volgehoue verset teen diskriminerende wetgewing, was daar vanuit die NGKerk 'n stilswye oor swart lyding, maar 'n euforie oor die Afrikaner se uitverkose posisie om die land te bestuur. Simbole soos Bloedrivier, Dingaanstat, GEM, die Voortekkermonument en die Voortrekker kerk het hoë status verkry in die tyd. Hope & Young (1983:46) bevestig dat die NGKerke familie in die tyd die kerk

in die land was wat by verre die meeste geld aan sending, evangelisasie, en steun van swart leraars spandeer het. Die staat het ook openlik die NGKerk se gemeenskapskole en hospitale bevoordeel bo die van ander kerke. Dit is nou te sê waar die kerk wel projekte aan die gang gehad het. Nogtans was die swart gemeenskap nie altyd geneë daarmee nie, omdat hulle dit beskou het as indoktrinasie om apartheid te steun ( Hope & Young 1983: 47)

Duidelik blyk dit dat die swart bevolking hom nie steur aan die NGKerke familie se getuienis aangaande Christus in Natal nie. Die gemeenskap het die kerk as gesant geweeg en te lig bevind. Juis in hierdie tye het die ander kerke in Natal 'n groeityd deurloop.

*Pro Veritate* sou in 1962 verskyn as segsbuis vir kritiek teen die kerk se steun aan apartheid. Na 'n artikel in die Kerkbode (27/5/1964) sou die kerk se leraars al minder die koerantjie lees. Die koerant sou self ook vir die NG Kerk al hoe meer pro-Marxisties raak ( Die Verhaal van die NGKerk se reis met Apartheid 1997:20-21). Die NG Kerk het sy ore toegedruk teen die versetstemme teen Apartheid.

## 10.3 Die 1970's: Gedwonge verskuiwings

Die vroeë 70's word gekenmerk deur 'n vasberadenheid om apartheid te laat slaag. Talle gemeenskappe word uit sogenaamde "wit" gebiede verskuif, en blanke plase aangrensend aan die swart gebiede word opgekoop om hervestigde swart gesinne neer te plak.

Lidmate van die NGKerk is as staatsamptenare by die verskuiwings betrokke. Sommige met hulle mooi gesindheid maak die verskuiwings 'n bietjie meer draaglik. Ander kom snuffel deur die trek voertuie vir goedkoop antieke meubels. Ander kry goedkoop plase te koop by die staat waar die swart gemeenskappe verskuif is. Duidelik is die ervaring van die verskuiwings ligjare van mekaar verwyderd.

So word ook die Roosboom gemeenskap verskuif. Die trotse kerk, skool, en pastorie lê in puin. Die Anglikaanse lekeprediker, Peter Kirchoff, van Pietermaritzburg, monitor die verskuiwing van die gemeenskap en teken herhaaldelik kapsie aan teen die proses. Die NG Kerk en die swart NGKA is doodstil oor die aangeleentheid.

Die blanke boere in Ladysmith kon vrugbare goedkoop grond kry, terwyl die swart gemeenskap net eenvoudig op oop vlaktes hervestig is. Die ouer swart gemeenskappe kan nog humoristies dink aan die staat se spandering van duisende rande om op kaal vlaktes honderde rye toilette op te rig, in die verwagting dat die hervestigde gemeenskappe daar sou woon.

**10.4 NGKerk leraars kom meer in verset teen apartheid en word as volksverraaiers verwerp, en deur ander gevolg**

Talle kerkleiers vanuit die NGKerk , waaronder Prof. Ben Marais, Dr. Beyers Naude, Prof. Johan Heyns, Dr. Nico Smit en andere (Rapport 6/2/99) lewer kritiek teen apartheid en word hewig gekritiseer.

**10.5 1970-1980's: Die gemeente Ladysmith fokus: Die Weermag, kapelaansdiens en motivering vir die grensoorlog**

In die tydperk van die 1970's en 1980's word die gemeentelike nuusbriewe van Ladysmith oorheers deur motiverende berigte deur kapelane wat aan die gemeente verbonde was. Sending het 'n rustiger fase betree, ten spyte van hewige onstuimigheid in die provinsie en die land as geheel. Die plaaslike gemeente het nie na die swart onrus gekyk nie, maar na die grensposte waar seuns in lewensgevaar diensplig gedoen het, en soms gesterf het in diens van hulle vaderland. Voor op die verhoog van Ladysmith Hoërskool is 'n ereplaat opgerig met die name van talle oud-skoliere wat in weermagdiens gesterf het, talle belydende lidmate van die NG Kerke in Ladysmith.

**10.6 1971: Leraars van die NGKerk bedien net hulle eie gemeentes, en het min kontak met ongelowiges buite hulle gemeente, en met anderskleurige gelowiges.**

Dick (1971:69 e.v.) stuur in 1971 500 vraelyste aan leraars van die NG Kerk en maak die volgende bevindinge;

i Net 12% van die leraars in die kerk besoek ooit ongelowiges om die Evangelie met hulle te deel.

ii 10% van die blanke leraars is by die "dogterkerke" betrokke deur die bediening van Woord en sakramente.

iii As belangrikste rede word aangegee die leraars se groot gemeentes wat alle tyd in beslag neem, asook die taalprobleem.

iv 16,6% van kerkraadslede doen huisbesoek by nie-lidmate

v 7% kerkrade hou garagedienste.

vi Dick identifiseer ook in hierdie tyd 'n statiese onbuigbare ekklesiologie as rede vir die swak sendinggerigtheid in die NGKerk. Hierin word tradisie tot norm verhef, en nie meer die Woord nie. Hy haal Margull aan wat praat van "heretical structures preventing the Gospel from reaching its intended goal...stands between the Gospel and the World." (Dick 1971 :87). Hierin was die NG Kerk in Ladysmith geen uitsondering nie.

**10.7 1974: Ras Volk en Nasie**

Die NG Kerk formuleer die teologiese regverdiging van aparte volksbestaan, maar beklemtoon dat naasteliefde bepalend moet wees in die verhoudinge. Die Inligtingskandaal van 1978 openbaar dat die NGKerk geld van die staat ontvang het om apartheid ekumenies o.a. aan die hand van RVN te verdedig (Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid1997:26,27).

**10.8 Stigting van die APK**

Op 12 Desember 1977 sterf Steve Biko in polisie aanhouding en swart woede ruk weer los. Op 19 Oktober 1977 word die Christelike Instituut ingeperk, en lede verban. Hiermee wyk meer swart jeugleiers uit na die buiteland waar hulle in Umkhonto weSizwe opgeneem word. Die plaaslike ekumeniese kerke toon ook al meer simpatie met swart jeug verset bewegings. Die NG Kerk se teologiese regverdiging van aparthjeid word veroordeel deur die Kairos dokument (1985/86). Die voormalige NGSK stel die Belhar belydenis in 1986 vry. Op plaaslike vlak lees mens weining van hierdie gebeure. Selfs as die NG Kerk sinodaal sy standpunt oor

sosiale geregtigheid in KS formuleer, sien mens min effek daarvan op die plaaslike kerklike belewing in Ladysmith. Waarskynlik bestaan 'n versigtige houding jeens die grondvlak lidmate.Die NGKerk word verlos van 'n groot gros lidmate wat weier om te verander en regse Afrikaner politiek uit die kerk te haal. Die APK word uit protes gebore. Die sendeling op Ladysmith sou later by die APK aansluit.

## 11. DIE NG KERKE RAAK BETROKKE IN DIE GEMEENSKAP

### 11.1 Verhoudinge

Teen die laat 1970's was daar al 'n paar oproepe tot sosiale betrokkenheid in die NG Kerk (Crafford 1978; Malan 1979). Na 1992 het daar 'n beduidende swaai voorgekom in die NG Kerk en ander Afrikaanse teoloë se definisie van kerkwees, ook in terme van bewustheid van die nood in die gemeenskap (Crafford 1995:512; 1989; 1997:20-34; Louw 1997:16; Loving 1994:28; Saayman 1997:87). Binne die NG kerke van Ladysmith gebeur die volgende na 1992 :

1. Die blanke vroue nooi die VGKSA vroue gebedsbond uit vir 'n Saterdag oggend tee, ten einde hulle beter te leer ken.

2. Ds. Simon Mnisi van Msinga, wat goed Afrikaans kon praat, word genooi om tydens 'n oggend erediens die Woord te verkondig. Hy is die eerste swart leraar wat in die 140-jarige bestaan van die gemeente op die kansel staan en die Woord verkondig. Die uitnodiging geskied sonder enige teenkanting van die kerkraad. Talle lidmate se reaksie na die boodskap was gewees: "Maar hy preek net so mooi soos ons eie leraars!"

3. Ds. Isak Ngema van die plaaslike VGKSA word genooi om in Gelofte gemeente 'n aanddiens te lei.

4. Wit en swart neem deel aan 'n kursus om die Jesus film in die gemeenskap te vertoon. Etlike mooi gesamentlike uitreikings sien die lig.

5. Die boere raak betrokke by die bou van 4 plaasskole vir hul arbeiders se kinders.

6. Die VGKSA se leraars vorm 'n kommissie vir gemeenskapsontwikkeling en stig meer as 50 hoenderklubs, naaldwerkklubs, en gemeenskapstuine. Geletterdheidskursusopleiers word opgelei.

## 11.2 Gemeenskapsontwikkeling vanuit die CMD

Die CMD raak betrokke by die nood in die swart gemeenskap. ' n Voltydse werker (Me. Marthie Lotz) word in 'n gemeenskapsontwikkelingspos aangestel, terwyl sy haar M.Sc. In gemeenskapsdiens voltooi aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy word in 1999 vervang deur Me. Khanyi Mabaso as maatskaplike werker met opdrag gemeenskapsontwikkeling in die arm swart gemeenskap rondom Ladysmith.

Die CMD raak betrokke by geletterheidskoling, opleiding van mense uit die agtergeblewe gemeenskappe om VIGS pasiënte tuis te verpleeg en by die hoender- en tuinprojekte van die VGKSA.

Vanuit die Universiteit van die Vrystaat sou Dr Ingrid Herbst, van die Sielkunde Departement die impetus verleen vir 'n holistiese bediening onder voorskoolse kinders. Huidiglik bedien 'n voltydse Kinderevangelis (Me. Maryna Schoeman) 150 kleuterskole in die gebied. Hulle onderwysers word bemagtig deur die volgende:

i. Onderrig in kinderevangelisasie

ii. Voorsiening van onderrig lesplanne en bekostigbare hulpmiddels

iii. Die Onderwysers bestuur die projek self vanuit hulle eie organisasie "Ubumbano"

iv. Die kerk fasiliteer in die oprig van talle kleuterskole. Kerkgeboue word beskikbaar gestel.

v. Die onderwysers word begelei om beter onderrigmetodes te beoefen.

## 11.3 Ekumene

Teen die laat 1980's was die ekumeniese en evangeliese stem wêreldwyd eens in die oproep na "compassion" vir die nood in die wêreld (Christensen 1988; Deni1997 se lewensverhaal van Dennis Hurley). Die wêreld word aangemoedig om stereotipes rondom armoede te hersien (Conn 1987). Ook die Evangeliese kerke word opgeroep tot maatskeplike betrokkenheid (Conn 1996). Kerke moet

ophou praat en iets doen (de Gruchy, Villa-Vicencio 1994). Fisiese nood kom op die kerk se tafel (Cosser s.a.). Ook die nood van die stede en Afrika kry nuwe ekumeniese aandag (Githumbi 1995:22). Binne die NG Kerk is deur talle publikasies druk toegepas om die kerk se oë oop te maak vir die swart gemeenskap (Hofmeyer, Kritzinger, Saayman 1990).

Die leraars van die NG Kerk beleef tye van verandering as "stroomversnellings"(Geldenhuis 1982). In Ladysmith was die NG Kerk leraars altyd betrokke by die interkerklike blanke leraars broederkring op die dorp. Sedert die begin 1990, het swart leraars uit Ezakheni die blanke kerke uitgenooi om deel te word van die vredesproses in die geweldgeteisterde gemeenskap. Dit wat ekumenies aan die orde was het nou op die tafel van die NG Kerk dominees beland. Hieruit sou voortvloei dat die sendingleraar op Ladysmith, saam met een van Ezakheni se leraars, die vredesproses monitor en talle vergaderings hou met gemeenskapsleiers.

Die WVK sou na die verkiesing swart nood op die NG Kerk se agenda plaas (Maluleke 1997:324). Tydens die 1999 verkiesing sou die NGKerk saam met ander kerke in die ekumeniese beweging in die gemeenskap verkiesings monitor en bemiddelingswerk, met groot sukses in kruitvat areas doen.

Hieruit sou voortvloei die stigting van die Thukela Mzinyathi Christian Council, waarvan die Sendingleraar van die NG Kerk die voorsitter is, en ds. Ngema van die VGKSA die voltydse Organiserende Sekretaris is. Hiermee het die NG Kerke familie in Ladysmith die res van die Christelike gemeenskap se bereidheid om saam te werk aangeneem en 'n hand van Christelike liefde uitgesteek om saam met die res van die liggaam van Christus betrokke te raak by die heling van vele wonde in die gemeenskap. Die deur is ook oop vir die kerke familie om vorentoe ekumenies saam te werk.

## <u>11.4 Struikelblokke : Nuwe onsekerheid oor die sending onder die Zoeloes</u>

11.4.1 Geestelike louheid

Ten spyte van baie verwikkelinge in die gemeente se missionêre aksies, is daar steeds onder 'n groot deel van die NG Kerke in Ladysmith onsekerheid met betrekking tot die kerk se sendingtaak.

' n Vraelys wat in 1992 by Ladysmith NG Kerk, tydens 'n oggenddiens met 420 lidmate uitgedeel is, het net 91 voltooide antwoordlyste opgelewer (21,6%). Op die vraelyste moes lidmate hul beskikbaarheid toon om by verskillende aksies van die gemeente betrokke te raak. Van die respondente het 61 (65,9%) hul bereid verklaar om vir sendingaksies te bid, maar hulle het nie kans gesien om self aan 'n georganiseerde aksie deel te neem nie. Die meeste was bereid om die uitreikaksies finansieel te ondersteun. Die volgende sendingaksies het ook vrywilligers gevind: Lektuurverspreiding (19); Handwerkopleiding aan werkloses (11); Hospitaal bediening (4)

Praktiese hulp met bouwerk en vervoer (12); Bediening aan plaasarbeiders (10)

' n Ontleding van bogenoemde vraelys lewer die volgende op:

'n Relatief klein persentasie van die totale gemeente is bereid om aktief deel te neem aan georganiseerde getuienis aksies. Die beskikbare klein groepie lidmate is bereid om holisties deur woord en daad uit te reik met die evangelie. Klem lê op die fisiese Woordverkondiging as die gemeente se definiëring van die sendingtaak. Die meeste respondente sien hul betrokkenheid beperk tot gebedsteun en finansiële steun aan sendingprojekte. Die meerderheid lidmate verwag steeds dat "iemand anders" (soos die sendingleraar of Maatskaplike werker) namens hulle die werk sal doen.

Ondersoek na die lidmate wat bereid was om betrokke te raak, toon die volgende: Hulle het geloofsekerheid en 'n daaglikse intieme belewing van die Here se teenwoordigheid deur gebed en Bybelstudie. Hulle is ook almal meelewend in hulle wyke, of in gebeds- of Bybelstudiegroepe en woon die eredienste gereeld by.

Persoonlike gesprekke met lidmate toon dat 'n sterk geloofslewe ook in moeilike tye hulle sendingvisie wakker hou.

> *Ter illustrasie die verhaal van Ouderling Hendrik Cadle, seun van eerwaarde Cadle, voormalige Ringssendeling. Hy was 'n boer in die Mooirivier omgewing. Soos vele ander boere (meer as 15 in die ringsgebied tussen 1995 en 2000), is hy en sy vrou op hulle plaas aangeval en wreedaardig behandel. Oomblikke voor hy doodgeskiet is, het hy sy aanvallers gevra of hy eers vir hulle kan bid. Hy het vir hulle bekering en verlossing gebid, en is toe geskiet. So is daar talle lidmate wat steeds te midde van groeiende geweld in die samelewing, diefstal en korrupsie hulle geloof behou, asook hulle visie dat alle mense die verlossing in Christus nodig het. Hierdie groepie is egter nie die meerderheid in elke gemeente nie.*

Mense wat nie 'n sterk geloofsverhouding het nie, is geneig tot groter neerslagtigheid en 'n louer sendingvisie (Sien ook Van der Merwe 1936:166).

Onrusbarend is dat ook die gemeente van Ladysmith nie meer groei nie, en dat die hele ringsgebied 'n afwaartse groei toon. Meer onrusbarend is die gelatenheid waarmee hierdie tendens aanvaar word en die blywende lae belangstelling in sending by die meeste lidmate. Sending is steeds die roeping van 'n baie klein deel van die gemeente. In die nuwe multikulturele samelewing is daar baie meer getuienis geleenthede. Die sendingveld het na die voorstoep en heinings van die erf gekom. Skielik werk dit nie om net 'n sendeling na verafgeleë plekke te stuur nie, elke lidmaat word nou met 'n honger na die Woord van die waarheid gekonfronteer en moet daarop reageer - positief of negatief. (Snyman 1997:7)

### 11.4.2 Rassisme : nuwe lewe

Tydens die eerste sittingsdag van die Ring van Ladysmith in 1999, moes die Ring kennis neem dat oral op die platteland, maar veral in Weenen, die plaasaanvalle

en onsekerheid 'n hernude reaksie van haat teenoor swart mense aanwakker. Die gesprek tydens die sitting was egter baie bemoedigend, met die pastorale vermaning dat ook baie swart mense in die tyd swaar kry. Die geweld moet nie gelees word as swart op wit geweld nie, maar eerder gesien word in die lig van die stryd tussen lig en duisternis en ook die NGKerk moet in hierdie stryd deelneem in die oorwinning wat Christus reeds behaal het.

**11.5 Samewerking en kontak op gemeentevlak**

Die Ringsitting van 1998 het die volgende aanbevelings van die RSK goedgekeur en deurgestuur na die besluiteregister:

1. Leraars van die NG Kerk en die VGKSA word versoek om kwartaalliks saam te kom om saam te bid
2. ' n Gesamentlike Getuienis Aksie in die Ringsgebied is besig om te ontstaan, langs die proses van gespreksgroepe.
3. Die VGKSA word verteenwoordig op die bestuur van die CMD.

**11.6 Algemene Sinode 1998**

Tydens die nagmaalsdiens , wat ook gedien het as die openingsgeleentheid van die tiende Algemene Sinode van die NGKerk, het die uittredende moderator die volgende boodskap gelewer:

"Die NG Kerk was in die verlede in die versoeking om aan homself as 'n groot en magtige kerk te dink, maar die dienskneggestalte sal hom nou die beste pas...... Die kerk sal anders oor homself moet dink. Christus stel aan ons die uitnemende voorbeeld van 'n dienskneg. Ek is van diepe oortuiging dat die NG Kerk nie in 'n gestalte van mag moet optree nie, maar in die gestalte van diens......Die NG Kerk moet nie as 'n kerk gesien word wat deur mag wil heers of wil baasspeel nie, maar as 'n kerk wat in gehoorsaamheid aan die Here diens aan 'n wêreld in nood wil lewer.....die hooftaak van die kerk is om God se Woord te bedien. In 'n tyd van sedelike verval en in 'n gemeenskap waar misdaad en geweld hoogty vier, moet die verlossing in Jesus Christus op alle moontlike maniere uitgedra word. Die kerk het ook die bediening van versoening ontvang en moet gevolglik sy belydenis van die verlede opvolg met dade van versoening en mense laat hande vat om 'n

beter toekoms te bou." (Swanepoel 1998 ).Indien hierdie sitting van die NG Kerk ten minste hierin rigtinggewend was, is daar 'n heerlike diensbare toekoms vir die kerk in KZN.

Rigtinggewende besluite is ook geneem in terme van gesamentlike getuienis aksie in die wêreld, saam met die res van die kerkefamilie. Ook in KZN word die eerste werkswinkel vir die sendingkommissies van al die kerke in die kerkefamilie beplan vir einde April 1999. Inleidende tema word beplan om te wees onderlinge versoening binne die kerkefamilie sodat ons as eenheid die wêreld kan binnegaan.

## 11.7 Dade eerder as woorde

Met die bekendstelling van die publikasie "Die Verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid" het die moderator van die Algemene Sinode gesê: " Die tyd vir baie woorde is nou verby...Die tyd vir dade het aangebreek." (Swanepoel 1997:6). Die grootste punt van kritiek teen die NG Kerk se hantering van Apartheid is juis dat te veel, te teoreties, gepraat is, en die praktiese nood en die hantering daarvan (omgee) te min op die tafel gekom het. Nou het die tyd gekom waarop die kerk se lidmate betrek word by die uitleef van ware liefde , geregtigheid en versoening. Dit is die enkel grootste uitdaging waarvoor die kerk nog te staan gekom het

Hierdie uitdaging impliseer die volgende:

* Waar die kerk se sinode 'n duidelike paradigmaskuif gemaak het, sal dit nou moet afwentel na die plaaslike gemeentevlak
* Waar in die verlede baie gepraat is en notules vol besluite geneem is, moet nou werkwinkels gehou word en agenda's en projekbeplannings gebeur
* Waar in die verlede die pad alleen en paternalisties geloop is, moet nou saam met die swart, Keurling en Indiërkerk geloop word. Dikwels sal die NG Kerk as dienskneg in die agtergeblewe gemeenskappe die mindere posisie moet inneem, met die inheemse kerke wat die leiding neem.
* Die pad wat voorlê is 'n pad van sondebelydenis en vergiffenis, van nuut word en al hoe meer Christusgelykvormig word.

* Ook akademiese besinning in die kerk sal meer gerig moet wees op praktiese diensbaarheid in terme van : Opheffingswerk; versoening , mediëring en bemiddeling.

**11.8 Gesamentlike Getuienis Aksie vir KZN**

April 1999 vergader die SSK's van die NG Kerk, VGKSA en die RCA. Tydens die vergadering word besluit op 'n Gesamentlike sinodale Getuienis Kommissie met 'n werksooreenkoms wat voorsiening maak vir gesamentlike aksies om die gemeenskap in die naam van Christus te bedien.

Die VGKSA en die NG Kerk se sinode van Augustus 1999 keur dit dan ook goed. Februarie 2000 word die Combined Mission Commission amptelik gestig, en hou hulle eerste vergadering in September 2000. Op 15 Oktober 2000 hou die VGKSA en die NG Kerk se twee ringe in die gebied van die ring van Ladysmith 'n baie geseënde spesiale gesamentlike ringsitting . Die tema is die kerk se rol in die wêreld. Ses werkskomitees word aangestel: Verhoudingbou; Bemagtiging van die plaaslike VGKSA grondvlak gemeentes; Diakonaat; Finansiële bemarking van projekte; en Evangelisasie. Die voorsitters van elke werkskomitee is onderskeidelik leraars van die NG Kerk en die VGKSA. Die koördinerings komitee bestaan uit die twee Ringe se Ringskommissies.

**11.9 Slotsom**

Die NG Kerk in die Mnambithi gebied het inderdaad 'n nuwe denke / paradigma rondom hulle taak in die gemeenskap ontwikkel. Hoe moet hierdie paradigma dan nou vorm aanneem binne die nood van die gemeenskap?

# AFDELING DRIE: PRAXIS UITWERKING VAN DIE OMGEE PARADIGMA

## HOOFSTUK EEN: PRINSIPIëLE BEGINSELS

**Inleiding**

Afdeling een het eers geluister na die hart van die NG Kerkefamilie en die Woord aan die woord gestel. Daarna is geluister na verskillende interpretasies van die Woord, vanuit die "maag"-Teologie en die "hart"-Teologie. Hulle eie kontekstuele interpretasies is gesien as 'n kyk na die Woord van die ander kant af. Die verwagting was dat daar iets van die veelkantigheid van die Woord sou uitkom. Hulle is ook gebruik as venster om die ervaring binne die konteks van Afrika-armoede te laat sigbaar word.

Afdeling twee het die situasie verder belig. Statistiek, ervaring en interpretasie is gebruik om te kyk hoe die mens op die grond armoede ervaar. Daar is breedvoerig stilgestaan by die belangrikste sake wat Afrika armoede in die Mnambithi konteks verwoord.

In hierdie derde afdeling moet die drie luisteraksies nou oormekaar skuif: Die luister na die teks, die selfinterpretasie en die konteks. As dit gebeur, praat Firet (in Müller 1991(b):91) van "...die beweging (dinamika) wat bestaan tussen dit wat gesê word (teks) en die handelinge wat daaruit voortspruit." 'n Nuwe kleur sal te voorskyn kom: God se omgee sal deur die gemeenskap ervaar word in die kerk . Wat kan prakties gebeur as teks en konteks mekaar in die kerk (spesifiek die NG kerkefamilie) oorvleuel? 'n Spesifieke paradigma ontstaan: Omgee. Hoe lyk hierdie omgee paradigma binne die NG Kerkefamilie?

Ten einde die paradigma te verwoord , moet die volgende onderliggende beginselriglyne, voortspruitend uit Afdeling 1 en 2, eers getrek word:

**1. Transendente karakter**

As die kerk in die konteks van Afrika armoede betrokke raak, moet die kerk besef dat die betrokkenheid 'n sterk transendente karakter het. Dit is God self wat sy kerk deur sy Gees oproep, onrustig maak en toerus om die werk te doen. "... want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer" (Fil. 2:13). Ons praat nie hier van 'n paar projekkies, of 'n organisatoriese oefeninkie nie. Ons praat hier van God self wat , uit sy geweldige liefde en omgee vir die noodlydendes hulle geroep hoor, en kom vlees word in en deur sy kerk, sodat Hy aan die nood kan vat, met sy hande, en wonde kan heel. Die Gees wat die Man van Nasaret na die armes en siekes gestuur het , wat met sy doop soos 'n duif op Hom neergedaal het (Luk. 3:21-22), wil ook die kerk so vul, dat die Vader ook sal uitroep : "Oor jou verheug ek my."

Hierdie God is dieselfde as die Skepper van die Ou Testament, wat prakties konkreet fisiese nood aangespreek het. Hy stem steeds sy nuwe verbondsvolk, die kerk (Rom.9-11) af op sy eer en verheerliking. Die eskatologiese stroom van al die nasies na sy troon in die nuwe Jerusalem is reeds aan die gang, maar nog nie voltooi nie. Die kerk sal tekens van die nuwe saamwees met God oprig, en die nasies sal in verwondering deur die andersheid daarvan aangetrek word. Hierdie vervulling met God self vra dat die kerk Hom met die hele hart sal liefhê, ongereserveerd, en die naaste soos hulle self (Matt. 22:34-40). Die hele lewe, alles wat die kerk binne en buite die kerkgebou doen, almal, groot en klein, is deel van hierdie doksologiese gerigtheid op die eer van God drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom is die sending in 'n konteks van Afrika armoede holisties. Dit is ook prakties, konkreet, sigbaar. Die geestelikheid daarvan word juis bevestig in die praktiese gehoorsaamheidseis daarvan. Mens sit nie maar net in die binnekamer en mymer hieroor nie. Jy word uit jou gemaksones en uit jou veilige vestings uitgedryf na daar waar die Here sou wees: Tussen hulle wat die geneesheer nodig het (Matt. 9:12,13). As die kerk daar wil wees geld die woorde van Jesus in Matt. 9:13 : "Gaan leer wat dit beteken: "Ek verwag

barmhartigheid en nie offers nie. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.""'

**2. Die hele kerk is betrokke**

Die kerk se sending sluit elke lidmaat, van elke stand, ras , geslag en ouderdom in. Die wit NG kerk kan nie, en mag nie, die nood in die konteks ignoreer nie. Elkeen het 'n verantwoordelikheid om betrokke te raak.

**3. Kontekstueel**

Die Koninkryk van die Here moet juis hier op aarde kom. Daarvoor moet die kerk alles gee. Teenkragte van die Koninkryk moet beveg word. Elke vorm van lyding en onreg is teiken vir die kerk se missiologiese uitreiking in die wêreld.

**4. Omgee is gerig op die hele mens.**

Die hele mens in teiken van die herskeppende krag van God wat deur sy kerk uitgeoefen word. Alles wat die mens verlam, en van menswaardigheid beroof moet aangespreek word. Die swart gemeenskap moet bevry word van 'n swak selfbeeld wat spruit uit rassisme en ekonomiese onderdrukking. Hierdie swak swart selfbeeld kom dikwels na vore in 'n passiewe houding jeens swaarkry. Tutu (in Saayman 1991:101) praat van die sendingtaak as gedrewe deur :

> *"... a burning and evangelistic zeal necessary to convert the black man out of the stupor of his subservience and obsequiousness to acceptance of the thrilling but demanding responsibility of full human personhood."*

* Missiologie sal in die toekoms 'n al hoe sterker sensitiseringsrol, 'n bemagtigingsrol en 'n gewetensrol speel waar die kerk nie vir die arm swart gemeenskap wil gunste doen nie, maar eerder saam sal worstel in die soeke na antwoorde.

* Dit impliseer dat die kerk missionêr nie met klinkklare antwoorde na die wêreld gaan nie, maar eerder dat die kerk saam met die wêreld in nood sal luister, en soek na oplossings. Dit vra 'n totaal nuwe manier van dink oor die wêreld en die kerk se rol daarin. Onwillekeurig word die kerk van sy

koloniale troon afgeruk, en langs die Verlosser as lydende kneg in die wêreld geplaas.

* ' n Verdere implikasie is dat die kerk die arm gemeenskappe se leiers sal toelaat om voor te loop. Dit vra van die kerkleiers 'n dienskneggestalte soos min, omdat die kerk dikwels vanuit hulle roeping dink dat die wêreld outomaties sal volg as die kerk leiding neem.

* Hierdie paradigmaskuif sal alleen kan plaasvind as die kerk weer vanuit 'n koninkryksperspektief na die wêreld kyk. Dit sal weer alleen gebeur as die blanke Christene van hule eie materialisme en magsposisies bevry word, en werklik vanuit die oogpunt van dienaars na hulle swart medegelowiges begin kyk.

* Die Missiologie sal in hierdie paradigmaskuif 'n belangrike rol as interpreteerder van die arm swart gevoel moet speel, asook die van middelman en bemiddelaar. Interkulturele kommunikasie moet gefasiliteer word. Gemeenskappe sal van mekaar bewus gemaak moet word. Die twee wêrelde moet nader aan mekaar gebring word.

**5. Die Missiologie sal multiprofessioneel ook op ander wetenskappe binne en buite die teologie moet steun om hierdie praxis-gerigte riglyne uit te werk.**

As mens net dink aan die toename van geweld, VIGS/HIV en armoede, is dit ondenkbaar dat die kerk die pad alleen sal aanpak. Elkeen van hierdie krisisse in die huidige gemeenskap vra professionele wetenskaplike oplossings, gestuur deur die Christelike paradigma van omgee.

Hierdie wetenskaplike pluriformiteit verg egter meer as net akademiese besinning. Dit verg ook grondvlak navorsing en insette van die gemeenskap self. Dit impliseer dat die kerk uit die gemaksone van middelklas gemeenskappe moet uitkom, en werklik tussen die armstes en die noodlydendes sal moet kom plek inneem.

Multi-professionalisme verg ook dat die kerk baie aandag sal gee aan die bemagtiging van agtergeblewe gemeenskappe. Bemagtiging kan omskryf

word as die volle verwesenliking van gemeenskappe se menswaardigheid, waarin mense weer as beelddraers van God herstel word. Hierdie proses is veel meer as 'n politieke proses, maar is ten diepste onderleg deur 'n Bybelse Spiritualiteit, wat nie individualisties uitgewerk is nie, maar in gemeenskapsverband. Hierdie bemagtigingstaak rus ook nie op die skouers van die kerk nie, maar die kerk kan hoogstens in die proses 'n fasiliterende rol speel. Die Lydende Kneg sal ook hierin die finale rolmodel en bron van inspirasie en krag wees.

**6. Oorbrug die gaping: ekumeniese/evangeliese missiologie**

In die uitwerk van 'n missiologiese praxis-gerigte strategie vir die NG Kerkefamilie, is Bosch 'n voorbeeld van missiologiese brugbou tussen die tradisioneel teenstrydige ekumeniese / evangeliese standpunte. Beide hierdie standpunte moet na geluister word en beide groepe sal moet oop raak vir selfkritiek. Nie een van die standpunte het die volle waarheid beet nie. Die een perspektief sonder die ander is onvolledig.

Hierdie benadering vra nie 'n kompromis tussen die twee standpunte nie, maar eerder dat beide ernstig opgeneem word. (' n Voorbeeld van 'n kompromis benadering word deur Balcolm (1994:63) genoem "Third way Theology".)

**7. Ekumeniese samewerking onontbeerlik**

Die moderne tyd word missiologies al meer geken deur die oproep tot kerklike samewerking, en die wegbeweeg van denominalisme. Ook as die NG Kerkefamilie die sendingpad wil vat, sal dit in noue samewerking met ander kerke moet wees.

**8. Fokus op die swart gemeenskap**

Die kerk wat die missionêre toneel gaan oorheers in SA gaan dominant swart wees, en gevolglik 'n dominante Afrika karakter hê. Indien die NG Kerkfamilie wil saamwerk sal hierdie feit aanvaar moet word. Daar sal meer

geluister moet word en gemene grond sal in die Woord gesoek moet word. Die swart Christelike teologie sal respekteer moet word.

**9. Woordbediening steeds sentraal**

Die suiwer Gereformeerde standpunt oor die Woord en interpretasie, sowel as die formulering van bekering , en nuwe lewe in Christus mag nie in die modernisering van die Missiologie verlore gaan nie, maar moet eerder verryk en uitgebou word. Die skeppingswoord sal in die herskepping van mense en gemeenskappe steeds sentraal staan.

# HOOFSTUK TWEE: HEROPBOU EN ONTWIKKELING

## 1. Holistiese verkondiging

Die stelling word dikwels gemaak dat die 19e eeu die eeu van Missionêre ekspansie en die 20e eeu die eeu van kerkbou was (kursusse en seminare), maar dat die 21e eeu die eeu van die wêrelddiakonaat is. Ons leef in 'n tyd van toenemende ekonomiese polarisasie, en groeiende armoede. Enige kerk wat betrokke wil raak in 'n noodgeteisterde gemeenskap, sal ook diakonaal moet kennis neem van die bestaansnood van die gemeenskap, en daarby betrokke wees.

Greenway (1991:104) noem dat die armstes die grootste blok van ongeëvangeliseerdes in die wêreld verteenwoordig, daarom moet die Evangelie so deur die kerk aangebied word, dat dit sin maak vir die armstes:

> *The poor have eyes as well as ears. They watch what we do even more than they listen to what we say. Because survival is their primary concern, our presentation of the gospel must be seen as offering some hope for the here and now as well as for eternity. Hope in Christ needs to be communicated by loving words and deeds. When hope is preached and demonstrated, the poor see and hear the message of Christ , and a sign of Gods transforming love is established among them.*

Ter illustrasie van die belangrikheid van holistiese armoedegerigte verkondiging, word die verhaal van Mev. Mbatha van eMkhumbane (Mhlumayo) weergegee:

> *Tydens huisbesoek het Mev. Mbatha my vertel dat sy ook 'n "keuse vir Jesus" gemaak het. Op navraag het sy as rede aangevoer dat sy Hom gesien het. Nie in 'n visioen nie, maar in die besoek wat 'n lidmaat van die VGKSA aan haar huis gebring het. Hulle gesin het 'n krisis beleef deurdat die broodwinner skielik siek geword het en sy werk verloor het. Die lidmaat van die VGKSA het uit haar karige voorraad 'n*

*sakkie mieliemeel gebring en vir die gesin gebid. Mev. Mbatha sê: "Ek het Jesus in daardie "checkers" ( sakkie) meel gesien, daarom glo ek."*

**2. Woord EN daad, albei saam deel van een strategie**

Waar die kerk die armes bedien, moet die Woordverkondiging en die heenwysing na Christus nooit agterweë gelaat word nie. Die leë mae én die leë harte moet aangespreek word. Hierdie holistiese benadering bedien die armes , maar maak hulle ook gelyktydig bedienaars van dissipelskap en sosiale vernuwing. Hierdie is mooi retoriek, wat dikwels in evangeliese teologiese debat geuiter word. Sien o.a. die Wheaton deklarasie van 1983: " The Church in response to Human Need"; die Lausanne Konvent wat in 1974 verklaar dat evangelisasie en sosio-politiese betrokkenheid beide deel vorm van die Christelike verantwoordelikheid in die wêreld; en die Lausanne werkskomitee wat in 1982 sou verklaar dat Sosiale verantwoordelikheid "partner" van evangelisasie moet wees. Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is dat Evangeliese hulpverlening selde prakties op gemeenskapsvlak realiseer. Die ervaring is dat Evangeliese kerke sku is vir sosio-politieke betrokkenheid.

Gustafson (1998:132) noem die volgende struikelblokke, wat verhoed dat evangeliese kerke op gemeentevlak OOK by die gemeenskap se nood betrokke wil raak, en evangelisasie en ontwikkeling integreer:

a. Verskraling van die evangelie. Die evangelie het net te doen met die bekering van verlore siele

b. Sekulêre definisie van gemeenskapsontwikkeling, en gevolglike afstand daarmee.

c. Eensydige klem op wet en werke en geregtigheidsprediking en 'n onderbeklemtoning van genade en liefde.

d. Kulturele onsensitiwiteit.

**3. Die plaaslike gemeente is self subjek van heropbou**

Die klassieke drie-selwe-beginsel van die sending maak baie sin , maar is na my mening nie genoegsaam nie. Dit is nie genoeg as 'n gemeente selfuitbreidend, selfonderhoudend en selfregerend is nie. Die plaaslike gemeente moet ook self verantwoordelikheid vir hulle gemeenskap aanvaar en onderling selfgenesend wees. Die gebrek aan hierdie fokus sou, na my mening, daartoe bydra dat die kerk op die sendingveld dikwels niks meer was as 'n stukkie dryfhout op pad na die ewigheid nie, met of sonder sy eie klein motortjie wat hom
aandryf. Tite Tienou (in Gustafson 1998:134) praat van "dead evangelism", wat geen hartklop en gevoel vir menslike nood toon nie.

Greenway (1991:104) som dit so op:

> *An essential part of their (local established church) growth in Christ will be shown by their reaching out to their neighbours with the same kind of holistic witness that first attracted them to Christ and to membership in the church.*

Ook die nuwe gemeente, soos die VGKSA, het die roeping om as plaaslike gemeente deur woord en daad, voorbeeld en aanbidding getuienis te lewer in hulle eie omgewing.

**3.1 Motivering van plaaslike gemeente: Identiteit**

Gustafson (1998:140) pleit dat die plaaslike gemeente wat by sosio-politieke projekte betrokke wil raak, eers deeglik voorberei moet word vir "holistic accountability". Hiermee bedoel hy dat hulle toegerus moet word om fondse vir die werk self met verantwoordelikheid te hanteer, maar meer nog, dat hulle ook geestelik volwasse sal wees. Geestelike volwassenheid impliseer die aanvaarding van verantwoordelikheid om self hulle gemeenskap se nood op 'n holistiese wyse, aan te spreek. Dit sal altyd ook 'n duidelike kerugmatiese element bevat. Hierdie bemagtiging van die plaaslike

gemeente behels dan veel meer as net organisatoriese vaardighede. Dit behels dat die gemeente hulle diakonale opdrag as sanksionering van hulle kerkwees sal sien. Hulle is daar, omdat God hulle wil gebruik om 'n verskil te maak. Die bemagtiging van die kerk lê dan ten diepste in hulle identiteit, as diensknegte van Christus en hulle mandaat om holisties kerk te wees.

**4. Begrip van ontwikkeling as deelnemende proses**

Die plaaslike gemeente wat gaan betrokke raak by die gemeenskap se nood, moet deeglik bewus wees van hulle eie rol in gemeenskapsontwikkeling. Hulle is nie 'n eiland in die gemeenskap nie, maar vorm deel van die gemeenskap waarbinne hulle leef. Hulle is skeppings- en natuurmatig deel van die gemeenskap. Hierdie deelwees aan die gemeenskap is nie 'n straf nie, maar is God se inkarnasie van sy Woord binne 'n konteks wat uitroep om hulp en lewe. Hulle sal moet besef dat hulle verbintenis aan die gemeenskap 'n langtermyn proses is , wat nie gaan eindig met een projek nie. Hulle einddoel sal geïntegreerd met die gemeenskap , en God se doel met die gemeenskap , moet wees. Die plaaslike gemeente word die gemeenskap se "resource base" (Gustafson 1998.:141). As deel van die gemeenskap word die kerk fasiliteerders van verandering en nuwe lewe, wat die Here ontsluit het. Cully en Harper (1969:127) sê dat die kerk nie meer moet praat van "them" nie, maar van "us".

**5. Holistiese Koninkryksvisie**

Alleen as die kerk verstaan dat sonde die hele spektrum van menswees aantas en verlossing ook strukture en gemeenskappe raak, sal die kerk hulle rol in die gemeenskap met Goddelike sanksie kan vervul. God se heerskappy wil oor elke aspek van menslike bestaan sigbaar word. Verlossing is alles insluitend. Die regte lewe daarbuite is eintlik die geesteswêreld waar verlossing behaal is deur Christus. Myers (1998:148) noem dan ook die kerk se betrokkenheid by die gemeenskap se nood "discipleship".

As die kerk dan nou wel by die gemeenskap se nood betrokke raak, is die vraag: Waarheen mik ons? Wat is die droom of ideaal wat ons najaag?

**6. Westerse kapitalisme nie die antwoord nie.**

Dikwels, waar oplossings gesoek word vir die Derde Wêreld se armoede, word aanvaar dat Westerse standaarde die uiteindelike doel is. "Ontwikkeling" is alleen in materiële en ekonomiese terme omskryf, soos verstaan vanuit 'n modernistiese positivistiese uitgangspunt. "West is best". Ontwikkeling beteken sementblokhuise (al is dit baie duurder en swakker geïsoleer as 'n gras en modder hut), matriek kwalifikasie (al kan mens daarmee niks doen om jou maag mee vol te maak nie), en oneindige vergaderings met notules en prosedures (al realiseer geen verligting daardeur nie). Hulp word dikwels van buite af , vanuit 'n vreemde Westerse denkwêreld aangebied. Die arm nie-Westerse gemeenskappe moes dan aanpas en Westers-modernisties word. "Ontwikkeling" in die post-koloniale era vervang net die vorige "sending" motief van "beskawing". Die "onbeskaafde volke" word nou die "onderontwikkelde" of die "agtergeblewe volke" genoem. "Kerstening" (H.D.A. du Toit 1967) word vervang met "ontwikkeling". Die beginsel is dieselfde : Daar is net een model vir 'n ten volle mondige mens: "Die materialistiese ,wit Europeër". Hierdie verabsolutering van die westerse materialisme sal deur 'n Christelike Missiologie gekonfronteer moet word (Pauw 1996:381).

Dit sal noodwendig gebeur dat 'n kerk se onmiddellike kultuurkonteks ook in die kerk sal reflekteer. Ook as die kerk in sy eie gemeenskap betrokke raak, is daar kultuureie maniere om betrokke te raak. In hierdie betrokkenheid is die plaaslike gemeente binne die konteks van Afrika armoede baie belangrik om die koers en rigting aan te toon. Die kerk moet versigtig wees om nie (onwetend) deur ideologiese denke op sleeptou geneem te word, wat polities aanvaarbaar is, maar in die gemeenskap kultuurvreemd is nie. Die kerk se betrokkenheid by die gemeenskap se nood moet kultuurweerkaatsend wees.

Die plaaslike VGKSA wat binne die konteks van Afrika armoede oorleef, sal voor moet loop in die diakonaat van ontwikkelingswerk. Die volgende slaggate sal sodoende vermy word:

a. Die bepaling van verkeerde behoeftes

b. Afhanklikheid en bedelmentaliteit.

c. Vernietigende effek van hulp op bestaande oorlerwingstrategieë.

d. Ontwikkelingsbehoeftes in die gemeenskap word verbygekyk

e. Die ondersteunende liggaam kan ook die standaard wil stel van hoe die endproduk moet lyk.

f. Gebruik van Westerse kwantitatiewe ontwikkelingsmaatstawwe.

g. Vanuit Westerse denke kan ontwikkelingswerk maklik net konsentreer op tegniese detail, terwyl die magdom geestelike aspekte wat armoede meebring ignoreer word.

h. Oplossings van buite af uitgewerk kan maklik te simplisties, en veralgemenend wees.

i. Gustafson (1998:141) noem ook dat eensydige Westers geöriënteerde hulpverlening , ter wille van buite befondsing, maklik probleme kan sensasionaliseer, en dit dan uit verband uit benader.

Uiteraard maak tradisionele leiers in Afrika ook dikwels die fout deur westerse ontwikkeling die norm te maak. Die teenpool hiervan is die verabsolutering van die Afrika leefwyse.

**7. Die "African Village" droom is ook nie die antwoord nie.**

Hoe idealisties die Afrika "village" droom ook al is , kan dit onmoontlik in 'n verstedelikte, oorbevolkte konteks toegepas word. Ook nie in die konteks van tegnologiese vooruitgang nie. Daar is wel elemente van die Afrika ubuntu droom wat sal moet inspeel op die ontwikkelingstrategie vir die arm swart gemeenskappe.

## 8. H.O.P. as politieke ontwikkelingsprogram is ook nie die antwoord nie

Tydens die 1994 verkiesing is die arm gemeenskappe in SA verblind deur die HOP droom. Almal het agteroor gaan sit en het verwag dat die politieke verlossers huise en kommoditeite uit die staatskas sal laat voortvloei.Die probleem met die HOP kan soos volg opgesom word:

a. Idealisme met vereenvoudigde, maklike oplossings vir holistiese probleme is opgetower.

b. Die motief was politiek gedrewe en nie die welsyn van die gemeenskap nie.

Die politieke bedryf van die HOP op sigself was aanvanklik verwarrend. In die verlede het die swart politieke bevrydingsorganisasies welvaart en vooruitgang verag as die wit kapitaliste se walglike lewensstandaard. Vandag word dit deur dieselfde politici as die droom vir die swart arm gemeenskap voorgehou. Chikane (1996:1) stel dit so:

> *...previously we couldn't use the word "prosperous" because prosperity looked like evil. During those days if you prospered you must have been part of the enemy camp. Today I can say that we want the people of this country to be prosperous and not be poor and live in shacks and in deprived situations.*

c. Die gemeenskap kon nie genoegsaam insette lewer in die proses nie. Chikane (1996 :6): "Maybe the problem is that it was never properly communicated."

d. Nuwe afhanklikheid is geskep en eie inisiatief en verbeelding is geïnhibeer.

e. Opposisiepartye was nie oorgehaal om die droom van HOP te koop nie. Dit was 'n ANC uitgewerkte plan. In KZN het die HOP lank een kantoortjie met een uiters onhulpvaardige administratiewe beampte gehad. IVP dominante gebiede was bang dat die HOP 'n politieke advertensie vir die ANC was.

f. HOP het alle ontwikkeling gereduseer tot programme en planne. Die morele onderbou vir 'n kultuur wat ruimte bied vir ontwikkeling, het nooit genoeg gewig gehad om steun te verkry nie.
g. Die HOP was uiteindelik niks meer as nog 'n snytjie koek vir die armes, wat nie regtig 'n effek gehad het op armoede as 'n geheel nie.
h. Chikane (1996: 7) se navorsing oor die effektiewe spandering van HOP spesifiek in Soweto het tot die skokkende gevolgtrekking gekom dat geweldig baie geld deur administrasie en organisasie opgeslurp is, en gevestigde maatskappye eerder by die HOP gebaat het as die armstes op die grond.

Gevolglik is die HOP kantoor op 28 Maart 1996 gesluit en is die beginsel van HOP na alle staatsdepartemente oorgeplaas ten einde strukturele verandering te bewerkstellig.

Juis op die terrein van ontwikkeling moet die kerk en staat duidelik eie verantwoordelikhede uitspel, en moet die kerk nie tyd en geld verkwis om die staat se werk oor te neem nie.

## 9. Politisering van die kerk se sosiale agenda

Waar die kerk sosiale verantwoordelikheid aanvaar, bestaan die volgende wesenlike gevare:

a. Die kerk kan kwalifiseer om staatsfondse te bekom. In die ontvangs van staatsfondse word die kerk blootgestel aan die volgende gevare:

** In die proses word die kerk verlengstuk van die staat.

** Die kerk word ook die reg ontneem om 'n rentmeesterskapsfilosofie in te bou met hierdie befondsing.

** Die kerk se assosiasie met die staat, veral in landelike omgewings, wat oorwegend IVP beheer word, word dikwels verwar met lojaliteit aan die regerende party van die dag.

b. Die kerk word 'n bedreiging vir onbeholpe plaaslike bestuursraadslede. "Ontwikkeling" is die politieke speelbal van die plaaslike politieke leiers.

Waar hulle nie aan hulle beloftes kan voldoen nie, en die kerk sigbaar hulp verleen, ontstaan afguns, en weerstand. Dit gebeur ook soms dat kerklike projekte geskaak word deur politieke leiers.

c. Die funksie van die kerk word eensydig verpolitiseer, met verlies aan kerugma.

**10. Ontwikkeling is meer as hulpverlening. Dit gaan om bemagtiging van die arm gemeenskap**

Post-koloniale Afrika huisves talle wit olifant ontwikkelingsprojekte, waarin groot buitelandse geld eenvoudig verkwis is. Nadere ondersoek toon dikwels die volgende tekortkominge:

a. Die uitdeel van hulp en geld ontneem die gemeenskap van medeseggenskap en eienaarskap.

b. Die uitdeel van geld en middele bevorder afhanklikheid, en inhibeer groei en eie inisiatief. Gemeenskappe vra "Wat kan julle vir ons doen?" in stede van "Wat kan ons vir onsself doen?"

c. Die uitdeel van buitelandse hulp op buitelandse visie en voorwaardes, veroorsaak onwerkbare projekte.

d. Die hulporganisasies in party arm Afrika lande het meer infrastruktuur op die grond as plaaslike regerings. Dit skep skewe verwagtinge, wat nie oornag reggestel kan word nie. Plaaslike strukture wat die ontwikkelingswerk uiteindelik moet doen , word ontmagtig, en hulle tekortkominge uitgelig.

Gevolglik word die term " recipient responsibility" al hoe meer gebruik. Die term impliseer die volgende:

a. Hiermee word die plaaslike gemeenskap beheer oor die ontwikkelingsproses self gegee.

b. Die plaaslike gemeenskap se menswaardigheid word erken, deurdat hulle toegelaat word om eie inisiatief te neem.

c. Bemagtiging van die gemeenskappe is die sleutelwoord. Plaaslike gemeenskappe moet gehelp word om self ontwikkelingsbegrotings en projek implimentering te doen. Die hulpverleners word in die proses ontmagtig.

d. Die gemeenskap word ruimte gelaat om deur hulle foute te leer.

e. Gemeenskappe word begelei om hulle eie situasie te analiseer, probleme te identifiseer, prioriteite te bepaal, en 'n ontwikkelingstrategie uit te werk. ' n Britse ontwikkelaar praat van " Participatory Rural Appraisal" (The Natal Witness, 30 January 1998:13).

f. In stede van net tegniese ontwikkeling, word nou meer klem gelê op die ontwikkeling van die menslike potensiaal, sodat mense hulle eie drome kan droom, en maniere kan uitwerk om dit te laat realiseer.

Linthicum (1991:28), vanuit ervaring met Wêreld Visie se stedelike ontwikkelingsprogramme, ervaar dat die armoede van die armstes oral sigbaar word in "powerlessness" . Dit is veel meer as die gebrek aan bestaansmiddele. Die armstes is hulpeloos, sonder enige hoop, visie en inisiatief. As die kerk in die uitreiking na die armes net op fisiese nood konsentreer deur net gawes uit te deel, en nie hierdie geestesinstelling hanteer nie, val die kerk in die volgende slaggate:

a. Hulle sal die kernprobleem rakende armoede miskyk. Hulle voorsien dan hulp uit 'n gevoel van omgee, en jammerte, maar maak die armes op die lang termyn net meer afhanklik en kragteloos.

b. Hulle ontneem die armes verder van menswaardigheid deur hulle te degradeer tot objekte van simpatie. Hulle word verder eienaarskap van hulle eie bestemmingsbepaling ontneem.

Chikane (1996 :7) noem tereg dat ontwikkelingswerk meer inhou as om 'n gebou of ander materiële hulp aan 'n arm gemeenskap te skenk. Dit gaan uiteindelik om bemagtiging van die armes, met klem op gestremdes, vroue, en die jeug om self deel te neem aan die prosesse van die ekonomie. Hulle moet toegerus wees om uiteindelik eienaarskap van hulle eie prosesse te aanvaar.

Ek meen dat die plaaslike kerk hierin 'n enorme rol te speel het.

Hoe kan die kerk hierdie bemagtiging fasiliteer? Ek luister eers na 'n groep Zoeloe gemeenskapswerkers van die organisasie ACAT, en doen dan etlike voorstelle aan die hand:

> *In 'n vergadering van 12 van ACAT se gemeenskapsleiers in Ladysmith op 10 Februarie 1998, is aan hulle gevra wat die kerk se rol is in die ontwikkeling van die gemeenskap. In die gespreksgroep wat gevolg het is die volgende antwoorde gegee:*
>
> *a. Die kerke in die gebied moet mense lei om Christus in die geloof te aanvaar. As die gemeenskap vry kom van vrees, en onderlinge verdeeldheid , en weer hoop het (weer drome van voorspoed droom) sal hulle ontwikkelbaar wees.*
>
> *b. Leer die gemeenskap om mekaar lief te hê. As die gemeenskap minder haat, wantrou, en in selfsug alles vir die self wil opraap sal daar ontwikkeling kan plaasvind.*
>
> *c. Kerke moet meer omsien na hulle eie armes, deur hulle te bemagtig deur opleiding. Daar is 'n paar voorbeelde genoem van kerklidmate uit een denominasie wat saam begin het om met hoenders te boer , of om naaldwerk te doen.*
>
> *d. "Aid is Aids". As die kerk net uit welwillendheid hulp verleen sonder om mense te bemagtig, word die gemeenskap van binne af gerysmier, en afhanklikheid aangehelp. Niks bemagtig die gemeenskap soos die aanleer van handvaardighede en organisatoriese kennis nie.*
>
> *e. Die kerk moet nie uit die hoogte vir die armes iets probeer doen nie, maar sal op die vlak van die armes beweeg.*
>
> *f. Die kerke is nie sigbaar in die verligting van nood nie. Kerke skep dikwels die indruk dat hulle net agter die armes se geld is, om die kerklike strukture aan die gang te hou.*
>
> *g. Kerke moet van diensorganisasies soos ACAT gebruik maak. Kerke het dikwels nie die kapasiteit om self opleiding uit te werk en aan te bied nie.*

Die volgende voorstelle moet dan na gekyk word;

a. Identifikasie met die gemeenskap

Dit sal alleen realiseer in 'n konteks waar die kerk deel van 'n gemeenskap word. Wat Eugene Nida (aangehaal deur Griffiths 1972:91) sê oor die taal kommunikasie van die Woord is ewe waar vir die kerk se ontwikkelingswerk:

> *The identification needed is not one of imitation but of effective participation as a member of society ... it is not necessary to deny one's own cultural heritage ... but to use these cultural resources to benefit the whole community to which he belongs.*

Die kerk sal langs die armes moet kom staan, saam met hulle hulle lotgevalle deel, en saam met hulle na uitkoms soek. Dit beteken dat die kerk nie "kerk vir die armes" sal wil wees nie, maar "kerk saam met die armes". Dit kan die beste gebeur waar die kerk in die arm gemeenskap hulle roeping verstaan, en kerke van buite hierdie roeping respekteer en ondersteuning bied in die uitvoering daarvan. Dit gaan dus om die geloofsband tussen ryk en arm Christene wat hulle saam laat fokus op die pyn van armoede.

b. Aanvaar die leierskap vanuit die plaaslike arm gemeente en gemeenskap

Die arm gemeenskap moet hulle eie probleme identifiseer, en self oplossings ontdek. Hierin moet hulle self die leiding neem. Die kerk moet aan hulle inisiatief onderwerp wees, en hulle versterk in hierdie selfondersoek.

c. Motiveer die gemeenskap om saam te werk en gemeenskaplike basis vir gemeenskapsaksie te vind

Arm gemeenskappe word dikwels gekenmerk deur diepliggende verskeurdheid, vetes, konflik, onvergewingsgesindheid, die sneeubal van kleinlike verskille, en magspel deur leiers. Die kerk het 'n helende rol om hier te speel. Waar gemeenskappe ryk aan konflik is, sal hulle arm bly in die ontginning van hulle potensiaal as gemeenskap. Juis die vereniging van 'n

gemeenskap, en die oorbrugging van verskille blyk vrug van die Evangelie te wees. Die evangelie moet so verkondig word dat die impak daarvan elke verhouding in die gemeenskap raak.

As die gemeenskap kan saamwerk, is die kerk se rol nog nie afgehandel nie. Githumbi (1995:26) vra dat die kerk mense sal leer om eienaarskap van hulle eie probleme te neem.

d. Beskikbare plaaslike bronne moet herwaardeer word.

Githumbi (1995:27) beskou een van die arm gemeenskappe se grootste struikelblokke te wees dat hulle nie plaaslike beskikbare bronne kan ontgin nie: "The task of development is to help the poor appreciate what they have, work with it, and make it marketable." So sou Evangelis Maduma van die VGKSA Wasbank telkens in gemeenskapsvergaderings met arm gemeenskappe vir die mense vra om hulle hande op te steek. Dan sou hy hulle leer: "Julle linkerhand is julle ma, en julle regterhand julle pa. Hulle kan vir julle sakke vol aartappels, en bone uit die grond gaan haal. Al die kos is daar vir julle weggebêre deur julle Hemelse Vader. Dit moet net uitgehaal word."

e. Oorwin hooploosheid en fatalisme

Die armoedekultuur veroorsaak diepliggende fatalisme , verlies aan selfrespek, en trots onder die armes. Die kerk kan weer hoop en lewensoptimisme verkondig in die naam van die Here. Die kerk kan weer mense se menswaardigheid herstel, en hulle hoop gee dat armoede en hooploosheid nie Godgegewe onveranderlikes is nie, maar dat dit in die naam van die Here aangespreek kan en moet word.

f. Die blootlê van die waarheid teenoor die leuen

Githumbi (1995:23) beskryf die stedelike armoedekonteks as vasgevang in die leuen dat armoede onveranderbaar is, en dat die armes se lot is om deur

die sterkeres uitgebuit te word. Wat Bruwer (1988:66) van die deursnee plaasarbeider in SA sê, is ewe toepaslik op enige arm gemeenskap:

*Despair... demoralised, dependent, submissive, and ready to serve, but never to take initiative.*

Die waarheid soos openbaar in die Woord, moet die verslawende leuens ontmasker. Die implikasie van Githumbi se opmerking is dat die kerk nie hierdie bevrydende rol kan speel in die konteks van Afrika armoede sonder om die moed te hê om die woord in die konsekwensies daarvan te verkondig nie.

## 11. Unieke komplekse diakonaat in die 21ste eeu

Waar die kerk betrokke raak by gemeenskapsnood, is alle nood van die tyd vir die kerk diensgeleentheid. Binne hierdie nood moet die kerk van Christus , in navolging van Christus, dus dienend betrokke raak.

Die kerk se betrokkenheid by die nood in die gemeenskap moet duidelik omskryf word. Om van "ontwikkeling" te praat, impliseer "onderontwikkeling" en "agterstand". Wat word bedoel met die term "ontwikkeling"? Na die Tweede Wêreldoorlog is dikwels gepraat van "modernisasie", binne die konteks van Westerse materiële en ekonomiese ontwikkeling.

(v Schalkwyk 1996:49). Die nadele van die benadering is in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek, en dit is duidelik dat dit nie binne die kerk se visie kan val om weer in hierdie terme te dink nie. Dit reeds gesê, bly die behoefte aan ontwikkeling altyd daar. Die nood in vandag se konteks vereis nog altyd dat ontwikkeling sal plaasvind. Tegnologie maak dit nodig en ook makliker. Water gee aan die wat dors is , kan dan vandag meer beteken as 'n erdekruik vol putwater. Dit kan ook beteken dat daar boorgate in arm gemeenskappe gesink moet word. Om die hongeriges brood te gee, vra vandag meer as 'n sny brood aan 'n bedelaar, maar sou ook moet insluit voedselgenererende projekte. Bloot die ontwikkeling in tegnologie is alreeds 'n genadegawe ook aan die armste gemeenskappe. In die post-apartheid SA word fisiese

ontwikkeling deur die nuwe regering aangespreek. Hulle moet hierin aangemoedig word. Die kerk se rol lê egter op 'n ander vlak.

Vanuit die Derde Wêreld sou die term "ontwikkeling" meer humanitêr die menslike sosio-politieke aspekte uitlig, en uiteindelik van politieke bevryding praat. Hiervolgens sou armoede alleen vernietig word as die oorsakende faktore, soos onderdrukking, vernietig word. Die post-bevryding van die afgelope ses jaar in SA het ons egter weer herinner dat ontwikkeling nie spontaan gaan gebeur na politieke hervorming nie. Beukes (1994:3) stel: "... it is now time that meaningful strides are made "beyond liberation"..." Hy beveel aan dat in die Nuwe SA verby die stryd en bevrydingsproses gekyk moet word, en dat onderliggende oorsake en oplossings rondom die armoedevraagstuk aangespreek moet word. Van Schalkwyk (1996:48) beveel aan dat 'n ander dimensie nodig is, wat ook ontwikkel moet word: 'n Nuwe waardesisteem en denkpatroon moet gevestig word onder die armes. Sy praat van "social transformation". Die sleutelwoord is nou <u>holistiese transformasie</u>. Freire (van Schalkwyk 1998:49) praat van 'n " "awakening" or conscientising process", waarby gemeenskappe gehelp word om deur hulle apatie te breek. Hierdie bewusmakingsprogram behels die volgende:

a. Begrip ("critical awareness" (van Schalkwyk 1996:50) vir die oorsake van die armoede vraagstuk in die gemeenskap.

b. Uit die bewustheid sal voortkom 'n aksieplan, wat die wortels van die probleem probeer aanspreek.

c. Die aksie word dan geëvalueer, nuwe aksieplanne word uiteengesit, nuwe aksie vloei voort, en dit word ewe eens evalueer. Freire (Van schalkwyk 1996:50) praat van "action-reflection-cycle".

Bogenoemde in ag genome, besef mens die missionêre taak van die kerk verg spesialis kennis. Onvermydelik sal met spesialis organisasies saamgewerk moet word. Ek noem as voorbeeld 'n organisasie wat skouer aan skouer met die kerk werk in die Ladysmith omgewing:

## 12. ACAT

Africa Co-operative Action Trust (ACAT) is 'n voorbeeld van 'n diensorganisasie wat reeds vir 18 jaar in KZN , die Oos-Kaap en Swaziland aktief is. As Christelike ontwikkelingsdiens wil hulle ondersteunend tot die plaaslike Christelike gemeenskappe hulle kennis deur opleiding aan die landelike gemeenskap beskikbaar stel.

Die voorsitter, Dr. L.P. McCrystal (ACATalyst Maart 1997:1) stel die volgende doelwitte:

> *The production of courses in subjects such as agriculture, functional arithmetics and home economics is being actively pursued. ACAT believes strongly that it is equipping the people and increasing their appetites for development that the greatest contribution to sustainable economic growth can be made.*
>
> *When people have faith and hope that their future and that of their children can be better than the past, they will be motivated to achieve. When people come to faith in Jesus Christ, their world-view changes towards one in which the individual can, under God's guidance , transform his or her own future.*

As die kerk bemagtiging wil laat gebeur, sal die kerk mense in die arm gemeenskap stimuleer om opleidingskursusse by te woon. Opleiding bemagtig mense. Veral as dit plaasvind binne die konteks van Christelike potensiaalontsluiting. Die kerk hoef egter nie die kursusse self te ontwerp nie. Die kerk moet die geloofsonderbou voorsien vir die potensiaalontsluiting wat hier moet plaasvind. Dit kan opgesom word in een woord: HOOP.

Waar die kerk opleiding fasiliteer om projekte soos naaldwerk- en hoenderklubs op die been te kry, is die rede veral die daarstelling van HOOP. Die gemeenskap word voorsien van 'n rolmodel, 'n klein voorbeeld wat

werk; hulle sien dat fisiese nood aangespreek word, en die teken maak die toekoms vir hulle meer ontslote.

## 13. Konkrete projekte binne die arm kerk vir die arm kerk

Namate die arm kerk visie ontwikkel, sal daar meer behoefte ontstaan vir meer fondse om die werk mee te doen, en lidmate mee te bemagtig. Deel hiervan sou ook kon wees die eienaarskap van 'n voltydse werkkrag in die gemeente. Namate hierdie behoeftes ontstaan, sal die kerk ontmoedig word as hulle telkens met hulle eie armoede gekonfronteer moet word. Daarom stel ek voor dat die kerk in die arm gemeenskap moet soek na geldgenererende projekte wat hulle self bestuur, en waardeur hulle persoonlik ondervinding opdoen wat op persoonlike vlak ook weer kan help om bykomende fondse te genereer,

> *Ds Majola van die VGKSA Wasbank se gemeente het 'n donasie van die NG kerk George Bergsig ontvang van 'n Markie tent wat hulle self met begrafnisse uithuur. Die tent genereer R3000 per jaar vir die kerkkas. Hiermee ontwikkel die gemeente 'n gevoel van eiewaarde, en het hulle fondse waaroor hulle self kan besluite neem.*

## 14. Hoop

Bruwer (1988:66) stel die kerk se taak in 'n arm gemeenskap duidelik as: *"A mission of hope"*. Bruwer identifiseer twee fasette van die bediening van hoop:

a. *Makro en mikro eksterne omgewing*

Hoop kom tot stand waar mense se onmiddelike (mikro) omstandighede verbeter. Hier word gedink aan skole , mediese klinieke, en infrastruktuur soos elektrisiteit. Die kerk moet hierdie ontwikkeling vanuit owerheidsweë aanmoedig.

Op die makro (nasionale) vlak moet strukturele onreg aangespreek word. As die kerk nie die moed het om hierdie standpunt in te neem nie, sal die kerk

deur die arm verontregtes gemarginaliseer word. So het plaaswerkers hulle in die verlede grootliks gedistansieer van die hooflyn kerke, omdat hulle te nou geassosieer was met die plaasboer, wat nie altyd aangespreek was deur die kerk nie. Waar die gemeenskap deur wetgewing meer regverdig gemaak word, kan die verontregtes meer vry asemhaal, en hoop kan ontwikkel.

*b. Hoop kom van binne die mens*

Bogenoemde kan hoop aanwakker, maar ware hoop kom van die hart van die mens. Hoop-loosheid kan met duisternis vergelyk word, waar elke vorm van lig uitgedoof is. Lig, selfs soos een kersie, verdryf die duisternis, en gee aanleiding daartoe dat meer kerse aangesteek word. Waar mense se harte verlig word in die geloof, ontstaan die nuwe skepping, wat mense van binne transformeer. Waar hierdie geloofslig mense se lewe transformeer, ontdek hulle hulself as beeld van God, wat met potensiaal en 'n skeppingsmandaat toegerus is om 'n verskil te kan maak. Die mens raak dan 'n nuwe mens.

Die kerk se taak is om die Lig in 'n situasie van hoop-loosheid te laat brand. Christus self is die Lig, die bron van hoop. Die kerk beskik nie oor hoop nie. Die kerk moet die hoop-lose gemeenskap begelei tot die aanvaarding van hierdie hoop. Ten diepste is die kerk se ontwikkelingstaak dan 'n geestelike transformasie van die arme se selfverstaan. Die Kerugma moet dan in transformasie oorgaan, Wedergeboorte. Nuwe lewe. Nuwe toekomsvisie ,en nuwe HOOP.

# HOOFSTUK DRIE: SENTRALITIET VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE

## 1. Inleiding: Die balangrikheid van die plaaslike gemeente

Die kerk vorm saam met die ander instansies die maatskaplike bestel waarin almal leef, en kan nie anders nie as om hom besig te hou met die kwelvrae in die plaaslike gemeenskap nie. Daarom voel Tieman en Zunneberg (1990:22) dat die Christelike geloof, net soos God, ook nie los van die wêreld te kry is nie. Die kerk is juis God se inkarnasie in die wêreld. Die vestiging en bestaan van die plaaslike kerk (*ecclesia localis)* binne 'n noodgeteisterde gemeenskap is Missiologies van die grootste belang. Die georganiseerde kerk met lede, ampte , leiers en struktuur is 'n Godgewilde instelling wat juis self binne hulle konteks aan Christus se omgee hande en voete moet gee. Enige kerklike noodverligting in die gemeenskap sal moet geskied deur die moeisame pad saam met die *ecclesia localis* in daardie spesifieke gemeenskap te loop. Hierdie proses sal die plaaslike kerk bemagtig.

Die *ecclesia localis* is op grond van die uitverkiesing deur God die Vader; die Verlossing in Christus; en die heiligende wederbarende werk van die Heilige Gees selfstandige outonome bron van hoop en lig en lewe in die gemeenskap. Die *ecclesia localis* , gebou op die leer van die Apostels en uitgestuur in die apostolaat , om juis die dienswerk van Christus voort te sit, moet juis die gemeenskap soos suurdeeg deurtrek en met Woord en daad bedien. Gevolglik mag geen moderne sendingaksie los van die *ecclesia localis* werk nie.

Die moderne sekularisme, ook opvallend in die nuwe SA, wil juis die kerk diskrediteer as rolspeler in die wêreld. Die Christen word uit die plaaslike arena gedwing en die kerk verban na die binnekant van sy vier mure. Die *ecclesia localis* moet egter juis bemagtig word om in die plaaslike gemeenskap lig te wees en lig te skyn op elke aspek van die

gemeenskapslewe. Ook sendingaksies van "buite" af, mag nie die *ecclesia localis* gering ag en ignoreer nie. Dit word mode om die sendingpad individualisties te stap, sonder om die plaaslike kerke te respekteer. Die uiteinde van hierdie pad is katastrofies:

a. Die kerk bedien die gemeenskap met 'n verskraalde dooie evangelie, wat nie hande en voete het nie. Soveel te meer in die konteks van Afrika , waar bv een-tot-een-pastoraat vreemd is, en die klem eerder val op "... die dienende gemeenskap van gelowiges." (Njenga in Müller 1991(b):95)

b. Nuwe afhanklikheid word geskep, en die plaaslike kerk word degradeer tot minder kerk.

Tieman en Zunneberg (1990:222) sien die plaaslike gemeente, aan die hand van Matt.5, betrokke in hulle gemeenskap op drie maniere:

a. As individue soos sout opgelos in die gemeenskap se strukture en aktiwiteite werk die kerk onsigbaar, en ongeorden. As Christene gee hulle oral waar hulle kom smaak, en werk hulle preserverend in op die gemeente.

b. As gemeente is hulle sigbaar in die gemeenskap. Hulle is opvallend as lig besig om die duisternis te verdryf. Hulle het hulle vinger op die gemeenskap se pols en reageer op nood en onreg.

c. As gemeenskap met warmte en koinonia is hulle 'n stad op 'n berg. Hulle is 'n plek vir heelwording. Hulle trek die mense van buite af nader om te kom deel aan die oorvloed binne die stad. Binne die stad word mense voorberei in 'n oefenskool tot diensbaarheid.

## 1.1 Sinodale en Ringsbetrokkenheid nie oorbodig nie, maar ondersteunend

Alhoewel die plaaslike gemeente die wigpunt is waar die gemeenskap in Woord en daad bedien word het die Sinodale- en Ringskommissies 'n prominente rol te speel. Hierdie kommissies moet egter nooit die werk in eie hande neem nie, juis omdat hulle daarmee die werk in die gemeenskap gesigloos sal maak, en baie plaaslike kreatiwiteit en inisiatief sal demp. Die

burokratisering van die diakonaat en die sending is genadiglik 'n euwel wat in die hedendaagse klem op gemeentebetrokkenheid, al minder voorkom.

Die kerkverband se rol lê op die volgende vlak:

1. Reël van onderlinge ondersteuning van gemeentes en groepe se werk. Dit kan gebeur dat 'n plaaslike gemeente of ring net oorweldig word deur die nood in hulle gemeenskap, en hulle morele en fisiese hulp van buite benodig.
2. Verseker kontinuïteit in die werk. Dikwels kry gemeentes, veral waar hulle sendingwerk kruiskultureel doen, 'n oomblik van groot oplewing en entoesiasme (as gevolg van dinamiese leiers met visie), wat gou vervaag. Die gevaar bestaan dan dat geloofwaardige projekte weer gelaat word. As die projekte deur die kerkverband gemonitor word, kan verseker word dat visie behou word, en alternatiewe steun beding word.
3. Koördinasie. Die kerkverband is veral nodig om te verseker dat werk op die sendinggebied nie individualisties gedoen word nie, en daar goeie kontak bestaan met die ander kerke in die kerkefamilie.
4. Begeleiding van gemeentes. Gemeentes in 'n konteks van armoede, sowel as meer welgestelde gemeentes se oë moet oopgemaak word vir die nood, hulle moet gemotiveer word om die nood aan te spreek, en hulle moet begelei word in strategiese beplanning.
5. Voortgaande besinning. Voortdurende besinning en studie is nodig om in 'n snel veranderende konteks voor te bly in die stuur van die kerk na die wêreld in nood. Hierdie navorsing sal multiprofessioneel moet plaasvind, en ook meer ekumenies.
6. Kanalisering van Sinodale fondse. Die kerk binne 'n konteks in nood word dikwels lamgelê deur hulle eie beperkte fondse. Alhoewel hulle ideaal geleë is om die nood aan te spreek, is hulle self verlam deur 'n eie armoede kultuur. In die verband sou Sinodale hulp, gepaardgaande met visionering en motivering hulle kon aktiveer om in hulle gemeenskap betrokke te raak.
7. Profetiese stem na die owerheid van die dag. Die kerkverband het 'n meer hoorbare stem in 'n demokratiese bestel en moet dus maksimum gebruik maak van hulle stem in die oordra van 'n profeties-kritiese boodskap aan die

owerheid van die dag. In die verband sal die kerk ook 'n waardevolle rol speel as die kerkverband die voetsoolvlak kerk se kommer en visie op regeringsvlak kan verwoord. Die kommer bestaan dat die kerk se meerdere vergaderings dikwels verteenwoordig word deur baie geleerde, maar baie oningeligte lede, wat nie insig het in die voetsoolvlak dinamika van kerkwees in 'n verarmende wêreld nie. Die kerkverband moet juis 'n spreekstem vir die plaaslike gemeente word. Die afwesigheid van jeug en vroue in die kerkverband is waarskynlik die oorsaak van hierdie probleem.

8. Ontbondeling van gesentraliseerde diakonale burokrasie. Die sterk sentralisasie van die kerkverband se diakonaat sal indringend op kerkverbandsvlak aandag moet kry, as die kerk in die armoede konteks relevant wil bly. Die nuwe staatsparadigmas in Welsynsbesteding sal ook die ontbondeling drasties aanhelp, en die kerk noop om radikale paradigmaskuiwe op sinodale vlak te maak, ten einde steeds 'n rolspeler te wees in die breër welsynsprogram van die staat.

### 1.2 Plaaslike gemeente en gemeenskapsnood: Nuwe lewe in Christus bring nuwe waardesisteme en nuwe gesindhede mee.

Die nood van die gemeenskap is nooit net sosiaal of net polities nie. Die *ecclesia localis* moet juis bemagtig word om die gemeenskap se fisiese nood en hulle geestelike nood aan te spreek. Die arme se grootste nood, groter as die nood aan geld, is die nood aan hoop. Die Evangelie in Christus bied juis hoop, geloof, waardes en dissipline. Waar die kerk hierdie onderbou voorsien is die staat se werk in die verskaffing van infrastruktuur en polisiëring soveel makliker. Greenway (1991:106) stel dit so:

> *The church is in the business of developing new people in Christ, people who possess a radically changed worldview, ideas, values, and attitudes.... become participants in and motivators of change in the community....*

In elke arm gemeenskap moet kerke ontstaan, en die bestaandes moet bemagtig word om in hulle eie "Jerusalem" lig en betekenis in te dra. Hierdie *ecclesia localis* moet self agente van verandering word.

Ten einde die *ecclesia localis* self hierdie rol in die gemeenskap te laat speel, is die volgende nodig:

1. Die ontstaan van **koinonia** in die *ecclesia localis*
2. Leierskapsontwikkeling
3. Lidmaattoerusting.
4. Bybelse riglyne moet hier tot hulle reg kom:

  * Lydende Kneg rolmodel en inisiatief tot groei na nuwe identiteit as **diakonos** (dienskneg)
  * Kerk van die armes en noodlydendes
  * Fokus op die wêreld
  * Ekumeniese samewerking in gemeenskapsbemagtiging

5. **Kerugma** as Woordverkondiging deur prediking, media, en lektuur
6. **Leitourgia**. Die Here word in die erediens aanbid, en die gemeenskap word uitgenooi om in hierdie aanbidding deel te neem.

W. Scott (1980:252 ) onderskei die kerk se werk in drie afdelings:

a. "Relief", wat insluit korttermyn hulp, diakonaat, en pastoraat

b. "Development" , wat insluit bemagtiging en potensiaalontsluiting. Die gemeenskap word gehelp om hulle self te help

c. "Liberation" , waar die kerk nie net mense leer visvang nie, maar die lisensies vir hengel herverdeel word!

## 2. *Koinonia*

### 2.1 Die ontstaan van *Koinonia* in die *ecclesia localis*

Kritzinger (1988(b):282) vergelyk koinonia met die pen wat die twee lemme van 'n skêr saambind - te wete diakonia en kerugma. Gemeenskap maak holistiese sending moontlik. Dit dra God se bedoeling die wêreld binne. As sending 'n hermeneutiese proses is waar teks en konteks oormekaar skuif,

dan is die resultaat wat in die wêreld sigbaar is eerstens die koinonia binne die *ecclesia localis.* Die erediens word op sigself missionêre "happening" te midde van mense wat in ongeloof na die kerklike samekoms kyk. Die kerk word die teken van God-wat-met-ons-is. As die mistieke eenheid met Christus nie oorgaan tot sigbare koinonia nie, is daar fout, beland die kerk in 'n geloofwaardigheidskrisisis in die oë van die wêreld (Rom.2:24)

Die kerk kan alleen in 'n geweldgeteisterde wêreld geloofwaardig werk as die kerk 'n plek is waar die byeenkoms en die liturgie ook ruimte het vir die subjektiewe ervaring van koinonia. Cully en Harper (1969:175) vra van die kerk in verstedelikte armoede om te wees "a place for the displaced", 'n lafenis in die woestyn, 'n plek waar die verkluimde mens menslike warmte en kontak kan beleef. Die erediens moet die buitestaander nadertrek, en hy/sy moet in die erediens 'n "happening" ontdek, waar God se genade en omgee sigbaar word. Hoe moet dit gebeur?:

**2.2 Daar moet ruimte wees vir "weeklag"**, waar gemeentelede en buitestaanders kan kom huil oor hulle pyn en ellende. My besoeke aan die AOK gemeentes in Mnambithi omgewing bevestig ook my vermoede dat hulle baie ruimte laat vir hierdie uitspreek, of verbalisering van pyn en bestaansnood. Van die meer as 50 lidmate van AOK's wat ek genader het oor die rede vir hulle lidmaatskap, bevestig ook dat hulle daar gehoor word, hulle pyn (*ubuhlungu)* word gehoor, en hanteer.

> *Tydens 'n erediens in St Chad's, het ek na die preek geleentheid gebied dat enigeen na vore kon kom om voorbidding te ontvang. As hulle wou kon hulle hulle nood met die gemeente deel. Een besoeker, 'n middeljarige vrou het opgestaan, en roerend gedeel dat haar verstandelik gestremde kind na 'n operasie in Durban net uit die hospitaal geloop het, en nooit weer gevind is nie. Dit was reeds sewe maande gelede. Niemand kon haar help nie. Sy as enkelouer het*

*niemand om dit mee te deel nie. Haar verhaal het almal emosioneel aangeraak, en sy het gevoel God het naby haar kom staan.*

**2.3 Voorbidding as deel van die liturgie**

Ek wil die volgende riglyne neerlê vir die gebed vir mense in nood tydens die erediens:

2.3.1 Gebed moet met sigbare simbole hanteer word. Ons praat van arm, eenvoudige mense wat in simbole dink en praat. 'n Veralgemeende kanselgebed vir "al die siekes en almal in die hospitale", wat "blanket cover" gee vir alle moontlike pyne en siektes, is eenvoudig nie genoeg nie. Die Afrika mens wil sien en ervaar dat hulle nood aandag kry deur spesialiste in hulle kultuur. Die gebruik van olie (Jak.5:14), handoplegging en water as reinigingsimbool moet oorweeg word. Comaroff (1985 in Thomas 1997:26,27) vind die gebruik van simbole in die genesingsrituele in die St John's Kerk ('n AOK) as 'n manier om mense wat van alle mag gestroop is, weer beheer oor hulle eie liggame te gee.

Die gebruik van genoemde simbole kan egter baie effektief wees:

* Van der Sprenkel noem die handoplegging deur Christus as "evangelieprediking in gebaretaal", waarmee Jesus wou aantoon dat Hy naby mense gekom het (Mark.7:33) (Theron 1969:384). Ook die mens met Vigs, wat na vore kom, moet ervaar dat die Here naby hulle is, en dat die kerk nie sku is om hulle aan te raak nie. Juis hierdie sigbare simbool van liefde en omgee moet duidelik uitgedra word. Mens sien 'n duidelike voorbeeld hiervan in Jesus wat aan melaatses geraak het , en hulle genees het.

* Die handeling kan die talle inhibisies in die kerk wat ingesluip het met die rasionalisme, en die verheffing van menslike rede aanspreek, waar gees en liggaam dualisties geskei is.

2.3.2 Die betrokkenheid van die hele gemeente as gemeenskap, en nie van een enkel liturg nie.

Juis die gemeenskapsgevoel van die Afrikaan maak individuele pastoraat minder suksesvol. In groepsverband, kan die mens meer voel dat die probleme op kultuureie metode aangespreek word.

2.3.3 Die voorbidding voor die hele gemeente moet ook die diakonie se handeling aktiveer. Fisiese nood moet aangespreek word deur die diakonie, wat tydens die erediens kennis geneem het van die nood. Dit lyk sinvol as die diakonie se diens tydens die erediens in hierdie voorbiddingsgeleentheid verbreed sou kon word tot meer as kollektant van leraarsalarisse!! Al het hulle nie geld nie, kan hulle deur voorbidding en gemeenskap die persoon in nood ondersteun: "Geld het ek nie, maar wat ek het gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop" (Hand.3:6).

2.3.4 As die erediens dan ten diepste Leitourgia (aanbidding van God ) is, moet die mens in nood juis begelei word om te midde van bestaansnood hulle toevlug tot God te neem. Juis hierin ontstaan 'n verhouding tussen die mens in nood en God self. Theron (1969:410) praat van die gebed as " ...gedagteversterkende middel wat deur outosuggestie of meditasie krag ontwikkel in die bidder om hom sodoende tot 'n hoër geestelike strewe op te hef.." en 'n positiewe uitwerking het op die bidder se subjektiewe lewe. Juis hierdie subjektiewe belewenis van God se teenwoordigheid is geloofsversterkend en verhelderend.

2.3.5 God word objektiewe werklikheid vir die mens in nood. Die vraag bestaan of die besoeker in nood , wat die klein gemeentetjie in die arm Afrika gemeenskap besoek, en die lidmaat in nood wat die erediens bywoon, werklik aanvoel dat God regtig bestaan vir die gemeente, en of hulle 'n leë kultus bedryf, met simboliek, maar sonder inhoud. Theron (1969) noem etlike redes waarom die kerk nie meer glo in gebedsverhoring nie:

* Modernistiese natuurwette en geloof in natuurkousaliteit (Kant)

* Statistiek van min verhoorde gebede in kerk verwerp die legitimiteit van gebed, en maak die gemeente bang om valse verwagtinge te skep.
* Die selfgesentreerde gebed wat nie maar kan bid "as u wil geskied" nie, maar gebed diensbaar aan die mens wil maak sonder om die almag van God te erken.
* Die gebrek aan eskatologiese verwagting, en die gerealiseerde verwagting in bevryding.
* Geloof in die onveranderlikheid en predestinerende voorsienigheid van God.

As die gemeente in ware geloof bid, word die geloof in God as die Genadige en die Liefdevolle beskermer van sy kerk duidelik uitgedra. Waar volgens Bybelse riglyne gebid word, sal die gelowige ook tot aanbidding kom en sê: "Waarlik, God is hier by julle." (1 Kor.14:25).

2.3.6 Die gemeente word as medegelowiges die mandaat gegee om ook buite die erediens vir mense in nood te bid. Gebed word ontklerikaliseer.

2.3.7 Die gesag van die Here en die kerk oor die bose , op alle terreine, word uitgebeeld.

Alleen so sal die *ecclesia localis* in die gemeenskap geken word as 'n lewende , dinamiese liefdesgemeenskap. Juis as sodanige alternatiewe gemeenskap sal die kerk 'n suigkrag uitoefen op die wêreld. Die *ecclesia localis* sal as tussentydse karakter van die Koninkryk van God in die gemeenskap bekend staan.

## 2.4 Vereistes vir die vestiging van *koinonia* binne die arm swart kerk

Die volgende vereistes geld vir die vestiging van koinonia binne die swart kerk in die tradisionele arm, swart gemeenskappe in SA:

a. Meer betrokkenheid van lidmate tydens die erediens veral in aspekte soos voorbidding, sang, voorlesing, en refleksie oor die boodskap, met genoeg ruimte vir vertellings en getuienis

b. Die situasie in die meeste VGKSA gemeentes is dat die leraar selde meer as een Sondag in 'n maand by een spesifieke wykskerkie kan preek . Gevolglik word drie kwart van alle eredienste deur 'n wyksleier soos 'n Ouderling, Prediker , of Diakones gelei. Hierdie leiers is dikwels swak toegerus vir hierdie geweldige taak. Hierdie dienste word ook dikwels swak bygewoon deur die gemeente. Hierdie dienste kan 'n goeie geleentheid skep om meer selkerk/ kleingroep/ omgeegroep beginsels in toe te pas, terwyl die leraars se diens dan meer formeel kan wees.

c. Die AOK het dieselfde probleem. Hulle Biskoppe kom selde by 'n klein buitekerkie uit. Hulle kerke groei egter. Hulle plaaslike leierskap is waarskynlik meer bemagtig om die gemeente se bestaansnood aan te spreek. Die snelle groei van die AOK leer ons dat die Afrika mens in die armste omstandighede ook 'n behoefte het dat die bestaansnood van elke dag se oorlewing in die geloof aangespreek moet word. Geloofsoplossings vir eksistensiële nood word gesoek. Die gemeente en besoekers moet ook tydens die erediens geleentheid kry om sake vir voorbidding aan die gemeente voor te hou. Die sake moet dan tydens die erediens en met nasorg aandag kry deur lidmate wat in basiese beraad en voorbidding opgelei word

d. Sang moet 'n baie prominente rol speel in die erediens.

e. Tyd in die Zoeloe landelike erediens is nie 'n faktor nie. Dienste kan maklik langer as drie ure duur.

f. Prediking moet meer aanpas by die Afrika manier van didaktiese gesprek wat dikwels in die narratief oorgedra word met die hulp van sterk metafore uit die leefwêreld van die gewone mense. Alle mense, maar veral die Afrika mens, kommunikeer oor die diepste lewensvrae met behulp van stories. "Stories verleen toegang tot die temas, beelde , metafore en simbole in terme waarvan mense God, hulleself en die werklikheid beskryf. Stories is vir individue en gemeenskappe ewe belangrik, want dit onthul hulle identiteit. In geloofsgemeenskappe onthul dit ook die wyse waarop hulle met die verhaal van die evangelie omgaan, hoe hulle dit verstaan, watter aspekte hulle geïntegreer het in hulle samesyn en roepingsvervulling en waar hulle die visie wat daar in die evangelie lê, nog nie gesnap het nie" (A.Smit 1995:21).

g. Lidmate moet tydens die erediens en ander toerustingsgeleenthede toegerus word om self die Woord te hanteer,en mense geestelik te ondersteun.

h. Jongmense en kinders sal meer as toeskouers moet wees in die erediens.

i. Die voortvloei van die erediens na die gewone leefwêreld sal meer spontaan en doelbewus moet geskied. Veral voortvloeiend uit die erediens sal gedesentraliseerde omgee aksies in kleingroepe moet ontstaan.

j. Sakramente en koinonia

Stumme (1991:115) sien koinonia in die kerk as voorsmaak van die hemelse fees as simbool van die kerk se saambestaan met God in die hemel. Dit wys heen na die hemelse feesmaal, en word gevolglik gesien as iets wat vanuit die Nagmaal voortvloei. Die eenheid van die brood en die beker simboliseer die kerk se eenheid onderling en met die Here self. Die doop is die inkorperering van 'n mens in die liggaam van Christus as mens, om in die voordele van lidmaatskap te deel, maar ook in die verantwoordelikhede daarvan. Die een wat hierdie sakramente waar maak is die Heilige Gees.

## 2.5 Koinonia wit / swart in die NG Kerkefamilie

Die enkel belangrikste struikelblok in die NG Kerkefamilie se missionêre ontwikkeling is die teologies begronde verbod op interrassige koinonia in die verlede.

Bosch (1972(b):1) haal Skinner aan wat die volgende oor wit/ swart verhoudinge in die kerk te sê het:

> *" Can a white person communicate the Gospel of Jesus Christ to a Negro (black man)? The answer is 'no' if the white person who wants to witness of the saving power of Jesus Christ to a Negro, approaches that Negro paternalistically. In other words, the missionary-type white person who comes to the Negro community and says : "Look at me: I've condescended to come down to speak to you inferiors about Jesus Christ and you ought to be happy about it."*

Indien die wit kerk die evangelie in die arm, swart gemeenskap wil indra , sal die wit kerk moet kom in die gestalte van die Dienende Kneg. Die swart kultuur, taal, menswaardigheid sal respekteer moet word. Die swart mens sal liefgehê moet word . Die wit kerk sal in die swart persoon as mens moet belangstel. Indien dit nie gebeur nie, sal die wit NG Kerk in die nuwe SA homself na die kantlyn uitrangeer, en as ongeloofwaardige gesant in die wêreld onbruikbaar wees.

Die terrein waar die blanke NG Kerk se rasseverhouding getoets word is die volgende:

a. Interkerklike verhouding onderling as kerke van een familie,

Hieronder moet spesifiseer word:

i. Die swart leraars se verhouding van afhanklikheid van die wit kerk se subsidies

ii.Die proses van kerkvereniging op plaaslike vlak.

iii..Die proses van kerkvereniging op nasionale vlak.

b. Ekumeniese kontak ook met kerke van ander rasse.

c.. Dienskneg rol in die arm swart gemeenskap

d. Steun aan die nuwe swart regering se ontwikkelingsprogramme. Hierdie steun moet nie impliseer slaafse navolging nie, maar eerder opbouende kritiek. Dit impliseer 'n radikale paradigmaskuif vir die blanke kerk: Ten gunste van die opheffing van die totale swart gemeenskap, teenoor die vorige paradigma van blanke ontwikkeling.

e. Die NG Kerk sal depolitiseer moet word. Die kerk sal die naelstring met apartheid moet knip, en ook meer openlik apolities kerk wees. Dit impliseer ook 'n nuwe hermeneutiek, wat Koninkryksgerig is, en bevry is van die politieke ideologie van apartheid.

f. Die wit kerk sal weer moet herbesin oor hulle houding jeens Afrika tradisies en kultuur. Die Afrika hantering van kruiedokters, huweliksgebruike, en die presiese rol van die voorvaders sal evalueer moet

word, en respekteer word. Indien dit nie gebeur nie, sal die evangelie oordrag oppervlakkig wees.

Ook die swart kerk sal radikale paradigmaskuiwe moet maak indien die kerkefamilie as 'n geloofwaardiger eenheid die wêreld wil bereik:

a. Die swart kerk sal 'n nuwe eie Afrika identiteit in Christus moet ontdek, waar hulle as herstelde beelddraers volwaardige mense kan wees.

b. Die nuwe identiteit sluit ook in die ontdekking van hulself, veral die gewone lidmaat, as missionêre subjekte.

c.. Eienaarskap en trots op die eie kerk en die ontwikkeling daarvan tot 'n kultuurvriendelike gemeenskap.

Saam sal in die proses aandag gegee moet word aan die bou van vennootskappe ("partnerships"). In hierdie vennootskappe moet ruimte en respek wees vir kultuur-eie geloofsuitdrukkings. Noodwendig sal dit moeilik in verenigde dienste realiseer. Gevolglik kan kerk vereniging nie diversiteit aantas en gering ag nie.

### **<u>2.5.1 Die huidige toestand in Ladysmith in terme van interrassige koinonia</u>**

1. *Tydens die eerste swart huwelik wat ek in die NG Kerk in Ladysmith se kerkgebou moes bevestig, het talle gaste buite gestaan. Hulle was bang om in die "boerekerk" in te kom, omdat dit in die verlede "onwettig" was.*

2. *Tydens die laat 1960s het drie ouderlinge van die NG Kerk Danskraal in Ladysmith gereeld dienste in die kleurling woongebied gehou, en later meer as 20 gesinne by gereelde dienste betrek. Omdat hierdie gesinne verbied was om in die wit kerk te aanbid, het hulle almal, buiten een gesin, by ander kerke ingeskakel. Daar was reeds grond gekoop vir 'n eie kerk en pastorie, wat ondertussen weer verkoop is. Die*

*gemeenskap het nie positiewe konnotasies met die NG Kerk na hierdie gebeure nie. Meeste Afrikaans sprekende kleurling gesinne in Limithill het intussen verEngels.*

Die Anglikaanse , Methodiste en verskeie Charismatiese dienste in die dorp is volkome veelrassig en word goed deur alle rasse groepe bygewoon. Alhoewel die NG Kerk se dienste nie meer "toe" (sic!) is nie, is anderskleuriges die uitsondering in 'n erediens. Die volgende is aanleidende oorsake hiertoe:

a. Taalverskille en onwilligheid van die NG Kerk om Engelse opsommings ter wille van gaste te maak. "Hulle het mos hulle eie kerke" word dikwels gesê. Weens die bestaande feit dat daar taal- en kultuurverskille bestaan beveel Church Growth programme (Mc Gavran) aan dat groeigroepe so veel moontlik homogeen moet wees in terme van taal en kultuur (Greenway 1978:11). Geforseerde voltydse integrasie kan kontraproduktief wees.

b. Afrikaans is in KZN minder toeganklik as Engels as geloofstaal. Die Engelse kerke se dienste is meer toeganklik vir ander bevolkingsgroepe.

c. Die inherente behoefte van alle groepe om hulle eie unieke manier van aanbidding te behou. Ook die AOK is afwysend van interrassige koinonia. Hulle vermy dikwels kontak met die kerke wat meer Westerse kontak het, op grond van swart nasionalistiese argumente. Daarom is dit waar dat 11:00 Sondag oggend die mees gesegregeerde tyd in bevryde Nuwe Suid Afrika is ,ook in Ladysmith.

*In Ladysmith het talle swart gesinne, wat in die tradisionele wit woongebied ingetrek het, by die meer Charismatiese blank beheerde kerke ingeskakel. In gesprekke met 5 gesinne is die volgende bevind:*

** Waardering vir die Charismatiese hartlike manier van aanbidding*

** Onsekerheid oor die oorwegend Engelse liturgie.*

** 'n Verlange na 'n meer kultuureie uitdrukking van geloof.*

In elke bevolkingsgroep is daar 'n behoefte aan kultuureie aanbidding. Dit is normaal, en moet beskerm word. Dit beskerm die diversiteit van ons aanbiddingswyses. Nogtans mag dit nie as verskoning dien vir die afwesigheid aan interrassige koinonia in die post-apartheid SA nie. Namate gemeenskappe meer polariseer, is interrassige koinonia juis belangrik.

iii. Die naderbeweeg aan mekaar is nou nog 'n baie sensitiewe aangeleentheid. Tydens die Msinga skakelraadsvergadering in Msinga 17 April 1999 is die volgende beeld gebruik om interrassige godsdienstige kontak uit te beeld:

> *Die wit en swart kerk is soos twee groot riviere wat inmekaar vloei. Waar hulle bymekaar kom is daar baie woeling, stroomversnelling en onstuimigheid. As hulle eers saamgevloei het vloei hulle as een rivier baie dieper, kalmer, en die water proe soeter.*

### 2.5.2 Interrassige koinonia is nou meer belangrik as ooit tevore

a. Verrykend. Interrassige koinonia plaas die kerk in 'n spanningsveld. As dit egter deurwerk kan word, sal beide geloofsgemeenskappe meer diepte en insig in die geloof toon as voorheen. Wit en swart kerke kan baie by mekaar leer, en in die verrykingsproses sal hulle beter toegerus vir hulle diakonaat in die gemeenskap wees .

b. Geloofwaardige versoeningsagent. Indien hierdie sigbare interrassige koinonia nie realiseer nie, kan die kerk geen rol speel in die versoening tussen konflikgroepe nie. Juis onderlinge binne-kerklike versoening berei ons voor, en verbreed ons insig in die versoeningsproses.

### 2.5.3 Pogings in Ladysmith NG Kerk tot veelrassige koinonia

By twee geleenthede is leraars van die VGKSA uitgenooi om die oggenddiens waar te neem. Die eerste poging was 'n ysbreker en het gepaard gegaan met lang bespreking tydens die kerkraadsvergadering. daar was egter geen teenstem nie. Die diens self het goed verloop, maar aanvanklik was die

atmosfeer in die diens geweldig gespanne. Na die tyd is die volgende aangeteken as die gemeente se terugvoer. Die terugvoer was vrywillig en spontaan:

a. "Ek voel so skuldig. Ek het gewonder hoekom julle 'n swart predikant laat preek. Ek hou nie van hulle nie. Jy weet .... Maar na sy preek besef ek hy is 'n kind van die Here, en hy het 'n wonderlike preek gelewer. Ek is skuldig dat ek aanvanklik so negatief was." (Soortgelyke reaksie is van 4 persone ontvang)

b. " Ek is so dankbaar ek was vandag in die kerk (huil) . Daar het vandag iets lelik in my hart gebreek... Julle moet dit meer doen." (Soortgelyke reaksie is deur drie persone getoon)

Geen negatiewe terugvoer is ontvang nie. Die tweede preekgeleentheid het baie meer ontspanne verloop, en talle lidmate het spontaan na die tyd met die VGKSA leraar gestaan en praat buite die kerk.

Die VGKSA se gemeente is met twee geleenthede uitgenooi na 'n gesamentlike erediens, waar hulle leraars ook opgetree het.Dit is telkens goed ontvang. Hulle kore tree ook van tyd tot tyd op. Veral kinderkore maak baie harte oop. Die VGKSA se Sinodale jeugkamp is Desember 1999 in Ladysmith aangebied. Tydens die oggenddiens het almal (ongeveer 250 jongmense) die NG kerk se erediens bygewoon, waar hulle eie leraars die liturgie hanteer het, sowel as die preek. Wat hier veral opgeval het was die NG kerk se positiewe terugvoer na die Zoeloekerkgangers die Apostoliese Geloofsbelydenis in Zoeloe gedoen het. Die katolisiteit van die kerk het vir die lidmate van die NG kerk meer 'n realiteit geword.

Vroue gebedsgroepe het ook by geleentheid saam gekuier en het tee en koek saam geëet. Ook hier was die terugvoer positief veral rondom die ontdekking van hulle gemeenskaplikheid as vroue, met hulle unieke vreugdes en probleme.

## 3. Leierskapontwikkeling

L.Heyns (1988:55 e.v.) bevraagteken die effektiwiteit van die herder-kudde-model vir kerkwees in die moderne stedelike gemeenskap, en beveel die beeld van kerk-as-liggaam-van-Christus aan as meer werkbaar in die stad. Ek is oortuig dat hierdie model ook meer effektief in die arm Afrika gemeenskap sal werk. Die volgende dien as motivering:

i. Die hoofskap van Christus oor die kerk bevestig dat die kerk nie vir die self bestaan nie, maar gestuur is, soos die Vader die Seun na die wêreld toe gestuur het.

ii. Die klem val in die beeld op die amp van die gelowige. Die gelowige is die kerk in die wêreld. Die herder is nie meer die kerk nie, maar die lidmaat is nou volwaardig kerk.

iii. Die leraar se taak word nou anders omskryf: Die leraar moet die lidmate toerus vir hulle dienswerk. Hulle word geskool om hulle rol in die wêreld te speel.

Die Nuwe Testament bied etlike riglyne vir die leier in die gemeente. Hulle moet let op hulle lewe (1 Tim.4:16). Dit beteken 'n nugter, standvastige, huislike lewe, sonder om geldgierig te wees en "... by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekendstaan sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie" (1 Tim.3:7)

Die kleingroepleiers sal vrywillige onbetaalde werkkragte in die kerk moet wees. Hulle sal juis in nou kontak met die gemeenskap moet leef, om daardeur die massa buite die kerk 'n Godsbegrip en kennis van die openbaring te bied ( Greenway 1978(a):11)

### 3.1 Die opleiding van leiers sal die volgende paradigmaskuif verg ten einde missiologies effektief te wees:

a. Eerstens moet hierdie opleiding **holisties** wees. Eensydige klem op 'n piëtistiese verskraalde Evangelisasie metodiek gaan nie die kerk in posisie plaas vir die eise van die nuwe millenium nie. Getrou aan die Bybelse, en die

Afrika wêreldbeeld, sal die kerk die lidmaat moet toerus om die **Koningskap van Christus oor elke aspek van die lewe te verkondig.**

b. Lidmaattoerusting moet **multi-professioneel** wees. Lidmate sal ook vaardighede moet aanleer uit ander vakdissiplines, ten einde meer relevant te wees in hulle eie konteks.

c. Saam met (en nie teenoor) ortodoksie moet ook **ortopraksie** geleer word, nie net in 'n wettiese vermyding van wat oneties is nie, maar ook om doelbewus te doen wat die liefde in 'n gebroke wêreld vereis .

d. Kerk **opbou** en kerk **uitbou** kan nie meer geskei word nie. Elke bekeerling moet begelei word om priester, profeet en koning in eie gemeenskap te word.

e. Die **gemeente sal weer subjek** van die bediening in die wêreld moet word. Die gemeente as mense wat deur die Gees met gawes toegerus is, sal weer moet kerk wees. Hulle kan nie net met die evangelie bedien word nie, maar die bediening van die evangelie moet deur hulle geskied. Leierskap in die konteks beteken juis dat die leier nie die lidmaat se bediening sal oorneem nie, maar juis die lidmaat sal bemagtig om die bediening self waar te neem.

f. Stephen Neill (1966:132) stel dit duidelik dat ons nie soseer leiers nodig het nie, as "...saints and servants."

g. **Ekumeniese bande** met alle kerke van suiwer leer moet opgesoek word.

### 3.2 Praktiese riglyne aan leiers om die proses te begelei

a. In die herfokus van die plaaslike gemeente sal die plaaslike leiers 'n sentrale rol speel. Hulle sal goeie kennis van hul eie gemeente se kultuur en identiteit hê, en sal die proses op so 'n manier moet begelei dat die gemeente nie hulle identiteit verloor nie.

ii. Die veranderingsproses is meer as 'n rasionele beplanning, doelwitformulering en bestuur. Hierdie aksies gaan in elk geval nie in 'n arm swart gemeenskap werk nie. Logika en rasionaliteit is ondergeskik aan emosie en identiteit (A.Smit 1995:23). ' n Gemeente se lewe is te veelkantig vir enkelvoudige strategieë en strukture. Smit (1995 :23) praat van die bestuur van prosesse en haal Stevens en Collins in die verband aan:

*So process leadership asks questions, clarifies goals, orients people to their mission, maintains and explains the culture , and helps families and other subcongregations take responsibility for their own systemic life. The most direct way to equip the saints for the work of ministry is not to devise strategies for equipping individuals but to equip the church (as a system) . Then the church will equip the saints.*

Sleutelwoorde in die proses is:

* Die bemagtiging van lidmate binne die sisteem van die gemeente, en nie in isolasie met kunsmatige kursusse wat vreemd is aan die gemeente se storie en kultuur nie. Die kerk is stille getuienis van etlike klaar uitgewerkte studeerkamer kursusse wat met entoesiasme aangebied is, en waar die kursus handboeke nou net stof vergader in lidmate se boekrakke sonder dat daar enigsins deurlopende toepassing was.

* Die gemeente word as lewende organisme in geheel gesien. Die gemeente het 'n eiesoortige karakter met verskillende dimensies en ineengevlegte sisteme en subsisteme.

c. Smit (1995) praat van begeleiding as tipering van die leierskap wat vereis word.

d. Spiritualiteit sal in die begeleidingsproses moet ruimte kry. ' n Leierskap wat paradigmas in 'n gemeente wil verander sal ruimte moet laat waar lidmate stil kan wees met die Gees.

e. Die leier sal baie aandag aan persoonlike dissipelerings verhoudinge moet gee. Verandering kan nie buite verhoudinge om plaasvind nie. Dit vra die volgende van die leier:

* Aanvaarding van die beginsel dat die leier en die lidmaat op gelyke vlak is. Indien die leier vanuit die hoogte mense met gesag wil dwing, sal daar weinig reaksie op die lang termyn wees.

* Die leier sal die amp van die gelowige moet respekteer en die waarde daarvan insien.

f. A. Smit (1995:30) noem die begeleidingsproses 'n hermeneutiese proses, aangesien die leier opereer op die grens waar Skrif, geloofsgemeenskap en

wêreldbeeld mekaar ontmoet, en die kerk uitnooi om oor die implikasie van hierdie ontmoeting te praat.

g. *Ubuntu* van die leier in die sendende kerk.

Smit (1995 : 40) noem die inhoud van hierdie leierskapsingesteldheid: *Deel wees van; daar wees by; lief wees vir; entoesiasties wees oor.* Dit gaan oor wesenlik niks anders as *ubuntu* nie: om op ander aangewese te wees en gerig te wees. Om nie dinge vir mense te doen nie, maar saam met hulle te doen. Om deel te wees van hulle gemeenskap. Sonder hierdie ingesteldheid teenoor die arm gemeenskap sal die kerkleiers onbevoeg wees om te vorder. Mens kan nie iemand help as jy hom nie liefhet nie.

h. Visionering. Die leier moet die gemeente help om vanuit die perspektief van die opstanding 'n gemeenskap met hoop te wees. Die gemeente moet hierdie visie en hoop ook oordra na 'n hoop-lose wêreld.

* Hierdie hoop is nie gerig op ontwikkelingsplanne en politieke ideologie nie, maar is in wese 'n geloofsaak. Dit is gegrond op Christus se opstanding. Smit (1995 :32) stel dit so:

> *Om nuut oor die opstanding te dink, is om te glo dat dinge in die wêreld anders kan en dat die geloofsgemeenskappe waaraan ons behoort 'n verskil kan maak. Die lewenskwaliteit en missionêre toewyding van ons gemeentes hoef nie benede die maat te wees nie. Die opstanding roep ons op om 'n nuwe toekoms te sien.*

Die krag van God , soos geopenbaar in die opstanding van Christus, gee aan die kerk krag om ook diensbaar te wees. Dit is God se werk. Dit is geen menslike poging nie (Rom.8:11). Net die Heilige Gees kan die vrug van die wedergeboorte bewerk. Die Heilige Gees gee aan die kerk krag om in elke sosiale konteks lig te wees. Hierdeur kry die kerk die krag om ook die tweede myl saam te loop. Slegs in afhanklikheid van die Heilige Gees kan die kerk in die wêreld leef, sonder om van die wêreld te wees. Juis 'n gebrek aan die krag van Christus se opstandings Gees, maak die kerk asketies (Fil.4:5; 2Tes.3:6-15) .

i. Fasilitering. Die leier moet prosesse fasiliteer wat die gemeente sal in staat stel om hul rol in die wêreld te kan speel. Die effektiwiteit van leierskap is geleë in die gemeente se bediening in die wêreld.
j. Bemagtiging. Smit (1995) praat van energering. Dit gaan hier om die ontsluiting van die potensiaal, gawes, visie, insig , ervaring en energie in die gemeente ter bevordering van die saak van Christus in die wêreld.

Beide die laaste twee prosesse is by uitstek die werk van die Heilige Gees. Die Gees gee aan elke lidmaat gawes wat in diensbaarheid aangewend moet word. Leierskap moet hierdie gawes ontdek, poleer, uitbou en aanwend. Dit gebeur nie deur 'n paar truuks of aanbevelings in 'n akademiese studie nie. Dit groei uit die werking van die Heilige Gees. Die ontdek en ontgin juis van hierdie gawes is niks anders as bemagtiging nie. Die uitgangspunt is juis dat elke gelowige gawes het en diensbaar kan wees. Selfs die mees eenvoudige, die armste en die minste ontwikkeld (in Westerse sin). Die leier sal nie alleen die lidmaat moet respekteer as mens nie, maar ook die Gees wat in daardie mens werksaam is.

**4. Lidmaattoerusting:**

A. Smit (1995:19) haal Loren Mead aan:

> *The future church demands a new* ***locus*** *of theology, a change from the library and the university to the place where the baptized person encounters the world, the place I have called the mission frontier. The future church demands a new* ***actor*** *in the work of theology: the baptized lay person. The future church demands a new kind of* ***training center*** for theology: *the local church. What the seminary has been for the ministry in the nineteenth and twentieth centuries, the local congregation must be in the twenty-first.*

Die EE-III opleidingshandleiding meld dat in die VSA 79% bekeerlinge deur 'n vriend of familielid tot oorgawe begelei is, en net 6% deur die optrede van 'n leraar, 1% deur evangelisasieveldtogte, en net 2% omdat hulle persoonlike behoeftes aangespreek is (EE-III Leierskapsklinieklesings 1989:84). In die uitreiking na mense is interpersoonlike verhoudinge van die grootste belang.

> *Tydens die 2000 winter het ek 'n finalejaar katkisantekamp met die VGKSA se jeug in Ladysmith gehou. Een seun wat die kamp bygewoon het, was aan my onbekend. Op navraag het hy egter 'n baie sterk getuienis van geloofsekerheid en bekering gehad. Ek wou toe weet waar hy tot geloof gekom het, aangesien hy uit 'n ongelowige familie kom. Nie deur 'n Evangelis of prediker se bediening nie, nie deur 'n evangelisasieveldtog nie, maar deur 'n vriend wat lidmaat is van die VGKSA het hy die boodskap gehoor, en 'n besluit geneem.*

As die kerk wil kerk wees in die konteks van armoede, sal die kerk baie meer geld moet spandeer aan die opleiding van lidmate, en minder aan infrastruktuur.

Meer belangrik as fondse en strukture is die mense wat in die proses as lidmate van die kerk in klein groepies toegerus word. Hierdie mense moet 'n helende impak op hulle gemeenskap hê. Dit gaan hier om die holistiese multiprofessionele, praxis missiologiese opleiding van gewone lidmate as priesters, profete en konings in hulle eie gemeenskap.

> *Mev. Eunice Ndlovu is 'n eenvoudige laaggeskoolde lidmaat by Mhlumayo. Sy het 'n redelike belangstelling in kinderbediening getoon, en is met behulp van donasies na 'n drie maande opleidingskursus by Petra- kollege, Witrivier gestuur, waar sy kinderevangelisasie opleiding ontvang het. Met haar terugkoms was sy 'n ander mens. Haar katkisasie klassie het verdubbel na 20 kinders, sy het met veldtogte kinders deur sang en stories bedien met*

*die Evangelie, tydens die VGKSA se paassaamtrek het sy 'n suksesvolle aparte kindersaamtrek gehou. Op eie stoom het sy 23 kleuterskole in haar omgewing ingeskryf in die deeltydse kinderevangelisasie wat die kerk aanbied in Ladysmith. Wat het gebeur? Sy is bemagtig met vaardighede om die Evangelie effektief te hanteer. Haar opleiding was 'n bemagtiging wat vir kerkwees in haar omgewing baie vrugte sal afwerp.*

Kortliks word gekyk na 'n paar opsies in lidmaatskoling met die oog op holistiese sendingwerk. Daar is ook heelwat lidmaat toerustingsprogramme, veral van Amerikaanse oorsprong wat konsentreer op die vertikale versoening tussen mens en God, maar wat nie so ver kom om die bekeerling af te spits op die wêreld se nood nie. Hierdie programme sal ook kortliks ontleed word.

**4. 1 Lidmaattoerustingsprogramme met 'n holistiese sendingbegrip**

**4.1.1 "People's Interpretation of the Bible"**

Kinsler (1983:xi) stel die konsep van teologiese afstandopleiding van lidmate voor as oplossing om lidmate toe te rus om self die evangelie deur Woord en daad te bedien. Hierdie opleiding moet weer lidmate van 'n missionêre dryfkrag voorsien. Hierdie dryfkrag moet die kerk afstem op die wêreld se totale nood. Opleiding van lidmate moet hulle juis voorberei vir holistiese bediening binne hulle gemeenskap, en moet meer wees as oordrag van ortodoksie en rasionele Bybelkennis:

> *The Biblical concept of salvation clearly includes physical, emotional, social as well as spiritual health or wholeness. Christian congregations are called to be caring, healing communities .*

**4.1.2 IVIYO**

Biskop Alpheus Zulu, neef van Hoofman Buthelezi, en Anglikaanse Biskop, was 'n bekende in die bevrydingsstryd, en lojale ondersteuner van die Zoeloe tradisies. Hy sou nie die ANC kon steun in hulle opsie van geweld nie en het

daardeur met hulle in botsing gekom. Hy is veral ook bekend vir die stigting van IVIYO , die Anglikaanse swart dissipelskap en getuienis aksie. Hierdie aksie was veral bekend vir hulle evangeliese getuienislewering in hulle eie gemeenskap. Hulle is ook dikwels daarvan beskuldig dat hulle nie genoegsaam polities betrokke was nie. Die winspunt van die organisasie lê vir my daarin dat van hulle lede verwag was om elke jaar een nuwe lid te werf. Sodoende het die organisasie snel uitgebrei tot 'n groot deel van die swart gemeenskap. Deur lidmaatskap is invloed uitgedra tot diep in die landelike gedeeltes van die land.

IVIYO het die volgende aan te bied aan die NG Kerke familie se soeke na 'n holistiese missiologiese lidmaattoerustingsprogram:

a. Die inheemse karakter daarvan

b. Die sterk klem op getuienislewering

c. Die strukturele aanmoeding om een lid per jaar te werf

d. Die nasionale karakter van die aksie het dit 'n sterk dryfveer in die Anglikaanse kerk gemaak.

e. Die voorsiening van rolmodelle en dissipelskapskoling op leefvlak.

**4.1.3 Die LUMKO-reeks van die Rooms Katolieke Kerk**

Die LUMKO-reeks is uitgewerk na inspirasie vanuit die Rooms Katolieke streek van Newark, New Jersey, VSA. Die groep wat hiervoor verantwoordelik is, word genoem RENEW (McCoy 1994:53). Die LUMKO-reeks poog om opleidingsmateriaal te voorsien vir leke wat in die gemeenskap diensbaar gestel moet word, spesifiek in die Derde Wêreld. Hierdie reeks wil gewone lidmate toerus om in die gemeenskap so betrokke te raak dat die plaaslike kerk 'n teken en instrument van verandering in hulle gemeenskap sal kan wees. Die reeks wil die lidmate bemagtig om dus self instrumente van verandering te word.

Sinvol in die LUMKO reeks is die volgende:

a. Weerstand teen opleiding slegs ter wille van kwalifikasies en sertifikate. Dit moet ten diepste gaan om geestelike groei. Meer as persoonlike groei, wil die kursus die hele gemeente en uiteindelik die hele gemeenskap laat groei. Die gemeente moet veral in diensbaarheid groei.

b. Die waarde van openbare bevestigingsgebeure en die simboliek daar rondom.

c. Die bemagtiging van lidmate om meer as hulpwerkers, uiteindelik 'n eie bediening binne die kerk te hê.

d. Die leermetode is nie 'n liniêre oordrag van kennis nie, maar bestaan uit 'n voortdurende sirkelbeweging tussen aksie - refleksie/evaluering - aksie na aanpassing - refleksie - aksie - refleksie. Die leerproses is dus voortdurend prakties, ervaringsgerig, en word deur die woord evalueer, in die groep evalueer, aangepas en weer aangebied. In hierdie proses moet lidmate hulleself ontdek. In die refleksie sessie moet hulle hulleself evalueer, en hulle eie sterk en swakpunte identifiseer. Die lidmate kry doelbewus geleenthede om te fouteer, en om ook te presteer. Die opleier is nie die alleen presteerder nie. Elke lidmaat wat die opleiding deurmaak word as mens gerespekteer en opgebou. Alle lidmate betrokke word betrek. Daar is geen toeskouers binne die groep nie.

Leiers word ook vaardighede gegee waarmee lidmate bewusmakingsprogramme kan deurloop. Hierdie bewusmakingsprogramme ("Awareness Programmes") wil die volgende in die kerk in die breë regkry:

a. Verwagtinge verander ten opsigte van kerkwees, weg van 'n "domineeskerk" na 'n verwagting van 'n kerk as liggaamsmodel waarin elkeen 'n rol te speel het.

b. Die kerk moet afsien van 'n verwagting dat outoritêre gesag die enigste aanvaarbare gesag in die kerk is. Mat. 23:8 se gedagte aan broeders wat gelyk is, en almal een Meester dien, moet beklemtoon word.

c. Die kerk moet bewus gemaak word van hulle eie verantwoordelikheid in die wêreld

**4.1.4 Anglikaanse Lambeth Biskoppe Konferensie 1988**

Tydens die Anglikaanse Biskoppe Konferensie te Lambeth, het veral die Derde Wêreldse Biskoppe sterk aangedring op 'n nuwe Evangeliese beweging binne die kerk. Daar is sterk gevoel dat die hoofsaaklike pastorale model van kerkwees die kerk in 'n oorlewings denkgleuf ingedruk het. Daar is volgens McCoy (1994:45) bevind dat die kerk die volgende benodig:

* "*.. A massive shift to a 'mission' orientation...*"
* "*... a revolution in the attitude to the role of the laity...*"
* "*....every Christian as an agent of mission...*"
* Om saam met ander kerke "*... making Christ known to the people of this world.*"

Die enddoel van die opleiding sou wees:

a. Evangelisasie

b. Diens aan die armes, barmhartigheidsdiens

c. Die soeke na geregtigheid en vrede.

Hierdie drie missiologiese bedieninge staan egter nie langs of teenoor mekaar nie, maar vloei aldrie voort uit die kruis van Christus. Die kruis van Christus is die gemeenskaplike oorsprong vir aldrie hierdie bedieninge. Hulle spruit gelyktydig voort uit Christus se liefde en omgee vir die hele skepping.

As elke lidmaat weer sendeling word, dan skuif die sendingveld na elke plek waar elke Christen hom/haar elke dag bevind. Elke gemeente word 'n sending inrigting en gestuurde in die wêreld.

Die eie denominasie se uitbreiding is nie meer die sendingfokus nie. Elke ander denominasie van die kerk van Christus is dan self ook geroep om as sendelinge die wêreld te bedien. Daar is dus in die gerigtheid op die wêreld geen keuse as om saam te werk met mekaar nie.

Hierdie ekumeniese skakeling en samewerking moet ook nie in die eerste plek van bo af afforseer word nie, maar moet van grondvlak af groei deur die

interaksie van plaaslike denominasies. McCoy stel dat, ten spyte van die CPSA se verbintenis tot die SARK, plaaslike gemeentes dikwels ekumenies koud is. Dit word toegeskryf aan die plaaslike gemeentes se koudheid jeens die sending. Volgens McCoy (1994:50) loop die twee hand aan hand: Sending en ekumene.

Die fokus word op "Jerusalem, sowel as Judea, Samaria, tot by die uithoeke van die wêreld" geplaas.

### 4.1.5 Die selkerk gedagte

Ek is van mening dat die selkerk gedagte baie verruimend kan inwerk in die opleiding van lidmate in arm Afrika gemeenskappe, met die oog op hulle toerusting as gestuurdes in die gemeenskap. Dit sou baie ooreenkomste toon met die klein gemeentes ,wat reeds in die AOK in die land gesien word.

In die werk "' n Nuwe Bybelse lewenswyse" stel Potgieter (1995) dit duidelik dat die kerk in 'n liefdelose wêreld alleen effektief as liefdesgemeenskap kan funksioneer as die kerk in kleiner groepies sou byeenkom. Die kleingroep leen hom uitstekend daartoe om koinonia te versterk. Potgieter (1995 :Inleiding) stel dat juis deel van die paradigmaskuif wat die kerk in die moderne tyd moet maak, juis geleë is in die "apostolic paradigm"- die kerk van die Nuwe Testament. Uit Singapore sou Ralph Neighbour dieselfde oproep tot kleingroep bediening maak. Die wins van Potgieter se poging is juis dat hy die hele aangeleentheid binne Gereformeerde konteks wil laat vorm kry.

> *Saam met drie leraars van die VGKSA het ek die kursus in George bygewoon, en dit toe kom toepas in die Afrika konteks van die Mnambithi distrik._Dit is te verstane dat die hele gedagte deur Potgieter in 'n Westerse denkraam ingebou is wat eie aan die middelklas Afrikaner huishouding is. Die VGKSA leraars het die stelsel eers probeer. Dit evalueer , aangepas en weer probeer. Langs*

*hierdie proses word gehoop dat die VGKSA in Mnambithi distrik uiteindelik iets van die kleingroepbediening sal kan ervaar.*

**a. Probleme met die toepassing van die selkerk-idee in 'n Afrika konteks:**

i. Die gemeenskap is geweldig konserwatief, en hou nie van 'n nuwe saak wat in die plek van die bekende kom nie. Selfs om die nuwe langs die oue toe te pas is reeds problematies.

ii. Die konsep van byeenkomste met vroue, kinders en mans in een vertrek, waar almal deelneem is taboe. Tydens een huisbesoek geleentheid het 'n senior man in die reën gaan sit, eerder as om saam met sy skoondogter in dieselfde hut te sit en eet. Die enigste manier hoe iets van die kleingroep in hierdie konteks sal realiseer, is as 'n kleingroep as belangegroep funksioneer. Evangelis Maduma is suksesvol in die hou van 'n weeklikse mannegroep van 12 mans, Donderdae kom talle groepies vroue lidmate van die Vroue Gebedsbond bymekaar in soortgelyke byeenkomste, so kom die jeug ook apart byeen.

iii. Leierskap kan nie in die hande van iemand anders as die bekende diakones of prediker wees nie. Niemand anders (al is hulle hoe bekwaam) sal die leiding neem as die "tradisionele" leier van die wyk daar is nie.

iv. Die materiaal sal heeltemal oorgeskryf moet word om voorsiening te maak vir die volgende:

* Taal * Kultuur eie leefwyse
* Meer nut van mondelinge vertelling* Meer gebruik van metafore en stories
* Meer konkrete praxis toepassing * Meer bekostigbare formaat

v. Die gedagte aan verdeling is ook baie vreemd. Afrika funksioneer in verhoudings. Verhoudings word nooit verbreek nie. As die groep groei sal daar later nie meer plek wees om te sit nie, maar almal sal altyd welkom wees.

vi. Die selektiewe uitnodiging van sekere mense is ook teen die inklusiewe aard van ubuntu. As Afrika fees vier dan kom almal. As Afrika bid dan kom almal wat wil

vii. Die swak infrastruktuur in terme van paaie, openbare vervoer, telefoondienste en groot genoeg huisvesting maak die praktiese reëlings moeilik

viii. Baie Christene kom uit huise met ongelowige manlike hoofde (mans of oudste seuns). Gevolglik sal huiskerke selde goed werk. Daar is voortdurend struweling as die gelowiges aan huise vergader.

ix. Die gedagte aan besprekings rondom die Bybel is nog baie vreemd. Die Bybel was nog selde gesien as 'n boek waaroor mense mag opinies hê. Dit word fundamentalisties aanvaar, en wetties nagevolg, en piëtisties net vir myself gehou. Die gemeenskap se situasie is 'n ander wêreld, waar die Bybel nooit in die verlede toegelaat was om 'n sê te hê nie.

x. Ek ervaar ook dat die mense se apatiese houding jeens nood, dikwels hulle stom maak. Hulle kan nie hulle hartseer deel nie. Selfbeeld en diep swaarkry sonder ondersteuning kon dit veroorsaak. Een ou vrou sou dit soos volg opsom:

> *Die trane wat kon buitentoe loop was nie so seer soos die trane wat nie meer kan uitkom nie. Hulle gaan lê in jou bors en brand altyd daar. Miskien is dit beter as dit eerder uitkom.*

Dit is hierdie onuitgesproke pyn wat eers hanteer moet word voordat mense in groepe sal oopmaak.

xi. Die detail verslaggewing , kontrole en administrasie sal ook nie in Afrika afgaan nie.

**b. Aanpassings van die selkerk-gedagte**

Die kleingroep bediening sal werk in die Afrika konteks mits die volgende aanpassings gemaak word:

i. Die bestaande belangegroepe moet voortgaan, en sekere "sel"-beginsels moet daarby toegepas word.

ii. Materiaal moet aangepas word soos hierbo voorgestel word.

iii. Meer neutrale vergaderplekke sal uitgesoek moet word, indien Christen huise nie beskikbaar is nie.

iv. Uitnodiging en verdeling kan eerder op wyksbasis plaasvind. As een groep te groot raak sou die oorkant die spruit dalk eerder daar kan byeenkom, en die aan die duskant weer op hulle eie.

v. Bestaande leiers sal gebruik moet word.

vi. Leierskap opleiding sal baie aandag aan die skep van groepsdinamika en groepsinteraksie moet gee. Groepslede sal gehelp moet word om hulle eie smart en pyn en haat te verwerk alvorens die groep sal groei

vii. Baie ruimte vir die hantering van siekte en besetting deur geeste sal ingeruim moet word. Hiervoor sal opleiding uitgewerk moet word vanuit Gereformeerde teologiese grondslae.

viii. Byeenkomste moet die swak infrastruktuur in arm gemeenskappe in ag neem.

ix. Die groepe sal toegang moet hê tot middele en kennis om armoede en ander gemeenskapskrisisse te hanteer

x. Die selkerk sal nooit teenoor die bestaande kerk gestel kan word nie. Die groeiproses in kleingroepbediening sal evolusionêr moet geskied.

**c. Die wins van die selkerk-gedagte**

Die selkerkgedagte het weer 'n paar Bybelse beginsels in kerkwees kom afstof. Hierdie beginsels moet weer benut word in die kerk se bediening deur klein belangegroepe binne die arm gemeenskappe in die land. Die volgende moet veral aandag kry:

i. Die klem op elke lidmaat se verantwoordelikheid om uit te reik met die Woord, en om die Evangelie aan mense te bedien.

ii. Potgieter (1995 :78) stel dat die selgemeente bestaan met die oog op liefde as praktiese diens. Die groep as liefdesgemeenskap moet Christus se gesindheid openbaar, en sy bediening voortsit: "Die geloofsgemeenskap is die ruimte waarbinne die gelowiges leer om die onvoorwaardelike liefde van God uit te leef teenoor mekaar."

iii. Die doel is dat die geloofsgemeenskap mekaar se lewenstyl sal verander (*"metanoia")*. Die verandering vind plaas in 'n primêre groep, waar die verandering deur modellering verwesenlik word(1995:80). Mense sal ook in

die kleingroep as nuwe geloofsgroep nie net nuwe waarhede moet hoor nie, maar dit ook moet sien. Dit vereis dat gelowiges intens met mekaar saamleef. In hierdie intieme kring moet veral leiers die Christelike waardes moduleer. Prediking speel 'n belangrike rol, maar is nie genoeg nie. Selfs net Bybelstudie sal nie hierdie *metanoia* outomaties bewerk nie. Die nuwe lewenswyse moet gesien en ervaar word.

iv. Die mededeling van mekaar se geloofservaring kan geweldig verrykend wees.

v. Die liefdevolle begeleiding van mekaar in groepsverband.

vi. Sentrale rol van gebed in die hantering van kleingroepe.

vii. Die dienswerkstelsel, wat bevestig dat elke lid van die kerk 'n bediening in die kerk moet hê. Die wese van Christenskap is diens en diensbaarheid.

viii. Die klem op uitbreiding deur doelbewuste uitnodiging van mense na intensiewe voorbidding.

ix. Beklemtoning van diensbare selfoorgawe as leierskapstyl.

x. Die klem op getroue gereelde byeenkomste.

xi. Die seleksie van leiers wat hoë prioriteit geniet

xii. Die strukturering van leierskap in 'n ondersteunende struktuur waar leiers mekaar oplei en "bemagtig".

xiii. Die teologiese korrektief op die dualistiese Westerse siening van die wêreld.

#### 4.1.6 Getroue getuies

Twee NG Kerk gemeentes in Ladysmith het reeds die kursus aangebied. Hierdeur word lidmate aangemoedig om vriendskapsverhoudinge te smee met die doel om die evangelie dan met mense te deel. Die kursus is van oorsprong uit die Presbiteriaanse kerk in die VSA, en is deur Malan Nel vertaal en aangebied vir die NG kerk in SA. Die kursus het vinnig momentum opgetel in die NG Kerk. Hendriks (1998:31) beweer dat teen 1996 580 mense reeds die werkswinkels vir aanbieders bygewoon het en dat daar 255 aanbieders geregistreer was. In totaal het 7404 lidmate van die NG kerk die kursus deurloop.

Die metode bestaan uit " 'n gemeente-gebaseerde huisbesoekprogram waar lidmate opgelei word om dienend uit te reik en om hulle getuienis op die regte tyd te deel" (Hendriks (1998:31). Buurte word in geheel besoek om die behoeftes in die buurt aan te spreek. Hendriks vermoed dat die kursus nie baie goed werk nie, omdat lidmate in die NG Kerk nie 'n missionêre en dienskneg instelling het nie, maar eerder deur hulle leraars bedien wil word, as om hulle self diensbaar te stel. Lidmate sal onderling hulp betoon, maar is nie gewoond aan die idee om buitestaanders te help nie. 'n Derde probleem wat plaaslik waargeneem is, is dat blanke lidmate (vir wie die kursus toeganklik is) nie graag vriendskapsverhoudinge oor die kleurgrens wil smee nie. Evangelisasie oor die kleurgrens sal nog paternalisties en konfronterend, oor 'n beperkte tydsduur aangebied word.

### 4.1.7 Die Joshua Student Movement (JSM) - Uitreiking

Die Joshua - uitreike organiseer veral die jeug om evangelisasiewerk in ander gemeenskappe te doen. Heelwat gemeentes uit die Wes-Kaap wat in die Wasbank omgewing uitreikings hou, se uitreikspanne word eers by die JSM toegerus voor hulle uitreikings. Hulle is betrokke by sport evangelisasie, huisbesoeke, en hulp in agtergeblewe gemeenskappe.

Die JSM is 'n wêreldwye beweging wat by die AD 2000 konferensie in 1995 by Colorado Springs (VSA) gestig is. Hulle beoog om in SA 30 000 jongmense tussen 14 en 25 jaar te mobiliseer vir sending en evangelisasiewerk. Hendriks (1998:34) haal 'n stuk van hulle belydenis aan:

> *We are the hands and feet of Jesus...We choose to live a life of service... We respond to the great commission of Christ... We identify with the poor... We are the Joshua generation: We are compassion in action!*

Die organisasie wil op drie vlakke deur lede diens verrig (Hendriks 1998)

a. Via die kerk en organisasies soos die VCSV

b. 'n Jaar in 'n diensjaarspan in diens van die VCSV, MES, SCAS en Landelike Stigting

c. Twee jaar voltydse sendingbediening.

Vlak 1 en 2 doen dissipelskapopleiding ten einde 'n jeug-tot-jeug-benadering te vestig.

Die organisasie plaas baie klem op holistiese evangelisasie. Deur diens wil hulle die evangelie modelleer en deur verhoudings mede jongmense bereik. Die wins van hierdie program lê in hulle jeugfokus, die waarde geheg aan holistiese evangelisasie en hulle kennisname van die nood in die armste gemeenskappe in die land.

## 5. Bybelse Riglyne

### 5.1 Lydende Kneg gestalte van die kerk

Op 27/1/99 met 'n predikantekursus in Pretoria het Prof. Cas Vos klem gelê op die dienskneggestalte van die leraars in die NG Kerk. Nie net die wit kerk nie, maar ook die swart kerk sal moet leer en opgelei word in hulle dienswerk in die wêreld. Lidmate se talente moet ontwikkel word, hulle moet toegerus word om deur hulle talente en gawes die wêreld te dien.

Kinsler (1983:ix) noem die volgende faktore wat verhoed dat jong kerke op die sendingveld werklik as diensknegte in hulle gemeenskappe kan optree:

i. Die tradisionele teologiese opleiding laat studente aspireer na hoër salarisse, titels, en hiërargiese vordering op die leer "na bo" in die kerk. In die proses word leiers gekweek wat self nie meer kan dien nie.

Bosch (1972:107) maak dieselfde waarneming as hy stel dat die bevestiging van leraars hulle dikwels op 'n voetstuk plaas, terwyl dit eintlik veronderstel is om hulle diensbaar te stel:

> *Wanneer 'n leraar deur behoeftige mense met 'n vorstelike traktement versorg moet word, verloën dit die dienskneggestalte van die amp .*

Dieselfde bron haal Webster aan:

> *The highest authority must be combined with the lowliest service.....in church the highest authority rests with those who have renounced status and are indifferent to it. It is only the church in servant form that can have any effective spiritual authority in the community at large ... it was on the other side of the Cross, the lowest point , that God bestowed on Jesus the highest name...*

ii. Inheemse leraars is verder as jongmense uit hulle gemeenskappe weggeneem, en in die proses verwesters. Met hulle terugkeer is hulle vreemdelinge vir hulle eie mense, en ken nie meer hulle eie gemeenskap se nood nie. Hulle boots ook die westerse Sendeling se hoë lewenswyse na. Dit belas die arm inheemse kerk verder. Die leiers is ook nie meer betrokke by hulle lidmate se daaglikse lief en leed nie.

iii. Teologie soos oorgeneem uit die Westerse skool is dikwels klerikalisties, en nie gerig op lidmaattoerusting nie.

iv. Teologiese opleiding is dikwels piëtisties nie genoegsaam gerig op die gemeenskap se totale nood nie. Gevolglik produseer die teologie ook nie 'n kerk wat "passionately concerned with the development of a church that cares for the world..." is nie.

**5.2 Kerk van die armes en noodlydendes**

Ons leer van die Latyns Amerikaanse "Base Ecclesial Communities" en die AOK in SA dat die kerk wat wil oplossings bewerk in die konteks van armoede, sal alleen suksesvol wees as hulle 'n kerk "down under" kan wees instede van 'n kerk wat vanuit die hoogte vir die armes iets goeds uit hulle oorvloed wil doen:

> *Assistance which is given with the assumption that the helper is the powerful benefactor with whose help the powerless are enabled to adopt the 'successful' world and life view of the powerful, is not feasible* (Pauw 1996:381).

Die grootste newe effek van hulp "uit die hoogte uit" is die skep van afhanklikheid van die een wat die hulp verskaf. Hierteenoor help hulp "van onder af" dat die arm gemeenskap self uit hul groewe bevry word, en hulleself in die Woord onder vervulling met die Gees ontdek.

Praktiese implikasies van voetsoolvlak kerkwees ( "down under") kerkwees:

i. Die Christen gemeenskap wat in die sosio-ekonomiese agtergeblewe gemeenskap bestaan moet self die aktiewe rol speel in die aanspreek van hul gemeenskapsnood. Hulle moet bemagtig word om suurdeeg te wees in hulle eie gemeenskap.

ii. Die Westerse droom van ekonomiese welvaart gebed in die gietvorm van Westerse Kapitalisme hoef nie as die enigste ideaal vir die armes voorgehou te word nie. Ontwikkeling moet eerder volgens die agtergeblewe gemeenskap se eie drome interpreteer word. Hulle kontak met die Bybel moet ook stimulus wees van nuwe nie-Westerse, nuut geïnterpreteerde Bybelse drome. Mens sou veronderstel dat *Ubuntu* hierin 'n unieke rol sou kon speel. Dit moet egter die arm gemeenskap se eie droom wees, wat nie kultuurvreemd en moeilik interpreteerbaar is nie. Die sendende kerk kan hierin 'n fasiliterende rol speel.

**5.3 Fokus op die wêreld**

Alles wat die kerk doen , word in die wêreld, met die oog op die wêreld; voor die oë van die wêreld gedoen (Kritzinger 1988:287). Onnodig om in die verband die sendingreglement aan te haal, wat die wese van die kerk sien in die Missio Dei na die wêreld. ' n Kerk wat ter wille van oorlewing op die self konsentreer het geen rede tot voortbestaan nie.

God rig Hom ook telkens tot die mens in 'n bepaalde situasie. Daarom moet die kerk ook die konteks ernstig opneem. Die evangelie moet grond raak.

**6. Teologiese opleiding in 'n krisis**

Indien die NG Kerke familie ernstig is, sal bogenoemde radikaal moet reflekteer in Teologiese opleidingsinstansies. Die kerk sal moet aandag gee aan leierskap opleiding, en die teologiese heropleiding van bestaande leraars. Uiteraard sal die opleidingsprogramme saam met die VGKSA en die RCA uitgewerk moet word. Die Teologiese fakulteite sal die gemeentes moet begelei met kursusse wat die lidmaat waarlik holisties kerk sal laat wees in die konteks van die gemeenskap se nood.

Met die VGKSA Teologiese opleiding wat by al die Stofberg Teologiese skole gestaak is, en net aan universiteite (tans Stellenbosch) voltyds bekom word, word die armstes verhinder om Teologie te studeer. Juis hulle wat deur die Gees geroep word om hulle eie mense in die arm gemeenskappe te bedien, word uitrangeer op grond van die feit van hulle finansiële beperkinge en hulle lae akademiese kwalifikasies. Die Gees mag net mense roep vir voltydse bediening wat genoeg geld het, en aan 'n sekere akademiese standaard voldoen. Hierdie situasie is onhoudbaar in die bediening van die armstes. Hierteenoor bevind die WRK se Theological Education Fund vergadering (Julie 1976 te Alajuela, Costa Ria) dat die Pinkster groepe baie vinnig vordering maak onder die armstes in Sentraal Amerika. Hulle sukses word veral toegeskryf aan 'n unieke leierskapstyl in die streek (Sien Vader Rual Vidales in die WRK verslag : 8-9)

i. Geestelike leiers kom uit die arm gemeenskappe uit, hulle ken armoede

ii. Die onderskeid tussen leke en ampte is baie vaag

iii. Leiers word aangestel op grond van hulle gawes en vaardighede, eerder as akademiese kwalifikasies.

iv. Die leiers speel 'n prominente rol in die aanspreek van sosiale probleme. Hulle neem onteenseglik plek in langs die arme en duld geen onregverdige optrede jeens die armes nie. Hulle is ook oortuig van die "distortions" wat 'n kapitalistiese lees van die Bybel deur verdrukkende magte meebring, en poog om die Evangelie weer te bevry om die volle waarheid te praat.

v. Leiers het 'n baie funksionele aanslag tot die bediening.

vi. Solidariteit vervang hiërargiese patrone in die verhouding tussen die leiers en die gemeente.

vii. Korporatiewe verantwoordelikheid vervang klerikalisme.

vii. Klem verskuif van organisatoriese burokratisering na die nood van die mense in 'n bestaanskrisis.

# HOOFSTUK VIER: DIAKONAAT

## Inleiding

Tieman en Zunneberg (1990:11) sien die diakonaat as konkretisering van die karaktertrekke van die koninkryk van God, te wete geregtigheid, vrede, liefde, barmhartigheid en heelmaking van wat stukkend is. In hierdie diakonaat word die kerk Christus , as die groot *diakonos*, se navolgers . Trouens die kerk kan nie kerk wees as die kerk Christus nie in die diakonaat navolg nie. Diakonaat is (saam met suiwer woordbediening, sakramente en tug) die kentekens van die ware kerk (Jak.2:14). Diakonaat word met 'n mandaat gedoen. Die bose word radikaal op elke terrein aangevat en beveg.

Tieman en Zunneberg (1990:73) wil *diakonein* en *leitourgein* verstaan as "solidair" vir mekaar instaan. "dat vraagt inzet en gezamentlijk nadenken over de mogelijkheden ... ruimte te vinden om (weer) op pad te gaan en levensmogenlijkheden in eigen hand te nemen ." Dit beteken in hulle interpretasie dan die deurbreek van die hiërargiese , paternalistiese verhouding tussen hulpbehoewende en hulpverlener. Hierdie deurbreek bring die hulpverlener en die hulpbehoewende baie naby aan mekaar.

Roscam Abbing (1979:29) onderskei diakonaat onderling tussen gelowiges, en diakonaat missionêr na buite, en betoog oortuigend dat die een sonder die ander ongeloofwaardig sou wees. Hy haal Gollwitzer aan wat beweer dat Christene wat rustig slaap in hulle gemaksones, terwyl medegelowiges 'n bestaanskrisis ervaar, beslis ook nie sal omgee vir die nood van ongelowiges nie. As gelowiges nie eens mekaar kan ondersteun nie, sal daar geen sprake van 'n missionêre diakonaat wees nie.

Die beginsels van holistiese sendingwerk deur die plaaslike gemeente as "healing community" is reeds in hoofstuk drie van hierdie afdeling uitgelig. Wat moet die gemeente prakties doen in die gemeenskap? Watter

liefdesdiens (*diakonia*) moet in die gemeenskap verrig word? Hoe moet hulle die tekens van die *shalom* van Christus in die gemeenskap konkretiseer?

## 1. Vereistes in die implementering van 'n missionêre diakonaat

### 1.1 Hervorming van die diakenamp

Die Diaken, as gelykwaardige, volwaardige amp in die kerk, sal na my mening 'n sentrale rol moet speel ook in die uitvoering van die kerk se diakonaat in die arm Afrika konteks van die Nuwe S.A. (Roscam Abbing 1979:15). Tans in die VGKSA en die NG kerk in Ladysmith is die diakenamp verskraal tot kollektant en tafelbedienaar by die Nagmaaltafel. Die diens aan die armes word deur semi-staats en nie-staats organisasies gedoen terwyl die kerk, onbewus van menslike lyding rondom hulle, soos 'n boomstomp met 'n klomp drenkeling muise stroom-af snel na die waterval van die endoordeel. As die kerk nog 'n jaar finansieel oorleef het, ervaar die kerkraad 'n roepingsvervulling en lewensbestemming. As die kerk diakonaal in die konteks van Afrika armoede wil betrokke raak, sal die kerk wesenlike hervorming moet toepas op die amp van die Diaken. Die volgende lyk wesenlik te wees in hierdie hervormingsproses:

a.Die Diaken moet juis weer die Nagmaal laat voortsit in die leefwêreld van lidmate, deur die breking van die brood en die skink van die wyn ook te laat realiseer in selfverloënende diensbaarheid waarin die gemeente die Brood van die lewe en die brood van elke dag voortbreek aan die diverse nood van die wêreld. Hiervoor sal die Diaken die volgende rol moet speel in die plaaslike gemeente.

b. Die Diaken sal die gemeente moet motiveer, visioneer en aanmoedig om 'n pro-aktiewe rol in die gemeenskap te speel. Hiervoor het die Diaken egter self motivering en visie nodig.

c. Die Diaken sal as rolmodel voor moet loop in die begeleiding van die gemeente op die pad van diakonale dienslewering

d. Behoeftes en strategie sal saam met die gemeente uitgewerk moet word, en duidelik gekommunikeer word. Hiervoor is kennis van die gemeenskap se nood nodig.

e. Die diaken sal organisatoriese en leierskapsvaardighede aanleer om die proses binne die gemeente te bestuur.

f. Reeds met die beroeping van 'n diaken sal duidelik uitgespel moet word wat die Bybelse verwagtinge van die amp is, wat dit impliseer, en hoeveel tyd dit in beslag sal neem. Diakens word dikwels as kollektante aangestel, onder die indruk dat die insameling van kollektes die somtotaal van hulle verantwoordelikheid is.

g. Diakens se gesindheid sal ondersoek moet word. Mense wat rassiste is, en koud staan jeens swart armoede kan onmoontlik hierdie heilige amp vul in die kerk van Jesus Christus.

h. Diakens moet ook 'n sterk geloofsband met Christus hê, want die diakonaat is wesenlik ook Kerugmaties van aard. Nie as hulpmiddel nie, maar as verkondiging in aksie. As die kerk sou vereis dat mense 'n geloofsreaksie toon op die kerklike diakonaat, sal dit lei tot valse bekering

Bg. is mooi teorie, maar in die praktyk bly die diaken vasgevang in 'n verengde ampsbeskouing wat gekenmerk word deur:

a. Kerkistiese tonnelvisie.

b. Apatie weens die herder-kudde-model se klem op die herder se verantwoordelikheid

c. Geestelike louheid in 'n gemeente wat gebore word uit selfsug, selfhandhawing en onbekeerdheid. Alleen die oorweldiging deur Christus se liefde sal 'n lou lidmaat laat betrokke raak by die diakonaat.

d. Die apatie wat as armoedekultuur ook die kerk in 'n wurggreep vasvang.

e. Vergeesteliking van die kerk , en vervreemding van die kerk van die fisiese omgewing waarbinne dit geroep is. Hiermee saam 'n gebrekkige Koninkryksvisie in die kerk, wat God se genade net wil inperk binne die mure van die kerk.

f. Gebrek aan kennis van die nood.

g. Gebrek aan goeie opleiding en leiding. Dit is 'n pad waarop lidmate stapsgewys begelei moet word (Abbing 1979:27).

## 1.2 Die rol van die lidmaat in die diakonaat

Die een groot bate van die kerk, ook die VGKSA is die gawes en talente van lidmate, wat met goeie bestuur en leiding 'n helende invloed op die gemeenskap kan uitoefen, juis omdat hulle deel van die gemeenskap is, en dikwels in vriendskaps- en familieverhoudinge staan met die gemeenskap "buite die kerk". Wat verder die lidmaat besonders maak , is hulle omgee en passie met die nood van hulle eie mense, juis omdat hulle elke dag met hulle saamleef. Lidmate se aanleg en gawes is nie almal geskik vir die diakonaat nie, maar elkeen kan in hulle diversiteit 'n rol speel, hetsy direk, of ondersteunend tot die diakonaat. Hulle het egter leiding nodig om hierdie omgee in dade om te sit wat 'n verskil sal maak in hulle omgewing.

Waar die gemeente nie op hierdie pad begelei word nie, verloor die gemeente geloofwaardigheid (Jak.2:14), is hulle ongehoorsaam aan die liefdesgebod (1Joh.3:16-18), en word die evangelie gesien as kragteloos in die gemeenskap (Matt.5:13-16). Die nie-diakonale gemeente verval ook in leë kultus, waar God self nie meer te vind is nie (1Joh.4;20), en die gemeente raak apaties en ongevoelig jeens die nood rondom hulle. Hulle gewete ontwikkel eelte.

Hoe word 'n gemeente diakonaal aangemoedig?

a. Roscam Abbing , Hendriks en Schaaf (1979:66-70) poog om 'n werkswyse daar te stel wat 'n gemeente diakonaal betrokke sal maak. As basis van die missionêre diakonaat stel hy dat die onderlinge verhoudinge binne die gemeente die van onderlinge steun en omgee moet wees. As die gemeente nie eens onderling op mekaar gerig is nie, sal hulle dit beslis nie na buite wees nie.

b. Tweedens moet die prediking en lering (ook Kategese) die gemeente skool in 'n holistiese Koninkryksvisie, waar die gemeente opgeroep word om oral tekens van die koninkryk op te rig.

**1.3 Losmaak van die diakonaat van geld**

Van Well (in Koole & Velema 1991 :180) sien die volgende probleme as die diakonaat net aan die uitdeel van geld gekoppel word.:

a. Die sekulêre staat se sosialistiese spandering aan die nood van die armes laat die kerk vra: Wat hoef ons nog te doen, die staat gee hulle dan alles wat hulle benodig?

b. Wanbestuur van fondse in die arm gemeenskap, veroorsaak dat die gemeentes wat geld voorsien, skepties raak oor die voortgang van die aksie.

c. Die norme van die gewers bepaal die rigting van die skenkings se aanwending, en kan in die proses werklike dieperliggende nood miskyk.

d. Ander nie-ekonomiese nood word nooit onder die vergrootglas geneem nie.

e. Die dienskneggestalte van Christus raak verlore in die proses.

Die enigste plaasvervanging vir hierdie oppervlakkige betrokkenheid, is om die armes as mense raak te sien en langs hulle te kom staan en hulle self inisiatief te laat neem, terwyl die saak holisties op die tafel geneem word.

**2. Verskeidenheid van gemeentelike betrokkenheid by die diakonaat**

**2.1 Om in alledaagse lewe sout en lig te wees**

Eerstens is dit belangrik dat alle lidmate in 'n gesindheid van omgee en sensitiwiteit sal leef jeens mekaar en jeens alle mense. Dit beteken dat elkeen van die onderstaande diakonale take ook 'n informele, nie-amptelike dimensie het, wat in 'n diakonaal-gerigte lewenswyse na vore kom. So 'n leefwyse is ook gerig teen die teenpole van die Koninkrykstekens, tewete, onreg en diskriminasie.

**2. 2 Vrywillige werkers in diakonale projekte**

Daar bestaan staats- en nie-staats organisasies wat graag van vrywillige dienswerkers gebruik maak. Hier skakel lidmate in by die aksies van bestaande organisasies, met die oog op die benutting van diensgeleenthede wat hulle sou bied.

## 2.3 Die kerk bestuur self 'n spesifieke diakonale projek in die naam van die kerk

Take kan dikwels beter aangepak word as dit in samewerking met ander lidmate, en selfs in samewerking met ander kerke aangepak word. Die gevaar bestaan natuurlik dat die kerk in 'n organisatoriese strukturering sal vasval, wat uiteindelik meer vergader as wat hulle werk. Gevolglik word verkies om te praat van werksgroepe, diensgroepe of aksiegroepe. Hierdie groepe kan bestaande groepe wees (wyke, jeuggroepe, vroue gebedsbondslede, katkisante of kerkrade), wat sekere take toegesê word, of dit kan nuwe groepe wees, wat spesifiek ontstaan met die oog op sekere dienslewering.

My ervaring in Ladysmith is dat lidmate graag meer betrokke wil raak in 'n bepaalde bediening van die kerk . Hulle moet egter goed geselekteer word, en deeglik opgelei word ten einde effektiwiteit te verhoog. Wat die keuring betref, sou die profiel van 'n kerklike hulpwerker saamgevat kan word met: Geestelik volwasse. Die term sou insluit geloofsversekering, lojaliteit jeens die persone wat gehelp word, 'n verbintenis om betrokke te bly en nie tou op te gooi nie. Vaardighede wat aangeleer sal moet word sluit in die vermoë om te luister, die vermoë om te help sonder om die ander van verantwoordelikheid te beroof, emosionele ondersteuning (hier gaan kontak gemaak word met verlies aan lewensrigting, depressie, sosiale verwerping, woede), en basiese mediese versorging.

## 2.4 Die missionêre diakonaat as gesamentlike aksie van die hele NG Kerke familie

Die VGKSA se jeugaksie se leuse is: "Unity in action". Die boodskap hieruit af te lei, is dat in samewerking , eenheid bereik sal word. In die soeke na eenheidsgestaltes binne die NG kerke familie, lyk gesamentlike diens aan die wêreld na 'n goeie saambindende faktor, aangesien die kerkefamilie een gemeenskaplike fokus en missie sal vind, wat hulle sal saambind tot gesamentlike aksie. Na my mening het elke kerk 'n belangrike rol te speel in die gesamentlike diakonaat.

Vanuit die NG Kerk sal die bydrae wees:

a. Ervaring met die Afrikaner armblanke vraagstuk

b. Bestaande strukture soos CMDs wat reeds bestaan , en transformeerbaar is.

c. Kundige lidmate met bestuurskundigheid en entrepreneursvernuf wat met die diakonaat kan help. Multiprofessionele kundigheid bestaan ook by lidmate op talle ander gebiede.

d. Beskikbaarheid van fondse vanuit die kerkverband, aangesien die kerk finansieel meer vermoënd is .

e. Bestaande infrastruktuur.

Vanuit die VGKSA sal die bydrae meer op die menslike vlak wees in terme van :

a. Kennis van die gemeenskap waar armoede heers

b. Ervaring van oorlewing as kerk binne 'n konteks van armoede en bestaansnood

c. Taal en sosialiseringsvaardighede van lidmate, aangevul met kultuurkennis en hulle geweldige omgee vir hulle eie mense.

d. In elke gemeenskap is daar 'n wykie of kerkie , wat deel vorm van die gemeenskap. Hulle infrastruktuur en gemeentestrukture kan baie handig gebruik word.

e. Hulle is dikwels meer ingelig aangaande diens wat die regering in elk geval self lewer in die arm Afrika gemeenskappe.

f. Afrikanisering en inheemswording van dienste gelewer.

Onderlinge respek, en die vermoë om na mekaar te luister, sal hierdie samewerking uniek en ryk maak. In die proses sal die kerk 'n geloofwaardigheid in die gemeenskap opbou, wat die stigmas van die verlede sal oorskadu.

## 2.5 Ekumeniese samewerking

Omdat 'n gemeenskapskrisis die hele gemeenskap raak, is dit te verstane dat dit ook ekumenies aangepak moet word. Die volgende redes geld vir 'n ekumeniese diakonaat:

a. Die omvangryke aard van die probleem oorspan individuele kerke se vermoëns.

b. Geloofwaardigheid van ekumeniese liggame, teenoor die kerkistiese aanpak van die kerklike diakonaat.

c. Die Bybelse appèl tot groter samewerking onderling tussen kerke.

Met bogenoemde rigtingbepalende opmerkings afgehandel, wil daar nou gekyk word na spesifieke spesialis diakonale dienste wat in die konteks verlang word:

# 3. VIGS-DIAKONAAT

Bonhoeffer sou sê dat Christus naby aan ons kom in die siekes (Nelson 1990:38). Vigs is in der waarheid geleentheid vir die kerk om die stof van rasionalisme en materialisme af te skud en weer op grondvlak nuwe geloofsgemeenskap te word! Die toename in MIV-besmetting, en Vigs-verwante sterftes, noop die kerk om vandag nuut te kyk na die kerk se diakonale verantwoordelikheid jeens die gemeenskap in die breër verband. Dit is 'n krisis wat in 'n geleentheid vir die kerk omskep kan word. 'n Geleentheid "...om die onvoorwaardelike karakter van die genade-alleen-boodskap te verkondig en die deernis van die Christelike liefde te demonstreer", en nie geleentheid vir 'n angshisterie en oordeelsprediking nie (Louw 1988:227). Nelson (1990) verwys na Westberg wat as Lutheraan sy gemeente wou maak: "a wellness center to which people come regularly for prayer, worship, and serious discussions of life issues from a Christian perspective." Die diakonaat het 'n sterk suigkrag op die gemeenskap. Westberg visualiseer ook dat die plaaslike gemeente as 'n "place where task forces plan strategies for bringing health and wholeness to the immediate

community, starting with congregation members." Diakonaat is ook dinamies pro-aktief kreatief nuutmakend besig in die gemeenskap.

Ek wil die kerk se verantwoordelikheid teenoor die Vigs pasiënt verdeel in die volgende aspekte:

1. Diakonaat, wat meer konsentreer op :

1.1 Versorging

1.2 Voorkoming

1.3 Voorligting

2. Pastoraat, wat meer persoonlik en in kleingroep-verband gedoen word met alle mense betrokke, met die klem op pasiënte en hulle naasbestaandes. Die pastoraat sou egter uniek wees in die sin dat dit na buite gerig is, en mens sou praat van 'n missionêre pastoraat. Dit is verder uniek omdat dit gedoen gaan word deur mense met minimum vaardighede. Hierdie aspek van die kerk se bediening aan die MIV positiewe pasiënt word in die hoofstuk oor pastoraat verder gevoer (Hoofstuk 5)

3. Profeties kritiese stem, waar die kerk duidelik vanuit Bybelse perspektief sal moet insette lewer in die debat rondom die hantering van MIV. Hierdie aspek word uitgebou in die hoofstuk wat handel oor Sosiale Geregtigheid (Hoofstuk 7)

## 3.1 Diakonaat: Versorging

### 3.1.1 Vrywillige gemeenskapswerkers as tuisversorgers

Baie mense word na diagnose van Vigs huis-toe gestuur om te sterf. Tuis word hulle uit onkunde dikwels swak versorg. Die feit van besmetting word deur die pasiënt verswyg, uit vrees vir stigmatisering. Gevolglik is die familie dikwels tot die einde toe onder die indruk dat die pasiënt nie ernstig siek is nie.

Om hierdie probleem te ondervang het die Presbiteriaanse Sendinghospitaal (COSH) by Tugela Ferry 'n uitgebreide stelsel van 250 tuisversorgers ontwikkel, waar lede van die gemeenskap identifiseer word as tuisversorgers, wat deur die Departement Gesondheid opgelei word, en gereeld gemotiveer word om MIV positiewe pasiënte tuis te besoek. Hierdie projek word aangepak na berading met die pasiënt, met die pasiënt se toestemming. Geselekteerde vroue lidmate van die VGKSA is by hierdie projek ingeskakel en lewer waardevolle gemeenskapsdiens as gelowiges.

Die opleiding, wat deur die Departement Gesondheid aangebied word, konsentreer op die fisiese versorging van wonde, en bedsere, voorligting oor dieetkundige sake wat die lewe van die pasiënt sal verleng, en beradingsvaardighede, waarmee die pasiënt en die gesin se reaksie rondom die siekte hanteer kan word. Omdat hierdie opleiding deur die staat aangebied word, het die kerk weinig insette te lewer in die inhoud van die opleiding. Lidmate wat wel betrokke is, kan egter sinvol bykomende opleiding voorsien word in die kerk. Ek dink hier veral aan pastorale vaardighede, sterwensbegeleiding en gebedsondersteuning. Vaardighede om in kleingroep- of individuele verband die evangelie van hoop te deel, kan ook sinvol wees. Juis op hierdie gebied het die kerk 'n unieke rol te speel, deur lidmate toe te rus om binne die konteks van MIV-verwante wanhoop, deur die Evangelie, hoop te bedien.

### 3.1.2 Huisbesoek deur lidmate

Die vroue gebedsbond van die VGKSA kom gereeld Donderdae bymekaar. Na hulle gebedsbyeenkoms , besoek hulle ook lidmate in die buurt wat siek is. Die vroue word in die VGKSA aangemoedig om ook hierdie besoeke uit te brei na nie-lidmate wat siek familielede het. Sodoende sal die kerk 'n "healing community" in die gemeenskap wees (Glasser 1993:26). Tydens hierdie besoeke sal die lidmate nie altyd amptelik ingelig mag word oor die aard van 'n pasiënt se siektetoestand nie. Hulle sou ook nie kon aandring, of

vermoedens bekendmaak dat die persoon MIV-positief is nie, of selfs reeds Vigs onderlede het nie.

**3.1.3 Vigs weeskinders**

In die situasie analise is reeds gemeld wat die verwagte effek van MIV op die toename in weeskinders in KZN kan wees. 'n Steekproef van hierdie kinders is met die situasie analise besoek. Die volgende afleidings is uit die besoeke gemaak.

a. Die kinders word in die uitgebreide familiestelsel versorg, maar hulle is sonder uitsondering die armstes van die armes. Waar die staat net voorsiening maak om toelaes te betaal tot die kind se sewende jaar, en toelaes in elk geval lank neem voor dit realiseer, en deur swak administrasie dikwels onderbreek word, en die toelaes eenvoudig onvoldoende is, kan mens verwag dat die staatstoelaes nie veel aan die situasie in die gesinne kan verander nie. Die gemeenskap is ook swak ingelig oor die beskikbaarheid van kindertoelaes deur die staat.

b. Kindertoelaes word dikwels deur arm families gebruik, en min daarvan kom by die behoeftige kinders uit.

c. Die kinders word swak gevoed, is agter in terme van skoolgereedheid, weens onverwerkte trauma, en min aandag in 'n uitgebreide gesin. Die bose sirkelgang van armoede word reeds van kleins af in hulle gedupliseer.

d. Die staat is onwillig om die kinders in kinderhuise op te neem. Daar is buitendien ook nie kapasiteit om die getalle in kinderhuise te absorbeer nie.

Wat is die kerk se taak in terme van die kinders? Die volgende het spontaan uit die VGKSA, NG Kerk en CMD se kleuterskool program na vore gekom. Ek hou dit as 'n moontlike oplossing voor.

> *Oral in die formele en informele nedersettings is daar versorgingsentra vir voorskoolse kinders. Hierdie skooltjies word deur werklose vroue bedryf om as entrepreneursprojek geld te genereer. Hulle ontvang ook soms subsidie vir salarisse, geboue en*

*kos. Die kerk in Ladysmith is betrokke by 200 sulke kleuterskooltjies in die omgewing. Party goed toegerus, en ander in primitiewe modder hutjies. Die een uitstaande eienskap van die skooltjies is die gemeenskap se eienaarskap en die onderwysers se toewyding en liefde vir die kinders. Die kerk se betrokkenheid is op drie vlakke:*

*i. Bemagtiging van die onderwysers deur aan hulle 'n vereenvoudigde skoolgereedheidsopleiding te voorsien, teen minimum kostes, wat dupliseerbaar is in 'n arm gemeenskap.*

*ii. Om die onderwysers toe te rus met 'n geïntegreerde holistiese Bybels gebaseerde lewensvaardigheidsopleiding wat spontaan deur elke dag se program spoel.*

*iii. Hulp met administrasie en gemeenskapsmotivering*

Hierdie kleuterskooltjies kan baie maklik as sorgsentra dien vir weeskinders. Die probleem is dat die families dikwels nie die R20.00 pm skoolgelde kan bekostig nie, en ook weier om dit te betaal, omdat dit meer is as die skoolgelde vir 'n hoërskoolkind in 'n agtergeblewe gemeenskap. Hierdie probleem word op twee maniere ondervang:

* Skoolgelde word van buite geborg deur lidmate van die NG Kerk. Dit word aan die skoolkomitee oorbetaal en hulle nooi die kind uit om die skool by te woon, in te skakel by die skoolgereedheidsprogram , die Christelike lewensvaardigheidsopleiding, en om een maaltyd per dag by die kleuterskool te ontvang.

* Familielede word uitgenooi om in die skool se groentetuin te kom werk, as kompensasie vir die kind se skoolgeld. Hierdie gedagte het nog nie realiseer nie.

Die voordeel van die projek is dat die kind nie van die familieverband vervreem word nie, die projek is baie koste effektief, kan maklik dupliseer word, vind plaas met volle gemeenskapsbetrokkenheid, en word onderlê met 'n sterk Christelike lewensskoling.

### 3.1.4 Lewenskwaliteit van Vigspasiënte moet verhoog word: Sin van die lewe na MIV-diagnose

PACSA (Pietermaritzburg) het onder stedelike Vigs pasiënte ondervind dat hulle 'n geweldige verlies aan lewenswaarde ondergaan. Die doodsvonnis is uitgespreek, en hulle moet wag om enige dag te sterf. Hierdie mense ervaar dan geweldige depressie, en selfmoordneigings. Selfmoord onder die swart jeug neem nou ook vinnig toe in die Ladysmith omgewing. Dit is vreemd aan die Afrika kultuur.

> *Ek gebruik PACSA en die staat se projek van "People living with HIV and Aids" as basis vir die voorstel wat ek wil doen. Volgens die program word jongmense wat MIV positief toets, aangemoedig om openlik daaroor te praat. Hulle word aangemoedig om met gemeenskapsbyeenkomste te praat. Hulle voorligting is geweldig effektief. Dit verhoog ook hulle sin van eiewaarde. Sommige jongmense is ook georganiseerd in Marimba orkeste, en tree by funksies teen betaling op. Die positiewe terugvoering is ook baie versterkend vir hulle.*

Die kerk kan veral lidmate aanmoedig om in die gemeente bekend te maak dat hulle MIV positief getoets is. Dit sal baie help om openheid en eerlike gesprek oor die saak aan die gang te sit. Jongmense wat die moed het om na vore te kom, kan opgelei word in voorligtingsvaardighede. Hulle kan self as "wounded healers" 'n geloofwaardige bydrae tot die gemeentepastoraat maak. Hulle kan ook opgelei en georganiseer word in orkeste en kore, of ander aktiwiteite waarin hulle die gawes en talente wat hulle het optimaal aanwend. Hulle eie diensbaarheid in die gemeente kan besielend op die gesondes inwerk. Maar dit sal hulle ook help in die vorming van 'n gesonde selfverstaan as diensknegte van ander, te midde van hulle eie pyn. Juis hierin sal hulle lewenswaarde en lewensin ontdek.

**3.1.5 Die benutting van die erediens, koinonia, liturgie om hoop te bied**

Louw (1988:229) noem die belewing van die Vigs pasiënt as die van 'n isolasiekrisis. Juis binne die warm omgee atmosfeer van die erediens sal die mens weer opstaan uit die "potensiële sosiale dood". Die gemeente se koinonia kan sinvol aangewend word om die Vigs-pasiënt te versterk in die geloof, en om menswees weer te herstel, asook 'n heelwordende selfinterpretasie. Hieroor is uitgebrei in die hoofstuk rakende gemeentebetrokkenheid. Die erediens van die gemeente kan 'n "healing happening" in die gemeenskap word. Lofsang en getuienis kan in gemeenskapskonteks die Vigspasiënte versterk in hulle geloof. Families en vriende kan ook binne die erediens dieselfde ondersteuning ontvang.

**3.2 Diakonaat: Voorkoming**

Voorkoming deur die deurgee van inligting, is een van die belangrikste elemente van die kerk se Vigsdiakonaat vandag. Die inligting moet egter volgens die volgende kriteria aangebied word:

a. Neem in ag dat die landelike Afrika konteks betreklik ongeletterd is in eie taal, en hoogs ongeletterd is in 'n tweede taal. Die inligting moet dus soos volg aangebied word:

i. Drukwerk in moedertaal van omgewing

ii. Drama , sang en stories moet 'n prominente rol speel in die oordrag van kennis

b. Neem die Afrika denkwêreld en kultuur in ag. Kennis wat in teenstelling met die bestaande kultuur aangebied word, sal nie aanvaar word nie. Gebruik metafore, simbole en terme wat sosiaal-kultureel aanvaarbaar is. Njumbuxa (1995) leer ons: " ... no pastoral work can achieve its objective of holistic healing without taking cognisance of the partner's culture."

c. Voorkomingsdiakonaat moet veral konsentreer op die bekendmaking van oorsake, gevolge, en voorkomingstrategie van die siektetoestand.

**3.2.1 Oorsake**

Die volgende oorsake van Vigs moet duidelik in die voorligting uitgelig en aangespreek word:

a. Vigs word veroorsaak deur verskeie politieke ekonomiese en sosiale faktore wat almal bydra tot die armoede kultuur, wat kristalliseer in die verbreking van verhoudinge, dikwels met die mense naaste aan mekaar. Gevolglik is seksuele verhoudinge van die eerstes wat getref word. Die gemeenskap verstaan die interafhanklikheid van sisteme, en sal verstaan hoe een versteurde verhouding ander ook laat tuimel. Die holistiese hantering van die saak is belangrik.

b. Saayman en Kriel (1991:162) toon ootuigend aan dat die huidige biologiese model waarvolgens na die mens gekyk word as 'n biologiese masjien, in isolasie van sosiale, kulturele en religieuse aspekte onvoldoende agtergrond bied om oplossings vir die Vigsprobleem aan te bied. Volgens die model sou die oplossing uitsluitlik wees om die oppervalk van kontaminasie met 'n kondoom te isoleer. Die mens is egter nie so eenvoudig nie, en oplossings vir menslike gedrag is ook nie so eenvoudig nie.

c. Die kontemporêre seksualiteit moet beslis as oorsaak uitgelig word. Dit word aangemoedig deur die advertensiewese, en die verlaging van seks tot 'n verbruikersitem, waar die vrou uitgebuit word, manlike verantwoordelikheid ontneem word, en vry seks as die moderne "in" leefpatroon verkoop word. In die nuwe SA is veral die jeug baie gesteld daarop om Westerse en wêreldneigings na te volg. So beweer 'n seun uit Mathiwane dat homoseksualiteit snel toeneem onder sy ouderdomsgenote, omdat hulle die boodskap kry dat dit in Amerika aanvaarbaar en "in" is. Die Amerikaanse seksuele revolusie met "casual sex ... alive and well", en die stigmatisering van maagdelikheid en kuisheid as "unfashionable" (Ayers 1995:202) het die wêreldstad in die Trojaanse perd van die media en die teater binne geval. Voorligting oor gesonde "heel" seksualiteit sal aandag moet kry. Louw (1988:226) praat van die "sosiaal-kulturele" gemeenskaplike wortels van Vigs. Dit is resultaat van 'n genotsoekende kultuur, waar seksualiteit uit die konteks van die huwelik gehaal is, waaraan die ganse gemeenskap skuldig is. Dit is 'n simptoom van ons siek samelewing.

d. Teologiese oorsake van Vigs moet baie versigtig hanteer word. Is dit straf op sonde? Moet die kerk die saak dogmaties benader as straf van God op 'n

permissiewe lewenswyse? Al moet die kerk versigtig wees om die roete te neem, bly dit steeds belangrik om die etiese dimensie van menswees ter tafel te neem in die hantering van MIV Vigs. Vigs plaas weer die sin van die Christelike huwelik in die kollig. Maar 'n nuwe huweliksetiek kan nie gebou word op die "... moeras van mense se vigsangs" nie (Louw 1988:234). Die Teologiese basis vir kerklike betrokkenheid is eerder God se genade en die nuutmakende uitreiking na die stukkende menswees in Christus. Hierin kan die kerk die Here navolg, en tussen die melaatses en die siekes gaan sit.

### 3.2.2 Gevolge

Die volgende gevolge van Vigs moet duidelik in die voorkomingsveldtogte ingespan word:

a. Vigs eskaleer armoede. deur die vernietiging van die werkende deel van die bevolking. Juis die seksuele aktiewe ouderdomsgroep, broodwinners, word aangetas. Die gevolge is vergrote armoede in reeds arm gesinne, en die toename in weeskinders waarvan beide ouers gesterf het, met gepaardgaande groter ekonomiese druk op pensioentrekkende grootouers.

b. Die gevolge van Vigs is veel meer omvangryk as lewensverlies en kontaminasie van ander mense. Die prominente gevolg van Vigs is dat dit verhoudinge versteur, en die balans en holistiese samehang tussen mens, natuur, en Skepper versteur. Dit sluit in sielkundige, sosiale, emosionele, finansiële en geestelike ineenstorting by die pasiënt en die naasbestaandes (Ayers 1995:201).

### 3.3 Diakonaat: Voorkomingstrategie

a. Mediese behandeling bly steeds die mediese wetenskap ontwyk. Die beste voorkomings strategie wat die kerk sal kan voorskryf is die huwelik as instelling van God, waar binne 'n permanente geslote verhouding van man en vrou die volle seën (*shalom*) van 'n seksuele verhouding sou kon ervaar. Die nuwe besinning oor 'n huweliksetiek moet egter nie op die vrees vir vigs gebou word nie, maar moet weer uitgaan van die Koninkryksteologie waarin God se inspraak in elke lewensterrein gesoek word tot heil van die mens.

Vanuit die Woord en God se genade moet die kerk weer vars riglyne gee oor die huwelik, reeds van kleins af aan jong kinders. Die vrugdra van die geloof in 'n lewe binne die huwelik en gesinsverband moet weer aandag kry binne die kerk.

b. In die proses moet die kerk daarna streef dat lidmate se huweliksbelewenis lewende boodskappe van 'n heilige lewe in Christus sal wees. Juis hierdie "encounter" met die Christelike huwelik moet diegene buite die kerk laat omkyk en sê: Dit lyk na die antwoord!

c. Die opheffing van armoede en bestryding van onreg hoort ook direkte impak op die bestryding van Vigs te hê.

d. Afrika-inheemse hantering van die MIV-krisis is absoluut nodig. Westerse hantering (soos kondome) gaan nie die gemeenskap aanspreek nie.

e. Morele herstel, waar morele waardes onder alle bevolkingsgroepe en inkomstegroepe verkrummel.

**3.4 Prakties**

Die kerk kan prakties saam met die Afrika gemeenskap betrokke raak by voorkomingsprogramme. Vanuit die konteks van die NG Kerk en VGKSA se gesamentlike CMD aksies wil ek die volgende as voorbeelde uitlig:

3.4.1 Gemeenskapsinligtingsvergaderings

In die Mnambithi distrik is reeds 5 gemeenskapsinligtingsvergaderings gehou. Dit is ekumenies vanuit die Christian Council aangebied, met multiprofessionele insette van deskundiges. Ter illustrasie die beskrywing van een so 'n sessie:

> *Die Sending Bestuur van Ladysmith se sendingtent is opgeslaan. 'n Bees wat die boere geskenk het is geslag. Die blanke vroue het die swart gemeenskap kom dien deur vir hulle kos te kook. Die Zulu Christene het suurpap en Poetoe gemaak. Potte vol.*
>
> *Die plaaslike hoofman is gekontak. Hy het sy mans deur 'n tradisionele "imbizo" opgeroep na die familiedag. Hy was die*

*eregas. Die kerk het hom as gemeenskapsleier geëer en vir hom gebid, soos dit hoort. Hy het die mans opgeroep om weer hulle posisie as hoof van die huis op te neem. Die mans het in hulle skares opgetrek na die geleentheid, sommige in hul tradisionele klere. Ds Sithole van Ezakheni het 'n boodskap gelewer.*

*Mans, vroue, jongmense en kinders het daarna apart vergader om self te praat oor 'n strategie om Vigs te beveg, en om die wat reeds besmet is te ondersteun. Hier het Dokters vir Lewe (onder leiding van Dr. Theo van der Merwe van Kwa-Siza-Bantu), HIV-positiewe jongmense van PACSA wat 'n Marimba musiekbediening het, Ubumbano Early Childhood Development, en die CMD 'n groot rol gespeel. Plaaslike Christene het self ook 'n bydrae gelewer. Die groepe was eenstemmig: terug na die Woord van die Here: herstel die huwelik.*

3.4.2 Bybelstudiegroepe vir vroue

Ek is oortuig dat Bybelstudiegroepe vir vroue binne die arm Afrika gemeenskappe die mees ideale geleentheid bied om Bybels gebaseerde inligting rondom seksualiteit, kinderopvoeding, siekte en lyding en moraliteit deur te gee.

3.4.3 Bybelstudiegroepe vir die jeug

Die Christian Council in Ladysmith is tans besig om 'n Bybelstudiegids vir Christen jongmense op te stel, waar riglyne gebied word vir die voorligting en hantering van Vigs in hulle eie gemeenskappe.

3.4.4 Prediking

Uiteraard is die prediking die plek waar vanuit die Woord gesonde lewenswaardes aan die verbondsvolk, die nuwe kerk, geleer kan word.

3.4.5 Jeug- en volwasse kampe

Kampe en konferensies leen ook daartoe dat voorligting gedoen kan word binne die kerk.

3.4.6 "True Love waits"

In KZN is die sendingstasie by Kranskop, Kwa-Siza-Bantu, baie aktief met 'n jeugspan wat skole besoek Die Amerikaans van oorsprong veldtog "True Love Waits" word onder skoolgaande jeug propageer. Die program behels in kort dat jongmense op sterk Christelike basis gemotiveer word om kuis te bly tot hulle getroud is. Hulle word dan 'n ondernemingsvorm gegee waarop hulle hulle verbind tot seksuele onthouding tot en met hulle huwelik. Die ondernemingsvorm word dan na 'n sentrale kantoor gestuur vanwaar daar ook weer opvolgwerk gedoen word.

3.4.7 "Scorpions of justice"

Vanuit die CMD/NG Kerk , die VGKSA en die plaaslike Thukela Mzinyathi Christian council in Ladysmith is 'n projek gebore waar werklose Christen swart jongmense opgelei word om deur woordverkondiging en drama lewensvaardigheidsopleiding by skole aan te bied. Die groep bestaan uit 100 lede. Leiers is by Africa Enterprise in Pietermaritzburg opgelei, en hulle moes weer streeksleiers oplei, wat weer in hulle streke lede gewerf en opgelei het. Die projek staan onder bestuur van die Maatskaplike werkster van die CMD op Ladysmith. Myns insiens is die sterk punt van die projek:

a. Jongmense bedien jongmense, nie vanuit 'n afstand van skyn volmaaktheid nie, maar vanuit die gebrokenheid van hulle eie lewens as werklose jongmense wat nuwe identiteit in Christus ontdek het.

b. Rolmodelle word blootstelling gegee veral in skole met jonger kinders.

c. Voortdurende opleiding, evaluasie, herstel en heraanwending vind plaas.

3.4.8 Die herbenutting van bruikbare Zoeloe gebruike wat die Bybelse boodskap ondersteun

Koning Zwelithini het die projek "Izimbali Zesizwe" (Blomme van die nasie) van stapel gestuur waar jongmeisies aangemoedig word om hulle seksueel te onthou tot en met die huwelik. Hierdie oproep staan in die konteks van die "*metsha*"gebruik, tydens die *Umhlonyane* seremonies (mondigwordingsfeeste) , waar meisies maagdelikheidstoetse ondergaan.

Hierdie gebruik is suksesvol geïntegreer met kerklike voorligtingsessies in die Mnambithi distrik.

### 3.5 Diakonaat: Voorligting. Etlike riglyne

Louw (1988:225) vermaan teen die gebruik van die "Aids-anxiety" as voorligtingsmiddel. Die gemeenskap moet eerder vanuit die genade en liefdesmotief gemotiveer word. In die voorligting aangaande Vigs sal veral aan die volgende aandag gegee moet word:

3.5.1 Moralisering van Vigs. Saayman en Kriel (1991:154) haal Miller en Rockwell aan: " Aids is a disease of the immoral; in the United States , of the homosexual, the prostitute, the drug user; and in Africa, of the sexually promiscuous". Die moralisering van Vigs is om die volgende redes onhoudbaar:

a. Baie MIV-positief pasiënte (meestal getroude vroue, vroue wat teen hulle sin omgang moes toestaan, vroue wat verkrag is, en mense wat besmette bloed ontvang) is besmet met die virus sonder dat hulle self permissief opgetree het.

b. Die moralisering van Vigs veroorsaak etiketering, en gemeenskapsverwerping. Vervolgens is diagnose, morele ondersteuning en behandeling bemoeilik. Pasiënte hou die siekte diagnose eerder geheim.

c. Moralisering beskou die vinnige verspreiding in Afrika as direk verwant aan die Afrika leefwyse wat dan meer promisku sou wees as in ander wêrelddele. Hierdie stelling hou nie water nie, aangesien die Weste en selfs Amerika lande is waar prostitusie, en homoseksualisme hoogty vier. Die kernoorsaak van die vinnige verspreiding word aan rasse eienskappe toegeskryf, terwyl dit veel eerder in verband met armoede, en trekarbeid gebring moet word (Schoeman in Saayman en Kriel (1991:160)). Mense wat die slagoffers geword het van ekonomiese en politieke misbruik kan sekerlik nie moreel veroordeel word as hulle die gevolge daarvan aan hulle lyf voel nie.

d. Dit vervreem die pasiënte en naasbestaandes van die kerk en die Here self. (Louw 1988:225). Baie vrae spruit uit hierdie moralisering voort: Hoekom word Afrika soveel harder gestraf as die ewe promisku Weste? Waarom word ek gestraf as ek die virus onskuldig opgedoen het? Waarom kan ek nie vergewe word en weer genees word nie?

e. Moralisering veroorsaak 'n "oordeelshisterie" in die kerk, wat meebring dat die kerk hande afhou van die probleem en die mense.

3.5.2 Holistiese aanpak. Gill (1991:133) staan krities teenoor die meeste regerings se konsentrasie op die individuale menseregte van die Vigs-pasiënt, as sou dit nie genoegsaam wees nie. Die saak moet in breër gemeenskapsverband aangespreek word. Die hele gemeenskap , instede van die mense wat MIV-positief toets moet behandel en voorgelig word. Tereg word opgemerk dat die individuele reg van die siek persoon, die gemeenskap se reg op heelheid en gesondheid kan benadeel. Byvoorbeeld die reg om die siekte geheim te hou, kan 'n gesondheidsrisiko inhou vir die pasiënt se naasbestaandes en gesondheidswerkers.

Gill (1991: 134) vermoed dat sekulêre regerings se weiering om morele riglyne uit te lig tydens hulle kondomiseringsveldtogte, wat moreel neutraal is, inherent aanvaar dat "... that people cannot, will not , or perhaps should not, drastically change their sexual practices." Dit bevorder eerder permissiwiteit

> *Op 10/12/1998 is ek gevra om 'n Vigs voorligtingsdag van die Departement Gesondheid by 'n fabriek , Ladysmith Leather, by te woon, en as spreker op te tree. Die kondome was op die tafels uitgestrooi. Die tafel was nie gedek vir 'n morele lesing oor huwelikslewe en kuisheid nie. Die fokus was op die selfsugtige reg om jou lewe te geniet, maar om net seker te maak jy kry nie seer nie.*

Die kerk het myns insiens 'n belangrike unieke rol tot die staat se veldtog te speel: Die kerk mag maar sê die spel van seksualiteit het sekere duidelike

reëls, soos uiteengesit in die Bybel. As die kerk net die kerkjeug kan bereik met die boodskap, is reeds baie bereik.

> *Die VGKSA Ladysmith se kerkraad het besluit dat buite egtelike kinders net na deeglike katkisasie van die moeders met Paasnaweek gedoop sal word. Die getal gemeente dogters wat dan die jaar se buite egtelike kinderoes kom doop, is nooit minder as 25 nie. Dikwels word ook die tweede en derde kinders ten doop gebring. Daar is geen sprake dat die kerkraad sal tug toepas op die moeders nie, dit is immers "die nuwe manier van leef".*

Die kerk het 'n belangrike rol te speel in die vestiging van 'n alternatiewe voorligtingsmodel , in teenstelling met die staat se kondomiseringsveldtog. Vier redes geld hiervoor:

a. Duidelike Bybelse aanspraak op kuisheid

b. Kondome is in die konteks van Afrika armoede 'n baie ongewilde manier van beveiliging. Dit is totaal kultuurvreemd.

c. Kondome is ook nie biologies 100% veilig nie.

d. Europese kondomiseringsveldtogte blyk ook nie suksesvol te wees nie (Gill 1991:139).

e. Kondomisering moedig immoraliteit eerder aan.

3.5.3 "Come to open campaign". Die Departement Gesondheid loods baie sterk die gedagte dat mense wat MIV-positief is , uit hulle "hangkaste moet klim", en in die openbaar hulle moet bekendmaak. Die gevoel is dat die geheimhouding van die saak nie voorligting bevorder nie. Dit is nodig dat hierdie veldtog binne die kerk geloods moet word. Mense, ook lidmate moet na vore kom, hulle bekend te maak, en ander ook aanmoedig om na vore te kom. Die volgende voordele sal hieruit voortspruit:

a. Die gemeente sal gewoond raak aan die siekte, en bereid wees om meer openlik kennis te neem daarvan. Dit kan die kerk tot aksie laat oorgaan

b. Veral begrafnisse word dikwels in die waas van ondeursigtigheid gehou. Niemand weet dat die pasiënt aan MIV oorlede is nie. As die kerk meer

openlik oor die saak is, sal familielede ook meer vertroue hê om te praat oor hulle eie lyding en smart.

c. In pastorale gesprekke, het ek al opgelet dat jongmense wat MIV-positief is, hulle verlustig in die weerwraak van mense van die teenoorgestelde geslag: "Ek het die siekte by die seuns gekry. Ek gaan nie alleen graf toe nie. Ek gaan baie baie seuns saamvat voor ek sterf."

As deel van die kerk se betrokkenheid by die nood moet die kerk ook meer druk op die staat sit om die siekte 'n "aanmeldbare siekte" te maak.

3.5.4 <u>Gesonde leefwyse veldtogte</u>

As die kerk 'n rol te speel het, sal die kerk dit moet doen met behoud van eie identiteit, en Credo. Voorligting rakende heel verhoudinge, gesonde seksualiteit, en respek vir mense se liggame en lewens, lyk vir my huidiglik op die kerk se tafel te wees. Marty (1994:227) praat van voorligting in "striving for fulness of life", waar *health* en *healing* niks anders is as respons op God se genade nie. In hierdie denkstroom word die kerk vennoot in die definiëring van gesonde lewe, en geneesheer in die hantering van ongesonde lewenswyses, wat dan die teenpool van lewe sou meebring.

> *"Safe sex is sex with someone wearing a wedding ring that you gave them when you were married" (Ayers 1995:203).*

<u>3.5.5 Beskikbaarheid van medikasie</u>

Die kerk het ook 'n rol te speel in die uitspreek van die wanbalans in die beskikbaarheid van voorkomende en verligtende medikasie. Huidiglik is die medikasie meer beskikbaar vir gemeenskappe met vryer toegang tot fondse. Die etiek van medisyneverskaffing moet deur die kerk op die openbare agenda geplaas word. Die kerk het ook 'n voorligtingsrol te speel teenoor die staat.

MIV tref ook meer arm gemeenskappe , waar basiese medikasie en klinieke tot die basiese beperk is. Veral in landelike arm gemeenskappe is die klinieke

nie gerat om die MIV-verwante siektes soos Tuberkulose, ontstekings en ander seksueel oordraagbare siektes te hanteer nie.

Dikwels verval gesinne so in armoede as een of twee ouers sterf, dat die jong oorblywendes nie meer geld oor het vir voedsame kos, ontsmettingsmiddels, seep en 'n pynpil nie. Hierdie basiese minimum moet ter tafel geneem word. Hier kan die kerk korttermyn hulp verleen.

3.5.6 Voorligting aan hoë risiko groepe, buite die kerk se lidmaatkorps

Hoë risiko gevalle mbt die oordrag van MIV is prostitute, hulle kliënte soos lang-afstand-bestuurders van swaar voertuie, soldate, en trekarbeiders, homoseksualiteit, sodomie veral in gevangenisse, en enkelkwartiere, dwelm gebruikers, wat naalde deel, en jongmense. Het die kerk 'n verantwoordelikheid jeens hierdie mense? Dit lyk of hulle in die kerk se missionêre skopus moet val. Is die kerk toegerus om hierdie mense te bedien met gesonde, Bybelse voorligting? Het die kerk iets om te bied aan hierdie mense? Dit blyk uit die Bybelse begronding van hierdie studie dat die kerk 'n duidelike rol te speel het. Dit sal egter goeie navorsing vra om die kennis oor die gemeenskappe , en hulle bediening aan die kerk oor te dra. As die kerk ooit 'n roeping gehad het om die Evangelie van Hoop en wedergeboorte te verkondig, dan is dit juis nou binne die konteks van armoede. Die kerk sal ook moet soek na maniere om 'n alternatiewe leefwyse voor te hou, en sal die kompetisie met die bestaande leefwyse moet verwag. Hierdie sending kan nie meer net tot die stede beperk word nie, maar sal deur opleiding beskikbaar gestel moet word aan elke gemeente.

3.5.7. Voorligting rakende die regte van getroude vroue

Die kerk sal duidelik die seksuele misbruik van die vrou in die konteks van die Nuwe SA moet uitlig, en haar as mens ophef en beskerm . Dit gaan veral rondom haar reg om seksuele keuses uit te oefen. Hierdie keuses sou insluit geboortebeperking, onthouding, aandrang op veilige beoefening van seks, en die aanspreek van manlike patrone van onbeheersde seksuele willekeur en ontrou.

3.5.8 Voorligting rakende die voortgesette sinvolle menswaardige lewe na die diagnose van MIV

Diagnose is nie die einde nie. Die kerk moet die gemeenskap begelei op die pad van voortgesette menswaardige bestaan na diagnose. Die volgende sake sal in die verband moet aandag kry:

a. Pasiënte se lewensverwagting kan verleng word.

b. Voedsame kos, rus, stress-hanteringsmeganismes en ondersteuningsbasisse sal hiertoe bydra.

c. Mense kan in die werkplek en tuis steeds sinvol deelneem tot hulle fisies te swak geraak het.

**3.6 Visionering van die kerk vir 'n holistiese MIV-diakonaat**

Indien die kerk hierdie diakonaat ernstig opneem, sal daar oorgegaan moet word na konkrete aksieplanne waarmee die kerk gerig sal word op die nood in die gemeenskap:

a. Die kerk sal weer opnuut 'n studie moet doen van sy oorgeërfde Bybelse tradisies. *Sola Scriptura* is geen ouderwetse rympie nie, maar die basis van ons Gereformeerde geloof. Liefde vir die oorgeërfde tradisies binne die kerk, sal lidmate weer opgewonde maak oor hulle rol in die gemeenskap. Die volgende laat die geloofsbasisse verroes:

i. Onbruik agv 'n verbruikersmentaliteit in die kerk

ii. Verpolitisering en verskraling deur inspraak deur nie-geloofs organisasies.

iii. Swak oordrag na opvolgende generasies

iv. Vergeesteliking van die boodskap.

b. Die kerk moet ingelig word deur feite, statistiek, stories, en kontak met mense wat die gevolge van MIV aan hulle eie lyf voel.

c. Re-evangelisasie, waar lidmate weer die stof van hulle geloofsoortuiging afblaas, en die konfrontasie met die feite die Bybel nuut laat verstaan.

Hiermee kom hulle tot nuwe selfverstaan, en 'n nuwe selfbeeld, wat nie op selfbevrediging gebaseer is nie, maar op Bybelse diensbaarheid.

d. Saamstel van 'n Bybelse aksieplan wat op een of twee elemente van die pastoraat konsentreer.
Hierby moet die gemeente betrokke wees, en hulle moet eienaarskap aanvaar.

e. Die saamstel van hulpbronne in mensepotensiaal, materiële besittings en medewerkers, met multi-professionele kennis.

## 4. VREDESDIAKONAAT

Armoede, klasse ongelykheid en onreg baar konflik. Konflik baar armoede en inhibeer stabiliteit en vooruitgang in 'n gemeenskap. Mens sou tereg van 'n geweldkultuur in groot dele van KZN kon praat (Dandala: Inselelo) Die kerk het daarom ook 'n besondere diakonaat in die bewerking van vrede in die maatskapy. Net soos die kerk se ander vorme van betrokkenheid in die gemeenskap, is vredesdiakonaat niks meer as 'n oprig van 'n teken van die komende Godsryk nie. As mense God se genade in Christus sien , en tot geloof kom, word die Here geprys, maar as hulle nie in geloof op hierdie teken reageer nie, maar steeds wapens neerlê, al sou dit net vir 'n paar uur duur, en een lewe daardeur gespaar word, sou dit die moeite werd wees, en die meewerk aan sulke vredesverklarings deel wees van die kerk se roeping. Net soos wat dit die moeite werd was vir vroeër jare se sendinghospitale om 'n lewe te red, al sou so 'n persoon nie daar en dan op die teken van God se vrede reageer nie.

Definisie van vredesdiakonaat: die vorm gee van die Koninkrykstrekke van vrede en geregtigheid, deur die kerk se bediening aan die gemeenskap, wat prakties uitloop op:
a. Konflikvermyding, en die handhawing van vrede en harmonie in 'n gemeenskap.

b. Konflikhantering, waar konflik vredevol opgelos word.

Vredesdiakonaat staan in die skaduwee van die versoening wat Christus bewerk het aan die kruis, en vind die diepste vervulling en verwesenliking in die versoening mens /God, mens/self, mens/mens, mens/natuur in Christus. Vredesdiakonaat staan dus nie teenoor die versoening in Christus nie, maar staan bo-op dit. Dit is daarop gefundeer. Sonder Christus sou daar geen versoening en vrede in 'n diverse maatskappy wees nie. Jesus sit sy lewe en bediening voort deur die kerk, sy liggaam. Die versoening wat Hy bewerk staan op die basis van barmhartigheid en geregtigheid. Barmhartigheid omdat die beweegkrag daartoe van God self uitgaan na mense sonder verdienste, en geregtigheid omdat dit gebaseer is op die verwydering van sonde en skuld, asook op die herstel van geregtigheid in 'n konteks van onreg . Hierdie versoening realiseer in horisontale verhoudings, waar genade en geregtigheid weer sigbaar word onderling tussen mense. Sonder Christus, die groot Middelaar, sou daar geen bemiddeling wees nie, sou daar ook geen ruimte vir die ander persoon en groep wees nie.

## 4.1 Holistiese aanpak van die vredesdiakonaat

Versoening en heel onderlinge verhoudinge is weer eens holisties van aard. Mens kan nie die horisontale en vertikale werklik uitmekaar haal nie. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is Matt.5:21-26. Offers aan die Here word nie aanvaar alvorens die saak met die broer reggemaak is nie. Die Onse Vader gebed verweef hortisontale en vertikale vergiffenis tot een saak, waarvan die drade nie uitmekaar gerafel kan word nie.

Vredesdiakonaat is ook holisties, in die sin dat dit nie losgemaak kan word van die kerk se betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling en die stryd teen armoede nie. Dit kan ook nie losgemaak word van die kerk se pastorale verantwoordelikheid nie. Dit kan ook nie los staan van die kerk se profetiese uitspraak in die gemeenskap nie.

Versoening, vrede en barmhartigheid is dus wesenlik deel van die kerk se bestaan.. Ongelukkig toon gemeentes, denominasies en ekumeniese verhoudinge dikwels dat dit nie die geval is nie. Die kerk sal dus voortdurend objek en subjek van die vredesdiakonaat moet bly. Gevolglik verklaar die "*Churches' Summit on Reconciliation*" 30 April 1998:9 *Reconciliation doesn't just happen "out there" - it happens inside the church.*

Die kerkeberaad van 1998 het veral opgemerk dat versoening vir die wit gemeentes beteken dat hulle moet vry word van skuldkomplekse oor die verlede, en dat hulle pro-aktief 'n rol sal speel in die wyer gemeenskap: die rol van langs die swart kerke kom staan, en saam die probleme in die gemeenskap holisties aan te spreek. Hulle sal moet wegbeweeg van die eensydige rol as verskaffers van geld. Hulle sal 'n omgee moet ontwikkel deur blootstelling. Hulle sal ook hulle lidmate moet begelei in gesonde interrassige verhoudings.

Vir die swart gemeente beteken die oproep tot versoeningsaksies dat hulle geestelike leiers hulle posisie in die gemeenskap moet benut "... to ensure that the communities achieve a turnaround in the struggle mentality" (Churches summit on reconciliation.:9). Hulle moet in landelike gemeenskappe weer hoop-stories laat vertel van mense wat as agtergeblewenes weer kon opstaan en hulle menswaardigheid terugwin. Kerkleiers en lidmate moet ook as rolmodelle van versoening voorgehou word. Verskeurde verdeelde kerke het nie baie te sê in 'n konteks van verdeeldheid nie.

## 4.2 Ekumeniese aanpak van die vredesdiakonaat

Die kerk , hoe verdeeld dit ook al is in 'n gemeenskap, sal moet saamwerk as vredesdiakonaat gaan slaag. Juis in die diversiteit van die onderskeie kerke se interpretasie, evaluering , en prognose van geweld lê daar baie potensiaal vir onderlinge verryking, en 'n voller verstaan van die probleem.

Die oorsake van geweld is veel meer as die wit interpretasie van geweld as voortvloeisel uit die kommunistiese aanslag wat gemeenskappe aangemoedig

het om in opstand te kom. Dit is ook veel meer as die spontane verset teen apartheidsonreg, soos die swart kerke dit interpreteer. Ons leef in 'n diverse maatskappy, wat 'n ryk konflikpotensiaal in die diversiteit ingebou het. Die SA gemeenskap huisves as mikrokosmos baie latente sosiologiese krisisse wat wêreldwyd deel van die menslike samesyn uitmaak. Vingerwys en terugkyk na die verlede, sonder om die volle probleem op die tafel te sit, gaan verder polariseer en nie na probleemoplossings werk nie.

## 4.3 Multiprofessionele aanpak van die Vredesdiakonaat

Die kerk is nie altyd instaat om die vredesdiakonaat alleen aan te pak nie. Ons praat dikwels in KZN van swaar gewapende konflik. Mens kyk na emosies wat onbeheers hoog loop. Daar is geleenthede waar die kerk moet "tande" inroep om die situasie in so 'n mate te beheer dat beskaafde gesprek kan voortgaan. Daarom is die verhouding met die veiligheidsmagte van die grootste belang vir die kerk wat in die vredesdiakonaat betrokke raak. Die stig van die verskeie CPF (Community Policing Forums) is 'n handige hulpmiddel in die verband. Die kerk kan ook help in die stig van die forums. Die moderator van die VGKSA in KZN, ds Khuzwayo, noem dat die CPF in KwaMakhutha meegebring het dat die polisie 'n toename van 13% tot 60% kon toon in die effektiewe ondersoek na misdaad in die gemeenskap. ("Working for Solutions in Cummunity Forums"). Die logika agter die CPF is dat 'n oop verhouding tussen die veiligheidsmagte en die gemeenskap nodig is vir effektiewe polisiëring.

## 4.4 Gebruik inheemse simbole en rituele

Dandala (1994:9) vra dat die SA Teologie sal kennis neem van die Afrika denke, simbole en rituele: " ... I dare to say that until this is deliberately unearthed, peacemaking efforts will continue to be matters of expediency rather than a way of life in our context." Die Zoeloe woord vir versoening "lamula" en "hlanganisa" verwys na twee tradisionele gebruike wat in die versoeningsproses nuttig kan wees:

a. "Ukukhumisana umlotha" (om as te gee om te eet of te drink). Die gebruik word in die familieverband deur die vrou van die huis uitgeoefen, waar sy as van die kookplek sou vat en dit gaan gee aan 'n vyandige familie. Hulle moet dit dan eet as deel van die vredesproses. As speel ook 'n belangrike rol in die beskermingsmiddele wat die AOK aan lidmate gee om in hulle huise te sit. Die iSangoma sou ook in belangrike rituele as gebruik om dan vrede te maak.

b. "Ukugezana amanxeba" (om mekaar se wonde te was) . Die gebruik kom van die jong seuns se stokgevegte waar die gebruik was dat as een iemand raakgeslaan het, hy verantwoordelik was om die ander se wond te gaan vryf, of met water afwas as teken van goeie wil en verskoning.

Berglund (1976:323,324) beskryf die ritueel van versoening baie treffend. Hiertydens sou die twee botsende partye voor 'n middelaar vergader, hulle hande in 'n water en as mengsel was, en dan hulle harte uitpraat ("Kipha okusenhliziweni yakho"). Dit geskied ten aanhoor van die hele gemeenskap. Na die uitpraat van beide partye, word hulle woorde opgesom. Hulle word gevra om die saak daar te laat. As hulle inwillig, moet hulle hulle monde afkoel met die as-water, deur 'n mondvol te neem en dan met afsku oor die linkerskouer uit te spoeg, soos mens gif sou uitspoeg. Die middelaar bedank hulle dat hulle die saak legitiem ("ngomthetho") soos mans opgelos het, en die gemeenskap beaam die dankbetuiging. Daarna word 'n bokvel vir die twee persone oopgemaak. Hulle kyk dan vir die eerste keer na mekaar en kla oor die aaklige nasmaak van die as in hulle monde. Dan word bier aangedra. Hulle prys die smaak van die bier. Daarna neem hulle hulle plek in by die gemeenskap, en ander met 'n bitter nasmaak in die mond word genooi om ook hulle monde af te koel. In hierdie ritueel is die uitspoeg van die water ("ukuphimisa amanzi") en die uitpraat van die saak, die verwoording daarvan, die essensie. Die saamdrink van bier, word in ander seremonies van versoening ook saam gebruik met die eet van vleis. Die versoening moet realiseer in harmonieuse saam eet. Die heling moet gevier word.

## 4.5 Vredesdiakonaat in praktyk

**4.5.1** Aktiewe hulpverlening aan mense wat geteister word deur die geweld rondom konflik. Hierdie hulpverlening sluit in:

**a. Materiële hulp om korttermyn bestaansnood te verlig**

Tydens die 1994 verkiesing is talle huise in Ezakheni E-seksie en C-seksie afgebrand en geplunder. Jeugdiges het die politieke groen lig tot gewelddadige onverdraagsaamheid benut om hulleself te verryk en persoonlike vetes te besleg. Julie 2000 is daar reeds talle mense in Steadville gedood, en aangeval in 'n ANC binnegeveg om mag, as aanloop tot die plaaslike verkiesings. Die oorweldigende reaksie in sulke tye is die van vrees, woede en wraak. Hierdie gevoelens lê dikwels ook die kerk lam. Dan word dit verwag dat die kerke van buite hulle hande sal kom vat om weer tekens van hoop in 'n verskroeide gemeenskap op te rig. Die tekens van hoop kan realiseer in die verspreiding van lewensmiddele, soos kos, en klere in die winter, en gebeds ondersteuning. Veral die VGKSA, met die voortslepende stamgevegte, is al gewoond aan die hulp wat verleen word aan bure na stamgevegte. Korttermyn oorlewingshulp is altyd nodig in tye van gemeenskapskonflik.

**b. Voorbidding vir getraumatiseerde groepe**

Na die Julie 2000 konflik in Steadville is al die kerkleiers in die gemeenskap bymekaar geroep, en hulle het elke gesin wat 'n naasbestaande verloor het, of waarvan 'n naasbestaande verwond was, persoonlik besoek. Daar is gebid. Die Woord is bedien om te troos. Hulle is opgeroep om die saak agter hulle te plaas, en om mee te werk met die breër kerkverband om vrede en stabiliteit in die gebied mee te bring. In die proses kon ek duidelik die volgende afleidings maak:

a. Die Woord was nog nooit so helder, so anders so relevant, soos daar waar dit in trane, en haat bedien is nie.

b. Die kerk se leiers het geweldig tevrede gevoel oor die impak wat hulle kon hê in hulle gemeenskap. Hulle was nie meer rolspelers op die kantlyn nie, maar het 'n verskil gemaak.

c. Die gemeenskap was verbaas oor die leraars se moed om beide groepe in die konflik te besoek, en die moed om met beide geassosieer te word. Juis hierin kon hulle rolmodel wees van onpartydige fokus op 'n doel wat groter was as klein groepsonderonsies.

d. Indien mense nie afgekoel word nie, sneeubal 'n klein konflik totdat dit uiteindelik onkeerbaar word.

e. Konflik bou op onopgeklaarde vorige konflikswonde. Dit raak selfs oorerflik.

**c. Ondersteuningsgroepe**

Gemeente lede, vroue - en jeuggroepe sou ook dien as ondersteuningsgroepe vir getraumatiseerdes in hulle midde. Juis die rol van die omgeegroep in die gemeenskap moet hier uitgelig word.

**d. Gesamentlike gebedsessies vir die hele gemeenskap**

Gebedsbyeenkomste waar alle Christelike groeperinge teenwoordig is, en waar veral vroue en die jeug (die uiteindelike slagoffers van geweld) sterk insette lewer, speel 'n belangrike rol. Hierdie geleenthede is ideale geleenthede vir woordbediening, waar troos en vermaning bedien kan word. Indien versoening reeds bereik is, sou iets van die tradisionele versoeningsgebruike ook hier kon voorkom.

**e. Genesing van psigologiese wonde wat uit trauma voortspruit.**

Hierdie saak sal breedvoerig hanteer word in die hoofstuk wat oor kleingroepberaad handel. Genoeg om hier Lloyd (Kursusmateriaal Amahoro opleiding 1996) aan te haal: " Forming support groups for those who have suffered ... where there can be mutual care and encouragement (These should always be led by a trained pastoral worker)." Hierdie groepe moet veral aangemoedig word om verwonde mense te identifiseer, en na hulle uit te reik.

**f. Tussenbeidetrede tussen twee partye in dispuut: Versoening**

Versoening op die grond behels die herstel van gebroke verhoudinge en vervreemding. Dandala (1994:6-10), na sy kerk se bemiddelingsrol met die hostel konflik in Gauteng, lig ses beginsels uit wat sou van toepassing wees as die kerk self in die bres kom staan tussen twee botsende groepe. Ek wil die

essensie daarvan vir die doel van die studie uitlig, aangesien dit in elke konteks sou geld:

Inkarnasie

Die kerk kan baie maklik as buitestaander beskou word deur die twee partye betrokke in konflik. Baie tyd moet dus spandeer word om 'n vertrouensverhouding tussen die kerk en beide groepe op te bou. Die kerk sal homself moet nodig maak in die proses, en duidelik sy unieksoortige insette uitspel in die vredesproses. Twee eienskappe van die kerk maak hierdie appèl 'n werklikheid:

i. Die kerk bestaan uit mense wat direk deur die geweld geraak word. Die kerk is nie "iemand" wat van buite kom nie. Die kerk leef in die geweldgeteisterde gemeenskap.

ii. Die kerk is inkarnasie van Christus se eie liggaam op aarde, en tree met 'n mandaad op wat spruit uit God se liefde vir alle mense, en sy sin vir geregtigheid.

Die mandaad van inkarnasie gee die kerk moed om in te tree, en selfs die moed om die proses te inisieer.

Teenwoordigheid

Die kerk word die geweldige las opgelê om by elke groep betrokke te wees, te luister, te verstaan, en beskikbaar te wees. Dandala (1994) praat van "nurturing relationships". In hierdie verhoudingsbou proses moet die kerk ook veral aandag gee aan die bou van 'n vredesdroom / -visie. 'n Verbintenis moet gekweek word om by die vredesproses betrokke te raak. Die proses sal sosialisering insluit, op plekke waar Christene ongemaklik sal voel "Yet *you* may suffer crucification at their hands." (Dandala 1994:7))

Onpartydigheid

Die kerk se verkose rolspelers mag self nie party-polities kant kies nie, en ook nie die proses tot voordeel van 'n bepaalde party laat beweeg nie. Die kerk moet eerder 'n "alternative value base" (Dandala 1994:8) daarstel. Die kerk kan dit juis doen vanuit die kerk se unieke roeping om God se verteenwoordigers te wees in die gebroke wêreld. Juis die koninkryksagenda maak die kerk onafhanklik van menslike voorkeure en programme. Juis 'n

koninkryksfokus sal die kerk voortdurend onderwerp aan 'n selftoets om te bepaal of die kerk nie ideologies gevange geneem is nie.

Plaaslike verantwoordelikheid

Lede van die botsende partye moet as gemeenskapslede in die eerste plek betrokke raak by vredesonderhandelinge, en nie as lede van een party nie. Indien dit gebeur sal hulle die bevoegdheid behou om hulle eie verbintenisse te maak. As hulle namens 'n party onderhandel sou hulle altyd eers party toestemming vir enige besluitneming moes verkry. Alle deelnemers neem as lede van die gemeenskap deel. Die probleem met hierdie uitgangspunt is dat geweld in KZN dikwels van buite aangevuur word, en as die betrokke organisasies nie amptelik betrek word nie, geen vordering gemaak sal word nie.

Integriteit van die kerk

Dandala (1994:9) ervaar dat die kerk nie 'n kompromie moet aangaan oor die wesenstaak van die kerk nie. Die kerk hoef nie voor te gee om te wees wat die kerk nie is nie: "The more we have held prayer meetings with biblical preaching directed at the situation, the more has been the eagerness of the participants to engage the church."

Gesamentlike visie

Die vredesonderhandeling moet meer om die lyf hê as wedersydse apologie. Die partye moet verbind wees tot 'n voortgaande proses. As die partye betrokke raak by detail van oortredinge en tegniese punte sal die proses spoedig ontspoor in 'n hofgeding, wat verdere polarisasie meebring.Die kerk moet weier om in konflik ingedwing te word deur politieke leiers. Hulle is verbind tot vrede en harmonie. Hulle moet almal daarna streef dat die kinders weer op straat kan speel, as teken van vrede ( Ladysmith Gazette 3/8/00:1). Hulle moet hulle eie posisie in die aanblaas van geweld kritiseer. Hierdie benadering kan juis die "warlords" wat buite die stryd orkestreer, in diskrediet bring by hulle volgelinge.

Veral fokus op die skade wat die konflik veroorsaak het, moet aandag kry. Geviktimiseerde gemeenskapslede moet hulle stories kom vertel.

Dandala (1994:11) identifiseer korttermyn doelwitte in die proses:
i. Verbintenis om mekaar te beskerm
ii. Bevordering van versoening, vrede en verdraagsaamheid
iii. Benut die betrokke partye se eie vaardighede, aanleg en gawes.
iv. Analiseer voortdurend

## 4.6 Voorkomende aksie deur opleiding van vredesagente

### 4.6.1 Leierskapopleiding

**"Amahoro" as gevallestudie**

"Amahoro" is die Rwandese woord vir "shalom" of vrede. Dr Rhiannon Lloyd, Wallies van geboorte, was in Ruanda betrokke by vredesprosesse, waar sy vanuit haar Christelike agtergrond 'n versoeningsbediening van stapel gestuur het. Haar strategie bestaan uit die opleiding van geestelike leiers in elke gemeenskap , wat die beginsels moet deurtrek na die gemeenskap toe. Sedert 1996 is sy ook betrokke in die opleiding van leiers in SA, veral ook in KZN. Haar "Healing seminars" wat fokus op "compassion and healing in Jesus as Saviour, Healer and Pain Bearer" het ontwikkel tot 'n gebalanseerde, duidelik Christelike helende bediening in verwonde gemeenskappe. ("Sowing seeds of hope in soil of despair" Project Amahoro 1998:3)

### 4.6.2 Opleiding van gemeenskapslede

Kinders

'n Gemeenskap wat in 'n geweldskultuur vasgevang is, sal reeds van kleins af her-evangeliseer moet word. Carl (1994:6) praat van "Education for Peace". Hy meld dat kinders wat opgroei in 'n geweldskultuur, die kultuur aanleer, en dink dat die geweld 'n normale manier van leef is. Die geweldskultuur kan op alle aspekte van die lewe uitslaan: gesin (kindermishandeling, gesinsaanranding en verkragting, alkoholmisbruik, sekuriteitsverlies), sport (oordrewe kompetisie, geweld met fisiese kontaksport), skool (boikotte, gesagskrisisse), vryetydsbesteding (bende

aktiwiteite, georganiseerde vorme van teistering as tydsverdryf, die fokus op geweldspeletjies op rekenaar, gewelddadige films op TV, geweld in kunsvorms), sosialisering (taxi-oorloë) en selfs godsdienstig (sektariese versplintering deur leiers weens 'n onvermoë om saam te werk en onderdanig aan mekaar te wees). Geweldkultuur word aangeblaas deur fisiese geweld in die gemeenskap (oorlog, gevegte en misdaad), ekonomiese geweld (onderdrukking in strukture van kantlyn mense), psigologiese geweld (gevoelens van meerderwaardigheid, minderwaardigheid, vooroordele en onverdraagsaamheid), ekologiese geweld (besoedeling en uitputting van bronne).

Carl (1994) haal Heater aan:

> ... *since wars begin in the minds of men, it is in the minds of men that the defences of peace must be constructed*

Aan die basis van 'n geweldskultuur lê die rasionaal dat geweld en aggressie die beste vorm van konflikhantering is, en gesprek en onderhandeling word nie gesien as werkbare konflikhanteerders nie.

Dit lyk sinvol dat reeds op voorskoolse kinders gefokus word. "ART" (Anti Racist Training) is 'n projek wat in Soweto van stapel gestuur is, waardeur die gemeenskap bewus gemaak word van hulle eie vooroordele teenoor ander kulture, die gemarginaliseerdes en ander ekonomiese groeperinge. (Challenge 38:22). Die kind word dan onderrig in die volgende sake:

i. Menswaardigheid en respek vir alle mense

ii. Respekbewyse teenoor die "ander", waar gekyk word na ander kulture se etiket en denkwyses.

iii. Carl (1994) noem as prioriteit die aanleer van 'n eie verantwoordelikheid om 'n meer regverdige wêreld te skep. Saam hiermee gaan die skep van 'n gesonde selfbeeld, die maksimum stimulasie van 'n kind se intellek, goeie sosialiseringsvaardighede, en die vermoë om in groepsverband te werk.

Ubumbano het die ART-opleiding aangepas as deel van die voorskoolse Kurrikulum in landelike gebiede. Kinders moet van kleins af geleer word dat God baie verskillende mense gemaak het, en dat almal respekteer moet word.

Ouers, as primêre opvoeders, sal ook binne die kerk en buite in die gemeenskap opgevoed moet word in "peace education" van hulle kinders (Carl 1994:8). Hulle moet bewus gemaak word van hulle rol as waardebepalers en bepalers van houding. Carl (1994:8) noem die volgende wyses waarop ouers by die opvoeding betrokke sou kon raak:

i. Positiewe voorbeeld van gesonde verhoudinge.

ii. Positiewe voorbeeld in die hantering van konflik op 'n vredevolle wyse.

iii. Self betrokke te wees by vredesaksies.

iv. Aanleer van kinders om alle mense te respekteer, en begrip te toon.

v. Kinders te skool in die onderbou van gesonde menseregte.

vi. Voorbeeld van nie-rassisme in hulle eie manier van optree, en vertel van grappe.

Carl ( 1994:10-11), en Lotter (1996:13) betoog ook dat die staat, die media en die Onderwys departemente meer aandag aan die opvoeding van 'n vredeskultuur moet gee.

Tuine

"Peace gardens" is 'n projek wat ook deur ACAT in die omgewing van stapel gestuur is. Klein diep-voor gemeenskapstuine word aangelê. Die tuine is in die gemeenskap niks meer as tekens van 'n beter tyd wat kan realiseer as die gemeenskap se sondige vyandskap en naywer oorwin kan word.

Die omgewing waarbinne 'n gemeenskap funksioneer, speel ook 'n belangrike rol in die gemeenskap se moraal. Hoe beter die fisiese omgewing daar uitsien, hoe meer gereed sal die gemeenskap wees om in harmonie saam te leef. Die bewerking van die land , deur die aanlê van tuine, parke en bome, en die invloed daarvan op die vredesklimaat, bevestig die holistiese aard van vredeswerk, asook die totaliteit waarin gebrokenheid voorkom. Alle

verhoudinge, ook met die omgewing en die land word aangetas. Die konsentrasie op tuine, sal ook die probleem van ledigheid aanspreek (Challenge (48) 1999:6).

Lewensvaardigheidsopleiding aan tieners

Scripture Union het 'n baie volledige kursus uitgewerk in lewensvaardighede ("Life Skills"). Hierdie vaardighede sluit ook konflik en konflikhantering in. Die lewe moet heel wees. Verhoudinge bepaal die kwaliteit van 'n persoon se lewe.

Die beginsels wat die basis vorm van vrede in die maatskappy, sal ook deeglik in dissipelskapskoling aandag moet kry, waar die kerk na die jeug uitreik.

### 4.6.3 Opleiding binne die kerke verband

**Ekumenies**

In Ladysmith is op ekumeniese vlak baie aandag gegee aan die opleiding van kerkleiers (leraars en gemeente leiers) om tydens verkiesings moniteringswerk te doen. Waar hierdie projek aangepak word in samewerking met die staat se verkiesingsmasjinerie kan die kerk 'n belangrike rol speel in die handhawing van vrede deur slegs teenwoordig te wees in konflikpotensiële gebiede.

**Lidmate**

Lidmate wat daagliks binne konflikryke gemeenskappe leef, sal opgelei moet word in die lewering van getuienis binne so 'n konteks. Keeney (1975: 60) lig 6 beginsels uit, wat ek toegepas in die konteks van die studie wil uitbrei:

i. Hulle moet deur woord en daad getuig van die versoening wat Christus bewerk het. Onversoenbaarheid met God is juis die wortel van gemeenskapsonversoenbaarheid.

ii. Die kerk moet 'n lewende getuie wees van versoening te midde van konflik.

iii.Lidmate moet 'n grondvlak sensitiwiteit ontwikkel vir onreg teenoor die gemarginaliseerdes in hulle eie gemeenskap, en hulle moet 'n doelbewuste keuse maak om by hulle betrokke te raak. Dit geld ook vir die swart kerk in 'n arm Afrika konteks.

iv. Die grondvlak kerk moet ook bereid wees om ten alle koste teen onreg op te tree.

v. Lidmate moet self waak teen wraakgedagtes en wraakuitsprake.

vi. Die gemeente moet lewende navolgers van Christus wees.

### 4.6.4 Voorligting oor konflikhanteringsmeganismes

Telkens word in KZN 'n oproep gedoen op kerkleiers om te help om die gemeenskap op te lei in verdraagsaamheid, en om hulle te motiveer om eerder konflik deur gesprek en die demokratiese proses op te los (Dandala 1999 Inselelo). Die kerk se betrokkenheid in die proses sal ook krities moet wees:

i. Die demokratiese proses is wesenlik Europees, en staan vreemd in 'n Afrika konteks van konsensus besluitneming.

ii. Die demokratiese proses is nog nie aanvaar in landelike gebiede onder invloed van tradisionele leiers nie. Die afdwing daarvan kan interpreteer word as politieke kantkies vir die party wat nie tradisioneel in die area ondersteun word nie.

iii. Onversoenbaarheid onderling tussen groepe het meestal 'n lang konflikryke geskiedenis, word bepaal deur ekonomiese, sosiale, tradisionele en politieke kragte, wat na onderhandelinge nie gaan verdwyn nie. Die saak sal holisties opgelos moet word, met volle gebruikmaking van 'n kultuurgroep se taal- , metafoor- en simbole registers. Konflik, en die onderliggende Teologiese faktore sal ook in ag geneem word.

iv. Onrealistiese politieke verwagtinge na die eerste demokratiese verkiesing in SA blaas ook baie geweld aan. Die kerk sal hierdie verwagtinge realisties moet afskaal in die gemeenskap, ten einde 'n vredesklimaat te bevorder (Nel, Njumbuxa, Pieterse 1994:73).

Sakala (1994:88) praat van die tweede revolusie in Afrika as die demokratiseringsproses Afrika diktatuur moet vervang. Hierdie proses gaan meer krisisse meebring as die bevryding uit kolonialisme. Gaan die kerk in die proses betrokke wees om die gemeenskap voor te berei vir die demokratiseringsproses? Sakala voel dat dit wesenlik tot die kerk se opdrag behoort. Daarvoor sal die kerk nou reeds voorbereid moet wees, sodat die proses bestuur kan word, en die kerk nie krisisbestuur hoef toe te pas nie. Dit sou behels dat die kerk verdraagsaamheid, menseregte en die gelykheid van alle mense verkondig.

## 5. JEUGDIAKONAAT

In beide die Vigsdiakonaat en die vredesdiakonaat is verwys na die besondere gerigtheid op die jeug, wat die nuwe konteks in SA van die kerk vereis. Die situasie analise het aangetoon dat die gemeenskap baie jonk is. Minister Jessie Duarte doen ook 'n beroep op die kerke om meer aktief jeugprogramme aan te bied, want "The criminals we are talking about are usually young people ... ' (Challenge (39) Des.96/Jan.97:5). Die kerk word van alle oorde gevra om 'n bediening onder die kerklos jeug uit die Afrika arm gemeenskappe te begin. As die kerk die jeug ernstig opneem ,sal die kerk spesifiek 'n diakonale bediening onder die jeug ernstig moet opneem.

In die daarstel van 'n Jeugdiakonaat word die volgende rigtingwysers neergelê:

### 5.1 Hierdie diakonaat sal in samewerking met verskeie rolspelers gedoen moet word:

i. Ouers sal hierin 'n sleutelrol moet speel. Gathoga, vanuit Kenia , werksaam met MAP (Medical Assistance Programme) bevind in 1994 met 'n vraelys dat 96,1% kinders verkies dat hulle ouers hulle seksuele voorligting gee. Alhoewel hulle dit verkies, toon meeste ouers vanuit 'n Afrika kultuur 'n huiwering om oor seksualiteit met hulle kinders te praat.

Hierdie navorsing toon 'n behoefte by die jeug in Kenia om leiding op seksuele gebied, wat nie binne gesinskonteks beantwoord word nie. Gathoga beweer juis dat die gebrek aan leiding die kind noop om deur eksperimentering, die radio, t.v. en tydskrifte self uit te vind wat hulle wil weet. Daarom maak Gathoga die skokkende opmerking: " Most young people in Kenya begin sexual relationships, according to the MAP survey , at the age of 14."

ii. Skole en Onderwysdepartement

iii. Jeug Organisasies

## 5.2 Basiese probleme wat in 'n jeugdiakonaat aangespreek moet word

Spesifieke aandag is reeds aan Vigs en vredesdiakonaat gegee. Verdere knelpunte wat vanuit die situasie analise na vore kom is:

### 5.2.1 Verhouding tot die self

i. Selfvertroue en selfbeeld probleme

Die swart jeug het geweldig baie energie, entoesiasme en verbeeldingskrag, maar dit word alles verberg agter die kombers van selfbeeldprobleme en 'n gebrek aan selfvertroue. Met my kontak met die "Scorpions" in Ladysmith (werklose naskoolse jongmense wat gemeenskapskoling doen) het ek 'n gretigheid ontdek om mee te doen aan die opheffing van die gemeenskap. Die persepsie dat die jeug ongemotiveerd is, is die nek ingeslaan. Wat het veroorsaak dat hierdie jongmense so gretig was om hulle eie mense te bedien, en op te hef? Wat het veroorsaak dat hulle so ontpop vanuit 'n konteks van werkloosheid, depressie en wanhoop? Hulle het selfvertroue ontwikkel. Onder al die persepsies van werklose depressie, skuil daar 'n magdom potensiaal en energie wat latent wag op ontwikkeling en bemagtiging. Hierdie ervaring word gedeel ook met Tenji Majekiso, die direkteur van JEP (Joint Enrichment Programme) , 'n gesamentlike projek van die SARK en die SA Katolieke Biskoppe Konferensie.

### 5.2.2 Verhouding tot werk

a. "Gebrek aan 'n kultuur van leer en werk."

Gepaardgaande met die gebrek aan 'n werkkultuur, bestaan daar volgens die vorige adj Minister van onderwys, Rev. Smangaliso Mkhatshwa, 'n "...breakdown of all effective schooling in many of our township schools. Teachers who come late, if they come at all, and do very little teaching. Pupils who are frequently absent and even when present loiter around the grounds all day. Guns, drugs and scandalous matric results" (Challenge (41):2). Dit is die kultuur van die arm Afrika jeug, maar genadiglik is daar 'n paar gemotiveerde opvoeders wat in hulle skole 'n verandering meebring. Indien hierdie krisis nie aangespreek word nie, sal daar geen sprake wees van vrede, verligting van armoede en Vigs in die nuwe SA nie.

b. Gebrek aan dissipline in werksopset

> *'n Gemeente seun uit die VGKSA , komende uit 'n baie arm huis, het desperaat kom soek vir 'n werksgeleentheid. Enigiets. Deur die CMD is werk gereel as petroljoggie. Hy het nie drie weke uitgehou nie. Die dissipline van vaste ure, vaste prosedures en 'n vinnige werkskultuur was te veel vir hom.*

c. Oorentoesiastiese werksverwagtinge

Die jongmense sien dikwels neer op handewerk en aspireer almal om ten minste klerikale werk te kan doen.

**5.2.3 Verhouding tot die kerk**

Die jeug in die arm Afrika gemeente is opvallend afwesig in die gemeente se eredienste, en ander aksies. Ook kerkraadsvergaderings, en sinodale en ringswerk toon beperkte kommer oor die eie jeug, en byna geen kommer oor die kerkvervreemde jeug.

**5.2.4 Invloed van apartheid**

Eybers (1991:1) ondersoek die invloed van apartheid op die denke van die SA swart jeug, en meld die volgende: lae selfbeeld, sinloosheid van die lewe, onverantwoordelikheid, "unresponsiveness", 'n geloofskrisis. In hierdie chaos sal die jeug besondere leiding nodig hê, om heel volwassenes te word. Hierdie leiding sal dikwels nie van die gesin kom nie, omdat die vertrouensverhouding binne gesinne vernietig is. Die

stelsel word vererger deur 'n swak swart onderwysstelsel, wat die kind bestem , ten spyte van intellektuele potensiaal, tot hande arbeider (Eybers 1991:137).

### 5.3 Hantering van jeugverwante probleme

#### 5.3.1 Neem kennis van die jeug se behoeftes

Dit is belangrik dat die kerk sal verstaan hoe die arm Afrika jeug dink, en hoe hulle konteks en eietydse kultuur hulle beïnvloed. Hierdie ervaring vanuit hierdie spesifieke konteks is swak geboekstaaf, en leen hom nie tot studeerkamer teologie nie. Dit lê in die stof van die township se sokkerveld, die walms van die shebeens en in die skoolgronde, waar 'n nuwe kultuur en 'n nuwe soort mens, geïsoleerd van die akademiese soekligte, uit die grond opgroei. Hierdie nuwe mens sal moet verstaan word. Maar hy/sy gaan alleen hulself oopmaak vir die kerk as die kerk hulle liefhet en respekteer, as die kerk langs hulle kom sit en luisterend met hulle praat. Hierdie mens het GEEN morele verpligting teenoor die kerk nie, en kan aan geen rede dink om hulle na die kerk te wend vir leiding en versorging nie. Die kerk moet nog weer gebore word (inkarnasie) in die konteks van die arm Afrika jeug se konteks.

Wat hier volg is 'n baie beperkte poging tot begrip. Vir dit wat hier van waarde is , is ek alle dank verskuldig aan arm Afrika jongmense wat hulle hart vir my gewys het. Ek is bewus dat wat ek gesien het nog maar net 'n skrefie is. Die ontdekking van hierdie mense is 'n proses waarvan die sleutel verhoudinge is.

Veral die NG kerke familie wil graag die jeug op die kognitiewe vlak van katkisasie, vraag-en-antwoord-lering, toetse en rasionele teksmemorisering bedien. Slaag ons nie daarin om die jeug se gedrag te verander nie, en slaag ons nie in die aankweek van 'n nuwe lewe nie, wil ons uit moedeloosheid die jeug afskryf as onbereikbaar. My ervaring is dat 'n rasionele benadering wel sy plek het. Die jeug begeer stimulasie en die respek van hulle vermoë om rasioneel inligting te internaliseer.

Hierdie groep jongmense se intellektuele vermoë mag nooit onderskat word nie. Juis die respek ook van hulle rasionele vermoë deur die kerk sal deure oopmaak. In die verlede het die kerk hulle te veel met 'n lepel gevoer en hulle nie vertrou om self die Woord in eie konteks te interpreteer nie. Op sigself is die kognitiewe aanslag egter onvolledig.

Die kerk sal ook die rasionele kognitiewe leer nooit kan verhandel vir inhoudlose kerkwees nie. Dit sal altyd 'n prominente plek in die kerk se bediening aan die jeug inneem, maar dan sal die kerk ook moet kennis neem van die "stereo kategese" (Burger 1994:346) waarin beide die linker en die regterbrein lobbe aangespreek en herken word in die kerklike lering.

Die arm Afrika jeug is by uitstek ook sosiaal. Hulle kan nie in Westerse een tot een verhoudinge, of geïsoleerde selfstudie situasies kennis versamel wat lewensveranderend sou inwerk nie. Burger (1997:341) praat dus ook van die Konatiewe invalshoek ,met klem op die sosiale groep waarbinne 'n mens gevorm word. Die jongmens leer sosialiseringsvaardighede in groepsverband aan, en oefen in groepsverband aan 'n ander lewenswyse en lewenstyl. Veral in die jeugkultuur, en meer nog waar die jeug uit 'n Afrika gemeenskap kom, sal die konatiewe aspek van die jeugdiakonaat baie dominant moet wees. Die rol van voorbeeld en rolmodelle sal verreken moet word. So hou die VGKSA dikwels jeug "imvuselelo" (oplewingsdienste, wat maklik deurnag kan strek). In die dienste het die konatiewe geweldige impak op besluitneming en lewensvernuwing. Die groep is 'n goeie omgewing vir lewensvorming en heelwording. Juis binne die konteks van verhoudings, kom die Evangelie hoorbaar na vore.

Die arm Afrika jeug is emosionele mense. Die Pinkster groepe brei juis vinnig uit onder die Afrika arm jeug, omdat hulle kennis neem van hierdie behoefte. Indien hierdie element afwesig is in die jeugdiakonaat, kan alle

pogings maar laat vaar word. Jongmense is emosioneel. Arm mense in 'n bestaanskrisis van armoedeverwante krisisse is emosioneel.

Kulturele invalshoek.

Zoeloe kultuur Die arm Afrika jeug is mense van Afrika. Hulle dink en leef in hulle eie drome en verbeelding, wat gekleur is met hulle tradisie, simbole en metafore. Hulle dink in beelde en verstaan konsepte beter gegiet in hulle eie manier van dinge sê. Burger (1997:343) beklemtoon die groeiende "waardering vir narratiewe as beide waarheidsdraer, en 'n kommunikasiemedium ... Dit is wanneer mense kans kry om hulle eie stories te vertel, terugvoer daaroor te kry, dit te vergelyk met die stories van ander (tydgenote en Bybelse figure), dat hulle God se hand in hulle lewe begin sien en gereed raak vir 'n geloofsoorgawe aan Christus." Soveel te meer vir die mens uit die Afrika konteks.

Politieke "struggle"-kultuur Die arm Afrika jeug is polities gemobiliseer. Daarom wil ek klem lê op die ontwikkeling van Afrika Nasionalisme, en 'n nuwe nasietrots veral onder die jeug. Hulle maak al hoe meer vrede met hulle swartwees, hulle eie Afrika lewenstyl en hulle eie manier van dink oor die lewe. 'n Piëtistiese a-politieke benadering sal net nie meer werk nie. Die jeug in die arm Afrika konteks het polities mondig geword. Saam met die mondigwording, het menseregte kwessies op hulle agenda verskyn.

"Township" Jeugkultuur. Hulle dink, redeneer, beleef, en ontwikkel soos Westerse jongmense, maar alles is spesifiek gekleur met hulle eie kultuur. Veral taal en woordeskat speel hierin 'n eie rol. Daar bestaan ook 'n unieke "township" Zoeloe, met eie leenvorme, idiome, metafore en nuanses. Die kerk sal die verskynsels nie in ou Volkekundige handboeke optel nie, maar alleen deur saam met die jongmense op voetsoolvlak mens te wees.

Armoedekultuur

Die unieke eienskappe van 'n armoedekultuur moet ook verreken word in die bepaling van 'n kultuur invalshoek. Die denkwyse en die beelde vanuit armoede kultuur moet verstaan word.

**5.3.2Neem kennis van die kerk se identiteit as geloofsgemeenkap onder die jeug**

**a. Die kerk as draer van die waarheid**

Die kerk sal weer duidelik moet formuleer wat die kerk glo. In die post-modernistiese tyd waarin alle waarheid relatief word, en die kerk hard poog om populêr te bly in 'n sekulêre gemeenskap, gebeur dit dikwels dat die kerk ontrou raak aan die basiese evangeliese waarhede. Hierdie eierdans van die kerk maak juis die kerk ongeloofwaardig in die oë van die jeug, wat soekend is na vaste waarhede. My ervaring met skoolbesoeke en persoonlike gesprekke, is dat die jeug, selfs as hulle nie glo nie, waardering het vir 'n duidelik geformuleerde geloofsoortuiging, eerder as 'n manteldraaiery ter wille van populariteit. Geloofswaarhede sal uiteraard getoets word en ontrafel word, maar uiteindelik selfs in ongeloof geglo word. Hierdie aspek van die jeugbediening sal meer in die hoofstuk oor die kerk se kerugmatiese verantwoordelikheid uitgebrei word.

**b. Die kerk as omgeegemeenskap**

Daar is geen sprake van geloofsvorming in die arm Afrika konteks buite 'n warm liefdevolle verhouding met die kerk nie. Vier redes geld vir die stelling:

i.Dit geld vir die jeug. Jongmense. Alle jongmense het 'n groep nodig. Jongmense glo alleen as daar 'n sterk omringende geloofsgemeenskap is waarin Christelike geloof met integriteit, oortuiging en entoesiasme geleef word." (Burger 1997:344)

ii. Dit geld vir arm gemeenskappe. Vergelyk afdeling twee.

iii. Dit geld vir 'n Afrika gemeenskap. Vergelyk afdeling twee.

iv. Dit is 'n Bybelse mandaad. Vergelyk afdeling een.

*As die kerk koud en gevoelloos rasionele driepuntpreke wil aanhou verkondig, moet die kerk nie kla as net die ou vrouens vir die leraar Sondag oggend in die kerk wag nie.*

**c. Die kerk as liggaamsmodel: Leierskapopleiding vir die jeug**

As die kerk die jeug wil bereik in die arm Afrika konteks, sal die kerk meer aandag aan leierskapontwikkeling moet gee. Leiers van jeuggroepe het die volgende funksie te vervul:

i. Rolmodelle wat nagevolg kan word. In die tradisionele Zoeloe leefwêreld het die ouer jeug 'n sterk vormende invloed op die jongeres gehad, in terme van die aanleer van stamtaboes, ook op seksuele gebied. Die jeugleier sal in 'n groot mate hierdie rol moet oorneem. Dit kan egter nie kultuurvreemd toegepas word nie.

ii. Die oordrag van kognitiewe kennis in groepsverband, met die vaardigheid om groepsdinamika te gebruik op 'n positiewe manier.

iii. Die leiding van die kerk en kerkraad in die inklee van kerklike geleenthede om meer jeug vriendelik te wees. Jeugleiers se insette op kerkraads- en rings- en sinodale verband lyk onontbeerlik te wees.

iv. Prediking en preekbesprekingsgroepe kan die leraar , onder leiding van die jeug help om meer jeuggerig te preek.

v. Die jeugleier het die verantwoordelikheid om, saam met die diakonie, ook die jeug af te stem op die wêreld en die kerklos jeug met hulle nood.

vi. Die jeugleier moet ook opleiding ontvang in pastorale vaardighede, waarmee die jeug in die gemeenskap se nood betrokke kan raak.

vii. Die jeugleiers sal ook geskool moet word in Bemagtigingsmetodiek.

Bemagtiging is 'n afdrup-van-bo-af-projek, waar die prosesse dupliseer word in mekaar. Mens sou ook die proses "dissipelering" kon noem: "Leer ander wat julle geleer is."

**c. Die kerk as konstruktief betrokke binne die gemeenskap**

Die kerk in die arm Afrika konteks moet opgevoed word om hulle sosiale verantwoordelikheid binne die gemeenskap na te kom. Burger (1997:345) betoog dat die kerk in die opvoeding van die jeug reeds vroeg ook aandag aan die ortopraxis sal moet gee. Die jeug moet ook geleer word om hulle verantwoordelikheid binne die breër gemeenskap na te kom.

## 6. DIAKONAAT AAN DIE WERKLOSES

Wessels (DKB 5/9/97:9) sien dat die kerk 'n besondere bediening aan die werkloses kan lewer: Die inrig van 'n werksverskaffingsburo waar beide werkgewer en werknemer van medegelowiges gebruik kan maak om hulle arbeidsgerigte behoeftes te bevredig. Vakatures kan deur geskikte kandidate binne die gemeente gevul word. Werkloses kan deur afgetrede bestuurders en voormanne opgelei word in die opstel van werksaansoeke, curriculum vitae, en onderhoudsvoering.

Deur die Kommisie van Arbeidsbediening, as gesamentlike kommissie van o.a. die NG kerk en die VGKSA, het die kerk ten doel om die arbeider op die werksplek ook te bedien. Die doelwitte van die bediening sluit in ondersteuning, aanmoediging om 'n Christelike werksetiek te beoefen, verenigde getuienis op die werksplek, om te werk vir die bevordering van versoening en geregtigheid op die werksplek, en om armoede en werkloosheid te verminder Deur hierdie diakonaat op die werksplek wil die kerk die werksplek 'n meer draaglike plek vir die werker maak (J Botha DKB 5/9/97:9).

# HOOFSTUK VYF: MISSIONêRE PASTORAAT

## Inleiding: Beginsels vir die kerk se missionêre pastoraat in die arm Afrika gemeenskap

J. Müller (1991(a):84) haal Bons-Storm aan , wie, in navolging van Gadamer en Tracy, 'n hermeneutiese pastorale model daarstel waar teks en konteks op mekaar inspeel. Müller wil die model uitbrei deur na die mens in Afrika te kyk binne die konteks van die holistiese sisteem van verhoudinge (ekosisteem) waarbinne die mens leef. Louw (1997(b):392, 393) wil dat pastorale werk meer kontekstueel en gemeenskapsgebaseerd word. So 'n pastoraat kan volgens Louw 'n rol speel in die transformasie van die gemeenskap: "It should provide an ethics of disposition which empowers people to develop their human potential."

In hierdie hoofstuk wil daarop voortgebou word. Die pastoraat wil die konteks en die teks deeglik verreken. As spiespunt in die ontmoetingsvlak wil ek die kerklidmaat in die arm Afrika konteks sien, met kennis van hulle eie mense, en met kennis van die teks. Hierdie persone moet begelei word om as priesters binne hulle gemeenskappe bemiddelaars van die teks, binne eie konteks te wees.

### 1. Gebruik die vrywillige kerklidmate in die arm gemeenskap

Die benutting van die gewone lidmaat in die pastorale berading is vandag om verskeie redes aktueel:

i. Teologies-Gereformeerd die noodwendige opsie: Kraemer sou na die tweede wêreld oorlog die amp van die gelowige in Europa wou herstel. Hy sien die "... lekendom als een van de zijnswijzen van de kerk, en van zijn roeping en functie in de wereld" (Goedhart 1977:31). Alle lidmate is volgens hom geroep met dieselfde roeping , verantwoordelikheid en waardigheid en deel in die apostoliese en dienende aard en roeping van die kerk. Goedhart (1977:1-3) betoog oortuigend dat die gewone kerklidmate, beginnende binne die kerk, moet pastorale verantwoordelikheid neem vir mekaar. Die persoon wat hier organisatories moet leiding neem is die Ouderling. Die Ouderling moet as

volwasse gelowige wat in die gemeente respekteer word, toerusting ontvang en dan weer lidmate toerus vir hulle dienswerk. Hierdie lidmate moet geselekteer word, toegerus word deur die Ouderling, as herder van die gemeente. Hulle moet oor toesig gehou word en hulle moet begelei word in die proses.

ii. Internasionaal 'n sielkundige tendens. Bloom (et.al 1984:233) noem dat internasionaal meer en meer gebruik gemaak word van "self-help" groepe. Dit bestaan uit "gewone mense" wat opgelei word om ondersteuningsgroepe in hulle gemeenskap te vorm. Die redes hiervoor is voor die hand liggend: Professionele hulp is weens die onbekostigbaarheid daarvan net nie meer bereikbaar veral in armer gemeenskappe nie.

iii. Afrika vereis 'n benadering met klem op groepsverhoudinge

Louw (1997(b):392) wil 'n pastoraat vir die Afrika konteks sien as een waar daar ruimte is vir 'n sisteembenadering wat sosiale verhoudings ernstig opneem. Die Evangelie moet juis vlees en bloed kry deur die pastoraat in 'n bepaalde kultuurkonteks. Hiervoor is die lidmaat in die Afrika arm konteks die ideale persoon. Waar hierdie persone in eie konteks optree sal hulle ook genoeg ruimte ontwikkel vir 'n groepsbenadering.

iv. Botman (1995:9) sien dat die kerk in 'n veranderende gemeenskap verplig is om die pastoraat uit te neem na die "... open Cummunity Forum where it has to go beyond the missionary and evangelism bias (both of which are based on a particular construction of the relationship between the church and society) to the forum care process (caring with the community)". Binne die huidige konteks word die kerk gevra om langs die mens in nood te kom staan (Louw 1995:394).

v. Masamba (1985:323) beskuldig die Westerse sending van 'n pre-okkupasie met moralisme, en 'n onderwaardering van die pastoraat. Hy vind ook in die Westerse teologie 'n onderwaardering van inheemse komponente in die pastoraat. Alleen die betrokkenheid van die arm

Afrika lidmaat self in die proses sal die kerklike pastoraat kan bevry van Westerse gevangeskap.

Dit lyk uit bogenoemde logies dat die kerk moet kyk na die identifisering en opleiding van gemeente pastors, wat die pastorale verantwoordelikheid binne die gemeente en buite sal kan oorneem. Hierdie "pastors" is gewone lidmate wat self binne die konteks van Afrika armoede woon. Hulle moet identifiseer en opgelei word. Uiteindelik moet die opgeleide "pastors" binne die gemeente bekendgestel word, en veral met huisbesoek mense bedien met die Here se liefde vanuit die perspektief van herders en diensknegte. Hulle moet nie staties wees nie,
maar mobiel rond - en uitgaan om die wêreld rondom hulle te bedien. Berkhof se idaal dat die pastorale gesprek dan medium van heilsoordrag word (Goedhart 1977:5,8), en Wiersenga se siening van die gelowige as priester in die wêreld, lyk dan na 'n haalbare moontlikheid. Hulle bediening moet onder die ouderlinge in die plaaslike gemeente se leiding staan. Fasilitering kan van buite ingebring word totdat die proses gevestig is. Die leerproses van Ouderlinge en gemeentelike "pastors" sal nie met Westerse kursussies met sertifikate en kwalifikasies afgehandel word nie, maar is 'n holistiese, prosesmatige begeleidingsproses van doen-evalueer-hervorm-weer-probeer- en-weer-evalueer. In hierdie proses sal die leraar van die gemeente as toeruster (Ef.4:11 ev) 'n sleutelrol speel.

Dit word nie voorsien dat die pastors in die gemeente in die Afrika konteks op individuele pastoraat sal konsentreer nie, maar hulpwerkers sal organiseer, wat saam met hulle in groepsverband sal funksioneer. Hierdie groepe sal saam huisbesoek doen en beskikbaar wees in krisisse, as omgee groepe. Hulle sou ook gereeld kon bymekaarkom om groeigroepe in die gemeente te vorm.

<u>1.1 Voordele in die benutting van die gemeentelike "pastors" en groeigroepe in 'n arm Afrika konteks</u>

i. Hulle ken die leefwêreld van hulle gemeenskap.

ii. Hulle is nie professioneel, betaalde amptenare nie. Hulle kan waag, want hulle het niks te verloor nie (Goedhart 1977:50). Predikante kan weens hulle afhanklikheid van 'n gemeente se besoldiging bang wees om buite die gemeente se beperkte visie te beweeg, in die soeke na meer effektiewe bedieningstrategië.

iii. Hulle kan taal en kultuur brûe makliker gebruik as 'n vreemdeling van buite

iv. Daar is net te veel nood om alles in die hande van leraars te laat.

v. Lidmate beskik oor vaardighede, interpersoonlike verhoudingsdinamiek, en potensiaal, wat net ontgin moet word.

<u>1.2 Struikelblokke in die benutting van die lidmaat in die pastoraat</u>

i. Eybers (1991: 146,147) betoog oortuigend dat daar 'n groot gaping bestaan tussen die kerkgemeenskap en die jeug in SA. Die kerkgemeenskap sal nie maklik toegang kry tot die hart van die jeug nie, omdat die kerk ervaar word as passief en ongevoelig. Dit geld veral vir geestelike leiers.

ii Goedhart (1977:1-3) praat van die "professionalisering van die kerk", waar die "domineeskerk" die Gereformeerde siening van die diakenamp, en die amp van die gelowige ondergrawe. Aanleiding hiertoe is die feit dat die leraar betaal word om die werk te doen. Daarom wil niemand dit vir hom doen nie.

iii. Gebrekkige opleiding en toerusting van lidmate

iv. Verbruikersmentaliteit by lidmate, waar die kerk se lidmate verwag dat die kerk hulle moet bevredig sonder dat hulle self hoef betrokke te raak.

v. Pous Pius xii vanuit Katolieke oord soek ook in die lekepastoraat mense met takt en ware liefde. As die Gees van die Here nie mense nuut maak nie, sal hulle as gemeente nooit bevoeg wees vir die unieke bediening nie. Soveel te meer in die konteks van Afrika armoede waar die wit kerk hiertoe opgeroep word. Blanke rassisme, taalprobleme en

kulturele struikelblokke maak betrokkenheid op die gebied bykans onmoontlik. Waar dit realiseer sal dit die wonderbare werking van die Heilige Gees wees. My gevoel is egter dat die blanke lidmaat nie maklik die verantwoordelikheid sal kan nakom nie. Die kerk sal veral moet konsentreer op die toerusting van lidmate binne die arm Afrika konteks.

vi. As die gemeente nie 'n pastorale intensie, en gerigtheid tot mekaar het nie, sal daar ook geen teken van missionêre pastoraat wees nie. Die *"extra muros"* gerigtheid kom vanuit 'n basiese pastorale ingesteldheid van binne. As laasgenoemde daar is vloei die na-buite-gerigtheid spontaan daaruit voort (Firet, Hendriks 1986:167)

vii. Die gemeentelike pastor se eie selfidentiteit, en geloofsbepaalde roeping kan of die pastoraat tot seën wees, of die gebrek daarvan kan die pastoraat oneindig skade berokken. In die opleiding sal baie aandag hieraan gegee moet word. Veral die pastor se eie geloofsvolwassenheid, en die hantering van eie pyn en vrae sal bepaal hoe suksesvol die pastor sal wees in die bediening.

viii. *Qui trop embrasse mal etreint:* Van te veel wil doen, loop mens die gevaar dat van niks iets tereg kom nie. Lukraak optrede, verswelging deur nood, gebrek aan inperking veroorsaak dat die kerk se rol in die wêreld selde tot volle potensiaal ontwikkel (Firet, Hendriks 1986:167)

ix. Wantroue in die vertroulike aard van 'n groep wat bestaan uit gewone mense wat daagliks saam met die persoon in nood leef.

x. Stone (1991) noem die gevaar van emosionele uitputting by die gemeentelike pastors.

## 1.3 Opleiding van gemeente pastors

Goedhart (1977:81) en Wimberly (sien boekresensie deur Carter 1979:140) maak baie van die formele opleiding in doseermetodiek, waar daar aandag gegee word aan die Teologiese onderbou van die pastoraat en die wese van kerkwees, organisatoriese prosedures, en oordrag van gemeentelike informasie. Mens sou seker 'n element hiervan moet toepas, maar deeglik die konteks binne die arm Afrika gemeenskap in ag neem.

Hier sal 'n lesingsaal metodiek selde goed grondvat. Baie meer klem moet gelê word op groepaktiwiteit, konsensusbesluitneming, eienaarskap, eie verantwoordelikheid en verhoudinge met die opleier (ouderling en leraar).

Die fokus van die pastoropleiding in gemeenteverband sal duidelik moet gerig wees op die bou van die pastor se eie geloof en persoon. Die gemeente pastor se enigste hulpmiddel is die eie persoonlike kwaliteite en aangeleerde vaardighede binne 'n geloofsverhouding met die Here. Hierin sal baie ingesit moet word. Daar is nie "truuks" en "foefies" wat aangeleer kan word nie. Dit gaan hier om persoonlike geloofsvolwassenheid. Ek hou van Goedhart se definisie van gemeente pastoraat as die beskikbaarstelling van die lidmaat se geloof aan die wêreld (Goedhart 1977:165).

Die proses waarvolgens die opleiding moet verloop, sal behels die oefening van vaardighede in kleingroepverband binne 'n "klaskamer" - opset, en daarna 'n begeleide toepassing daarvan binne gemeenteverband saam met die leraar. In die gesamentlike huisbesoek sal die pastor geleidelik verantwoordelikheid gegee word. Na die besoeksessies sal weer teruggegaan moet word en sal die proses evalueer moet word. Geleidelik moet die leraar aan die pastor verantwoordelikheid gee om vaardighede te benut. Selfvertroue moet so verkry word.

In die Afrika opset sal die gemeentelike pastors nie individuele pastoraat beoefen nie, maar saam met hulle ondersteuningsgroepe beweeg. Dit lyk sinvol dat elke wykie van die kerk 'n paar opgeleide pastors het, wat dan met hulle ondersteuningsgroep huisbesoek doen. Ook die ondersteuningsgroep, of groeigroep, moet dan duidelik opgelei word deur die pastor, wat weer riglyne moet kry by die gemeente leraar. Die opleiding van die ondersteunersgroep sal behels die gebruik van sang, gebed, ondersteuning van die pastor, en basiese vertroulikheidsopleiding.

Die leraar as opleier, fasiliteerder en rolmodel sal 'n sleutelrol in die opleiding speel. Die leraar sal nie suksesvol wees sonder om met eie worsteling en eerlikheid oor eie groeiprosesse betrokke te wees by die skoling nie. Die oopwees vir die ander, die ruimte skep vir die ander, en die eerlike groei na volwassenheid sal meegemaak moet word met die groep pastors wat opgelei word. 'n Leraar wat net professioneel teen betaling 'n pos in die kerk vul, en die self toeskulp, sal geen resultaat kan lewer nie.

Maandelikse evaluering moet plaasvind ten einde lewensvatbaarheid aan te help.

Stone (1991) stel, vanuit Amerikaanse konteks 'n detail opleidingsplan op wat voorsiening maak vir die volgende:

i. Ysbreekgeleentheid
ii. Bybelse fundering van kerklike pastoraat
iii. Oefening in die ontdek van eie gawes by die pastor-kandidate
iv. Leersiklus soos hierbo uiteengesit
v. Metodologiese uiteensetting
vi. Bykomende leeswerk en teorie.

Stone (1991) wil in die opleiding van lidmate vir die pastoraat op vier aspekte klem lê:

i. Nie-verbale kommunikasievaardighede, wat uiteraard kultuurgebonde is. Die kultuurgebonde uitdrukkings van geborgenheid en omgee sal aangeleer moet word. Veral in die Afrika konteks is groetvorm, oogkontak en liggaamsverhouding van groter belang as die gesprek kruiskultureel aangepak word. Oogkontak is meestal nie gewens nie. Hierdie detail sal alleen aangeleer word as die proses saam met mense van die kultuur waar uitgereik word, deurloop word.

ii. Luistervaardighede. Bonhoeffer sou luistervaardighede beskryf as die eerste diens wat een mens aan 'n ander kan lewer (Stone 1991)
iii. "Responding skills". Die pastor sal moet leer hoe om te reageer, te evalueer en gesprek te stimuleer.
iv. Begeleiding tot probleemoplossing.

**2. Gebed as deel van die pastorale bediening aan die arm Afrika gemeenskap**

Redes waarom baie aandag aan gebed ook in die pastorale gesprek gegee moet word:
i. Die AOK bars uit hulle nate uit in SA. In gesprekke met lidmate van die AOK vind ek deurgaans dat hulle een of ander bestaansnood ervaar het en dat die AOK hierdie nood aangespreek het deur gebed en die benutting van simbole en rituele saam met gebed.
ii. Underwood (1993:1) noem gebed die "soul of pastoral care". As genademiddel is gebed die skerp punt in die hermeneutiese missionêre bediening van die kerk in die wêreld.
iii. Juis in die moderne beklemtoning van persoonlike effektiwiteit, en psigologiese gereedmaking vir die industriële harwar, is daar al hoe minder fokus op die mens se soeke na vrede, sekuriteit, hoop en lewenssin. Juis in die gebed as pastorale benadering kan hierdie behoeftes weer aangespreek word.
iv. Baie pastors raak so geabsorbeer in gemeenskapsake, dat hulle net nie meer tyd het om hulle eie, en die gemeente se "religious resources" te herwaardeer nie (Underwood 1993:1).
v. Probleme skep onwillekeurig afstand tussen mens en God. Gebed bied aan die mens in nood 'n brug om bo-oor subjektiewe ervarings van hoop-loosheid uit te gryp na God se beloftes, en om dit dan binne die eie konteks hul eie te maak.

Riglyne rondom die benutting van gebed is reeds gegee in die bespreking van die gemeente se rol in die gemeenskap. Belangrik om ook aan die

volgende riglyne aandag te gee , wat spesifiek op die pastoraat van toepasing is:

i. Gebed is nie maar bloot net 'n atmosfeerskepper in die pastoraat nie

ii. Gebed is ook nie net 'n selfkommunikatiewe katarsis nie.

iii. Gebed is kommunikasie God/mens waar die mens vertroue in God bevestig, en daaruit weer lewensenergie put.

**3. Gebruik van rituele en simbole**

Bg het swaar gesteun op Amerikaanse insette. Dit moet nou gekontekstualiseer word in Afrika. Masamba (1985:314) voer aan dat Afrika simbole en die uitgebreide familiestrukture deel van die kerklike pastoraat moet word. In elke kultuur word kinders reeds van kleins af simbole aangeleer, waarmee die onsienlike meer sigbaar gemaak word. Hierdie simbole skep 'n unieke eie wêreld tussen fantasie en werklikheid., waarmee 'n lewende persoonlike verstandelike voorstelling van die transendente werklikhede gemaak word (Underwood 1993:25). Hierdie simbole is kultuur en milieu gebonde. Dit is egter meer as dit. Daar sit ook 'n universele gemeenskaplikheid in die aanleer van hierdie simbole, aangesien dit aangeleer word binne die liefdevolle verhouding ouer/kind. Baie van hierdie eerste verhouding word as simbool geïntegreer in die kind se konsep van die transendente. Ek betoog dat die kultuureie nie verabsoluteer moet word in die bepaling van die simbole nie, maar dat die eerste intieme verhoudinge waarin 'n kind staan ook baie inspeel in die vorming van 'n Godsbegrip, en verwante simbole. Hierdie invloed kan positief of negatief wees. Dit impliseer dat die simbole wat in die pastoraat gebruik word, ook baie sal moet put uit interpersoonlike verhoudinge. In interpersoonlike verhoudinge word die selfbegrip en die Godsbegrip gebou of gebreek.

In die heroriëntasie van die self- en Godsbegrip sal interpersoonlike verhoudinge, en die kultuurgebonde uitdrukking van verhoudinge verreken moet word. Die Bybel speel hierin 'n sleutelrol, met die eie

simbole en verhale wat inspeel op die individu se simbole en verhale. In hierdie proses kan Bybelse simbole in die pastoraat 'n verhelderende rol speel. Die sakramente, die kruis, en ander simbole kan binne konteks duiders vir 'n persoon se keuses, besluite en oortuigings raak. As voorbeeld noem ek die rol wat 'n voetewas seremonie gehad het in die verwerking van 'n blanke boer se vergiffenis na hy op sy plaas deur swart mans aangeval is. Underwood (1993:69) soek weer simbole van vergiffenis terug ook in die pastoraat. Handoplegging word deur hom as voorbeeld voorgehou (1993:76): "Not just the conscious mind is addressed or affected, but also the underlyng world of basic images through which the experience of self and others are known."

Masamba (1985:317) wil die voorvaderverering sien as sentrale simbool in die Afrika denke: "... one of the fundamental psychosocial and political structural meanings of what can be called "the vision of the perceived and lived as one composed of seen and unseen spirit-beings". " Hiersonder sal die pastoraat nie die konsep van lewenskragte en lewensharmonie verstaan nie. Hiersonder is daar in die Afrika konsep van ekwilibrium geen bestaansreg vir die pastoraat nie. Masamba sien ook die neersit van kos en bier aan die voorvaders as 'n teken van hierdie ekwilibrium, dit is 'n blyk van respek. Hy sien dit nie gelyk aan afgodsoffers nie. Die dooies verdwyn nie, maar bly deel van die gesinsopset. Die Afrika filosofie (Cognatus ergo sum) "Ek behoort, daarom is ek" sal versteur word as die voorvaders uit die gesinsopset rangeer word. Die vraag is nou: Hoe gaan die kerk se pastoraat hierdie simbool van lewensharmonie inspan in die pastoraat, sonder om in die strik te trap deur 'n on Bybelse praktyk ter wille van pastorale voortgang te inkorporeer en te sanksioneer?

**4. Woordbediening as sentraal in die pastoraat**

Die benutting van die Bybel in die pastoraat is sentraal. Juis omdat die pastoraat Bybels is, en nie wil verval in 'n psigologiese ek-verryking nie, wil die pastoraat menslike "heelwees" beskryf met "die Koninkryk van

God". Waar mense weer heel word, word die koninkryk van God 'n werklikheid en breek tekens daarvan deur (Clinebell 1995:109)

## 5. Hantering van skuld in die pastoraat

Underwood (1993:67) praat van 'n "post-guilt" tyd waarin ons leef. Pastorale fokus is vandag eensydig op smart, stress, angs, empatie en aanvaarding. Skuld word dikwels gesien as neuroties, en die moderne mens glo ook nie meer in die bevryding wat vergiffenis meebring nie. Selfs Christelike beraders is geneig om baie te werk aan die "ek-het-jou-lief"-boodskap, en maak te min van die "God-het-jou-lief"-boodskap, wat kan voortspruit uit die bediening met die Evangelie en die vergiffenis in Christus. Gevolglik word skuldgevoelens dikwels onderdruk. 'n Bybelse pastoraat sal skuld moet hanteer en die persoon in nood bedien met die versoening in Christus. Luister en die vertel van stories is nie genoeg om die genesingsproses te laat deurloop nie.Vergiffenis en die simbole wat daarmee saamgaan (sakramente) sou hier 'n baie sinvolle rol speel.

Bonhoeffer (1954:114) maak ook baie van die skuldbelydenis teenoor en in die teenwoordigheid van ander gelowiges, as deel van die "public death of the sinner".

Pastoraat is by uitstek die plek waar die Evangelie van die kruis verkondig kan word. Juis waar die kerk in 'n gebroke wêreld bestaan, is die bediening van versoening, en gepaardgaande verlossing en bevryding so nodig. Vergiffenis is ook die bediening van bevryding in Christus, en sal deurwerk in nuwe onderlinge verhoudinge.

## 6. "Innerlike genesing" as deel van die pastorale gesprek

Die pastorale gesprek staan ook nie stil by die skuldbelydenis, verkonding van vergiffenis en aanvaarding van die soenoffer in Christus nie, maar bedien ook nuwe lewe vanuit die opstandingskrag van Christus. Die bediening van die opstandingskrag van Christus het in die moderne

Teologie verskeie eksponente. Harding (1985) noem "inner healing"; "healing of the memories"; "primal integration"; en "healing of the family tree". Hy noem ook Otto Rank se terugvoer na geboortelike trauma en Arthur Janov se hantering van neurose en psigose deur die terugbeweeg in die pasiënt se verlede en herinneringe. Al die benaderings wil verborge pyn van die verlede, en hulle bindende invloed op 'n mens in die hede hanteer. Uiteindelik wil die benaderings kom tot 'n emosionele rekonstruksie.

Sentraal in die "Innerlike genesing" as pastorale werkswyse is die neem van alle ervarings van pyn, haat, jaloesie, onvergewingsgesindheid, teleurstellings en vreesherinneringe na Christus as die Groot Geneesheer, onder die leiding van die Heilige Gees. Die tegniek behels die vertelling van 'n persoon se verhaal, met afhanklikheid dat die Heilige Gees sal bydra tot verheldering van vervaagde gedagtes. Die winspunt van hierdie benadering is nie om dit in totaliteit as tegniek oor te neem nie, maar om die element van storievertelling op te neem, en die persoon te begelei tot die oopmaak van versteekte innerlike pyn en gebroke verhoudings.

Wimberly (1979:140) is minder opgewonde oor genesing as eindresultaat in pastoraat aan swart mense. Hulle het 'n natuurlike beradings benadering wat meer op oorlewing en instandhouding ingestel is as op dinamiese groei na genesing en volwassenheid.

## 7. Holistiese heelwording in die pastoraat

As Louw (1997(b):395) 'n pastorale benadering vir Afrika gemeenskappe uitwerk, maak hy gebruik van 'n sisteembenadering, waar mense binne netwerke van interpersoonlike interaksies en verhoudinge verkeer in 'n "connectedness" (verbondenheid). Dit sluit alles in (inklusief) waarmee die mens in kontak is in die alledaagse lewe. Hierdie interafhanklikheid en inmekaarverweefdheid van die Afrika mens staan binne die eie kultuur konteks, waar waardes, houdings, gewoontes en rituele elk 'n plek het.

Gedragsprobleme is in hierdie benadering nie net aan persoonlikheidsfaktore gekoppel nie, maar staan ook in verband met die individu se posisie en status in hierdie netwerk van inmekaarverweefde verhoudings. Die verhoudings wat die mens se heelheid bepaal, is nie statiese oorsaak-gevolg-insidente nie, maar eerder prosesse . Ook die hantering daarvan kan dus nie anders as prosesmatig wees nie. Die endresultaat is dus balans, en homeostase waarbinne die mens harmonie sal beleef. As die pastoraat dan vanuit die Afrika konteks bepaal word om 'n sisteembenadering toe te pas, moet die pastoraat die mens se psige sien as die resultaat van die "connectedness" waarbinne die mens staan, maar ook as 'n oop sisteem wat self ook op die harmoniese balans 'n invloed uitoefen (Louw 1997(b):396). Die pastoraat sal dus die invloed van die "connectedness" moet verreken, maar ook die invloed van die pastorale proses op die sisteme waarbinne die mens reageer. Gevolglik sal pastoraat vanuit die benadering onvermydelik die hele gemeenskap raak en beïnvloed.

Die waarde van die sisteembenadering is dat dit nie moralisties, veroordelend, probleemgerig is nie, maar dat dit eerder na die persoon binne die konteks van verhoudinge kyk. Die pastorale proses word dan deel van die makro- en mikro-sisteme waarbinne die mens leef. Dit word deel van die herstel van harmonie binne die hele gemeenskap.

Die pastorale proses moet dan die mens in al sy/haar verhoudinge sien, en beïnvloed, of saam in die "connectedness" van die verskeidenheid verhoudinge groei na harmonieuse eenheid. Dit lyk asof Clinebell (1995) presies hiervolgens werk in die identifisering van die sewe dimensies waarbinne die mens moet groei:

i. Intellektueel word die persoon meer bewus van werklikhede, en eie potensiaal. 'n Gesonde selfkennis bring kreatiwiteit en gevoelsverdieping mee. Waardesisteme word deur die intellektuele verbreding geraak.

Clinebell maak ook pertinent melding van die ontwikkeling van beide breinlobbe in die mens se groei na volwassenheid.

ii. Liggaamlik word die mens se liggaam gesien as deel van die persoon se lewe. Dit is nie 'n terloopse gebruiksitem nie, en moet dus versorg en gevoed word.

iii. Verhoudinge word ook aangespreek. Die persoon moet groei in liefdevolle omgeeverhoudings: "We do not only have relationships, we are relationships ... members of each other ..." Hier kom Clinebell presies by die Afrika definiëring van *Ubuntu*. Skhakhane (in Louw 1997(a):401) noem: "... the community is the core of African spirituality." Daarom is dit belangrik dat die groeiproses ook nie in isolasie sal plaasvind nie, maar dat dit binne die konteks van liefdevolle ondersteunende verhoudings sal geskied. Binne die kweekhuis van geborge verhoudinge in die pastorale groeigroep sal die persoon weer sterk word om self liefdevolle verhoudings in stand te hou. Pastoraat moet altyd ten doel hê die stig van "co-humanity" (Mtetwa in Louw 1997:406)

iv. Groei in die omgee vir die omgewing.

v. Groei in vryetydspandering en werksbevrediging. Juis werkloosheid en die gebrek aan kreatiewe tydspandering breek die mens in die arm Afrika gemeenskap af. Gevolglik sal die pastorale kontakgeleentheid ook moet ruimte laat vir die hantering van werkloosheid en die skep van alternatiewe werkskeppingsgeleenthede. Vaardigheidsopleiding sal moet aandag kry.

vi. Groei in organisasies en instellings. Samelewingsinstellings kan weens onreg groei negatief beïnvloed. Groei sal dus ook meebring dat gemeenskappe wat in weelde leef ten koste van die armes sal groei in 'n groter gemeenskapsbewustheid.

vii. Geestelike groei . Clinebell sien geestelike groei ("Spiritual Growth") as die sement wat al bogenoemde groei fasette saambind. Die mens se verhouding met God speel in op al bogemelde groeipunte. Hierin sal die Heilige Gees 'n prominente rol speel.

Ook in die kulminering in "Spiritual Growth" staan Clinebell langs die Afrika mens se eie unieke spiritualiteit. Die Afrika mens is 'n geestelike wese, vir wie religie en verhoudings met die transendente 'n normale deel van die lewe uitmaak. Hierdie geestelike dimensie van menswees is belangrik in begrip van die mens in Afrika (Louw 1997(a):400). Ook die deurvloei van die geestelike na elke lewensverband is nie vreemd in die Afrika konteks nie.

Afrika spiritualiteit kan nie verstaan word sonder die "connectedness" ook met die geeste van die afgestorwe voorvaders nie. Hierin maak die Afrika spiritualiteit dan 'n baie unieke bydrae, wat gehoor moet word in die pastorale hantering van die mens wat streef na heelheid en geestelike harmonie. Meeste Afrika Christene leef steeds in hierdie "interconnectedness" (verbinding) met die voorvaders, wat die mens se totale lewenslot bepaal en vorm, en vrees en onsekerheid meebring. Die manipulasie van die geeste deur rituele en simbole kan ewe so ook weer vrede en heelheid in die mens se gemoed bring. Juis die pastorale hantering van hierdie Afrika spiritualiteit maak die AOK geweldig aantreklik vir die Afrika mens. Juis hierdie "interconnectedness" met die voorvaders, veroorsaak dat die mens in Afrika se etiek relasioneel is, en nie prinsipieel nie. Alles word in terme van verhoudinge gemeet.

Hierdie Afrika geestelikheid is sinvol in die sin dat dit die mens plaas op 'n vlak van verhoudinge wat die immanente transendeer, en die individuele ter wille van die gemeenskaplike in verhoudings beklemtoon. Hiervan sal die Christelike pastor kennis neem. Die terme en beelde sal ook gebruik moet word.

Die probleem in die akkommodering van Afrika spiritualiteit (wat Louw nie aanraak nie!), in 'n Christelike pastoraat, is die verwording van voorvaderbewussyn tot voorvaderverering, waar die Afrika geestelikheid oorgaan tot afgodediens. Die basis van hierdie simbole is vrees, en 'n

gevoel van eie fatalisme binne die konteks van transendente manipulasie, wat die individu ook van verantwoordelikheid stroop. Hoe gaan die pastor dit dan hanteer? Dit bring ons dan onvermydelik voor die vraag na die etiese keuses en paradigma waarmee die pastor na die mens in konteks gaan.

**8. Etiese dimensies van die pastoraat**

Die volgende vrae lyk nou aktueel te wees:

i. In hoe 'n mate mag die pastoraat etiese denke bevraagteken en beïnvloed.

ii. Mag die pastoraat bydra tot die vervanging van 'n gemeenskapsmoraliteit, wat verskeurdheid en onontwikkelbaarheid meebring?

Die antwoord blyk dan positief te wees, mits dit gedoen word op die basis van harmonie in alle verhoudingsverbande. In hoe 'n mate bedreig 'n paradigma, 'n geestelikheid, 'n moraliteit *ubuntu?* In hoe 'n mate word *imphilo* (lewe) en *amandla* (lewenskrag) bedreig? Die voortbestaan van hierdie lewenskrag is in die Afrika denke van die grootste belang (Berglund 1967:40 in Louw 1997(a):405). Veroorsaak 'n sekere handeling vrees en angs? Dan bedreig dit die harmonie waarbinne die mens leef. Alles wat *imphilo* bedreig is verkeerd, en mag in die pastoraat aangeraak word. As die verkeerde aanwending van die voorvaders dan vrees en angs meebring, en mense van hulle medemens vervreem, en uiteindelik ook die mens van God vervreem, dan kan dit sekerlik aandag kry ook in die pastoraat.

Dit impliseer nie dat die "interconnectedness" (verbinding) met die voorvaders ignoreer word nie. Gebeur dit wel dat die voorvaders en verhoudinge met hulle as boos interpreteer word , sal die kerk uitfaseer word as 'n krag wat juis die "interconnectedness" kom versteur. 'n Krag wat *imphilo* en *amandla* bedreig.

Dieselfde geld vir die pastorale hantering van jaloesie en haat in 'n verskeurde gemeenskap. Alles wat die gemeenskap aan bande lê, en groei en ontwikkeling inhibeer is oneties. Soos apartheid, onreg, verdrukking, maar ook nepotisme, korrupsie, en misdaad.

"Principle ethics" word nie uitgesluit deur die "habitus ethics" (posisionele etiek wat die mens se posisie in die "connected" geheel interpreteer) nie, juis omdat beginsels deur God gegee word binne die verbondsverhouding waar mens en God en mens, en mense aanmekaar verbind is deur 'n band van liefde. Die beginsels beskerm die interrelasies binne die verbond. Ongehoorsaamheid versteur die verhoudinge. Gehoorsaamheid bou en bevorder die verhoudinge. Alle etiese oortreding het relasionele gevolge. Daarom word die dekaloog met die liefdesgebod opgesom. Juis hierin sal die Bybelse pastoraat 'n korrektief wees op Afrika spiritualiteit: Etiese vrae moet deurgrondelik gevra word, want etiek beïnvloed verhoudinge. Afrika spiritualiteit het egter ook 'n korrektief te bring op Protestantse pastoraat: Skuld is nooit net individueel nie, maar altyd relasioneel, kollektief.

Die etiese kwessie rondom die pastoraat bring Eybers (1991:55) dan tot die gevolgtrekking dat Richard Niebuhr se "ethics of responsibility" in die pastoraat aan die Afrika jeug in SA 'n inset te lewer het. Niebuhr vanuit die Christelike Teologie wil die pastoraat afstem op "The responsible self". Vir Niebuhr is die mens in reaksie (Homo dialogicus) op sy Godsbegrip, en bepaal die mens se begrip van die Godheid etiese gedrag. In Christelike konteks is die gevolglike etiese gedrag nie meerderwaardigheid teenoor die wat anders is nie, maar self-kritiek en bekering.

Die kern vraag vir Niebuhr is nie: Wat is die doel van dinge (swaarkry) nie? Ook nie wat sê die wet? Hoe moet ons optree nie? Die vraag is: God

is in beheer, laat dinge toe, en wat moet ek daarmee maak? So moes Israel tydens die ballingskap reageer deur bekering. Niebuhr sien die hele Ou Testament in die lig van Goddelike intrede in die geskiedenis, en die mens se verantwoordelikheid om keuses te maak in reaksie daarop. In hierdie "responsiveness" word etiese keuses bepaal deur:

i. Godsbegrip, as sentrum van waardesisteme (geloof)

ii. Selfbegrip

Vir die pastoraat belangrik volgens Eybers (1991:206) is die feit dat mense se probleme nie as persoonlik hanteer moet word nie, maar dat probleme in 'n breër etiese gemeenskapskonteks ingebed is. As die pastor net die mens in nood se probleme beperk tot die persoonlike-emosionele dimensie van die lewe, sal die endresultaat wees dat mense nooit 'n verantwoordelikheidsin binne hulle gemeenskap aanleer in die pastorale proses nie. Gebeur dit, dan krap die pastoraat waar dit nie regtig jeuk nie. Die essensiële wortels van die pyn binne die gemeenskap kom nooit op die tafel nie.

Pastoraat moet uiteindelik die mens weer herstel in die verantwoordelike deelname in gemeenskapsprosesse. Heel mens wees is verantwoordelike menswees wat verantwoordelikheid aanvaar vir gemeenskapsake. Gevolglik kan pastoraat nooit die kontekstuele kwessies vermy nie. Pastoraat staan te midde van gemeenskapskwessies. Pastoraat moet kennis neem van breër onreg , en die moed hê om dit aan te spreek. Die persoon wat gehelp word , moet ook uiteindelik sy/haar profetiese posisie in die gemeenskap inneem.

Eybers (1991:209) is huiwerig om die Protestantse eduktiewe berading te aanvaar omdat dit dikwels net op die persoonlike sondes konsentreer, sonder om die indiwidu in konteks te lees. Die pastoraat moet inderdaad eduktief, eties onderwysend wees, maar die kultuurwaardes en -simbole waarvolgens gemeenskappe leef, moet ook op die tafel kom. Hy bepleit

dus 'n holistiese etiese onderwysing in die pastoraat. Dikwels verwag die gemeenskap (verdrukkers op politieke gebied, en spesialiste in die Afrika kultuur) van mense om op sekere maniere op te tree, te konformeer, en hulleself in die proses te verloor. Gebeur dit, verloor mense hulle sin vir verantwoordelikheid en word hulle niks meer as gemanipuleerde pionne nie. Die beraad moet juis die mens die moed gee om die maskers, wat ander vir hulle wil opsit, af te haal , sodat hulle met die werklikheid voor oë verantwoordelikheid sal aanvaar vir die lewe rondom hulle. Dit vra moed. Etiese moed. Deur groepsberaad kan die kerk die persoon, en die gemeenskap begelei om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie lewe.

## 9. "Reframing"

Die afgelope tyd is die konsep "reframing" in Westerse Psigoterapie in gebruik (Erikson, Satir, Whitaker en Haley). Dit het intussen ook gegroei tot 'n bruikbare pastorale hulpmiddel, mits dit uit die raam van Westerse individualisme gehaal word. Die beginsel wat bruikbaar lyk vir die pastoraat, en die opleiding van pastors in 'n arm Afrika gemeenskap, is die feit dat die manier waarop mens na probleme kyk ( die lens waardeur mens kyk) mens se uitkyk, en bereidheid om die probleem te hanteer drasties kan verander. "Reframing " wil deur pastoraat die persoon in nood anders laat kyk, vanuit 'n ander raam kyk na 'n bestaanskrisis. Die nuwe blik kan weer energie genereer waarmee met hoop en nuwe optimisme na oplossings gesoek kan word.

Hoe kan die pastoraat die arm Afrika gemeenskap help om vanuit 'n ander raam na hulle situasie te kyk? Die geloofsraam sou na my mening veral die armoede raam, gepaardgaande met lae selfbeeld, apatie en gebrek aan inisiatief, vervang.

## 10. Die Verwonde geneesheer ( "The Wounded Healer")

Henry Nouwen (1979) wil juis die effektiwiteit van 'n pastorale werker sien in die verwerking van die eie verwonding en tekortkoming. Juis die pastor wat in gebrokenheid bewus word van eie pyn en swakheid en daarvoor genesing vind, kan effektief ander in hulle pyn bereik. Nouwen praat van die beskikbaarstelling van eie wonde as "source of healing" vir die ander (Nouwen 1979:xvi) .Veral in die *Scorpion*-projek het ek die effek ontdek van jongmense wat self dwelms gebruik het, self seksuele permissiwiteit beoefen het, en self Vigs het. Hulle verwerking van hulle eie pyn en twyfel, en hulle eie heelwording was terapeuties vir die ander wat hulle moes bedien het. Voodele van Nouwen se inset:

i. Die pastor ken en verwoord die innerlike konflik van die mens. Alleen in die geval van 'n pastor wat self die pad na die ontdekking van die innerlike self geloop het, kan werklik sinvol die innerlike stryd van die mens in nood effektief verwoord. Juis die eerlike ontdek van die pastor se self is, alhoewel pynlik, vir die pastor self ook bevrydend, en sal die mens in nood van hulp wees. Nouwen (1979:39) noem die pastorale gesprek : " ... a deep human encounter in which a man is willing to put his own faith and doubt, his own hope and despair, his own light and darkness at the disposal of others who want to find a way through their confusion and touch the solid core of life." Hierdie kennis van innerlike konflik, werk verligtend en gee visie vir die toekoms (hoop).

ii. Die gemeenskap (jeug) kan eerder assosieer met ander wat ook stry, eerder as met ander wat veroordeel. Die jeug veral vind min aanklank by die moralistiese kerk in die arm Afrika konteks, wat die uiterlike skyn van heiligheid voorhou, maar tuis duidelik 'n ander lewe voer. Eerlikheid is een van die grootste brugbouers na die jeug. Die pastor moet ook eerlik wees oor die eie geestelike groei, en die stryd wat daarmee saamgaan.

iii. Die pastor en kerklike hulpgroep kom staan tussen die mense en staan nie meer en preek oor 'n afstand nie. Juis in die "langsaan-kom-staan" van die kerk ontdek die mens in nood dat die kerk omgee. God se liefde

raak sigbaar, en bereikbaar, want ander bedelaars kom hulle vertel van waar om "Brood" te kry.

iv. Die kerk word bevry van oordeel. Die kerk ken die innerlike stryd van menslike bestaan, veroordeel dit nie, maar kan te midde daarvan 'n nuwe leefwyse kom vestig, geborge in die Here se liefde vir alle mense. "Thus the authority of compassion is the possibility of man to forgive his brother, because forgiveness is only real for him who has discovered the weakness of his friends and the sins of his enemy in his own heart and is willing to call every human being his brother," (Nouwen 1979:41)

v. Juis die bediening van 'n deurleefde bevryding, in versoening ,maak die kerk se bediening geloofwaardig, en bevry die kerk van eensydige klem op funksionele programme en organisasie.

Nouwen het in sy fokus op die pastor se eie persoonlike innerlike lewe nuwe maatstawwe kom stel vir die seleksie en opleiding van die gemeente pastors en ondersteuningsgroepe:

i. Persoonlike betrokkenheid.. Nouwen (1979:71) noem dat menige mense wat by die kerk aanklop om hulp teleurgesteld is oor die pastors se professionele afstand en "aloofness". Hulle wil nie persoonlik betrokke raak by mense se nood nie. Hulle is so opgelei. " They are unable to express their feelings of affection, anger, hostility or sympathy." Hy wil juis weer bevestig dat mense nie mense kan help sonder om vir hulle 'n "proximus" (naaste) te wees nie. "The beginning and the end of all Christian leadership is to give your life for others." (1979.:72). "Who can take away suffering without entering it?" (1979:72). Persoonlike betrokkenheid vra die moed om juis die areas van menslike lewe te betree wat die meeste privaat en bedreigend is. Juis in die eerlik wees oor eie persoonlike belewenis, ervaar die pastor 'n gemeenskaplikheid by alle mense, en in die gemeenskaplikheid ook 'n aanknopingspunt.

ii. Geloof in die sin van die lewe. , selfs in die aangesig van wanhoop. Die kerklike pastoraat kan nooit verval in die roetine bediening van voorspelbare gebeurtenisse nie. Die kerk in pastorale diens moet verwag

dat dinge kan verander, dat mense, die gemeenskap en verhoudinge nuut KAN word. Die pastor moet hoop hê, en hoop kan wakker maak.

iii. Geloof in God se beloftes. Die pastor moet juis mense verby die hooploosheid van nou laat kyk na God se beloftes. Dit kan alleen gebeur as die pastor self glo. Juis hierdie geloof laat die pastor betrokke raak by stukkende mense, in die geloof dat God se beloftes steeds nou hier waar is. Nouwen wil sien dat die pastor fokus op die beloftes, en nie op die konkrete waar word daarvan nie. Dit gaan dus ook nie om 'n idealistiese soeke na resultate nie, maar by die pastor 'n vashou aan beloftes ten spyte van die waar word daarvan. " It is an act of discipleship in which we follow the hard road of Christ, who entered death with nothing but bare hope." (1979:77)

iv. Persoonlike heelheid en vrede met die self. Van die pastor word verwag om te kan ruimte skep vir die ander persoon se verskille, geskille, andersheid, onverskilligheid en agressie. Hy praat van "hospitality" (1979:91). Om dit te kan doen moet die pastor vrede kry eers met die eie self: "When we have found the anchor places for our lives in our own center, we can be free to let others into the space created for them and allow them to dance their own dance, sing their own song and speak their own language without fear. Then our own presence is no longer threatening and demanding but inviting and liberating." (1979:92)

v. Bewus maak van die pastor se beperkinge in die verligting van pyn in ander. Nouwen sien die bediening van ruimte aan die mens in nood as "... it does not take away the loneliness and the pain of another, but invites him to recognise his loneliness on a level where it can be shared". Juis die openheid van die pastorale geleentheid moet vrymoedigheid skep by die mens in nood om eie wonde te hanteer en dit ook as groeigeleentheid te sien na 'n beter toekoms. Die pastor is dus nie 'n dokter wat genees nie. Die pastor help die mens om pyn en eensaamheid te verwoord, en mense te verhoed om hulle lewe lank daarvoor weg te hardloop. Mense moet ook hulle pyn sien in lyn met gemeenskaplike pyn. Almal beleef dit op een of ander manier. Daar is nie 'n pynlose lewe nie.

Dit moet ook nie goedkoop getroos word nie. Dit moet aanvaar word, met die volle realiteit daarvan." ... a shared pain is no longer paralyzing but mobilizing, when understood as a way to liberation. When we become aware that we do not have to escape our pains, but that we can mobilize them into a common search for life, those very pains are transformed from expressions of despair into signs of hope." (Nouwen 1979: 93)

vi. Weerhou pastors van die soeke na goedkoop oplossings. Nouwen het kom leer dat pyn sinvol is: "Thus ministry can indeed be a witness to the living truth that the wound, which causes us to suffer now, will be revealed to us later as a place where God intimated his new creation." (1979:96)

## 11. Hoop as die dinamiese krag van die pastoraat

Juis in 'n arm gemeenskap wat hoop verloor het, kan die kerklike pastors, saam met die ondersteuningsgroep weer die gemeenskap met hoop bedien. Daarom sê Clinebell (1995:30) "wholeness is hope-centered" . Hoop is vir hom die dinamiese krag agter verandering, wat mens moed gee om self bloot te stel, en te volhard in soeke na heelwording. Hoop is die sien wat ons nie nou sien nie. Juis hierdie vooruitkyk in vertroue op die Here se teenwoordigheid trek die mens uit die slote van die lewe uit.

As die mens hoop het , sal 'n krisis minder bedreigend wees, en sal krisisse gesien kan word as groeigeleenthede. Capps (1997:139) sien die doel na die pastoraat dan in "letting loose of hope..."

Sonder hoop val die mens in, wat Clinebell noem, die "Hope-vacuum", verwortel in die najaag van materialistiese dinge, wat die lewe afstomp.

## HOOFSTUK SES: KERUGMA

### 1. Inleiding: Die nood is groot, maar die arbeiders min

Nürnberger (1990:215) sien die kerk se sendingwerk as "... broken but defiant involvement in God's redemptive action." Waar die kerk die Evangelie aan die wêreld bedien, word die kerk medewerker van God. Die fokus in hierdie bediening is die bediening van versoening en verlossing van sonde in Christus se naam. Die bediening moet bevrydend inwerk op die lewens van mense, wat die versekering moet kry dat God met hulle in gemeenskap wil staan, en dat Hy instaat is om veel meer te doen as wat die mens kan dink of vra. Hierdie kerugmatiese bediening staan nie teenoor die voorafgaande in hierdie afdeling nie. Dit word saam met al die kerklike bedieninge in die wêreld as eenheid gesien. Sonder die diakonaat , pastoraat en profetiese bediening is die kerugmatiese bediening leeg en betekenisloos, sonder die vlees en bloed van 'n geïnkarneerde Christus. Ek gee wel in hierdie hoofstuk afsonderlik aandag aan die kerk se evangelisasietaak, omdat ek nie wil val in die strik om evangelisasie te laat verskraal tot 'n mensgerigte diakonaat nie. Bykomend, komplimenterend tot die diakonaat, die pastoraat en die profetiese kritiek, moet die kerk ook 'n evangelisasie aksie organiseer.

Die situasie analise het oortuigend aangetoon dat die nood aan die Evangelie groot is. Die Nuwe SA het geweldig nood aan die verkondiging van die Evangelie. Ten spyte daarvan is die NG kerke, soos die meeste ander kerke na binne gerig, op oorlewing ingestel, sonder 'n dinamiese sendinggerigdheid. Wat sou die oorsake wees dat die meeste kerke binne die kerke familie nie 'n sendingvisie het nie? Ek identifiseer die volgende:

i. Gebrekkige oortuiging dat elke lidmaat die mandaat ontvang het om die Evangelie uit te dra.

ii. Gebrekkige fokus op die gawes en talente van individuele lidmate.

iii. Versplintering van die kerk se kragte deur denominalisme, rasse segregasie, individualisering, en die ontbondeling van die kerkverband se gesamentlike fokus op spesifieke gebiede.

iv. Gebrek aan kennis van die fisiese nood aan evangelisasie in die gemeenskap, as gevolg van isolasie en vervreemding wat deur 'n neo-apartheid teweeg gebring word.

v. Lidmate weet nie wat om te doen om hulle gemeenskappe te evangeliseer nie.

vi. Wat kruis-kulturele evangelisasie aan betref, heers daar onsekerheid weens 'n gebrek aan taal- en kultuurkennis

vii. Onvermoë om die diversiteit van die kerk te mobiliseer om die sendingtaak te verryk en aan te vul, veroorsaak dat diversiteit uiteindelik die kerk lamlê en immobiliseer.

viii. Skeiding natuur en genade, beperk evangelisasie tot nie-fisiese , nie relevante aspekte van die lewe. Die Evangelie raak nie voetsoolvlakbelewing in die plaaslike gemeente nie.

ix . Toenemende verlies aan geloof dat die Christelike geloofsgemeenskappe'n mandaad het om te midde van 'n sekulêre gemeenskap, en ander gelykwaardig hanteerde gelowe, steeds daarop aanspraak te maak dat slegs Christus die weg, die waarheid en die lewe is.

x. Eensydige opgaan in die diakonaat en barmhartigheidsdiens van die kerk.

xi. Die verval van die evangelisamp, en die opgaan van evangeliste in gemeenteversorging in die VGKSA

xii. Swak werksverhoudings, waar wit en swart kontak het, inhibeer geloofskommunikasie

**2. Watter geleenthede bestaan vir die kerk om die Evangelie uit te dra?**

Ek het reeds verwys na die kerkbyeenkoms waar die onderlinge koinonia self die atmosfeer vorm vir kerugma; die plaaslike gemeente as draer deur woord en daad, die diakonaat as daad verkondiging; en die pastoraat as

verkondiging. Is daar nog geleentheid waar die kerk die Woord aan die wêreld kan bedien, waar die fokus primêr op die kerugma val?

Die geleenthede word verdeel in informele verhoudingsverkondiging en meer gestruktureerde evangelisasie aksies. Die volgende meestal Amerikaans ontwerpte evangelisasie aksies is gewild in die NG Kerk:

## 2.1 Gestruktureerde evangelisasie

### 2.1.1 Jesus-Film-Uitreikings (Campus Crusade)

> *Op 29 April 1996 - 3 Mei is ongeveer 40 lidmate van die NG Kerk en die VGKSA saam in Ladysmith opgelei in die gebruik van die "Jesus-film" as sending hulpmiddel.*

Hierdie film vervat die hele evangelie van Lukas, in beeld, en word met 'n Zoeloe klankbaan vertoon. Die opleiding behels kortliks die volgende:

a. Die lidmate se eie persoonlike geloofsekerheid

Lidmate word geskool in die inhoud van geloofsekerheid, en om hulle eie geloofsoortuiging binne drie minute met ander mense te kan deel. Hierdie lidmate word dan getuienisgeleentheid tydens die uitreikingsgeleenthede gebied.

> *' n Boer in die Wasbank omgewing was in die nek geskiet, weens die dispuut rondom grond. Hy het herstel en dramaties tot bekering gekom. Sy getuienis, bekragtig deur sy radikale nuwe verhouding met sy arbeiders was seker die kragtigste getuienis wat nog by sulke uitreikings gelewer is.*

b. Die belangrikheid van gebedsondersteuning

Tydens elke uitreiking en ter voorbereiding word baie aandag aan gebedsondersteuning van die uitreikings gegee. Lidmate leer die erns ken van geestelike oorlogvoering en die afhanklikheid van die krag van die Heilige Gees in die uitdra van die Evangelie.

c. Die metodiek van filmvertoning

Die praktiese metodiek van die projektors word uiteengesit. Die film word dikwels in die oop veld op 'n opslaanskerm vertoon met behulp van kragopwekkers en basiese beligting. Sulke uitreike kan tot 600 mense in 'n uitreiking bereik. 'n Uitreiking duur twee aande.

d. Beplanning van 'n uitreiking

Die praktiese beplanning word uiteengesit met die oog daarop dat die plaaslike lidmate met die uitreikings as gereelde gemeenteprogram kan voortgaan.

e. Die uitnodiging om tot bekering te kom

Na die film vertoning, en die persoonlike getuienis, word 'n oproep op die gehoor gemaak om 'n beslissing te maak in hul verhouding met die Here. Diegene wat dan positief reageer, se name word neergeskryf, en hulle kry 'n basiese eerste Bybelstudiestukkie wat uitgewerk moet word.

f. Hantering van statistiek

Die aantal mense wat dan 'n aanduiding gee dat hulle tot bekering wil kom se getalle word noukeurig opgeskryf.

g. Opvolgwerk

Die bekeerlinge wat dan reageer word uitgenooi om in opvolgbesoeke met die basiese Bybelstudie voort te gaan.

h. Evaluering van die "Jesus-film"-projek

Positief kan die volgende evaluering gemaak word:

i. Die swart en wit lidmate het iets gevind om saam te doen. Hulle het 'n groepsgevoel ontwikkel.

ii. Die blanke lidmate is die swart woongebiede ingeneem, waar hulle saans in 'n skare van etlike honderde swart jeugdiges hulle eie getuienis gelewer het. Die blootstelling het hulle visie verruim en hulle geloof versterk

iii. Die gesamentlike gebedsaksie was geweldig intens en effektief. Mens kon die erns van geestelike oorlogvoering intens ervaar.

iv. Die gesamentlike passie wat ontwikkel het vir die bekering van die swart jeug, was uiters verruimend op kerkwees.

v. Tydens opleiding kon wit en swart hulle eie geloofsekerheid en vrae deel. Kerkeenheid het 'n werklikheid geword, en soms kon die pluraliteit van die kerk verruimend inwerk op die groep.

Negatiewe evaluering:

i. Die kursus, op die Amerikaanse model van konsultante, was baie duur , en onbekostigbaar vir arm gemeentes.

ii. Die inbeweeg in 'n arm gemeenskap met klaar geformuleerde antwoorde dikwels vir vrae wat nooit gevra is nie, is 'n verleentheid. Die Evangelie is nie in dialoog oorgedra nie, maar vanuit die hoogte. Mense se bestaansnood is geïgnoreer.

iii. Die film self met blanke akteurs, en die blanke Jesus-karakter is dikwels verwarrend, veral vir polities geïndoktrineerde jongmense.

iv. In 'n arm gemeenskap is die duur vermaaklikheidstoerusting wat met die uitreiking gebruik word , dikwels eerder die saak wat onthou word as die boodskap. Die oorvloed vanuit die blanke gemeenskap steek sterk af teen die armoede in die swart gemeenskap. Die kerk as lydende kneg kom nie duidelik na vore nie.

v. Die opvolgwerk word nie deur die plaaslike swart gemeente gedoen nie, en ontneem hulle eienaarskap van die projek

vi. Die metodistiese opsteek van hande en die tel van die "beslissings" laat veel te wense oor:

* In die Afrika gemeenskap maak mense nooit alleen, op die ingewing besluite nie. Die uitgebreide familie moet eers gekonsulteer word. Impulsiewe handopsteek is van weinig waarde in die gemeenskap
* Die geloofsbeslissing wat die Evangelie vereis word te maklik en te goedkoop gemaak. Die volle implikasies word nie uitgespel nie
* Die skeiding van die verlossing van die siel, van die mens in totaliteit se heil is vreemd aan die Bybel en die Afrika denkwêreld.
* Nood soos armoede, VIGS/HIV , geweld word nie aangespreek nie.

**2.1.2 "Every Home For Christ"**

Hierdie projek het dit ten doel gestel om teen die jaar 2000 elke huis in SA te besoek, die Evangelie te deel, en uitgewerkte lektuur in die plaaslike taal by die besoekte huise te laat.

Dr. Dick van Dundee is tans Koördineerder van die projek in KZN.

Veral die NG Kerk te Dundee saam met die plaaslike VGKSA het gereelde uitreike waar tot so veel as 70 lidmate op 'n dag woonbuurte in zones verdeel, en stelselmatig op die program se riglyne die Evangelie met mense deel .

Evaluering van die projek

Positief

i Die swart en wit lidmate het iets gevind om saam te doen. Hulle het 'n groepsgevoel ontwikkel.

ii. Die blanke lidmate is die swart woongebiede ingeneem. Die blootstelling het hulle visie verruim en hulle geloof versterk

iii. Die gesamentlike gebedsaksie was geweldig effektief.

iv. Die gesamentlike passie wat ontwikkel het vir die bekering van die hele gemeenskap; Wit, Asiërs, Kleurlinge en swart, was uiters verruimend op kerkwees. Nie net die swart gemeenskap nie, maar alle mense is gesien as in nood om die Evangelie te hoor.

v. Hier is meer ruimte vir dialoog en gesprekvoering, in vraag en antwoord deel van die evangelie.

Negatief

i. Die projek spandeer relatief min tyd met een besoekpunt omdat dit gerig is op 'n spoedige deel van die Evangelie. Mense se nood kom selde holisties op die agenda en die fokus is op die verlossing van die mens se siel, wat 'n verenging van die Evangelie inhou.

ii. Aangesien die projek van bo af, buite die kerk om , deur 'n sending organisasie geloods word, bestaan die vraag of die kerk se eie potensiaal

werklik tot sy reg kom. Aanvaar die swart kerk die projek as hulle eie? Of doen hulle dit ter wille van die goeie verhouding met
die wit kerk?

**2.1.3 Tentveldtogte met sterk bekeringsboodskappe.**

Die SSBLadysmith, waar die NG Kerk en die VGKSA saamwerk in die beplanning van tentveldtogte, hou vier veldtogte in 'n jaar. Die Ring het ook 'n gesamentlike getuienis kommissie op die been gekry, met die oog op uitreikings in die res van die Ring.

Die Mobiele Evangelisasie Trust (MET) is veral in die Bergville distrik besig met soortgelyke tent uitreikings.

Die tentuitreikings word veral finansieel deur die NG Kerk gesteun. Die VGKSA se samewerking is beter by die projek waar hulle self in die bestuur van die aksie saam met die NG Kerk dien, as in die aksie wat deur 'n blanke trust beplan, befonds en bestuur word. Die groot reaksie teen die Trust se poging, is dat dit lidmate van bestaande kerke (ook die VGKSA) van hulle eie kerke vervreem en uiteindelik sal uitloop op die stigting van 'n eie kerk.

Tentuitreikings bestaan uit die volgende:
i. Vertoning van Christelike films
ii. Evangelisasie prediking
iii. Huisbesoek
iv. Voorbiddingsgeleenthede en hantering van eksorsisme.
v. Opvolgwerk en dissipelskapskoling.
vi. Lektuurverspreiding

Evaluering van tentdienste as sendingmetode

Positief

i. Die tentdienste trek veral baie jongmense wat die filmvertonings wil sien. Dit veroorsaak dat dikwels andersins kerklos jongmense 'n goeie blootstelling aan die Evangelie kry.
ii. Indien die tent 'n paar weke in 'n gebied staan, kan goeie verhoudinge opgebou word en pastorale gesprekke gevoer word
iii. Opvolgwerk kan sinvol gedoen word
iv. Die tentdienste gee veral vermoënde gemeentes soos die NG Kerk ten minste die geleentheid om deur geldelike bydraes die werk te steun, en van missiologiese nut te wees, terwyl 'n spesialisspan die werk doen.
v. Die geweldige probleem van eksorsisme word aangespreek
vi. Lidmate van die VGKSA word praktiese skoling gegee in getuienis en uitreikaksies.

Negatief

i. Nuusbrief verslae van sulke tentdienste toon dikwels dat die tente in tye van geweldige gemeenskapstrauma opgerig is (politieke onrus, stamgevegte, droogtes, armoede en VIGS), maar dat die aangeleenthede selde wyer as in die prediking aangespreek is. Die tent verkondig dikwels 'n vertikale Evangelie sonder om die gemeenskap se nood raak te hoor
ii. Die NG Kerk se missiologiese potensiaal word verskraal tot finansies. Die kerk, saam met die VGKSA beskik oor wonderlike lidmate met baie potensiaal, wat deur die regte opleiding holisties by arm mense se nood betrokke kan raak. Hierdie potensiaal gaan in die proses verlore
iii. Die afstand met die plaaslike kerk veroorsaak dat die dienste vervlak tot anti-kerklike in stede van inter-kerklike projekte. Hierdie projekte kan alleen slaag as dit deur al die swart kerke in die bepaalde gemeenskap ondersteun word, en alle gelowiges van die beplanningsfase af betrokke is by die uitreiking. Die swart kerk sal volledige eienaarskap verkry van die projek
iv. Predikers is dikwels nie genoegsaam opgelei om te onderskei tussen die besetting deur demone en sielkundige afwykings nie. Gevolglik word die bediening uiteindelik skade aangedoen as sielkundige afwykinge deur eksorsisme hanteer wil word.

### 2.1.4 EE III uitreikings

Die EE III uitreiking (Evangelism Explosion III) rus lidmate toe in die formulering van 'n persoonlike getuienis, en bied origens aan die lidmate 'n baie metodistiese stap vir stap uiteensetting van die heilsweg, wat eindig met 'n bondige nasorgplan

Positief

1. Die opleiding was baie gewild binne die NG Kerk, en het menige lidmate gehelp met die kommunikasie van geloofsinhoude.
2. Die program het lidmate weer na buite hulle gemeente se grense gedryf na bure, lidmate van ander kerke, randkerklikes en kerklos mense.
3. Die fokus is geplaas op evangelisasie, en die verkondiging van die Woord.

Negatief

1. Gesprekke word gevoer op 'n baie konfronterende styl
2. Die opleiding probeer om binne 5 minute 'n verhouding met 'n vreemdeling op te bou, alvorens die boodskap gedeel word. Is dit 'n werkbare verhouding as die twee persone mekaar waarskynlik nie weer sal sien nie?

### 2.1.5 Kerkplanting

Veral Charismatiese kerke in die Mnambithi omgewing is betrokke by kerkplanting as sendingmodel. Die benadering maak gebruik van die selkerk idee, deur klein kerkies te stig wat dan gereeld bymekaarkom om in dissipelskapkursusse geskool te word. My ervaring is dat hierdie groepies baie sterk groei en lidmate op mekaar gerig raak. Die tekortkominge is egter dat die groepies baie vinnig (onder druk van die plantende gemeentes?) eie kerkies stig, en ekumeniese intensies net as lokaas benut om mense by die groepe in te skakel. Die groepies raak gou ook weer tipies na binne gekeerde gemeentetjies, met 'n sektariese hoogmoedigheid en kerkistiese afgesonderdheid.

### 2.1.6 Wêreldsending

Die Wenstrategië van "World Thrust" is besig om in baie NG Kerke vinnig veld te wen. Bill Boerop, die President van "World Thrust" som hulle doel as volg op:

> *"The purpose of World Thrust is to act as a mobilizing force in the evangelization of the world through multiplying the number of local churches at home and abroad who are actively involved in fulfilling the supreme task of the church which is the evangelization of the world."*

Hierdie organisasie wil veral leraars oplei wat hulle eie gemeentes deur opleiding, dissipelskap opleiding en mobililsering (wenstrategië) kan voorberei op wêreldevangelisasie.

Richard Verreynne noem 'n verdere oogmerk:

> *" (sodat) gemeentes bevry kan word van 'n in-homself-gekeerdheid en sy arms om die wêreld kan vou om sodoende verantwoordelikheid te neem vir die Opdrag van Christus."*

Die opleidingsmateriaal is tegnies baie goed uitgewerk en kan met vrug aangewend word. Die gevaar bestaan dat die kerkplantgedagte op die sendingveld nie genoegsaam respek toon vir plaaslike bestaande kerke en kerk aksies nie, en dikwels hooghartig plaaslike kerke "afskryf" en bo-oor hulle "nuwe kerke plant".

### 2.1.7 Straatwerk en lektuurverspreiding

> *Die NG Kerk lidmate is betrokke by die verspreiding van lektuur, verkope van Bybels en soms lektuurverspreiding in die strate.*

Hierdie uitreikaksie moet as 'n diensverskaffing gesien word , en nie as 'n konfronterende evangelisasie aksie nie. Lektuur kan nie op mense afgedwing word nie, maar moet aangebied word, in 'n konteks waar daar ook geleentheid tot gesprek is. Om Bybels teen groothandelprys te

verkoop, of selfs te subsidieer maak dit meer beskikbaar in 'n arm gemeenskap.

### 2.1.8 Ikhwezi opleiding van die VGKSA in KZN

Die VGKSA in KZN is besig met 'n verbeeldingryke projek om juis die opleiding van lidmate deur gemeentegebaseerde opleiding te laat gebeur. Elke ring het 'n verkose ringsdosent. Hy koordineer die opleiding wat die plaaslike gemeenteleraars self in eie gemeente toepas. Die kursus bestaan basies uit 'n sistematiese deurlees van die Bybel.

Winspunte van die opleiding is:

i. Die gespesialiseerde benutting van groepsinteraksie, binne gemeenteverband, as metode van opleiding

ii. Die Woordgebaseerde opleiding

iii. Bekostigbaarheid van die opleiding vir arm gemeenskappe

iv. Lidmate se ywer om die opleiding te deurloop.

Hierdie opleiding sal egter baie aandag aan die volgende sake moet gee, ten einde meer as lidmaat toerusting, uiteindelik ook holistiese missionêre stimulus te wees:

i. Die toespitsing op die bediening van die gemeenskapsnood.

ii. Meer as Ortodoksie, sal dit ook Ortopraxis moet inhou.

### 2.1.9 Evaluering van die meer piëtistiese Amerikaanse modelle

Die ontploffing in veral Amerikaanse sending organisasies wat nou SA binnestroom, het die volgende nadele wat deeglik verreken sal moet word:

i. Die proliferasie van die talle groepe is net weer bewys dat protestantse sendinggroepe baie moeilik saamwerk

ii. Te veel organisasies lei tot die versplintering van die kerklike getuienis

iii. Elke organisasie het sy eie infrastruktuur, kantoor en personeel. Hulle word elkeen in stand gehou met "sendinggeld" terwyl 'n groot persentasie van die geld bloot administratief aangewend word.

iv. Die organisasies verswak kerklike aksies deurdat lidmate eerder fondse hier spandeer as aan kerklike eie projekte.

v. Plaaslike sending en die uitdaging om holisties te werk , word dikwels omseil met 'n makliker uitweg, waar die Woord met handskoene aan verkondig word.

vi. Op die sendingveld self word die plaaslike kerkies dikwels vertrap en op neergesien. Dikwels word nuwe kerke bo-oor die oues geplant.

vii Waar wel saamgewerk, word ontstaan dikwels weer nuwe afhanklikheidsverhoudinge.

viii. Om die sendingpad deur die plaaslike kerk se kanale te loop, is dikwels meer omslagtig. Dit is egter 'n pad wat nader aan die armes en noodlydendes kom as enige korttermyn uitreiking

ix. L.B. Zulu in sy werk "The nineteenth century missionaries in SA - a Black assessment" (p.2) aangehaal deur Bosch 1972:71), spreek sy onsekerheid uit of die vroeëre sendelinge werklik die liefde van God verkondig het, en dit uitgedra het aan die nuwe bekeerlinge. Volgens hom is baie gefokus op lewendige oordeelsprediking, en die vestiging van strukture en instellings (met die klem op geboue, eredienste en sakramente). As hy die endproduk van die sendelinge se werk oordeel ,sien hy gemeenskappe waarby die dissipline ingeskerp is, wat saam met die aanvaarding van Christus gaan, maar hy vind nie soseer liefdesgemeenskappe met "omgee" teenoor mekaar en die in nood nie. Dieselfde gevaar bestaan as die kerk se evangelisasie opgaan in eensydige verkondiging, sonder om aan die mens aandag te gee.

Alles is egter nie negatief nie. Meiring (1994(b):50) noem die volgende winspunte van verskeie sending organisasies wat langs die kerk wil kom werk:

i. Die organisasies is dikwels meer buigbaar en aanpasbaar as lomp groot kerklike strukture. Hulle kan vinniger beweeg

ii. Dikwels het 'n sending organisasie 'n spesialis bediening wat verrykend in die kerk benut kan word.

iii. In die afgelope twee eeue was die kerk dikwels te huiwerig om sendingwerk te doen, en is baie sendingprojekte deur sending organisasies bedryf. "Die genootskappe het jarelank as gewete vir die kerk gedien." (Meiring 1994(a):51)

## 2.1.10 Bediening op die werksplek

Kritzinger (1993:9) meld tereg: " Die arbeidswêreld verteenwoordig 'n vir die kerk nog grootliks onontdekte en onbereikte missionêre uitdaging." Dit gaan vir Kritzinger om veel meer as die uitreik-aksie na die fabriekswerker met biduurgroepies en uitreikings, dit gaan om die kennisname dat 'n groot deel van die kerk se lidmate se dagtaak rondom die werksplek sentreer, en dat die werksplek hulle lewe in besit neem en radikaal verander. Hierdie werksplek is die plek waar die sekularisieproses, die tegnokrasie, die vakbondpolitiek, rasse intergrasie, regstellende aksie, en die ontwrigting van die huislike lewe die meeste gevoel word.

Binne hierdie komplekse gemeenskap is die kerk geroep om getuie te wees. Hierdie getuienistaak moet kennis neem van die situasie. Die Evangelie sal alleen gehoor word as die hele gemeenskap op die werksplek raakgesien word, en hulle met die volle Woord bedien word.

Kritzinger (1993:15) sê: " Die afval van die kerk en die prysgawe van die Evangelie begin by die werk. Daartoe dra die kerk by wanneer hy die werkers nie daarheen begelei en hulle steeds ondersteun nie." Hy noem die werksplek 'n "onbereikte gebied" (Kritzinger 1993:16)

Die bediening op die werksplek sal holisties moet wees: pastoraal, maar ook profeties krities. Die kerk het ook 'n stem om onreg en onderbetaling op die werksplek aan te spreek. Gebeur dit nie, sal die kerk geen geloofwaardigheid hê nie, en sal die werkers die kerk se prediker sien as 'n agent van die werkgewer om mense te indoktrineer om beter te werk.

Dit alles gesê, bly dit waar dat die werksplek dikwels die enigste plek is waar veral die mans die Evangelie kan hoor. Lering oor die Bybel is dus belangrik op die werksplek.. Hoe moet dit plaasvind? Enkele riglyne word voorgehou:

i. Klein Bybelstudiegroepies deur Christenleiers in die werksplek self, met baie klem op voorbidding, en sang, sal die mees bruikbare konteks wees vir Woordbediening. Die Woordbediening moet relevant wees, en hulle leefwêreld aanraak. Dit impliseer dat 'n normaalklas vir die predikers dalk sinvol kan wees. Dit lyk asof hierdie groepies in etenstye kan vergader. Konsensus met die werkers self is van net so groot betekenis as onderhandelinge met die bestuur.

ii. Die beskikbaarstelling van literatuur kan ook die Woordbediening stimuleer, en gesprek rondom Bybelse temas aanwakker.

iii. Om iemand in die werksplek aan te stel wat as verspreidingspunt vir Bybels te dien, wat te koop aangebied word, blyk baie nodig te wees.

iv.In oorleg met die bestuur kan byeenkomste gereël word, waar goeie predikers uitgenooi word om binne die konteks van die werksplek die Evangelie te verkondig.

**2.1.11 Hospitaal bediening**

> *'n Groep lidmate van die NG kerk gaan weekliks die plaaslike hospitale besoek, waar hulle vir pasiënte bid, vertroostende lektuur voorsien , en evangeliesasiewerk in gesprekvorm doen. Hierdie bediening is baie geseënd in die sin dat mense dikwels geweldige nood het aan die Woord. Die VGKSA se wyke besoek die hospitaal, as van hulle lidmate opgeneem is. By die*

*geleentheid besoek hulle dan 'n paar sale, waar deur sang , gebed en Woordbediening troos aan die pasiënte gebring word. Waar beide die projekte na die mens se nood uitreik is die fokus duidelik op evangelisasie.*

Die voordeel van die uitreikings is dat dit bekostigbaar, haalbaar en nie tydrowend is nie. Dit hoef ook nie aan een spesifieke tyd in die week gekoppel te wees nie. Almal kan hulle bediening reël na gelang van hulle eie program.

**2.1.12 "Garagedienste"**

*Sommige lidmate van die NG kerk is bekommerd oor hulle huisbediendes wat naweke ook inslaap en gevolglik nooit in die kerk kom nie. Daar word dan in die gemeente dienste in motorhuise of kerksale gehou.*

Die bediening aan huisbediendes is belangrik, maar kan ook nie plaasvind buite die ander bedieninge van pastoraat, diakonaat, koinonia en profeties-kritiese bediening nie. Die hou van dienste in motorhuise is vernederend en onaanvaarbaar. Die huisvroue wat die dienste wil aanbied, word eerder gevra om hulle sitkamers beskikbaar te stel. Verder word hulle aangemoedig om die huishulpe eerder naweke te laat huis toe gaan , sodat hulle by gesinne en eie kerke kan uitkom.

**2.1.13. Evaluering van die kerk se kerugmatiese rol in die gemeenskap**

Pierre Babin se werk *The new era in religious communication* (aangehaal in Burger 1997(b):344*)* bepleit dat die kerk in die evangelisasie ook denkprosesse moet verander. Veral die klem op regterbreinlob evangelisasie moet ook aandag kry, waar die evangelisasie meer as net die rasionele wil aanspreek. Die totaliteit van menswees moet aandag kry. Dit sou insluit die gebruik van emosie (veral in armer gemeenskappe) en simbole (in Afrika konteks), maar ook opvoeding in sosiale verantwoordelikheid..

Die winspunt van al bogenoemde evangelisasie uitreikaksies is myns insiens:

i. Dat dit die grond voorberei op voortgesette kerklike betrokkenheid in die gemeenskap. Dit dek die tafel vir die broodbediening op al die vlakke van kerklike betrokkenheid in die gemeenskap, en plaas die kerklike bediening in Woordperspektief.

ii. Dit fokus op Bybellering. Die Woord word sentraal gehou.

iii. Die fokus op die groot dorp / stad as versamelpunt van die verstedelikingsproses. Ontwortelde, onseker mense kom vanaf plase en vorige reservate, soos Msinga. Hulle is onseker, en soek rigting. Juis by hierdie uitreik-aksies kan hulle deur Woordbediening sekuriteit en vastigheid kry.

2.2**Spontane Evangelisasie**

**2.2.1 Lidmate se taak**

Balia (1990:321) noem dat die Methodiste reeds in KZN in 1844 begin het met 'n groep swart Christene wat spontaan die Evangelie met hulle landgenote gedeel het. Die beweging, genaamd *Unzondelela* (verwys na 'n passie of begeerte om die Evangelie uit te dra), was minder gestruktureerd, maar het baie klem gelê op spontane getuienis.

Roland Allan sou al in 1962 met sy werk "*The spontaneous expansion of the church*", die toon aangee vir spontane getuienis deur die plaaslike kerk in hulle eie gemeenskap. Hy is oortuig dat die eerste kerk nie soseer opgelei en aangemoedig is om evangelisasiewerk te doen nie, maar dat ons eerder verslag kry van spontane groei deur spontane getuienis vanuit die kerk as geheel.(Allan 1962:6). Dit was nie eerstens die werk van betaalde amptenare nie, maar van die gemeente op voetsoolvlak. In hierdie getuienislewering moet die kerk steeds voortgaan. Dit moet volgens Allan spontaan, natuurlik, sonder bymotiewe en oortuigend wees.

Allan identifiseer die volgende hindernisse op hierdie pad:

i. Betaalde werkkragte. Hulle inhibeer spontane inheemse kultuurgebonde evangelisasie.

ii. Die inheemse kerk aanvaar nie eienaarskap van die kerk nie, omdat dit nie tuisgekom het in hulle kultuurkonteks nie.

iii.Die voorafgaan van bekering tot die Christendom met morele standaarde wat verWesters (Allan 1962:82). Die Christelike gemeenskap is 'n morele Westerse seer duim in hulle gemeenskap, en hul fondasie is die nuwe morele waardes, en nie Christus nie.

iv. Fokus op rasionele verklarings van die Christenskap wat die dwaasheid van die kruis oorbodig maak (1 Kor.1:17). As die kerk skaam is om die dwaasheid van die kruis te verkondig verloor die kerk die evangeliese dryfkrag,

v. Westerlinge se fassinering met organisasie, wat alles in kommissies en strukture wil indwing, maak uiteindelik die uitreikaksie die verantwoordelikheid van 'n paar, en vervreem die res van die gemeente van hulle opdrag (Allan 1962:98). Die endresultaat van die ororganisering van die kerk se evangelisasietaak is dat dit te duur word, en gestaak word omdat dit onbekostigbaar raak. Dit skep ook by die betaalde evangelis 'n werknemersmentaliteit. Die kerk sien evangelisasie as opgegaan in die oprig van geboue en duur strukture.

# HOOFSTUK SEWE: SOSIALE GEREGTIGHEID

## Inleiding

Die kerk wat omgee vir die groeiende armoede in die Afrika opset, en wat kontakpunt tussen teks en konteks wil wees, sal ook 'n profetiese daadbetrokkenheid openbaar te midde van die armoede. Hierdie betrokkenheid staan nie teenoor die kerugmatiese, die pastorale, die diakonale en die koinoniale daadbetrokkenheid nie, maar elkeen komplimenteer en verruim die ander. Wat is die aard van die kerk se profetiese betrokkenheid, en op watter gebied is betrokkenheid nodig?

## 1. Die aard van die kerk se sosiale betrokkenheid in die nuwe SA

### 1.1Koninkryksdenke

Sedert 1994 bestaan SA uit 'n kompromisregering, waar blanke bevoorregte minderhede, sowel as radikale Bevrydingstryders baie moes toegee om mekaar halfpad te ontmoet. Beide hierdie uiterstes sal nooit tevrede gestel word nie. Die kerk sal ook nie aan enige van die teenpole se kant gesien mag word nie. Die kerk het 'n belangrike rol te speel: die kritiese profeet wat waak oor God se eise van geregtigheid en vrede onderling. Hierdie verantwoordelikheid vereis nie van die kerk onpartydigheid nie, maar eerder radikale Koninkryksdenke. Die kerk is die bewaker op die muur wat toesien dat die teenpole van die Koninkryk van God (onreg, onvrede) nie die samelewing se tekstuur rysmier en disintegreer nie. Gebeur dit nie met die kerk dat hy 'n groter doel nastreef nie, sal die kerk in 'n snel veranderende gemeenskap heeltyd moet doelpale skuif en na nuwe identiteit soek, soos inderdaad na 1994 met die SARK gebeur het (Lamola 1994:40, Cochrane 1997:1)). Nürnberger (1994(a):119) praat van God se droom van *shalom* (O.T.) en Koninkryk (N.T.) as staat van welwese van alle mense. Omdat sy droom versteur word deur die teenpole daarvan, is God onrustig. God se onrustigheid maak ook die kerk onrustig. Hierdie onrustigheid is die dryfkrag vir die kerk se betrokkenheid by sosiale sake. Hierdie teenpole van God se

*shalom* kan immanent realiseer, maar het altyd transendente wortels. Alle vorme is vir God belangrik.

Greenway (1973:121,125) sien die kerk se sending na die wêreld as een waar mense tot bekering kom, 'n hartsverandering ondergaan, en as nuwe mense hulle gemeenskappe beïnvloed, en transformeer.

**1.2 Riglyne**

In hierdie missie sal die kerk die volgende riglyne moet neerlê:

i. Realisme dat verandering 'n langtermyn proses is wat nie oornag sal plaasvind nie (Lamola 1994:39). Agterstande in gesondheidsorg, onderwys, infrastruktuur, en 'n stadig groeiende ekonomie is die inhiberende kragte in die pad van snel verandering na meer geregtigheid en vrede in die maatskappy.

ii. Ten spyte van die geduld moet die kerk ook die staat aanmoedig in die gelykmaak van die speelveld tussen alle groeperinge in die land. Die kerk moet voorloop in die voetpad na vrede en geregtigheid.

iii. Die kerk sal ook moet sekermaak dat die speelveld binne die kerk gelyk is. Ek kyk hier na die ontwikkeling van Teologiese opleiding wat toeganklik is vir die arm gemeenskappe, die gelyke hantering van werkkragte in terme van traktement, pensioen, en mediese fondse. Cone argumenteer: "... no church can claim to be God's representative when its actions clearly originate from the values of a racist, classist and sexist society." (Mosoma 1991:31). Terwyl die skeidslyn van oneweredigheid op rasse- en geslagsgrense loop, met watter goeie verskonings ook , sal die kerk in die gelykmakende gemeenskap as 'n seer duim , en monument van "apartheid" uitstaan. Die kerk moet eers voor eie deur vee, voor die gemeenskap profeties krities benader word. Anders is die kerk se profetiese betrokkenheid nie geloofwaardig nie. Mosoma sien 'n rasverdeelde kerk as antiteties tot die kerk se Bybelse identiteit

iv.Met die oorname van 'n sekulêre welsynstaat, wat al hoe meer verantwoordelikheid aanvaar vir die lot van die armes, en wat prioriteit

verleen aan behuising, gesondheidsdienste, onderwys en infrastruktuur, moet die kerk weer herbesin oor die kerk se rol, en verhouding met die sekulêre staat, sonder om onnodig te oorvleuel. Die kerk het 'n unieke rol te speel in die nuwe SA, wat op 'n ander vlak lê as die rol van die sekulêre staat.

v. Lamola (1994:42) merk op dat die kerk (SARK) moet verwag dat 'n staat gelei deur vryheidsvegters die kerk sal ignoreer en marginaliseer, waar die kerk sy profetiese verantwoordelikheid wil nakom.

vi. Die ekumeniese liggaam in SA (SARK) raak nou oop vir meer evangeliese, polities konserwatiewe kerkgroepe, met die implikasie dat die ekumeniese stem al hoe meer ontpolitiseer sal word, en minder ideologies sal optree (Lamola 1994:43). Hiermee kry die NG kerkefamilie ook toegang tot die ekumeniese gemeenskap. Waar die NG kerke familie dan profeties optree in die gemeenskap moet dit in samewerking met ekumeniese liggame en ander Christelike kerke en groepe wees.

vii. Die kerk in SA is rasgesegregeer, en interpreteer geregtigheid, en vrede vanuit eie ras se gesigshoek (Mosoma 1991:31). Gevolglik het elkeen 'n baie eng subjektiewe interpretasie van die Koninkryk van God se tekens van geregtigheid en vrede. Reg is soms vir die een groepering verkeerd, en verkeerd vir die ander reg. Juis in gesamentlike aksie, wat kontak en wedersydse kennis tot gevolg het, kan die twee groepe mekaar se sigveld op die Koninkryk verbreed. Die diversiteit kan verrykend wees. 'n Kerk wat in isolasie profeet wil wees, gaan vasval in subjektiwiteit en kortsigtige rassisties bepaalde insigte.

viii. Voor die kerk optree sal die kerk 'n grondige sosiale analise moet maak, ten einde vas te stel wat die effek van 'n gebeurtenis of beleidsdokument op die grondvlak sal hê. Smit (1996.:450) haal Daon en Tödt aan wat sosiale kritiek sien as deel van 'n proses. Die eerste deel van die proses is waarneming en analise van die sosiale probleem. Na fyn waarneming en bewuswording, word met ander in gesprek getree en opsies oorweeg. Eers as laaste stap word 'n aksieplan uitgewerk.

ix. Bybelse en kerklike begrippe word dikwels deur politici opgeraap vir eie gewin, en dikwels loop die kerk rustig en saamgebruik aan kerklike terme wat totaal buite hulle konteks en bedoeling verkrag word vir politieke gewin. Die kerk sal die onderskeidingsvermoë moet ontwikkel om nie kerklike en politieke interpretasie van woorde te verwar nie.

x. Die beleidmakingsproses in die nuwe SA staan al hoe meer skepties teen die gebruik van uitgewerkte wetenskap in die bepaling van beleid, en die "advocacy" benadering, gebaseer op konsensus "Give-and-take" besluitneming, as 'n demokratiese proses is meer in gebruik (Cochrane 1997:6,7) maar ontneem die kerk die rol van amptelike strukturele insette te lewer in beleidmaking. Al waar die kerk nou 'n rol te speel het, is as die kerk op voetsoolvlak, en op beleidmakingsvlak waar dit deur lede verteenwoordig word, wat die kerklike insette in meerderheidsbelang sal kan verwoord. Die kerk se Makro strukture kan nie meer in Groot Broer se oor gaan fluister wat reg en verkeerd is nie. As die lidmaat op grondvlak en die lidmaat in die besluitnemingsvergadering nie mondig is om Christelike beginsels na die beleidmakingsproses deur te trek nie, sal niemand dit kan doen nie. Dit bied natuurlik vir die kerk in die nuwe SA die uitdaging om nie die profetiese kritiek te beperk tot AKLAS en SKLAS nie, ook nie tot kerkleiers vergaderings nie. Die kerkleiding sal die lidmaat moet opvoed en begelei in die deurtrek van die geloofsinhoude na die gemeenskapsake. Die voetsoolvlak arm Afrikakerk sal in die mondigwordingsproses begelei moet word. Hulle sal die ware stem van die kerk wees, wat gehoor word. Hulle sal bemagtig moet word deur:

** "Advocacy" opleiding. Opleiding in deelname op plaaslike en hoër vlak

** Begelei moet word in Bybelsgefundeerde sosiale kritiek

** Geskool word in hulle demokratiese regte as Christene in die land. Ek bevind veral by lidmate van die VGKSA dat hulle die demokrasie as 'n bedreiging beskou en nie as 'n voertuig om hulle oortuigings verder te dra nie. Ons hoor immers dat die Christene 70% plus van die gemeenskap

uitmaak. Demokrasie is nog vir die kerk 'n spreekbuis, maar dan moet die "kerk" praat en nie betaalde amptenare nie! As Waldron Scott (Voorsitter van die Wêreld Evangeliese Bond) (1980:3) praat oor die kerk se sosiale verantwoordelikheid, sien hy die kerk se primêre rol as "mission" waardeur die kerk dissipels moet maak wat die geregtigheidsbeginsel sal deurvoer tot die hart van die gemeenskap waarin die kerk geplaas is. Hy haal aan uit die Diognetes brief: "What the soul is in the body that are the Christians in the world."

** Die Gereformeerde evangeliese kerk (wit en swart) sal genees moet word van die horisontale/vertikale of fisiese/ geestelike digotomie. Verlossing sluit die mens in totaliteit in (W. Scott 1980:41)

**1.3 Wyse van betrokkenheid**

Dirkie Smit (1996:438 e.v.) identifiseer die volgende wyses waarop die kerk sosiaal krities betrokke kan raak:

i. Profeties deur die voorhou van 'n droom van vrede en geregtigheid

ii. Deur "ethics of being" (Smit 1996:443). Leef ons die droom van vrede en geregtigheid, of is dit dooie dogma? Nürnberger (1994(a):137) verwag dat die kerk sy paradigmas sal moet rekonstrueer, as die kerk op die ekonomiese gebied profeties wil inspraak hê: " from selfishness to responsibility; from individualism to community spirit.... from philosophy to social sciences." Dit vra waagmoed van die kerk. Waagmoed om onpopulêr te wees, om in diepgang te analiseer, om die breë basis van die gemeenskap te betrek, om prakties te wees

iii. Profetiese optrede, met gesag en sanksie van geloofsoortuigings.

**2. Terreine van kerklike sosiale betrokkenheid**

**2.1. Onversoenbaarheid**

Die nuwe SA toon 'n groeiende polarisasie en onderskeid in lewensstandaard onder die reeds gesegregeerde gemeenskappe in die land. Nürnberger (1994(a):131) se diagnostiese model sien die asimmetriese groei, wat konsentreer op sekere kolle, en ander leegtap en

verarm, as grondoorsake van die simptome van konflik en geweld in die land. Die asimmetrie veroorsaak 'n toename in konflikpotensiaal. Louw (1997(a):17) noem dat die blank/nie-blank vraagstuk in die land vervang is met 'n swart/nie-swart vraagstuk. In die verskuiwing van blanke kolonialisme na demokrasie, het die vooroordeel tussen groepe nie verdwyn nie. Verdraagsaamheid het ook nie toegeneem nie.

Augustus 2000 is gekenmerk deur oor en weer rassistiese opmerkings van Pres Mbeki en Mr Leon leier van die Demokratiese Alliansie. Hieroor is wyd in die plaaslike pers berig, veral met die oog op die Menseregtekommissie se konferensie einde Augustus . In al die opmerkings en waarnemings is dit duidelik dat rassespanning nog baie lewendig is op alle vlakke van die samelewing (Beeld 24/8/2000).

**2.2 Respek (*inhlonipho*) vir mense / menswaardigheid en kriminaliteit**

Die kerk se profetiese verantwoordelikheid sluit in dat die moraliteit in die land so sal wees dat ontwikkeling en vooruitgang sal kan voortgaan.

**2.3 Groeiende etnisiteit**

**2.4 Sosiale geregtigheid**

Die Ou Testament toon duidelik dat die toets vir geregtigheid is die behandeling wat die gemarginaliseerdes in die gemeenskap ontvang. Waar die kerk dan waghond vir geregtigheid in die nuwe SA is, sal die kerk steeds moet vra: Wie is die gemarginaliseerdes? En hoe gaan dit met hulle? Wat is "the view from below"? (Cochrane (1997:7).

**2.5 Ekonomiese geregtigheid**

Huidiglik beleef 'n groter wordende groep mense in SA die frustrasie dat die beloftes van die nuwe SA nie vir hulle bestem was nie. Net 'n baie klein persentasie van die swart gemeenskap pluk die vrugte van die nuwe SA, terwyl die ekonomie negatief groei. Die agterstande weens apartheid sal ook nie oornag uitgewis word nie. Makro-ekonomiese faktore speel ook hierin 'n rol. As 'n gemeenskap deur onreg van buite af doelbewus in

'n wurggreep van armoede vasgehou word, het die kerk 'n profetiese taak om uit te voer.

Die blanke lidmaat se materialisme is vir die NG Kerk 'n groot remskoen in die uitvoering van hierdie verantwoordelikheid: "Dit is asof die hoop wat in die verlede op die staat gestel is, in die huidige situasie op geldelike instellings en geldelike sekuriteit oorgegaan het." (Burger 1997:14)

Nürnberger (1994(a):120,121) beskou die herstel van ekonomiese wanbalanse as een van die mees spoedeisende sake op die agenda van 'n nuwe SA. Gebeur dit dat daar nie ekonomiese balansering gaan plaasvind nie, sal die konflik opbou tot iets soortgelyks aan Rwanda, Somalia en Bosnië. Ekonomiese wanbalanse wat moet aandag kry volgens Nürnberger (1994(a):125) is die landvraagstuk, konsentrasie van ekonomiese mag in die hande van 'n minderheid (dit lei tot wantroue deur die massa en onrus in die gemeenskap), en die feit dat hoë inflasie op kosprodukte, en verkoopbelasting op kruideniersware, 'n baie groter las op die armstes plaas, terwyl inflasie op duurder verbruiksartikels relatief klein is.

## 2.6 Arbeidsetiek en die krisis in standaarde, norme en waardes op die werksplek

a. Afstand kerk en werkersklas

Tradisioneel was daar 'n groot gaping kerk/werkersklas. Die redes hiervoor skyn te wees:

i. Die nou konnotasie vakbonde en ateïstiese sosialisme

ii. Die Europese kerk se kantkies vir die bestuur en bankwese, en hulle verwydering van die hande arbeider tydens die industriële revolusie.

b. Afstand wit/swart

In SA was dit vroeër algemeen dat werkgewers wit was, aan die wit kerke behoort het, en hulle kant laat hoor het op meerdere vergaderings.

Daarinteen is die swart bevolking tradisioneel die arbeiders, wat in die swart kerk verteenwoordig was, wat weer die arbeider se belange hanteer het. Dit maak die profetiese getuienis rondom arbeidsverwante kwessies baie ingewikkeld. Die toenemende aansluit van blankes by swart vakbonde sal die skeiding in die toekoms verminder (Die Kerkbode 5/9/97:9).

c. Aanspreek van materialisme en onregverdige winsbejag

Die wins van die post-modernisme is juis die invloed van die industriële winsbejag nou plek maak vir 'n meer humane werksplek. Hierin kan die kerk sy profetiese rol met oortuiging speel.

d. Aanspreek van 'n ongesonde werksetiek

Max Weber het al die nou band tussen die Calvinisme en hardwerkendheid, spaarsamigheid, en rentmeesterskap raakgesien. Hierdie waardes inherent ook aan die gereformeerde werksetiek, kan in die nuwe SA verruimend inwerk op 'n verhoging in produktiwiteit.

e. Regstellende aksie

Op die werksterrein is regstellende aksie een van die brandpunte wat die kerklike aandag benodig. Vanaf die ekumeniese kerke en die kerke wat die swart gemeenskap verteenwoordig, word 'n opgewondenheid oor die regstellende aksie ervaar as "... temporary intervention in which past discrimination is rectified.... Equal opporunity is the aim." (Challenge (46) Feb./Maart 1998: 4-5)

f. Verlies aan menswaardigheid op die werksplek

"We live in a world where human dignity is traded off for the sake of more and more profits."(The Workers Sunday Campain 1998:1) Tydelike werk, sonder byvoordele en sekuriteit word al hoe meer die lot van die arm ongekwalifiseerde werker. Die afgelegde hoogs gekwalifiseerde ervaar dieselfde krisis, maar hulle ekonomiese sekuriteite, en ervaring van werksbevrediging in die verlede dien as kompensasie.

g. Profetiese verantwoordelikheid teenoor die staat oor arbeidsake

Die staat moet aangemoedig word om meer arbeidsintensiewe projekte te loods, wat werk vir die armes genereer.

h. Botsing tussen die oudstryders teen kolonialisme en jong jeugdige radikaliste

Die huidige regering bevind hom al hoe meer in 'n posisie van vervreemding met die gevoel van die gemeenskap op die grond (Challenge Okt/Nov 1998:26). Hierdie skeiding voorspel noodwendig die opbou van 'n nuwe veel meer radikale revolusie. Hierin kan die kerk veral die gemeenskap se nood verwoord, en poog om konflik af te weer.

i. Belhar Belydenis en Sosiale Profetiese roeping

Die Belhar Belydenis is 'n goeie voorbeeld van 'n kerklike profetiese uitgangspunt. Daarin word God ondubbelsinnig beskryf as die een aan die kant van vrede en geregtigheid. Daarom is God ook altyd aan die kant van die gemarginaliseerdes. Hy verwag ook van sy kerk om dieselfde te doen. Juis in die navolging van vrede en geregtigheid is die kerk besig om ware religie te beoefen en werklik godsdienstig te wees. Die belydenis plaas die kerk aan die kant van die gemarginaliseerdes met die implikasie dat die kerk ook sal opkom waar onreg gepleeg word.

## BRONNELYS


Ackerman,DM. 1998. *Feminist and women's Theology;* in Maimela en König 1998: 349-358

ACATalyst Annual Review of Africa Co-operative Action Trust for the year ended March 1997

All Saints CPSA Ladysmith 1982.Ongepubliseerd

Allen,R.1962(a). *The Spontaneous expansion of the church.* GR/Michigan: Eerdmans

Amahoro: Role of the Church in healing, forgiveness, and reconciliation; Project Amahoro (Shalom); Rhianon Lloyd; 1-4 March 1999; Ladysmith

Anderson,A.1994.*Moya; The Holy Spirit in an African context.* Pretoria: Unisa

Anderson,A. 1995. Challenges and prospects for research into AIC's in Southern Africa; *Missionalia;* 1995 23(3): 283-294

Anderson,A.1998. *African Initiated Church Hermeneutics* in Maimela & König 1998 :81

Apollis,N.1996. NGKerk familie moet nou saam bely. *Die Kerkbode* 157(7):1

Arias,M.1984. Mission and liberation: The Jubilee: A Paradigm for Mission Today *International Review of Missions.* 73(289): 33-48

Ashby,HU.1982. Boekresensie: Pastoral care in the black church (Wimberley EP). *Journal of pastoral care.* 36:211-213

Ayers,JR.1995. The Quagmire of HIV/Aids Related Issues which haunt the church; *Journal of Pastoral Care.* vol.49: 201-210

Badenhorst,CH.s.a. *Die Sending en Evangelisasietaak van die NG Moederkerk en Dogterkerke in Suidelike Afrika.* Wellington Ongepubliseerd

Bakwin&Bakwin.1972. *Behavior disorders in children.* Philadelphia: WBSaunders

Balia,D.1990."How best to save the heathen"-formation of the unzondelelo missionary movement in Natal. *Missionalia.*18(3):320-329

Balcomb,S.1994. Third Way Theology: Book review; *Missionalia.* 22(1):63-64

Barth,C.1991. *God with us a theological introduction to the Old Testament.* GR/ Michigan: Eerdmans

Bate,S.1994. Inculturation: The local church emerges. *Missionalia.* 22(2) : 91-92

Bauckam,R.1999. *James.* London: Routledge

Becken,HJ.1993. Beware of ancestor cult . *Missionalia* 21(3) :333- 339

Beeld

24/8/2000: 13. *Laat versoening van die dakke af klink*

12/3/1999:1. *Vigs-oplossings in sig?*

Berglund,AI.1976. *Zulu thought-patterns and symbolism.*Kaapstad: David Phillip

Biemans,J.&vanNierop,K.1994. *Winden van verandering in Zuid-Afrika : Belevenisse van een reis.* Nijmegen: Politiek Huis.

Bloom,BC;Gartner,A;Riesman,F(eds).1984.*The self-help-revolution Community Psychology series* . vol.v . New York: Human Science Press.

Boecker,HJ. 1980. *Law and the administration of justice in the Old Testament and Ancient East.* (Vertaal deur J. Moiser) . London: SPCK

Boesak,W.1995. *God's wrathful Children.* GR/ Michigan: Eerdmans

Bonhoeffer,D.1954. *Life together (*vertaal JW Dobersteing).New York: Harper & Row

Bosch,DJ. (Red.)1972(a). *Ampsbediening in Afrika.*Pretoria:NGKB

Bosch,DJ. (Red.)1972 (b).*Gemeente opbou in Afrika.* 4e Jaarkongres van die Suid-Afrikaanse werksgemeenskap van Sendingwetenskap . Pretoria: NGK Boekhandel

Bosch,DJ.1979. *Heil vir die wêreld.*Pretoria:NGKB

Bosch, DJ. 1985. *The Lord's Prayer: A paradigm for a Christian lifestyle.* Pretoria :Christian Medical Fellowship

Bosch,DJ. 1991. *Transforming Missions: Paradigm shifts in Theology and mission* Mary Knoll (NY):Orbis

Boshoff,H.1997. *The road ahead - systematic reform needed.* In Vosloo,W (red).1997:53-63

Botha,N;Kritzinger,K;Maluleke,T. 1994. Crucial issues for Christian mission - a missiological analysis of contemporary SA. *SA International Review of Mission..* 83(328):21-36

Boyce, RN.1985. *The cry to God in the Old Testament.* USA:Society of Biblical Literature

Botman,HR.1995. Pastoral care and counselling in a rainbow country: Types and forms of pastoral work. *Journal of Pastoral Ministry*;7/07/1995: 4-11

Briggs,JE.1998 (a). War on poverty hearings. *Callenge (47)* :2-4

Briggs,JE.1998(b). Fighting the tide of corruption. *Challenge (49):2*

Bright J. 1976. A *History of Israel (Revised).* London: SCM

Bright J. 1977. *Covenant and Promise - The future in the preaching of the pre-exilic prophets.* London:SCM

Brown,C.1976. *Dictionary of New Testament Theology 1,2,3.* Cape Town:Paternoster

Brown,RE.1996 . *An Introduction to the New Testament.* New York: Doubleday

Bruce,CE.1976. Nurturing the soul of black folk. *Journal of Pastoral Care.*30 (4):259-263

Brueggemann,W.1977. *The Land: Place as Gift, Promise and Challenge in Biblical faith*; London: SPCK

Brueggemann,W.1991.*Interpretation and obedience.* Minneapolis: Fortress

Brueggemann,W.1997.*Theology of the old Testament: Testimony, dispute, advocacy*; Minneapolis: Fortress Press

Bruwer,ECD.1988.From subsistence cultivator to peasant to farmworker; *Missionalia.* 16(2) :59-68

Bruwer,E.1994. *Beggars can be choosers: In search of a better way out of poverty and dependence.* Pretoria:ISWEN

Burger,C.1997. Christene en hulle geld. Die Kerkbode 158(10):14

Burger,CW.1997. Geloofsvorming by kinders: Die Huidige stand van die gesprek. *NGTT;* 38 (4) : 340 ev

CAA (Christelike Aksie Afrika) 'n Manifes vir Christene in Suidelike Afrika. Pretoria CAA

Callaway,H.1970. *The religious system of the amaZulu.* Cape Town: C.Struik

Capps,D.1997.The letting loose of hope:Where psychology of religion and pastoral care converge. *The Journal of Pastoral Care.*51(2):139-149

Carl,AE. 1994. Education for peace . *Suid-Afrikaanse Tydskrif Opvoedkunde; 14(1) :6 ev*

Cassidy,RJ.&Sharper,PJ.(eds).1984.*Political issues in Luke-Acts.*New York/Marknoll:Orbis

<u>Challenge</u>

Werkers Sondag: Challenge: Inligtingstuk Werkers Sondag 1995

Challenge (34) Feb/March 1996 :27 *Gangsterism*

Challenge (35) April/May 1996. : 4-5. *Poverty: a Challenge to the church too*

Challenge (35) April/May 1996. : 2 *Poverty the winning nation's greatest challenge*

Challenge (36) Jun/Jul 1996: 14. Prof. Chung Hyun Kyung:

Challenge (37) Aug/Sept 1996: 22,23. *The church's Ukuthula Project*

Challenge (37) Aug/Sept 1996: 19 Russel, Nonku

Challenge (37) Aug/Sept 1996 :21-22. *War and peace in KZN*

Challenge (38) Okt/Nov 1996 :14 *"Aids and the Bible"*

Challenge (39) Des 1996/Januarie 1997: Gesprek met Jessie Duarte

Challenge (41) April/May 1997. Pp 8. *God in the preamble*

Challenge (40) Feb/Maart 1997: 12 *When free trade is not fare*

Challenge (46) Feb/March 1998. *Is church land the answer to landless communities?*

Challenge (51) Des. 1998/Jan.1999: 6,7,30: *The moral summit: Taking up the challenge*

Challenge (51) Des. 1998/Jan.1999:18 Biskop Ngada

Challenge !59) Aprl/May 2000:2-3; *The Greatest Challenge of all: HIV/ Aids*

Chidester,D.1991. *Shots in the streets: Violence and religion in South Africa*; Boston

Chikane,F.1996. Toespraak Diakonia Breakfast Briefing: Whatever happened to the RDP?

Christensen,M.J.1988. *A call for compassion. City Streets. City People.*Nashville: Abington Press.

Christian Council. 1992. Transkei: *God, our loving Parent*; Transkei

Claasen,J.1999. 'n God wat voed en klee: Die invloed van die teologiese Voorstelling in Luk. 12:22-34 op armoede in SA: *NGTT* 40(1,2):5-17

Clemens,RE.1978. *Old Testament Theology: a Fresh approach.* London:Marshall

Clemens,RE.1980. *The New century Bible Commentary:Isaiah 1-39.* London:WMB Eerdmans

Clinebell,H.1995. *Counselling for spiritual empowered wholeness; A Hope centered approach.* Bringhamton New York: Harwarth Press.
Cloete,GD.& Smit,DJ.1984. *'n Oomblik van waarheid.* Kaapstad:Tafelberg
Cochrane, JR. 1997. Theological reflections on public policy. *Journal of Theology for Southern Africa 94(16) :1-15*
Combrink,HJB; de Villiers,JL; et.al..1980. *Handleiding by die Nuwe Testament. Vol* IV; Pretoria: NGKB
Conn,Harvie. 1987. *A Clarified vision for urban mission: Dispelling the urban stereotypes.* GR/ Michigan: Zondervan
Cook,G.1985. *The expectation of the poor (Latin American Basic Ecclesial Communities in Protestant perspective.* Mary Knoll New York: Orbis Books
Cosser,E (ed) s.a. *Homes for all - The Challenge of Homelessness. CREID (Christian Research Education and Information for Democracy)*
Crafford,D. 1978 *Die sosiale betrokkenheid van die kerk in die sending, ekumene en praktyk.* Pretoria: NGKB
Crafford, D. 1989. *Sendingwetenskap waarheen?* Pretoria: Universiteit Pretoria
Crafford, D. 1991(a). Christelike en Tradisionele wêreld beskouings en die krisis in swart gemeenskappe in Suid-Afrika. *NGTT.* 31(2): 512
Crafford, D. 1991(b). *Trail blazers of the Gospel: Black pioneers in the missionary history of Southern Africa.* Pretoria:Universiteit Pretoria.
Crafford, D. 1995. Godsdienstige perspektiewe in die heropbou van die gemeenskap. *Skrif en Kerk.* 16(2):277-290
Crafford, D. 1997(a). Hoe moet ons gemeente sending doen? *ISWEN Kommunikasie.* 1997. 19(1): 20-34
Cronje.G; Nicol,W; Groenewald,EP.1947.*Regverdige Rasseapartheid.* Stellenbosch: CSV
Cronje,JM.1990. Die kerk en Vigs. *ISWEN Kommunikasie.* 12(1) :11-13
Cully,KB & Harper,FN(eds). 1969. *Will the church loose the city?* New York: World Publishing Company
Daily News: 17/11/95 *Exam cheats foiled*
Dandala,Mvume.1994.A Perspective on Mission and Peacemaking. *Missionalia.* 22(1): 5-12
Daneel,ML.1990. Exorcism as a means of combatting wizardry, liberation or enslavement? *Missionalia 1995. 18(1):* 220-247
Danker,FW; et.al.1983. *Political Issues in Luke-Acts.*Maryknoll:Orbis
Davies,S.1996. The Historical Jesus as a prophet/healer: a Different paradigm; *Neotestamentica.* 30(1): 21
Davies,WD.1994. *The Gospel and the Land: Early Christianity and Jewish territorial doctrine.* Sheffield: JSOT
Dearman,J.A.1988. *Property rights in the eighth-century prophets: the conflict and its background.* Atlanta:Scholar Press
de Gru,G.1976. *Zonder gezag geen vrijheid.*s'Gravenhage:Willem de Zwigentichting.
de Gruchy,JW.1979. *The Church struggle in South Africa.* Kaapstad: David Philip
de Gruchy,JW.1986. *The Church struggle in South Africa".*Grand Rapids/Michigan: Eerdmans

de Gruchy,J.1987. *Dietrich Bonhoeffer: Witness to Jesus Christ.* Suffolk: Collins

de Gruchy,JW.1988. The struggle for justice and ministery of reconciliation. *Journal of Theology in Southern Africa. 1988 no.2: 43*

de Gruchy,J & Villa-Vicencio,C.1994. *Doing Theology in context. South African Perspectives.* Maryknoll (N.Y.): Orbis

de Klerk,JJ. 1977. *Prediking.* Pretoria: NGKB

de Klerk, JJ. 1978. *Herderkunde.* Pretoria : NGKB

de Lange, F.1997. Dietrich Bonhoeffer in een nieu Zuid-Afrika. *Kerk en Theologie;* 48(1):52-61

Deni,P (ed).1997. *Facing the crisis; Selected Texts of Archbishop DE Hurley. Pietermaritzburg:Cluster*

de Villiers,E.1995.Die NG kerk en die nuwe situasie in die samelewing. NGTT 32 (4): 558-570

de Vaux,R.1976. *Ancient Israel: Its life and institutions* (vertaal: J.Mc Hugh).London: Daton

<u>Diakonia Council of Churches</u>

*Diakonia Council of Churches News* 1995

* *Diakonia Workers Sunday* 1995: *Create a Job*; Brosjure

* *Inselelo*.Newsletter of the Diakonia Council of Churches:. March 1999

* *Reconciliation through transformation and justice in SA: Summary of Diakonia work plan 2000-2002* (19/08/00)

* <u>Iyini isocial action group</u> ; Diakonia ; Durban

* <u>Reconciliation through Transformation and Justice in South Africa</u>: Summary of Diakonia Work Plan 2000-2002; 18/08/2000

Dick,CF.*1971.Die Missionêre aksie van die Plaaslike gemeente met besondere verwysing na die NG kerk.* Stellenbosch: Ongepubliseerd

<u>Die Kerkbode (DKB)</u>

Die Kerkbode 156(1) 7 Junie 1996 GER hoor: Christus is enigste weg.

Die Kerkbode 156(2) 21/6/1996; Mfesane is soos 'n brandende kers in donker

Die Kerkbode 157(1) 5 Julie 1996. GER - Hoe lyk pad vorentoe?

Die Kerkbode 157(5) 7/9/1996 Troef doodstraf misdaad?

Die Kerkbode 157(8):27 18 Oktober 1996 Ons het geswyg toe ons moes getuig - NGK

Die Kerkbode 157(9) 1 November 1996:9 Mfesane is toonbeeld van Christenskap in aksie

Die Kerkbode 158(8) 18 April 1997 NGK wil terug na WBGK

Die Kerkbode 159(5) 5/9/1997: 3 "Agteruitgang in Natal wek kommer"

Die Kerkbode 159(5) 5 Sept.1997:8 Kerk praat oor werk

Die Kerkbode 159(6) 19 September 1997. Sinodes praat oor welsyn,Skrif

Die Kerkbode 160(9) 1 Mei 1998:11 Kerke staan saam teen geweld

Die Kerkbode 160(11) 5 Junie 1998. Afrikaners moenie selfbejammerend wees nie - Tutu
Die Kerkbode 161(9) 6 November 1998 Kerk se barmhartigheid nou die bedelaar
Die Kerkbode 165(6) 15/9/2000:2 Plaasmoorde verhard SA-ners se gesindhede, sê Vrystaatse moderator
Die Kerkbode 165(6):1 15/9/2000 "Rassisme leef nog in kerk"
Die Kerkbode 165(8) 20/10/2000:1 Kerkgrond: Kerke maak hulle planne
Die Ligdraer
Die Ligdraer/Ligstraal 27 /05/1996 5:1 "Grondwet wil versoen."
Die ligdraer/Ligstraal 30/10/1995:1. MA Plaatjies ; Gemeentes beleef herlewing oor selbediening
Domeris,WR.1986. Biblical Perspectives on the Poor. *Journal of Theology*..vol.57:57-61
Doorly,WJ.1994. *Obsession with justice: The story of the Deuteronomist.* New York: Paulist Press
DRCA Action
2/89 Julie 1989:1. R Meyer. Bryanston
2/89 Julie 1989:2. Braamfontein; S Buthi in " A new era"
Duarte,J.1996/7.Youth. *Challenge* (39):8
du Preez,AB.1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop van Suid-Afrika.* Kaapstad :HAUM
du Toit,A.1994. Nuwe Testamentiese perspektiewe oor die verdeling van rykdom. *NGTT.*35(2):185-199
du Toit,CW.1997. Empowerment of the poor. Changing our minds on affluence and poverty. *Missionalia.* 25(3): 285-307
du Toit,CW (ed). 1998. Confession and Reconciliation: a challenge to the churches in SA; Pretoria: Unisa
du Toit,DA.1982.Kerklike barmhartigheidsdienste in 'n welsynstaat. *NGTT.* 23 :259-269
du Toit,DA.1991.Die NG Kerk en kerkeenheid.*NGTT.*32(2):223-231
du Toit,J. & Jacobs,A.J.1995.SA: an economic profile. ABSA Bank.Halfway house: Southern Book Publishers
Dyrness,W.1979. *Themes in Old Testament theology.*Cape Town: Paternoster; Intervarcity
EE III Leierskapklinieklesings 1989
EHFC (Each home for Christ) Nuusbriewe
Eichrodt,W.1967. *Theology of the Old Testament* Vol.1 en 2.London: SCM press
Engelhard,DH.1980. The Lord's motivated concern for the underprivileged. *Calvin Theological Journal.* 15(1):5-26
Eybers, IH.1978. *Gods Woord in mensetaal.* Durban: Butterworths
Eybers,HH.1991. *Pastoral Care to black South Africans* .Georgia: Scholars Press
Eybers,HH.1993. Pastoral Care to Black South Africans. *Journal of Pastoral Care;* (47) :197-198
*Finansies en Tegniek*
2/4/99:29. Minniebusse

2/4/99:18 : Buitelanders van misdaad verdink

Firet,J;Hendriks ,*J.1986. Ik heb geen mens: De anonieme pastorale relatie*; s'Gravenhagen: Uitgeverij Boekencentrum

Fuze Magema.1986. *The black people and whence they came from* (Vertaling K. Campbell). Pietermaritzburg :African Library/ Universiteit van Natal;

Gangloff, F.1999 (a); Is the Old Testament God a loving God? *Theological Review* 20(1) : 12-36

Gangloff,F.1999 (b). Holy land or promised land. *Theological Review* 20(2): 97-116

Gangloff, F. 2000 . Holy Land as promised land? *Theological Review* 21(1) :3-21

Gathoga,R.1996/7. Challenge to parents: The snake is biting your children. *Challenge* (39) :19

Geldenhuis,FE O'Brein. 1982. *In die Stroomversnellings*.Kaapstad:Tafelberg.

Geloof en Protes: Mei 1987. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van Kerk en Samelewing. Pretoria Voortsettingskommitee

Georgi,Dieter.1992. *Remembering the Poor: The history of Pauls Collection for Jerusalem*.Nashville: Abingdon

Gerdener,GBA.1959. *Die Afrikaner en die sending*. Kaapstad: NGKU

Gill,R. 1991. *Christian Ethics in secular worlds.* Edinburgh: T&T Clark

Gillan,DS(ed).1998. *Church ,land and poverty.* Braamfontein:Progress Press

Githumbi,S.1995. Development Missiology and Africa's Cities. *Urban Mission*. Mrch:22

Goba.1996. Poverty the winning nation's greatest challenge. *Challenge*(35):4

Goedhart,GL.1977. *De begeleiding van de vrijwilliger in het individuele pastoraat.* Kampen: JHKok

Goergen,DJ.1990. *The Mission and ministry of Jesus.* Minnesota/Collegeville: Liturgical Press

Gornick,MR.1991. The rich and the poor in Pauline Theology. *Urban Missions* Sept. 1991: 15-25

Gossai,M.1993. *Justice,righteousness and social critique of the 8th century prophets.* New York: Peter Lay

Goudswaard,B.1981. *Genoodsaakt goed te wesen*. Kampen: Kok

Goudzwaard,G & de Lange,H.1995. *Beyond poverty and affluence toward an economy of care*; Michigan/GR: Eerdmans/ Exeter/ Paternoster

Greenway,RS.1973. *An urban Strategy for Latin America*.GR/Michigan: Baker Books

Greenway,RS.1978(a). *Guidelines for Urban Church planting*.GR/Michigan: Baker Book House.

Greenway, RS. 1978(b). *Apostles to the city: Biblical Stategies for Urban Missions;* GR/ Michigan: Baker Book House.

Greenway,RS.1991. *Mission now this generation*.GR/ Michigan: Baker Book House

Grieg,GS & Springer,KN (reds).1993. *The Kingdom and the power.* Caloformia: Regal Books

Grigg,V. 1992. *Cry of the urban poor.* California:MARC publications (World Vision International)

Grigg,V.1995. In Linthicum 1995. California: MARC

Groenewald,EP. 1979. *In gelykenisse het Hy geleer.* Kaapstad: NGKU

Grossert,JW.1978. *Zulu crafts:* Pietermaritsburg: Shuter & Shooter

Gustafson,JW.1998. The integration of development and evangelism. *Missiology.* 26(2):132-141

Guthrie,D. 1976. *New Testament Introduction.* Leicester: Intervarsity Press

Harris,VW.*1998.* Action speaks louder than words. *Challenge* (51) :11

Harrison, P.1979. *Inside the Third World.* Sussex: Harvester press

Harrison RK 1970. Old Testament Times.Grand Rapids Michigan: Eerdmans

Hastings,A.1967. *Church and Mission in Modern Africa.* London: Burns & Oats Ltd Oats Ltd;

Hastings,A.1996. The Diversities of Mission . *Missionalia* 24 (1):3-16

Hattingh, JFJ.1997. *Bestryding van armoede.* In Vosloo W 1997:2-7. Pretoria:ISWEN

Hays,S. 1995. Christian responses to witchcraft and sorcery. *Missionalia 23(3):339-354*

Hendriks,HJ.1998. Kontemporêre Evangeliese benaderings in Suid-Afrika. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 13(1): 29 ev

Hendriksen,W.1976:*Gospel of Matthew.* Edinburgh:Banner of Truth

Hendriksen,W.1979. *Luke.* Edinburgh: Banner of truth

Heyns, L.1988. Herstrukturering met die oog op doeltreffende stadsbediening. *NGTT* 29(1) : 55-60

Hofmeyr, AM.1973. *Die sending van die Ned. Geref. Kerk onder die Zoeloes in Natal 1839-1952.* DTh verhandeling. Ongepubliseerd. Pretoria: Pretoria Fakultiet Teologie (Afd B)

Hofmeyer J.W. & du Toit J.H.H. e.a.1987 *Perspektiewe op / Perspectives on Kairos.* Kaapstad:Lux Verbi.

Hofmeyr M, Kritzinger K, Saayman W; 1990; *Wit Afrikane? 'n Gesprek met Nico Smith;* Johannesburg: Taurus

Hope,M. & Young,J. 1983. *The SA churches in a revolutionary situation.* New York: Orbis

Hough JE (Jr).1968. *Black power and white protestants: A Christian response to the Negro pluralism.* New York: Oxford Press,

Høyland M..1998. *An African presence in the Old Testament.* Adamo,DT. Boekbespreking;; *Old Testament Essays* 11 (1):11

Hughes,PE. 1989. *The true image: The origen and destiny of man in Christ.* Michigan: Eerdmans

Irwin,D&Akinade,AE (eds).1996. *The agitated mind of God: The theology of Kusuke Koyama.*New York:Orbis

Interdev. 1999. *Kingsdom partnerships*; 30 April-7 May 1999. Pietermaritzburg

Jeremias, J.1975. *Jerusalem in the time of Jesus:an investigation into economic /social conditions during the New Testament period.* London:SCM

Jonker W.D. 1994. *Bevrydende Waarheid.Die karakter van die Gereformerde belydenis.* Wellington: Hugenote Pers

Jonker,WD.1998. *Selfs die kerk kan verander.*Kaapstad:Tafelberg

Joubert,S 1990; Armoede en eenheid: Die Pauliniese kollekte vir die Jerusalem gemeente en enkele implikasies hiervan vir die NG kerk familie. *NGTT.* 31(1): 89-98

Joubert,SJ.1998. Antieke Weldoeners en die interpretasie van die Nuwe Testament . *NGTT.* 39(3) :154-161

Kairos dokument 1985

Kalmijn,WM. 1954. *Eeufees :Ladysmith 1854-1954.* Ongepubliseerd.Argief NG Kerk Natal.

Käseman,E.1980. *Commentary on Romans.*GR/ Michigan: Eerdmans

Kässmann,M.1998. *Overcoming Violence: The Challenge to the churches in all places.* Geneva: WCC Publications

Keegan,T. 1996. *Colonial South Africa and the origins of the racial order.* Cape Town: David Philip

Keeling,M. 1960. *Moraal in maatschappy,* (Vertaal deur J vd Gejn). Baarn: Kenning NV

Keeney,W.1975, *Lordship as servanthood: Thirteen lessons as the Biblical Basis for Peacemaking.*Newton/ Kansas: Mennonite Press; Faith and Life press

Kinsler,FR (ed).1983. *Ministry by the people (Theology Education by Extention);* New York:Orbis

Kitshoff, MC. 1991. Wilhelm Illing - NG Kerk sendeling en separatis . *NGTT* 32(2):214-231

Kitshoff, MC.1992. Moderne swart jeug se siening oor Christus en voorouers as middelaars. *NGTT* 33(3): 417-427

Kgarimetsa,M & McLachlan .1997.Disadvantaged communities: Focus on the helper. In Vosloo W 1997:153-157. Pretoria: ISWEN

Klein,RW.1979. *Israel in exile: a Theological interpretation.* Philadelphia Fortress press.

Klein,WW&Blomberg C & Hubbard RL.1993. *Introduction to Biblical Interpretation;* Melbourne: Word Publishing

Kloppers,MHO. 1984. Bybelse perspektief op die verskynsel van armoede. *Die Fakkel.* 1984 vol.4:10-13

Koole,CD&Velema,WH (reds).1991.*Zichbare liefde van Christus: Het Diakonaat in de gemeente.*Kampen :Kok

Kretzchmar, D.1994,. *Shots in the streets: Violence and religion in South Africa.* Chidester D. 1991. Boston Press in boekresensie deur D. Kretzchmar. *Missionalia* . 22(1): 69-70

Krige,EJ.1981.*The social system of the Zulus.* Pietermaritzburg: Schutter&Shooter

Kritzinger,JJ.1974. Die kerk en die buitestaander. *NGTT.* 15(4): 286-305

Kritzinger,JJ.1979. *Missionêre bediening - op weg na nuwe strukture in 'n jong kerk.* Pretoria: NGKB

Kritzinger, J.J. 1985. *Statistiese beskrywing van die godsdienstige verspreiding van die bevolking van Suid-Afrika.* Pretoria :ISWEN Universiteit Pretoria

Kritzinger, JJ. 1988(a). *The SA context for mission.*Cape Town: Lux Verbi

Kritzinger, JJ. 1988(b).Die gemeentelike bediening in die lig van die sendingnood in SA. *NGTT* 29(3): 280-288
Kritzinger,JJ.1990(a).The church in the city. *In die Skriflig* 24(2):117-141
Kritzinger, JJ. 1990 (b). Spesiale verslag Armoede in SA. *Sendingblad* April 1990: 13-17
Kritzinger,JJ.1991. Oorsake van lae sendingbelangstelling in die kerk Die Belangrikste resultate van 'n vraelys-opname. *ISWEN-kommunikasie* 13(2):5-14
Kritzinger,JJ.1993. Die kerk en die arbeidslewe. *ISWEN-kommunikasie.* 15(2) :7-17
Kritzinger, JJ.1994. Die veranderende konteks waarin die missionêre gemeente bestaan. *ISWEN-kommunikasie.* 16(1):28-38
Kritzinger,JJ.1997(a).Suid-Afrika 2000: Nuwe uitdagings vir Gemeentelike betrokkenheid. In *ISWEN-kommunikasie.* 19(1):4-6
Kritzinger, JJ.1997(b). *Die hantering van armoede: Historiese perspektiewe* in Vosloo W 1997:91-112 Pretoria: ISWEN
Kritzinger,JNJ.1995.Studying religious communities as agents of change. *Missionalia.* 23(3):366-396
Krugman, P. 1998. Die beweging van onverbonde lande. *Finansies en Tegniek* 11/9/98:21
KZNCC Kwa-Zulu-Natal Christian Council
**Church Leaders Group KZN: Pastoral Letter*: Plaaslike verkiesings KZN 1996
**Report Churches' Summit on Reconciliation* 30/4/98 Poynton Center Koinonia KZNCC
**KZNCC minutes* 14/10/1999: NIM report
Ladysmith Drakensberger/Times/
March 26/1999 :2 *Victims survive hijack shooting*
:6 *No! To Crime*
Ladysmith Gazette
29/11/96: 3 CID man dies in hail of bullets
29/11/96: 4 Aids - One world one hope
5/2/99: 3 Taxi drivers meet with SAPS to discuss violence
3/8/2000 :1
25/3/99 : 1 SAP member rape girl
14/1/00:1 "Gangster style execution"
4/2/00:1 "Rape, Ladysmith experiences an alarming ancrease in sex crimes"
11/2/00: 2 "80-year old man hit during armed robbery"
18/2/00:3 "Mob attacks woman"
25/2/00:2 "Armed robbery"
10/3/00:2 "Doctor held at gun point"
17/3/00 :1 "Fight against crime continues"; : 2 "Mysterious deaths"
31/3/00:2 "Stock theft gets connected"
14/4/00:2 "Attempted murder"; :3 "Land claims may be suspended
21/4/00 :1 "Serial killer"
28/4/00:1 "Easter shoot out in Steadville"; :2 "Mother finds man 'on top' of her 3-year-old"

5/5/00:1 "Home petrol bombed ..."; :2 "Rapist terrorise victims at knife point"
12/5/00:2 "Pieters Road very unsafe"
19/5/00:1 "Shabby treatment of elderly"; :2 "Rape on the increase"; :2 " Twenty-year-old killed"; :3 "Armed robbery"
26/5/00:1 "Farmers face murder charge";:2 "Man shot at Roosboom";:3 "51 cases of crime reported
2/6/00:1 "Revenge attack on police woman";:2 "Four rapes in four days"; :3 " Historic land transfer - amaHlubi
16/6/00 :2 "Steadville the centre of violence"
26/6/00 :3 "Taxi man shot at point blank range"
30/6/00 :2 "Weenen pension frustrations";:3 "Van stolen at gun point"
7/7/00 :1 "Aids kills 53 so far this year"
14/7/00 :3 "Jobs for pals"
21/7/00 :1 "Taxi blockade"; :3 "Crime stats"
28/7/00 :2 "Dundee farmer stands trial for murder"; :2 "Policeman murdered near Ezakheni"
:3 "Crime stats"
4/8/00 :2 "Man killed in Illing Road"; :2 "Robbed in Rangoon road"; :2 11 burglaries in 3 years"; :2 "Steadville violence flares again."
11/8/00 :1 "Steadville violence rages on"; :1 "Mother and crippled son killed at their home"
:2 "Shoot out in Roosboom"; :3 "Murder at Ezakheni"
18/8/00 :1 "Farmer faces charges of assault";:2 "Two cops wounded"
25/8/00 :1 "Panga attack";:3 "Robbery at local store"
1/9/00 :1 "Three small boys go missing in eight days";:3 " Taximen attack unarmed cops"
:3 "Burglar flees gun shots";:2 "Sex offenders busted"
20/10/00: 1 "Racist attack on school staff (Amakula, we do not want you)"
: 2 "Street vendor robbed of possession"; Crime escalating at horrific rate"; "Five armed men rob factory; :3 "Five women raped in the last week"; "Murder in Steadville"

Lamb,ME.1976. *The Role of the father in Child Development.* New York:John Wiley & Sons

Lamola,MJ.1994. Change is pain.*International Review of Mission.*83 (328):37-44

Landman,C.1998. *African women's theology*. Maimela en König.1998:137-141

Linthicum,RC. 1991. Transformation ministries among the poor. *Urban mission*; Sept: 27

Linthicum,RC.1995. *Signs of hope in the city.* California:MARC

Lebaka-Ketshabile, L. 1997. A Spirituality for Women. *Challenge* (43) :10

Lego,S.1994.*Fear and Aids:Empathy and communication.*Columbia:Delmar

Le Roux, P. 1982. *Gemeenskapsarmoede*. Dunamis; Kongres Gemeenskapsarmoede

30/9/1982

Lobinger. F 7. no.10 of Series for community ministries towards non-dominatory leadership: Aims and Methods of the Lumko Series:

Lohfink,SJ.1982. Great themes from the Old Testament.Eden burgh: TTClark ltd

Lohse,E.1991.*Theological ethics of the New testament* (Vertaal ME Boning).Minneapolis Fortress

Lombard,A & du Preez,J.1997; *Social welfare: Shifting from a curative to a developmental paradigm.* in W.Vosloo 1997:164-179

Lotter,GA. 1996. Forgiveness in post-Apartheid South Africa. *Acta Theologica;* 16(2):1-21

Loubser,JA.1987. *The Apartheid Bible: a Critical review of racial Theology in SA*; Kaapstad:Maskew Miller

Louw,DJ.1988.Vigshisterie of Pastorale Strategieë vd bediening. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.*28(3): 225-253

Louw,DJ.1993.*Pastoraat as ontmoeting:Ontwerp vir 'n basisteorie,antropologie,metode en terapie.*Pretoria:RGN

Louw,DJ.1995. Pastoral Care for the person with Aids in an African Context. *Praktiese Teologie in SA.*1995 :22-44

Louw.DJ.1997(a). Pastoral Care in an African Context: A Systematic model and contextual approach. *Missionalia.*25(3): 392-407

Louw,D.J. 1997(b) Social Change as a challenge to practical Theology: Toward a Reconstruction Model for SA. *Journal of Theology in Southern Africa* . 94(6) :16

Loving, P. 1994. Kerk en Plakkers. *ISWEN-kommunikasie.* 16(2): 28-31

Lückhoff,A.H. 1978. *Cottesloe.* Kaapstad: Tafelberg

Maimela,SS.1991. Traditional African Anthropology and Christian Theology. *Journal of Theology for Southern Africa.* vol.76 :4-14

Maimela,S & König,A. 1998. *Initiation into Theology : The rich variety of theology and Hermeneutics.* Pretoria: v Schaik

Malan, R. 1990. *My Traitor's heart.* London : Vintage.

Malan,JS. 1979. Religion and Development. *Journal of Racial affairs. 30 :* 74-79

Malinga,P. 1996. What does it mean to be a Christian, a woman and an African; *Challenge* (36):14

Maluleke,TS.1994. The proposal of reconstruction: a Critical appraisal. *Missionalia;* 22(3) :245-258

Maluleke ,TS. 1996.The challenge of the townships. *Challenge* (36): 6,7

Maluleke,TS. 1997(a). Dealing lightly with the wounds of my people? The TRC process in theological perspective. *Missionalia;* 25(3):324-343

Maluleke,T.S.1997(b) *The issues at stake for the church.* In Vosloo W 1997:180-188. Pretoria: ISWEN

Maluleke,TS. 1998(a). Ubuntu / Shalom. .*Challenge*(50) :11

Maluleke,TS. 1998(b). Does your Theology help you to help your sister. *Challenge (50) :10*

Mandela,RN. 1996. Youth Challenge; Challenge (36) :19

Marks,S.1970.*Reluctant rebellion : The 1906-1908 disturbances in Natal.* Cape Town: Oxford

Marty,ME.1994.The Tradition of the church in health and healing. *International Review of Mission* 83: 227-245

Masamba,MM.1985. African symbols and stories in pastoral care. *The Journal of Pastoral Care*.39 (4): 314-320

Mathye,M.1997.*People-centred development.*in W.Vosloo 1997:158-162

Mbali,Zolile.1987. *The church and racism: a Black SA perspective*. London: SCM Press

Mbiti,JS.1975.*The prayers of African Religion.*London: SPCK

Mbiti JS; 1970; *Concepts of God in Africa;* SPCK; London

McConnel,CD.1997. Confronting racism and prejudice in our kind of people. *Missiology: An international review.*25(4):113-121

Mc Coy,MJ.1994. Equipping the people of God for Christian witness: An Anglican account. *International Review of Mission.* 83 (328):45-55

Mc Crystal,LP.1997.Where there is no vision the people perish.*ACATalyst:1*

Meiring, PGJ. 1975. *Stemme uit die swart kerk* . Kaapstad:Tafelberg

Meiring,PGJ.1992. Your will be done: Mission in Christ's way.*Missionalia.*18(1):248-259

Meiring,PGJ.1994(a). *Herwaardering van die missionere gemeente in die na-oorlogse sendingteologie.* ISWEN. Jun.1994:22-25

Meiring,PGJ.1994(b). Samewerking met sendinggenootskappe: 'n 'n Perspektief vanuit die NG Kerk. *Acta Theologica.* 1994(1):47 -52

Meiring,PGJ.1997(a). The road ahead - A Theological perspective. In Vosloo W 1997 :39-52. Pretoria:ISWEN

Meiring,PGJ.1997(b). *Die oorsake van armoede*. In Vosloo W 1997:113-121. Pretoria: ISWEN

Meiring,P.1999. *Kroniek van die waarheidskommissie: Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika.*Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke

Mgojo K. 1997. Breakfast briefing Diakonia, 17/11/97 Durban. Toespraak klankkasset

Miller,PD (ed).1994. *Brueggemann W.: A social reading of the Old Testament.*Minneapolis: Fortress Press

Mkhatshwa,S.1997.Education.*Challenge*(41):2

Mofokeng,T. 1990(a). The task of the church in the transitional period especially with regard to poverty. *DRCA Action. Supplement* 2:1-5

Mofokeng,TA.1990(b). Mission Theology from an African Perspective: a dialogue with David Bosch. *Missionalia.* 18(1) : 168-180

Mofokeng,TA.1991. Human values beyond the market society. *Journal for Theology for Southern Africa. Sept.1991:64-70*

Mofokeng,K.1995. Women of the world unite. *Challenge (58)*:2

Møgedal.S; Bergh.M. 1994. Challenges, issues and trends in health care and the church's mission . *International Review of Mission;* 83 (329): 257-274

Moboba,S.1989. *Race relations: Survival kit for the future*. Braamfontein: SA Institute of race relations

Mokaba,B. 1998. Not even the economy can thrive on money alone. *Challenge(46)*:4

Moltmann,J.1974. *Man: Christian anthropology in the conflicts of the present*. Philadelphia: Fortress Press
Morris,L.1981. *Testaments of Love: a Study of love in the Bible*: Grand Rapids/Michigan: Eerdmans
Mosoma,DL. 1991. The Mission of the church in a changing South Africa. *Theologica Evangelica* 24 (3):31-36
Msinga Society Annual Report 1990 and preview 1991; Universiteit Stellenbosch; Tygerberg Kampus
Msinga District Health Problem solving team: Focus problem: STD in High Schools: Action Research; March, 1996
Mtsele 1996, Economic justice, Toespraak: Diakonia Breakfast Briefing Oktober 1996 (Kasset)
Müller,BA.1992. Hermeneutiek op die intervlak tussen eksegese en sosiale Analise. *Praktiese teologie in Suid-Afrika.* 7(1): 27-42
Müller,J.1991. African Contextual Pastoral Theology. *Scriptura* (39):77-88
Müller,JC.1991. Eko-hermeneutiese pastoraat en gemeenskapsontwikkeling *Acta Theologica.* 11(2) Desember:91-99
Musopole,AC.1996.*Religion,Spirituality and umunthu* in Irvin & Akinade 1996 :38
Myers,BL.1998. What makes development Christian? *Missiology An International Review.26 (2):143-153*

NGKA: Algemene Sinode

*Belhar belydenis 1988
*NGKA Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid Oktober 1992: An invitation to partnership in diaconal service of the DRCA
*DRC News 1991 16(1) :6-11
*DRCA Action (July 2/1989)
*CASE verslag 1990/1991

NG Kerk: Algemene Sinode

Algemene Sinodale Kommisie 1976. Reply of the Dutch Reformed Church to the Report of the Reformed Churches in the Netherlands in connection with the programme to combat racism. Kaapstad, NGKU
Algemene Sinode NGSK Handelinge 1978 : 399, 400, 559
Algemene Sendingreglement. 1978 In Die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk : 44 Pretoria, NGKBoekhandel
Algemene Sinodale kommissie.1986. Kerk en samelewing. Bloemfontein. Pro Christo
Algemene Sinodale Kommissie Mei 1988. Antwoord van die Ned. Geref.Kerk op "Geloof en protes". Pretoria A.S.K.
AKLAS studiestuk: Goedgekeurde stuk oor die Ned.Geref.Kerk en die oorgang na 'n nuwe SA (as opdrag in Handelinge Sinode NGKerk 1994:501)
*Die Verhaal van die NG kerk se reis met apartheid 1960-1994*; 1997. Wellington: Boland Drukpers
Handboek vir die erediens van die Ned. Geref. Kerk.1988.Kaapstad: Algemene Sinode, Sinodale kommissie van die NG Kerk
*Jaarboek van die Ned. Geref. kerk 1996.* Kaapstad:Tydskrifte maatskappy van die NG Kerk

Kerk en samelewing 'n Getuienis van die NG Kerk Oktober 1986 .Bloemfontein: NGSP
Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. 1975. Kaapstad
Volkskongres Johannesburg 1-4 Julie 1947: Referate en besluite van die Federale Armsorgraad van die Gereformeerde NG Kerke. Pretoria; Albertyn

NG Kerk Natal Sinode

NG Kerk Natal Acta sinode 1889 artikel 212.(Argief NG Kerk Natal) (Aangehaal Hofmeyr)
NGKerk Natal sinode Rapport van sendingwerk in Noordelike Natal: 1937; 1938; Jun.1938; Des.1938; Sept 1938
NGKerk Natal Sendingkommissie verslae 1865-1935 (Argief NG kerk Natal)
NG kerk Natal SKLAS verslag Aug 1998

NG kerk ander streeksinodes

NG kerk Namibië; SKLAS verslag 1995
NG kerk Oos-Kaap SKLAS verslag 1995
NG kerk N Tvl SKLAS verslag 1997

NG Kerk Ring van Ladysmith

NG Kerk Natal Ring van Ladysmith. Herderlike brief 1960
Notule van Ringsittings: 1996, 1997, 1998, 1999, 2000

NGKerk Ladysmith Nuusbriewe(Argief NGK Natal):

1957:Feb.,Mei,Jul.,Des;1958:Feb;1960:Nov.,Des;1961;Jan.,Feb,MrtApril. ,Mei/Jun.;Jul/Aug.,Sept; 1964: Jun; 1968 : Mei; 1968: Jan/Jul; 1973: Jan/Feb; 1973: Apr.
1974: Jan; 1982: Mei, Jun,Nov; 1983: Mrt, Sept; 1984: Jan.; 1996: Mrt; 1997: Maart

Neill,S.1964. *A History of Christian mission.*London:Hodder&Stroughton
Neill,S.1966.*Colonialism and Christian mission.* London:Lutterworth
Nel,M; Njumbuxa,B; Pieterse.H.1994. The role of Christian church leaders in the peace process in South Africa. *Religion and Theology.* 1(1):65-76
Nelson,FB.1990. What churches can do. *Christianity Today.* 34(12) :36-38
Nevius JL; Planting and development of Missionary Churches; Presyterian and Reformed Publishing Company
Nicolson, R. 1994(a). Aids:The ethical issues, *Missionalia* 22(3): 227-244
Nicolsin,R.1994(b). Aids,curse or opportunity? Breakfast briefing address Diakonia Durban 13/9/1994 (Kasset van toespraak)
Nkosi,E.1996(a). Where have all the parents gone. *Challenge (38)*:19
Nkosi, E. 1996(b). Cry the beloved woman. *Challenge* (37) :19
Nokwe,D. 1998. Encapsulates the struggle for democracy, decency and human rights; *Challenge* (47) :4
Nolan A; 1997; *Learning to drink from our own wells; Challenge (41);* April/May 1997 :10
Challenge (50) October/November 1998:26 A. Nolan
Noordegraaf,A.1981. *Medemenselijkheid: Een hoofdstuk uit de Christelijke antropologie*; s'Gravenhagen: Boekencentrum

Noort,Ed. 1998. Land and reconciliation, land claims and loss of land. NGTT 34(1) :12-28

Nouwen,HJM.1979(a). *The wounded Healer.* New York:Doubleday/Image Books

Nouwen,HJM. 1992. *Life of the Beloved.* London: Hodder & Stoughton;

Nürenberger,K.1990. Salvation or liberation? *Missionalia* 18(1):205-220

Nürenberger,K.1994(a). The task of the church concerning the economy in a post-apartheid South Africa. *Missionalia* 22(2):118-146

Nürenberger,K. 1994(b). Justice and peace - a survey of issues. *Religion and Theology 1(1) : 37-64*

Nürenberger,K.*1995/1996.* Briefwisseling oor Voorvaders. *Challenge (32): 11*

Nürenberger, K. 1996. The dependency syndrome on marganalised cultures and the liberative potential of the Christian community. *Missionalia;* 24(2):148-170

Nyirongo L. 1997; *The Gods of Africa or the God of the Bible? The snares of African traditional religion in Biblical perspective;*Potchefstroom: PUVCHO,

Nyle,FI. 1958; *Family Relationships and delinquent behavior;* John Wiley; New York

Oduyoye,MA. 1998; *African Women's Hermeneutics*; in Maimela en König.1998: 359-373

Olds,SW. & Papalia, D,E. 1986. *Human Development.*; Mc Graw Hill; New York.

Oosthuizen,A&Strauss,P.1995.Gemeentediakonaat as plaasvervanger vir staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens in die NG Kerk. *Acta Theologica.*1995(2):50-65

Oosthuizen GC.1985. Africa's Social and cultural Herritage in a new era. *Journal of contemporary African Studies:* Oct 1985: 77-113

Oosthuizen,K. 1997. *Die verskynsel van armoede*. In Vosloo W 1997:63-81 Pretoria: ISWEN

PACSA

*PACSA factsheet no.43 January 1998: *Poverty and the Church*
*PACSA Newsletter Sept 1999 (80)

Paget-Wilkes, M. 1981. *Poverty, Revolution and the church.* Australia: Exeter/ Paternoster

Pauw, M.1996. Traditional African economies in conflict with Western Capitalism*; Skrif en Kerk.* 17(2) :373-387

Penrod,S. 1983. *Social Psychology.* Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall

Perkins P; 1982; *Love commands in the New Testament*; Paulist Press; Ramsey

Perkins, JM. 1996. *Beyond Charity: The call to Christian community Development;* Michigan: Baker

Perkins,S & Rice,C. 1993. *More than equals: Racial healing for the sake of the Gospel.*Illinois:Intervarsity Press

Pieterse,AJ.1979.*Skrifverstaan en prediking.*Pretoria:NGKB

Pieterse,HJC.1991. *Die aard van die bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die toekoms.* Acta Theologica. II (1) :1-13

Pillay, P. 1997. *Poverty in SA: an overview*. In Vosloo W 1997:2-7. Pretoria: ISWEN

Pityana,NB.1992.The light and shadows of Mission. *Journal of Theology for Southern Africa.* (81):3-15

Pop,FJ.1972. Bijbelse Woorden en hun geheim. s'Gravenhage.Boekencentrum

Potgieter,M.1995. *'n Nuwe Bybelse lewenswyse: Die Selgemeente.* George: Lewensvreugde

Practical Ministries: Submission to the TRC concerning forced removals

Practical Ministries 2(5) Sept 1997; :5 Stories of forced removals told at last

Practical Ministries 1(3) Jul-Sept 1996

Practical Ministries update of peace and human rights vol 1 no 1 Jan-March 1996

Practical Ministries Annual report Maart 1997- Feb 1998

Practical Ministeries: Umbilo Crisis Care Center: Growing the Kingdom of God

Rapport

6 Februarie 1999:*1.SA is 'n "siek" samelewing*

6 Februarie 1999: 1. *Verraaiers*

Ridley,EJ.1975.Pastoral care and the black community.*Journal of Pastoral Care.*29(1):271-276

RES

**RES & WCC 1975 The nature of the church and the role of theology:Papers from a consultation between the WCC & the RES Geneva 1975*

**RES "Church and Nation"* Theological Conference Papers: Grand Rapids Michigan

*RES 1980 The Message of Nimes.

Retief, J.1998.Die beweging van onverbonde lande. *Finansies en Tegniek.*11/9/98:21

Reynolds,J & Dziva,D.1998. *Ecumenical Peacemakers Programme: a Feasibility study on the continuation of the programme: Research report Aug.1998.* Pietermaritzburg: KZNCC

Robinson,P.1994.Die *magna carta* van die missionêre gemeente - 1 Petrus 2:9-10. *ISWEN-kommunikasie.* 16(1): 6-22

Robinson,P.1994.Verlossing as sosio-politieke bevryding. *Acta Theologica.* 1994(1): 75-87

Roscam Abbing,AP, Hendriks,SJ, Schaaf,Y. 1979.*Gemeente diakonaat.* BV S'Gravenhage: Boekencentrum

Ross,AP. 1988. Creation and blessing: a Guide to the study and exposition of Genesis. GR/Michigan: Barker Book House

Rossouw, PJ.1991(a).Die tuiskoms van die Ned. Geref kerk? 'n Visie op Gemeentewees in Suid-Afrika in die jare 90: *UV Teologiese studie No.5: 33-47*

Rossouw P.J. 1991(b). Pastorale sorg aan beswaardes en ongeduldiges met die oog op die opbou van die gemeente. 1991. 12(1):75-91

Rothwell E; 1996; *I am learning to see with my heart; Challenge (38);* 1996 :22

SABC News: 21/10/1999: D.Tutu oor WVK

31/10/00: M. Dandala nuus: SARK konferensie oor rassisme
Saayman,W. 1991(a). *Some reflection on Aids ethics and the community in Southern and central Africa. Theological Evangelism*. 24(3):23 ev
Saayman,W.1991(b). *Christian Missions in South Africa*; Manualia Didactica II. Pretoria: Unisa
Saayman,WA & Kriel,J. 1991. Towards a Christian response to Aids. *Missionalia*; 19(2):154-167
Saayman,W.1997. Christian mission, public life; and reconstruction in SA; *Missionalia*; 25(1) :87-99
Sakala,FD.1994. The role of religious leaders in peacemaking in Zambia. *Acta Theologica*.14(2) :69-93
Schoeman,JH.1997. *Successful and unsucessful attempt in combatting Poverty*. In Vosloo W 1997:8-18. Pretoria:ISWEN
Schrage,W.1988. *The Ethics of the New Testament* (Vertaal DE Green).Philadelphia :Fortress
Schreiter,RJ (red).1997. *Faces of Jesus in Africa*. Maryknoll, New York:Orbis
Schwartz,G. 1996. *Dependency among mission established insitutions: Exploring the issues*. World Mission Association.
Scott,Waldron.1980. *Bring forth Justice*.GR/ Michigan: Eerdmans
Scripture Union Life Skill Education Schools Information Handbook SU of SA
Sender, J. & Smith,S. 1986. *The development of capitalism in Africa*. London: Methuen
Shorter,H. 1977. *African Christian Theology*. New York/ Maryknoll: Orbis
G. Simpson, 21/09/1991. *Project for the study of violence : Women and children in violent SA Townships*, Psychology Department University of Witwatersrand: Johannesburg
Smit,A(red.).1995.*Nuutgedink oor leierskap in gemeentes: Die begeleiding van Christelike* geloofsgemeenskap.Kaapstad:Lux Verbi
Smit.D.1996. Reformed ethics and economic justice. *NGTT* 37(3):438
Smit,DJ. 1984. "... op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte" in Cloete,GD&Smit,DJ.1984: 60
Smith,NJ.1972. Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die NG Kerk in SA. DD verhandeling Fakulteit teologie Afd.B. Universiteit Pretoria
Smith,DL.1989. *The religion of the landless:The social context of the Babylonian Exile*. Meyerstone:Bloomington
Smith,RL.1993.*Old Testament theology, its history, method and message*.Nashville,Tennesee: Braudman&Holman
Smith,S.2000. Aids. *Mercury* 11/7/00:1
Snyman,SD.1994.Biblical perspectives on reconciliation and peace.*Acta Theologica*.14(2):93-103
Snyman,F.1997.Word die NG Kerk 'n sterwende kerk: *Die Kerkbode158(3)*:7
Snyman,F (red).1998. *Is die NG Kerk nog die NG Kerk?* Wellington:Hugenote Uitgewers
Stone,HW.1991.*The caring church: a guide for lay pastoral care*.Minneapolis:Fortress press

Stumme,W(red).1991.*The experience of hope.*Minneapolis:Augsburg
Sunday Times City Metro
30/7/00:1 "Nice month for a mass wedding" : Thabo Mkhize
Swanepoel, F. 1997.Tyd van versoening het aangebreek. *Die Kerkbode* 159(4):6
Swanepoel, T.1997. *My hart wil Afrika.* Kaapstad:Queillerie
Sweetman,L.1995.Masakhane:Let us build each other. *Reformed review.49(1):32-43*Tether, P; Robinson, D. 1986. *Preventing Alcohol Problems: a Guide to local action.* London: Tavistock
The Natal Mercury
11/07/00:1 Aids: Infected and affected
:1 Rape: a mojor crisis
:1 rape workers need training
The Natal Witness: 30/1/98 :13 "Tackling the scourge of Africa"
Theron,JP.1969. *Gebed en genesing in die pastorale sorg.*Ongepubliseerde DD verhandeling Fakulteit Teologie UP (Afd B)
Theron.J.1998.*Charismatic theology.*in König &Maimela.1998:191-202
Thomas,LE. 1997. Constructing a Theology of power: Anthropological reflections on healing ritual among poor black South Africans. *Missionalia*; 25(1):19-37
Tierman,WAZ & Zunnenberg.1990. *Bevrijd tot verbondenheid.*s'Gravenhagen:; Uitgeverij Boekencentrum
Tshelane,S.1994.The witness of the AIC. *Review of Mission.* 83(328):173-178
Tsele,M.1996.*Economic Justice: A new challenge for the church in SA* Bishopscourt (Durban): Diakonia
Tsele,TS. 1996. Justice for the poor. *Challenge* (37) :2
Tsele, T.1997(a). When free trade is not fare. *Challenge* (40):12
Tsele,TS. 1997(b). Is the child maintenance grant just and fair. *Challenge* (43):22
Tutu D, 1999, SABC Nuus: WVK
Underwood,RL .1993. *Pastoral care and the means of grace.* Minneapolis :Fortress press
UOVS Teologiese dag UOVS 1995 14/2/95: "Die Diakonale Taak van die kerk in 'n noodgeteisterde samelewing" WJ Botha; " Nature and the needs of the less privileged people" BM Kotseng
Van der Leest,C. 1984. Bezitten en weggeven Bijbelse gedachten over geldbesteding. Groningen: Uitgeverij de Vuurbaak
Van der Merwe, WJ.1936. *The development of missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in SA.* Kennedy School of Missions. *Kaapstad: Nasionale Pers .*
Van der Merwe, W.J.1985. *Die pad vorentoe: Die N.G. familie se strewe na* eenheid. Kaapstad:NGKU
Van der Meulen,HC.1998. Een nieuwe methode in de pastorale zorg:Reframing.*Kerk en Teologie*.49(2):25
van der Walt,BJ.1994.The Liberation message: *a Christian worldview for Africa*; Potchefstroom:PUvCHO
Van der Walt, B & Swanepoel, R (eds). 1996; *Christianity and Democracy in Christian responsibility for political reflection and service.* Potchef-

Stroon: PUvCHO
Van der Walt,B.1999. *Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling.*Potchefstroom: PUvCHO
Van Deventer,W V. 1988. A Theological-Anthropological perspective on the problem of poverty in a traditional African Rural context.*Theologia Viatorum.* 16(1):24-36
Van Niekerk, A.1993. Politieke prediking, die Ou Testament en die N.G.Kerk.*NGTT.* 34(1):67-73
Van Olsen,C.1996. *The seed is mine*. Cape Town: David Phillip
Van Rheenen,G. 1991. *Communicating Christ in Animist Context.* Grand Rapids:Barker Books
Van Rooy,JA.1978. The traditional world view of black people in Southern Africa; PuvCHO Studiestuk 130; Trust van bevordering van Calvinisme. Potchefstroom: PUvCHO
Van Rooyen J. 1997. *Die agtergeblewe gemeenskappe in SA: Fokus op die gemeenskap* . In Vosloo W 1997:83-90. Pretoria: ISWEN
Van Schalkwyk,A.1996. The Church, Community Development and liberation: A search for answers to basic questions . *Missionalia* 24 (1) :40-62
Van Zyl, AH.1975. Gods Woord in mensetaal (1).Durban: Butterworth
Van Zyl, A.H. e.a. 1979. Israel en sy bure.Durban: Butterworth.
Van Zyl, DC. 1994. Die bydrae van Afrika Christene tot die interpretasie van die Bybel - die Interpreterende gemeenskap. *NGTT;*25 (3) :359-367
Vereeniging Saga : Kommentaar op KS
Verkuyl, J.1972. *Bestrijden van het Racisme en de kerken in Nederland. Het programme van de wereldraad van kerken.* Kampen: JHKok BV
Versteeg, J.P. 1980. *Oog voor elkaar*. Kampen: Kok
Verster, P. 1994. Die kerk en die arme:'n Herbesinning. *NGTT* 35(3): 442-454
Verster,P.1997.Belewing van die Missionêre diakonaat in informele behuisingsgemeenskappe in die Vrystaatse platteland: 'n Vergelyking van twee groepe. *NGTT* 38 (3) :159-170
Villa Vicencio C.1977. SA's theologized nationalism.*Ecumenical Review.29(4):373-382.*
Villa-Vicencio C.*1982. Where faith and ideology meet: The political task of theology.Journal of theology in SA 41:78-82*
Villa-Vicencio C. 1988. Trapped in Apartheid. New York/Maryknoll :Orbis
Villa-Vicencio C.1992. *a Theology of reconstruction.*Cape town: David Philip
Visagie,J. 1996. Paradigma-veranderings en die effek daarvan op die kerk. *Acta Theologica.* 16(2):81-87
Vriezen,C.1977. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament.* Wageningen: Veenman
Von Rad,G. 1969. *The message of the prophets.* London: SCM Press.
Von Ruler, AA. 1975. De meeste van deeze is de liefde. den Haag: Voorhoew
Vorster, JM. 1997. 'n Oorsig van die versoeningsleer by Paulus en die implikasies daarvan vir versoening in Suid-Afrika vandag. *NGTT38(1,2):*4-15

Vosloo,W. 1994. Fokus op armoede. *NGTT.* 35(1):55-64
Vosloo,W. (Red.) 1997. *Perspektiewe op 'n veranderende gemeenskap.* Pretoria:. SEVTO
Vuleka Trust: Mediation skills for community leaders; Center for dispute resolution; Vuleka, C v Winkle; 14 -17 Aug. 1999
Wakatama Pius. 1976. *Independence for the 3rd World church . An African perspective on missionary work.* Illinois:Intervarsity Press;
Waliggo,JM. 1997. *African Christianity in a situation of suffering*; in Schreiter 1997:164
Wallace,K.1995. All God's Chilluns got shoes: Trying to understand the pain of black theology. *Urban Mission.* Sept 1995: 5-7
Webb C de B&Wright,JB.1987. *A Zulu King speaks : Statements made by Cetchwayo kaMpande on his history and customs of his people.*Pietermaritzburg: University of Natal
Wenstartegië; World Thrust Opleidingsmateriaal
Willoughby WC. 1971. *The soul of the Bantu.*Westpoint/ Connecticut: Negro Universities press
Wilmore,GS & Cone,JH; *Black Theology: a Documentary History* 1966-1979. Maryknoll/New York:Orbis
Wilson,F & Ramphele,M.1989. *Uprooting Poverty The SA challenge* . Cape Town: David Phillip
Westermann,C. 1974. *Creation*; (Vertaling JJ Scullion).Philadelphia:PCK/ Fortress Press
Westermann,C. 1976. *The Promises to the fathers: Studies on the Patriarchal Narratives*; Philadelphia:Fortress Press
Westermann,C. 1979. *Essays on Old Testament Hermeneutics.*Atlanta:John Knox

Wolff ,HW. 1994. *Anthropology of the Old Testament.* London: SCM Press
Wright, CJH.1990. *God's people in God's land.* GR/ Michigan: Eerdmans;
WRK
*ESSET seminaar 1996
*1997. *Ministry with the poor (Theological Education Fund): July 1977 meeting Alajuela Costa Ria, Central America.* Geneva: World Council of Churches
*1997. *Facing Aids: The challenge, the churches' Response.*Geneve:WCC Publications
Zulu,Zwelithini,G.1996. *Poverty in KZN.* Breakfast briefing. Diakonia. Durban. 16/4/1996

**Amptelike verslae en statistiek**


1. Verslae nie-amptelik verskaf :

Verslag SAP Stasiebevelvoerder Ladysmith 1997, persoonlik
Verslag Superentendent Provinsiale Hospitaal Ladysmith 1997 persoonlik
Verslag Matriek slaagsyfer Mnambithi 1997, Departement Onderwys, persoonlik
Verslag EVKOM Mnambithi 1997 Kragvoorsiening, persoonlik
Verslag Munisipaliteit Ladysmith 1997

2. Hoofdirekteur van opmetings en kartering. Staatsouteursreg 1983: Kaart Landrosdistrikte 1992: Kliprivier, Glencoe, Dundee
3. Sentrale Statistiekdiens 1946 sensus; 1980 sensus, 1991 sensus; 1996 sensus
4. SA Profile 1991; SA Drukkery
5. RDP News The invisible hand of change Oct. 1995 no 9 ; RDP Pre-election report 1999 May
6. The young revolutionaries ; 1983; Inligtingsburo Pretoria Perskor
7. KZN Kabinet Aids Initiative: Together we can win
Mangosuthu Buthelezi :4 Dr Ben Ngubane: premier :5
LJT Mtalane :7 R Green :7
Khaba Mkhize :8
King Goodwill Zwelithini Bhekuzulu :3
Dr Zweli Mkhize: KZN Minister van Gesondheid :5
8. Municipal Demarcation final boundaries districts and local municipalities. District councils DC23. 17/07/2000. Durban:Data World
9. Advocacy and Lobbying Training Manual 19/06/1998; Provincial Parliamentary Programme P.Dlamini
10. A Handbook for Conflict resolvers: Electoral Institute of SA
11. Electoral Conflict Management Training; 15-16 May 1999

U.O.V.S. BIBLIOTEEK


KLEIN DRAKENSBERG
Missouri
Berghoek
Skeurklip
Chatsworth
Bedford
Nelson's Kop
Helderfontein
Berryvale
Pitchers Rust
Schaapdrift
Waterfall
Strath Mone
Braamhoek
Divala-Lawa
Kruisfontein
Zaaifontein
Saaifontein
Welkom
Hendrina
Kromellenboog
Trekboer
RANDJIESLAAGTE
Driefontein
Maritzon
Nooitgedacht
Kleinfontein
Klipfontein
Kliprivier
Clove
Brakwal
Mount Maritz
Wagenbeeties Kop
Brakwal
Wytoid
Kop
Addington
Oakdale
Avondrust
Colworth
Lichfield
Keeversfontein
Springfield
Moorside
Quaggasdrift
Clover Valley
Breadle Bane
Kumalosville
KUMALOSVILLE
Watersmeet
Merlwood
Beaulieu
Maitland
Hambrook
Mooivlei
KLIPRIV
Besters
Four Winds
Spitzkop
KIRKINTULLOCH
Peace Town
Mountainview
Kulandondo
Sand Spruit
Excelsior
Sandspruit
Schoonfontein
Fairview
Lisbon
Doringhoek
Sandspruit
Schurvepoort
Sukkelfontein
Kranshoek
Paardekraal
Moulyn
Walkershoek
Barrawong
Granville
Hursley
Windsor Dam
St Joseph
Catherine
Bronkhorstylei
Helmsley
Coolfontein
Kleinfontein
Dagbreek
Heila
Kromelmboog
Skoonfontein
Bluebank
Tylden
Sweet Home
Kleinfontein
Arbeidsgenot
Smith's Crossing
Hydewood
Pooteneas Spruit
Putinispruit
Gibion
Three Bridges
Orange Grove
Ruth Glen
Blue Bank
Sand River
Tullinchinwall
Abergeldie
Rutherglen
Braeside
St. Audreys
Nooitgedacht
Roxlyn
Putinispruit
Patryspoort
Kleinfontein
Bloemhof
TELEGRAPH RIDGE
THORNHILL'S KOP
OBSERVATION
Cotingubo
Ladysm
Beaufort
Warrock
Vervolg
Brightside
Alexandria
Spesbona
Ardmore
Overton
Lower Arcadia
ONE TREE HILL
Beauvale
Sandford
Mount Pleasant
Roodepoort
Stockville
Hazelton
Rydaldene
RED HILL
DEVON'S POST
Westfield
Rosedale
Franshoek
Droogkop
Castle View
Arcadia
Alexandria
Hillside
Bloubankrant
Riflemans Ridge
Mara
Landing Strip
Townlands
Brath More
Smalhoek
Clydesdale
Hampstead
Minlams
Roodepoort
Mariasheowel
Dovona
PLATRAND
Leigh Farm
Kleinefontein
Nicotme
ARNUT HILL
LANCERS' HILL
Berg View
Roodepoort
MOUNTED INFANTRY HILL
MIDDLE HILL
END HILL
Crossroad
Roseleigh
Groote Hoek
Middle Dale
Royal Mount
Kranskloof
Klippoort
Rietkuil
Roosboom
Sandvvich
Brakfontein
Klip Poort
Davels Hoek
Excelsior
Venters Lager
Rangeworthy
Twins Hill
Waterfal
Welcome
St. Hilda's College
Roosboom
Vista
Leomee
THREE TREE HILL
Riverdale
Beedale
Vaalkrans
Tugela
GREEN HILL
Vaalkrans monument
HUBUNGU
Rosboom
Fountainvale
Hilltop
Hopewell
Rhenosterfontein
Patience
Goedgedacht
NDANYARA
GROBBELAARSKOP
WYNNE HILL
Grobbelaarskloof
Vertrek
COLENSO KOPPIES
MOUNT ALICE
SWARTKOP
NAVAL GUN HILL
Zwartkop
Goedgedacht
Valerie
Geluk
Inniskilling
Vivers
Emmadale
Mount Alice
Gevonden
Mount Sully
Buhamu
Vertrek
Tugela Drift
Ndundulwaan
Clouston
Sunnybrae
Woodlands
Zuurlaager
Eversholt
Mount Alice
Vermaakskraal
Glenrust
Shelly
Bluebell
Broadview
Holme
Berwin
Rietfontein
Rustenburg
Swinburne
Corrylynn
Dawn
Boschmans Klip
Poortjie
Avons
Merby
Koplaegte
Oburn
Springfield
Craignetham
Claymore
Haas Fontein
Selby
Midhills
Doveton
MOUNT NOWELL
Ruswal
Homestead
Grantleigh
Kopleegte
Evan
1:250 000
Kilometer 10
5
0
10
20
30 Kilom




## VERKLARING

| | |
|---|---|
| Internasionale grense | |
| Provinsiale grense | |
| Spoorweë | Stasie en Sylyn |
| Smalspoorlyne | Tonnel |
| Kraglyne | |
| Deurpaaie | N |
| Hoofverkeerspaaie | N R 44 |
| Hoofpaaie | R 44 |
| Sekondêre paaie | |
| Ander paaie | |
| Dowwe paaie en voetslaanpaaie | |
| Vuurtorings | ★ |